



**Potchefstroomse Universiteit
vir
Christelike Hoër Onderwys**

Om een scherpe oog in't zeil te houden:
**Die Geheime Diens in die
Zuid-Afrikaansche Republiek**

deur

Hendrik Jacobus Gerhardus Kamffer

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Geskiedenis aan die Skool
vir Basiese Wetenskappe in die Fakulteit Vaaldriehoek van die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. J.W.N. Tempelhoff

Vanderbijlpark

1999

1999 -01-10

Hfd. J. Pol. Johob. g.
 In informatie aan
 Ald. Ik wil u medede- dat ik een
 Gld. rapport heb ontvangen, met de de-
 dat Zekes B. Gueketani (voorschijn-
 het bekend als "Lorin" Gueketani)
 op zich genomen heeft en een voorstel
 gemaakt aan A. Tumbile (gewes. Hfd. H.
 Pol. en uwer) en de eigenaar van de
 "Natal Witness" om te Ald. de Staat
 President der Republiek dood te
 schieten of te vermooren onder betaling
 van £500. aan Gueketani.
 Wees dus op uw hoede en laat
 een scherpe oog in 't zeil houden op
 de persoon van Gueketani.
 Gaarne had ik uw spoedige rapport
 bescouwens.

M. Sedell

Na aanleiding van 'n berig wat die Kommissaris van Politie se
 kantoor vanaf geheime agent, De la Court Schröder, uit Durban
 ontvang het dat daar 'n komplot beplan word om president Kruger
 te vermoor, het H.C. Bredell namens die Kommissaris se kantoor
 aan die Hoof van die Speurpolitie in Johannesburg laat weet: (om)
 een scherpe oog in't zeil te houden op de persoon.... Bron: SP 884,
 GCPM 82/98, 15.4.1898.

INHOUD

Inhoud	i
Lys van illustrasies	iv
Bedankings	vii
Inleiding	1

Hoofstuk 1

Vroeë pogings om inligting in te samel

	12
1.1 Spioenasie en inligtinginsameling as 19e eeuse verskynsel	12
1.2 Die ontstaanstronde van 'n geheime diens in die ZAR	17
1.3 Die Polisie diens in die ZAR teen 1894	36
1.4 Die beweerde rol van dr. W.J. Leyds	40
1.5 Advokaat Ewald Esselen en die eerste geheime agente	51

Hoofstuk 2

Die invloed van die Jameson-inval op die stigting van die Geheime Diens

	71
2.1 Die politieke situasie aan die begin van 1895	71
2.2 Die ZAR se inligtingsnetwerk in die loop van 1895	74
2.3 George William Taylor <i>alias</i> Josef se rapporte gedurende 1895	82
2.4 Gebeure voor en tydens die Jameson-inval	89

Hoofstuk 3

Die vestiging van die Geheime Diens 1896-1897

	103
3.1 Die gevolge van die Jameson-inval vir die Geheime Diens	103
3.2 Ondersoeke na die Jameson-inval	109
3.3 Die take, struktuur, beheer en befondsing	113
3.4 Die moontlikheid van 'n tweede inval en die oprigting van forte	125

Hoofstuk 4

Werkzaamhede van die Geheime Diens, 1896-1897

	132
4.1 Die keuring, aanstel en aanwending van geheime agente	132
4.2 Die werkswyse en werksdrukte van agente	135
4.3 Die opleiding van en strategie met die plasing van agente	137
4.4 Die Geheime Diens se aktiwiteite in die binneland	141
4.5 Die buitelandse vleuel van die Geheime Diens	153

Hoofstuk 5

Die Geheime Diens se buitelandse aktiwiteite, 1896-1897

	161
5.1 Betsjoeanaland, die Kaapkolonie asook Matebeleland	162
5.2 Swaziland en Zululand	177
5.3 Mosambiek	178
5.4 Natal	180
5.5 Die Kaapkolonie	184
5.6 Die Oranje-Vrystaat	188
5.7 Die Geheime Diens se rol in die tydperk 1896-1897	190

Hoofstuk 6

Die komplekse milieu waarin die Geheime Diens gefunksioneer het

	193
6.1. Die aard en omvang van die Geheime Diens	193
6.2 Die Eerste Volksraad se houding en gesindheid oor fondse	205
6.3 Die identifisering van Britse spioene deur die Geheime Diens	215
6.4 J.C.Smuts aangestel as Staatsprokureur	218
6.5 Die moordkomplot teen President Kruger	229
6.6 Die Leërkomplotsak	230

Hoofstuk 7

Die militarisering van die Geheime Diens op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog

	244
7.1 Die insameling van militêre inligting word die hooftaak	244
7.2 Spioenasie op die tuisfront	275
7.3 Britse geheime agente deur die Geheime Diens ontbloot	288
7.4 Kontemporêre skrywers se siening van die Geheime Diens	293

Hoofstuk 8

Die Geheime Diens se rol tydens die Anglo-Boereoorlog

	309
8.1 Voorbereidings binne die Geheime Diens vir oorlog	310
8.2 Spioenasie op die fronte in die ses weke voor die oorlog	324
8.3 Die Geheime Diens se rol op die Natalse front	338
8.4 J.P. de la Court Schröder op die Natalse front	350
8.5 Die Geheime Diens se rol op die Lourenco Marques roete	354

Hoofstuk 9

Verdere spioenasie en verkenning tydens die Anglo-Boereoorlog

	363
9.1 Inligtinginsameling, verkenning en spioenasie op die tuisfront	363
9.2 Inligtinginsameling en spioenasie aan Britse kant in die ZAR	379
9.3 Die Verkennerskorpse se rol in verkenning en spioenasie	382
9.4 Die Geheime Dienskommissie en kaptein J.J. Naude se rol	386
9.5 Die rol van swart mense in spioenasie en verkenning	388
9.6 Leyds se geheime oorlogsbedrywighede	392

Hoofstuk 10

Slotbeskouing

	399
Bylaag : Lys van name en kodename van geheime agente	409
Lys van geraadpleegde bronne	414
Summary	429
Samevatting	430

LYS VAN ILLUSTRASIES

- Fig. 1: Dr. W.J. Leyds wat in 1884 as Staatsprokureur en later in 1889 as Staatsekretaris van die ZAR aangestel is. Leyds kan tot 'n mate as die "vader" van die gedagte van 'n geheime diens in die ZAR beskou word. (*Voor p. 41.*)
- Fig. 2: Advokaat Ewald August Esselen (27.9.1858 - 1.11.1918) wat in Mei 1894 as Staatsprokureur van die ZAR aangestel is en die eerste twee geheime agente aangestel het. (*Voor p. 52.*)
- Fig. 3: Uittreksel van die begin en einde van een van Taylor, *alias* Josef se vroegste rapporte as geheime agent. (*Voor p. 56.*)
- Fig. 4: Gerrit Jacobus van Niekerk (6.7.1849-23.10.1896) wat in 1895 as Kommissaris van Polisie in die ZAR aangestel is. (*Voor p. 115.*)
- Fig. 5: Voorbeeld van 'n eed van getrouheid wat afgelê is voor die Kommissaris van Polisie, G.J. van Niekerk, deur een van die eerste geheime agente, A. H. Evans, *alias* Derfla, wat pas na die Jameson-inval aangestel is. (*Voor p. 121.*)
- Fig. 6: Voorbeeld van die eerste twee kwitansies in die "Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95-26.7.1899". Volgens kwitansie no. 2 is 'n uitbetaling van £10 gemaak aan geheime agent G.W. Taylor, *alias* Josef. (*Voor p. 122*)
- Fig. 7: Voorbeeld van 'n lapelwapen wat lede van die Speurpolisie en vermoedelik ook die Geheime Diens van die ZAR onder hulle lapel gedra het. (*Voor p. 125.*)
- Fig. 8: Daniël Egnatius Schutte (c. 10. 1854 - 8.3.1911) wat op 5.11.1896 as Kommissaris van Polisie in die ZAR aangestel is. (*Voor p. 127.*)
- Fig. 9: J.C. Smuts is in Junie 1898 aangestel as Staatsprokureur. Smuts het die Geheime Diens se beheer by die Kommissaris van Polisie oorgeneem. (*Voor p. 219.*)
- Fig. 10: T.A.P. (Tjaart) Kruger, seun van president Paul Kruger en hoof van die Geheime Diens van die ZAR. (*Voor p.225.)*
- Fig. 11: Voorbeeld van 'n koevert wat H.C. Carter aan die Geheime Diens geskryf het en die aanvanklike informasie verskaf het wat gelei het tot die Leërkomplotsaak. Seël gestempel 30 MRT 99 te Johannesburg. Bron: SP 885, GR 339/99, 27.3.1899. (*Voor p. 231)*
- Fig. 12: Die Kommandant-generaal van die ZAR, P.J. Joubert. Joubert was die Geheime Diens negatief gesind. (*Voor p. 245.*)

- Fig. 13: Jacobus Philip de la Court Schröder (1.10.1863 - 16.10.1932) een van die knapste agente wat in diens van die Geheime Diens van die ZAR gestaan het. (*Voor p.246.*)
- Fig. 14: Voorbeeld van 'n gedeelte van 'n rapport wat J.P. de la Court Schröder aan die begin van 1898 vanaf Ladysmith ingestuur het. Let op die netheid, detail en gebruik van foto's. (*Voor p.254*)
- Fig. 15: Voorbeeld van 'n verslag van Schröder waar hy foto's van Britse wapentuig, 'n battery veldkanonne, te Ladysmith, insluit. Hierdie tipe van inligting was 18 maande voor die uitbreek van die oorlog tot die Kruger-regering se beskikking. (*Voor p.258.*)
- Fig. 16: Gedetailleerde sketskaart wat Schröder self geteken het van die Britse-krygsmag se slagorde in Natal. (*Voor p. 265.*)
- Fig. 17: Douglas Blackburn (5.8.1857 - 29.3.1929) joernalis en skrywer van die boek *Kruger's Secret Service by One who was in it* in 1899. (*Voor p. 294.*)
- Fig. 18: Buiteblad van een van die vroegste kontemporêre geskifte, gepubliseer in 1899, wat oor aspekte van die Geheime Diens verskyn het. (*Voor p. 297.*)
- Fig. 19: Voorbeelde van foto's van Britse krygstuig wat geheime agent J.P. de la Court Schröder as deel van sy verslae ingestuur het en die tegniek van die kamera benut het. (*Voor p. 325.*)
- Fig. 20: Voorbeeld van die tipiese gebruik van kodename ter wille van sekerheid binne die Geheime Diens se geledere. Joe Jackson was een van die kodename van geheime agent Thomas Smith. Die brief is gerig aan Harry Gerson wat ook 'n fiktiewe naam is. Die posadres was die Geheime Diens se posbusnommer. (*Voor p. 327.*)
- Fig. 21: Kennisgewing uitgevaardig deur kolonel Baden-Powell in Mafeking moontlik bedoel vir lede van die Geheime Diens van die ZAR. (*Voor p. 329.*)
- Fig. 22: Koevert geadresseer volgens een van die Geheime Diens se kode-adresse: "mrs. W. Herlihy Bus 445 Pretoria." Geheime agent John Herlihy het hierdie adres gebruik. (*Voor p. 332.*)
- Fig. 23: Voorbeeld van 'n lêeromslag waarin geheime agente se inkomende verslae geplaas is. In hierdie geval is die verslag van Pieter Swaarwater, *alias* Pieter in die spesifieke lêer geplaas. (*Voor p. 350.*)
- Fig 24: Kaart van suidelike Afrika deur De la Court Schröder ingestuur wat die werksveld van die ZAR se geheime agente aandui. (*Voor p. 355.*)

- Fig. 25: Groepfoto geneem in Sint Pietersburg Rusland in 1900 waarop geheime agent J.M de Bruijn vermoedelik verskyn. Van links na regs: J.M. de Bruijn, A. Fischer, ds. H.A. Gillot (Nederlandse predikant in Sint Pietersburg), C.H. Wessels, A.D.W. Wolmarans, dr. W.J. Leyds. (*Voor p. 362.*)
- Fig. 26: Danie Theron. Bobaasverkenner van die Boeremagte. (*Voor p. 385.*)
- Fig. 27: Kaptein J.J. Naudé. Na die inname van Pretoria het hy in opdrag van generaal Louis Botha spioenasiewerk in Pretoria in samewerking met die Geheime Dienskommissie gedoen. (*Voor p. 387.*)
- Fig. 28: Een van die metodes wat na bewering deur swart spioene gebruik is om boodskappe op stukkies opgerolde papier binne in pype deur te smokkel. (*Voor p. 391.*)

BEDANKINGS

Vandat my aandag tydens my studentejare op Potchefstroom deur prof. Gert van den Bergh, voormalige professor in geskiedenis aan die P.U. vir C.H.O., op die onderwerp van my studie gevestig is, het baie water in die see geloop. As voltydse boer sou ek nie hierdie studie voltooi het sonder die hulp en ondersteuning en aanmoediging van verskeie persone en instansies nie. Graag wil ek dus dank betuig aan:

Die personeel van die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria vir behulp same en vriendelike optrede.

Die personeel van die biblioteek van die Vaaldriehoek kampus van die P.U. vir C.H.O. vir hulle hulpvaardigheid, vriendelike en professionele optrede te alle tye.

Die personeel van die biblioteek te S.A. Leerhoofkwartier in Pretoria asook die personeel van die oudiovisuele afdeling van die Unisa-biblioteek vir hulle hulpvaardigheid.

My promotor, prof. Johann Tempelhoff, wat nie net daarin geslaag het om my te motiveer om die studie te hervat nie, maar ook op 'n besondere vriendelike en entoesiastiese wyse my moed ingepaat het en van goeie advies bedien het. U besondere wyse van leiding gee en motivering het van u die ideale promotor gemaak.

Hansie Grobler van Pretoria vir waardevolle insette en aanmoediging met die studie.

Henk Malan van Potchefstroom en Marietjie Billing van Balfour vir die proeflees van die manuskrip.

My ouers, familie en vriende vir hulle belangstelling.

My vrou Ina, vir haar ondersteuning, aanmoediging en versorging van die teks. Vir bykans twee jaar moes sy as toegewyde eggenote asook my seuns Hendrik, Emile en Gerhard baie verdra terwyl ek met hierdie studie besig was. Dankie vir julle begrip en verdraagsaamheid.

Ek is bowenal dank aan die Skepper verskuldig.

Gerhard Kamffer

Rustfontein, Balfour-distrik, Mpumalanga.

Junie 1999

INLEIDING

Hierdie studie handel oor die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van die Geheime Diens in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* vanaf Junie 1894 tot Mei 1900 toe die Diens gedurende die Anglo-Boereoorlog 'n natuurlike dood gesterf het. Die rol wat die Geheime Diens van die ZAR gedurende hierdie periode gespeel het, was nog nooit die onderwerp van omvangryke navorsing nie. Die werk wat hiermee aangebied word, is 'n poging om daardie leemte te vul. In die idioom van daardie tyd gestel, was die doel van die diens:

om uit te vinden de geheime plannen die er mogen bestaan tegen ons land,
wat hunne sterkte is, en andere geheime informatie..."¹

en

...een scherpe oog in't zeil te houden."²

Veral waar ons staan op die vooraand van die herdenking van die Anglo-Boereoorlog kan hierdie studie 'n moontlike bydrae lewer tot die hervertolking van die periode vóór en met die aanvang van die oorlog. Daar het wel kontemporêre werke verskyn waarin sekere aspekte van die Geheime Diens aangespreek is. In 1899 het A.E. Heyer in 'n pamflet getitel *A brief history of the Transvaal secret service system from its inception to the present time; its objects, its agents, the disposal of its funds, and the result as seen to-day - War against Great Britain*,³ sekere aspekte van die Geheime Diens aangespreek. In 'n ander propagandapamflet getitel: *Boer atrocities: The Pretoria Lunatic Asylum and its inmates. Mr. F.B. Higginson's statement. A terrible*

1 SP 892, Skrywe vanaf Kommissaris van Polisie - 'n geheime agent, 10.5.1897, p. 204.

2 SP 884, GCPM 82/98, Lêer: De la Court - Durban Natal, 15.4.1898. Hierdie was volgens Van Dale in *Nieuw Handwoordenboek Der Nederlandse Taal*, p. 1077, 'n Nederlandse uitdrukking wat beteken het: "Goed uitkijken" of "een wakend oog houden." Hierdie uitdrukking is 'n paar maal in korrespondensie binne die Geheime Diens se geledere gebruik.

3 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, (Cape Town, Wm Taylor, 1899).

indictment against the Transvaal government,⁴ is die enkele verwysings na Tjaart Kruger en die Geheime Diens ook uiters negatief. Hierdie publikasies en ander soos *Kruger's secret service: By one who was in it*⁵, geskryf deur Douglas Blackburn en uitgegee gedurende 1900 asook die werk *Secret service in South Africa*⁶ uitgegee in 1911, waarvan Douglas Blackburn en kaptein W. Waithman Caddel die outeurs was, het 'n sterk propagandistiese en verromantiseerde karakter gehad. Hierdie publikasies het daartoe bygedra dat daar 'n negatiewe persepsie oor die Geheime Diens van die ZAR gevestig is. 'n Tydgenootlike historikus, soos L.S. Amery, het in sy drie volumes van *The Times history of the war in South Africa 1899-1900*,⁷ gepubliseer in die tydperk 1900 - 1905, in twee kort paragrawe 'n baie korrekte en gebalanseerde siening van die omvang van spioenasie aan Britse en Boerekant gegee.

In 'n latere studie in 1949, het J.C. Roos in 'n proefskrif getitel *Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog, Oktober 1899-Mei 1900*⁸ in 'n hoofstuk met die opskrif "Spioenasie en sabotasie", die saak in perspektief probeer stel. Hy kom egter verkeerdelik tot die gevolgtrekking dat daar in die stryd tussen Brittanje en die ZAR nie veel van spioene gebruik gemaak is nie. Volgens hom was die ZAR se Geheime Diens van 'n swak gehalte. Hy het selfs gemeen die Britte het min aandag aan spioenasie bestee. Roos haal Arthur Conan Doyle aan waar laasgenoemde heeltemal korrek in sy werk, *The great Boer War*, beweer dat:

The large sum spent by the Transvaal in secret service money - a larger sum, I believe, than that which is spent by the whole British Empire - would give some idea of the subterranean influences at work. An army of

4 F.B. Higginson, *Boer atrocities: The Pretoria Lunatic Asylum and its inmates. Mr. F.B. Higginson's Statement. A Terrible Indictment Against The Transvaal Government*, (Kaapstad, Wm Taylor, 1899).

5 D. Blackburn, *Kruger's secret service: By one who was in it*, (Londen, John Macqueen, 1900).

6 D. Blackburn en Captain W. W. Caddell, *Secret service in South Africa*, (Londen, s.n., 1911).

7 L.A. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, II*, (Londen, Sampson Low, Marston and Company, Ltd., 1902), pp. 84-85.

8 J.C. Roos, *Johannesburg en die Tweede-Vryheidsoorlog, Oktober 1899-Mei 1900*, (D.Litt-proefskrif, UOVS, 1949), pp. 345- 351.

emmissaries, agents, and spies, whatever their mission, were certainly spread over the British colonies.⁹

As 'n naskrif voeg Roos by dat geen gegewens gevind kon word om Doyle se stelling te beaam nie. Hierdie proefskrif sal Doyle se stelling bevestig.

Selfs die staatshistorikus, J.H. Breytenbach, het in sy ses volumes oor die *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*,¹⁰ nie melding gemaak van die bestaan van 'n geheime diens nie. Die eerste historikus wat navorsing oor die Geheime Diens gedoen het en as't ware die Geheime Diens van die ZAR "ontdek" het, was G.N. van den Bergh. In sy proefskrif, *Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek*, het hy in Hoofstuk 11, getitel "Beveiliging van die staat", in breë trekke die Geheime Diens in die ZAR bespreek.¹¹ Dit was die eerste navorsing oor die Geheime Diens wat op primêre bronne gebaseer was. In 'n latere artikel, *Secret service in the South African Republic 1895-1900*,¹² gepubliseer in 1974, het Van den Bergh 'n samevattende oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van die Geheime Diens gegee.

Die romantiek wat deur die jare voortgeleef het rondom die bestaan van die Geheime Diens in die ZAR en die hoof daarvan, Tjaart Kruger, het selfs in 1997 weerklink gevind in Valerie Rosenberg se historiese roman getitel *The Von Veltheim file*. Met sinsnedes soos:

That's why the President's own son Tjaart is now a high-ranking officer in
the Geheime Dienst.

en

Now could you find out if the Geheime Dienst has a counter-subversion
arm that could identify this Karl Braun?

en

9 A. C. Doyle, *The Great Boer War*, p. 59.

10 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, Deel 1 tot VI*, (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1968).

11 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1980, pp. 296-315.

12 G.N. van den Bergh, Secret Service in the South African Republic 1895-1900 in *Krygshistoriese Tydskrif*, 3(3), 1974, pp. 57-64.

Commandant Tjaart Kruger of the Geheime Dienst¹³

en vele meer, slaag sy daarin om die tydsgees aan die einde van die vorige eeu raak te vat en prikkel veral die leser oor Paul Kruger se sogenaamde Geheime Diens sonder om enige verdere besonderhede oor die diens te verskaf.

Miskien is dit nodig om kortliks aandag te gee aan die moontlike redes waarom daar nog geen omvattende studie oor die Geheime Diens gedoen is nie. Die eerste en belangrikste rede het te make met geheimhouding en sekerheid wat in enige geheime diens of spioenasieaktiwiteite toegepas word. Christopher Andrew verklaar in sy boek *Secret service: The making of the British intelligence community*:

Academic historians, discouraged by the difficulty of researching the intelligence record and repelled by the inaccurate sensationalism of many bestselling accounts of espionage, have usually tended either to ignore intelligence altogether or to treat it as of little importance.¹⁴

In omstandighede waar 'n staat bedreig word en 'n meganisme soos 'n geheime diens tot stand gebring word, kan aanvaar word dat sekerheid 'n prioriteit van so 'n stelsel sal wees. Ter wille van sekerheid word soms die minimum op skrif gestel; hetsy in verslae van agente of notules van vergaderings waar besluite rondom geheime diens bedrywighede geneem word. Trouens, die sekerheid was van so 'n aard dat byvoorbeeld selfs die Eerste Volksraad vir 'n lang tyd nie bewus was van die bedrae wat die regering op die Geheime Diens bestee het nie. Namate die diens ontwikkel het, is die Volksraad egter nougeset op die hoogte van uitgawes gehou. Voldoende skriftelike bronne en getuienis is gevolglik beskikbaar om op 'n wetenskaplike wyse die onderwerp na te vors. Dit is egter belangrik vir die navorser om presies die plek te vind waar hierdie dokumentasie bewaar is.

'n Tweede moontlike rede vir die gebrek aan navorsing oor die Geheime Diens, is geleë in die negatiewe persepsie wat teen die einde van die 19de eeu oor die diens ontstaan het. Die Britsgesinde pers in Suid-Afrika, aangehelp deur skrywers soos

13 V. Rosenberg, *The Von Veltheim File*, (Johannesburg, Human & Rousseau, 1997), p. 165, p. 202, p. 208.

14 C. Andrew, *Secret Service: The making of the British intelligence community*, p. xvi

Blackburn, het klaarblyklik daarin geslaag om die algemene publiek te laat glo dat die Geheime Diens die instrument van 'n korrupte en tiranieke regering was wat as 'n dekmantel gebruik is om fondse vir allerlei doeleindes te regverdig en te verbloem. Ten spyte van die feit dat die Geheime Diens in die Leërkomplotsaak in 1899 genoem was en dit algemene kennis op straat was dat Tjaart Kruger, seun van president Paul Kruger, die hoof daarvan was, het die persepsie bestaan dat daar nie werklik so 'n diens was nie. En as dit wel bestaan het, was dit nie die moeite werd om daaraan aandag te gee nie. Dit was, na bewering, amateuragtig bestuur en bedryf. In teenstelling hiermee wil dit voorkom of daar in die Britse regeringskringe alreeds in 1898 'n besef was van die bestaan van 'n Geheime Diens in die ZAR. In die boek deur Cecil Headlam *The Milner papers South Africa 1897-1899*, (1931), gebaseer op dokumentasie van sir Alfred Milner, die destydse Britse Hoëkommissaris in Suid-Afrika, is daar verskeie verwysings na die Geheime Diens se bestaan, finansiering en tipe aksies. Milner het teen die middel van 1898 onder die indruk verkeer dat:

£70 000 during the last year was allocated to the South African Republic

Secret Service, chiefly in the Cape Colony, Natal and Rhodesia.¹⁵

Derdens veroorsaak die gebruik van die woorde “geheime diens” en *secret service* vir oningewydes baie verwarring. Teen die einde van die vorige eeu was die woord *secret service* selfs in Britse kringe baie vaagweg gedefinieer. Enige navorser kan homself baie maklik op 'n dwaalspoor bevind wanneer die gebruik van die woorde *geheime politie* en *geheime dienst* na normale speurwerk verwys, eerder as na spioenasie wat op staatsveiligheid sou dui. Selfs in die notules van die Uitvoerende Raad en in die state van die Ouditeur-generaal en Tesourier-generaal word die woord *Geheime Diensten* gebruik wanneer daar na byvoorbeeld fondse vir die fortbouprogram verwys is. In die Indeks op Geheime Uitvoerende Raadsbesluite kom die woord *geheime agenten* in 1889 voor:

(A)ls geheime agenten by de opperhoofden Zambaan en Umbegisa

en die woord *geheime diensten* in 1890 met betrekking tot:

15 C. Headlam, *The Milner papers South Africa 1897-1899*, p. 242.

Toekenning van een sekere som aan...voor bewesen geheime dienste.¹⁶

Ons kan dus met betreklike sekerheid aanvaar dat die regering van tyd tot tyd bepaalde mense gebruik het om geheime dienste te lewer, wat met speurwerk verband gehou het. Van 'n geheime diens was daar egter geen sprake nie.

Die woorde is ook dikwels gebruik wanneer na spesiale opdragte aan speurders vir byvoorbeeld die ondersoek na die smokkel van goud oor die landsgrense, verwys is. Dit is slegs wanneer die navorser geheime agente se verslae as vertrekpunt gebruik en daarvandaan werk, dat daarin geslaag word om die Geheime Diens se spoor te vind binne die verskillende nuanses van die gebruik van die woord *Geheime Dienste* in die staatsopset van die ZAR.

Hierdie semantiese probleem word bevestig deur 'n artikel getitel "Geheime Diens", waarin Eric Rosenthal in 1927 soos volg skryf dat die doel was:

to create a Detective Department or as it was officially known, a
"Geheime Diens".¹⁷

Veral in die geval waar beide die Speur- en Geheime Diens uit dieselfde kantoor en onder beheer van die dieselfde staatsdepartement geressorteer het, is dit soms moeilik om die bestaan van 'n geheime diens te identifiseer. Die feit dat die Geheime Diens en Speurdiens tot 'n mate verweef was en speurders soms na die Geheime Diens oorgeplaas, is selfs as speurders ook tipiese geheime diensake verrig het, kan die indruk skep dat die Geheime Diens 'n blote verlengstuk van die Speurdiens was. Oorvleueling was daar beslis. Met oppervlakkige navorsing oor hierdie onderwerp, is dit nie moontlik om tot die kern van die bestaan van die Geheime Diens in die ZAR deur te dring nie. Die sleutel tot die bestaan van die instelling, kan gevind word wanneer die navorser begin om te probeer bepaal wie betrokke was by die Geheime Diens binne die begroting van die Diens waaruit alle agente maandeliks besoldig was. Die geheime diens het as 'n aparte afdeling, bekend as die Geheime Diens teen die van middel van 1899, bestaan. Dit word bevestig deur die volgende opskrif van die

16 Indeks op Uitvoerende Raadsbesluite, Artikel no.6 dd 31.5.1889 en Artikel no. 1 dd. 10.2.1890, pp. 4-5.

17 E. Rosenthal, Geheime Diens in *The Nongqai*, Augustus 1927, p. 762.

dokument waarop die inventaris aangedui is tydens die oorname van die afdeling deur Smuts. Daar is aangeteken:

(B)ij overname van Geheime dienst departement op d.d 16.8.99.¹⁸

'n Laaste, en volgens Van den Bergh¹⁹ ook die belangrikste rede vir gebrek aan navorsing oor die Geheime Diens van die ZAR, is geleë in die vindplek van die bronne in die argief. Weens 'n persepsie dat dr. W.J. Leyds beskou word as die vader van die Geheime Diens, word verkeerdlik aanvaar dat die dokumentasie daaroor te vinde is in die argief van die Staatssekretaris of Leydsversameling. As gevolg van die militêre bedreiging teen die ZAR op daardie tydstip, was die insameling van militêre inligting 'n prioriteit en sou bronne normaalweg in die argiefstukke van die Kommandant-generaal te vinde wees. Dit is egter ook nie die geval nie omdat kommandant-generaal P.J. Joubert 'n negatiewe gesindheid oor 'n geheime diens gehad het. Die dokumentasie oor die Geheime Diens is egter te vinde in die argief van die Staatsprokureur en die Kommissaris van Polisie. Hierdie studie oor die Geheime Diens berus dan ook feitlik deurgaans op primêre bronne te vinde in die argiefstukke van die Staatsprokureur in die Staatsargief te Pretoria.

Omdat alle aspekte van die Geheime Diens om vanselfsprekende redes nie op skrif gestel was nie, sal daar nouliks 'n volledige prentjie van die Geheime Diens van die ZAR geskets kan word. Die invloed wat die magdom verslae van geheime agente op besluitnemers, regeringsamptenare en politieke leiers in die ZAR gehad het, is moeilik om te bepaal. Weens sekerheidsredes is die minimum hieroor op skrif gestel en is die navorser hoofsaaklik op sy historiese bewussyn en aanvoeling aangewese vir enige redelike afleidings en gevolgtrekkings. Voldoende dokumentasie en veral verslae van geheime agente is weliswaar beskikbaar om 'n getroue beeld van die ontstaan, take, aard, omvang en bydrae van die Geheime Diens te vorm. In die navorsingsproses is meer as 600 skriftelike verslae en rapporte deurgewerk wat deur meer as 'n 100 betaalde geheime agente vanaf 1894 tot 1900 in diens van die ZAR ingestuur is.

18 SP 885, GCPM 15/99, Lêer met inventaris van stukke kwitansies en geld ontvang van die Kommissaris van Polisie, 16.8.1899.

19 G.N. van den Bergh, Secret Service in the South African Republic 1895-1900 in *Krygshistoriese Tydskrif* 3(3), 1974, p. 57.

Daarbenewens was daar talle telegramme wat agente ingestuur het. Lede van die Speurpolisie, staatsamptenare, die *Rijdende Grenswacht*, veldkornette en weldoeners het ook talle verslae en briewe ingestuur wat informasie van waarde bevat het. Volgens die kasboek wat vir die Geheime Diens bygehou is, was daar vanaf Desember 1895 tot en met einde Mei 1900, 'n bedrag van £15 609 aan 116 verskillende geheime agente vir hoofsaaklik salarisse asook reis- en verblyfkostes, uitbetaal.

Weens die eie aard en kenmerke aan 'n geheime- of spioenasiediens, lewer die studie daarvan eiesoortige probleme op. Afgesien van die feit dat baie verslae mondeling gelewer is, bly die kwessie van moontlike dubbelagente problematies. Die toepassing van interne kritiek op veral verslae van geheime agente waarvan daar min skriftelike verslae beskikbaar is, of wat vir 'n kort tyd in diens was, is ook moeilik, maar nie onoorkomelik nie. 'n Onderwerp soos hierdie, waarin geheime agente se aktiwiteite in 'n waas van onsekerheid, agterdog en risiko gehul is, verplig die navorser onbewustelik om tussen die reëls te lees en 'n aanvoeling te ontwikkel om te kan onderskei tussen feit en fiksie en om die *bona fides* van geheime agente te beoordeel. Sekere geheime agente soos byvoorbeeld G.W. Taylor *alias* Josef en J.P. de la Court Schröder, wie se dienstydperke gesamentlik die hele tydperk van die bestaan van die Geheime Diens oorspan het, vestig hulle geloofwaardigheid as spioene onbewustelik in die gedagtes van die navorser. Dit is veral van toepassing waar weeklikse verslae deur dieselfde agent ingestuur is.

Die herbeleving van gebeure of wat Louis Gottschalk in sy boek *Understanding History* "historical mindedness"²⁰ noem, is by die studie van hierdie onderwerp van groot belang. Aangesien dit onbekend is hoeveel van die gebeure en feite nie in primêre bronne aangeteken is nie, speel aanvoeling en intuïsie 'n groot rol.

Drie primêre bronne wat van groot waarde was in hierdie studie om bogenoemde probleem in 'n mate te oorkom, is die *Geheime Minuteregister*, die *Geheime Diensten Chequeboek* 30.12.1895 tot 26.7.1899 en die *Kassaboek Geheime Dienst*. In die

20 L. Gottschalk, *Understanding history: A primer of historical method*, Tweede Uitgawe, (New York, Alfred A. Knopf, 1968), pp. 136-138.

Geheime Minuteregister wat vanaf 7.12.1895 tot 23.5.1900 in gebruik was, is daar 1 781 inskrywings gemaak wat verband gehou het met die Geheime Diens. Alle inkomende verslae van geheime agente, asook enige ander korrespondensie in verband met die Geheime Diens, is daarin aangeteken. Die hoë gehalte van administrasie wat in die Geheime Diens se hoofkantoor gehandhaaf was, saam gelees met uitstekende beheer oor die finansies soos weerspieël in die *Geheime Diensten Chequeboek* en die *Kassaboek Geheime Dienst*, maak dit moontlik om 'n redelike akkurate indruk van die omvang van die Geheime Diens te vorm. Hierdie drie dokumente vorm die basis vir die verstaan van die chronologiese verloop en ontwikkeling van die Geheime Diens se geskiedenis. Die toevallige ontdekking van 'n band - SP 818A - binne die stukke van die Staatsprokureur, wat handel oor die tydperk Oktober 1899 - Mei 1900, werp nuwe lig oor die Geheime Diens en sy agente tydens die eerste paar maande van die oorlog. Die rol van 'n uitmuntende agent soos J.P. de la Court Schröder tydens die oorlog, kan ook nou verklaar word. Dit is ook deels moontlik om te bepaal waarom die Geheime Diens se agente nie die rol tydens die oorlog gespeel het wat mens te wagte is nie.

Hierdie studie handel primêr oor spioenasie en die insameling van inligting. Om die Geheime Diens in die regte perspektief te plaas, moet daar ook verwys word na spioenasie en verkenning aan Britse kant tydens die bestaan van die Geheime Diens nie en aan Boerekant veral nadat die Geheime Diens in 1900 doodgeloop het. Vir hierdie gedeelte is hoofsaaklik van sekondêre bronne gebruik gemaak. Belangrike bronne van inligting wat gebruik is vir navorsing oor die Britse *Intelligence Division* is Thomas Fergusson se boek getitel *British military intelligence, 1870-1914*,²¹ asook die *Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into military preparations and other matters connected with the war in South Africa* wat in 1903 gepubliseer was.²² Aspekte aan Boerekant wat hier bespreek word, is die ontstaan en funksionering van Verkennerskorpse tydens die oorlog, dr. W.J. Leyds se geheime oorlogsbedrywighede soos nagevors deur L.E. van Niekerk en opgeteken in haar

21 T.G. Fergusson, *British military intelligence, 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, (Londen, Arms and Armour Press, 1984).

22 Cd. 1789. *Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa*, (Londen, 1903).

biografie oor Leyds,²³ en die funksionering van die Geheime Dienskommissie te Pretoria onder beheer van kaptein J.J. Naudé tydens die oorlog soos beskryf deur G.D. Scholtz.²⁴ Vir baie jare is daar aanvaar dat die werke van Scholtz - *In Doodsgevaar: Die oorlogservaring van kapt. J.J. Naudé* en *Die Kappie Kommando* deur Johanna Brandt, bronne was wat lig gewerp het op die werksaamhede van die enigste Geheime Diens aan Boerekant tydens die oorlog.²⁵

In die lig van die onlangse beklemtoning van die rol van swartmense tydens die oorlog word daar ook kortliks na hulle rol, in spioenasie en verkenning tydens die stryd verwys. Hierdie studie sal aantoon dat daar in werklikheid 'n ander Geheime Diens vóór en gedurende die eerste agt maande van die oorlog aktief was.

Die hoofdoelstelling van hierdie studie is dus om 'n chronologiese oorsig van die ZAR se Geheime Diens te gee. Dit is vanselfsprekend dat in die narratiewe diskoers oor die ontwikkelingsgang van die diens, daar op 'n verskeidenheid sosio-ekonomiese en politieke aspekte gekonsentreer word. 'n Onderliggende doelwit is dan om die diens binne die raamwerk van die ZAR se geskiedenis te kontekstualiseer. 'n Verdere doelstelling is om die Geheime Diens in die internasionale milieu te skets - veral ten opsigte van die Britse inligtingspoging wat in dieselfde tyd bedryf was. Die belangrikste is egter om in gedagte te hou dat die Geheime Diens van die ZAR was 'n unieke instelling wat op 'n unieke manier in 'n besondere staatsbestel bedryf is. In hierdie studie is die doelwit om daardie geskiedenis in diepte te interpreteer.

In die eerste hoofstuk word kortliks verwys na spioenasie as 'n internasionale verskynsel. In dieselfde hoofstuk word oorsigtelik verwys na verkenning en spioenasie in die ZAR, voor die ontstaan van die Geheime Diens. Die politieke faktore in die ZAR, wat die voorspel was en die ontstaan van 'n Geheime Diens genoodsaak het, word bespreek. In die tweede hoofstuk word die Jameson-inval, wat as katalisator vir die ontstaan van die Geheime Diens gedien het, geskets. In die volgende drie

23 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, (Pretoria, J.L. van Schaik, 1985).

24 G.D. Scholtz, *In doodsgevaar: Die oorlogservarings van Kapt. J.J. Naudé*, (Pretoria, Voortrekkerpers, 1940).

25 F.J. Stemmet, Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog, (MA, PU vir CHO, 1973), p.123.

hoofstukke word die vestiging en ontwikkeling van die Geheime Diens as 'n onafhanklike staatsinstelling beskryf. Klem word veral gelê op buitelandse spioenasie in Suider-Afrika deur agente van die Geheime Diens. Vanaf hoofstuk ses tot agt word die militêre karakter beskryf wat die Geheime Diens op die vooraand en tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) onder J.C. Smuts se beheer as die "intelligensiediens te velde", aangeneem het. Die rol van die Geheime Diens tydens die eerste fase van die Anglo-Boereoorlog sal redelik omvattend beskryf word. Die studie word afgesluit met hoofstuk 9, waarin daar aangetoon word watter ander spioenasiebedrywighede en inligtingsinsamelings-aktiwiteite in die tydperk binne en rondom die ZAR aan die gang was. Die Geheime Diens word ook deurlopend vergelyk met sy Britse eweknie, die *Intelligence Division*, en dié se invloed in die ooreenstemmende tydperk.

HOOFSTUK 1

VROEË POGINGS OM INLIGTING IN TE SAMEL

1.1. Spioenasie en inligtinginsameling as 19e eeuse verskynsel

Die insameling van inligting of spioenasie is een van die oudste beroepe ter wêreld wat Skriftuurlik begrond kan word.¹ Reeds teen 1 250 voor Christus het God aan Moses opdrag gegee om verkenner uit te stuur om die land Kanaän te gaan verken. Die opdrag het tipiese take ingesluit met die oog op voorkennis van die bedreiging wat vir baie eeue daarna nog sou geld:

(B)ekyk die land, hoe dit is, en of die mense wat daar woon, sterk of swak, min of baie is, of die land waarin hulle woon, goed of sleg is, en of die mense se stede oop of versterk is....²

Daarna het die verkenner teruggekeer en 'n verslag uitgebring. Tydens hierdie geleentheid, soos só dikwels in die intelligensieskiedenis daarna, is goeie inligting swak benut terwyl die Israeliete 40 jaar lank in die woestyn rondgeswerf het.³ Drie millennia later is die Victoriaanse inligtingsoffisier, sir George Aston, se belangstelling in spioenasie geprikkel deur 'n prent in 'n Kinderbybel waar twee van Moses se agente of spioene met druiwetrosse op hulle skouers teruggekeer het.⁴

1 C. Andrew, *Secret service: The making of the British intelligence community*, p. 1.

2 Numeri 13: 17.

3 C. Andrew, *Secret service: The making of the British intelligence community*, p. 1.

4 *Ibid.*, p. 1.

Dwarsdeur die geskiedenis moes besluitnemers op verskillende vlakke van inligting voorsien word. Die Chinese strateeg, Sun Tzu, het alreeds rofweg 'n halwe millennium voor die Christelike era op die waarde van voorkennis gewys.⁵

In Europa het 'n georganiseerde stelsel van inligtinginsameling teen die einde van die Renaissance na vore begin tree.⁶ Oliver Cromwell, een van die belangrikste leiers van die Engelse Rewolusie, het sy staatsekretaris, John Thurloe, spesifiek opdrag gegee om 'n spioenasiediens te organiseer. Vaste agente is op strategiese plekke aangestel teen vergoeding en hulle het gereeld verslag gedoen.⁷ John Thurloe het vanaf sy aanstelling aan die einde van 1652 vir die sewe jaar, wat hy die pos van staatsekretaris beklee het, £70 000 jaarliks op geheime diens bestee. Agente en spioene is in al die groot Europese stede en in Engeland ontplooi wat hom van politieke en militêre inligting voorsien het.⁸ Onder Thurloe het die Britse spioenasiediens 'n merkwaardige hoogtepunt bereik.⁹

Teen 1870 het die houding egter in Engeland bestaan dat die insameling van militêre inligting onnodig was. Militêre inligting het ook nie deel van die leerplan op die *Royal Military College* uitgemaak nie.¹⁰ Tussen die Slag van Waterloo aan die begin van die negentiende eeu en die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899, was Brittanje die magtigste moondheid ter wêreld. Britse diplomate en amptenare was in kolonies oor die aardbol versprei. Waar die Duitsers en veral die Russe groot bedrae geld aan spioenasie bestee het, het die Britse regering egter min bewillig. Teen 1890 het die Russe meer as £1 000 000 per jaar teenoor die Britte se £50 000 - £60 000 per jaar aan geheime dienste bestee. Die Britse regering het hoofsaaklik van sy diplomate in die verskillende wêrelddele gebruik gemaak, om die regering op die hoogte van sowel militêre as politieke inligting te hou.¹¹ In die gees van imperialisme wat besig was om

5 W.P. Steenkamp, *The intelligence function of the political system*, (D. Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 7.

6 *Ibid.*, p. 8.

7 L. Barring, *Geheime Agente en Spioene*, p. 27.

8 P. Gudgin, *Military intelligence: The British story*, p. 14.

9 R.W. Rowan, *The story of secret service*, p. 6.

10 J. Haswell, *British military intelligence*, p. 32.

11 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 2.

wêreldwyd te manifesteer, was inligting in verband met handel- sowel as nywerheidsontwikkeling van groot belang.

Die Britse *Secret Intelligence Service (SIS)* het ná 1815 merendeels op spioenasie in Ierland gekonsenteer en baie min aandag aan Europa en die res van die wêreld gegee. Tussen 1815 en 1873 het die Britse leër en vloot 'n baie groter bydrae ten opsigte van die insameling van inligting as die *SIS*, gelewer.¹² 'n Verdere belangrike ontwikkeling in die Britse inligtingsgemeenskap was die stigting van die *Intelligence Branch* op 1 April 1873. Hierdie afdeling was deel van die Britse leër en het, afhangende van wie in beheer was, 'n belangrike insamelingsrol gespeel. Tydens die Britse militêre optrede in Zoeloeland (1878-9) het hierdie afdeling nie gefigureer nie. Lord Chelmsford het geen inligtingsoffisier met hom saamgeneem nie want hy het alles self gedoen. Na die mislukking van sy eerste veldtog het lord Chelmsford tydens sy tweede suksesvolle poging, in Maart-April 1879, twee offisiere verantwoordelik vir inligtinginsameling aangewys.¹³

Die *Intelligence Branch* het teen 1885 'n laagtepunt in terme van effektiwiteit en moraal bereik.¹⁴ Generaal sir Patrick MacDougall se opvolger, generaal-majoor sir Archibald Alison, was nie naastenby so entoesiasies oor inligting as sy voorganger nie. Op 1 Januarie 1886 is generaal-majoor Henry Brackenbury aangestel as hoof. Later, gedurende 1887, het hy *Director of Military Intelligence (DMI)* geword. Hy het hierdie afdeling met sewe verdere inligtingsoffisiere laat versterk. In 1891 is Brackenbury deur generaal-majoor Edward Chapman vervang wat tot in 1896 as hoof aangebly het. Daar het egter nog steeds skeptisisme en agterdog binne die geledere van die Britse staatsdiens teenoor die inligtingsdepartement bestaan. Die *Foreign Office*, met lord Salisbury in beheer, het ook meer waardering vir die inligtingsdepartement se werk as die *War Office* gehad. Die *DMI* se werk het baie min te doene gehad met die insamel en verwerking van inligting wat op 'n geheime of kovert wyse ingesamel was. Lede van die *DMI* het hulle veral besig gehou met die deurwerk van koerante. Een van die *DMI* se grootste bates was hulle biblioteek. Die

12 *Ibid.*, pp. 9-11.

13 P. Gudgin, *Military intelligence: The British story*, p. 29.

14 *Ibid.*, p. 29.

bibliotekaris, W.H. Cromie, het waarskynlik uit weerwraak, omdat hulle nie sy salaris wou verhoog nie, geheime aan die Franse verkoop. Hy is in 1898 ontslaan op grond van onbehoorlike gedrag. Die koverte insamelingspoging van die *Intelligence Department* het egter amateuragtig gebly. Die afdeling se begroting het in die jare wat die Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het, 'n skrale £600 per jaar bedra.¹⁵

In die algemeen het inligtingsorganisasies in Europa teen 1880 'n groter klandestiene en geheime karakter begin aanneem.¹⁶ Bismarck se hoof van spioenasie, Wilhelm Stieber, het spioenasie vanaf 1866 op 'n professionele grondslag bedryf. Teen sy dood in 1892 het Stieber 'n netwerk van spioene ontplooi wat groot kommer by die Britse, Franse en Amerikaanse regerings veroorsaak het. In teenstelling hiermee was Britse spioenasie nie op dieselfde standaard as die Pruisiese poging nie.¹⁷ In ca.1866 het die Franse 'n *Second Bureau of the General Staff* en die Russe 'n *Seventh Bureau of the General Staff* ingestel wat militêre en politieke inligting ingesamel het.¹⁸ Selfs die Chinese het 'n geheime diens, die *Manchu Secret Service*, aan die einde van die negentiende eeu in plek gehad. Hierdie diens het op 'n uitgebreide skaal buite China gespioeneer.¹⁹

Verdere ontwikkelinge gedurende die negentiende eeu wat 'n invloed op spioenasie gehad het, was van 'n meer tegnologiese aard. Hierdie ontwikkelinge het as hulpmiddels gedien en sou groter doeltreffendheid meebring om berigte en verslae deur te stuur. Een hulpmiddel was die trein as vervoermiddel. 'n Ander was die uitvinding van fotografie. Verder was daar ook die ingebruikneming van die telegraaf as 'n verbindingsmiddel.²⁰ Nie net kon geheime agente self vinnig per trein van een plek na 'n ander beweeg nie, maar hulle berigte en boodskappe het ook vinniger hulle bestemming bereik omdat pos ook op dié wyse vervoer was. Die tendens het met die uitvinding van die telegraaf in die laat 1830's begin. Teen die 1850's was dit algemeen

15 C. Andrew, *Secret Service: The making of the British Intelligence Community*, pp. 20-24.

16 W.P. Steenkamp, *The intelligence function of the political system*, (D. Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 6.

17 B. Murphy, *The business of spying*, pp. 44-46.

18 L. Farago, *War of wits: The anatomy of espionage and intelligence*, p. 38.

19 R. Deacon, *A history of the Chinese secret service*, pp. 142-159.

20 L. Barring, *Geheime agente en spioene*, p. 68.

in Europa in gebruik. Gedurende 1879 is die ZAR telegrafies met Natal verbind.²¹ Geheime agente van die ZAR sou later talle verslae en boodskappe telegrafies vanaf Volksrust oor Standerton en Heidelberg na Pretoria stuur.

Die gebruik van geheime kodes om berigte en boodskappe te stuur is kenmerkend van enige geheime diens. Teen 1880 is die gebruik daarvan ter wille van geheimhouding as 'n noodsaaklikheid in militêre en diplomatieke kringe beskou.²²

Die opkoms van nasionalisme in Europa, die uitbreiding van kapitalisme en die imperialistiese strewe van moondhede soos Groot Brittanje en Duitsland, het inligtingsdienste veral ná 1880, sterk laat fokus op die nasionale veiligheid van state.²³

Geheime agente of spioene het 'n wesenlike invloed op die verloop van die geskiedenis gehad. Rowan verklaar:

Spies and speculators for thirty-three centuries have exerted more influence on history than on historians.... Tyrannies from the earliest dawn of history have been established in power by a thrilling show of force, but tyrants have had to maintain their power by a special form of stealth which is called secret service. Now every activity of the spy, amateur, hireling or professional, in peace or in war, is a form of secret service; and every mission or clandestine enterprise carried out by an agent of government may belong to secret service.... Direction and management of such organizations are an integral part of government and in themselves a form of secret service, moving through a very gradual development to their present state of specialization and complexity. Secret service is not only the weapon of tyrannies or the safeguard of governments and armies; in its own right it has become a subterranean method of international combat.²⁴

21 P.J.H.S. Grobler, Die geskiedenis van die poswese van die Suid-Afrikaanse Republiek, (D. Phil, Unisa, 1956), pp. 180-181.

22 B. Norman, *Secret warfare: The battle of codes & ciphers*, p. 38.

23 W.P. Steenkamp, The intelligence function of the political system, (D. Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 8.

24 R.W. Rowan, *The story of secret service*, pp. 1-2.

Van die begin af was die funksie van inligting die georganiseerde poging om informasie in te samel, dit te waardeer en te ontleed om daardeur die voornemende optrede van die vyand te bepaal. Dit kom dus neer op 'n poging om die misdampe van oorlog en diplomatie te deurboor om daardeur 'n helder prentjie, gebaseer op werklike feite van die toekoms, te vorm.²⁵ Teen die laaste helfte van die negentiende eeu was geheime dienste in Europa 'n normale verskynsel. Politieke en ekonomiese kragte was waarskynlik die sterkste motivering vir hul voortbestaan.

In baie opsigte was die totstandkoming van geheime dienste wêreldwyd die produk van gevorderde staatsbestuur tydens en ná die nywerheidsomwenteling. In alle state was 'n omvangryke verandering ten opsigte van die administrasie en bestuur van die politieke prosesse binne die staat noodsaaklik. Die ZAR was geen uitsondering nie. Die plaaslike geheime diens het letterlik saam met die mynbou-omwenteling aan die Witwatersrand beslag gekry. Die Jameson-inval van 1895-1896 het die totstandkoming van die instelling noodsaaklik gemaak. Die gevolge van die Jameson-inval en die moontlikheid van 'n tweede inval sou die uitbreiding en voortsetting van 'n geheime diens noodsaaklik maak. Geheime Diens-aktiwiteite was dus reeds lank deel van die mense wat die ZAR tot stigting gebring het.

1.2. Die ontstaansgronde van 'n geheime diens in die ZAR

Reeds voor die aanvang van die Groot Trek het daar ook 'n behoefte aan akkurate en betroubare inligting in die gelede van die blankes bestaan. Daar is in hierdie fase gebruik gemaak van verkenners, jagters of kommissies. In 1834, terwyl meeste voornemende Voortrekkers nog op hulle plase in die Kaapkolonie gewoon het, is verkenners na Transvaal en Natal gestuur om die omgewing te bespied.²⁶ Dit was dan ook juis verkenners wat aan Potgieter gerapporteer het oor die volume water van die Mooirivier waar Potchefstroom later aangelê sou word.

25 Anon., Handboek oor militêre inligting, p. 103.

26 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886) in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2), 1958, p. 32.

Hieruit en uit die ontwikkelde kommandostelsel van die grensboere het die verskynsel van die sogenaamde verkenningpatrollies voortgespruit. Nadat Potgieter en sy volgelinge gedurende 1838 hulle langs die Sandrivier gevestig het, het hy teen die einde van die jaar 'n verkenningpatroolie oor die Vaalrivier uitgestuur om vas te stel of Mzilikazi nog in die omgewing was.²⁷ Hierdie verkenners kan beskou word as voorlopers van die latere militêre agente wat die nodige voorkennis moes verskaf ter beveiliging van aanvanklik net gemeenskappe en later die staat met sy inwoners. Selfs in hierdie feitlik nomadiese fase en oorlewingsfase van staatsontwikkeling, was inligting nie net oor die potensiële vyand nie, maar ook oor die omgewing onontbeerlik.

Dit is insiggewend dat ná die fase van die bedryf van 'n gesofistikeerde stelsel soos 'n geheime diens met betaalde agente, die ZAR-regering tydens die Anglo-Boereoorlog weer teruggeval het op 'n stelsel van verkenners.

Namate die Voortrekkers hulle al verder van die gevestigde nedersettings begeef het, sou daar by die staat in wording 'n dringende behoefte aan akkurate en betroubare inligting bestaan. Die veldkornet sou in hierdie verband optree as die staat se oë en ore op die grond. Op hierdie wyse is die eerste stappe gedoen om aan die formalisering en strukturering van inligtingsinsameling gestalte te gee. Die eerste instruksies vir kommandante en veldkornette is op 21 Julie 1837 uitgevaardig. Hierdie instruksies was hoofsaaklik van toepassing op brandwag-, patrollie- en ander krygstake.²⁸ Die latere veldkornetinstruksies van 1841 beklemtoon die feit dat die veldkornet verantwoordelik was vir die rus en vrede in sy wyk. Hy is ook belas met toesig oor plaaslike swart gemeenskappe. Veral grensveldkornette sou in dié verband 'n moeilike taak hê en sou voortdurend speurwerk moes doen om die swartmense se houdings teenoor die staat te bepaal. Veldkornette sou in dié verband spioene uitstuur

27 J.S. Bergh, Die vestiging van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot 1840 in *Historia*, 37(2), 1992, p. 41.

28 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid - Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 5-7.

na kapteins. So bv. het veldkornet J.W. Viljoen van Marico in 1853 twee swart spioene na 'n sekere Mailoli uitgestuur.²⁹

Die veldkornet was uit die aard van sy amp as militêre en administratiewe hoof van sy wyk die ideale inligtingsbron vir die staat. Veldkornette het tipiese inligting oor verskillende aspekte verwant aan staatsveiligheid, deurgegee. Die feit dat veldkornette deur hulle onderskeie wyke verkies is, het tot gevolg gehad dat daar geen twyfel bestaan het oor hulle bekwaamheid, lojaliteit en betroubaarheid teenoor die staat nie.

Só vroeg as 1840 is maatreëls getref wat vreemdelinge verbied het om sonder toestemming en medewete van die veldkornet deur die Verenigde Voortrekkergebied te beweeg. Die veldkornet het dus in 'n sekere sin as 'n brandwag opgetree ten opsigte van die veiligheid van wyksmense veral op die wesgens waar bv. Setshele, Mahura en Gasebone met oorlog gedreig het, of op die noordgrens waar Makhado of Mapog onder sommige burgers vrees gesaai het. Selfs ondermynende optrede deur sendelinge is gerapporteer.³⁰ Met hierdie tipe take wat veldkornette verrig het, het hulle in 'n mate onbewustelik as inligtingsagente vir die staat opgetree waardeur 'n nuwe dimensie aan hulle taak verleen is.

Veldkornette het ook op hulle medevolksgenote gespioeneer. Veldkornet A.P. van der Walt van Pretoria het tydens die aanslae van Stefanus Schoeman in die Oranje Vrystaat gedurende 1857, lyste van "getroues" en "ontroues" aan Andries Pretorius begin optrek. Veldkornet Van der Walt het ook moontlike verraaiers geïdentifiseer en die bewegings van Stefanus Schoeman fyn dopgehou. Voorts het ook twee veldkornette, nl. C.F. Geere en Roos van die Vaalrivier, gewaarsku teen president J.N. Boshof wat met 'n kommando na die ZAR op pad was. Hulle het gereeld verslae oor Vrystaters se bewegings aan die ZAR regering deurgestuur.³¹ Hierdie selfde tipe take het geheime agente, wat in diens van die Geheime Diens van die ZAR gestaan het, later verrig.

29 F.A. van Jaarsveld, Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870 in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 13(2), 1950, p. 230.

30 *Ibid.*, pp. 231-232, 330.

31 *Ibid.*, p. 318.

Na die Britse anneksasie van die Transvaal in 1877 deur sir Theophilus Shepstone, sou die Transvaalse Afrikaners nie rus voordat hulle onafhanklikheid nie herstel is nie. Ná samesprekings met die Britse regering, asook 'n reeks protesvergaderings, het die spanning geleidelik opgebou en het oorlogswolke begin saampak.³² Onder hierdie omstandighede was spioenasie en verkenning deur beide die Britse en Boerekant onvermydelik.

Gedurende die eerste week van Desember 1880 het talle burgers van die Transvaal na Paardekraal opgeruk. Britse spioene het met hierdie optrede van die Transvalers berig dat die Boere goed bewapen was en gereed om te veg. Een Britse spioen het uit Wes-Transvaal berig dat die Boere gereed maak vir 'n lang reis of 'n lang verblyf in die veld aangesien hulle biltong gemaak en beskuit gebak het. Wat hy waargeneem het was egter die laaste voorbereidings vir oorlog.³³

Tydens die Slag van Bronkhorstspuit op 20 Desember 1880, het verkenners aan Boerekant 'n belangrike rol gespeel. Op grond van akkurate en tydige inligting deur verkenners, wat berig het oor 'n lang Britse konvooi wat reg noord van die burgers in die transportpad was, het Frans Joubert sy kommando beveel om in gelid vorentoe te beweeg. Hierdie optrede het die Britte onkant betrap en die voorste kolonne gestuit. Kort hierna het die geveg begin en is 56 Britse soldate gedood en 92 gewond, terwyl die Boeremagte een burger tydens die geveg verloor het en slegs 'n paar gewond is.³⁴

Reeds voor die geveg by Schuinshoogte op 28 Januarie 1881, was Colley se bewegings aan die Boere bekend. Verkenners met verkykers het sy bewegings dopgehou. Tydens die nag het 'n permanente patrollie vanuit die nek die Britte dopgehou. Hier het die Britte ook die aftog geblaas dansky tydige en akkurate inligting wat deur die verkenners verskaf is.³⁵

32 D.H. Heydenrych, "Die Boererepublieke 1852-1881" in T. Cameron en S.B. Spies (Reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp. 158-159.

33 J.E.H. Grobler, *Militêre verset teen Britse bestuur: Die Eerste Vryheidsoorlog, 1880-1881* in *Historia*, 25(2), 1980, p. 29.

34 J.E.H. Grobler, "Die sege by Bronkhorstspuit" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (Reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881*, pp. 103-176.

35 J.E.H. Grobler, "Die Britse terugslag by Laingsnek" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (Reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881*, p. 149.

In die fase voor die geveg by Schuinshoogte het spioene aan Boerekant belangrike inligting aan kommandant-generaal Piet Joubert verskaf. Spioene, wat tot naby Newcastle deurgedring het, het berig dat 'n groot aantal troepe as versterkings vir die Britse mag uit Pietermaritzburg aangekom het. Joubert kon onmiddellik 'n plan maak om die Britse mag te stuit.³⁶

Tydens die finale geveg van die oorlog by Amajuba het verkenning en spioenasie ook 'n rol speel. Colley was nie seker of die Boere snags 'n brandwag op die berg gehad het nie. Om dit vas te stel, het hy 'n Zoeloeverkenner die Vrydagnag die berg uitgestuur met die opdrag om die volgende dag terug te rapporteer.³⁷

Die faktore wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Geheime Diens van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* ná die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) het te make gehad met die voorvereistes vir die veiligheid van die staat. 'n Effektiewe inligtingstelsel is nie opeens daargestel nie. Dit het eerder stelselmatig ontwikkel na gelang sekere omstandighede hulle voorgedoen het.³⁸

Tydens die eerste fase vir die daarstelling van 'n geheime of inligtingsdiens vir die staat, het daar 'n bewustheid vir 'n spioenasiediens ontstaan.³⁹ Gebeure in die periode 1881-1894 sou as katalisator dien om die behoefte vir 'n geheime diens finaal te bevestig. In hierdie periode kan 'n ononderbroke ontwikkelingsgang⁴⁰ onderskei word. In die periode voor 1894 was daar in die geledere van die polisie sowel as in die militêre geledere geen spesifieke afdeling belas met staatsveiligheid nie.

Een van die eerste faktore wat 'n rol gespeel het om die bewuswordingsproses aan te help was Britse imperialisme. Vanaf die 15de tot die 18de eeu het van die groot Europese seemoondhede soos Portugal, Spanje, Nederland, Frankryk en Groot

36 J.E.H. Grobler, "Die geveg by Schuinshoogte" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (Reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881*, p. 164.

37 C.M. Bakkes, "Die slag van Majuba 27 Februarie 1881" in F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg en W.A. Stals (Reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881*, p. 179.

38 Anon., Handboek oor militêre inligting, p. 301.

39 W.P. Steenkamp, *The intelligence function of the political system*, (D.Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 11.

40 G.N. van den Bergh, *Die Polisie in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 298.

Brittanje landstreke buite Europa begin koloniseer.⁴¹ Rondom 1870 het die woord “empire” die betekenis begin kry dat dit ook die Britse kolonies sou insluit en veral na die bewindsaanvaarding van die konserwatiewe leier, Benjamin Disraeli, in 1874. Hierna was die idee van ryksuitbreiding verder voortgesit in die vorm van ‘n imperialistiese buitelandse beleid wat Brittanje aktief gevolg het.⁴² Ná die Industriële Rewolusie in Europa was Brittanje al hoe meer aangewese op sy kolonies om sy industrieë in stand te hou. Lord Carnavon, die Britse Minister van Kolonies in die Disraeli-kabinet, was daarom ‘n vurige voorstander van die eenheidsbeweging in die Britse Ryk. Suid-Afrika het dan ook vanweë sy sentrale ligging ‘n baie belangrike plek in Carnavon se planne vir die Britse Ryk, ingeneem. Aanvanklik het hy gemeen om die verskillende gebiede binne Suider-Afrika op konstitusionele wyse in te lyf, maar weens teenstand deur die Kaapse sowel as die Boererepublieke se regerings, het dit nie geslaag nie. Hierna is daar besluit om geweld te gebruik om Carnavon se aggressiewe imperialisme af te dwing.⁴³

Die ware motiewe vir die anneksasie van 1877 was eerstens die federasieplanne van Carnavon, tweedens die potensiële rykdomme van die Transvaal en laastens die spoorwegplanne van die ZAR na Lourenco Marques.⁴⁴ ‘n Verdere rede vir die anneksasie was, volgens sir Bartle Frere, die toenmalige Britse Kommissaris in Kaapstad, president T.F.Burgers se toenadering tot Duitsland. ‘n Verenigde Duitsland is gesien as ‘n bedreiging vir die solidariteit van die Britse Ryk.⁴⁵ Die vrees het bestaan dat Duitsland voornemens was om in Suider-Afrika in te meng en sodoende sy mandaat oor die Duitse invloedssfeer in Afrika te oorskry.

‘n Baie belangrike gevolg van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1) was die ontstaan van ‘n Afrikaner nasionale bewussyn - nie nét in die Transvaal nie, maar ook onder

41 P.H. Kapp, J.C. Moll, P.S. de Jongh, P. de Klerk, J.S. Bergh, *Geskiedenis van die Westerse Beskawing: II, van Rewolusie tot Wêreldoorlog*, p. 218.

42 D.W. Krüger, *Die Ander Oorlog, Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 2-5.

43 H.R. van der Walt, Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse en Koloniale beleid (1881 - 1899) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, pp. 7-8.

44 F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W.Botha: ‘n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, p. 198.

45 H.R. van der Walt, Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, p. 8.

Afrikaners in die Kaap, Vrystaat en Natal.⁴⁶ Dít, gekoppel aan die feit dat Paul Kruger, die verpersoonliking van die onafhanklikheidsdrang van die Afrikaner en simbool van hierdie nuwe bewussyn, in 1883 president geword het van die ZAR, impliseer reeds in daardie stadium 'n botsing met die Britse imperialistiese beleid in Suider-Afrika.

Die Konserwatiewe Party van Brittanje het die algemene verkiesing verloor, onder andere as gevolg van sy buitelandse beleid en Gladstone se Liberale Party het die bewind oorgeneem. Alhoewel Gladstone tydens die verkiesingsveldtog sy voorganger se anneksasiebeleid verwerp het, het hy tog dieselfde beleid voortgesit. Een van die hoofredes vir Gladstone om daarmee voort te gaan, was geleë in die potensiaal van die goudmynbedryf.⁴⁷

Hierdie direkte konfrontasie tussen die Britse imperiale drang en Afrikaner nasionale bewussyn, het die bestaansreg van 'n spioenasiestelsel as 'n beskermingsmaatreël vir die staat, geregverdig. Daar is egter min aanduidings van enige geheime diens in daardie stadium. Al verwysing na geheime agente word aangetref in Britse propaganda wat die volgende beweer:

It was in the days of the first British occupation that the Transvaalers learned and practised the rudiments of political secret service. The first exponent of the art was one of their own people - a typical slim Boer of pronounced Huguenot type, though not in name⁴⁸

Die skrywers hiervan, Blackburn en Caddell, is subjektief en neerhalend. Daar bestaan rede om te glo dat hulle aanname nie op betroubare feite gebaseer is nie. Dit word gestaaf deur bewerings wat hulle oor die periode 1896-1900 rondom die ZAR se Geheime Diens gemaak het.⁴⁹ Hulle het 'n sekere Cornelis Smit as die eerste Transvaalse geheime agent geïdentifiseer. Volgens hulle was hy 'n pionier op die

46 F.A. van Jaarsveld, A.P.J. van Rensburg, W.A.Stals (Reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog, 1877-1884*, p. 257.

47 H.R. van der Walt, Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse en Koloniale Beleid (1881-1899) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, p. 17.

48 D. Blackburn en W. Caddell, *Secret service in South Africa*, pp. 15-19.

49 Kyk Hoofstuk 7.

gebied. Daar word beweer dat hy van Rustenburg tot by Wakkerstroom van plaas tot plaas gery het om die politieke klimaat onder die burgers te peil.

Ter wille van Britse Ryksbelange is die ZAR van uitbreiding weerhou. Die Britse imperialistiese strewe het ook tot gevolg gehad dat Betsjoeanaland in 1885 en die gebied noord van die Limpopo, in 1889 geannekseer is. Gebiede aan die Ooskus is ook geannekseer en sedert 1885 was dit Britse beleid om die Boererepublieke te omsingel sodat geen territoriale uitbreiding moontlik was nie. 'n Verdere aspek van die Britse beleid was om die twee Republieke van die see af weg te hou sodat hulle ekonomies afhanklik van die koloniale hawens soos Durban en Kaapstad, sou bly.⁵⁰ Dit het die ZAR-regering later genoodsaak om geheime agente in naburige state te plaas om inligting te bekom.

Die ontdekking van goud in 1886 aan die Witwatersrand en die gevolge daarvan, sou die volgende belangrike faktor wees wat uiteindelik 'n inligtingstelsel noodsaaklik sou maak. Tot en met hierdie stadium was die burgers of inwoners van die Transvaal hoofsaaklik landbouers wat 'n rustige bestaan gevoer het. Hulle was vry en kon plase groot genoeg beset sodat hulle nie eers hulle buurman se rook kon sien nie.⁵¹ Teen 1885 was die inwonertal van die burgers in die ZAR na raming sowat 60 000 mense. Volgens Edward Rose, 'n uitlander wat die Boere simpatiek gesind was, was die gemiddelde Boer se ambisies en belange beperk tot die grense van sy plaas. Die enigste gesag wat hy erken het, was dié van God en sy veldkornet.⁵²

Vanuit 'n finansiële en ekonomiese oogpunt gesien, het die ontdekking van goud op 'n baie geleë tydstip in die ZAR gekom. Die ekonomiese toestande in die ZAR was teen 1885 baie kritiek. Die land was geïsoleer en kontantgeld feitlik onverkrygbaar. Die landbougemeenskap in die staat was grootliks op 'n bestaansekonomiese lewenswyse aangewese.⁵³

50 F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W.Botha, 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 191-192.

51 F. Younghusband, *South Africa of today*, p. 33.

52 C.L. Grimbeek, *Die Wedersydse Beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969), p. 1.

53 J.F. van Oordt, *Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 159.

Die staatsinkomste het egter toegeneem van slegs sowat £200 000 in 1885-1886 tot £1 500 000 die jaar later.⁵⁴ Hierdie verhoogde inkomste, wat mettertyd verder toegeneem het, het die regering in staat gestel om 'n gesofistikeerde stelsel soos 'n geheime diens te bekostig. Die verhoogde staatsinkomste as gevolg van die goudbedryf het Britse waarnemers ook nie laat twyfel aan spekulاسie dat die ZAR-regering in die drie jaar voor die uitbreek van die Anglo- Boereoorlog £286 000 op hulle Geheime Diens bestee het nie.⁵⁵ Soos later aangetoon sal word, is hierdie syfer nie korrek nie. Dit het uitgawes vir die Geheime Diens sowel asook die boukoste van die fortbouprogram ingesluit.⁵⁶

As gevolg van die mynbou, was die staat letterlik oornag in 'n moderne nywerheidsomwenteling gedompel. Ten einde die belange van die gevestigde bevolking te beskerm, was die regering genoodsaak om inligting in te samel.

Duisende mense, onder meer ZAR-burgers fortuinsoekers, handelaars, prospek-teerders en gewone werkers, het op die Witwatersrand toegesak. Die meeste van die "Uitlanders" was Britse onderdane.⁵⁷

Die effek van die ontdekking van goud het onmiddellik 'n konflik tussen twee kulture en lewenswyses meegebring. Agitasie deur die Uitlanders het reeds voor 1886 op die Barbertonse goudvelde voorgekom. Aanvanklik was net vir beter paaie en brûe en vir laer belasting geagiteer, maar kort voor lank het die Uitlanders 'n politieke organisasie, nl. die *Transvaal Republican Union*, gestig.⁵⁸

Hierdie optrede van die Uitlanders om hulself polities te organiseer, het 'n bedreiging vir die ZAR ingehou. Van der Walt het bevind dat die Duitse reisiger, Von Weber,

54 A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899" in T. Cameron en S.B. Spies (Reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Hersiene Uitgawe), p. 184.

55 C. Andrew, *Secret Service: The making of the British intelligence community*, p. 30.

56 Kyk Hoofstuk 3.

57 C.L. Grimbeek, *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969), p. 8.

58 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 60.

kort na die ontdekking van goud in 1873 in Lydenburg voorspel het dat Transvaal deur Engeland vanweë sy minerale rykdomme geannekseer sou word.⁵⁹

Vanweë die feit dat die Transvaalse goudriwwe baie ryk was maar moeilik om te ontgin, was individuele delwers nie opgewasse vir die taak nie. Die goud kon slegs ontgin word deur die diepmynboutegniek wat deur kapitaalkragtige maatskappye onderneem kon word. Sakemanne soos Cecil John Rhodes en Barney Barnato, wat reeds op die diamantvelde van Kimberley 'n fortuin gemaak het, het weer in die Witwatersrandse goudvelde belê. Die Goudwet van 1886 het die ZAR-regering politieke beheer oor die goudvelde gegee. Dit het ook die amalgamasie van mynmaatskappye vergemaklik. Teen 1895 was die goudmynbedryf deur maatskappye soos die Wernher-Beit-Eckstein-groep, die Consolidated Goldfields, die Barnato-groep, die J.B. Robinson-groep, die S. Neumann-groep, die Albu-groep, die A. Goerz-groep, die Anglo-Franse groep en die Lewis en Marks-groep oorheers. Van al hierdie groepe was Rhodes se Consolidated Goldfields die sterkste groep.⁶⁰ Die goudmynbedryf het so 'n geweldige groei op die Witwatersrand getoon dat daar teen die einde van 1891 reeds 270 maatskappye geregistreer was wat een of ander verbintenis met goud gehad het.⁶¹

Die ontdekking van goud vanaf 1873 by Lydenburg tot 1886 op die Witwatersrand het feitlik al die faktore gebaar wat die ZAR se staatsveiligheid sou bedreig. Vir die ZAR was hulle onafhanklikheid, en om dit te handhaaf en te behou, feitlik sinoniem met die staat se veiligheid. Dit is dan insiggewend dat die Uitvoerende Raad van die ZAR gedurende Mei 1885 die bedrag van £300 goedgekeur het vir "Geheime Dienste".⁶² Alhoewel dit moeilik is om te bewys dat hierdie bedrag in verband gestaan het met die ontdekking van goud, is dit heel waarskynlik die geval. Geen bewyse kon verkry word dat enige fondse gedurende 1886 vir geheime dienste bewillig is nie. Tog was dit die jaar waarin dr. W.J. Leyds president Kruger oorreed het om 'n geheime speurdiens in

59 H.R. van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale beleid, 1881-1890* in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, p. 9.

60 A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899" in T. Cameron en S.B. Spies (Reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Hersiene Uitgawe), p. 185.

61 C.S. Goldmann, *The Financial, statistical and general history of the gold and other companies of Witwatersrand, South Africa*, pp.ii-xxv.

62 TAB, URN, p. 155-164, Artikel 209 van 12 Mei 1885.

te stel.⁶³ Die volgende jaar sit die Uitvoerende Raad 'n baie groter bedrag, nl. £1 000 vir geheime dienste opsy.⁶⁴ Daar was ook gerugte in omloop dat 'n "geheime politie" opgerig sou word.⁶⁵ Hieruit kan afgelei word dat die ontdekking van goud en die gevolge daarvan, een van die sleutel faktore was wat die stimulus vir die gedagterigting van eers 'n speurdiens en later 'n staatsveiligheidsdiens of geheime diens verskaf het.

President Paul Kruger sedert 1883 Staatspresident van die ZAR, was die verpersoonliking van die republikeinse strewe. Hy was nie minder nie as drie keer tot staatspresident verkies.⁶⁶ Gedurende die tydperk 1883 tot 1899 sou hy poog om deur middel van sy sterk persoonlikheid en politieke aanvoelings en instink die ZAR sy onafhanklikheid in 'n vyandige omgewing te laat behou.⁶⁷ Met die ontdekking van goud in 1886 het daar 'n tydvak in die ZAR aangebreek wat die staatsmanskap van president Kruger aan 'n groot toets sou blootstel. Sy verhouding met die Uitlanders en sy hantering van die oorgang of transformasie van 'n landelike na 'n geïndustrialiseerde omgewing, sou 'n bepalende invloed uitoefen.⁶⁸

Oor die landelike bevolking van die ZAR het Kruger aartsvaderlik geregeer.⁶⁹ Met die Bybel as rigsgaaf het hy regeer oor sy volk wat hy as Godsvolk beskou het.⁷⁰ Kruger was ook in noue kontak met sy burgers en hy het hulle behoeftes en strewes geken.⁷¹ 'n Verdere kenmerk van Kruger was dat hy vreemdelinge altyd met agterdog bejeën het.⁷² Dit sou hom meer vatbaar vir die idee van 'n geheime diens maak. Paul Kruger se strewe en ideaal was om die onafhanklikheid van die ZAR en sy burgers te behou. Hy wou dit beskerm en volgens die *De Volksstem* alles bestry wat die "kleinood"

63 L.E. van Niekerk, Huldeblyk aan dr. W.J. Leyds gelewer by geleentheid van die onthulling van 'n borsbeeld van dr. W.J. Leyds by die Nasionale Intelligensie Akademie op 12 Augustus 1987.

64 TAB, URN, Artikel 119 van 12 April 1887.

65 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaanse Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 140.

66 J.S. Marais, *The fall of Kruger's Republic*, pp. 5-6.

67 A.M. Grundlingh, "Paul Kruger" in *The Jameson Raid: A centennial Retrospective*, p. 227.

68 L.J. Twyman, Paul Kruger en Johannesburg 1886-1895, (MA, PUCHO, 1965), p. 1.

69 *Ibid.*, p. 9.

70 J.S. Marais, *The fall of Kruger's Republic*, p. 7.

71 F.E. Younghusband, *South Africa of today*, p. 50.

72 J.S. Marais, *The fall of Kruger's Republic*, p. 6.

bedreig het.⁷³ Hy was dan ook dikwels aangeval deur die Engelstalige pers - veral die koerant *The Star*. Laasgenoemde het na hom verwys as 'n outokraat, as 'n kweker van rassehaat, as eng en konserwatief. *The Star* het hom as fisies onbekwaam voorgelou om die pos van staatspresident te beklee.⁷⁴

In hierdie moeilike omstandighede en met 'n propaganda aanslag teen hom, moes Kruger regeer.⁷⁵ Hy moes poog om op 'n bevredigende wyse oor die buitelanders en vreemdelinge in 'n kapitalisties-kosmopolitiese Johannesburg te regeer sonder om die ZAR se onafhanklikheid in gedrang te bring. Die simbool van dit waarvoor onderskeidelik Johannesburg en Kruger gestaan het, was die vergestaltung van 'n botsing in onversoenbare beginsels en lewens- en wêreldbeskouings.⁷⁶

As Staatspresident van die ZAR moes Kruger ook gereeld volgens die grondwet sekere staatskantore besoek. President Kruger het dan ook Johannesburg ses keer besoek in die tydperk 1886-1895.⁷⁷ Hy was vanweë die negatiewe gesindheid teen hom nie baie gretig om Johannesburg te besoek nie. Die politieke klimaat en gesindheid wat hy tydens sy besoeke aan Johannesburg ervaar het, kan as 'n barometer gebruik word om sy posisie en algemene omstandighede ten opsigte van staatsveiligheid, te bepaal.

Die eerste besoek het gedurende Februarie 1887 plaasgevind. Kruger het aan die delwers die versekering gegee dat hy geen onderskeid sou maak tussen die ou en die nuwe bevolking nie. Hy het egter ook 'n waarskuwing gerig aan oproerige elemente dat sy "geheime agente" hulle dophou en hom op die hoogte van sake hou. Hy het ook gedreig dat hy 'n kommando burgers indien nodig, sou oproep.⁷⁸

73 C.L. Grimbeek, *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969), p. 71

74 S. Strauss, *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n Kritiese metodologiese analise*, (MA, UP, 1964), pp. 45-49.

75 J.S. Marais, *The fall of Kruger's Republic*, p. 4.

76 L.J. Twyman, *Paul Kruger en Johannesburg 1886-1899*, (MA, PUCHO, 1965), pp. 14-15.

77 *Ibid.*, p. 97.

78 *Ibid.*, p. 101.

President Kruger se verwysing na geheime agente is insiggewend. Alhoewel *De Volksstem*⁷⁹ dit gerapporteer het as sou hy dit in 'n ligte luim gesê het, was dit so dat bedrae vir “geheime dienste” begroot is. Die president se woordkeuse dui daarop dat spioenasie en staatsveiligheid reeds op die regering se agenda was. Alhoewel daar geen bedrae deur die Uitvoerende Raad vir geheime diens gedurende 1887 goedgekeur was nie, het president Kruger waarskynlik na die speurdiens verwys.⁸⁰ Die atmosfeer van geheimhouding wat daar in die speurdiens geheers het, het verder bygedra tot die woordgebruik “geheime politie”. Selfs die eerste hoofspeurder, Robert Ferguson, was nie oor alles ingelig nie.⁸¹

Sy tweede besoek aan Johannesburg het sewe maande later in September 1887 plaasgevind.⁸² Tydens sy toespraak het hy verklaar dat gelyke behandeling nie stemreg en Uitlander-verteenwoordiging insluit nie. Sy toespraak was nie goed ontvang nie en tydens 'n formele dinee het 'n onaangename atmosfeer geheers.⁸³

President Kruger se derde besoek aan Johannesburg het gedurende Desember 1888 plaasgevind. Hy het na aanleiding van sy vorige besoeke 'n meer simpatieke houding teenoor die Uitlanders ingeneem. Die besoek het suksesvol verloop. Kruger het ook 'n deputasie van die Kamer van Mynwese te woord gestaan⁸⁴ Die besef het in hierdie stadium by hom begin posvat dat die Uitlanders in een of ander vorm verteenwoordiging in die regering van die ZAR sou moes kry.⁸⁵

President Kruger se vierde besoek aan die Witwatersrand het in Maart 1890 plaasgevind. Ná verskeie voorvalle en insidente het daar na hierdie besoek 'n gewapende vrede tussen die oorspronklike inwoners van die ZAR en die nuwe

79 *Ibid.*, p. 101.

80 TAB, URN (Geheim), Artikels 1-14, 1887.

81 G.N. van den Bergh, Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38,1975, p. 140.

82 L.J. Twyman, Paul Kruger en Johannesburg 1886-1899, (MA, PUCHO,1965), p. 104.

83 *Ibid.*, p. 106.

84 *Ibid.*, p. 110.

85 D.W. Krüger, *Paul Kruger, II*, p. 98.

intrekkers geheers.⁸⁶ Hierdie besoek het teen 'n bepaalde stel omstandighede plaasgevind.

Die idee van die Tweede Volksraad is alreeds aan die Volksraad in die vorm van wetsontwerp voorgelê. 'n Volksraadskommissie is aangestel om die aangeleentheid deur te trap.⁸⁷ 'n Ekonomiese depressie het in die ZAR geheers. Dit was deels te wyte aan probleme in die ontginningsproses wat in die goudmynsektor ondervind is.⁸⁸ Verder het die gebrek aan 'n spoorwegstelsel die ekonomie benadeel. In 1889 het 'n droogte geheers. Kos was skaars en duur. Die delwers het oor die algemeen onder die omstandighede swaar gekry.⁸⁹

Hierdie omstandighede het die kans vergroot dat die staat gedestabiliseer kan word. 'n Geheime diens was nodig om die regering op die hoogte van sake te hou.

Op 4 Maart 1890 het president Kruger, vergesel van staatsekretaris W.J. Leyds, in Johannesburg aangekom. Met die president se aankoms op die Wanderers was ongeveer 10 000 mense reeds teenwoordig.⁹⁰ Verskeie insidente het hierdie besoek egter 'n negatiewe kleur gegee. 'n Deel van die skare het "God save the Queen" en "Rule Britannia" gesing. By die landdroskantoor in Johannesburg het 'n paar oproeriges die Vierkleur afgeruk en stukkend geskeur. Verskeie afvaardigings en deputasies soos die Gesondheidskomitee en die Kamer van Koophandel het probeer om op die regering oor verskeie sake druk uit te oefen. Ene Liebman, wat die Boksburg-afvaardiging verteenwoordig het, het die president daarvan beskuldig dat hy met minagting op Johannesburg se inwoners neergesien het.⁹¹

Dit was duidelik dat die verhouding tussen die regering en die inwoners van die Witwatersrand baie gespanne was. Ná hierdie besoek het die kloof tussen die burgers en die uitlanders groter geword. Die gesindheid wat vanaf die Britsgesinde inwoners van Johannesburg na vore begin kom het, was dié van 'n meerderwaardigheidsgevoel

86 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, p. 271.

87 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 75.

88 L.J. Twyman, *Paul Kruger en Johannesburg 1886-1899*, (MA, PUCHO, 1965), p. 112.

89 *Ibid.*, p. 114.

90 *The Star*, 4 Maart 1890.

91 L. Cohen, *Reminiscences of Johannesburg and London*, p. 72.

teenoor Paul Kruger en sy regering. Hierdie atmosfeer was nie bevorderlik vir samewerking tussen die twee groepe nie.⁹²

Die regering moes hulle vinger op die pols hou. Verskeie verwysings na fondse wat goedgekeur is vir sogenaamde geheime ondersoeke, kom in die Geheime Uitvoerende Raadsnotule voor. Kruger het na aanleiding van sy besoek aan Johannesburg op 4 Maart 1890, 'n bedrag van £50 aan die Staatsprokureur beskikbaar gestel om "geheime Komitees te Johannesburg te kontroleeren".⁹³ Twee maande later word 'n verdere £300 aan die Mynkommissaris van Johannesburg vir geheime dienste beskikbaar gestel.⁹⁴ Alhoewel geen detail oor die aanwending van die fondse aangedui word nie, kan aanvaar word dat dit in die spesifieke spanningsvolle omstandighede aangewend is vir spioenasiedoeleindes.

Die president se sesde besoek aan Johannesburg het gedurende 1895 plaasgevind. 'n Duidelike spanning kon, volgens die pers, aangevoel word, vanweë die aanwesigheid van 'n klomp berede burgers in Johannesburg.⁹⁵ Hierdie besoek het baie ordelik en kalm verloop. Dit was letterlik die stilte voor die storm.⁹⁶ Indien die dieperliggende gesindhede, gevoelens en atmosfeer van die besoeke oor die periode 1887-1895 ontleed word, moes dit vir Kruger en sy vernaamste adviseur, dr. W.J. Leyds,⁹⁷ op 'n dreigende botsing gedui het.

'n Verdere faktor wat as 'n katalisator vir die daarstelling van 'n staatsinligtingsdiens gedien het, was die verskyning van Cecil John Rhodes op die toneel. Die stryd tussen die leiersfigure, Kruger en Rhodes. Hulle het in skrilte kontras teenoor mekaar gestaan, want:

Rhodes's policy from 1885 to 1895 was to broaden South African politics by weaning the Cape Dutch and their leader Hofmeyer away from the narrow provincialism of Paul Kruger. He sought to convert them to a

92 D.W. Krüger, *Paul Kruger II*, p. 109.

93 TAB, URN(Geheim), Besluit no.3 dd. 21.3.1890, p. 5.

94 TAB, URN(Geheim), Besluit no. 5 dd. 15 Mei 1890, p. 5.

95 L.J. Twyman, *Paul Kruger en Johannesburg 1886-1899*, (MA, PUCHO,1965), p. 137.

96 *Ibid.*, p. 138.

97 D.W. Krüger, *Paul Kruger, II*, p. 131.

sublimated super-racial nationalism, to a Colonial Imperialism within the British Empire.⁹⁸

Rhodes wat in 1890 premier van die Kaapkolonie geword het, het sy miljoene op die diamantvelde gemaak en was besiel met 'n imperiale visie vir Suider-Afrika. Vir Kruger daarenteen was die ZAR se onafhanklikheid belangrik en hy het geen behoefte aan magsuitbreiding gehad nie. In *The Times* het Rhodes 'n bondgenoot gehad om sy imperialistiese idees te bevorder.⁹⁹

In die praktyk het Kruger en Rhodes se pogings daarop uitgeloop dat Rhodes die ZAR met Britse gebied wou omsingel. Daarteenoor wou Kruger 'n hawe vir die ZAR bekom. Rhodes was bewus dat uitbreiding van die ZAR die magsewewig sou versteur en 'n sterker ZAR sou slegs 'n struikelblok vir Britse opperheerskappy wees.¹⁰⁰ Teen die einde van 1894 het die omverwerping van die ZAR-bewind vir Rhodes noodsaaklik geword. Een van die redes was dat Rhodes tydens sy besoek aan Masjonaalaland en Matabeleland in September 1894 besef het dat Rhodesië nie 'n tweede Witwatersrand was nie. Die potensiaal vir goudontginning was op die Witwatersrand. Verder het Rhodes se ontmoeting met Kruger, kort tevore, nie baie gunstig verloop nie. Rhodes het besef dat hy nie sy planne op 'n vreedsame wyse gaan deurvoer nie. Verder het die tydsfaktor ook 'n rol begin speel. Rhodes se gesondheid het begin agteruit gaan.¹⁰¹

Die aanwesigheid van sogenaamde Uitlanders in die ZAR was 'n vierde faktor wat die staat se veiligheid bedreig het. Voor die ontdekking van spoelgoud by Lydenburg in 1873 was daar min vreemdelinge in die Transvaal. Tot ongeveer 1886 het die ZAR en sy burgers daarin geslaag om 'n eie karakter as Boerestaat te behou.¹⁰² Op 15

98 R.I. Lovell, *The struggle for South Africa: A study in Economic Imperialism 1875-1899*, p. 114.

99 J. van der Poel, *The Jameson Raid*, p. 25.

100 A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899" in T. Cameronen S.B. Spies (Reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Hersiene Uitgawe), p. 187.

101 D.O. Rhodie, *Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896*, (MA, UP, 1958), pp. 9-10.

102 C.L. Grimbeek, *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969), p. 7.

September 1886 is die goudvelde geproklameer¹⁰³ en op daardie stadium was daar alreeds 4 000 delwers en is nege plase tot openbare delwerye verklaar.¹⁰⁴

Die Boeregemeenskap en regering is met 'n totaal nuwe opset gekonfronteer. Sake soos wetgewing en administratiewe reëlings in die nuwe nywerheidsopset moes aandag kry.¹⁰⁵ Die Uitlanders het, volgens sekere waarnemers, ná 1890 met sowat 1 000 per week toegeneem.¹⁰⁶ Die nuwe inkomelinge was stadsbewoners, nyweraars en arbeiders. 'n Groot Engelse element was in hul geledere. 'n Moderne Europese nywerheidsamelewing het vinnig in die midde van die Boeregemeenskap ontstaan.¹⁰⁷ Die koms van die Uitlanders het al die verbittering van die verlede weer te voorskyn gebring. Die kloof van wantroue tussen Boer en Brit het net groter geword. Die Uitlanders was as indringers beskou en het die ZAR se onafhanklikheid bedreig.¹⁰⁸

Vanuit 'n staatsveiligheidsoogpunt het die probleme rondom die Uitlanders ontstaan toe hierdie groep hulleself vanaf 1887 in allerlei organisasies en groeperinge begin organiseer het. Die Kruger-regering het nie 'n ander keuse gehad as om mettertyd meganismes in plek te kry om hierdie verskillende organisasies te infiltrateer nie. Die organisasies sou dikwels as fronte dien waarbinne beplanning gedoen is om die staat se gesag te ondermyn.

Een van die eerste sodanige organisasies was die *Political Reform Association* waarvan J.W. Leonard die eerste voorsitter en H. Harrison, die sekretaris was. Dié vereniging sou aan die volgende sake aandag gee: die handhawing van die ZAR se onafhanklikheid; stemreg; spoorwegverlenging; die vermindering van belasting; en opposisie teen monopolieë en konsessies. Uit 'n memorandum van die organisasie, wat in 1890 opgestel is, wil dit blyk dat die vereniging planne beraam het om 'n rewolusie in die ZAR te bewerkstellig. Tydens 'n vergadering, wat aan huis van ene

103 D.J. Pieterse, Die geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal 1836-1886 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 6, 1943, p. 200.

104 C.L. Grimbeek, Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899, (MA, RAU, 1969), p. 9.

105 *Ibid.*, p. 9.

106 W.F. Regan, *Boer and Uitlander*, p.14.

107 C.L. Grimbeek, Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899, (MA, RAU, 1969), p. 9.

108 *Ibid.*, p. 11.

majoor Thunder gehou is, is 'n opname gemaak oor die wapens en ammunisie wat beskikbaar was vir so 'n rewolusie asook 'n opname van die finansies wat nodig sou wees. Daar is berig:

It was decided to form a Political Reform Association which would be the outer circle of the Revolution and from which the inner circle would be recruited. There was a still further inner circle of a select few men of property and (sic) stake in the country who were not supposed to be in the swim until the success of the scheme was assured. Very few of the outer circle was acquainted as to who composed the further inner circle.¹⁰⁹

Voorts is ook besluit dat die voorsitter, Leonard, die saak met Cecil John Rhodes in die Kaap moes gaan bespreek.¹¹⁰ Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van die ondermyning van die veiligheid van die ZAR wat alreeds so vroeg as 1890 aan die orde van die dag was.

Vir die jaar 1890 is daar 'n paar besluite genotuleer in die Geheime Uitvoerende Raadsbesluite waar fondse vir "geheime dienste" gemagtig was. Die eerste bedrag wat gemagtig is lees:

Toekenning van een zekere som aan H.W. Pretorius voor bewezen
geheime dienste.¹¹¹

Die ander bedrae wat gemagtig is, staan almal in verband met gebeure in Johannesburg. Die bedrag van £50 word aan die Staatsprokureur gemagtig om "geheime Comite's te Johannesburg te controleeren".¹¹² Bedrae van onderskeidelik £300¹¹³ en later 'n £1 000¹¹⁴ is gemagtig aan mynkommissaris, F. Eloff, vir geheime dienste. Omdat die insameling van inligting op daardie tydstip bloot op 'n *ad hoc*-basis hanteer is en geen spesifieke staatsdepartement die inligting versamel en gekoördineer het nie, is dit moeilik om te bepaal waarvoor geheime diensfondse aangewend is.

109 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, pp. 273-274.

110 *Ibid.*, pp. 273-274.

111 TAB, URN (Geheim), Art. 1 dd 10.2.1890.

112 TAB, URN (Geheim), Art. 3 dd 21.3.1890.

113 TAB, URN (Geheim), Art. 5 dd 16.5.1890.

114 TAB, URN (Geheim), Art. 9 dd 16.9.1890.

Geheime agente of spioene is waarskynlik volgens behoefte gebruik. So byvoorbeeld is die bedrag van £600 per jaar aan 'n sekere Van Oordt en ene Ferreira toegeken om as "geheime agente" by die swart opperhoofde Zambaan en Umbegisa op te tree.¹¹⁵

'n Volgende politieke beweging onder die Uitlanders, wat 'n fokuspunt ten opsigte van staatsveiligheid sou word, was die *Transvaal National Union (TNU)*. Dié politieke organisasie is op 13 Augustus 1892 gestig met John Tudhope, 'n voormalige Kaapse minister, as voorsitter en J.W. Leonard, ook 'n voormalige minister, as sy regterhand.¹¹⁶ Die doel van die *TNU* was om die onafhanklikheid van die ZAR te handhaaf en om te streef na gelyke regte vir alle inwoners.¹¹⁷ Dit was egter 'n ope vraag hoe verteenwoordigend die *TNU* van al die Uitlandergroepeerings was omdat daar verskille tussen die behoeftes van die kapitaliste en die arbeiders was. Die Uitlanderleiers het egter deur 'n organisasie soos die *TNU* die regering onder druk geplaas en daardeur hulle griewe op die voorgrond gedwing.¹¹⁸

'n Ander polities georiënteerde liggaam wat gedurende 1892 tot stand gekom het, was die *Witwatersrand Mine Employees and Mechanics Union* van die Labour Union. Hierdie liggaam was krities oor die wyse waarop die Kamer van Mynwese hulle werkers behandel het. Ene Seddon, wat leier van die beweging was, het onder meer gesê:

Now arrogant members of the Chamber of Mines and others asked workmen to join the Transvaal National Union whereas they were trying to crush them down with a worse tyranny than ever the Transvaal government proposed to put upon the country....¹¹⁹

Die stigting van die *Transvaal National Union (TNU)* en die *Labour Union* het tot gevolg gehad dat die stryd tussen kapitaal en arbeid in die ZAR ingelui is. Daarby het dit veroorsaak dat die arbeidersselement nie aan die stryd om stemreg deelgeneem het

115 TAB, URN (Geheim), Art. 6 dd 31.5.1889.

116 D.O. Rhodie, *Die Johannesburgse Reform Committee 1895-1896*, (MA, UP, 1958), p. 18.

117 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, p. 277.

118 A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899" in T. Cameron en S.B. Spies (Reds.) *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Hersiene uitgawe), pp. 186-187.

119 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, p. 277.

nie. Die myneienaars was in daardie stadium ook nie deel van die *TNU* nie. Hulle sou mettertyd deel van die groep word. Een van die eerste take wat die *TNU* onderneem het, was om afgevaardigdes na Kruger te stuur in verband met die verlening van stemreg aan die Uitlanders. Die *TNU* sou vanaf 1893 al hoe meer aktief aan die politiek van die dag begin deelneem en Tudhope, die voorsitter, het ook verklaar dat die *TNU* as die "Parliament of the unenfranchised" beskou kon word.¹²⁰

Die *TNU* het ook met die presidentsverkiesing in 1893 'n rol gespeel. 'n Manifest is deur die *TNU* in Hollands en Engels ter ondersteuning van Kommandant-generaal Piet Joubert se kandidatuur uitgegee. Die *TNU* het voorgegee dat hy hom as 'n politieke organisasie vir gelyke politieke regte beywer. Dit was egter 'n dekmantel om die ZAR-regering tot 'n val te bring, soos later sou blyk.¹²¹

Gedurende die vierde politieke vergadering van die *Transvaal National Union (TNU)* in verband met die presidents-verkiesing het advokaat Ewald Esselen, die voorsitter van Joubert se verkiesingskomitee, die vergadering toegesprek. Adv. Esselen het 'n taktiese fout begaan deur die *TNU* te steun in hulle doelwitte en hulle aan te moedig om takke te stig en organiseer. Hierdie optrede het beide Esselen en Joubert stemme gekos. Joubert moes agterna 'n verklaring uitreik dat hy nie 'n lid van die *TNU* was nie.¹²²

Hierdie botsing tussen die Uitlanders en die Boere het begin as een van kultuur. Dit sou later op 'n gewapende botsing tussen die ZAR en Brittanje uitloop. Intussen sou dit mettertyd nodig word dat die ZAR-regering meganismes in plek kry om die polsslag van die Uitlander-gevoel akkuraat te peil.

1.3 Die Polisediens in die ZAR teen 1894

Om die latere Geheime Diens in die ZAR se ontstaan en funksionering te begryp, is dit nodig om die organisasie van die Polisediens onder die loep te neem. Dit wentel

¹²⁰ *Ibid.*, pp. 278-281.

¹²¹ C.L. Grimbeek, Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899, (MA, RAU, 1969), pp. 30-31.

¹²² C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, p. 206.

veral om die bevel- en beheerstruktuur asook pligte van die polisie. Die rol en take van die Speurpolisie is veral ook van belang omdat laasgenoemde die stamboom van die Geheime Diens was. Later sou veral verwarring ontstaan oor die rol van die Speurdiens en die Geheime Diens omdat lede soms oor en weer operasionele diens verrig het.

Die gebeure in en om die Witwatersrand tot en met ongeveer 1894-1895 sou hoofsaaklik die tempo van verandering en ontwikkeling van die staat se behoefte aan inligting bepaal. Daarby was dit ook nodig om vas te stel wat die houding van buurstate en binnelandse stamme was. Die ontstaan en groei van die Speurpolisie asook die Geheime Diens, was die resultaat van hierdie behoeftes.

Die Polisie- en Speurdiens, wat vanaf 1886 op die Witwatersrand diens sou doen, het feitlik geen grondslag gehad om op te bou nie. Die nuwe Mynkommissaris, C.F.P.J. von Brandis, sy klerk en kleiminspekteur is in 1886 aangestel. Von Brandis het die onmiddellike behoefte aan 'n polisie diens besef en gevra dat 'n sipier, 'n hoofkonstabel en tien ander konstabels in Johannesburg aangestel word. 'n Sekere John McIntosh is as hoofkonstabel aangestel.¹²³

McIntosh het die Mynkommissaris se tent gedeel. Agt konstabels, wat ook as bewaarders moes optree, is aangestel. Teen die einde van 1886 is die eerste twee berede konstabels tot Von Brandis se mag toegevoeg. Volgens die Goudwet van 1886 is die beheer van die polisie uit Von Brandis se hande geneem en in die hande van die assistent-landdros, H. Eckhardt, geplaas.¹²⁴ Teen 1887 is die dienste van meer konstabels aangevra. Die regering het besluit om ook 'n Kommandant van Polisie oor hoofkonstabel McIntosh aan te stel. Die aanstelling van A.J. de la Rey was egter 'n fout en hy het bedank. In sy plek is die 36-jarige D.E. Schutte, as Kommandant van die Polisie in Johannesburg aangestel. Met sy aanstelling is die beginsel van politieke lojaliteit voorop gestel. Aanvanklik was Schutte slegs in beheer van die berede polisie,

123 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaanse Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 125-126.

124 *Ibid.*, pp. 126-128.

maar vanaf Oktober 1889 was hy in bevel van al die polisie.¹²⁵ Met sy aanstelling het die verdere ontwikkeling van die polisie begin.¹²⁶

In Johannesburg is ook luitenant G.W.L. Mostert en in 1890 tweede luitenant J.P. de la Court Schröder, aangestel. Schröder sou later een van die mees uitstaande geheime agente in diens van die ZAR word. Hierdie twee amptenare het egter meer ondervinding van polisieake as Schutte self gehad. J.P. Heugh is na Mostert se bedanking aangestel. Die polisie se werksaamhede het grootliks uit voetpatrollies bestaan en soos dit polisie betaam, moes hulle toesien dat die landswette gehoorsaam word.¹²⁷

Die berede polisie se dienste het bestaan uit gewone, spesiale en reserwediens. Gewone diens het uit patrolliediens bestaan, spesiale diens het klopjagte en die vervoer van gevangenes ingesluit. Die aanstelling van en beheer oor die voetpolisie op die delwerye was 'n plaaslike aangeleentheid waaroor die spesiale of assistent-landdros, mynkommissaris of vrederegter, besluit het.¹²⁸

Die behoefte aan 'n speurdiens op die Witwatersrand het kort na 1886 na vore getree. Die Speurdiens het veral aandag gegee aan die oplos van misdrywe soos moord, roof, aanranding, onwettige drankhandel en goudiefstal. Volgens Leyds se biograaf, L.E. van Niekerk, het Leyds president Kruger reeds in 1886 oortuig dat 'n geheime speurdiens ingestel moes word.¹²⁹ In 1887 was daar gerugte dat 'n "geheime politie" opgerig gaan word. Gedurende Oktober 1887 is die ZAR se eerste speurdienaar, Robert Ferguson, aangestel. Later in die jaar is Francis Brand en James Watt ook as speurders aangestel.¹³⁰

125 *Ibid.*, pp. 130-131.

126 A. Wessels, "Schutte Daniel Egnatius" in C.J. Beyers en J.L. Basson (Reds.) *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, pp. 739-740.

127 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 133-134.

128 *Ibid.*, pp. 134-135.

129 L.E. van Niekerk, Huldeblyk by geleentheid van die onthulling van 'n borsbeeld van dr. W.J. Leyds by die Nasionale Intelligensie Akademie op 12 Augustus 1987.

130 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 140.

Die Staatsprokureur was ook benewens sy juridiese pligte, oorhoofs in beheer van die hele speurdiens. Aan die begin sou slegs sy verteenwoordiger, nl. die assistent-landdros aan die speurders opdragte kon gee. Die hoofspeurder was egter verantwoordelik vir die administrasie en opleiding van die speurders. In hierdie verband het hy dieselfde funksie as die kommissaris, kommandante, luitenant en onder-offisiere by die polisie verrig. Metteryd was daar wrywing tussen die gewone polisie en die speurders. Een van die redes was dat Ferguson as hoof van die speurders in rang aan Schutte gelyk gestel was. Verder is die polisie verbied om met die speurders se werk in te meng. Om hierdie probleem die hoof te bied, was die speurders ingevolge die Polisiewet van 1895 onder die Kommissaris van Polisie se beheer.¹³¹

Die Speurpolisie se hoofkwartier was in Johannesburg. Die geriewe was aanvanklik nie baie gerieflik nie:

In the days when gold fever was turning the good Zuid-Afrikaansche Republiek topsy-turvy there stood at the back of Johannesburg's first Courthouse a little document-battered room, full of shabby furniture, which housed a badly advertised little organisation that began the activities which have since grown into one of the world's most specialised Crime Detection Systems, i.e., the Rand C.I.D.¹³²

In die begin het 'n geheimsinnigheid die Speurdiens van die ZAR omhul. Die geheimhouding rondom sake soos begrotings vir die speurdiens was verstaanbaar, maar die geheimsinnigheid binne die diens tussen lede onderling, is moeilik verklaarbaar. Selfs ontmoetings tussen speurders onderling moes privaat geskied.¹³³

Speurders het ook 'n ronde lapelwapen met die woorde "Geheime Politie Z.A.R". en 'n nommer onderaan, gedra. Hierdie bewoording "Geheime Politie" asook "Detective Department" en self "Geheime Dienst,"¹³⁴ het waarskynlik daartoe bygedra dat

131 *Ibid.*, pp. 140-142.

132 E. Rosenthal, Geheime Diens in *The Nongqai*, Augustus 1927, p. 762.

133 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 141.

134 E. Rosenthal, Geheime Diens in *The Nongqai*, August 1927, p. 762.

onkunde oor die aard en funksie van die speurdiens bestaan het. Daaruit kon 'n antagonisme jeens hulle en die staat daaruit voortspruit. Dié verwarring het reeds voor 1890 begin en tot ná 1897 voortgeduur. Vanaf 1898 was verwysings na Geheime Diens al hoe meer in die regte konteks. Die verstandhouding het posgevat dat dit die ZAR se spesifieke afdeling belas met staatsveiligheid, inligtingsinsameling en spioenasie was. Waar korrespondensie en briewe teen 1899 gerig was aan: "STRIKT PRIVAAT Hoofd v/h Geheim Dienst (Secret Service) Pretoria"¹³⁵ en aan "T. Kruger Chef van den Inlichtingsdienst der Z.A. Republiek,"¹³⁶ was daar geen twyfel meer nie dat die Geheime Diens 'n eie identiteit en staanplek binne die staatsdiens verwerf het.

Een definisie beskryf die verskynsel van 'n geheime diens as 'n:

Staatsdepartement wat in die geheim inligting van politieke of militêre aard inwin, politieke misdadigers opspoor en vertroulike werk verrig wat nie aan die groot publiek bekend mag raak nie. Die uitgawes van hierdie departement word gewoonlik nie gekontroleer nie.¹³⁷

Uit hierdie omskrywing in die omgangstaal is dit duidelik dat die idee van 'n geheime diens, in die geval van die ZAR, aanvanklik troebel was. Vanaf 1894 het 'n stelselmatige ontwikkelingsgang egter plaasgevind. Teen die einde van die volgende jaar het die Geheime Diens finaal beslag gekry. Eers vanaf daardie tyd kon bogenoemde definisies op die ZAR se Geheime Diens van toepassing gemaak word.

1.4 Die beweerde rol van dr. W.J. Leyds

In 1884 het president S.J.P. Kruger Europa besoek, onder andere met die doel om 'n bekwame Nederlandse regsgeleerde as staatsprokureur vir die ZAR te werf. Op advies van Leyds se professore is hy die betrekking aangebied. Op 13 Oktober 1884 het hy as staatsprokureur in die diens van die ZAR getree. In hierdie hoedanigheid het hy

135 SP 885, Koevert waarop getik is: "STRIKT PRIVAAT Hoofd v/h GEHEIM DIENST (Secret Service) PRETORIA", met poskantoorstempel gedateer 30 Maart 1899.

136 SP 818, GDDM 75/99, Verslag no. 77, De la Court - T. Kruger, Pretoria, 5.9.1899.

137 P.C. Schoonees (Hoofred.), *Die Afrikaanse Woordeboek, III*, G, p. 90.



Fig. 1: Dr. W.J. Leyds wat in 1884 as Staatsprokureur en later in 1889 as Staatsekretaris van die ZAR aangestel is. Leyds kan tot 'n mate as die "vader" van die gedagte van 'n geheime diens in die ZAR beskou word. Bron: L.A. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*.

gedien as regsadviseur vir die regering, wette opgestel, daarby oor vele afdelings van die staatsdiens soos die polisie, speurdiens en gevangenis toe sig gehou. Hy het hom só goed van sy taak gekwyt dat hy in 1889 as Staatssekretaris aangestel is. In hierdie hoedanigheid het die hele staatsdiens onder hom geressorteer. Onder sy administrasie het die ZAR vir die daaropvolgende 10 jaar aansienlike vordering gemaak.¹³⁸ Ná Leyds se terugkeer uit die buiteland in 1897 het *De Volksstem* as volg na sy rol in die staatsdiens verwys:

(D)e terugkomst van de Staatssekretaris een welkome gebeurtenis mag genoemd worden. Gedurende de afwezigheid van Dr. Leijds is in de administratieve kringen der Republiek menigmaal het gemis gevoeld van de man... Dr. Leijds onder de bestaande landsomstandigheden, (is) een aanwinst ... voor de Transvaalse staats gemeenschap.¹³⁹

Die amp van Staatssekretaris was naas die Staatspresident die hoogste amp in die ZAR. Dr. Leyds het dus 'n groot rol in binnelandse sowel as buitelandse sake gespeel. Hy het president Kruger in so 'n mate bygestaan dat dié na hom as "my regterhand" verwys het.¹⁴⁰

Leyds was veral die skyf van die Britse, en plaaslike Engelstalige pers. Hulle het in 'n groot mate daarin geslaag het om 'n negatiewe en vals beeld van hom te skep. Hy is gesien as die voog van die Hollanders in die ZAR. Daar is selfs beweer dat hy slegs Hollanders in die staatsdiens bevoordeel het. Vanaf 1897 het *The Star* opnuut met 'n persveldtog teen Leyds begin¹⁴¹ Die feit van die saak was egter dat daar in 1892 slegs 18,5%- en in 1897 17,1% Hollanders in die staatsdiens was.¹⁴² 'n Koerant soos *Land*

138 D.W. Krüger, "Willem Johannes Leyds" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, pp. 529-533.

139 *De Volksstem*, 11.9.1897.

140 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J.Leyds*, Voorwoord.

141 S. Strauss, Beriggewing in *De Volksstem* en *The Star* gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n Kritiese metodologiese analise, (MA, UP, 1964), pp. 51-52.

142 J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*, p. 19.

en Volk was ook negatief oor Leyds. Engelstalige skrywers het beweer dat Leyds die gedagterigting van president Kruger en die Uitvoerende Raad beïnvloed het.¹⁴³

In *The secret history of South Africa or sixty five years in the Transvaal* beweer Abercrombie, wat 'n tydgenoot van Leyds was, dat Leyds duisende ponde bestee het om koerante om te koop en dat hy "secret service"-geld daarvoor gebruik het. Volgens hom het hy die waarheid geskryf maar vra verder:

(L)et us have all the Leyds correspondence, and the records of the secret archives published, we want to know who were the traitors on the other side who nearly finished off the commonwealth.¹⁴⁴

Britsgesinde tydgenote van Leyds het hom deurentyd van klandestiene optrede teen Britse ryksbelange verdink. Hierdeur is daarin geslaag om 'n bepaalde siening van Leyds aan die wêreld te projekteer.

Gedagtig aan die spesifieke gespanne omstandighede, wat in die tydperk net voor en net na die Jameson-inval in die ZAR geheers het, is dit logies dat 'n persoon in die posisie van Leyds as Staatsekretaris goeie sekerheid aan die dag gelê het. Dit is ook net menslik en logies dat die minimum op skrif gestel sou word in terme van enige beplanning rondom beveiliging van die staat. Die aanwending van geheime agente sou sinloos wees as daar nie selfs binne die Uitvoerende Raad aanvanklik 'n "moet weet" behoefte bestaan het nie.

Deur die jare is dit as 'n feit aanvaar dat dr. Leyds die stigter van die Geheime Diens in die ZAR was. Die media en sekere propagandiste het hom trouens as die meesterbrein gesien wat verantwoordelik was vir al wat 'n plan en "komplot" was om Britse heerskappy teen te werk.¹⁴⁵ Verder het daar oor die algemeen in Brittanje 'n negatiewe houding in die geledere van offisiere in die Britse leër teenoor spioenasie bestaan. Hierdie gevoel is opgesom deur ene kolonel Furse wat in 1895 verklaar het:

143 C.L. Grimbeek, *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969), p. 88.

144 H.R. Abercrombie, *The secret history of South Africa or sixty-five years in the Transvaal*, p. 79.

145 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 172-173.

The very term “spy” conveys to our mind something dishonourable and disloyal. A spy, in the general acceptance of the term, is a low sneak who, from unworthy motives, dodges the actions of his fellow beings. His underhand dealings inspire us with such horror that we would blush at the very idea of having to avail ourselves of any information obtained through such an agency.¹⁴⁶

In so ‘n atmosfeer met sulke standpunte was dit nie baie moeilik om dr. Leyds in ‘n negatiewe lig te stel rondom sy verbintenis met die ontstaan van die ZAR se Geheime Diens nie.

Ongeveer ses maande ná Leyds se aanstelling as Staatsprokureur het die Uitvoerende Raad onder die hoof “Speciale Uitgaven” die bedrag van £300 in 1885 vir “Geheime Diensten goedgekeur”.¹⁴⁷ Alhoewel dit nie duidelik is presies waarvoor die bedrag bedoel was nie, is dit heel waarskynlik vir doeleindes binne die Staatsprokureur se departement aangewend. Leyds was reeds vroeg in sy loopbaan verbind en betrokke by die “geheime speurdiens”. Só moes hy gedurende Julie 1888 aan die Eerste Volksraad verduidelik waarom die bedrag van £1 250 vir ‘n “geheime speurdiens” nodig was. Hy het die Volksraad laat verstaan dat iemand wat klandestien werk en dus nie aan sy uniform uitgeken kan word nie, ‘n beter kans op sukses het. Tydens hierdie debat was Leyds deur president Kruger gesteun. Leyds het ook daarop gewys dat ‘n Uitvoerende Raadsbesluit hom twee jaar tevore gemagtig het om ‘n speurdiens te begin. Een van die Volksraadslede, ‘n sekere De Beer, het daarop gewys dat hy nog geen positiewe resultate van die “geheime politie” gesien het nie. Leyds het tydens die dag se sitting die laaste woord gehad en gesê:

De geheime politie had reeds meer dan eens haar leven gewaagd in den dienst.¹⁴⁸

Alhoewel daar tydens hierdie debat gepraat is oor speurders wat in die geheim moes werk om kriminele sake op te los, was daar in werklikheid indirek gedebatteer oor die

146 J. Haswell, *British military intelligence*, p. 13.

147 TAB, Besluiteregister van die UR, Artikel no. 209, 12.5.1885.

148 TAB, EVR 42, Notule van die Eerste Volksraad, Artikel 797, 3.7.1888.

beginsel van geheime fondse wat vir geheime dienste aangewend is. Hierdie sensitiwiteit, wat die Eerste Volksraad alreeds in 1888 oor geheime fondse en geheime dienste gehad het, sou ongeveer 10 jaar later weer kop uitsteek.

Die volgende dag, op Dinsdag 3 Julie 1888 is die debat voortgesit. Staatsprokureur Leyds moes onder die begrotingspos "Speurpolitie £1 250" sy saak aan die Uitvoerende Raad stel. Uit die argumente van die Volksraadslede kan afgelei word dat hulle begryp het dat hierdie "geheime speurpolitie" meer om die lyf gehad het as die speurders wat hulle geken het. Raadslid Stoop het met sy gebruik van die woord "agente" in sy argumentasie dit bevestig. President Kruger het ook tot die debat toegetree en gesê:

(D)at er geen land ter wêreld sonder geheime politie als deze is.¹⁴⁹

Die Volksraadslede het duidelik besef dat die omstandighede in die land verander het. Die instelling van 'n geheime speurdiens was dus nodig. Daar was ook verbasing oor die befondsing van die speurpolisie wat al twee jaar lank bestaan het. Leyds het hulle egter gerusgestel en magtiging by die Uitvoerende Raad gekry. Die fondse het uit die pos "Geheime Diensten" gekom. Uiteindelik het die Eerste Volksraad die begrotingspos met 25 stemme teen 6 goedgekeur.¹⁵⁰ Dit was 'n pluimpie in Leyds se hoed.

In Februarie 1889 het 'n sekere A.P. Steele 'n faktuur, vir "secret service rendered" vir Leyds se aandag as Staatsprokureur, ingestuur.¹⁵¹ Steele, as geheime agent, het sy verslae aan dr. W.J. Leyds, as Staatsprokureur, gerig.¹⁵² Indien die inhoud van Steele se verslae ontleed word, kom dit neer op 'n mengsel van normale speurwerk en sekere geheime dienswerk. Hierdie was waarskynlik 'n normale verskynsel in die ontwikkeling van geheime agente se werk dat daar nog nie 'n onderskeid tussen speur- en geheime dienstake getref is nie. Steele het hoofsaaklik in die Ermelo, Steynsdorp en Bremersdorp omgewing speur- en geheime dienswerk verrig. Steele het

149 *Ibid.*, Artikel 798, 3.7.1888, p. 176.

150 *Ibid.*, Artikel 798, 3.7.1888, p. 178.

151 SP 237, Faktuur uitgemaak: "Transvaal Govt. to J.P. Steele for secret service rendered", Pretoria, 26.2.1889.

152 SP 237, Skrywe A.P. Steele - Dr. W.J. Leijds, State Attorney, Pretoria, Steynsdorp, 7.2.1889.

gerapporteer oor die moord op Steynsdorp en die ontsnapping van gevangenes uit die tronk;¹⁵³ die smokkel van drank en die ontduiking van doeanebelasting;¹⁵⁴ die deurgee van swart opperhoofde se name vir arrestasie;¹⁵⁵ en die algemene gevoel en gesindheid onder die inwoners. Hierdie gebied was op daardie tydstip van strategiese belang omdat onderhandelinge tussen die ZAR en Brittanje oor Swaziland aan die gang was. Die Krugerregering het ook 'n belang in Kosibaai as 'n hawe gehad. Volgens die Konvensie van London was Swaziland onafhanklik.¹⁵⁶ Hierdie is waarskynlik van die vroegste aanwending van 'n "geheime agent" in die buiteland. Dit was in hierdie tydvak dat die gebruik deur Leyds gevestig is dat geheime agente aan die Staatsprokureur rapporteer - 'n gebruik wat Esselen as Staatsprokureur in 1894 voortgesit het.

Afgesien van die feit dat Leyds as Staatsprokureur verantwoordelik was vir die ZARP's en dus ook die Speurdiens, is die wyse waarop hy met vrae in die Eerste Volksraad gepeper is 'n aanduiding dat hy waarskynlik die vader van die gedagte van 'n "geheime speurpolitie" was. Alles dui daarop dat die bedoeling met 'n geheime speurpolisie was om hoofsaaklik kriminaliteit te bestry, maar ook terselfdertyd oor sogenaamde "staatsveiligheidsake" te rapporteer. Ná 1890 het die klem stelselmatig verskuif namate die ZAR as 'n staat op ander terreine ook bedreig was.

Alreeds in 1899 het Heyer in 'n propagandapamflet Leyds met die "Transvaal Secret Service System" verbind. Daar was uitsprake soos "German Interests in Africa. Bismarck and Dr. Leyds Plotting" wat die verbinding Leyds-Bismarck by die Britsgesinde publiek bevorder het. Heyer beweer selfs dat Bismarck en Leyds die grondslag gelê het vir die Geheime Diens, want:

In Bismarck he had managed to find a man of similar ideas to himself.

These two men, then, were those who laid the foundation of the Transvaal

153 SP 237, "Secret service report re the Steynsdorp, Gaol-breaking and Lynching affair on the 20th Jan. 89"

154 SP 237, Verslag Steele - Leyds, Pretoria, 26.2.1889.

155 SP 237, Verslag Steele - Leyds, Barberton, 15.2.1889.

156 C. 3947, Correspondence respecting the Convention concluded with the South African Republic on the 27th February 1884.

Secret Service system, the administration of which, as to cunning and device, has yet to find its equal.¹⁵⁷

In 1900 het Blackburn die negatiewe propaganda teenoor Leyds en die Geheime Diens verder gevoer. In die inleidende sin van sy omstrede boek oor die Geheime Diens verklaar hy:

I came to hear Doctor Leyds discussing, in cold blood, the proposed murder of Mr. Cecil Rhodes....¹⁵⁸

In 'n latere werk het Blackburn en Caddell in 'n meer besadigde trant verduidelik:

The secret service introduced by Dr. Leyds mainly took a perfectly legitimate form: that of defending the Republic from the prejudicial attacks and criticisms which appeared from time to time....¹⁵⁹

Hulle beweer dat Leyds 'n Duitser genaamd "Max", in Duitsland as 'n geheime agent gewerf het. Weens sy swak taalvaardigheid was hy nie geskik om met Hollanders en Engelse te sosialiseer nie. Leyds het hom toe as 'n klerk in sy kantoor aangewend waar hy met Duitse korrespondensie behulpsaam was.¹⁶⁰ Wat wel waar is, is dat dr. Leyds, terwyl hy op besoek aan Duitsland was, opdrag van die Uitvoerende Raad gekry het "om met het oog op de moeielykheden" (die Jameson-inval) wat plaasgevind het, drie "speurdienaars" daar moes werf.¹⁶¹

Die feit dat die Jameson-inval daaraan gekoppel is, het beteken dat die opdrag moontlik eerder daarop neergekom het dat hy geheime agente moes werf. Die Uitvoerende Raad het 'n jaarlikse salarispakket van £700 en 'n "vrye oortocht" vanaf Europa na Suid-Afrika goedgekeur.¹⁶² Op 2 Maart 1896 het dr. Leyds 'n telegram uit Amsterdam gestuur waarin hy laat weet het dat hy "een uitstekende geheime agent heeft geengageerd".¹⁶³ Twee persone, L. Theyssen en J. van den Broch, is deur Leyds

¹⁵⁷ A.E. Heyer, *A Brief history of the Transvaal secret service system*, p. 5.

¹⁵⁸ D. Blackburn, *Kruger's secret service: By one who was in it*, p. 1.

¹⁵⁹ D. Blackburn en W. Caddell, *Secret service in South Africa*, p. 243.

¹⁶⁰ *Ibid.*, pp. 256-257.

¹⁶¹ Leydsargief Bande 679/680, Kopie van die Geheime Uitvoerende Raadsbesluit No. 2 dd 15 Jan. 1896.

¹⁶² URN(Geheim), Artikel no. 2, 15.1.1896.

¹⁶³ URN(Geheim), Artikel no. 7, 2.3.1896.

by die Rotterdamse speurdiens gewerf. Hulle het teen Mei 1896 as “konfidensieele agenten” diens aanvaar.¹⁶⁴

In later jare, gedurende 1938, was die idee dat dr. Leyds die stigter van die Geheime Diens, verder gedra deur Rowan wat verklaar:

An organized system of secret service had been unknown to the Transvaal, as elsewhere in South Africa, until the energetic Dr. Leyds became secretary of state. The service which developed under his patronage was a curious imitation of many European services, and within a few years one of the most elaborate and costly in the world.¹⁶⁵

In die lig van Leyds se aanstelling as Staatsekretaris in 1889 en gegewe die belangrikheid van die pos en die inisiatief wat hy op feitlik alle terreine van die staatsdiens in die ZAR geneem het, moet dit aanvaar word dat hy ‘n rol gespeel het in die totstandkoming van die Geheime Diens. Die kantoor van die Staatsekretaris was die skakel tussen die Volksraad, die regering en alle staatsdepartemente. Die Staatsekretaris was verantwoordelik vir die uitvoering van alle besluite van die Volksraad en die Uitvoerende Raad.¹⁶⁶

Van al die senior staatsamptenarie in die ZAR, was Leyds as gevolg van die blootstelling wat hy as Staatsekretaris gehad het, op vele terreine in die beste posisie om die aard en omvang van die bedreiging teen die staat te besef. Verder is dit moontlik dat hy in die proses van reorganisasie die gedagte van ‘n geheime speurdiens, geheime diens en geheime agente, begin koester het. Dat hy egter so direk verantwoordelik was vir die totstandkoming van die Geheime Diens soos verskeie skrywers soos Blackburn, Heyer en Rowan beweer het, is moeilik om te bewys. Geen dokumentêre bewys kon gevind word om so ‘n stelling te beaam nie.

164 G.N. van den Bergh, Die Polisdiens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 301.

165 R.W. Rowan, *The story of secret service*, p. 444.

166 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 64.

Selfs Leyds se biograaf, L.E. van Niekerk, maak melding van die feit dat “hy (Leyds) as’t ware as die vader van die Transvaalse geheime diens bestempel word”.¹⁶⁷ Van Niekerk baseer haar aanname waarskynlik ook op aanvoeling en die feit dat Leyds ‘n impak en invloed op beleidsformulering binne die staatsdiens gehad het. Sy vyande, soos die Volksraadslid vir Barberton, R.K. Loveday, het byvoorbeeld beweer dat Leyds die president manipuleer en “dat dr. Leyds feitelijk het land regeert”.¹⁶⁸ Verder het die feit dat Leyds binne die Volksraad die hele gedagte en beginsel om ‘n geheime speurpolisie tot stand te bring moes verduidelik en verdedig, ook meegewerk om hom as die vader van die gedagterigting te vestig.

Wat Leyds waarskynlik aanvanklik in gedagte gehad het, was ‘n speurdiens wat gerugte gedurende 1887 van ‘n “geheime politie” in omloop laat kom het.¹⁶⁹ Die taak van die uniformpolisie of ZARPS was in daardie stadium voorkomend van aard, terwyl die taak van die Speurdiens die ondersoek en oplos van reeds gepleegde misdaad was.¹⁷⁰ Die ontdekking van goud in 1886 en die gevolge daarvan vir die ZAR en sy inwoners het ‘n bedreiging op twee vlakke geïmpliseer, naamlik misdaad soos diefstal en moord enersyds en andersyds aktiwiteite wat die staat se veiligheid, ondermyning, subversie, intimidasie en drukgroepaktiwiteite ingesluit het. Indien dr. Leyds “as Paul Kruger se regterhand” hom geadviseer het om ‘n *speurpolitie* tot stand te bring om die misdaadsituasie te hanteer, sou hy waarskynlik met sy insig en vermoëns onmiddellik die denksprong gemaak het om die President te adviseer om ‘n geheime diens of *geheime speurpolitie* tot stand te bring om die staatsveiligheidsituasie te monitor. In hierdie opsig kan aanvaar word dat Leyds ‘n beduidende rol in die vestiging van ‘n geheime diens gespeel het.

Die propagandistiese voordeel, deur hierdie persepsie te vestig, het die Britse pers soos ‘n handskoen gepas. Dat hy wel agter die skerms ‘n rol gespeel het om ‘n Staatsprokureur soos Ewald Esselen te beïnvloed om geheime agente in diens te neem,

167 L.E. van Niekerk, Huldeblyk aan dr. W.J. Leyds gelewer by geleentheid van die onthulling van ‘n borsbeeld van Dr. W.J. Leyds by die Nasionale Intelligensie Akademie op 12 Augustus 1987.

168 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: ‘n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 75.

169 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaanshe Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 140.

170 *Ibid.*, 38, 1975, p. 140.

is waarskynlik waar. Veral omdat staatsfondse betrokke was by die indiensstelling van een van die eerste agente soos G.W. Taylor, moes die Staatsekretaris daarvan kennis geneem het. In geval 'n departement se begroting oorskry is, het die hoof van die departement 'n rekwisisie aan die Staatsekretaris voorgelê. Leyds het dan die saak in die Uitvoerende Raad gemotiveer en indien dit goedgekeur is, het die Staatsekretaris die Tesourier-generaal gemagtig om die uitbetalings te doen.¹⁷¹ In hierdie verband is dit logies dat Leyds 'n groot rol rondom die goedkeuring van fondse vir die Geheime Diens moes gespeel het.

Dat Leyds ook bewus moes gewees het van alle geheime agente wat vir buitelandse operasies aangewend is, spreek vanself. Die Staatsekretaris se kantoor was verantwoordelik vir die uitreiking van paspoorte en verlofbriewe vir persone wat buite die landsgrense wou beweeg.¹⁷² Hierdie wetlike verpligting was ook op geheime agente van toepassing. Daar word egter baie min hieroor in die dokumentasie van die Geheime Diens aangetref. Dit moet aanvaar word dat selfs binne die kantoor van die Staatsekretaris hierdie aspek met die grootste omsigtigheid en vertroulikheid gehanteer is. Die feit van die saak is egter dat op grond van hierdie funksie van die Staatsekretaris se kantoor, Leyds reg van die begin af kennis moes gedra het van die name en bewegings van geheime agente.

Die vraag is egter op watter land se model die ZAR se Geheime Diens geskoei was. Dit is 'n baie moeilike vraag om te beantwoord omdat die meeste geheime dienste in Europa op daardie stadium nog in hulle groeiskoene gestaan het. Dit is ook moontlik dat die gedagte aan 'n inligtingsdiens spontaan in die gedagtes van Leyds as Staatsprokureur (1884-1889) en Staatsekretaris (1889-1898) of advokaat Ewald Esselen as Staatsprokureur (1894-1895), of dalk binne die Uitvoerende Raad, ontstaan het. In die jare ná 1886, toe die behoefte vir so 'n diens in die ZAR na vore begin kom het, was die Duitsers daarvoor bekend dat hulle spioenasie op 'n georganiseerde skaal bedryf het. Bismarck se hoof van spioenasie, Wilhelm Stieber, was daarvoor verantwoordelik. Teen 1892, die jaar waarin Stieber oorlede is, het hy geheime agente

171 G.J. Reynecke, Die Argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, in *S.A. Argiefblad*, 10, 1968, p. 41.

172 *Ibid.*, p. 43.

oral in Europa gehad. Hierdie agente het politieke, militêre en ekonomiese inligting op 'n groot skaal ingesamel.¹⁷³ Hierdie tipe aktiwiteite was kenmerkend van 'n tipiese geheime diens. Gedurende die tydperk 1884-1896 het goeie betrekkinge tussen die ZAR- en Duitse regerings bestaan.¹⁷⁴ Die idee dat Kruger en Leyds daarvan verdink is dat hulle Duitse belange wou bevorder, het verder tot die waarskynlikheid bygedra dat die gedagte aan 'n geheime diens aan die Duitsers ontleen is.

Leyds is ook daarvan beskuldig dat hy talle Duitsers in die ZAR aangestel het ten koste van die land se eie burgers. Daar was selfs ook bewerings dat:

(S)everal of these... were also agents of the German government... but even if it were certain it would not prove - as some have professed to believe - that Dr. Leyds was himself a paid German partisan.¹⁷⁵

Stellings soos hierdie moet gesien word teen die agtergrond van Duitsland se vriendelike buitelandse beleid teenoor die ZAR in die periode voor die Jameson-inval. Alhoewel stellings soos hierdie deel van die propaganda-aanslag teen die Kruger-regering en Leyds was, het dit bygedra tot die persepsie dat Leyds 'n geheime diens in die ZAR, in samewerking met en tot voordeel van die Duitse regering, begin bedryf het.

Dat daar Duitse invloed was binne die Geheime Diens van die ZAR, is egter ook waar. J.P. de la Court Schröder, wat homself as een van die knapste geheime agente in diens van die Kruger-regering bewys het, het militêre opleiding in Duitsland ondergaan voordat hy na die ZAR geïmmigreer het.¹⁷⁶ Dieselfde behoefte aan staatsbeveiliging en militarisering wat die ZAR ervaar het, was na die vinnige industrialisering in Duitsland ná 1870 aanwesig.¹⁷⁷ Die standaard van opleiding van offisiere in die Duitse "War Academy", was teen 1883 alreeds baie hoog.¹⁷⁸ Gesien in

173 B. Murphy, *The business of spying*, pp. 43-45.

174 H.E.W. Backeberg, Die Betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval 1852-1896 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1949(1), p. 51.

175 R.W. Rowan, *The story of secret service*, pp. 445-446.

176 J.P.F. Moolman en J.Ploeger, "Jacobus Phillip de la Cour(t) Schröder" in C.J. Beyers en J.L. Basson (Reds.) *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V*, p. 735.

177 M. Kitchen, *The German officer corps 1890-1914*, p. xxi.

178 *Ibid.*, pp. 6-7.

die lig dat daar goeie betrekkinge in daardie stadium tussen Duitsland en die ZAR geheers het en dat die Kruger-regering maklik aansluiting by hulle kon vind, is dit ook waarskynlik dat die ZAR op Duitse kundigheid kon staatmaak.

Dit is moeilik om die oorsprong van die ontstaan van die ZAR se Geheime Diens direk aan 'n spesifieke persoon, persone of instansie te koppel. Dit is net so moeilik om vas te stel op watter ander land se model die diens geskoei was. Daar kan hoogstens oor die saak gespekuleer word. 'n Geheime diens opereer klandestien of in die geheim en daarom sal daar oor die ontstaan van so 'n diens, ook in die geheim besluit word. Slegs 'n klein groepie vertrouelingen binne die Kruger-regering sou daarvan kennis gedra het en ter wille van sekerheid, sou só 'n besluit ook nie op skrif gestel gewees het nie. Uit omstandigheidsgetuieis en die verduideliking wat hierop volg, blyk dit, hoewel Leyds die gedagte van 'n geheime diens ontwikkel het, die eintlike stigter van die Geheime Diens eintlik Ewald Esselen was.

1.5 Advokaat Ewald Esselen en die eerste geheime agente

Ewald Esselen het na sy skoolopleiding aan die Universiteit van Edinburg in die geneeskunde gaan studeer. Hier het hy saam met 'n Boergesinde Brit, nl. sir David Wedderburn, vir die ZAR gewerk. Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog is Esselen se studies onderbreek en hy het hom op die insameling van fondse vir 'n ambulans vir vrywilligerdiens toegelê. Teen die einde van 1881 het Esselen na Edinburg en Londen teruggekeer om hom as 'n regsgeleerde te bekwaam. Hier het hy in die openbare pers as kampvegter vir die ZAR opgetree.¹⁷⁹

In 1885 het hy hom as advokaat in Kaapstad gevestig en het toe tot die aktiewe politiek toegetree deur by die Afrikanerbond aan te sluit. Hy het as verteenwoordiger van die kiesafdeling Richmond in die Kaapse Laerhuis gedien. Op versoek van regter J.G. Kotze, hoofregter van die ZAR, is Esselen in 1886 as strafregter in die ZAR aangestel. Esselen het egter in 1891 as regter bedank en as advokaat begin praktiseer. Hy het weer tot die aktiewe politiek toegetree en is tot lid van die Eerste Volksraad vir

179 P.H. Kapp, "Esselen Ewald August" in C.J. Beyers en J.L. Basson (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, p. 263.



Fig. 2: Advokaat Ewald August Esselen (27.9.1858 - 1.11.1918) wat in Mei 1894 as Staatsprokureur van die ZAR aangestel is en die eerste twee geheime agente aangestel het. Bron: TA 22774.

Potchefstroom verkies.¹⁸⁰ In hierdie tyd het Esselen toenemend die Krugerregering begin aanval. Hy het dit veral teen die regering se konsessiebeleid gehad.¹⁸¹

Tydens die presidentsverkiesing van 1893 het Esselen as voorsitter van generaal P.J. Joubert se verkiesingskomitee opgetree. Die feit dat Esselen met die *Transvaal National Union* gesimpatiseer het, was 'n groot verleentheid vir Joubert. Dit het die generaal stemme gekos.¹⁸²

Ten spyte van die feit dat Esselen 'n Joubert-man was, is hy gedurende Mei 1894 as Staatsprokureur van die ZAR deur pres. Kruger aangestel.¹⁸³ Hy was, naas Jan Smuts, een van die mees talentvolle Staatsprokureurs wat die ZAR gehad het. Net soos Smuts het Esselen homself bekommer oor die veiligheid van die staat. Hy was 'n voorstander van hervormings binne die staatsdiens maar hy het ook die nodige aanvoeling vir politieke verandering gehad. Dit was dan ook waarskynlik Esselen, in samewerking met die staatsekretaris, dr. W.J. Leyds, wat die behoefte ingesien het om van geheime agente of spioene gebruik te maak om sekere vyandige bedrywighede teen die staat te ondersoek.¹⁸⁴

Esselen het sy aanstelling direk te danke gehad aan die ondersteuning van die regering om die Speurdiens op te knap. Hy het die pos as Staatsprokureur, en derhalwe as Hoof van die Polisie, aanvaar op voorwaarde dat hy vrye teuels gegee word om die Polisie- en Speurdiens op standaard te kry. Vanweë sy politieke affiliasies en sentimente het Esselen ook die steun van die Engelstalige pers gehad.¹⁸⁵ *De Volksstem* het geskryf dat Esselen se aanstelling 'n wyse besluit was:

His appointment was regarded as doubly satisfying because (a) it brought a competent person to the head of a department which had been pitifully

180 *Ibid.*, p. 263.

181 C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger 1890-1895*, pp. 30-42.

182 J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(1), 1957, p. 126.

183 J. Meintjes, *The Commandant General*, p. 131.

184 G.N. van den Bergh, Secret service in the South African Republic 1895-1900 in *Krygshistoriese Tydskrif*, 3(3), 1974, p. 57.

185 G.N. van den Bergh, Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 172.

neglected, and (b) because it would work towards a bringing together of
burgers.¹⁸⁶

Die aanstelling van die eerste twee geheime agente deur Esselen - J.W. Howcroft¹⁸⁷ (gedurende Junie 1894) en G.W. Taylor¹⁸⁸ (gedurende Julie 1894) - byna 18 maande voor die Geheime Diens formeel gedurende Desember 1895 tot stand gekom het, is insiggewend. Hulle aanstelling kan toegeskryf word aan die politieke klimaat gedurende 1894 asook Esselen se inisiatief en aanvoeling vir die hele situasie.

Die politieke klimaat in 1894 word deur twee tydgenootlike waarnemers raak saamgevat:

The year 1894 saw the awakening of the Imperial spirit in South Africa.¹⁸⁹

Dit is insiggewend dat 'n organisasie met 'n militêre karakter soos die *Rand Rifle Association*, op 28 Junie 1894 in Johannesburg gestig is.¹⁹⁰ Die enkele geheime agente in diens van die ZAR het alreeds aan die begin van Augustus 1894 die organisasie as 'n moontlike stutorganisasie vir die anti-Krugergeroeperinge geïdentifiseer.¹⁹¹ Selfs binne die klein geleedere van die geheime diens in wording, is hierdie verhoogde politieke spanning aangevoel.

Verdere gebeure wat die politieke spanning verhoog het, was die opkommandering van Britse onderdane deur die ZAR-regering gedurende Mei 1894 om teen die opperhoof Mmalebôgo, te gaan veg. Dit was egter 'n taktiese fout aangesien daar ooreenkomste met Holland, België, Duitsland, Frankryk en Switserland bestaan het waarvolgens hulle burgers van krygsdiens vrygestel is. 'n Soortgelyke ooreenkoms het egter nie met Brittanje bestaan nie. Hierdie saak het die Britse regering 'n rede gegee om in die ZAR se huishoudelike sake in te meng en protesvergaderings is gehou. Die

186 C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger (1890-1895)*, p. 235.

187 TAB, SP 238.

188 TAB, SP 238, Lêeromslag van G.W. Taylor.

189 J. Scoble en H.R. Abercrombie, *The rise and fall of Krugerism*, p. 190.

190 SP 238, Verslag no. 10, Taylor-Esselen, 6.10.1894.

191 SP 238, Verslag no. 2, Taylor-Esselen, 4.8.1894.

Volksraad was uiteindelik verplig om magtiging te verleen dat die Britse onderdane ook van krygsdiens vrygestel word.¹⁹²

Die besoek van sir Henry Loch, die Britse Hoë Kommissaris, gedurende Junie 1894 aan Suid-Afrika sou tot verdere spanning tussen Brittanje en die ZAR-regering bydra. Loch het onmiddellik na sy aankoms in Kaapstad na Pretoria gereis om aandag aan die kommandeerkrisis te gee.¹⁹³ Loch is op die Pretoriase stasie amptelik as verteenwoordiger van die Britse regering ontmoet. Toe die stoet in beweging kom, het 'n deel van die skare "Rule Britannia" gesing en die perde voor die President se koets uitgespan. Hierdie voorval het byna tot 'n uitbarsting gelei en die Volksraad het 'n geheime sitting oor die voorval gehou. Loch het ook 'n afvaardiging van die *Transvaal National Union* uit Johannesburg ontmoet wat hulle griewe aan hom oorgedra het.¹⁹⁴ Die Volksraad het kort na hierdie voorval gedurende Julie 1894 'n wet aangeneem om byeenkomste te verbied, wat met die openbare orde strydig was.¹⁹⁵ Voeg hierby die feit dat Loch gedurende September 1894 daarop aangedring het dat die Suid-Afrikaanse garnisoen van Britse soldate met 500 man versterk moes word om die Uitlanders te ondersteun. Hy het ook 'n afdeling troepe te Mafeking gestasioneer met die doel om die Uitlanders te help.¹⁹⁶

Gedurende 1894 het die Kamer van Mynwese se aktiwiteite 'n definitiewe politieke kleur begin aanneem. Tot in daardie stadium het die mynmagnate hulle nie ingemeng met die stryd om stemreg wat deur die Uitlanders gevoer is nie. Die draaipunt het egter gekom toe die President van die Kamer van Mynwese, Lionel Phillips, tydens sy openingsrede aan die begin van 1894 verklaar het dat die myne vir nege-tiendes van die staat se inkomste verantwoordelik was. Hy het verder verklaar dat solank dít die geval was, hulle die reg het om te eis dat die staatsgeld korrek en op behoorlike wyse

192 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, I*, pp. 286-287.

193 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 82.

194 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, pp. 289-290.

195 *Ibid.*, pp. 293.

196 W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895-1896*, (MA, UP, 1958), p. 4.

bestee word. Vir die volgende twee jaar sou die Kamer van Mynwese al hoe meer polities betrokke raak.¹⁹⁷

Teen hierdie agtergrond het Esselen sy eerste geheime agente gedurende Junie 1894 aangestel. Die gebeure in die periode 1886-1894 het alreeds die behoefte vir inligting aan die staat se kant finaal bevestig. Die terreine van ondersoek of spioenasievelde het al hoe duideliker na vore begin kom. Dit het ingesluit die monitor van die politieke klimaat, veral onder die Uitlanders, asook verskeie anti-ZAR- en anti-Kruger-organisasies. Hierdie terreine van ondersoek sou ook insluit die doen en late van politieke aktiviste asook die rapportering van hulle politieke uitsprake. Verdere spioenasievelde sou die gesindheid van die Kapenaars insluit, asook die rol van Cecil John Rhodes as Eerste Minister en mynmagnaat en imperialis. Hawestede soos Delagoabaai, Durban en Kaapstad, wat indirek buitelandse toegang tot die ZAR verleen het, asook die Wesgrens, sou bespied moes word. Daarby was ook nog die strategiese dorpe soos Kimberley, Bulawayo en Mafeking. Staatsamptenare in die diens van die ZAR sou ook die objek van spioenasie word.

Alhoewel J.W. Howcroft 'n maand voor G.W. Taylor aangestel is, kan geen persoonslêr vir hom gevind word in die dokumente van die Staatsprokureur nie. In 'n ongedateerde verslag wat A.H. Evans¹⁹⁸ as geheime agent vir die Kommissaris van Polisie opgestel het in verband met die gedrag en bekwaamheid van speurders, kom Howcroft se naam voor. Evans het die volgende gerapporteer:

(H)owcroft aangesteld door den Heer Esselen.... Tamelyk goed als detectief... karakter een weinig slecht, ontslaan van het Telegraaf dienst te Natal ik ben niet zeker voor wat rede, maar hy was ontslaan van het Telegraaf dienst te Pretoria voor openbaring van Telegrammen, maar ik geloof zijn gedrag als detectief zijn niet slecht....¹⁹⁹

197 L.J. Twyman, Paul Kruger en Johannesburg 1886-1895, (MA, PUCHO, 1965), p. 81.

198 Alfred Harry Evans alias Derfla het sy eed as geheime speurder voor kommissaris G.J. van Niekerk afgelê op 31 Desember 1895. (Sien SP 872, Speurpolisie Ede).

199 SP 881, Verslag Evans - Kommissaris van Polisie, ongedateer, in lêer "Diverse stukke".

~~Confidential~~

December 28th 50

Commissioner of Police

Pretoria

2a.c

Dear

I have the honour to report that the situation is very serious here.

meetings have been held on
the Langlaagte Estate
mine on the brown reef
mine on the Robinson mine
and at the two basalt
mines -

the Langlaath Estate in
Robinson and the New-
Somerset have all decided

10

Americans have decided to support the Government and I feel confident that if a little force was shown in Johannesburg this movement would at once collapse.

I have the honour to be

Yours Obedient Servant

Josef

Fig. 3: Uittreksel van die begin en einde van een van Taylor, *alias* Josef, se rapporte as geheime agent net voor die Jameson-inval. Bron: SP 880.

George William Taylor is op 20 Junie 1894 aangestel as “geheime speurdienaar” te Johannesburg teen ‘n salaris van £20 per maand. Sy skakelpersoon in Johannesburg sou assistent-landdros J.F. de Beer wees. Alle korrespondensie en tjeks sou aan De Beer vir Taylor se aandag versend word. Taylor sou ook vergoed word uit die begroting van die Staatsprokureur onder die pos “Geheime Dienst”.²⁰⁰ Taylor se aanstellingsbrief, onderteken deur die Staatsprokureur, beskryf sy taak as die voorkoming van smokkelhandel in gewere.²⁰¹ Uit sy verslae sou dit egter mettertyd duidelik word dat sy taak baie meer omvangryk was.

Taylor het sy eed van getrouheid op 20 Julie 1894 voor Esselen as Staatsprokureur afgelê. In die dokument word sy betrekking as “detectief der Z.A.R.” aangedui.²⁰² Hierdie benaming is waarskynlik gebruik vir doeleindes om by die begroting verby te kom aangesien daar amptelik nog geen geheime diens bestaan het nie. Kort na sy aanstelling op 27 Julie 1894 het hy sy eerste verslag aan Esselen gestuur.²⁰³

Taylor was vanaf Julie 1894 tot Desember 1897 as geheime agent in diens. Sy dienstermyn kan in twee periodes verdeel word. Die eerste tydperk strek vanaf 27 Julie 1894 tot en met 22 November 1894 toe hy in diens was terwyl adv. Esselen nog Staatsprokureur was. Die tweede deel strek vanaf 25 Desember 1895 waarna hy aan die Kommissaris van Polisie onder die kodenaam “Josef” gerapporteer het.²⁰⁴

Kenmerkend van sy verslae is die feit dat sy eerste drie verslae as W. Taylor onderteken is. Vanaf sy vierde verslag op 25 Augustus 1894 is sy verslae, in opdrag van Esselen, nie meer onderteken nie.²⁰⁵ Dit dui op die klandestiene aard van Taylor se werk. As spioen moes hy beskerm word. Kenmerkend van Taylor se verslae is die volledigheid, netheid en eenvormigheid van voorkoms. In die tydperk vanaf Augustus 1894 tot en met November 1895 is 76 genommerde verslae aan die Staatsprokureur deurgestuur.²⁰⁶

200 SP 238, Ongeregistreerde minutes 1867-1900, Dekblad van Taylor se lêer.

201 SP 463, Geheime Brieweboek 1894-1898, Skrywe Staatsprokureur - Taylor, 20.7.1894.

202 SP 238, Ongeregistreerde minutes 1867-1900, Eed - 20.7.1894.

203 SP 238, Ongeregistreerde minutes 1867-1900, Verslag no.1, Taylor - Staatsprokureur, 27.7.1894.

204 SP 880, GBCP 11/95, Taylor- Kommissaris Van Niekerk, 25.12.95.

205 SP 238, Verslag no. 4, Taylor - Staatsprokureur, 25.8.1894.

206 Sien verskeie verslae in : TAB, SP 238.

Esselen het Taylor hoofsaaklik in Johannesburg aangewend, terwyl Howcroft hoofsaaklik in Pretoria diens gedoen het.²⁰⁷ Sy keuse om twee Engelssprekendes as geheime agente aan te wend, was strategies korrek. Dit sou hulle in staat stel om maklik saam te smelt met hulle onderskeie werksvelde.

Dat Esselen 'n knap administrateur was, is duidelik uit die wyse waarop sy kantoor georganiseer is. Gedurende Mei 1894 het hy in 'n skrywe aan die Staatsekretaris gemotiveer waarom hy dringend magtiging moes kry om 'n klerk of sekretaris aan te stel. In dieselfde skrywe spreek hy ook sy kommer uit oor die feit dat daar geen boeke gehou is van uitgawes wat aan die Ouditeur-generaal verklaar moet word nie.²⁰⁸ C.T. Rorke is aangestel en gedurende Julie 1894 het hy, terwyl hy in Kaapstad was, opdrag gekry om vas te stel watter naamtekeninge op die "Uitlanderadres" was. Die adres is kort tevore in Pretoria aan Hoëkommissaris Loch oorhandig.²⁰⁹ Esselen het ook opdrag gegee dat die geheime agente se verslae genommer word om kontrole oor die geheime verslae te vergemaklik.²¹⁰

Tipies van enige geheime diens het Esselen 'n stelsel van kodewoorde ingestel.²¹¹ Om sy agente en homself verder te beskerm, het hy van tussengangers gebruik gemaak.²¹² Agente het dan ook van tyd tot tyd opdragte ontvang. Esselen het die insameling van inligting volgens 'n geordende stelsel bedryf. So was daar gedurende Augustus 1894 'n spesifieke opdrag aan Taylor om ondersoek in te stel na gerugte "waarin melding word gemaak van kannonen in bezit van de Engelsche party...."²¹³ Die Uitvoerende Raad het ook gedurende Mei 1894 die bedrag van £1 000 vir "geheime dienste" bewillig.²¹⁴ Alhoewel daar teen 1894 nog geen formele geheime diens gestig was nie, was dit duidelik dat Esselen daartoe in staat was om met die middele tot sy beskikking 'n staatveiligheidsdiens in die klein te bedryf.

207 *Ibid.*

208 SP 462, Skrywe Staatsprokureur - Staatsprokureur 28.5.1894, pp. 2-3.

209 SP 462, Sekretaris van SP aan C.T.Rorke, 5.7.1894.

210 SP 462, Skrywe Staatsprokureur - W.Taylor, 15.8.1894, p. 23.

211 SP 238, Ongeregistreerde minutes 1867-1900, Skrywe Hull - Esselen 5.10.1894.

212 SP 238, Dekblad van Taylor se lêer.

213 SP 462, Skrywe Staatsprokureur - Taylor, 15.8.1894, p. 24.

214 TAB, URN, Art 266 dd 2.5.1894.

Die spesifieke stasionering van die twee geheime agente, naamlik Howcroft in Pretoria en Taylor in Johannesburg vanaf middel 1894, dui op goeie insig en aanvoeling deur Staatsprokureur Esselen. Gedurende hierdie maande het daar 'n losse komplot teen die ZAR-regering begin ontvou wat afgelei kan word uit sekere stellings of bewerings wat agente gemaak het. 'n Voorbeeld hiervan is die uitspraak wat Loch teenoor Lionel Phillips, voorsitter van die Kamer van Mynwese gemaak het, dat indien daar 3 000 gewere in Johannesburg was om die plek teen die regering te hou, hy (Loch) imperiale ingryping sou aanbeveel.²¹⁵ Verder het Phillips in 'n brief gedateer op dieselfde dag wat Loch in Pretoria sou aankom, geskryf:

The Government is absolutely rotten, and we must have reform. The alternative is revolution or English interference.²¹⁶

Dit is insiggewend dat Howcroft sy eerste verslag as geheime agent vanuit Pretoria op 25 Junie 1894 aan Esselen gestuur het.²¹⁷ Dit is dieselfde dag waarop sir Henry Loch in Pretoria aangekom het om te onderhandel oor die spanning wat opgebou het as gevolg van die opkommandering van Britse onderdane.²¹⁸ Die besoek van Loch aan Pretoria het die spanning tussen die regering en die buitelanders verhoog. Die regering sou deur middel van spioenasie akkurate inligting moes bekom oor die politieke gevoel teenoor die Kruger-regering. Verder was dit belangrik dat die leiers in beheer van die agitاسie teen die regering, geïdentifiseer word. Howcroft sou van die begin af die Staatsprokureur weekliks op hoogte hou van die politieke gevoel en gebeure wat onder die buitelanders in Pretoria aan die orde was.

Howcroft sou op grondvlak die geledere van die anti-Krugergesindes binnedring en veral rapporteer oor gesprekke wat hy gehoor het, oor besluite wat binne vergaderings geneem is en oor prominente leiers binne hulle geledere. Reeds in sy eerste verslag aan Esselen identifiseer Howcroft vir advokaat J.W. Wessels as een van die prominente leiersfigure. 'n Sekere advokaat, Auret, het Wessels versoek om as 'n

215 J. Scoble en H.R. Abercrombie, *The rise and fall of Krugerism*, p. 273.

216 *Ibid.*, p. 273.

217 SP 238, Verslag no. 1 Howcroft-Staatsprokureur, 25.6.1894.

218 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, I p. 287.

spreker op te tree by 'n vergadering van die *Transvaal National Union*.²¹⁹ Wessels het in Johannesburg as advokaat gepraaktiseer en het die Uitlanders in hulle griewe gesteun en hy sou ook later in die verhoor van die *Reform Committee* in 1896 optree.²²⁰

'n Sekere Disting, wat as sekretaris van die *Defence Association* opgetree het, is as 'n sleutelfiguur geïdentifiseer. Volgens Disting sou daar 'n organisasie gestig word wat sekere gevaarlike oogmerke sou nastreef indien hulle nie binne 24 uur gunstige beloftes van sir Henry Loch oor hulle griewe gekry het nie. Dat Howcroft baie nougeset slegs in opdrag van Esselen gereageer het, blyk uit die feit dat hy toestemming by die Staatsprokureur gevra het om lid van hierdie te stigte organisasie te word "to play a double game".²²¹ Hieruit kan afgelei word dat infiltrasie van anti-Kruger-organisasies op grondvlak een van Howcroft se metodes sou word om eerstehandse inligting vir Esselen te bekom. Howcroft sou veral die vertroue van Disting wen om sodoende die binnegesprekke van die *TNU* later te kon monitor.

'n Agent soos Howcroft het ook baie gou verslae geskryf oor gerugte van 'n rewolusie wat moontlik rondom die griewe van die Uitlanders kon ontstaan. Phillips het egter in 'n skrywe daarop gesinspeel dat hy reeds Esselen oor die moontlikheid gewaarsku het:

Of course, we don't want any row; but, as I told Esselen and Leyds, if the Government or Raad does nothing to pacify the people, we shall have a revolution sooner or later....²²²

Van der Poel beweer egter dat die mynmagnate eerder d.m.v. 'n dreigement 'n atmosfeer van rewolusie wou skep en die Kruger-regering daardeur wou intimideer. Die mynmagnate kon weens ekonomiese redes nie bekostig dat 'n volskaalse rewolusie uitbreek nie.²²³ 'n Informant wat Howcroft gebruik het, het hom meegedeel dat 'n lid van die *Mounted Volunteer Corps* hom meegedeel het dat lede van die eenheid aangesê was om hulp aan die Johannesburgers te verleen as 'n sekere dag aanbreek en om die

219 SP 238, Verslag no. 1, Howcroft - Staatsprokureur, 25.6.1894.

220 M.J. Strydom, "Johannes Wilhelmus Wessels" in W.J. de Kock (Red.) *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, I, p. 912.

221 SP 238, Verslag no. 2, Howcroft - Staatsprokureur, 26.6.1894.

222 J. Scoble en H.R. Abercrombie, *The rise and fall of Krugerism*, p. 274.

223 J. van der Poel, *The Jameson raid*, p. 9.

magasyn te beset. Die persoon wat die versoek gerig het, was blykbaar 'n Amerikaner wat by die Brasiliaanse rewolusie betrokke was.²²⁴

'n Volgende kontak wat Howcroft opgebou het, was 'n sekere kaptein W. Tonkin wat 'n deel van die myners op die *TNU*-bestuur verteenwoordig het. Tonkin het hom meegedeel dat die *TNU* die kommandeerkwessie slegs as 'n lokaas gebruik om die myners te kry om by die *TNU* aan te sluit.²²⁵ Howcroft het ook aangebied om in Johannesburg inligting te gaan inwin indien Esselen hom daar sou wou gebruik. Taylor het egter vanaf Julie 1894 gereelde basis vanuit Johannesburg begin rapporteer.²²⁶ Lede van die Speurdiens was redelik bekend onder die Engelssprekende publiek. Howcroft het gerapporteer dat gerugte onder die skare tydens 'n byeenkoms gehoor is, dat 'n sekere Ueckerman en Evans besig was om op hulle te spioeneer.²²⁷ Dit was inderdaad moontlik aangesien W.H. Ueckermann op daardie stadium die hoofspeurder van Pretoria was.²²⁸ Wat reeds duidelik blyk uit Howcroft se eerste paar verslae, is dat hy uitstekend daarin geslaag het om homself binne die *TNU* en aanverwante organisasies te posisioneer en eerstehandse informasie in te samel sonder om verdag voor te kom of homself te openbaar of te "blaas".

Dat Howcroft goeie oordeelsvermoë aan die dag gelê het, blyk uit die feit dat hy ook opgekommandeer was om teen Mmalebôgô te gaan veg. Hy het egter vir Esselen versoek om hom op die laatste moontlike moment ongesiens van diens vry te stel. Sy beweegrede was dat hy die situasie wou gebruik om veral Disting se vertroue verder te versterk dat hy ook daarteen gekant was om opgekommandeer te word.²²⁹ Howcroft het in sy taktiek geslaag want hy is deur kaptein Tonkin aan ene Acton en Couper voorgestel as een van die slagoffers wat opgekommandeer was.²³⁰

224 SP 238, Verslag no.4, Howcroft - Staatsprokureur, 28.6.1894.

225 SP 238, Verslag no. 5, Howcroft - Staatsprokureur, 29.6.1894.

226 SP 238, Verslag no.1, Taylor - Staatsprokureur, 27.7.1894.

227 SP 238, Verslag no. 5, Howcroft - Staatsprokureur, 29.6.1894.

228 G.N. van den Bergh. Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 177.

229 SP 238, Verslag no.7, Howcroft - Staatsprokureur, 3.7.1894.

230 SP 238, Verslag no. 9, Howcroft - Staatsprokureur, 6.7.1894.

Die oorlog teen Mmalebôgô en die implikasies daarvan sou deur die Uitlandergemeenskap gebruik gewees het om hulle griewe teen die Krugerregering aan te blaas.²³¹ Die spanning het baie hoog geloop. Dit kan afgelei word uit verslae op grondvlak dat kaptein Tonkin aan Howcroft gemeld het dat 40-50 rewolwers by samedrommings van skares beskikbaar was, gereed om gebruik te word.²³²

Howcroft kon, nadat hy Tonkin se vertroue gewen het, die Uitlandergeledere binnedring. Hy het vir die volgende vyf maande oor verskillende organisasies se strukture en oogmerke gerapporteer. Hy het reeds in daardie vroeë stadium die *Rifle Asssociations* begin openbaar as fronte om wapens te stapel en opleiding te verskaf. Die *Rifle Associations* is hoofsaaklik in Johannesburg en Pretoria gestig en sou later as 'n soort weermag of beskermingsmag vir die Uitlanders ingespan word.²³³

Uiters belangrike inligting het in 1894 daarop gedui dat Tudhope,²³⁴ toe nog voorsitter van die *Transvaal National Union(TNU)*, vir Tonkin versoek het om die *Pretoria Defence Association* te oorreed om by die *TNU* te affilieer. Tudhope het vir Tonkin ook gemagtig om Pretorianers vir die *Rand Rifle Association (RRA)* te werf. Howcroft het verder ook in sy verslag gemeld dat die *TNU* bestaan het uit:

1st - Secret Committee, 2nd - Executive Committee (which is called the inner circle), 3rd - The National Union, Branches of which are the Rand Rifle Ass'n & the Traders Ass'n.²³⁵

Die bestaan van 'n "inner circle" wat 'n oorname of rewolusie beplan het, het reeds in 1890 deur middel van agente onder die aandag van die owerheid gekom. Teen 1899 het 'n organisasie, genaamd *Political Reform Association of the South African Republic* onder die voorsitterskap van J.W. Leonard, 'n oorname van die ZAR beplan en sou 'n driemanskap, naamlik generaal. P.J. Joubert, Ewald Esselen en J.W. Leonard, die regering vorm. Hierdie plan het ooreengestem met die beplanning van

231 T.J. Makhura, "The Neglected Role Of The Boer-Bagananwa War in The Jameson Raid" in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid*, Hoofstuk 4, p. 111.

232 SP 238, Verslag no. 8, Howcroft - Staatsprokureur, 6.7.1894.

233 F.E. Garrett, *The Story of an African crisis*, p. 54.

234 L. Herrman, "John Tudhope" in W.J. de Kock (Red) *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I*, p. 843.

235 SP 238, Verslag no. 9, Howcroft - Staatsprokureur, 6.7.1894.

die latere Jameson-inval.²³⁶ Die feit dat Howcroft ook in sy verslag²³⁷ gemeld het dat majoor Robertson in beheer van 'n geheime komitee van die ondermyners gestaan het, het daarop gedui dat Howcroft toe reeds sy vinger op die pols van 'n ontluikende komplot gehad het.

Berigte dat wapens uit Europa na die ZAR gebring sou word, selfs om die *Traders Association* te bewapen, is deurgestuur.²³⁸ Howcroft het ook die stigtingsvergadering van *The Uitlanders Association* in Pretoria bygewoon waar H.R. Abercrombie as voorsitter aangewys is en waar Howcroft lid geword het. As geheime agent het hy onmiddellik sy geloofwaardigheid as 'n buitestaander getoets deur voor te stel dat kaptein W. Tonkin van die *TNU* as erelid verkies word. Howcroft se voorstel is deur die nuut verkose voorsitter, Abercrombie, gesekondeer en algemeen aanvaar.²³⁹ Met hierdie optrede en resultaat het Howcroft as geheime agent daarin geslaag om sy eerste organisasie effektief te infiltrer. Tydens hierdie stigtingsvergadering het kaptein Tonkin die gehoor verder teen die ZAR-regering opgesweepte en hulle aangemoedig om by die *Rifle Association* aan te sluit. Hy het belowe dat hulle mettertyd gewere sou ontvang. Tot in daardie stadium het Howcroft nog nie by 'n *Rifle Association* aangesluit nie maar aan Tonkin aangedui dat hy later wel sou aansluit.²⁴⁰

Hoe dieper Howcroft die geledere van die anti-ZAR-organisasies geïnfiltreer het, hoe groter het die risiko geword dat hy openbaar kon word. Hy het ook maatreëls getref om homself en sy metodes van rapportering meer klandestien te doen. Hy het nie verder verslae onderteken nie en het ook aan Esselen gemeld dat dit 'n risiko was om hom per tjek te betaal.²⁴¹ Omdat hy so nou begin skakel het met die leiers van die *TNU* en ander aanverwante organisasies, het hy ook aan Esselen gemeld dat dit 'n risiko was as hy in die geselskap van die Staatsprokureur gesien sou word. Hy het ook onder 'n skuilnaam vir hom plek bespreek in die Transvaal Hotel en het Esselen

236 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 25.

237 SP 238, Verslag no. 9, Howcroft - Staatsprokureur, 6.7.1894.

238 SP 238, Verslag no. 10, Howcroft - Staatsprokureur, 7.7.1894.

239 SP 238, Verslag no. 11, Howcroft - Staatsprokureur, 7.7.1894.

240 *Ibid.*

241 SP 238, Verslag no. 12, Howcroft - Staatsprokureur, 9.7.1894.

versoek om hom daar te ontmoet en nuwe instruksies te gee. Hy het ook die moontlikheid gemeld dat Esselen se broer, D.J. Esselen, as tussenganger kan gebruik om hom daar te ontmoet en nuwe instruksies te gee. D.J. Esselen sou by verskeie diplomatieke onderhandelinge die ZAR-regering in hierdie tyd verteenwoordig. Hy was dus ook lojaal teenoor die regering.²⁴²

Dat Howcroft die *TNU* effektief as spioen vir die ZAR geïnfiltreer het, word bewys deur die feit dat hy as lid van die Uitlanderorganisasie in Pretoria genooi is om die Uitvoerende Komitee van die *TNU* se vergadering in Johannesburg teen die middel van Junie 1894 by te woon. Verskeie vertroulike sake is op die vergadering bespreek en Howcroft het ook as lid van die "Rifle Association" ingeskryf. Hy het in sy verslag gemeld dat omsendskrywes aan die myne gestuur is waarin myners versoek is om by die *Rifle Associations* aan te sluit. Na die vergadering in Johannesburg is Howcroft deur Tudhope na die Randse Klub genooi. Daar is hy en ander informeel versoek om die grootste geheimhouding in verband met die *Rifle Associations* te handhaaf. Tydens hierdie gesprek het Ewald Esselen ook ter sprake gekom en het J.W. Leonard aan iemand gemeld dat hulle Esselen ook by die openbare vergadering verwag. Indien hy teenwoordig was, sou Leonard hom na die verhoog nooi.²⁴³

Hierdie opmerkings kon daarop dui dat Esselen vanweë vroeëre simpatieke uitsprake oor die buitelanders in die ZAR, nog as een van hulle simpatiseerders beskou is. Hierdie houding en gesindheid het hom egter ideaal gepas, veral waar hy besig was om geheime agente strategies uit te plaas.

Wat egter 'n probleem kon wees, was dat hy as persoon nie heeltemal deur die regering vertrou is nie. Die wantroue kon gespruit het uit die feit dat hy 'n Joubert-ondersteuner was, asook die feit dat hy gedurende die 1893-verkiesing die voorsitter van Joubert se verkiesingskomitee was.²⁴⁴ Dit kon moontlik veroorsaak het dat waardevolle inligting vanuit sy kantoor nie met die nodige outoriteit beskou en gehanteer is nie. Met al die inligting beskikbaar rondom die stigting van *Rifle*

242 S.J. du Preez, "Daniël Johannes Esselen" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, p. 286.

243 SP 238, Verslag no. 17, Howcroft - Staatsprokureur, 15.7.1894.

244 P.H. Kapp, "Ewald August Esselen" in C.J. Beyers en J.L. Basson (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V*, p. 263.

Associations asook die wapenstapeling en opleiding van lede gedurende Julie 1894, sou 'n mens onmiddellike optrede van die kant van die Krugerregering verwag het. Dit was egter eers gedurende September 1894 dat die Staatssekretaris, dr. W.J. Leyds, in 'n geheime skrywe die Staatsprokureur hieroor ingelig het en hom versoek het om die hele saak as geheim te hanteer. Leyds het 'n dokument aangeheg waarin verklaar is:

Rifle Associations have been organised along the mine & the Rand will be the headquarters. My idea is, these associations are very dangerous, and wants well watching - The National Union is at the back of it.²⁴⁵

Die vraag ontstaan wat die Kantoor van die Staatsprokureur met hierdie belangrike inligting gedoen het. Reeds teen die einde van Julie 1894 kon daar al bepaal word dat die Staat se veiligheid bedreig is. Dit kan wees dat Esselen nie magtiging gehad het om iemand soos Howcroft só in te span nie. Derhalwe kon hy waarskynlik nie die inligting deurgee nie omdat hy só sy bron sou openbaar. Esselen het eers gedurende middel Augustus 1894 in 'n skrywe aan die Ouditeur-generaal gevra dat daar vir hom 'n aanduiding gegee word van die fondse wat nog beskikbaar is. Volgens die begroting was daar gedurende Augustus 1894 £61 - 18 - 6 op "Geheime Diensten" bestee.²⁴⁶ Die vloei en verwerking van inligting vanaf die Staatsprokureur se departement na ander staatsdepartemente het nog groeipyne gehad.

Howcroft het in een van sy verslae²⁴⁷ gemeld dat hy vroeër na Pretoria teruggekeer het om sy informante 'n ruskans te gee. Dit dui daarop dat hy nie self al sy spioenasiewerk gedoen het nie maar informante vir sekere take gebruik het. Dit was 'n manier om te verseker dat hy homself minder sou blootstel.

Uit Howcroft se verslae is dit duidelik dat hy sy opdrag as geheime agent vanaf staatsprokureur Esselen, baie vinnig gesnap het. Nie net het hy die nodige aanvoeling en insig in sy werk en die algemene politieke situasie gehad nie, maar hy het ook baie

245 SP 58, SPGR 16/94 ,GR 478/94 (Geheim), 8.9.1894.

246 SP 58, BBS 48/94, Staatsprokureur - Ouditeur Generaal, 17.8.1894.

247 SP 238, Verslag no. 15, Howcroft - Staatsprokureur, 12.7.1894.

vinnig ongesiens en ongemerk die geledere van die Uitlanders in Pretoria binnegedring. Dit het sy terugvoer aan Esselen waardevol gemaak.

Esselen se agente het nie bloot in die algemeen gerapporteer nie. Hulle het spesifieke opdragte van die Staatsprokureur ontvang, met die oog daarop om bepaalde inligting oor spesifieke teikens in te win. Reeds in sy eerste verslag het G.W. Taylor gereageer op die opdrag wat hy ontvang het om uit te vind wie die Johannesburgse korrespondent van die *South African Review* was. Hy het gerapporteer dat die spesifieke artikel waaroor Esselen navraag gedoen het deur 'n vroue-korrespondent geskryf is, waarskynlik uit Londen.²⁴⁸ Later sou hy vasstel het dat ene Loemus die betrokke koerant se korrespondent in Johannesburg was.²⁴⁹

Net soos Howcroft in Pretoria, het Taylor ook die *Rifle Association* geïdentifiseer as 'n organisasie wat fyn dopgehou moes word. Hy het gemeld dat alhoewel hulle teen middel 1894 nog nie baie lede gehad het nie, het die bestuur besluit om alle lede van die organisasie te bewapen. Taylor het ook gemeld dat die wapens waarskynlik vanuit die Portugese gebied met behulp van Makhado die ZAR sou binnekom.²⁵⁰ Hierdie gebied van Makhado was bekend as Vendaland in die noord-oostelike hoek van die ZAR.²⁵¹ Taylor het ook oor korrupsie onder lede van die polisiemag asook goud-diefstalle verslag gedoen. Die naam van Robert Ferguson, die hoofspeurder van Johannesburg, is genoem in verband met kantiene waar drank verkoop is. Taylor het ook oor moontlike ongerymdhede binne die bestuur van die Polisie diens gerapporteer. Uit sy eerste verslae wil dit ook blyk dat Taylor nie so nougeset op staatsveiligheidsake gefokus was nie, maar in die algemeen oor allerhande misdade en smokkelhandel gerapporteer het.²⁵² Hy het mettertyd weg van algemene sake beweeg en op tipiese speursake gekonsentreer.

248 SP 238, Verslag no. 1, Taylor - Staatsprokureur, 27.7.1894.

249 SP 238, Verslag no. 3, Taylor - Staatsprokureur, 12.8.1894.

250 SP 238, Verslag no. 2, Taylor - Staatsprokureur, 4.8.1894.

251 J.H. Coetzee, "Magato" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, p. 576.

252 SP 238, Verslag no. 2, Taylor - Staatsprokureur, 4.8.1894.

Een van Taylor se belangrikste opdragte het hy op 15 Augustus 1894 deur middel van sy middelman, J.F. de Beer, van Esselen ontvang.²⁵³ Esselen het gemeld dat hy inligting van die Regering ontvang het dat Engelssprekendes in Johannesburg in besit was van een of meer kanonne. Taylor het opdrag gekry om die aangeleentheid onmiddellik te ondersoek en terug te rapporteer. Op 25 Augustus 1894 het Taylor teruggerapporteer aan die Staatsprokureur en gemeld dat hy al sy energie en tyd daaraan sou bestee om die huis of plek te vind waar die kanon afgelaai is. In 'n latere verslag meld Taylor dat hy nie die plek waar die kanon versteek was, kon vind nie.²⁵⁴

Taylor het ook opsommings ingesluit van twee toesprake, onderskeidelik gehou deur twee predikante, Appleby en Drew, in verband met die Mmalebôgô-veldtog.²⁵⁵ In hulle toesprake is die Krugerregering vir hulle onmenslike optrede teen die swartes tydens die veldtog veroordeel. 'n Resolusie is ook tydens die vergadering deur al die kerke wat teenwoordig was aanvaar, waarin die Kruger-regering se oorlog met Mmalebôgô veroordeel is.²⁵⁶ Baie van die protesvergaderings wat deur anti-Krugergesindes gehou was en die Engelstalige gemeenskap aan die Rand se menings en gevoelens weerspieël het, is in koerante soos *The Star* en *The Standard and Diggers News* breedvoerig gerapporteer.²⁵⁷ Die vraag kan gevra word waarom dit nodig was dat 'n agent soos Taylor die vergaderings moes bywoon. Die regering en veral Esselen het die aanvoeling gehad dat daar iets onder die oppervlakte aan die broei was. Dit was van kritiese belang dat geheime agente soos Taylor die gees en gesindheid op protesvergaderings moes ervaar en die leiers binne die opposisiegeledere identifiseer.

Een so 'n persoon na wie Taylor telkens verwys het, was 'n sekere R.A.A. Bettington wat hy soos volg beskryf het:

253 SP 462, Skrywe Staatsprokureur - Taylor, 15.8.1894.

254 SP 238, Verslag no. 5, Taylor-Staatsprokureur, 3.9.1894.

255 SP 238, Verslag no. 4, Taylor-Staatsprokureur, 25.8.1894.

256 J. Scoble en H.R. Abercrombie, *The rise and fall of Krugerism*, pp. 170-171.

257 S. Strauss, Berigging in *De Volksstem* en *The Star* gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n Kritiese metodologiese analise, (MA, UP, 1964), p. 37.

(B)ettington is a mischevious and dangerous person and I am very closely watching his actions....²⁵⁸

Taylor was reg in sy aanvoeling dat Bettington 'n invloedryke en denkende leiersfiguur was in die anti-Krugergesindes. Dit blyk uit die volgende uitspraak wat Bettington gedurende 1894 in verband met klasseverskille gemaak het:

The prerogative of birth is nowhere of less value than in a place like Johannesburg.... Intellectual capacity obtains ephemeral applause on the platform of a public meeting.... Success in business is the touchstone by which mankind is tried. That or nothing. Money means all the soul - if soul it may be called - of the Johannesburger can possibly aspire to.... He who possesses it is the "man whom the King delighted to honour". He who lacks it is the outcast.²⁵⁹

Taylor het sulke uitsprake as gevaarlik beskou. Dit spreek van sy fyn aanvoeling as geheime agent vir die waardesisteem wat die gemiddelde Krugergesinde burger aangehang en uitgeleef het en wat hier in die gedrang begin kom het. Taylor het ook begin rapporteer oor die verskillende persone binne die Uitlandergeledere, soos sir Ellis Ashmead Bartlett, met wie Bettington gereeld in aanraking was. Bettington was ook betrokke om anti-Krugergesindes teen die betaling van oorlogsbelasting op te steek. Volgens Taylor was daar ook gerugte op straat dat Esselen "secret detectives" aangestel het om in Johannesburg op sekere persone te spioeneer.²⁶⁰ Die feit dat Taylor in hierdie omstandighede sy taak as geheime agent kon doen, spreek boekdele vir sy vernuf as agent. Taylor het daarin geslaag om die opposisie se vergaderings te gebruik en binne te dring om sy informasie in te win en hy het ook kroeë vir die doel besoek.²⁶¹ Dat daar 'n besige naglewe in die kroeë, dobbelsale en bordele in Johannesburg was, ly geen twyfel nie. Die polisie het hulle hande vol en het gereeld klopjagte uitgevoer.²⁶² Hierdie was die ideale omstandighede vir 'n agent soos G.W.

258 SP 238, Verslag no. 4, Taylor - Staatsprokureur, 25.8.1894.

259 E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad, I, 1886-1924*, p. 172.

260 SP 238, Verslag no. 5, Taylor-Staatsprokureur, 3.9.1894.

261 SP 238, Verslag no. 6, Taylor-Staatsprokureur, 10.9.1894.

262 G.N. van den Bergh, *Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 134.

Taylor om tussen die kroeë, wat hoofsaaklik deur Engelsprekendes en ander buitelanders besoek is, rond te beweeg en informasie in te samel.

Gedurende November 1894 het Taylor waargeneem dat Bettington gepoog het om aansluiting te vind by die leiers van die *Volksvereeniging*²⁶³ - 'n beweging bestaande uit verligte Joubert-ondersteuners, wat aan die einde van 1893 gestig is. Paul Kruger het hierdie beweging as die boorling van die *Transvaal National Union* beskou. Dit was veral 'n sekere Viljoen van die *Volksvereeniging* wat in gereelde gesprek met Bettington was.²⁶⁴ Taylor het nie verniet soveel tyd en aandag bestee aan die doen en late van Bettington nie. Tydens die Jameson-inval is daar 'n berede korps, *Bettington's Horse*²⁶⁵ onder maj. R.A. Bettington se bevel gevorm, wat as deel van die *Reform Committee* se beplanning op die been gebring is.²⁶⁶

'n Verdere aspek waaraan Taylor as geheime agent vir die res van 1894 baie aandag bestee het, was die *Rand Rifle Association (RRA)*. Hy het die indruk begin kry dat hulle met wapenstapeling op 'n subtiele manier besig was en die vereniging as 'n dekmantel gebruik het. Taylor het in een van sy verslae 'n afskrif van die *Rules of the Rand Rifle Association* ingesluit. Daarin is verklaar:

The objects of the Club shall be to promote and encourage rifle, carbine and revolver shooting.²⁶⁷

Dit spreek duidelik uit Taylor se verslae gedurende die laaste helfte van 1894 dat hy die *Rand Rifle Association (RRA)* beskou het as een van sy teikengroepe, wat hy moes infiltrer. Dit wil voorkom of Howcroft net soos sy kollega in Pretoria, lid van die vereniging geword het. Deur skietoefeninge en kompetisies van die vereniging by te woon, kon hy eerstehands waarneem waarmee hulle besig was.

Taylor het binne die eerste twee maande na sy aanstelling die voorgevoel gehad dat die *RRA* as dekmantel gebruik kon word om vuurwapens die land te laat inkom. Die besluit van die *RRA* dat alle lede met snelvuurgewere toegerus moes word, het Taylor

263 C.T. Gordon, *The growth of Boer opposition to Kruger*, pp. 236-237.

264 SP 238, Verslag no. 16, Taylor-Staatsprokureur, 10.11.1894.

265 J. van der Poel, *The Jameson raid*, p.112.

266 A. Cunningham, "George Hebert Farrar" in *The Jameson raid*, p. 200.

267 SP 238, Verslag no. 10, Taylor-Staatsprokureur, 6.10.1894.

waarskynlik laat besef dat die *RR*A om veel meer as net 'n skietvereniging gegaan het.²⁶⁸ Hierdie vermoede is verder bevestig nadat die bestuur van die *Transvaal National Union* tydens 'n vergadering met die *RR*A besluit het om voortaan hulle kragte saam te gooi en saam te werk. In dieselfde maand het die *RR*A by die regering aansoek gedoen om 25 Martini Henry-gewere in te voer. Taylor het ook bevind dat die firma P. Webley & Son²⁶⁹ van Birmingham, wat onder andere ook met die ZAR onderhandel het oor wapenaankope, 'n onderneming aan die *RR*A gegee het dat hulle van wapens teen 'n gunstige aankoopprys, voorsien sou word. 'n Verdere ontstellende bevinding van Taylor was dat die *RR*A besluit het om die verbeterde model van die Martini Henry-geweer aan te koop:

(B)ecause it is the arm used by the English forces the Cape Colony forces and the forces of this State and should it come to the pinch there would not be so much difficulty in obtaining ammunition....²⁷⁰

Vanaf September 1894 het Taylor gereeld gerapporteer oor die vermeerdering in die *RR*A se ledetal asook die aantal rondtes en ammunisie waarvoor die vereniging van tyd tot tyd beskik het. Volgens hom was die permitte waarvoor die *RR*A aansoek gedoen het om wapens in te voer, blote oëverblindery aangesien daar besluit is om in elk geval wapens die land in te bring, met óf sonder permitte. Volgens Taylor was die vereniging se doel om hulle in so 'n mate te bewapen, dat hulle in 'n posisie sou kom om aan die Kruger-regering te dikteer wat hulle behoeftes was.²⁷¹ Later is selfs 'n *Ladies Revolver Association* in die Witwatersrand gestig.²⁷² 'n Verdere organisasie wat Taylor aan die kaak gestel het, wat die *TNU* as dekmantel gebruik het om sekere oogmerke te bereik, was die *Johannesburg Tennants and Ratepayers Protection Association*.

Taylor het as agent daarin geslaag om homself stelselmatig in die geledere van die *RR*A te vestig. Dit het hom in staat gestel om die onderliggende strategie van die *RR*A

268 SP 238, Verslag no. 2, Taylor-Staatsprokureur, 4.8.1894.

269 R. Bester, *Boer rifles and carbines of the Anglo-Boer War*, p. 63.

270 SP 238, Verslag no. 7, Taylor-Staatsprokureur, 16.9.1894.

271 SP 238, Verslag no. 9, Taylor-Staatsprokureur, 28.9.1894.

272 SP 238, Verslag no. 19, Taylor-Staatsprokureur, 26.11.1894.

van binne die organisasie te ontrafel en waar te neem en daaroor aan sy hoof verslag te doen.

Die laaste helfte van 1894 het Howcroft vanuit Pretoria en Taylor vanuit Johannesburg die Staatsprokureur, Ewald Esselen, weekliks op hoogte gehou van verskeie relevante aspekte soos die *Rifle Associations* se vordering, houding, gesindheid, standaard van opleiding, aankope van wapens en strategieë waarmee hulle teen die Kruger-regering besig was. Verder het hulle ook daarin geslaag om prominente leiersfigure in die Uitlandergeledere te identifiseer en dop te hou met wie hulle skakeling gehad het. Esselen is veral vanuit Johannesburg deur Taylor op die hoogte gehou van die onderstrominge binne die geledere van die Speurpolisie. Die waarde van die twee geheime agente se rapporte het op twee vlakke gelê. Die inligting wat hulle verskaf het, moes die Kruger-regering oortuig het dat daar veral vanaf middel 1894 'n totaal ander en negatiewe politieke atmosfeer teen die regering op grondvlak begin manifesteer het. Die twee agente se verslae se waarde het verder daarin gelê dat dit vir Esselen moes oortuig dat die Kruger-regering nie sonder 'n meer uitgebreide spioenasiediens in die politieke klimaat sou kon voortgaan nie.

Teen die einde van 1894 is die grondslag gelê deur die Staatsprokureur, advokaat Ewald Esselen, vir 'n latere geheime diens. Hy was die eerste staatsamptenaar in die ZAR wat die stap geneem het om die eerste twee geheime agente naamlik Howcroft en Taylor aan te stel. Hierin is hy waarskynlik gesteun en van raad bedien deur die Staatsekretaris, W.J. Leyds. Dat Esselen die nodige aanvoeling en insig gehad het om agente aan te wend, spreek uit die wyse waarop hy die saak hanteer het. Nie net is kodewoorde in verslae gebruik nie, maar Taylor het selfs 'n kodenaam "Josef" gekry. Die eerste twee agente het nie amateuragtig oor ditjies en datjies gerapporteer nie, maar het spesifieke opdragte van Esselen ontvang. Die kenmerke van 'n geheime diens in wording, bedryf op 'n redelike professionele basis, was reeds aanwesig.

HOOFSTUK 2

DIE INVLOED VAN DIE JAMESON-INVAL OP DIE STIGTING VAN DIE GEHEIME DIENS.

2.1 Die politieke situasie aan die begin van 1895

Gedurende die ampstermyn van adv. Ewald Esselen as Staatsprokureur (1894 tot en met die Jameson-inal aan die begin van 1896), het dit van meet af duidelik geword dat 'n komplot teen die ZAR-regering aan die orde van die dag is.¹ Om die faktore wat 'n rol in die totstandkoming van die Geheime Diens gespeel het te verstaan, moet die politieke situasie in die tydperk 1894-1895 kortliks in oënskou geneem word.

Teen die einde van 1894 het die omverwerping van die Kruger-bewind vir Cecil John Rhodes persoonlik gebiedend noodsaaklik geword.² Tot in daardie stadium het Rhodes as suksesvolle politikus, nyweraar, mynmagnaat, ontdekker, diamantdelwer, sakeman, boer en filosoof nog een van sy lewensdrome probeer verwesenlik, naamlik om Brittanje as wêreldmoondheid vanaf die Kaap tot in Kaïro in Afrika te vestig en só sy imperiale strewe te verwesenlik.³ Die sukses wat hy onder meer met sy Matabeleland-beleid behaal het, het hom laat besluit dat die Krugerregering omvergewerp moet word. Die Uitlanderkwessie het hom die geleentheid gebied.⁴

Verskeie redes vir die dringendheid van Rhodes se optrede kan aangevoer word. Een van die belangrikste redes was dat die ZAR die ekonomiese leierskap in Suider-Afrika oorgeneem het en toenemend onafhankliker geword het. Verder was dit vir Rhodes tydens sy besoek aan Masjonaalaland en Matabeleland, gedurende September

1 J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902, I*, p. 109, D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895 - 1896, (MA, UP, 1958) p. 21; R. Mendelsohn, *Thirty Years' Debate on the Economic Origins of the Raid* in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 60.

2 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 9.

3 R. I. Rotberg, Who was responsible Rhodes, Jameson and the Raid, in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 132.

4 J. van der Poel, *The Jameson raid*, p. 6.

1894, duidelik dat Rhodesië in terme van goudpotensiaal, nie 'n tweede Witwatersrand was nie.⁵ Rhodes se onderhandelinge met Kruger oor spoorwegaangeleenthede gedurende Oktober 1894, het ook nie gunstig verloop nie.⁶ Verder het Rhodes se gesondheid agteruit gegaan en teen die einde van 1894 het sy stryd reeds teen 'n vroeë dood begin.⁷

Die grondplan vir die komplot om die Krugerregering omver te werp sou dieselfde wees as die plan wat sir Henry Loch gehad het.⁸ Die Uitlandergriewe sou as katalisator gebruik word vir inmenging deur 'n krygsmag wat op die wesgrens van die ZAR gestasioneer was. Dit is egter ook duidelik dat die sogenaamde Uitlandergriewe veral deur die pers oordryf is. Dit het bygedra om die regte atmosfeer vir 'n magsoorname te skep. Wat die Rhodes-komplot begunstig het, is die feit dat die mynmagnate en kapitaliste ook van mening was dat die Krugerregering se tyd uitgedien was.⁹

Om die komplot verder te voer, sou Rhodes beide die interne en die eksterne aspekte daarvan versigtig moes beplan. Vir die eksterne beplanning sou Rhodes Brittanje moes besoek om aansluiting by die Britse Koloniale kantoor te vind.¹⁰ Op 16 Desember 1894 het hy, vergesel van John Willoughby en dr. Rutherford Harris (die Sekretaris van die *Chartered Company* in Suid-Afrika), Londen besoek. Die doel was om die voorbereidings vir die komplot te tref vir Rhodes om 'n verbintenis met die koloniale kantoor te bewerkstellig. Drie belangrike sake wat uitgeklaar moes word, was die daarstel van 'n basis in Bechuanaland, die organisering van 'n gewapende

5 I. R. Smith, Joseph Chamberlain and the Jameson raid in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 99.

6 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902*, I, p. 333.

7 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 10.

8 I. R. Smith, Joseph Chamberlain and the Jameson raid in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 100.

9 R. Mendelsohn, Thirty Years' Debate on the Economic Origins of the Raid in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 84.

10 D.O. Rhodie. Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 11.

mag op die ZAR-grens en die beplanning van die rol wat die Hoë Kommissaris in die komplot moes speel.¹¹

Sir Hercules Robinson was die Britse Hoëkommissaris. Dit sou later blyk dat hy bloot 'n instrument in Rhodes se hande geword het. Gedurende Februarie 1895 het Rhodes na Kaapstad teruggekeer. Met die eksterne beplanning van Rhodes se komplot het dit goed gegaan.¹²

Wat die interne aspek van die komplot betref, was daar sedert die begin van 1895 nog baie werk vir Rhodes om te doen. Teen die einde van 1894 het Charles Leonard, 'n broer van J.W. Leonard, na die ZAR teruggekeer om Tudhope as die voorsitter van die *Transvaal National Union (TNU)* op te volg. Die *TNU* het dan ook teen 1895 'n lae profiel gehandhaaf. Op daardie tydstip het Charles Leonard ook nog geen gedagte gehad om die ZAR-regering met geweld omver te werp nie. Leonard sou ook mettertyd deur Rhodes betrek word in die komplot.

George William Taylor, *alias* Josef, het as geheime agent steeds die *TNU* en sy bestuurslede se optredes dopgehou en daaroor gerapporteer.¹³ Hy het gewaarsku dat die verwisseling in voorsitterskap van die *TNU* tot meer aktiewe agitatie, asook tot meer militante aksies teen die staat aanleiding sou gee, wat bewys het dat Taylor as geheime agent die korrekte aanvoeling gehad het vir sy werk en tydig oor relevante sake gerapporteer het.

Hoewel die mynmagnate ook nie polities betrokke was nie, sou hulle onder Rhodes se invloed teen die middel van 1895 betrokke raak. 'n Belangrike figuur was Lionel Phillips, president van die Kamer van Mynwese. Hy het 'n wesenlike rol in die hele beweging gespeel.¹⁴

Die staat se veiligheid is bedreig aan die begin van 1894. Die Krugerregering het ook dieselfde aanvoeling gehad want die Uitvoerende Raad het vanaf November 1894 tot

11 *Ibid.*, p. 14.

12 *Ibid.*, p. 14

13 SP 238, Verslag no 27, Taylor - Esselen, 27.1.1895.

14 D.O. Rhoadie, Die Johannesburgse "Reform Committee": 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 19.

April 1895 vier keer bedrae van £1 000 vir “geheime dienste” goedgekeur.¹⁵ Hierdie totaal van £4 000, wat in net ses maande se tyd vir geheime dienste bewillig is, was feitlik dubbel die bedrag wat vir die voorafgaande 10 maande van 1894 daarvoor bewillig is. Hierdie geld is klaarblyklik nie net op die twee geheime diensagente, Howcroft en Taylor, wat in diens van Esselen gestaan het, bestee nie. Dit is nie duidelik waarvoor die bedrae aangewend is nie. Dit het waarskynlik betrekking gehad op die losse komplot wat teen die ZAR-regering aan die einde van 1894 begin vorm aanneem het.

2.2 Die ZAR se inligtingsnetwerk in die loop van 1895

Advokaat Ewald Esselen, as Staatsprokureur, was die middelpunt waarom die Krugerregering se inligtingsfunksie gedraai het. Die enigste voltydse geheime agente in diens van die staat, nl. Howcroft en Taylor, het direk aan hom gerapporteer en direk van hom opdragte ontvang. Daarbenewens was hy ook in beheer van die speurdiens wat nog ‘n bron van inligting was.

Esselen het ook ná samesprekings met die Kommissaris van Polisie in Kimberley, asook met die prokureur-generaal van die Kaapkolonie, vir Andrew Trimble as waarnemende hoofspeurder van die ZAR aangestel gekry. Trimble het vanaf 20 November 1894 ses maande verlof gekry om sy pos as diamantspeurder in Kimberley te laat vaar en in Esselen se diens te tree.¹⁶

Trimble het ‘n breë militêre- en polisie-agtergrond gehad. Hy en Esselen het mekaar, wat ywer en bekwaamheid betref, baie goed aangevul. Esselen het soveel vertroue in Trimble gehad dat hy die totale Speurdiens in sy hande gelaat het. Trimble het slegs op ‘n maandelikse basis aan Esselen verslag gedoen.¹⁷ Dit wil ook voorkom uit die dokumentasie in die Staatsprokureur se kantoor en die aantekeninge wat daarop aangebring is, dat Esselen persoonlik besluit het oor die aanstelling van speurders en

15 URN (Geheim), Artikels no. 22 dd 25.11.1894, no. 1 dd 26.1.1895, no.6 dd 12.3.1895, no. 9 dd 2.4.1895.

16 SP 462, Skrywe Esselen - Komm. van Polisie, Kimberley, 28.8.1894, pp. 12-13.

17 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 173.

geheime diensagente.¹⁸ Een van die belangrike take wat deur Esselen aan Trimble opgedra is, was om die smokkelhandel in wapens vas te vat. Trimble het hieroor alle instruksies direk en slegs vanaf die Staatsprokureur ontvang.¹⁹

Weens probleme binne die Speurdiens en agterdog wat teen Trimble en Esselen aan die oplaai was, sou Trimble nooit werklik sy taak kon vervul nie. Hy het self 'n spioenasieteiken geword. Só het speurders Ueckermann en Donovan gedurende Februarie 1895 opdrag ontvang om Trimble dop te hou. Voordat Ueckermann gedurende Mei 1895 deur Esselen weens sy houding en gesindheid teenoor Trimble ontslaan is, het hy 'n verslag aan die Staatspresident voorgelê.²⁰ Hieruit het die Staatspresident tot die slotsom gekom dat beide Esselen en Trimble ontslaan moes word.²¹

Dit was te midde van hierdie interne spanning en agterdog binne die geledere van die staat se veiligheidsdienste dat die geheime diens gevestig sou word. Alhoewel die Jameson-inval deur die loop van 1895 beplan en die regte klimaat daarvoor geskep was, was die Kruger- regering nie werklik toegerus om die tekens en tendense van die bedreiging vinnig en doelmatig te identifiseer en te verstaan nie.

'n Verdere probleem wat bestaan het, was die gebrek aan fondse om die wordende geheime diens te bedryf. In die begroting van die Administrasie van Justisie vir 1894 word slegs £1 000 uit 'n totale begroting van £30 700 vir geheime dienste aangedui.²² Om by hierdie probleem verby te kom, is gewone speurders soms as geheime agente gebruik alhoewel hierdie agente vir doeleindes van die departement se boekhouding as speurders aangedui word. Deur hierdie optrede het Esselen die Speurdiens en Geheime Diens begin verweef.²³ Dit het baie verwarring veroorsaak deurdat daar soms in die dokumentasie van die speurafdeling waarin fondse gemagtig is, ingeskryf

18 SP 58, SPR 2944/94, Dekblad: Aansoek van A.J. Bain as speurder, 27.12.1894.

19 SP 58, GR 30/94, Skrywe Staatsprokureur - Trimble, 20.11.1894.

20 SP 81, GR 47/95, Skrywe Trimble - Staatsprokureur, 28.5. 1895.

21 G.N. van den Bergh, *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 179.

22 SP 58, Skrywe Staatsprokureur - Tesourier-Generaal, 17.8.1895.

23 G.N. van den Bergh, *Secret Service in the South African Republic 1895-1900*, in *Krygshistoriese Tydskrif*, 3(3), 1974, p. 59.

is dat die fondse bewillig is vir “geheime dienste”.²⁴ Hierdie fondse is dan bewillig vir sake wat niks met geheime diens te make gehad het nie, maar byvoorbeeld oor gouddiefstal handel het.

Die afleiding kan derhalwe gemaak word dat Esselen in sy gebruik van die woorde “geheime diens” verwys het na die staatsveiligheidsaspek van speurwerk en intelligensiewerk. Sy speurhoof, Trimble, daarenteen het inderdaad normale speurdienssake ook binne die konteks van geheime diens gesien. Dat buitestaanders ook Trimble se sienswyse gedeel het, word deur die volgende sinsnede bewys:

The overworked ZARPS with their straightforward methods not proving a match for experts in the higher branches of crookery, the Government of the Republic resolved, when the fields were some years old, to create a Detective Department or, as it was officially known, a “Geheime Diens”.²⁵

Lede van die publiek wat aansoek gedoen het vir ‘n betrekking in die Speurdiens, het ook in hulle aansoeke verwys daarna dat hulle aansoek gedoen het vir ‘n pos in die Geheime Diens.²⁶ In sekere skrywes vanaf die Staatsprokureur se kantoor aan J.F. de Beer, wat as Taylor se tussenganger opgetree het, word na Taylor as geheime speurder verwys.²⁷ Op die omslag van die persoonslêer wat vir Taylor bygehou was, word sy pos as “Geheime Speurdienaar” aangedui en was hy uit die begrotingspos “Geheime Dienst” vergoed.²⁸ Dit dui daarop dat Esselen reeds so vroeg as Junie 1894 ‘n sogenaamde “Geheime Diens” gehad het. Dit was egter nie duidelik van die Speurdiens te onderskei nie. Aan die begin van 1895 het die terminologie, wat deur die speurders gebruik is, verwarrend begin raak.

Die Staatsprokureur se kantoor het alle inligting gekoördineer, verwerk en verdere opdragte uitgereik. Esselen het dan op grond van sy waardering en verwerking van feite, ander staatsdepartemente getaak om verdere inligting te bekom. ‘n Gerug het

24 SP 81, Verskeie magtigingsdokumente onderteken deur Trimble vanaf Febr. 1895 - Nov. 1895.

25 E. Rosenthal, “Geheime Diens” in *The Nongqai*, Augustus 1927, p. 762.

26 SP 61, SPR 1420/95, A.C. Walker - Staatsprokureur, 18.2.1895.

27 SP 462, Staatsprokureur - J.F. de Beer, 23.4.1895, p. 92.

28 SP 238, Omslag van lêer vir William Taylor.

onder andere sy kantoor in 1894 bereik dat meer as 2 000 gewere te Kaapstad ontskep is wat vir die ZAR bedoel was.²⁹

Sy kantoor het skrywes in hierdie verband aan die Inspekteur-generaal van Invoerregte, die Kommandant-generaal te Pretoria en die hoof van die Speurpolisie in Johannesburg gerig waarin hulle versoek is om op die uitkyk daarvoor te wees.³⁰ Deur hierdie optrede het die Staatsprokureur se kantoor begin om nie net bloot inligting in te win nie, maar om dit ook te verwerk en om dit tot voordeel van die ZAR aan te wend. Aangesien Esselen op daardie tyd stip slegs oor twee voltydse tipiese geheime agente beskik het, het hy egter geen keuse gehad nie as om ander staatsdepartemente in belang van staatsveiligheid te betrek.

Dit wil ook voorkom of Esselen aan die einde van 1894 reeds deur middel van dr. W.J. Leyds as Staatsekretaris, buitelandse bande aangeknoop het, wat sy departement met spioenasie behulpsaam sou wees. Só het hy hyvoorbeeld die hoof van die Speurpolisie, Ferguson, ingelig dat 'n sekere aktivis, Paul Reclus, onder 'n vals naam, G. Paul, met 'n boot, die *Spartan*, na Kaapstad op pad was. Hy het Ferguson versoek om die persoon dop te hou wanneer hy in die ZAR aankom.³¹ Hierdie inligting het Esselen in 'n persoonlike skrywe vanaf Leyds gekry wat toe reeds in Europa werksaam was.³² Alle inligting wat onder Leyds se aandag gekom het, is derhalwe na Esselen se departement verwys wat daarop neergekom het dat Leyds nie 'n "geheime diens" op sy eie bedryf het nie. Dit is in teenstelling met verskeie skrywers uit daardie tyd wat die stigting en beheer van die geheime diens van die ZAR aan Leyds toeskryf. Blackburn en Caddell wys onder andere ook daarop dat:

The secret service introduced by Dr. Leyds mainly took a perfectly legitimate form: that of defending the Republic from the prejudicial attacks and criticisms which appeared from time to time in the British and Continental Press, and "writing up" the country.³³

29 SP 462, Staatsprokureur - Inspekteur Generaal van Invoerregte, 26.10.1894, p. 64.

30 SP 462, Staatsprokureur - Kommandant Generaal, 26.10.1894, p. 65, Staatsprokureur - Hoof van die Speurpolisie Johannesburg, 6.11.1894, p. 66.

31 SP 462, Staatsprokureur - Hoof van Speurpolisie, 6.11.1894, p. 67.

32 SP 58, Staatsekretaris - Staatsprokureur, 5.10.1894.

33 D. Blackburn and W. Caddell, *Secret Service in South Africa*, p. 243.

Wat wel waar is, is dat Leyds vanaf 1899, net voor en net na die uitbreek van die Anglo- Boereoorlog as gesant van die ZAR in Europa, spioene in Europa en Amerika ontplooi het. Hulle take het veral gesentreer rondom die invoer van wapens en wapentuig na die ZAR en die dophou van hawens. Wat wel waar kon gewees het, was dat Leyds 'n invloed kon gehad het op Esselen om 'n geheime diens tot stand te bring.³⁴ Wat egter duidelik na vore kom uit korrespondensie tussen Leyds en Esselen se kantore, is dat hulle baie nou saamgewerk het en gereeld met mekaar oor staatsveiligheidsake geskakel het.³⁵

Die vervoer van wapens en wapentuig na die ZAR, ter voorbereiding van 'n moontlike opstand, was vir Esselen 'n bron van kommer. Gedurende Augustus 1894 het die Staatsekretaris die Staatsprokureur ingelig dat Magato, kaptein van die Venda,³⁶ diamante in die Soutpansbergdistrik geruil het vir 'n Maxim-kanon wat reeds vanaf die ooskus na Soutpansberg op pad was. Leyds het Esselen in dieselfde skrywe versoek om voorstelle te doen in verband met die saak. Hy het ook 'n koerantuitknipsel van *The Star* vir hom ingesluit waarin melding van die smokkelhandel in wapens in die Soutpansberg-distrik gemaak is.³⁷ Taylor het in dieselfde tyd berig dat hy vermoed het dat wapens vir die *Rand Rifle Association (RRA)* ook deur die Portugese gebied tot by Magato ingesmokkel is en daarna na Johannesburg gebring is.³⁸

Om die probleem van smokkelhandel in wapens en ammunisie deur Magato die hoof te bied, is aanbeveel dat 'n *spesiaal geheime politie corps*, onder bevel van C.G.S. Sandberg, opgerig word.³⁹

34 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek, in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), pp. 191-229.

35 SP 58, Verskeie skrywes vanaf Staatsekretaris aan Staatsprokureur bv. GR 559/94 gedateer 6.10.1894 i.v.m. 'n Franse aktivis Paul Rechus, GR 538/94 gedateer 22.10.1894 i.v.m. Dr. Neumann *alias* Zalewski.

36 J.H. Coetzee, "Magato", in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, III, p. 576.

37 SP 58, Staatsekretaris - Staatsprokureur, 8.8.1894, p. 68.

38 SP 238, Taylor - Staatsprokureur, 4.8.1894.

39 SP 58, GR 420/94, Skrywe Sandberg - Staatsprokureur, 14.8.1894.

Hierdie saak het só 'n hoë prioriteit by die owerheid geniet dat 'n Geheime Uitvoerende Raadsbesluit⁴⁰ geneem is waarvolgens 'n bedrag van £100 gemagtig is om die insmokkel van die Maxim-kanon te ondersoek. 'n Paar weke later sou die Uitvoerende Raad 'n verdere bedrag van £100 magtig waarmee smokkelhandel in vuurwapens vanuit Lourenco Marques hokgeslaan moes word.⁴¹ C.G.S. Sandberg het in 1889 vanaf Java na die ZAR gekom. Hy het sy loopbaan as tydelike klerk in die kantoor van die Staatsekretaris begin. In 1890 het hy 'n kleiminspekteur op die Selati-goudveld geword waarna hy vanaf 1894 tot 1899 agtereenvolgens sekretaris vir Staatsekretarisse W.J. Leyds en F.W. Reitz, was.⁴²

Sandberg het Esselen se sekretaris, Rorke, versoek om hom aan te stel as Vrederegter van die ZAR sodat hy 'n sekere persoon, genaamd L. Gates, wat hom op sy ekspedisie moes vergesel, kon insweer in Pietersburg.⁴³ Vanaf September 1894 tot en met begin Desember 1894 sou Sandberg op 'n gereelde basis vanuit Leydsdorp aan die Staatsprokureur se kantoor verslag doen. Telegramme wat hy aan die Staatsprokureur se kantoor gestuur het, is geënkripteer of in kode terwyl hyself die kodenaam, *Manager*, gebruik het.⁴⁴

Die aanstelling van Sandberg en sy opdrag om die smokkelroete in vuurwapens na Magato te ondersoek, was 'n *ad hoc*-aanstelling en het nóg by die Speurdiens nóg by die Geheime Diens ingepas. Dit het egter in die breë sin van staatsveiligheid ingepas wat een van die Staatsprokureur se verantwoordelikhede was.

Sandberg het sy spioenasietaak op 'n baie professionele wyse beplan en uitgevoer. Hy het eerstens een van die stamhoofde, Sokororo, dié se seun, ene Dieös, besoek en hulle oorreed om in die omgewing van "Palabora" te gaan spioeneer om die smokkelroete vanaf Lourenco Marques na Magato, vas te stel. Dit sou geen agterdog wek indien van die plaaslike bevolking as spioene sou optree nie.

40 URN (Geheim), Art. 12, 20.9.1894, p.11.

41 URN (Geheim), Art. 16, 17.10.1894, p.12.

42 J.W. Ploeger, "Christoph George Sigismund Sandberg" in C.J. Beyers en J. L. Basson (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, p. 714.

43 SP 58, Sandberg - Rorke, Pretoria, 2.9.1894, p.79.

44 SP 58, BB 3/94, p.117.

Sandberg het Sokororo verder meegedeel dat hy in opdrag van die President van die ZAR gekom het en 'n stuk grond aan hom belowe wat vir 'n "lokasie" benut sou kon word. Sokororo het ingestem om saam te werk.⁴⁵ Uit van die telegramme⁴⁶ vanaf Sandberg aan die Staatsprokureur se kantoor, kan afgelei word dat Sokororo sy eie spioene vir die taak in diens geneem het. Sandberg het verder gereeld 'n gedetailleerde rekening aan die Staatsprokureur se kantoor vir al sy uitgawes gestuur.⁴⁷ Hierdie goeie beheer en kontrole rondom die aanwending van geheime fondse, was deurentyd kenmerkend van Esselen se administrasie. Die uiteinde van hierdie ekspedisie van Sandberg was nie heeltemal suksesvol nie. By die Olifantsrivier het Sandberg die smokkelaars aan die oorkant van die rivier gesien maar kon hulle nie vastrek nie.⁴⁸

Sandberg is later - Augustus-September 1895 - ook gebruik om in die geheim 'n opname van 'n konsessie terrein van die firma Seemann en Eiffe, te gaan maak. Die opdrag het behels dat hy die bevaarbaarheid van die Ubelosi-rivier moes vasstel. Verder moes hy bepaal of daar 'n gemaklike roete oor die Lebomboberge na die ZAR was. Sandberg is vergesel deur 'n voormalige Staatsprokureur, E.J.P. Jorissen. Hulle moes hulleself voordoen as jagters en is deur die ZAR se Konsul-generaal in Lourenco Marques, G. Pott bygestaan.⁴⁹

Aan die begin van 1895 het Esselen vir J.F.E. Markus, Kommissaris van Polisie in Bloemfontein, versoek om die firma Barsdorff in Kroonstad dop te hou. Esselen se vermoede was dat hierdie firma by die smokkel van vuurwapens na die ZAR betrokke was.⁵⁰ Die feit dat hy die vrymoedigheid gehad het om hierdie versoek te rig, het gedui op gesonde bande tussen die ZAR en die Oranje Vrystaatse Republiek se veiligheidsdienste wat reeds bestaan het.

45 SP 58, Rapport: Sandberg - Staatsprokureur, Leysdorp, 20.9.1894.

46 SP 58, Telegram: Sandberg - Rorke, 4.12.1894.

47 SP 58, SPR 1361/94, 11.10.1894.

48 C.G.S. Sandberg, *Twintig jaren onder Krugers boeren in voor- en tegenspoed*, p. 135.

49 *Ibid.*, pp. 145-146.

50 SP 462, Staatsprokureur - Hoof van Polisie Bloemfontein, 9.1.1895, p. 78.

Vanaf Augustus 1894 het geheime agent Howcroft skielik kodes in sy verslae aan die Staatsprokureur begin gebruik.⁵¹ Alle name van persone in sy verslae is gekodeer tot en met sy verslag op 25 Augustus 1894 toe hy weer sy verslae in normale taal ingedien het. Alhoewel hy geen rede vir die verandering gegee het nie, was dit waarskynlik dat hy 'n vermoede gehad het dat sy verslae onderskep word. Trouens, enkripterling was lank reeds 'n tipiese gebruikswyse deur geheime dienste ter wille van sekerheid.

Howcroft het weekliks vanuit Pretoria aan Esselen verslag gedoen. Hy het homself as agent so geloofwaardig ingegrawe in die Uitlander-geledere dat Abercrombie hom later gebruik het om vergaderings vir die *Uitlander Association* te reël.⁵² Howcroft is ook deur Esselen as goudspeurder benut om die smokkelhandel in goud te help ontrafel.⁵³ Dit was 'n tendens in die Staatsprokureur se departement dat daar soms nie 'n onderskeid tussen take vir geheime agente en take vir speurders getref is nie. Howcroft se eerste ongeveer 25 verslae vanaf einde Junie 1894 tot en met 10 Augustus 1894 het merendeels oor die politieke klimaat en verskillende Engelse organisasies se doelwitte in Pretoria gehandel. Die feit dat hy hierna oor o.a. smokkelhandel in goud begin rapporteer het, kon beteken dat Esselen hom sodanig getaak het. Vir Esselen was die opspoor van skuldiges in verband met die onwettige goudhandel hoë prioriteit en Esselen het ook baie aandag aan die hersiening van die Goudwet gegee.⁵⁴

In 'n skrywe aan Esselen aan die begin van November 1894, het Howcroft die Staatsprokureur versoek om sy dienste in Pretoria te beëindig en om hom na Johannesburg oor te plaas.⁵⁵ Hy het persoonlike huislike omstandighede aangegee as sy hoofrede vir die versoek. Howcroft is waarskynlik nie in Johannesburg in diens geneem nie want geen verdere verslae is van hom ontvang in die kantoor van die Staatsprokureur nie.

51 SP 238, Verslag no.23, Howcroft - Staatsprokureur, 3.8.1894.

52 SP 238, Verslag no.22, Howcroft - Staatsprokureur, 2.8.1894.

53 SP 238, Verslag, Howcroft - Staatsprokureur, 24.8.1894.

54 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 173.

55 SP 238, Skrywe Howcroft - Esselen, 1.11.1894.

‘n Verdere aspek wat van belang was vir die inligtinggemeenskap van die ZAR, was die identifisering en dophou van sekere individue wat as aktiviste in die Uitlandergemeenskap opgetree het. Een so ‘n persoon, wat deur die Hoof van die Speurpolisie in Johannesburg onder die Staatsprokureur se aandag gebring is, was ene Darrel Smith.⁵⁶ Smith is as ‘n “staatkundige oproermaker” deur Trimble beskryf en hy was van plan om ‘n agitatie teen die Krugerregering op tou te sit.⁵⁷

2.3 George William Taylor *alias* Josef se rapporte gedurende 1895

G.W. Taylor het in die loop van 1895 oor verskeie relevante sake gerapporteer. Dit het gegaan oor die politieke klimaat, politieke organisasies wat gestig is, politieke aktiviste wat hy geïdentifiseer het, die verspreiding van vuurwapens en die revolusionêre klimaat wat geheers het. Wat die verspreiding van vuurwapens betref, het hy alreeds gedurende Februarie 1895 daarop gewys dat tussen 330 en 350 wapens aan die Witwatersrand opgestapel was. Hy het ook gemeld dat 270 van hierdie vuurwapens aan die westekant van Johannesburg, veral in die rigting van Krugersdorp, versprei is.⁵⁸ Hierdie feit was insiggewend aangesien die Jameson-inval ook uit hierdie rigting sou plaasvind. Gedurende Augustus 1895 het Taylor gerapporteer dat die *Rand Rifle Association (RRA)* baie aktief is en goed bewapen was met goeie kaliber gewere.⁵⁹

Taylor het ook gewaarsku dat die doeanebeamptes op die Johannesburgstasie nie bagasie van passasiers behoorlik vir wapens deursoek het nie.⁶⁰ Dit het hom laat vermoed dat vuurwapens maklik op dié wyse die land kon binnegekom het. Gedurende Mei 1895 het hy verslag gedoen oor die vermeerdering van die *RRA*-vuurwapens, veral in die omgewing van Krugersdorp.⁶¹ Die swak beheer oor wapens,

56 SP 58, SPR 32/94, Skrywe Trimble - Staatsprokureur, 12.12.1894.

57 SP 58, SPR 1/95, Skrywe Trimble - Staatsprokureur, 9.1.1895.

58 SP 238, Verslag no. 31, Taylor - Staatsprokureur, 24.2.1895.

59 SP 238, Verslag no. 63, Taylor - Staatsprokureur, 24.8.1895.

60 SP 238, Verslag no. 40, Taylor - Staatsprokureur, 31.3.1895.

61 SP 238, Verslag no. 50, Taylor - Staatsprokureur, 26.5.1895.

wat per trein vanaf die Kaap kon inkom, het voortgeduur. Taylor het weer eens in Augustus 1895 die Staatspresident se aandag daarop gevestig.⁶²

Die insmokkel van vuurwapens na Johannesburg was deel van Rhodes se beplanning. Die bewapening van die Uitlanders moes soortgelyk aan die van die Boerekommando's wees.⁶³

In daardie stadium was Rhodes se planne reeds ver gevorder. Hy en Alfred Beit het gedurende samesprekings in Junie 1895 te Kaapstad ooreengekom dat die kapitaliste die Uitlander-beweging sou steun. Verder is ooreengekom dat die kapitaliste die opstand sou finansier en dat 'n gewapende mag op die westelike grens geplaas moes word.⁶⁴ Hierdie beplanning het gestrook met die verslae van Taylor. Hy het onder andere verwys na vuurwapens wat meer na Krugersdorp in die weste se kant, gestapel was.

Taylor het ook redelik akkuraat gespioeneer en snuf in die neus begin kry oor die moontlikheid van 'n opstand. Hy het ook verwys na die verbintenis met Rhodes in dié verband. So het hy gerapporteer dat 'n sekere Schuitma hom meegedeel het dat Rhodes agente in Johannesburg gehad het wat die Rhodes-kliek se belange bevorder het. Dieselfde Schuitma het hom ook meegedeel dat hy ten volle op die hoogte was van die personeel en werkswyse van die Geheime Diens van die ZAR.⁶⁵ Hierdie vermoede van Taylor was verder bevestig deur 'n verslag van Trimble waarin hy op sy beurt gemeld het dat 'n voormalige offisier van *H.M.'s troepen* hom gewaarsku het dat:

Er werd hier gefluisteren van een opstand onder de Europeanen... omtrent de mogelijkheid van eenen opstand tegen het Government.⁶⁶

'n Verdere bewys dat Taylor sy vinger op die pols gehad het, was die feit dat hy gedurende die middel van Junie 1895 gerapporteer het dat die Engelse party hulleself

62 SP 238, Verslag no. 63, Taylor - Staatsprokureur, 24.8.1895.

63 R. I. Rotberg, Who was responsible ? Rhodes, Jameson and the raid in J. Carruthers (Red.), *The Jameson raid: A centennial retrospective*, p. 138.

64 J. van der Poel, *The Jameson raid*, p. 41.

65 SP 238, Verslag no. 44, Taylor - Staatsprokureur, 28.4.1895.

66 SP 58, SPR 1/95, Trimble - Staatsprokureur, 8.1.1895.

in die geheim in groepe of assosiasies georganiseer het om later 'n plan uit te voer om president Paul Kruger, as President, met 'n persoon van hulle eie keuse te vervang. Groot bedrae geld sou in bankrekenings belê word wat gebruik sou word om die plan uit te voer.⁶⁷

Hierdie gerugte het ook op straatvlak rondgelê en het saamgeval met Phillips se lang besoek aan Rhodes in die Kaap. Phillips het verklaar dat in daardie stadium nêthyself, Rhodes, Frank Rhodes, John Hays Hammond, dr. Jameson en een of twee ander van die beweging geweet het. Daar is in daardie stadium reeds oor die kern van die plan besluit.⁶⁸

Gedurende Augustus 1895 het Taylor die volgende belangrike en insiggewende inligting aan Esselen gerapporteer:

During a conversation which I had with Newby Fraser on Wednesday last he told me that an association was being formed here in Johannesburg and at Pretoria the object of which is to either give the Uitlander the full franchise or to raise a revolution.⁶⁹

In sy verslag die volgende week, het hy gerapporteer dat hy vasgestel het dat die leiers van die beweging besluit het om Newby Fraser en nog 'n persoon na Rhodes in die Kaap te stuur om vas te stel wat sy bedoelings met die beweging was.⁷⁰ Taylor het dus alreeds ongeveer vier maande voor die Jameson-inval vir Rhodes begin verbind met 'n moontlike opstand aan die Witwatersrand.

In die omstredeheid rondom die sluiting van die driewe, het Taylor ook lank voor die tyd voorsien dat politieke konfrontasie sou kom. In Augustus 1895 het die Krugerregering 'n proklamasie uitgevaardig om toe te sien dat Viljoensdrif en Zanddrif aan die Vaalrivier met ingang 1 Oktober gesluit sou word. Die bedoeling was om die ossewaverkeer, wat op die tariefverhoging tussen die Vaalrivier en die Witwatersrand begin is, stop te sit. Hierdie besluit van die Krugerregering het

67 SP 238, Verslag no. 53, Taylor - Staatsprokureur, 15.6.1895.

68 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 24.

69 SP 238, Verslag no. 61, Taylor - Staatsprokureur, 10.8.1895.

70 SP 238, Verslag no. 62, Taylor - Staatsprokureur, 17.8.1895.

geweldige reaksie uitgelok.⁷¹ Taylor het ook in sy verslae na die ontevredenheid op grondvlak verwys. Volgens hom het die *Chamber of Commerce* en die *Mercantile Association* 'n gesamentlike vergadering gehou waar sprekers soos Tudhope en Phillips opgetree het.⁷² Hy het dan ook gewaarsku dat met die huidige gespanne politieke klimaat as gevolg van die sluiting van die driewe dit ernstige probleme enige tyd kon veroorsaak.⁷³ Rhodes het die drieweekrisis benut om spanning verder te laat oplaai. Op 29 Oktober 1895 het die Kaapse regering Chamberlain gevra om 'n ultimatum aan die Krugerregering oor die saak te stel.⁷⁴ Later in November, het hy gerapporteer dat die heropening van die driewe polities 'n baie positiewe uitwerking gehad het.⁷⁵

Aan die begin van November 1895⁷⁶ rapporteer Taylor dat die rewolusionêre beweging sy ontstaan eintlik in Pretoria gehad het. Volgens sy informant het die sekretaris van die beweging in Pretoria besoek gebring aan Bettington, Newby Fraser en Hillier om 'n soortgelyke beweging in Johannesburg te begin. Fraser sou Rhodes in die Kaap gaan besoek om te gaan uitvind in welke mate hy bereid was om die beweging te steun. Volgens Taylor het daar niks van die beweging in Johannesburg gekom nie. Afhangende van watter beweging Taylor melding maak, kon hy dalk korrek gewees het.

Op daardie tydstop moes daar onderskeid tussen twee groeperinge getref word volgens geheime agente. Trouens die samesweerders het self aanduidings van hierdie onderskeid te kenne gegee.⁷⁷ Fitzpatrick beskryf die politieke organisasie van die kapitaliste in 1895 as die *reform movement* en voeg dan by:

71 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog*, I, p. 257.

72 SP 238, Verslag no. 67, Taylor - Staatsprokureur, 21.9.1895.

73 TAB, SP 238, Verslag no. 70, Taylor - Staatsprokureur, 12.10.1895.

74 D.O. Rhodie, *Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895 - 1896*, (MA, UP, 1958), p. 35.

75 SP 238, Verslag no. 74, Taylor - Staatsprokureur, 9.11.1895.

76 *Ibid.*

77 D.O. Rhodie, *Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895 - 1896*, (MA, UP, 1958), p. 39.

The other elements were represented by Mr. Charles Leonard, the chairman of the National Union, and one or two other prominent members of that body.⁷⁸

Die sogenaamde *reform movement* is verder regstreeks met die samesprekings met Rhodes by Groote Schuur verbind. Ook mev. Phillips het 'n definitiewe onderskeid getref tussen die *National Union* en die *reform movement* wat hulleself tot geheimhouding laat sweer het.⁷⁹

Charles Leonard het dus in sy persoonlike hoedanigheid by Rhodes se *reform movement* aangesluit. Die bekende manifest deur hom uitgereik, was dus nie 'n *National Union* - manifest nie, maar 'n *reform party*-manifest. Een van die punte waarvoor protes aangeteken is in die manifest was "The Secret Service Fund" en die beswaar is as volg bewoord:

When we come to the administration, we find that there is the grossest extravagance, that Secret Service moneys are squandered....⁸⁰

Dit is duidelik dat die aanwending van geheime fondse vir Leonard en sy ondersteuners 'n doring in die vlees was.

Die Rhodes-groep se eerste stap was om 'n geheime komitee te stig wat onder meer bestaan het uit Lionel Phillips, Charles Leonard, kolonel Frank Rhodes en John Hays Hammond. Hierdie was die voorloper van die Johannesburgse *Reform Committee*. Leonard as voorsitter van die *TNU*, was dus tegelykertyd leier van 'n wettige politieke organisasie, met konstitusionele metodes, en lid van 'n onwettige sameswering met geweld as metode.⁸¹

Die vraag was in hoe 'n mate Esselen as Staatsprokureur akkuraat op die hoogte gehou is oor die komplot wat in September 1895 gefinaliseer is. 'n Verdere kritiese

78 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 121.

79 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895 - 1896, (MA, UP, 1958), p. 39.

80 C. 7933, Correspondence of the Recent Disturbances in the South African Republic, Presented to both Houses of Parliament by Command of her Majesty, February 1896, p. 67.

81 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895 - 1896, (MA, UP, 1958), pp.38 - 40.

vraag was in hoe 'n mate die Staatsprokureur se kantoor die informasie verwerk het om 'n korrekte inligtingsprentjie te voorsien oor die aard en intensiteit van die bedreiging teen die ZAR.

Gedurende September 1894 het dr. Jameson Johannesburg besoek en daar is oor die volgende ooreengekom:

The arrangements with Dr. Jameson were made with him in person. During the month of September he visited Johannesburg, and it was then agreed that he should maintain a force of some 1 500 mounted men fully equipped, a number of Maxims, and some field artillery and that he was in addition to this, to have with him 1 500 spare rifles and a quantity of spare ammunition, and that about 5 000 rifles, three Maxim guns, and 1 000 000 rounds of ammunition were to be smuggled into Johannesburg. It was calculated that in town itself there would be, perhaps 1 000 rifles privately owned. Thus, in the event of a junction of forces being effected, Johannesburg would be able to command about 9 000 armed men, with a fair equipment of machine-guns and cannon. Nor was this all, for on the original plan it was intended to seize the fort and magazines at Pretoria.⁸²

Wat die insmokkel en die stapeling van vuurwapens veral onder die dekmantel van die *Rand Rifle Associations (RRA)*, beide in Johannesburg en Pretoria betref, het sowel Taylor as Howcroft verslag gedoen. Hulle het gerapporteer dat 'n geleidelike toename in vuurwapens in die Witwatersrand aan die gang was. Taylor het so vroeg as Augustus 1894⁸³ snuf in die neus begin kry oor die *RRA* en gedurende Februarie 1895⁸⁴ begin om hoeveelhede vuurwapens te noem wat veral lede van die *RRA* in hulle besit gehad het. Hy het deurlopend gedurende 1895 gewaarsku dat vuurwapens onder die doeanebeamptes se neuse op die Johannesburg- stasie vanaf die Kaap ingebring word.⁸⁵ 'n Verdere belangrike feit waarop hy gewys het, was die feit dat die wapens grootliks aan die westelike kant van Johannesburg versprei word. Dit

82 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 123.

83 SP 238, Verslag no. 22, Taylor - Staatsprokureur, 4.8.1894.

84 SP 238, Verslag no. 31, Taylor - Staatsprokureur, 24.8.1895.

85 SP 238, Verslag no. 40, Taylor - Staatsprokureur, 31.3.1895.

moes vir Esselen 'n aanduiding gegee het dat 'n inval uit die weste verwag kon word. Taylor se inligting is ondersteun deur Howcroft wat ook gedurende Julie 1894 berig het dat wapenstapeling ook in Pretoria plaasvind en dat ene Bettington hom meegedeel het dat hy vuurwapens op groot skaal uit Europa laat inbring het.

Vanaf Julie 1894 tot en met November 1895 het Taylor as geheime agent 76 rapporte vanaf Johannesburg gestuur en Howcroft 31 rapporte tot en met die begin van November 1894. In talle van hierdie rapporte is deurentyd melding gemaak van die invoer van wapens. Al hierdie inligting moes voldoende bewys vir die Krugerregering gewees het dat 'n moontlike wapenopstand of inval aan die orde was.

Die feit dat die magasyn te Pretoria, as deel van die plan beset moes word, het Howcroft alreeds gedurende Junie 1894 na verwys.⁸⁶ In die fort was ongeveer 10 000 vuurwapens en 12 000 000 patrone.⁸⁷ Tydens die Jameson-inval was die plan om die wapenarsenaal in Pretoria aan te val ook laat vaar, moontlik omdat die toestroming van kommando's na Pretoria hulle afgeskrik het.⁸⁸ 'n Verdere saak waaroor die agente redelik akkuraat gerapporteer het, was die moontlikheid van 'n opstand van een of ander aard onder die Uitlanders.

Daar is min dokumentêre bewys oor die Krugerregering se reaksie op al die inligting wat hulle bereik het. Een van die moontlike redes vir die toedrag van sake was waarskynlik die feit dat Esselen mondeling met die Staatssekretaris, die Kommandant-generaal en die Kommissaris van Polisie oor staatsveiligheidsake, gekommunikeer het. Hierdie wyse van kommunikasie was 'n normale verskynsel binne inligtingsdienste en die ZAR was nie 'n uitsondering nie.

Die Geheime Uitvoerende Raadsnotule gee egter 'n aanduiding dat die Krugerregering wel in terme van fondse wat vir geheime dienste bewillig is, op al die inligting wat by die Staatsprokureur se kantoor versamel is, gereageer het. Verskeie bedrae van £1 000 is vanaf die middel van 1894 bewillig vir geheime dienste en uitbetaal. Hierdie tendens val saam met die tydperk wat Esselen se eerste geheime

86 SP 238, Verslag no. 4, Howcroft - Staatsprokureur, 28.6.1894.

87 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, p. 123.

88 W.J. du Plooy, Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895 - 1896, (MA, UP, 1958), p. 67.

agente begin rapporteer het. Die grootste enkele bedrag wat vir geheime diensdoeleindes bewillig is, was £7 000 gedurende Augustus 1895.⁸⁹

*The Star*⁹⁰ het gedurende Julie 1894 berig:

A Secret Session: Immediately after the members of the first Raad this morning the Press, entered accompanied by Mr. Esselen and Dr. Leyds. The former asked the Raad to go into secret session, and the galleries were accordingly cleared.

Hierdie sitting het plaasgevind in die maand net nadat Esselen sy eerste geheime agente aangestel het en hom op staatsveiligheidsake begin instel het. Een van die redes waarom daar nie groter reaksie van die regering se kant op al die inligting vanaf die Staatsprokureur se kantoor was nie, kan moontlik wees as gevolg van die wantroue wat daar teenoor Esselen bestaan het. Dit het veroorsaak dat sekere Volksraadslede ook geweier het om befondsing van die Geheime Diens te steun.

2.4 Gebeure voor en tydens die Jameson-inval

Die bedanking van Esselen⁹¹ as Staatsprokureur op 14 November 1895, slegs twee maande voor die Jameson-inval, was 'n geweldige terugslag vir die geheime diens in wording. Verder het sy bedanking 'n onderbreking in die invloei van inligting op 'n kritieke stadium veroorsaak. Trimble was aanvanklik gedurende November 1894 op 'n tydelike basis deur Esselen as hoofspeurder aangestel. Trimble se aanstelling was egter 'n slim set van die regering om die Uitlanderkritiek oor die onbekwaamheid van die Speur- en Polisie diens te probeer hoksla.⁹² Desnieteenstaande het wantroue vanuit sekere regeringskringe egter deurentyd geheers teenoor Trimble en sy hoof, Esselen. Dit was 'n uiters ongesonde situasie ten opsigte van die staatsveiligheidstoestand wat langsaam aan die ontwikkel was. Omdat Esselen in

89 TAB, URN (Geheim), Art. no. 25, 28.8.1895.

90 *The Star*, 6.7.1894.

91 J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster 1865 - 1899 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 52, 1989, p. 148.

92 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p.166.

beheer van die staatsdepartement was wat die staat se veiligheid moes beskerm, het die wantroue onhoudbaar geword. Verder was hy ook in beheer van die staat se geheime diens al was dit baie klein. Taylor het verskeie kere hierdie aangeleentheid onder Esselen se aandag gebring. Dit het op teen-spioenasie neergekom. Gedurende Desember 1894⁹³ het hy gemeld dat daar spanning tussen Trimble en van sy kollegas heers. 'n Sekere landdros Van der Berg het byvoorbeeld nie Trimble se gesag en aanstelling aanvaar nie. Gedurende Februarie het Taylor in 'n spesiale verslag gemeld dat daar 'n petisie teen Trimble opgetrek word.⁹⁴ Volgens sy inligting het landdros Van der Berg en speurder Ferguson agter die petisie gesit en het dit nie werklik oor Trimble se onbekwaamheid gegaan nie. Dit was 'n poging om Trimble by die algemene publiek in onguns te bring.

Om sake te vererger, het Taylor⁹⁵ kort hierna gerapporteer dat 'n petisie ook teen Esselen opgestel is en aan die Uitvoerende Raad oorhandig sou word. Een van die sake wat genoem is, was dat Esselen homself omring het met Rhodes-mense wat nie vertrou kon word nie. Die feit dat 'n agent soos Taylor bereid was om die tipe sake onder Esselen se aandag te bring, het daarop gedui dat daar wedersydse vertroue tussen hulle was en dat daar niks aan Taylor se lojaliteit teenoor die Staatsprokureur en kollegas gekort het nie.

Gedurende April 1895⁹⁶ is dit weer eens onder Esselen se aandag gebring dat 'n sekere Marthinus Kok, asook speurders Donovan en De Vries, 'n agitatie aan die gang gesit het om te verhoed dat Trimble se tydelike aanstelling as permanent deur die regering bekragtig word. Gedurende November rapporteer hy dat die publiek aan die praat is oor die feit dat Trimble se aanstelling nie bekragtig is nie.⁹⁷ Hy het ook gemeld dat die Ueckerman- groepering daarop aanspraak maak dat dit deur hulle toedoen was dat die aanstelling nie gemaak is nie.

93 SP 238, Verslag no. 23, Taylor - Staatsprokureur, 29.12.1894.

94 SP 238, Spesiale verslag, Taylor - Staatsprokureur, 3.2.1895.

95 SP 238, Spesiale verslag, Taylor - Staatsprokureur, 17.2.1895.

96 SP 238, Verslag no. 42, Taylor - Staatsprokureur, 14.4.1895.

97 SP 238, Verslag no. 75, Taylor - Staatsprokureur, 17.11.1895.

Op daardie kritieke stadium was alles binne die Speurdiens ook nie pluis nie. Weens verskeie redes soos oorwegings van staatsveiligheid, dissiplinêre vergrype van Trimble, botsings tussen hom en sy kollegas en selfs moontlike wrywing en agterdog tussen Kruger en Esselen, is Trimble ontslaan en het Esselen bedank.⁹⁸ Esselen het sy ontslag op 14 November 1895 geneem en as hoofrede aangevoer die feit dat die Uitvoerende Raad nie vir Trimble tot naturalisasie uitgenooi het nie.⁹⁹

Die skielike en onverwagse bedanking van Esselen as Staatsprokureur blyk uit die feit dat Taylor aan dr. Schagen van Leeuwen as waarnemende staatsprokureur, verduidelik het:

(A) year and a half ago I was appointed as a Secret Detective in this place and certain arrangements were made and certain instructions given me by Mr. Esselen as to what my duties were and through what channel I was to send in my reports. It was also arranged that none of my communications were to be signed but simply numbered. Mr. Esselen having resigned... I have not received any instructions with regard to the matter. I have the honour therefore to respectfully beg that you will instruct me how to act in this matter especially as in the present state of political situation very serious developments may at any time occur.¹⁰⁰

Hierdie verslag van Taylor is tiperend van die situasie wat binne veiligheidsgeledere geheers het in 'n stadium toe die Geheime Diens absoluut moes fokus op die groeiende komplot teen die staat. Dat Taylor kon aanvoel dat sy tipe dienste in daardie stadium onontbeerlik was, blyk uit die laaste sinne van sy verslag. Die afleiding kan ook gemaak word dat hy 'n vermoede gehad het van die gewapende opstand, later bekend as die Jameson-inval.

Dit is tragies dat deur onderlinge twiste, gebrek aan samewerking, weerspannigheid, wantroue en nog vele ander persoonlike faktore, die Speur- en Geheime Diens aan die begin van Desember 1895 feitlik tot stilstand gebring is. Indien Trimble ontslaan is

98 G.N. van den Bergh, *Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 178.

99 TAB, UR 73, Art 775, 13.11.95, pp. 4 - 5.

100 SP238, Verslag no. 76, Taylor - Waarnemende Staatsprokureur, 22.11.1895.

omdat sy integriteit onder verdenking was, is hy verontreg.¹⁰¹ Skrywers soos Colvin¹⁰² beweer egter dat Trimble glad nie geweet het van die beplande inval deur Jameson nie. Hofmeyr¹⁰³ beweer egter dat Trimble van die begin af verdag voorgekom het en beskou is as 'n "Rhodes-agent". Te oordeel aan die werk wat Trimble gedoen het, wil dit tog blyk dat hy goeie intelligensie professioneel hanteer het en die dislojaliteit nooit bewys is nie.

Adv. Esselen moet ook bo verdenking geplaas word.¹⁰⁴ Die opstandleiers het tot die gevolgtrekking gekom dat hy 'n "too rabid Afrikaner" was om verraad teen sy eie mense te pleeg. Hofmeyr¹⁰⁵ beweer ook dat Esselen nie by die komplot betrokke was nie. Esselen het egter ten tye van die Jameson-inval vir Kruger van sy lojaliteit teenoor die ZAR verseker.¹⁰⁶

Na die bedanking van Esselen is alle speurders, geheim en gewoon, onder beheer van die Kommissaris van Polisie, G.J. van Niekerk, geplaas.¹⁰⁷ Taylor se posisie as geheime agent was in die gedrang omdat die nuwe Staatsprokureur nie van hom bewus was nie. Dit het verduideliking van Taylor se tussenganger, De Beer, gekos om Taylor in diens te hou. Die Staatsprokureur se kantoor het De Beer per skrywe laat weet dat die kantoor Taylor vir Desember nog sou vergoed. De Beer is aangeraai om die Uitvoerende Raad te kontak om te verneem of Taylor se dienste nog verder benodig sou word.¹⁰⁸ Taylor is egter op 3 Desember uit die regering se diens ontslaan.¹⁰⁹

Die Kommissaris van Polisie moes egter oortuig gewees het van Taylor se waarde as agent want op 10 Desember 1895 is hy voor Van Niekerk ingesweer as *speurdienaar*

101 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 179.

102 J. Colvin, *The life of Jameson*, Deel 11, p. 88.

103 N.J. Hofmeyr, *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval*, p. 154.

104 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 179.

105 N.J. Hofmeyr, *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval*, p. 155.

106 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 180.

107 *Ibid.*, p. 188.

108 SP 462, Skrywe Thos. Theron namens Staatsprokureur - De Beer, 5.12.1895.

109 SP 880, Volg no. 1, GR462/95, 7.12.1895.

*der Zuid-Afrikaansche Republiek (tydelijk).*¹¹⁰ Dit is nie duidelik waarom hy slegs in 'n tydelike hoedanigheid aangestel is nie. Dit het waarskynlik verband gehou met die wolk van onsekerheid waaronder Esselen sy pos ontruim het. Op 15 Desember het hy weer sy eerste verslag aan sy nuwe hoof, die Kommissaris van Polisie, onder die kodenam "Josef" gestuur.

Teen die begin van Desember 1895 was daar genoeg getuienis vir die Krugerregering ter hand dat 'n gewapende opstand of inval aan die kom was. Tog het daar 'n groot gerustheid in Pretoria geheers.¹¹¹ Kruger het wel 'n vermoede gehad dat iets aan die broei was. Só het hy byvoorbeeld al gedurende September aan 'n joernalis van die *St. James Gazette* gevra waarom die *Chartered Company* honderde perde vir die *Rhodesian Horse* aankoop. Die beeld wat hy gebruik het dat hy sou wag totdat die skilpad sy kop uitsteek en dan toeslaan, wys dat Kruger werklik die erns van die situasie besef het maar nie oorhaastig wou optree nie.¹¹²

Hierdie houding en gesindheid het ook in die res van die staatsdiens geheers. Daar was geen vaste beleid vir die insameling of plan van aksie om inligting te bekom nie. Die onwilligheid in regeringskringe in Pretoria om te aanvaar dat wapens op groot skaal ingesmokkel is, kon voortgespruit het uit die feit dat soortgelyke gerugte in 1894 ongegrond was.¹¹³

Dit wil ook voorkom of Esselen die enigste senior staatsamptenaar was wat enigsins aandag aan die bedreiging teen die staat gegee het. Sy opvolger as Staatsprokureur, H.J. Coster,¹¹⁴ sowel as die Kommissaris van Polisie, Van Niekerk, was baie onervare wat hierdie tipe sake betref. Taylor se rapporte is verlê want hy moes later afskrifte daarvan aan Van Niekerk verskaf.¹¹⁵ Daar was dus geen kontinuïteit ná

110 SP 880, GR 462/95, Dokument van inswering - George William Taylor.

111 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 188.

112 D.W. Krüger, *Paul Kruger, II*, p. 159.

113 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 188.

114 J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster 1865 - 1899 in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 52, 1989, p. 149.

115 SP 882, GCPM 8/96, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 10.1.1896.

Esselen se vertrek nie. Hierdie toedrag van sake was nie bevorderlik vir die Krugerregering nie en het daartoe aanleiding gegee dat die anti-Krugergroepering die politieke inisiatief behou het. Dit is waarom iemand soos kolonel Frank Rhodes later tydens die kommissie van ondersoek na die inval op 'n vraag of die regering bewus was van die komende inval, gesê het dat hulle moontlik daarvan bewus was dat iets aan die gang was, maar bra min geweet het.

Gebeure en verwikkelinge op die Irene-landgoed buite Pretoria was uit 'n spioenasie-oogpunt ook van belang. As deel van die plan om Pretoria te oorrompel, het die *Reformers* 'n welvoorsiende voorradekamp op Irene ingerig.¹¹⁶ Dit is gedoen onder die dekmantel van "prospekteerders" wat grond aangekoop het wat strategies korrek geleë was om van daar 'n aanval op Pretoria te loods.¹¹⁷ Nóg die Geheime Diens nóg die Speurdiens het onraad hieroor vermoed. Die stasiemeester te Irene het onraad bemerk toe 20 treinwaens vanaf Mashonaland op diestasie aangekom het. Hy het hierdie feit asook die feit dat talle saels, tooms en perde daar aangekom het, telegrafies aan die Kommissaris van Polisie gerapporteer. Hy het versoek dat speurders daarheen gestuur moes word om die saak te ondersoek.¹¹⁸

Terselfdertyd het die aanwesigheid van 250 opgekoopte perde by Halfweghuis, wat later na die weste geskuif is, vermoedens verder bevestig.¹¹⁹ 'n Geheime speurder, A.H. Evans, is onmiddellik deur die Kommissaris in diens geneem en na Irene gestuur om ondersoek in te stel.¹²⁰ Die stasiemeester is versoek om al die nodige inligting aan Evans te verskaf. Die Kommandant-generaal het artilleriste langs die toegangspaaie tot Irene ontplooi. Dit was een van die eerste geleenthede waar die gebeure op die wesgrens staatsdepartemente belas met veiligheid, laat saamwerk het.¹²¹ Die "prospekteerders" te Irene is egter betyds uit hulle eie geleedere gewaarsku voordat die regeringsmagte opgedaag het want hulle het met hulle wapentuig met 'n

116 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, Publikasie no. 1, 1968, p. 7.

117 G.N. van den Bergh, Die Polisediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 192.

118 SP 880, Telegram Stasiemeester Irene - Kommissaris van Polisie, 29.12.1895.

119 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, Publikasie no. 1, 1968, p. 7.

120 SP 892, Telegram Kommissaris van Polisie - Stasiemeester Irene, 31.12.1895, p. 6.

121 G.N. van den Bergh, Die Polisediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 192.

ompad na Johannesburg teruggekeer.¹²² Die vuurwapens en ammunisie is per ossewa vanaf Irene na die Goldfields-gebou in Johannesburg teruggesmokkel. 'n Klein krygsmag onder bevel van kmdt. Abraham Malan, die skoonseun van genl. Piet Joubert, het ondersoek gaan instel maar alles was reeds verwyder.¹²³ Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat Rhodes van sy kant af vir kapt. Robert White in April 1895 opdrag gegee het om in Johannesburg en Pretoria te gaan spioeneer. Die doel was o.a. om 'n moontlike invalstroete te identifiseer. White het ook 'n beleëringsplan vir Pretoria opgestel.¹²⁴ Dit is egter net logies dat Rhodes agente tot op die laaste sou ontplooi om sy plan van aksie te beveilig.

Taylor het sy eerste verslag aan sy nuwe hoof, die Kommissaris van Polisie, op 15 Desember gestuur.¹²⁵ Daarin het hy dit genoem dat hy ondersoek sou instel na die gerugte dat vuurwapens en ammunisie by die Simmer en Jack-myn weggesteek word. Volgens hom sou die gerugte waarskynlik vals wees. Taylor het hier gefouteer in sy ondersoek. Vuurwapens is op groot skaal met treintrokke ingesmokkel onder die voorwendsel dat dit kooks is wat vir die myne bestem was. Hierdie sowat 800 vuurwapens het vanaf De Beers in Kimberley op die 26ste Desember in Johannesburg in vyf skaaptrokke aangekom. Verder was drie Maxims, 125 kaste ammunisie en 1 800 gewere in lekkende oliedromme ingebring. Om die Krugerregering en sy agente te mislei, is die dromme vanaf Kimberley na Port Elizabeth gestuur om die indruk te skep dat dit vanaf oorsee ingevoer was; hierdie manier van misleiding is alreeds op die 6 November gebruik.¹²⁶

Dit was duidelik dat beide die Speurpolisie en die enkele geheime diensagente op daardie tydstip deur Rhodes gefnuik is wat die invoer van vuurwapens betref. 'n Meer verbeeldingryke en uitgebreide veiligheidsdiens sou miskien hierdie inligting kon bekom het. Wat verder dui op die gerustheid wat geheers het, was die feit dat

122 W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson - inval*, (MA, UP, 1958), p. 67.

123 F.E. Garrett, *The story of an African crisis*, p. 145.

124 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, p. 5.

125 SP 880, Verslag no.1, Josef - Kommissaris van Polisie, 15.12.1895.

126 F.E. Garrett, *The story of an African crisis*, p. 58.

Taylor versoek het om vanaf 23 tot 27 Desember op verlof te gaan. Hierdie versoek is toegestaan en al navraag wat die Staatsprokureur se kantoor gehad het was: *Waar gaat u heen?*¹²⁷

Dit het 'n skrywe van 'n gewone lojale landsburger soos J. Vercuiel van Johannesburg gekos om die Kommissaris van Polisie se kantoor wakker te laat skrik.¹²⁸ In die skrywe, wat eers op die 24 Desember ontvang is, meld hy dat 'n groot vergadering op 27 Desember gehou sou word en dat ammunisie en gewere ingesmokkel word. Hy het ook gemeld dat honderde kiste met vuurwapens en ammunisie vermom as *negotie waren* deur die doeane-afdeling ingebring is sonder dat dit deurgesoek is. Die Staatsprokureur se kantoor het opdrag gegee dat die Hoof van die Speurpolisie in Johannesburg onmiddellik ondersoek moes laat instel.¹²⁹ Lt. De Witt Tossel, wat aan die hoof van die Speurpolisie in Johannesburg gestaan het, het feitlik die volgende dag gereageer en bevestig dat Vercuiel inderdaad reg was.¹³⁰

Taylor het in sy eerste verslag nadat hy van verlof af teruggekeer het, soos volg gerapporteer:

I have the honour to report that the situation is very serious here... meetings have been held on the Langlaagte Estate mine, on the Crown Reef mine, on the Robinson mine and the New Comet mine... all decided to go against the Government... F.H. Ferris has told me that he knows where the revolutionary party have some maxim guns stored... he will show them to me... Charles Leonard has left here for Pretoria... beg to respectfully suggest that the Government at once take steps to maintain order as people are leaving the place every day... Trimble is enlisting men for the revolutionary party... the leaders are going to hold a meeting... to decide on their plan of action.... The Germans and the Americans have

127 SP 887, Inskrywing no. 4, 23.12.1895.

128 SP 882, Brief vanaf J.Vercuiel - Kommissaris van Polisie, 19.12.1895.

129 SP 887, Inskrywing no. 6, 24.12.1895.

130 SP 882, Dekblad van lêer, GCP 6/95, Onderwerp - J. Vercuiel, 24.12.1895.

decided to support the Government and I feel confident that if a little force was shown in Johannesburg this movement would at once collapse.¹³¹

Hierdie tipe inligting het die Krugerregering skielik laat regop sit. Die Uitvoerende Raad het op 27 Desember 1895 die aanstelling van 'n geheime agent, Francis Brant, goedgekeur.¹³² Die doel van sy aanstelling was om die smokkelhandel in gewere oor die westelike grens deur die *TNU* te verhoed. Sy salaris, wat ook deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is, het £2-2-6 per dag beloop en dié van sy anonieme geheime agent £1-12 -6. Op dieselfde dag het die Uitvoerende Raad op versoek van die Kommissaris van Polisie £2 000 goedgekeur vir geheime onkoste in verband met die verslegtende politieke toestand in Johannesburg.¹³³

Op 24 Desember 1895 het die Duitse regering sy konsul in Pretoria gewaarsku dat daar moeilikheid in Johannesburg aan die broei was.¹³⁴ Von Marschall het dr. W.J. Leyds, wat toe in Duitsland was, laat kom. Von Marschall het hom daarop gewys dat Duitsland nie 'n verandering in die *status quo* van die ZAR sou duld nie.¹³⁵ Selfs uit die buiteland het die Krugerregering bevestiging gekry dat 'n inval aan die kom was.

Uit die *Kassaboek*¹³⁶ wat vir geheime dienste in die Kommissaris se kantoor aangelê is, kan afgelei word dat die fondse vanaf 28 Desember tot 31 Desember 1895 uiters effektief aangewend is. In die vier dae is 'n bedrag van £487 op geheime dienste in verband met die onluste in Johannesburg bestee. Enkele groot bedrae wat uitbetaal is, was: £75 vir lt. Tossel vir "*geh doeleinden*", £75 aan die nuut aangestelde geheime agent Frank Brant en £30 aan W. Taylor, *alias*, Josef. By al hierdie name asook dié van ander persone, soos A.H. Evans, A.J. van Niekerk en H.C. Bredell, word die

131 SP 880, Verslag no.80, Taylor (Josef) - Kommissaris van Polisie, 28.12.1895.

132 TAB, URN (Geheim), Art. no. 238, 27.12.1895.

133 TAB, URN (Geheim), Art. no. 239, 27.12.1895.

134 W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson - inval 1895 - 1896*, (MA, UP, 1958), p. 39.

135 H.E. Backeberg, *Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852-1896) in Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Deel 1, 1949, p. 259.

136 SP 902, Polisie, Kassaboek Geheime Dienst 1895 - 1899.

rede vir die uitgawes aangedui as geheime dienste in verband met die onluste in Johannesburg.

Hierdie aparte boekhouding wat vir die Geheime Diens in die kantoor van die Kommissaris ingestel, is van besondere betekenis. Dit het die Geheime Diens getipeer as 'n aparte afdeling wat 'n spesifieke taak gehad het. Alhoewel daar in hierdie tyd ook van die dienste van sekere geselekteerde speurders as geheime agente gebruik gemaak is, was die taak van die Geheime Diens los van die Speurdiens gemaak. Die feit dat die Uitvoerende Raad op kort kennisgewing fondse bewillig het vir geheime dienste en so vinnig nog geheime agente se aanstellings goedgekeur het, was belangrik. Dit het daarop gedui dat die Uitvoerende Raad die nut van 'n geheime diens begin insien het.

Selfs genl. Piet Joubert het in 'n vroeë stadium alreeds 'n waarskuwing van 'n informele informant ontvang in verband met moontlike gebeure in Johannesburg. Die skrywe, gedateer 22 Desember 1895 van 'n Skotse skrynwerker wat met Joubert bevriend was, het gelui:

(T)hat the English part of the population hereabouts intend to rise on the last night of this year to try to overturn the Gov. Rhodes is at the bottom of the whole business. Col. Rhodes, his brother, is here to superintend the affair and Rhodes has a number of men on the Bechuanaland frontier ready to be sent in, also C.M.R. and Black watch, under the pretence that English are being killed.¹³⁷

Ongelukkig het Joubert aan die begin van Desember 1895 op twee maande verlof na Natal vertrek. Hy was egter voor Kersdag terug op sy plaas in die Wakkerstroom-distrik waar hy 'n telegram van die Waarnemende Staatsekretaris ontvang het wat hom versoek het om weens die dreigende oproer in Johannesburg terug te keer. Joubert was egter van mening dat die waarnemende Staatsekretaris te gou geskrik het.¹³⁸ Hierdie houding weerspieël weer eens die feit dat die gebrek aan 'n persoon of

137 J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(1), 1957, p. 158.

138 *Ibid.*, p. 158.

instansie, soos 'n geheime diens, wat alle insameling van inligting gekoördineer het, 'n groot gemis in die ZAR was.

Frank Brant het alreeds op 28 Desember 1895 sy eerste verslag as geheime agent ingestuur.¹³⁹ Hy het daarin gemeld dat die *TNU*-lede op groot skaal onder die mynwerkers gewerf het. F. Brant het reg van die begin af gebruik gemaak van sy eie geheime agent, Montague Montgomery.¹⁴⁰ Brant het vir telegrafiese boodskappe die kodenaaam "Carl van Zyl" gebruik. Hy het onmiddellik 'n lys van kodewoorde in sy eie handskrif opgestel. Sy lêer het die indruk gelaat dat hy baie goed georganiseer was. Die sake waarvoor hy kodewoorde toegeken het, gee ook die indruk dat hy 'n goeie aanvoeling vir die teikengroep gehad het. Aan die volgende sake, persone en plekke was byvoorbeeld kodenaaam toegeken. Kodenaaam word tussen hakies aangedui: Cecil Rhodes(Maan), Bulawayo(Nagel), Chartered Company(Open), op grenzen van Transvaal(Jongen), Vryburg(Hond), Mafeking(Goed), oorlog implemteer (Fout), ens.¹⁴¹ Hierdie sleutel- en kodewoorde het 'n aanduiding gegee dat Brant veral opdrag gehad het om sake na die wesgrens te gaan ondersoek.

Rhodes se plan was om 'n aanvalsmag buite die ZAR se grense, maar so na as moontlik aan Johannesburg, te plaas. Hierdie mag moes 'n afspringplek hê. Die naaste gebied aan Johannesburg wat daarvoor geskik was, was die Betsjoeanaland Protektoraat. Hierdie gebied moes dus onder die *Chartered Company* se bestuur kom sonder dat onraad vermoed kon word. Gedurende Julie 1895 het Rhodes 'n brief in hierdie verband aan Joseph Chamberlain, die Minister van Kolonies, gestuur.¹⁴²

Chamberlain wou egter nie toegee om die hele gebied aan Rhodes te oorhandig nie. Daarna het Rhodes versoek dat 'n strook van twee myl breed (3,2km) en twintig myl (32km) lank naby Gaborone aan hom beskikbaar gestel moes word om 'n spoorlyn te bou.¹⁴³ Chamberlain het die oordrag van die stuk goedgekeur en die *Chartered*

139 SP 880, GCPM 12/95, Verslag Brant - Kommissaris van Polisie, 28.12.1895.

140 SP 882, GCPM 7/95, Lêer vir Francis Brant.

141 *Ibid.*

142 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902, I*, p. 335.

143 A.N. Porter, *The origins of the South African war Joseph Chamberlain and the diplomacy of imperialism 1895 - 1899*, pp. 69 -73.

Company is belas met die handhawing van wet en orde in 'n gebied geleë was aan die ZAR se westelike grens. Rhodes het nou goeie rede gehad om die grootste deel van die *Chartered Company* se troepe suid te beweeg en hy het ook verlof gekry om die Betsjoeanaland Imperiale Polisie wat ontbind het, by sy leer in te lyf.¹⁴⁴

Volgens Blackburn en Caddell¹⁴⁵ het 'n sekere Edwards 'n skrywe wat hy gesien het op 21 Desember 1895 aan president Kruger getoon. Die brief is ontvang deur 'n Ierse dame wat deur 'n jong man uit Rhodesië ingelig is dat hy by Pitsani was om die Transvaal binne te val as lid van 'n polisiemag. Alhoewel die skrywe nie ernstig deur pres. Kruger opgeneem is nie, is daar nogtans telegrafies navraag gedoen by die posmeester op Zeerust. Twee dae later het 'n veldkornet laat weet dat hy twee Engelse opgemerk het wat teen telegraafpale opgeklim het wat verdag voorgekom het. Hierdie houding van pres. Kruger rym met sy latere standpunt dat sy regering nie gedink het dat so 'n tipe inval moontlik was nie.¹⁴⁶

Frank Brant, wat as geheime agent na die wesgrens van die ZAR gestuur is, was op 28 Desember 1895 nog in Pretoria waar hy ingesweer is as "private speurdienaar" voor kommissaris van Niekerk.¹⁴⁷ Volgens 'n aantekening in die dokumente van die Kommissaris van Polisie is versoek dat Brant aangesê word om onmiddellik aan die werk te spring. Sy taak was om die invoer van vuurwapens vanaf Mafeking oor die wesgrens te ondersoek.¹⁴⁸ Met hierdie opdrag aan Brant en sy geheime agent, is die buitelandse vleuel van die ZAR se geheime diens in Afrika gebore.

Hierdie sending van die kant van die Krugerregering was 'n positiewe stap. Dit was egter reeds te laat. Rhodes het as sy eie agent, dr. Henry Albert Wolff, 'n aktiewe lid van die Uitlanderbeweging en voorheen verbonde aan die Britse *Intelligence Department*, vanaf November 1895 gebruik om die roete vir sy invalsmag uit te lê. Hy het ook die verskillende depots of opslagplekke langs die roete georganiseer. Om

144 W.J. du Plooy, Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson - inval 1895 - 1896, (MA, UP, 1958), p. 8.

145 D. Blackburn en W. Caddell, *Secret service in South Africa*, pp. 276 - 277.

146 Anon., *The memoirs of Paul Kruger, II*, pp. 262 - 263.

147 SP 882, GR 491/95, Eed van getrouheid - Francis Brant, 28.12.1895.

148 SP 887, Art. no. 10, Register van ontvangs van dokumente - Kommissaris van Polisie, 28.12.1895.

sy werk te vergemaklik het Wolff 'n maatskappy, *Rand Produce and Trading Syndicate*, gestig. Onder die dekmantel dat hulle graan en plaasprodukte verkoop, het hulle langs die invalstroete voorrade opgestapel. Onder die voorwendsel dat hy 'n koetsdiens wou bedryf, het Wolff ook perde laat opkoop.¹⁴⁹ Nóg die Geheime Diens, nóg die Speurdiens, nóg die veldkornette wat ook as inligtingsagente vir die Kommandant-generaal gedien het, het oor Wolff se beplanning vanaf November 1895 gerapporteer.

Op 30 Desember 1895 het die Kommandant-generaal 'n telegram aan die Mynkommissaris te Ottoshoop gestuur en die volgende gevra:

Is er iets waar van troepen op uw grens? Hoeveel zijn ze; waar zijn ze?¹⁵⁰

Die Mynkommissaris het onmiddellik geantwoord en bevestig dat ongeveer 800 man van die *Chartered Company*, gewapen met gewere en ses Maxims, oor die grens in die rigting van Johannesburg getrek het. Dit is insiggewend dat feitlik alle inligting oor Jameson se mag aan die Kommandant-generaal se kantoor gestuur is. Voorheen was die Kommissaris van Polisie se kantoor die saamtrepunt vir inligting. Daar is egter elf telegramme net op 30 Desember 1895 tussen die Kommandant-generaal se kantoor en landdroste, kommandante en veldkornette aan die wesgrens versend.¹⁵¹ Die rede waarom alle inligting in verband met die invalsmag aan sy kantoor versend is, was omdat die Kommandant-Generaal verantwoordelik was om Jameson in sy aantog te stuit. Dit was duidelik dat die ZAR se veiligheidstrukture nog nie in plek was om buite die landgrense te spioeneer nie.

Met 'n eie "Chequeboek"¹⁵² vir *Geheime Diensten* binne die Kommissaris van Polisie se kantoor wat op 30 Desember 1895, dieselfde dag wat Jameson se inval begin het,

149 W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings van die Jameson-inval 1895-1896*, (MA, UP, 1958), p. 12.

150 1/96, ZAR Groenboek, *Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in den aanvang van 1896*, p. 1.

151 1/96, ZAR Groenboek, *Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in den aanvang van 1896*, pp. 1 - 4.

152 Alhoewel daar op die rugkant oorspronklik geskryf is: "Chequeboek Geheime Diensten" was dit nie in die ware sin van die woord 'n tjekboek nie, maar eerder 'n boek met teenblaai soos 'n tjekboek waar 'n kwitansie uitgereik is indien 'n agent of amptenaar betaal is. Die kwitansie of bewys is dan afgeskeur van die teenblad af wat as bewys gedien het en die ontvanger se naam en die bedrag uit betaal bevat het.

in gebruik geneem is, is die onafhanklike Geheime Diens gebore.¹⁵³ Die eerste kwitansie van £100 is uitgemaak aan *Comdt v. Politie Johrg(sic)* vir *werkzaamheden in verband met onlusten te Johrg(sic) en het opsporen van ingesmokkelde kannonen* en die tweede kwitansie van £10 ook op die 30 Desember heel gepas uitgemaak aan “Josef” vir *werkzaamheden in verband met onlusten te Johbrg enz.*¹⁵⁴ Hierdie aparte boekhouding wat vir die Geheime Diens in die Kantoor van die Kommissaris ingestel is, was die begin van die Geheime Diens se aparte hantering deur die staat wat administrasie en finansies betref. Die woord of begrip geheime diens sou voortaan ook al hoe minder gebruik word in verband met normale speurdiens- aangeleenthede.

153 SP 903, Kommissaris van Polisie, Geheime Diensten Chequeboek, 30.12.95 - 26.7.99.

154 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, no. 1 30.12.1895 en no. 2 30.12.1895.

HOOFSTUK 3

DIE VESTIGING VAN DIE GEHEIME DIENS 1896 - 1897

3.1 Die gevolge van die Jameson-inval vir die Geheime Diens

Die Jameson-inval sou die waarde van 'n Geheime Diens vir die ZAR beklemtoon. Die soektog na versteekte wapens en die gerugte daarmee saam dat 'n tweede opstand beplan is, het die Kommissaris van Polisie goed gepas. Hy het gedurende die eerste maande van 1896 min oortuigingswerk nodig gehad om fondse van die Krugerregering vir geheime agente te kry. Spioenasie was in hierdie omstandighede aan die orde van die dag, want:

The atmosphere of uncertainty, tension and suspicion after the Raid, was a natural breeding ground for secret meetings and plots of every kind, most of them carefully watched by the ubiquitous Transvaal Secret Service Agents.¹

Een van die lesse wat geleer is, was dat die Speurdiens uit die aard van hulle werksomstandighede ook benut kon word om vir die staat te spioeneer. Weens 'n tekort aan fondse en genoeg speurders, was hulle tyd en getalle egter te beperk om die taak ook te verrig. 'n Gespesialiseerde staatsafdeling was egter nodig om uitsluitlik op spioenasie binne sowel as buite die land se grense te konsentreer.² Hierdie intelligensiediens moes 'n ondersteuningsfunksie binne die regeringsstelsel van die ZAR verskaf.³

1 M.F. Bitensky, *The South African League*, (MA, UW, 1950), p. 13.

2 G.N. van den Bergh, *Die Polisie in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 204.

3 H.J. Benade, *Die strafregtelike aspekte van spioenasie*, (D. Legum, Unisa, 1990), p. 60.

'n Leemte wat ontbloom is, was die feit dat daar nie samewerking tussen die polisie en die militêre-afdeling was oor die insameling en verwerking van inligting nie. Die inval het egter die twee staatsdepartemente gedwing om te begin saamwerk. Die inval het ook die waarde van 'n agent soos Taylor beklemtoon. Indien die talle verslae wat Taylor in die maande voor die inval op 'n weeklikse basis ingestuur het, beter hanteer en geïnterpreteer is, kon die inval dalk meer korrek voorspel gewees het. Taylor het redelik akkuraat oor die metodes en voorbereidings van die insurgente gerapporteer. As al sy leidrade opgevolg is, kon selfs die leiers van die inval vooraf opgespoor gewees het.⁴

Direk na die Jameson-inval het die Krugerregering 'n volledige amptelike verslag rondom die inval laat publiseer. Geen melding van enige verslag of telegram, wat aan die Staatsprokureur of die Kommissaris van Polisie se kantore gerig is, word daarin gemeld nie. Slegs telegramme gerig aan die Kommandant-generaal se kantoor word vermeld en aangehaal. Die redes hiervoor was tweërlei van aard. Eerstens kon dit wees dat die verslae van geheime agente doelbewus verswyg is om sodoende nie die identiteit van geheime agente te openbaar nie. Tweedens kon dit daarop dui dat die Kommandant-generaal nie bewus was van die inhoud van geheime agente se verslae nie.

In Pretoria is die Geheime Diens versterk met die oog op die verhoor van die Reformleiers.⁵ Besondere aandag is verleen aan die bewaking en beveiliging van die Staatspresident self én sy woning. Die gedagte was om 'n wag van 75 man aan te stel om Kruger te beskerm. Die idee het by die klerk van die Kommissaris van Polisie, H.C. Bredell, ontstaan.⁶ 'n Geheime agent, ene Stander, het aan die kommissaris gerapporteer dat hy die erf langs die President se huis vir plofstof deursoek het en niks gevind het nie. Die gruis, wat die vermoede laat ontstaan het dat iets aan die gang was, is bloot ingery om 'n sloot mee op te vul.⁷ Hierdie tipe van oplettendheid en rapportering van sake gee 'n aanduiding dat daar 'n totaal ander ingesteldheid as voor

4 G.N. van den Bergh, *Secret Service in the South African Republic 1895 - 1900 in Krygshistoriese Tydskrif*, 3(3), 1974, p. 59.

5 *Ibid.*, p. 299.

6 SP 892, Verantwoordelike klerk aan Staatsekretaris, 30.12.1895, p. 4.

7 SP 882, GCPM 6/96, Skrywe Stander - Kommissaris van Polisie, 7.1.1896.

die inval geheers het. Alle aspekte wat die staat en sy leiers se veiligheid kon bedreig het, is aangespreek en ondersoek.

Op 1 Januarie 1896 het Taylor uit Johannesburg verslag gedoen dat tussen 4 000 en 5 000 mense voor die Beurs vergader het. Die skare het die staatsgesag uitgedaag en *Rule Britannia* en *God Save The Queen* gesing.⁸ Die Krugerregering moes toe al duidelikheid begin kry het oor die omvang van die probleem. As gevolg van die groot getalle wat betrokke was, het die Krugerregering besluit om die polisie tot hulle kasernes te beperk.⁹ Vir alle praktiese doeleindes het die *Reform Committee* die verantwoordelikheid vir wet en orde in Johannesburg aanvaar.¹⁰

Die staat het egter nog geheime agente nodig gehad om die situasie in Johannesburg dop te hou. Die mees effektiewe geheime agent in Pretoria, Taylor, *alias* Josef, is egter deur die Kommissaris van Polisie uit Johannesburg onttrek. Vanaf 5 Januarie 1896 het hy vanuit Pretoria gerapporteer. Sy opdrag was om die huis van die Britse Hoëkommissaris te bespied of onder statiese waarneming te plaas.¹¹ Hierdie taak het hy verrig tot en met 7 Januarie 1896.¹² Sir Hercules Robinson, die Britse Hoëkommissaris, het op Saterdagmiddag 4 Januarie 1896, in Pretoria gearriveer.¹³ Dit was waarskynlik die rede waarom Taylor die Britse gesant in Pretoria se woning moes dophou. Die Krugerregering wou in die fynste besonderhede weet met wie die Hoëkommissaris skakel. Dit kon 'n aanduiding gee van die Britse regering se aandaagheid aan die hele komplot.

Op Maandagoggend, 6 Januarie 1896, het sir Hercules Robinson, bygestaan deur sir Jacobus de Wet, die Imperiale Sekretaris, Graham Bower, die President en die Uitvoerende Raad in Pretoria ontmoet. Die hoofregter, regters E.J.P. Jorissen en H.A. Ameshoff, die Staatsprokureur en twee verteenwoordigers van die Vrystaatse regering was ook teenwoordig. Daar is ooreengekom dat die *Reform Committee* moes

8 SP 880, GCPM 5/96, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 1.1.1896.

9 J.M. de Lange en J. Ploeger, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p. 126.

10 W.J. du Plooy, *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895 - 1896*, (MA, UP, 1958), p. 69.

11 SP 882, GCPM 1/96, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 5.1.1896.

12 SP 882, GCPM 2/96, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 7.1.1896.

13 I. Colvin, *The life of Jameson, II*, p. 139.

oorgee en dat alle vuurwapens ingehandig word.¹⁴ Die Komitee het die Dinsdagmiddag 'n verklaring uitgereik en versoek dat alle vuurwapens ingehandig word. Later het president Kruger in 'n resoluëie die keerdatum vir die inhandiging van vuurwapens na 10 Januarie uitgestel.¹⁵

Alhoewel hierdie 'n amptelike ooreenkoms was wat uitgevoer moes word, sou die Geheime Diens-agente die saak op grondvlak monitor. Teen 8 Januarie was 1 814 gewere en drie beskadigde maxims aan die Krugerregering oorhandig. Die regering wou egter nie aanvaar dat dit al die wapens was nie en het opdrag gegee dat verdere ondersoek ingestel word, veral in die lig van die gerugte dat 'n tweede inval kon volg.¹⁶

Juis op 8 Januarie is gerapporteer dat H. Acton beweer dat hy in Johannesburg die lys van name van persone gesien het wat bereid was om die regering die stryd aan te sê. Die leiers daarvan het hom ingelig dat hulle meer as 20 000 gewere tot hulle beskikking het.¹⁷ Hierdie inligting wat die regering se ore bereik het, het verdere agterdog by laasgenoemde gesaai en die vermoede bevestig dat nie alle vuurwapens deur lede van die *Reform Committee* ingehandig is nie.

'n Verdere positiewe gevolg van die Jameson-inval was dat nog 'n geheime agent A.H. Evans, op die 31 Desember 1895 in 'n tydelike hoedanigheid aangestel is.¹⁸ Hy sou onder die kodenaam *Derfla* opereer. Dit is die omgekeerde van sy naam, Alfred. Sy hooftaak was om vuurwapens en ammunisie op te spoor, wat in die myne versteek was.¹⁹ Die Jameson-inval het ook daartoe meegewerk dat daar agterdog en wantroue selfs binne staatsgeledere, geheers het. In 'n skrywe vanaf die Kommissaris van Polisie se kantoor aan die Kommandant van die Polisie in Johannesburg, is beswaar gemaak dat J.T. Bain nie die nodige steun van die Kommissie van Ondersoek van die

14 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), p. 105.

15 J.P. Fitzpatrick, *The Transvaal from within*, pp. 211-212.

16 D.O. Rhodie, Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896, (MA, UP, 1958), pp.108-109.

17 SP 882, GCPM 7/96, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 8.1.1896.

18 SP 872, Eed van getrouheid - Alfred Harry Evans, 31.12.1895.

19 SP 903, Geheime Diens Tjekboek, Tjek no. 3, Betaling van £25 aan Derfla, 31.12.1895 en SP 902 Geheime Diens Kasboek, Inskrywing - 31.12.1895 A.H.Evans £25.

regering gekry het om sy taak te volvoer nie. H.C. Bredell het die versekering gegee dat Bain 'n lojale, betroubare persoon was en dat dit die Staatsprokureur se wens was dat hy in Johannesburg met die ondersoek na versteekte wapens behulpsaam moes wees.²⁰

Wantroue en agterdog was 'n tipiese probleem waarmee persone in beheer van die staat se geheime agente telkens geworstel het. Geheime agente se identiteit kon om logiese redes nie altyd aan ander staatsamptenare bekend gemaak word nie. In hierdie spesifieke omstandighede sou Engelssprekende persone met 'n Engelse agtergrond die beste in staat gewees het om die opposisie geleedere te infiltrer. Binne die geleedere van die staat het sulke geheime agente egter juis vanweë hulle agtergrond, suspisie gewek. Dit was dan ook heel waarskynlik die geval met 'n agent soos J.T. Bain.

Nog 'n direkte gevolg van die inval was dat geheime agente selfs op 'n tydelike basis aangestel is om die ander agente se geleedere te versterk. Geheime agente is ook by name deur die Uitvoerende Raad tydens van hulle geheime sittings aangestel. 'n Sekere geheime agent, C. Keyser, is vanaf 1 Februarie 1896 vir 'n tydperk van drie maande teen £25 per maand aangestel.²¹ Keyser is waarskynlik vir 'n spesiale doel aangestel want sy naam word nie verder in die dokumente of kasboek van die Kommissaris van Polisie aangetref nie.

Die rede dat sommige agente by name deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is, kan wees dat dit 'n vorm van keuring was. Hierdeur het die Uitvoerende Raad tydens hulle geheime sittings hulle die reg voorbehou om agente af te keur. Die getalle van die speurdiens is nie dramaties verhoog ná die inval nie.²² Die Krugerregering het nogtans na die inval die geleedere van die speurdiens met drie speurders versterk.²³

Die uitbreiding van die agentekorps het nietemin daarop gedui dat die Krugerregering in beginsel aanvaar het dat dit die Geheime Diens se taak sou wees om na die staat se veiligheid om te sien. Alhoewel daar soms oorvleueling tussen die Speur- en Geheime

20 SP 892, SPR 6/96, Skrywe vanaf Kommissaris van Polisie - Kommandant van Polisie Johannesburg, 14.1896, p. 10.

21 URN (Geheim), Artikel 1, 15.1.1896.

22 G.N. van den Bergh, Die Polisie in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 235.

23 URN (Geheim), Artikel 2, 15.1.1896.

Diens ten opsigte van take sou wees, impliseer hierdie houding van die Krugerregering 'n skeiding in die pligte van die twee Dienste.

In die eerste paar maande na die Jameson-inval, het die Speurafdeling saam met geheime diens-agente feitlik net aan die opspoor van vuurwapens en samesweerders gewerk. Eers gedurende April 1896 is aan die normale pligte van die Speurdiens aandag gegee. Die hoofspeurder, F. de Witt Tossel, het gedurende Februarie 1896 die Kommissaris versoek om hom na die gewone polisie terug te verplaas. In sy plek is die voormalige hoofspeurder, Robert Ferguson, weer aangestel.²⁴

Die Jameson-inval het dus 'n positiewe uitwerking op die voortbestaan en uitbreiding van die Geheime Diens gehad. Daar kan egter geen dokumentêre bewys gevind word in enige dokumentasie dat daar 'n spesifieke besluit geneem is om 'n geheime diens te bedryf nie. Die aanstelling van agente gedurende 1896 en die goedkeuring van fondse vir die doel getuig daarvan dat die bestaan van 'n geheime diens die steun van die Krugerregering gehad het. Dit kan wees dat die "moet weet"-beginsel ter sprake was en dat die bestaan van so 'n diens net aan die nodigste beheerpersoneel of hanteerders bekend was. Verskeie sake is dan ook ter wille van sekerheid slegs mondeling goedgekeur. So meld die Kommissaris in 'n verslag dat hy 'n sekere bedrag aan kommandant Schutte betaal het vir geheime dienste op grond van 'n mondelinge instruksie van die Uitvoerende Raad.²⁵

Die gebeure van 1895-1896 het die moontlikheid van 'n militêre konfrontasie tussen die ZAR en Brittanje aansienlik vergroot. Die kwessie van die veiligheid van die staat is op die voorgrond geplaas en kon nie langer geïgnoreer word nie. Verder is die regering se probleemgebiede ten opsigte van staatsveiligheid, naamlik die grense en die Uitlanderbevolking in Johannesburg uitgewys.²⁶ In die eerste maande van 1896 sou geheime agente hoofsaaklik in die gebiede aangewend word.

24 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 235.

25 SP 892, Verslag van kommissaris oor finansies - Item 100, p. 71.

26 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 296.

3.2 Ondersoeke na die Jameson-inval

Direk ná die inval sou die Geheime Diens, in samewerking met die Speurdiens, behulpsaam wees om te probeer vasstel wat Jameson se kommisariaatbeplanning behels het en om ook getuienis teen Jameson en sy medewerkers te versamel.²⁷ Soos in alle intelligensiedienste kon dit 'n geleentheid wees vir die evaluering van die Geheime Diens se suksesse en mislukkings verál omdat die diens nog in sy kinderskoene gestaan het.

Vir die regering was dit van die uiterste belang om die feite en bewyse rondom die inval so vinnig as moontlik en só korrek as moontlik te versamel. Hiervoor was 'n gesamentlike poging van sowel die Speur- as Geheime Diens en die gewone polisie nodig. Die Geheime Diens het te min agente in diens gehad om so 'n omvangryke inligtingstaak vinnig en suksesvol af te handel. Net soos met die Geheime Diens se eweknie aan Britse kant, was 'n tekort aan personeel deurentyd 'n probleem.

Die Krugerregering het vermoed dat die Britse regering selfs op die hoogste vlak by die komplot betrokke was. Kruger wou dus die maksimum politieke en diplomatieke voordeel uit die situasie probeer trek.²⁸ Verder het die pers, veral koerante soos *The Star* en *De Volksstem*, met voorbladopskrifte dekking verleen aan die inval, die oorgawe, die uitlewering van Jameson aan die Britse regering en die verhoor van die *Reform Committee*-lede. *De Volksstem* het in sy inleidingsartikels van Januarie tot Junie 1896 die inval veroordeel en die feit gestel dat Rhodes en Chamberlain, die Britse Koloniale Sekretaris, aadadig was. Daarenteen het *The Star* veral die Uitlanders en die Britse pers se siening weerspieël. Teen hierdie agtergrond het die Speur- en Geheime Diens ingespring en feite begin versamel. Reeds op die 30 Desember 1895 is 'n tjek van £100 aan die Kommandant van Polisie in Johannesburg uitgemaak vir:

(W)erkzaamheden in verband met onlusten te Johbg en het opsporen van
ingesmokkelde kanonnen.²⁹

27 *Ibid.*, p. 300.

28 A.H. Jeeves, The Consequences of the Raid in J. Carruthers (Red.), *The Jameson Raid: A centennial retrospective*, p. 162.

29 SP 903, Geheime dienste, Chequeboek, no. 1, 30.12.1895.

Die onweerlegbaarheid van 'n gewelddadige opstand het stimulerend op die Speur- en Polisie diens ingewerk. Dieselfde dag is die Geheime Diens ook verder geaktiveer met 'n bedrag van £10 wat aan Josef³⁰ vir sy werksaamhede in verband met die toe nog voorsienbare gewapende onluste betaal is.³¹

Die Britse regering het in Februarie 1896 hulle verslag oor die inval gepubliseer vir voorlegging aan beide huise van die Britse parlement.³² Die ZAR se amptelike weergawe van die gebeure is eers later in April gepubliseer.³³

Die invallers het op 2 Januarie naby Krugersdorp oorgegee waar hulle in hegtenis geneem is. Die hoogverraadsaak het op 27 April 1896 voor regter Gregorowski begin. Nadat die advokate, wat vir die beskuldigdes opgetree het, die dokumentêre bewyse wat die Staatsprokureur sou voorlê, gesien het, het hulle besef dat hulle saak nie 'n redelike mate van sukses het nie.³⁴ Die Speurdiens en Geheime Diens agente het 'n wesenlike rol gespeel om die Staatsprokureur van hierdie sterk bewyse te voorsien.

Die Kommissaris van Polisie het aan sersant Bracht van die Krugersdorpse polisie opdrag gegee om saam met Taylor (Josef) ondersoek te gaan instel na die invalstroete wat Jameson gevolg het. Hulle moes veral vasstel waar die verskillende "stores" geleë was waar die invalsmag hulle proviand en aanvulling vandaan gekry het. Verder moes hulle alle bewyse en getuienis versamel wat teen die invallers gebruik kon word. Die Kommissaris van Polisie het hulle versoek om al hulle aandag aan die saak te gee en die opdrag so spoedig as moontlik af te handel.³⁵

Reeds op 22 Januarie 1896 het hulle 'n gesamentlike, omvattende verslag, deur beide Bracht en Taylor onderteken, by die kommissaris se kantoor ingegee.³⁶ Bracht en Taylor het vanaf Krugersdorp te perd op die roete wat Jameson gevolg het, inligting

30 Josef was die kodenam van G.W. Taylor wat op daardie stadium 'n geheime agent in die ZAR se diens was.

31 SP 903, Geheime dienste, Chequeboek, no. 2. 30.12.1895.

32 C 7933, Britse Blouboek, Correspondence on the subject of the recent disturbances in the South African Republic, 1896.

33 1/96, ZAR Groenboek, Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot de beroeringen in den aanvang van 1896, 1896.

34 J. v.d. Poel, *The Jameson Raid*, pp.166 - 168.

35 SP 892, R 73/96, Skrywe kommissaris - Sersant Bracht en Josef, 13.1.1896.

36 SP 880, Verslag Bracht en Taylor - Kommissaris van Polisie, 22.1.1896.

en bewyse versamel. Daar is met allerlei detail name van betrokkenes geïdentifiseer en bewyse is gevind vir spesifieke bedrae wat as vergoeding betaal is.

Ten eerste het hulle by die winkel van F.C. Hinds aangedoen waar Jameson vir ongeveer twee ure met sy troepe vertoef het. By die winkel het die invalsmag goedere ter waarde van £150 aangekoop.³⁷ Net voor die voorhoede Hinds se winkel bereik het, het hulle met 'n klompie Boere slaags geraak.³⁸

Hierna het die twee speurders die plase Kaalfontein van Alexander Hotz, Vlakfontein van Christoffel Meyer en Doornpoort van Jakobus Malan, die Volksraadslid vir Rustenburg, geïdentifiseer waar die mag aangedoen het. Wat duidelik uit hulle verslag blyk, is dat dr. H.A. Wolff onder die naam van *The Rand Produce & Trading Syndicate* die aanvoorwerk op die roete gedoen het.³⁹ Jameson het dr. H.A. Wolff, wat hy in Kimberley leer ken het, gebruik om die verskillende depots op te rig. Wolff het aan die begin van November met sy taak begin. Die besigheid van die maatskappy, wat hy as dekmantel gebruik het, was om graan en ander plaasprodukte op te koop en dit weer in Johannesburg van die hand te sit.⁴⁰

Die ondersoek na die inval wat deur die Speur- en Geheime Diens gedoen was, het geweldige koste vir die staat meegebring. Ferguson, die hoof van die Speurpolisie, het 'n verslag by die Kommissaris in hierdie verband ingedien. Daarin bevestig hy dat sy departement rofweg £240 op die saak bestee het. Dit het kostes behels in verband met die arrestering van oproermakers, die opspoor van dokumente, en van verborge vuurwapens, karhuur, regskostes in die saak, die staat *vs* die *Reform Committee*, salaris aan speurder J.J. Donovan en voer vir perde. In die verslag is slegs die ongespesifiseerde bedrag van £7 aangedui wat op Geheime Dienste bestee is.⁴¹

37 SP 880, Verslag Bracht en Taylor - Kommissaris van Polisie, 22.1.1896, p. 1.

38 W.J. du Plooy, Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson - inval 1895 1896, (MA,UP, 1958), p. 102.

39 SP 880, Verslag Bracht en Taylor - Kommissaris van Polisie, 22.1.1896, pp. 3-4.

40 W.J. du Plooy, Die militêre voorbereidings van die Jameson - inval 1895 1896, (MA, UP, 1958), p. 11.

41 SP 882, A/242/8/96, Verslag Ferguson - Konfidentiële Sekretaris Kommissaris van Polisie, 20.8.1896.

Die finansiële state en bewyse het getoon dat die Geheime Diens 'n groter rol in die ondersoek na die inval gespeel het. Die totale bedrag van £283 is tot einde Maart op die nadraai van die inval uit Geheime Diens-fondse betaal. Dit het ingesluit die salarisse van die geheime agente G.W. Taylor *alias* Josef, A.H. Evans *alias* Derfla, J.T. Bain, C.J. Sheppard, J.T. Neumann, W.D. v.d. Berg⁴² *alias* Van Der Werf en P.G.Z. van der Bijl, wat uitsluitlik op die inval gewerk het.⁴³

Hieruit kan afgelei word dat beide die Speur- en Geheime Diens vanuit die Kommissaris van Polisie se kantoor aangewend is in hierdie ondersoek na die Jameson-inval. Alhoewel van die take wat uitgevoer is oorvleuel het, is die Speurafdeling meer ingespan om bewysstukke te versamel en vuurwapens op te spoor. Die Geheime Dienslede aan die ander kant was meer aangewend om die wegsteekplekke van die vuurwapens te help identifiseer deur gesprekke met die Jameson-simpatiseerders te voer, verdagtes te identifiseer en die politieke klimaat te monitor. In die geval van Bracht en Taylor, wat ondersoek gaan instel het na Jameson se kommissariaatbeplanning, het 'n gewone speurder en 'n geheime agent dus saamgewerk.

Die vinnige en gereelde verandering van geheime agente en speurders was vanuit 'n operasionele- sowel as 'n teenspioenasie-oogpunt nie noodwendig 'n slegte gebruik nie. Dit het waarskynlik in daardie stadium tot voordeel van die klein groepie agente binne die Geheime Diens gewerk. Hierdie fyn onderskeid, wat tussen die aanwending van die Speur- en Geheime Diens vanuit die Kommissaris se kantoor getref is, is van groot belang. Op die oog af wil dit voorkom asof die verskillende afdelings binne die Staatsprokureur se departement halsoorkop aangewend is. Dit was egter nie die geval nie aangesien die Geheime Diensafdeling deur sy aanwending homself in terme van sy take begin definieer het.

42 Willem Daniel v.d. Berg is op 3.1.1896 as 'n geheime agent voor Kommissaris van Niekerk vir 'n onbepaalde tyd ingesweer.

43 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, No's 1 - 30.

3.3 Die take, struktuur, beheer en befondsing van die geheime diens

‘n Dokument met die titel *Rules and Regulations for the Secret Service of the South African Republic*,⁴⁴ moontlik opgestel deur die hoofspeurder Ferguson, gee ‘n aanduiding van die denkrigting binne die Kommissaris van Polisie se kantoor rondom geheime diens-take. Alhoewel hierdie dokument nie onderteken is nie en daar geen verdere verwysings daarna opgespoor kan word nie, is dit tog deel van die dokumentasie van die Staatsprokureur se kantoor. Omdat daar mettertyd ‘n kultuur en werkswyse ontstaan het om die Geheime- en Speurdiens saam te hanteer, was daar volgens die dokumentasie in ‘n mate ‘n oorvleueling van take.

Die *Rules and Regulations*-dokument toon vier basiese uitgangspunte aan wat dan ook beskou kan word as die hooftake van die Geheime Diens. Die eerste en belangrikste was om die staat te beskerm teen enige politieke beweging wat ten doel gehad het om die regering met sy republikeinse staatsvorm omver te werp. Die Jameson-inval het Afrikaners oor die hele Suid-Afrika weer verenig en hulle laat besef dat die republikeinse staatsvorm op die spel was.⁴⁵ Dit is waarskynlik die rede dat dit as een van die hoofogmerke van die Geheime Diens gestel was. Die ander drie hoofogmerke was die ondersoek na die bedrywighede van staatsamptenare, hulp aan die Speurdiens met hulle taak en ondersoeke en inspeksies van regeringskantore, fabrieke en persele van staatsleweransiers. Al hierdie sake het egter in die breë met die beveiliging van die staat te make gehad.

‘n Verdere tipiese taak van die Geheime Diens is in ‘n skrywe deur die Kommissaris van Polisie aan ‘n geheime agent wat sy taak nie duidelik verstaan het nie, soos volg beskryf:

(O)m uit te vinden de geheime plannen die er mogen bestaan tegen ons land, wat hunne sterkte is, en andere geheime informatie....⁴⁶

44 SP 193, *Rules and Regulations for the South African Republic*, ongedateer.

45 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, IV, 1881 - 1899*, pp. 475 - 479.

46 SP 892, Skrywe Kommissaris van Polisie - geheime agent, 10.5.1897, p. 204.

Hierna word 'n verdere 33 take van die diens sowel as pligte van lede van die Diens beskryf. Agente van die Diens moes tweetalig wees; Engels en Hollands magtig wees en verkieslik ook 'n ander Europese taal kon praat. Die hoofkwartier van die Diens sou in Pretoria gesetel wees, onder die beheer van die Staatsprokureur.

'n Teenstrydigheid met geheime dienste en wat nie in die praktyk toegepas is nie, was dat daar geen melding van geheimhouding gemaak is nie, so asof dit 'n vanselfsprekendheid was. Volgens die voorskrif moes daar vir die insameling van inligting 'n kantoor met 'n persoon in beheer in elke distrik geopen word. Lede van die publiek kon dan sake by so 'n kantoor aanmeld. Dit kan wees dat die opsteller eerder die Speurdiens se behoefte hier in gedagte gehad het of die twee tipes dienste se behoeftes wou kombineer terwyl dit voor die handliggend en 'n voorvereiste vir 'n suksesvolle geheime diens was dat die agente klandestien moes optree. Voorsiening is ook gemaak dat groot stede of dorpe oor hul eie geheime agente sou beskik. Die praktyk sou egter later bewys dat die behoefte vir inligting in sommige dorpe en streke eerder sou bepaal waar agente aangewend word. Geheime agente is eerder na behoefte aangewend en uit die geledere van die Speurdiens aangestel. Die feit dat sekere dorpe en stede soos byvoorbeeld Kimberley, Mafeking, Durban, Ladysmith, Kaapstad en Lourenco Marques, uit 'n strategiese en militêre oogpunt van belang was, het bepaal waar agente geplaas word. Die inligtingsvereistes wat vir die Geheime Diens gestel is, is alreeds baie vroeg in die diens se bestaan deur militêre oorweginge bepaal alhoewel die diens eers teen 1898 'n suiwer militêre karakter begin aanneem het. Weens finansiële beperkings kon nie voldoende agente aangestel word om in al die behoeftes te voorsien nie.

Lede van die Diens sou vir identifikasiedoeleindes 'n metaalplaatjie ontvang wat hulle klandestien aan hulle moes dra. Die wapen van die ZAR sou daarop gedruk wees asook die nommer van die agent. Indien 'n persoon die Diens sou verlaat, moes die plaatjie ingehandig word. Aan die buitekant van die plaatjie is die woorde: GEHEIME POLITIE ZAR in hoofletters aangebring.⁴⁷

47 E. Rosenthal, "Geheime Diens" in *The Nongqai*, Augustus 1927, p. 762.



Fig. 4: Gerrit Jacobus van Niekerk (6.7.1849-23.10.1896) wat in 1895 as Kommissaris van Polisie in die ZAR aangestel is. Bron: TA3669.

Dit wil voorkom of hierdie identifikasieplaatjie eintlik vir lede van die Speurdiens bedoel was aangesien daar heelwat verwarring oor die gebruik van die woorde “geheime polisie” en “geheime speurders” was.⁴⁸ Dit is egter moontlik dat beide lede van die Geheime- en Speurdiens hierdie soort van identifikasie gedra het.

Lede van die publiek, wat hulle as geheime agente voorgedoen het, kon gestraf word met ‘n boete van £25 tot £100 of 3 tot 5 maande tronkstraf. Voorsiening is ook gemaak dat voltyds ingeskrewe geheime agente en agente vir spesiale doeleindes gehuur mag word. Sodanige agente was egter nie op ‘n identifikasieplaatjie geregtig nie.

Die gebruik van die woordspeling “special service of the secret service”⁴⁹ in die dokument kan moontlik ‘n verklaring bied vir die verwarring wat daar geheers het tussen die Geheime Diens en Speurdiens. Dit kan beteken dat die Geheime en Speurdiens beide gesien is as deel van ‘n geheime diens wat verrig is. Die woord “geheim” dui dan op die klandestiene aard van sommige opdragte wat met beide tipe dienste gepaard gegaan het. Die sogenaamde “geheime diens” wat die speurdienstake uitgesluit het, is dan deur die opsteller van die Rules and Regulations-dokument gesien as ‘n spesiale vertakking van die soort van diens wat ‘n geheime diens verrig het.

Tydenootlike skrywers, wat gespekuleer het oor die ZAR se Geheime Diens, het egter die gebruik van die woorde “secret service” in die korrekte konteks gebruik as synde ‘n tipiese staatsveiligheidsdiens alhoewel hulle geheime fondse se aanwending vir byvoorbeeld fortbou ook as “secret service” gesien het. Heyer⁵⁰ beskryf tipiese geheime dienssake en só ook Blackburn,⁵¹ asook Blackburn en Caddell⁵² heelwat later.

Sekere magte van arrestasie is ook aan lede van die Geheime Diens toegesê in gevalle waar die landdros dit gemagtig het. As lede van die Diens was hulle ook geregtig op gratis gebruik van die pos- en telegraafdienste asook treindienste van die staat deur

48 Kyk Hoofstuk 1.

49 SP 193, Rules and Regulations of the Secret Service of the South African Republic, ongedat. artikel 14.

50 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal Secret Service System*, Kaapstad, 1899.

51 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service by one who was in it*, Londen, 1900.

52 D. Blackburn en W.W.Caddell, *Secret service in South Africa*, Londen, 1911.

slegs hulle identifikasieplaatjie aan beheerbeamptes te toon. Weer eens was hierdie voordeel nie altyd voordelig vir spioene om te gebruik nie. Lede kon dan maklik geïdentifiseer gewees het. Dit kon hulle taak bemoeilik het. Daarom is daar in die kasboek van die Geheime Diens talle inskrywings gemaak waar 'n voorskot aan geheime agente gemaak is om hulle reiskoste te betaal.⁵³ Klein bedrae vir sekere uitgawes is aan agente voorgeskiet. Lede van die Geheime Diens is ook verbied om omkoopgeld te ontvang. Sodanige oortreding was strafbaar met 'n boete van £50. Die dokument word afgesluit met 'n privaatkode wat in korrespondensie gebruik kon word.

Wat duidelik is uit die reëls en regulasies is dat daar by die opstel daarvan onduidelikheid was oor die aard en take van die Geheime Diens. Die dokument vat in 'n sekere sin die Geheime- en Speurdiens se take saam, nieteenstaande die inleidende en eerste doelwit wat gestel is, dit 'n tipiese geheime diens-taak was. Dit is ook duidelik dat die opsteller nie veel praktiese ervaring gehad het ten opsigte van die funksionering van 'n geheime diens nie. Dit was egter 'n breë raamwerk wat gestel is en teen die einde van 1896 sou die Geheime Diens se funksionering en take deur praktiese bekampingsaksies gevestig gewees het.

Die struktuur van die Geheime Diens as organisasies het ook 'n bepaalde karakter gekry. Sedert 15 Desember 1895 het Taylor as geheime agent direk aan die Kommissaris van Polisie, G.A. van Niekerk, gerapporteer en nie meer aan die Staatsprokureur nie. Daarmee het die Kommissaris se kantoor die beheer van die Geheime Diens oorgeneem.⁵⁴ Die Kommissaris was ook in beheer van die Speurdiens. Die Geheime Diens sou egter oorhoofs ontwikkel as deel van die Staatsprokureur se departement.

Die Kommissaris van Polisie se kantoor was in Pretoria gesetel en die Geheime Diens het as deel van die Kommissaris se kantoor gefunksioneer.⁵⁵ Gedurende 1896 is Westvilla House, 'n onaansienlike sinkgebou in Kerkstraat, aangrensend aan die

53 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, p. 1.

54 SP 880, GR 462/95, Verslag no.1 Taylor - Kommissaris van Polisie, 15.12.1895.

55 G.N. van den Bergh, Die Polisie in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 302.

Staatspresidentswoning betrek waaruit die Geheime Diens se administrasie gehanteer is.⁵⁶ 'n Addisionele klerk, ene Beukes, is vir Speur- en Geheime Diens sake in die kantoor aangestel.⁵⁷ Die geheime sekretaris vir wie daar £500 per jaar in 1896 begroot is, was waarskynlik vir Beukes bedoel. Buiten die geheime sekretaris is daar vir nog sewe klerke in die hoofkantoor van die kommissaris begroot.⁵⁸

Die ligging van die Kommissaris se kantoor, so na aan die presidentswoning, het daartoe aanleiding gegee dat daar beweer is dat geheime agente soms direk aan die President gaan rapporteer het waar hy op sy stoep gesit het.⁵⁹ Uit die aard van die ligging van die kantore was die bewering waarskynlik nie vergesog nie. Trouens, die aanduidings is dat die President self 'n gewilde oor van agente was.

Beukes, as klerk, het as skakel gedien tussen die verskillende amptenare belas met veiligheid wat inligting ontvang het. Die poste wat in hierdie proses betrokke was, sluit die Kommissaris van Polisie, die Hoofspeurder, Kommandante van Polisie, die Staatsektaris en die Kommandant-generaal in.⁶⁰ Vanaf 10 Desember 1895 is 'n geheime minuteregister⁶¹ in die kantoor van die Kommissaris in gebruik geneem. Hierdeur is die ontvangs en versending van alle tipe dokumentasie georden. Hierdie register het kolomme bevat waarin onder andere die datum van ontvangs, die afsender se besonderhede, 'n kort opsomming van die inhoud van die verslag of rapport, opmerkings asook 'n verwysing na wie die dokument verwys is, aangeteken is. Hierdie stelsel het die vloei en beheer van alle inkomende informasie redelik georden. Alle verslae wat vanaf geheime agente of ander instansies ontvang is, is hierin aangeteken. Hierdie kantoor en register was die nodale punt van alle informasie. Hier is die meriete van elke verslag beoordeel en verwys. Talle inligtingsverslae wat vanaf agente ontvang is, is vanaf hierdie kantoor verwys na die staatsektaris B wat beteken het dat die inligting aan die Uitvoerende Raad voorgelê is. In sekere gevalle is daar

56 *Ibid.*, p. 216.

57 VRN, Artikel 80, 12.5.1897, Jaarverslag van die kommissaris vir 1896.

58 SP 879, Supplémentaire Begroting 1896.

59 E. Rosenthal, Geheime Diens in *The Nongqai*, Augustus 1927, p. 762.

60 G.N. van den Bergh, Die Polisediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 302.

61 SP 887, Minuteregister (Geheim), 1895 - 1900.

ook verwys na die sekretaris van die kabinet. In September 1894 is die kantoor van die Staatsektaris verdeel in Afdeling A - belas met buitelandse sake, en Afdeling B - belas met binnelandse sake. Twee onderstaatsektarisse is ook vir die doel aangestel om Leyds se taak as Staatsektaris te verlig.⁶² Die Geheime Diens se verslae is dus as 'n binnelandse aangeleentheid deur die Staatsektaris se kantoor hanteer.

Indien agente opdrag gekry het om 'n sekere saak verder te ondersoek, is die tipe van inligting ook in die register aangeteken.⁶³ Soms is die aantekening gemaak dat die regering bloot kennis neem van 'n sekere saak. Hierdie wyse van beoordeling deur 'n nodale punt was die begin van 'n inligtingsproses wat die evaluasie, rangskikking, vertolking en verspreiding van die informasie of inligting behels het. Die aanvang van hierdie inligtingskringloop, alhoewel dit nog nie in al sy fasette deurgevoer is nie, het gedui op 'n redelike vlak van gesofistikeerdheid van die regering se Geheime Diens.

Nog 'n effektiewe stelsel wat vanaf die begin van 1896 in die kantoor van die Kommissaris in gebruik geneem is, was die gebruik om elke geheime agent se verslag in 'n lêer of omslag te plaas. Hierdie lêer wat "vertroulik" gemerk was en voorop 'n ruimte gehad het waarop die onderwerp aangedui was, was dan met die nodige verwysings na die relevante amptenare of departementshoofde versprei. Elke afdelingshoof het sy nodige kommentaar, verdere navraag of opdrag op die lêer geskryf. Gewoonlik het Kommissaris Van Niekerk, of H.C. Bredell, wat as eerste klerk in die Kommissaris se kantoor opgetree het, persoonlik 'n opmerking daarin geskryf en die lêer verder verwys.⁶⁴

Gedurende Julie 1896 is T.A.P. Kruger, die Staatspresident se seun, as sekretaris in die Kommissaris se kantoor aangestel. Hy sou as sekretaris vir die Speurdiens optree en ook inspeksies soos 'n inspekteur-generaal op die Speurdiens uitvoer. Reeds teen September 1896 is magtiging aan T.A.P. Kruger verleen om dokumentasie namens die Kommissaris, in sy afwesigheid, te teken.⁶⁵ Kruger het korrespondensie aanvanklik

62 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 74-75.

63 SP 887, Volg no. 27, 3.3.1896. Taylor word opdrag gegee om verder ondersoek te gaan instel na die teenwoordigheid van die Rhodesian Horse lede in Johannesburg.

64 SP 882, Verskeie voorbeelde in hierdie band.

65 SP 882, GR 1059/96, 28.9.1896.

onderteken as *Confidensiële sekretaris Commissaris van Politie*,⁶⁶ later as *confid secrs spr Pol*⁶⁷ en ook as *Conf secr Geh Diens*.⁶⁸ Hierdeur het T.A.P. Kruger self 'n onderskeid begin tref tussen die hantering van die Speurdiens en die Geheime Diens. T.A.P. Kruger sou mettertyd só by die beheer van die Geheime Diens betrokke raak dat hy deur Abercrombie as die hoof daarvan beskou is:

I was very fond of Tjaart, who was head of the "geheime dienst" i.e.
Secret Service of the State.⁶⁹

Na die dood van kommissaris Van Niekerk as Kommissaris van Polisie, is D.E. Schutte op 5 November 1896 aangestel.⁷⁰ Dit het beteken dat alle geheime agente soos voorheen aan sy kantoor gerapporteer het.

Hierdie stelsel om die oorspronklike verslag onder senior amptenare te versprei, het groot voordele vir die funksionering van die hele Geheime Diensstelsel ingehou. Deurdat verskillende senior amptenare die oorspronklike verslae onder oë gehad het, kon hulle eerstehands kennis neem van die inhoud van die verslae wat die kantoor bereik het. Verder kon hulle 'n oordeel vel oor die waarde sowel as die gehalte van die geheime agente se werk. Die Geheime Diens het hierdeur die geleentheid gehad om hulleself onmisbaar te maak; nogal iets wat nodig was en wat nie altyd gewerk het nie, te oordeel aan wat deur die eeue heen met agente gebeur het. Hierin was die Geheime Diens nie 'n uitsondering nie.

Soms is ook besluite deur die Uitvoerende Raad op aanbeveling van geheime agente se waarnemings geneem. Veral meer senior en ervare geheime agente soos Taylor, se aanbevelings het besonder gewig gedra. Gedurende November 1896 het Josef in 'n omvattende verslag gerapporteer dat daar groot getalle troepe in die Kaapkolonie, Natal, St. Helena en in Mashonaland aanwesig was. Kommissaris Schutte het aan die Uitvoerende Raad aanbeveel dat geheime agente in Durban, Kaapstad, Oos Londen,

66 SP 892, Kruger - Kommandant Generaal, 10.8.1896, p. 96.

67 SP 892, Kruger - Beukes, 2.11.1896, p. 111.

68 SP 892, Kruger - Bain, 2.11.1896, p. 115.

69 H.R. Abercrombie, *The secret history of South Africa or sixty five years in the Transvaal*, p. 49.

70 A. Wessels, "Daniel Egnatius Schutte" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Vol. V, p. 739.

boekgehou van alle bedrae wat bestee is.⁷⁷ Daarmee saam is ook 'n aparte "Geheime Diensten"-tjekboek ingestel waarvan die eerste tjek op die 30 Desember uitgeskryf is en die laaste tjek no. 392 op die 26 Julie 1899.⁷⁸ Die noukeurigheid en gehalte van finansiële rekordhouding is indrukwekkend en spreek van goeie beheer oor geheime fondse. Selfs die kleinste detail oor die doel waarvoor spesifieke fondse aangewend is, is aangetoon. Sake wat só aangedui is was onder andere reiskoste soos karhuur en treingeld, voorskotte, geheime dienste in verband met die onluste in Johannesburg, inwoning in 'n hotel, stuur van telegramme, salarisse en gehuurde dienste.⁷⁹

Die Kommissaris het fondse vir geheime dienste direk by die Uitvoerende Raad aangevra. Die bedrae is tydens geheime Uitvoerende Raadsvergaderings per notule spesifiek vir geheime dienste goedgekeur. Die eerste bedrag van £2 000 is goedgekeur na die aanstelling van die nuwe Kommissaris van Polisie.⁸⁰ In die state van die Ouditeur-generaal is die fondse vir geheime dienste aangedui as uitbetaal aan J.H.M de Kock die notulehouer van die Uitvoerende Raad se geheime notules.⁸¹ Tot in 1897 is die goedkeuring van fondse soos volg genotuleer:

Voorschot £ 2 000 aan den Heer J.H.M de Kock notulehouder Uitv. Raad
voor geheime diensten.⁸²

Hierdie gebruik was eenaardig aangesien die Kommissaris van Polisie se kantoor die geld ontvang het en verantwoordelik was aan die Tesourier-generaal aan wie verslag oor die besteding van fondse, gerapporteer moes word. Die bewoording van die notule is moontlik so gedoen om die bestaan van die Geheime Diens te verdoesel en befondsing daarvan met so min informasie moontlik op papier te beskerm.

Die basiese salaris, wat geheime agente met 'n permanente aanstelling ontvang het, was £25 per maand. Dit is opvallend dat 'n ervare agent soos Taylor, teen Maart 1896 steeds slegs £25 per maand verdien het. Dit was dieselfde maandelikse bedrag wat

77 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst 1895 - 1899.

78 SP 903, Geheime Diensten, Chequeboek 30.12.95 - 26.7.1899.

79 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst 1895 - 1899, pp. 2 -10.

80 URN (Geheim), Artikel 39, 27.12.1895.

81 AG 317, Register van spesiale uitgawes 1895 - 1900.

82 URN (Geheim), Artikel 13, 2.3.1897.

Dit boek is voor kwitanties voor Spoorwegbelasting, Hoofd-
belasting, Wegbelasting, Invoerbelasting, Licenties, Plaats-
belasting, Erfbelasting, Heerenrechten, Boeten, enz.

No. 1 De 30.12.95

aan Const v. Ralte' jklyg

Per zelf

£ 100.-

Voor werkzaamheden in verband
met onlusten te jklyg.
In het opsporen van
ongefomakkelde kammen

Dit boek is voor kwitanties voor Spoorwegbelasting, Hoofd-
belasting, Wegbelasting, Invoerbelasting, Licenties, Plaats-
belasting, Erfbelasting, Heerenrechten, Boeten, enz.

No. 2 30.12.95

aan Josef

Per zelf

£ 10.0.0

Voor werkzaamheden in verband
met onlusten te jklyg
enz.

Fig. 6: Voorbeeld van die eerste twee kwitanties in die "Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 - 26.7.1899". Volgens kwitantie no. 2 is 'n uitbetaling van £10 gemaak aan geheime agent G.W. Taylor, alias Josef. Bron: SP 903.

nuutaangestelde geheime agente soos A.H. Evans, W.D. v.d. Berg, P.G.W. Kruger , C. Daniell, en F.W. Rhurhs in die loop van 1896 ontvang het. Teen die einde van Maart 1896 het die Uitvoerende Raad egter die bedrag van £40 per maand vir Taylor gemagtig. Die bedrag was net van toepassing vir die tyd wat hy hom in Bulawayo sou bevind.⁸³ Aan die begin van 1897 was die maandelikse bedrag van £25 na £30 verhoog.⁸⁴ Hierdie bedrag was gelykstaande aan dit wat 'n derdeklas-speurder aan die einde van 1895 ontvang het.⁸⁵

Dit is interessant dat die Geheime Diens steeds agente met die swak salaris kon lok. Moontlik was die addisionele reis- en verblyfkoste, wat geheime agente ontvang het en die tipe van poste, aantrekliker as die speurdiensposte. Nog 'n rede kon wees dat potensiële geheime agente 'n voorliefde vir die soort van werk gehad het en dat die misterie, romantiek en avontuur verbonde aan spioenasie, die poste gesog gemaak het.

Geheime agente het ook, voordat hulle op 'n sending vertrek het, 'n voorskot ontvang wat soms hulle maandelikse salaris ingesluit het. 'n Addisionele bedrag vir reis- en verblyfkostes is dan betaal. Die standaardvergoeding vir reiskostes was 15/- per dag.⁸⁶

Volgens die kasboek vir geheime dienste is daar vanaf 28 Desember 1895 tot en met 31 Desember 1895 £237 op geheime dienste bestee. Dit is uitgesluit 'n addisionele bedrag van £250 wat die Kommissaris direk by die Tesourier-generaal aangevra het. Die bedrag was bedoel vir luitenant Tossel vir speurdoeleindes rondom die woelinge gedurende Desember 1895.⁸⁷ Vir die daaropvolgende ses maande is die volgende maandelikse bedrae in 1896 gespandeer: Januarie £180, Februarie £279, Maart £91, April £177, Mei £189 en Junie £173.⁸⁸ Hierdie syfers toon aan dat daar direk na die krisis gedurende Desember 'n onmiddellike drastiese verhoging in besteding vir spioenasie was. Daarna het die maandelikse bedrag min of meer tot aan die einde van 1896 gestabiliseer.

83 URN (Geheim), Artikel 9, 21.3.1896.

84 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, No's 1 - 81.

85 SP 844, R 11307/95, p. 9.

86 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, No's 45, 47, 144.

87 SP 844, Afskrif skrywe Kommissaris - Tesourier Generaal, 4.12.1895, p. 4.

88 SP 902, Kassaboek Geheime Dienste, pp. 2 - 6.

In 'n memorandum aan die Tesourier-generaal, waarin die Kommissaris van Polisie die verskillende poste vir die 1896-begroting motiveer, word geensins van die Geheime Diens melding gemaak nie. In 'n addendum tot die begroting word £500 vir 'n geheime sekretaris, begroot.⁸⁹

Die Uitvoerende Raad het tydens een van sy geheime sittings die bedrag van £5 000 vir 1897 goedgekeur vir die geheime diens.⁹⁰ Die werksaamhede van die Geheime Diens is uit die aard van die saak nie in die Volksraad bespreek nie. Lede van die Raad het, onder druk van hulle kiesers, begin vrae vra oor die steeds stygende bedrae wat vir geheime dienste aangevra is.⁹¹ Dit het tot gevolg gehad dat die Volksraad die bedrag geskrap het. D.E. Schutte wat sedert 5 November 1896 as Kommissaris van Polisie aangestel was, het in 'n skrywe aan die Staatsekreteraris sy saak as volg gestel:

In verband met u scrappen v/d post £ 5 000, voor geheime diensten, door den Ed. eerste Volksraad, vernam ik gaarne hoe mij te gedragen bij eventuele aanvragen om voorschotten voor doeleinden voormeld. Indien ik geen geld het ter beschikking, is't natuurlijk onmogelijk Udgestr behulpzaam te zijn in 't verkrijgen van geheime informatie enz. op politiek gebied en anderzins....⁹²

Hierdie optrede van die Volksraad dien as bewys dat die waarde van 'n geheime diens as 'n belangrike element van die staat se beveiliging, nie deur almal in die Uitvoerende Raad aanvaar is nie. Dit kon ook gespruit het uit onkunde of 'n gebrek aan toeligting oor die aard van die bedreiging teen die staat. Hierdie optrede van die Volksraad het ongeveer 18 maande ná die Jameson-inval plaasgevind. Dit is ook moontlik dat lede van die Volksraad vergeet het van die moontlikheid dat so 'n krisis weer kon opduik.

'n Verdere meer aanvaarbare rede vir die Raad se optrede, was die feit dat die pligte van die Geheime Diens en die Speurdiens met mekaar verwar is. Dit is te begrype

89 SP 879, Supplémentaire Begrooting '96, 11.3.1896.

90 URN (Geheim), Artikel 15, 2.3.1897.

91 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 304.

92 A. Wessels, "Daniel Egnatius Schutte" in C.J. Beyers en J.L. Basson (Reds.), *Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, p. 739.



Fig. 7: Voorbeeld van 'n lapelwapen wat lede van die Speurpolisie en vermoedelik ook die Geheime Diens van die ZAR onder hulle lapel gedra het. Bron: *The Nongqai*, Augustus 1927.

want selfs in die Kommissaris se kantoor is weinig onderskeid getref tussen persone wat staatsveiligheidswerk verrig het en speurders wat smokkelhandel in goud en gewone sake ondersoek het. Verder is speurders, geheime agente en gewone polisie se salarisse deur dieselfde klerk uitbetaal. Die Volksraad het dan ook gemeen dat die hele saak slegs 'n bedekte poging was om meer geld vir die speurdiens te bekom.⁹³

Die gevolg was dat die Uitvoerende Raad vir Schutte in die geheim ander fondse moes voorskiet vir die Geheime Diens. Die begroting vir geheime dienste was in 1897 met £23 000 oorskry. Hierdie bedrag is later teen die fortbouprogram afgeskryf. Om 'n soortgelyke probleem te vermy is fondse in die toekoms nie aan 'n bepaalde amptenaar, program of projek toegewys nie maar globaal goedgekeur. Dit sou dus moeilik wees om te kon onderskei hoe die Kommissaris sy fondse begroot of aangewend het.

Dit was duidelik dat fondse vir die Geheime Diens slegs tydens die Uitvoerende Raad se geheime sittings bespreek is. Waarskynlik was dit een van die redes waarom die Volksraad in die duister was. Wat ook duidelik na vore kom, is dat baie van die motiverings vir geheime diensaangeleenthede nie op skrif geplaas is nie. Dr. Leyds het as Staatsekretaris dan soms ook die leiding tydens die Uitvoerende Raad se geheime sittings in dié verband geneem. So het hy byvoorbeeld voorgestel dat 'n bedrag van £3 000, wat die Uitvoerende Raad goedgekeur het, onder die hoof, geheime dienste, in die normale begroting van die Kommissaris van Polisie teruggeplaas word.⁹⁴ Die feit dat die Uitvoerende Raad eerder bereid was om die begroting vir die Geheime Diens met woorde en ander skuiwe te manipuleer en te verberg as om die Volksraad in te lig, is vanuit 'n sekerheidsoogpunt nogal belangrik. Dit wys dat die Uitvoerende Raad besef het dat 'n Geheime Diens, wat op watter wyse ookal openbaar sou word, van weinig waarde sou wees en selfs mense se lewens in gevaar kon stel.

93 G.N. van den Bergh, *Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 304.

94 Leydsargief 679, UR Kopieë van Geheime notule, 12.1.1897.

Ten spyte van streng geheimhouding rondom die fondse vir die Geheime Diens het buitestaanders en persone wat die staat nie goedgesind was nie, oor die benutting van die fondse gespekuleer. Heyer het in een propagandapamflet in 1899 geskryf:

According to Volksraad besluit £10 000 annually are granted for Secret Service; in 1893, £15 000, in round figures, were spent in Secret Service transactions, and in 1895 the sum doubled, while lately the average expenditure annually amounts to something like £80 000, that is in toto, including espionage, financial considerations to the Free State, the Press &c.⁹⁵

Selfs die *Royal Commission on the War in South Africa*, wat in 1903 'n verslag uitgebring het, het beweer dat die ZAR-regering in die drie voorafgaande jare van die oorlog 'n bedrag van £286 000 op geheime dienste bestee het. Volgens die verslag was die Britse regering se totale begroting op hulle *Intelligence Department* slegs £20 000 per jaar. Daarvan is slegs £2 000 in Suid-Afrika bestee.⁹⁶ Dit is duidelik uit die ontledings dat die Geheime Diens en die befondsing daarvan totaal deur sy vyande oordryf is aangesien uitgawes daarop in die tydperk 1893-1896 nie naastenby so hoog was nie. Al wat naby aan die waarheid kom, is die bedrag van £80 000. Die Uitvoerende Raad het wel gedurende April 1896 die bedrag van £96 500 vir die fortbouprogram goedgekeur.⁹⁷ Hierdie bedrag is in die begroting, wat voor die Volksraad gedien het onder die hoof Geheime Dienste, aangedui.⁹⁸ Die rede is doodeenvoudig dat die moontlike bou van die forte geheim gehou moes word.

3.4 Vrese vir 'n tweede inval en die oprigting van forte

Die verslae van agente, waarin gewaarsku is oor 'n tweede moontlike gewapende inval, het bygedra tot die oprigting van forte om Pretoria. Reeds in die eerste week van Januarie 1896 het Taylor gewaarsku dat hy verneem het dat ongeveer 300 man in

95 A.E. Heyer, *The Transvaal Secret Service System*. 1899, p. 15.

96 C. Andrew, *Secret Service: The Making of the British Intelligence Community*, London, 1985, p. 30.

97 URN (Geheim), Artikel 16, 16.4.1896.

98 Leydsargief 679, Kopieë van geheime notules, 12.1.1897.

Pretoria gereed was om die regering 'n gewapende stryd aan te sê. 'n Sekere Alfred Crosnier het hom meegedeel dat hy aan luitenant Peterson van die Johannesburgse polisie gerapporteer het dat wapens nog steeds na die Simmer en Jack-myn gesmokkel word.⁹⁹ Verslae het ook teen die moontlike sabotasie en opblaas van staatsgeboue gewaarsku.¹⁰⁰

Die Jameson-inval, gekoppel aan al die gerugte van verdere vuurwapenstapeling en 'n moontlike tweede inval, het die regering voortydig laat besef dat die fortifikasie van die ZAR, heeltemal ontoereikend was. Selfs die Kommandant-generaal het dit in sy verslag oor die gebeure van 1895 erken. Die feit dat Jameson en sy mag die ZAR so maklik binnegedring het, was eweneens onrusbarend. Nie net was die Geheime Diens as 'n beskermingsmaatreël geaktiveer nie, maar die Uitvoerende Raad het ook groot bedrae geld vir wapenaankope en ander projekte vir die jare 1896, 1897 en 1898 goedgekeur. Só het die gemiddelde uitgawes op militêre aankope voor die inval £57 284 per jaar beloop. In 1896 het die bedrag gestyg tot £495 618 en in 1897 was dit £396 384.¹⁰¹

Selfs die Kommandant-generaal het 'n ander ingesteldheid teenoor die insameling van inligting openbaar. Gedurende Junie 1896 is 'n "Circulaire aan Commandanten" deur die Kommandant-generaal se kantoor uitgereik:

Er is nieuwe verontrustende tyding door de Regeering ontvangen van geheimzinnige beweging op onze grenzen. Gij moet opnieuw uwe veldcornetten en burgers opmerkzaam wakker maken. Gij moet gedurig laten spioeneeren en alle bewegingen op onze grenzen nauwkeurig gadeslaan.¹⁰²

Dit het dus voorgekom of daar 'n besef gekom het dat daar 'n behoefte aan 'n inligtingstelsel binne die staatsopset van die ZAR bestaan het. Veral wat die kwessie van militêre inligting betref het die Jameson-inval die nodige insig gebring. Die Kommandant vir Vryheid, Louis Botha, het op hierdie opdrag gereageer en twee van

99 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 6.1.1895. (Eintlik 6.1.1896).

100 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 9.1.1896.

101 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, p. 11.

102 KG 450, CR6339/96, Circulaire aan Commandanten, Pretoria, Junie 1896.



Fig. 8: Daniël Egnatius Schutte (c. 10. 1854 - 8.3.1911) wat op 5.11.1896 as Kommissaris van Polisie in die ZAR aangestel is. Bron: TA8355.

sy veldkornette, te wete Haveman en Potgieter opdragte in die verband gegee. Toe hy later 'n skrywe rig om vergoeding vir die twee veldkornette te eis vir kostes wat hulle aangegaan het om hulle taak te verrig, is dit egter geweier.¹⁰³

Die beginsel om landsburgers of amptenare te betaal vir inligting wat ingesamel is, is in 'n nota onder kommandant-generaal P.J. Joubert se handtekening nie aanvaar nie, omdat dit volgens hom 'n swaar las op die staat sou plaas indien dit goedgekeur sou word.¹⁰⁴

Al hierdie teenmaatreëls deur die regering kan toegeskryf word aan die ontnugterende ervarings wat die gebeure voor, tydens en na die inval meegebring het. Die Uitvoerende Raad het dan ook tydens hulle geheime sittings die inisiatief geneem om die probleem van staatsveiligheid en die weerbaarmaking van die ZAR en sy mense aan te spreek.¹⁰⁵ 'n Opname, ná die inval, het getoon dat slegs 41 persent van die burgers tydens die inval bewapen was. Op 21 Januarie 1896 het die Uitvoerende Raad besluit om aan die Kommandant-generaal opdrag te gee om 'n verdere 10 000 gewere met die nodige ammunisie te verkry, benewens 59 kanonne wat reeds aangekoop is.¹⁰⁶

Verslae deur geheime agente het verder bygedra tot hierdie weerbaarmaking van die ZAR en sy burgers. Dit was veral 'n lywige verslag van 21 bladsye wat Taylor, *alias* Josef, na 'n spioenasietog, onder andere na Matabeleland, wat onrusbarende besonderhede bevat het.¹⁰⁷ Vanaf 27 Januarie 1896 het hy vir 'n maand lank eers na Kimberley en De Aar, daarna na Mafeking en vandaar na Bulawayo, gereis. Reeds op De Aar het hy verskeie van Jameson se troepe op hulle terugtog ontmoet. Daar het twee sersante, genaamd Davis en Douglas, hom meegedeel dat die inwoners van Matabeleland nie met die Jameson-inval se uitkoms tevrede was nie. Die aanduidings was dat 'n tweede inval georganiseer sou word. Hierdie keer sou die inval nie *via* Mafeking en die Malmani-goudvelde plaasvind nie, maar die grens sou hoër op

103 KG 450, CR6339/96, Skrywe Louis Botha - Kommandant-generaal, Vryheid, 10.9.1896.

104 KG 450, CR6339/96, Nota op lêer van P.J. Joubert - Staatsekretaris (Kabinet), 26.9.1896.

105 Sien verskeie besluite in die notules van die Uitvoerende Raad (Geheim) wat vanaf 15.1.1896 tot 5.5.1896 in dié verband geneem is.

106 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899 - 1902, I. Die Boere-offensief Okt.-Nov. 1899*, pp. 77 - 86.

107 SP 880, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 24.2.1896.

oorgesteek word. Die invalsmag sou Pretoria dan direk binneval. Alhoewel Taylor nie 'n moontlike datum vir só 'n inval kon bevestig kry nie, is hy meegedeel dat beplanning aan die gang was.

Wat Taylor se vermoedens waarskynlik bevestig het dat 'n tweede inval beplan is, is die feit dat hy oral troepe aangetref het wat met voorbereidings besig was. In Kimberley het kol. Harris van die *Diamond Field Horse* hom meegedeel dat hy sy troepe gereed kry vir enige moontlike gebeurlikheid. Hy was ook besig om 'n artillerie-eenheid in samewerking met die *Kimberley Volunteers* te vorm. Die *Diamond Field Horse* het vier maal per week gedril en was gereed om enige tyd op te marsjeer.

Taylor het ook bevestiging gekry oor die betrokkenheid van die *Chartered Company* in die Jameson-inval. In Gaborone het hy verskeie Maxims en 'n groot hoeveelheid ammunisie gekry wat aan die *Chartered Company* behoort het. In Tati het hy ongeveer 200 man aangetref wat veronderstel was om op die myn te werk. Hulle het vir hom verdag voorgekom omdat hulle rondgedraal het. In Bulawayo het Taylor ook verskeie kanonne en Maxims aangetref asook ongeveer 'n duisend goed bewapende berede soldate. Hierdie groep het openlik gepraat van 'n tweede inval in die ZAR. In Gwelo het hy ook sogenaamde mynwerkers aangetref wat drie maal per week gedril het. Hier het hy ook een Maxim en 'n sespond-kanon aangetref.

Taylor kon nie anders as om te waarsku dat die *Chartered Company* ongeveer 2 000 goed bewapende lede in die veld kon stoot nie. Die feit dat 'n luitenant Tancrea van die *English Royal Artillery* klandestien deur die *Chartered Company* na Johannesburg gestuur is om goedgesinde lede in die gebruik van Maxims op te lei vir 'n moontlike tweede inval, het agterdog gewek. Die Tswana-hoofde, Khama en Linchewe, met wie hy gepraat het, het hulle ook bereid verklaar om die ZAR aan te val.

Terug in die ZAR het Taylor ook gerapporteer dat die *Reform Committee* besig was met beplanning om die Krugerregering weer te verras.¹⁰⁸ In Johannesburg het hy lede van die *Rhodesia Horse* opgemerk wat rondgeloop het en geld spandeer het.¹⁰⁹ 'n

108 SP 882, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 28.2.1896.

109 SP 882, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 3.3.1896.

Geheime agent, A.H. Evans (Derfla), het ook berig dat 'n nuwe komitee gevorm is met die doel om manskappe te werf om na die wesgrens te vertrek.¹¹⁰ Hierdie tendense is ook bevestig deur 'n ander spioen, W. Watson, wat verslag gedoen het. Volgens hom het geloof-waardige persone hom meegedeel dat die probleme nie verby was nie. Sy afleiding was dat oorlog teen Mei-Junie verwag kon word.¹¹¹

Al hierdie inligting, wat die Kommissaris vanaf sy geheime agente ontvang het en wat mekaar se verslae bevestig het, moes hom oortuig het dat 'n tweede aanval met die hoofstad, Pretoria, as teiken 'n waarskynlikheid was. Gedurende Maart het die Kommissaris 'n skrywe aan die Kommandant-generaal gerig waarin hy verklaar het dat:

(I)k (het) van mijn geheime speurders informatie ontvangen...waaruit ik kan afleiden dat het niet onmogelijk is dat wij in nieuwe moeilijkheden gedompeld kunnen worden. Zou dit gebeuren dan zal Pretoria aangevallen worden.... Ud gestr er op te wijzen van de noodzakelijkheid om dadelijk een begin te maken met de forten die zeer noodzakelijk zijn ter verdediging v/dit dorp bij een tweede aanval.¹¹²

Die Geheime Diens het dus hier vanweë die relevante informasie wat hulle verskaf het 'n direkte invloed gehad op die besluit om met die fortbouprogram deur te druk. Kort hierna het die Uitvoerende Raad die bou van twee forte te Schanskop en Wonderboompoort goedgekeur. 'n Bedrag van £96 500 is ook by dieselfde sitting vir die doel bewillig.¹¹³ Die gedagte om Pretoria te beveilig deur 'n aantal forte op te rig, was afkomstig van L. Grunberg, 'n voormalige artillerie-offisier van die Franse leër. Hy het in 1895 na die ZAR gekom om mynmasjinerie op te stel en het ook 'n terreinstudie vir die bou van die forte voltooi.¹¹⁴

Deur 'n reeks besluite vanaf 10 April 1896 tot en met 3 Desember 1896 is 'n totale bedrag van £158 337 bewillig onder die hoof: geheime dienste. Hierdie geld was

110 SP 882, Verslag Derfla - Kommissaris van Polisie, 13.1.1896.

111 SP 882, Verslag W. Watson - Kommissaris van Polisie, 25.2.1896.

112 SP 892, Skrywe Kommissaris van Polisie - Kommandant - Generaal, 10.3.1896, p. 38.

113 URN (Geheim), Artikel 16, 16.4.1896.

114 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, p. 14.

eintlik bedoel vir die fortebouprogram. Die Uitvoerende Raad het tydens die sitting besluit om die geld oor te plaas na die diensterekening van die Kommandant-generaal.¹¹⁵ Hierdie groot bedrae wat vir geheime dienste aangedui is, maar eintlik vir die fortebouprogram bedoel was, het ook die indruk by nuuskieriges soos die Britte geskep dat massiewe bedrae vir spioenasie aangewend is.

Van Britse kant was daar ook spioenasiebedrywighede rondom die forte aan die gang. Gedurende September 1896 het Taylor, *alias* Josef, uit Johannesburg berig dat hy inligting tot sy beskikking het dat die Engelse party poog om planne van die forte te bekom en ook gepoog het om die kanonne se posisies te bepaal. Die bedoeling was om die inligting die land uit te stuur.¹¹⁶ Daar is redelik breedvoerig oor die bewapening van die forte berig. In dié verband het 'n sekere kaptein C. Delmé Radcliffe asook majoor H.P. Northcott verslae oor die ZAR se bewapening aan die Britse militêre inligtingsdiens deurgestuurd.¹¹⁷ Ene luitenant R.J. Vernon het gedurende Desember 1896 'n spioenasieverslag ook oor die forte deurgestuurd. Hy het gemeld dat baie min van die forte en hulle uitleg vanaf Pretoria gesien kon word. Later, gedurende Januarie 1897, het majoor E.A. Altham ook verkenning oor die forte gaan doen. Hy het gemeld dat daar krag geïnstalleer gaan word. Verder meld hy in sy verslag dat daar kanonne in Delagoabaai vir die forte ontskeep is.¹¹⁸

Selfs die Britse agent, W. Conyngham Greene, het verskeie verslae opgestel waarin hy oor die bou en bewapening van die forte berig het. Conyngham Greene het in 'n spioenasieverslag melding gemaak van die andersheid van Fort Daspoortrand en ook sketsplanne van forte aan die Britse Militêre Inligtingsdiens verskaf.¹¹⁹ Later, gedurende November 1896, het die Uitvoerende Raad ook die bou van 'n fort te Hospitaalheuwel in Johannesburg goedgekeur.¹²⁰ Taylor het egter in sy maandverslag

115 Leydsargief, Band 679, Geheime UR besluit, 12.1.1897.

116 SP 882, GCP 138/96, Verslag Josef - Kommissaris van Polisie, 8.9.1896.

117 A.C. van Vollenhoven, *Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902: 'n Studie in die historiese argeologie*, p. 60.

118 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, Publikasie no.1, pp. 33 - 35.

119 A.C. van Vollenhoven, *Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902 'n Studie in die historiese argeologie*, pp. 60 - 61.

120 URN (Geheim), Artikel 58, 12.11.1896.

vir Oktober gewaarsku dat as gevolg van die politieke klimaat die Krugerregering meer as ooit tevore op hulle hoede moet wees.¹²¹

Wat egter duidelik is, is dat spioenasie van beide kante rondom die forte buite Pretoria aan die orde van die dag was. Van die ZAR se kant het die Geheime Diens die nodige inligting verskaf wat gewys het op die noodsaaklikheid vir die bou van die forte. Van Britse kant moes hulle geheime agente die fisiese uitleg van die forte bespied nadat hulle gebou is. Vir beide Boer en Brit was die bestaan van 'n spioenasiediens in daardie spesifieke omstandighede noodsaaklik.

121 SP 882, GR 1231/96, Verslag Taylor - Kruger Konfidensiële sekretaris, 31.10.1896.

HOOFSTUK 4

WERKSAAMHEDE VAN DIE GEHEIME DIENS IN SUIDER-AFRIKA, 1896 - 1897

4.1 Die keuring, aanstel en aanwending van geheime agente

Die aanstelling van agente met die nodige opleiding en ervaring, was een van die grootste probleme waarmee die Geheime Diens aanvanklik geworstel het. Onder hierdie omstandighede het die Kommissaris se kantoor geen keuse gehad as om van speurders gebruik te maak nie. 'n Voorbeeld van só 'n persoon was J.J. Donovan¹ wat aanvanklik in beheer van die "Ontucht polisie" was en later in die Geheime Diens aangestel is.²

Om hierdie probleem aan te spreek het die Uitvoerende Raad vir Leyds, wat hom in daardie stadium in Berlyn bevind het, versoek om drie goed opgeleide geheime agente te werf. Die salarisse wat aangebied is, het £700 per jaar bedra.³ Die hoë salaris het gedui op die belangrikheid van die poste en die mededinging van Europese dienste. Leyds het drie maande later uit Amsterdam toestemming by die Uitvoerende Raad gevra om die agente, wat hy gewerf het, aan te stel.⁴ Die twee persone, L. Theyssen en J. van den Broch, is by die Rotterdamse speurdiens gewerf. Hulle het teen Mei 1896 as "konfidensieele agente" diens aanvaar en het ook verdere opleiding in Parys en Berlyn ontvang.⁵ Alhoewel hulle die enigste opgeleide lede in die Geheime Diens was, kom hulle name geensins verder in die Geheime Diens se dokumentasie voor nie.

1 SP 193, SPGR 149/99, Korrespondensie tussen publieke aanklaer en Kommandant van Polisie.

2 SP 872, Eed van John Joseph Donovan, 25.11.1899.

3 Leydsargief, Band 679, UR besluit, 15.1.1896.

4 TAB, URN (Geheim), Artikel 7, 2.3.1896.

5 TAB, Leydsargief, Bande 679/680, Geheime missiewe ZAR agentskap in Gravenhage, 11.3.1896, p. 184.

Dit was algemeen bekend dat Leyds Duitsers in die ZAR se Geheime Diens wou invoer. Tydgenootlike skrywers, soos Blackburn en Caddell, verwys ook na die feit. Sulke lede het 'n taalprobleem gehad omdat van hulle nie Hollands of Engels kon verstaan nie. Een so 'n agent was weens hierdie rede nie bruikbaar nie. Leyds het hom as 'n kriptograaf in sy kantoor gebruik. Hy is verder ook aangewend vir die opstel en vertaal van korrespondensie met die Duitse regering.⁶

Die kommissaris het geen ander keuse gehad nie as om geheime agente plaaslik te werf en aan te stel. Sulke agente moes verkieslik Hollands en Engels magtig wees. Verder moes hulle sekerheidsklarings slaag en ook in 'n mate lojaal teenoor die ZAR-regering wees. Alhoewel dit moeilik is om die tipiese profiel van geheime agente in diens van die ZAR saam te stel, kan sekere afleidings gemaak word. Die verslae van agente soos Taylor, Mostert, Van der Berg, Oliphant, Daniell, White, Bain en Evans in die loop van 1896-1897, het van werk van 'n hoë gehalte getuig. Hulle verslae was omvattend, relevant en was met uitknipsels uit koerante toegelig. Verder het van die agente aanbevelings en afleidings na hulle oordeel in van die verslae ingesluit. Die afleiding kan sonder teenspraak gemaak word dat die meerderheid van die geheime agente Engelssprekend of Engels magtig was. Die voorkoms en aanbieding van hulle verslae dui ook daarop dat hulle taalvaardig was wat tydgenootlike kritiek op die kwaliteit van verslae weerlê. Daar is byvoorbeeld beweer:

There was absolutely no system in the selection of agents - either chiefs or subordinates. The most unlikely person often found himself placed in a position of authority, and asked to perform duties of which he had not the slightest knowledge; and this merely because he may have communicated a piece of information momentarily of value.... At the period of which we are writing - 1896-9 - there was not in the secret service a single man who had any experience over and beyond that of informer. That is, nearly every man had been placed on the staff as a reward for having supplied some item of information more or less valuable. It is, therefore quite

6 D. Blackburn en W.W. Caddell, *Secret service in South Africa*, pp. 256 - 257.

believable that many of these secret agents were as blunderful and tactless as any ill-bred son of the soil could be even in a farcical sketch.⁷

Alhoewel lojale lede van die publiek soms inligting deurgegee het, is dit nie waar dat hulle voor die voet as geheime agente in diens geneem is nie. So het 'n sekere J. Vercuiel alreeds voor die Jameson-inval belangrike informasie deurgegee.⁸ Hy is egter nooit as agent in diens geneem nie.

Aansoeke vir 'n betrekking in die Geheime Diens is op 'n geordende en verantwoordelike wyse hanteer. So het C. van Ahlefeldt van Zeerust gedurende Desember 1897 aansoek gedoen vir “eene anstelling voor speurder der geheime diensten in het district Marico”. Hy het ook 'n getuigskrif van J.A. van Niekerk, die Kommandant van die Polisie te Zeerust, ingesluit. Die aansoek is behoorlik oorweeg en T.A.P. Kruger, die verantwoordelike klerk, het die kommandant te Zeerust versoek om die applikant in kennis te stel dat daar nie só 'n vakature beskikbaar was nie.⁹ Talle aansoeke is deur die Kommissaris se kantoor ontvang vir die Speur- en/of die Geheime Diens. Dit wil voorkom of die meeste sodanige aansoeke van die hand gewys is.¹⁰

Sommige applikante se aansoeke vir poste in die Geheime Diens is direk by president Kruger ingedien. So het die Kommissaris van Polisie 'n sekere G.D. Scholtz van Wolmaransstad laat weet dat hy eerder sy aansoek aan die hoof van die Speurpolisie in Johannesburg moes stuur.¹¹

Daar is nie gesloer met die aanstel en aanwending van agente nie. Op 16 Mei 1896 het Charles Daniell by die Kommissaris in Pretoria vir 'n betrekking in die Geheime Diens aansoek gedoen.¹² Op 20 Mei 1896 het hy as geheime agent vanaf Pretoria op sy eerste spioenasietog na Kimberley en Mafeking vertrek. Reeds op 23 Mei 1896 rapporteer hy uit Kimberley en vanaf Vryburg het hy onder die kodenaam “Truth.”

7 *Ibid.*, pp. 239-240.

8 SP 882, GCP 6/95, Skrywe van Vercuiel - Kommissaris van Polisie, 19.12.1895.

9 SP 807, DDM 1179/97, Lêer met opskrif: “C. van Ahlefeldt, Maakt applicatie voor een betrekking, 27.12.1897”.

10 SP 816, Sien verskeie aansoeke vir die jare 1895 - 1898.

11 SP 844, Skrywe Kommissaris van Polisie - G.D.Scholtz, 6.5.1897.

12 SP 882, Skrywe van Daniell - Kommissaris van Polisie, 16.5.1896.

gerapporteer.¹³ Op die 28 Mei 1896 stuur hy sy eerste telegram in kode aan die Kommissaris se kantoor vanaf Ottoshoop (tussen Zeerust en Lichtenburg):

By Goed 750 diamanten 1. ezel plaats struis vogels en veeren hoeveelheid
zeer weinig.

Na dekodering het dit gelees:

By Mafeking 750 Engelsche Troepen 1 Maxim en 1 Kanon. Geweren en
ammunitie zeer weinig.¹⁴

4.2 Die werkswyse en werksdrukte van agente

Sommige geheime agente, soos Daniell, was beweeglik. Sedert sy aanstelling in Mei 1896, was hy eers na Betsjoeanaland tot op Palla¹⁵ en op 30 Junie was hy terug in Pretoria.¹⁶ Agente se werkswyses het ook van mekaar verskil. In Pretoria het Daniell kroeë besoek om informasie te kry.¹⁷ Gedurende September reis hy vir 16 dae na Swaziland.¹⁸ Op 17 November 1896 het hy met 'n tjek van £40¹⁹ in sy sak na King Williams Town, Grahamstad, Port Elizabeth en Oos-Londen vir 41 dae vertrek.²⁰ Op 4 Januarie 1897 het Daniell 'n voorskot van £24-17-6 vir sy reis- en verblyfkostes na Kaapstad ontvang.²¹ Gedurende Junie tot Augustus 1897 het hy weer na Betsjoeanaland en Matabeleland vertrek. Hierdie keer het hy tot in Salisbury gereis waarvandaan hy gedurende September verslae ingestuur het.²² By sy terugkeer in Pretoria het hy op 30 September 1897 'n tjek van £102 as salaris ontvang vir die drie maande en 12 dae wat hy weg was.²³ Dieselfde dag het hy 'n addisionele bedrag van

13 SP 882, Los bladsye met aantekening in potlood in die lêer van Daniell, 23.5.1896.

14 SP 882, Telegram vanaf Daniels - H.C.Bredell, Ottoshoop, 28.5.1896.

15 SP 882, GCPM 85/96, Verslag Chas Daniels - Mafeking, 17.6.1896.

16 SP 882, GCPM 92/96, Verslag Chas Daniell - Pretoria, 30.6.1896.

17 SP 882, GCPM 107/96, Verslag Chas Daniell - Pretoria, 15.7.1896.

18 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst 1895 - 1900, p. 8.

19 SP 903, Geheime Diensten, Chequeboek, Tjek no. 66, 17.11.1896.

20 SP 880, Los dokument in potlood in lêer van Chas Daniell, 17.11.1896.

21 SP 903, Geheime Diensten, Chequeboek, Tjek no. 85, 4.1.1897.

22 SP 883, GCPM 649/97, Verslag van C. Daniell, Salisbury, 10.9.1897.

23 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, Tjek no. 196, 30.9.1897.

£78 ontvang synde 104 dae se reiskostes bereken teen 15/- per dag asook 'n verdere bedrag van £130 wat aangedui is as werklike uitgawes vir sy reis.²⁴ Hierdie laaste bedrag was waarskynlik vir akkommodasie.

Verskeie gevolgtrekkings kan uit Daniell se bewegings, optredes en sy werkwyses asook van die Geheime Diens gemaak word. Dieselfde geheime agente is vir beide binnelandse en buitelandse opdragte en take aangewend. 'n Agent soos Daniell, wat Engelsprekend was, was die ideale tipe agent om in die Brits beheerde gebiede aan te wend. Die rede waarom hy nie permanent in een plek gespioeneer het nie, was om nie suspisie te wek nie. Agente is dus volgens 'n sekere plan aangewend. Deur hom van die Kaap tot in Salisbury te gebruik, kon hy 'n geheelbeeld van die situasie vorm. Sodoende het sy verslae groter strategiese waarde gehad.

Die lang tye wat agente vir buitelandse operasies weg was, het ook eiesoortige probleme veroorsaak. Nadat Taylor se integriteit deur die Kommissaris se kantoor in twyfel getrek is rondom die aanwending van 'n sekere bedrag²⁵ en omdat hy moontlik weens siekte nie kon rapporteer nie, het sy frustrasies in die verband na vore gekom. Hy het die Kommissaris van Polisie versoek om hom na die kriminele afdeling van die Speurpolisie terug te plaas sodat hy weer 'n normale lewe saam met sy vrou en kinders kon voer. Hy het ook daarop gewys dat hy reeds langer as vier maande van die huis af weg was.²⁶ Dat die situasie nie bevorderlik vir sy werk was nie, word bewys deur die feit dat hy daarna baie kort verslae ingestuur het in teenstelling met sy gebruikelike volledige en omvattende verslae.²⁷ Op 3 Januarie 1898 stuur hy sy eerste verslag in as gewone speurder en gebruik hy nie meer die kodenaam "Josef" nie en teken sy verslae eenvoudig as "G.W.Taylor".²⁸ Die spanning en werksdrukte verbonde aan spioenasie het waarskynlik sy tol geëis van 'n geheime agent wat sedert 27 Julie 1894²⁹ tot en met Augustus 1897,³⁰ oor 'n periode van drie jaar, meer as 170 verslae ingestuur het.

24 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, Tjek no. 197 en no. 198, 30.9.1897.

25 SP 892, Bredell - G.W.Taylor, 29.9.97, p. 268.

26 SP 883, GCPM 587/97, Josef (Taylor) - D.E. Schutte Commissioner of Police, 3.8.1897.

27 SP 881, Verslag Josef (Taylor) - Commissioner of Police, Kimberley, 10.8.1897.

28 SP 881, Verslag G.W. Taylor - D.E. Schutte, Commissioner of Police, Pretoria, 3.1.1898.

29 SP 238, Verslag no. 1, Taylor - Esselen, Johannesburg, 27.7.1894.

4.3 Die opleiding van en strategie met die plasing van agente

'n Duidelike strategie vir die plasing van geheime agente het bestaan. Die westelike grens van die ZAR was om verskeie redes van strategiese belang. Die gebied het gestrek vanaf Kimberley, verby Vryburg en Mafeking tot by Gaborone in die noorde. Dit was die ZAR se grootste probleem. Die polisie en gewone burgers van die staat in daardie geweste, veral in die Zeerust, Ottoshoop en die Malmani-goudvelde omgewing, het aangevoel dat die Kruger-regering geheime agente aldaar nodig gehad het. Die feit dat die Jameson-inval vanuit daardie geweste plaasgevind het, en gerugte van 'n tweede inval, het 'n veiligheidsbewussyn aangewakker. Dit was ook moontlik dat sekere persone 'n geleentheid daarin gesien het om bloot 'n betrekking te bekom.

Afgesien van genoemde C. van Ahlefeldt van Zeerust, wat met die ondersteuning van die Kommandant van die gebied as geheime agent aansoek gedoen het, was daar ook 'n sekere A.B. van Raalten wat aansoek gedoen het vir "eene betrekking als geheime spioen op de Zuid Westelijke Grens" waarop kommissaris D.E. Schutte geantwoord het "dat zoren(sic) betrekking niet bestaat, en ook nich zal bestaan".³¹

Na die Jameson-inval het Kommissaris Van Niekerk 'n reorganisasie van die grenspolisie deurgevoer wat hoofsaaklik die desentralisasie van bevel beteken het asook die vermeerdering van die kommandemente van die plattelandse polisie. Afdeling III, waaruit al die aansoeke vir geheime agente gekom het, het bekend gestaan as die suidwesgrens. Dit het gebiede ingesluit soos Bloemhof, Buffelsdrift, Christiana, Lichtenburg, Malmani, Marico, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Wolmaransstad en die res van die gebied suid van die Krokodilrivier.³²

Dit is moontlik dat die Kommandant van die Polisie potensiële geheime agente uit sy gebied aangemoedig het om as agente aansoek te doen. Wat hy en die aansoekers nie besef het nie, was die feit dat die Kommissaris van Polisie reeds geheime agente vanaf

30 SP 883, GCPM 595/97, Josef (Taylor) - D.E. Schutte, Commissioner of Police, Kimberley, 9.8.1897.

31 SP 844, Skrywe Kommissaris van Polisie - A.B. van Raalten, 27.12.1897, p. 280.

32 G.N. van den Bergh, Die Polisie in die Zuid - Afrikaanse Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 275 -276.

die begin van 1896 in daardie gebied ontplooi het. Die strategie was dat Engelssprekende geheime agente, wat vanaf die Witwatersrand ingestuur sou word, meer sukses sou behaal. Die risiko, dat agente wat plaaslik bekend was as spioene uitgeloop kon word, was ook groter. Die suksesvolle wyse waarop spioenasie-opdragte deur Taylor vanaf 27 Januarie tot 24 Februarie 1896 vanaf Kimberley tot in Bulawayo uitgevoer is, is 'n bewys daarvan.³³

Dit is verstaanbaar dat persone in beheer van afdelings, binne die Polisie- Speur en Geheime Diens, agterdogtig was teenoor speurders en geheime agente wat buitelanders of Engelssprekendes was. Die Kommissaris moes dus soms die risiko neem om buitelandse persone aan te stel ter wille van beter resultate en meer geloofwaardigheid wat sulke agente gehad het. Kommandant B.J. Vorster, kommandant van Soutpansberg, het agterdogtig begin raak teenoor 'n sekere speurder Campbell in die gebied. Die algemene gevoel uit die geweste was dat dit beter sou wees as "een zoon des lands aldaar geplaats worde...."³⁴ Regdeur die bestaan van die Geheime Diens sou dit 'n strydvraag bly of net plaaslike lojale burgers aangestel moes word ten koste van Engelssprekendes wat die opposisie se geledere makliker kon infiltrer. Dit wil voorkom asof die Staatsprokureur en die Kommissaris 'n middeweg gevolg het en uit beide se geledere aanstellings gemaak het.

'n Skrywer soos Conan Doyle beweer weer dat die ZAR se Geheime Diens uitstaande was:

The large sum spent by the Transvaal in secret service money - a larger sum, I believe, than that which is spent by the whole British Empire - would give some idea of the subterranean influence at work. An army of emissaries, agents, and spies whatever their mission were certainly spread over the British Colonies.³⁵

33 SP 880, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 24.2.1896.

34 SP 882, CPMG 22/96, Lêer B.J. Vorster Commdt Witklip Zpbrg., 1.4.1896.

35 A.C. Doyle, *The Great Boer War*, p. 59.

Oor die jare was daar heelwat spekulاسie oor die aard en omvang van die ZAR se intelligensie- en spioenasiebedrywighede. 'n Latere navorser soos Roos³⁶ beweer egter foutiewelik dat daar in die stryd tussen Boer en Brit nie veel van spioene en diplomate gebruik gemaak is nie. Hy meld verder dat die ZAR se Geheime Diens van 'n swak gehalte was.

Hierteenoor staan die tydgenootlike skrywer, Heyer, amper in verwondering oor die Geheime Diens se effektiewe en suksesvolle hantering van sy taak:

Apart from the smart and effectual manner in which this important branch of the service is being managed, the utmost and strictest secrecy prevails, and all financial transactions are managed so scrupulously careful that supposing a person in the employ of the State or otherwise engaged, no matter where it may be, doing secret service for the State, he always receives his sovereigns through a second or intermediary channel, so that he never has and never can show a clear case, should he perchance turn against the Government. I doubt whether in any part of the world a State's or country's Secret Service affairs are so ably, cleverly and ingeniously conducted.³⁷

Heyer beweer voorts dat geheime agente van die ZAR vir nege maande lank opgelei is. Tydens hierdie periode is hulle fyn deur ander agente dopgehou om te bepaal of hulle betroubaar is en die werk sou kon doen. Leyds word ook in verband gebring met die ZAR se Geheime Diens want as Staatsekretaris het hy in die eerste plek te make gehad met die aanstelling en afdanking van amptenare en derhalwe ook geheime agente.³⁸ Hy het 'n groot rol gespeel om die staatsdiens van die ZAR te reorganiseer en op te knap. In die Uitvoerende Raad het hy ook 'n groot rol gespeel.³⁹ Dit kan dus aanvaar word dat hy ook met die aanstelling van geheime agente 'n rol gespeel het. Dit het soms gebeur dat die hoof van die Speurpolisie in Johannesburg agente se

36 J.C. Roos, *Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Okt 1899 - Mei 1900*, (D.Litt, UOVS, 1949), pp. 345-346.

37 A. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, 1899, p. 16.

38 *Ibid.*, pp. 16-17.

39 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 67-78.

oorspronklike verslae direk aan die Staatsekretaris gestuur het en slegs afskrifte aan die Kommissaris se kantoor. Dit het gebeur met baie volledige verslae oor troepesamestellings wat Oliphant en Mostert gedurende Junie 1896 vanaf Mafeking ingestuur het.⁴⁰ Wat die hoof van die Speurpolisie se redes was, is nie duidelik nie. Dit wil voorkom asof Mostert en Oliphant as speurders aangestel is maar as geheime agente diens gedoen het. Die normale prosedure was egter dat alle verslae van agente eers aan die Kommissaris se kantoor gestuur word waarna dit verder verwys is.

Sommige tydgenootlike skrywers het gespekuleer oor die rol wat vroue in die Geheime Diens van die ZAR gespeel het. So het F.B Higginson beweer dat:

Tjaard(sic) Kruger (One of the President's sons) and Commandant Schutte (Chief of Police) actually employed a woman of fascinating appearance and manners to be detective so that she could use her blandishments on me on purpose to obtain information in question. The lady (Mrs Constance Hamilton), (was) employed by the Secret Service... the Transvaal Government employed her to spy on people's actions and worm secrets from them.⁴¹

Voorts het Heyer ook beweer dat die Geheime Diens gedurende 1895 'n vroulike spioen in Durban en Pietermaritzburg ontplooi het.⁴² Geen bewyse kon gevind word dat vrouens as spioene aangewend was nie. Gedurende Desember 1896 is daar egter 'n bedrag van £1-10 uitbetaal aan "Mrs Brooke per J.G. Malcolm" vir "geh dienste onkosten Jhsbg naar Pretoria en terug". Op dieselfde dag is onderskeidelik bedrae van 8/- betaal aan Charles Edward vir "cabhuur re Mrs Brooke geh. dienste" en 6/- aan Cornelis Ruiter vir "cabhuur geh dienste re Mrs Brooke".⁴³ Malcolm was 'n voltydse agent in diens van die ZAR terwyl Ruiter en Edward se name nie weer voorkom nie en waarskynlik geleentheidsinformante was. Dit was ook moontlik dat Malcolm vir Brooke as agent kon gehuur het en dat Ruiter en Edward slegs as tussengangers

40 SP 882, Skrywe Ferguson - Kommissaris van Polisie, 26.6.1896.

41 SP 239, F.B. Higginson, *Boer atrocities, The Pretoria Lunatic Asylum and its inmates*, 1899, p. 9.

42 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, 1899, pp. 26-27.

43 SP 903, Tjeks no. 76 (21.12.1896), 77 (21.12.1896) en 78 (21.12.1896).

opgetree het. Aangesien dit normale gebruik was vir geheime agente om ander agente slegs op 'n tydelike basis te huur, is dit tog moontlik dat van die hoedanighede en dienste van vroue vir insamelingsdoeleindes gebruik gemaak kon word alhoewel hulle nie amptelik in diens van die Geheime Diens geneem is nie.

Onderskepping van pos was aan die orde van die dag wat geheime agente verplig het om sekerheid toe te pas. Die Staatsprokureur het die hoof van die telegraafafdeling in Pretoria opdrag gegee om hom van afskrifte van sekere telegramme te voorsien. Hierdie telegramme is almal aan Posbus 691, Pretoria, gerig. Hierdeur kon die regering belangrike inligting onderskep.⁴⁴ Artikel 3 van Wet no. 7 van 1896 het dit moontlik gemaak dat iemand soos die Staatsprokureur by die hoof van die Telegraafdepartement in Pretoria, daarop kon aandring om die duplikate van telegramme te sien.⁴⁵ Uit vrees dat die ZAR se geheime agente se telegramme onderskep kon word, het die meeste agente 'n kode in telegramme gebruik.

Die Geheime Diens was egter wat administrasie, beheer, kontrole en beplanning betref, daarop voorbereid om sy taak doeltreffend te vervul.

4.4 Die geheime diens se aktiwiteite in die binneland

Die eerste paar maande ná die Jameson-inval het agente in en om Johannesburg gekonsentreer om wapenopslagplekke te identifiseer en subversie binne die politieke klimaat te lees. 'n Verdere belangrike taak was om verdagte persone te identifiseer en veral organisasies soos die *Loyal Colonial League* en die *South African League* te infiltrateer⁴⁶ en penetreer.⁴⁷

Spioenasie en teen-spioenasie by beide die ZAR en Britte was aan die orde van die dag. Taylor het alreeds gedurende Maart 1896 gerapporteer dat hy 'n vermoede het dat 'n sekere Cohen en Roberts in Pretoria met spioenasie vir die Britte besig was.⁴⁸

44 SP 462, Staatsprokureur - Hoof van die Telegraaf Departement, 24.9.1896, p. 227.

45 SP 462, Staatsprokureur - Hoof van die Telegraaf Departement, 11.2.1897, p. 240.

46 Infiltrateer is wanneer die agent self die organisasie of groep binnedring.

47 Penetreer is wanneer die geheime agent iemand binne die teiken self werf om te spioeneer.

48 SP 882, Verslag van Taylor (Josef) - Kommissaris van Polisie, 6.3.1896.

Die spanning en atmosfeer van onsekerheid en suspisie wat op die Jameson-inval gevolg het, sou voortduur vir die res van 1896. Dit het 'n natuurlike teelaarde vir geheime vergaderings, die beplanning van komplotte en die ontstaan van gerugte geskep waarvan sommige slegs gerugte gebly het. Van veral Britse kant is dit aanvaar dat die ZAR-spioene elke beweging van Britse spioene dophou.⁴⁹ Onder hierdie omstandighede sou dit die taak van elke spioen wees om tussen feite, gerugte en wolhaarstories te onderskei.

Die opspoor, verkoop en wegsteek van wapens aan die Witwatersrand sou die Spoor- en Geheime Diens vir 'n geruime tyd nog besig hou. In 'n atmosfeer van onsekerheid en spanning was dit noodsaaklik dat die regering moes kennis dra van die feite rondom moontlike verdere wapenstapeling of wapenhandel.

Gedurende Maart 1896 het die Geheime Diens gerapporteer dat vuurwapens wat deur die *Reform Committee* uitgegee is, en nie volgens opdrag ingehandig is nie, deur Joodse handelaars opgekoop is. Dit kon nie met sekerheid vasgestel word of die vuurwapens vir spekulasiedoeleindes opgekoop is nie, en of die wapens namens die *Reform Committee* opgekoop is nie. Om sekerheid te kry is toestemming gevra dat Taylor sy eie vuurwapen in 'n lokval kon gebruik. Hy het 'n sekere W. Massey, sy swaer, vir die doel gebruik.⁵⁰

'n Verdere suspisieuse tendens, wat in Johannesburg voorgekom het, was dat groot getalle mans gewerf is om na Mafeking te vertrek en daarvandaan na Bulawayo te gaan. Taylor het aanbeveel dat 'n bekwame geheime agent na Kimberley en Mafikeng gestuur moet word om die saak verder te ondersoek.⁵¹ Die Kommissaris en die Uitvoerende Raad het soveel geloofwaardigheid aan Taylor se aanbevelings geheg dat die Uitvoerende Raad die aanstelling van twee agente vir Bulawayo en Magatoland goedgekeur het. 'n Salaris van £40 per maand is vir die opdrag vir Taylor goedgekeur.⁵²

49 M.F. Bitensky, *The South African League*, (MA, UW, 1950), p. 13.

50 SP 880, Taylor - Kommissaris van Polisie, 21.3.1896.

51 SP 880, Taylor - Kommissaris van Polisie, 21.3.1896 en Taylor - Kommissaris van Polisie, 5.4.1896.

52 TAB, URN (Geheim), Artikel no. 9, 21.3.1896.

Die Uitvoerende Raad en die Kommissaris het baie nou begin saamwerk in verband met staatsveiligheidsake. Die Uitvoerende Raad het nie gehuiwer om te reageer op aanbevelings van die Geheime Diens nie. Die inligting moes derhalwe van besondere waarde gewees het. Net so het hulle ook nie geskroom om 'n mening uit te spreek oor waardelose verslae wat geheime agente ingestuur het nie. Die Uitvoerende Raad het aangedui dat inligting wat W.D. van der Berg gedurende Maart 1896 gerapporteer het, van geen nut was nie.⁵³ In dieselfde maand het hy 'n skrywe vanaf die Kommissaris se kantoor ontvang waarin hy meegedeel is dat sy dienste nie verder benodig word nie. Hy is ook meegedeel dat hulle hom sou laat weet indien sy dienste weer benodig word.⁵⁴

Later, gedurende Mei 1896, het Van der Berg weer 'n verslag ingestuur nadat 'n persoon wat hy vroeër as informant leer ken het, hom in verband met wapensmokkelary in Johannesburg deur die *Reform Committee* ingelig het. Hy het ook 'n brief uit Vryburg van 'n kontakpersoon ontvang. Omdat hy nie meer in die regering se diens was nie, het hy die skrywe nie deurgestuur nie. Hy meld verder dat hy 'n getroue landsburger is wat enige iets sou doen om die ZAR sy onafhanklikheid te laat behou. Indien die kommissaris die betrokke inligting wat hy ontvang het benodig, sou hy dit deurstuur.⁵⁵ Hierdie geskimp om weer aangestel te word as 'n geheime agent, het hom niks gebaat nie. Op 4 Mei 1896 het hy sy laaste salaristjek van £25 ontvang.⁵⁶

Hierdie optrede van die Kommissaris van Polisie se kantoor is 'n bewys daarvan dat getrouheid en lojaliteit teenoor die regering van die dag, nie die belangrikste kriteria in die aanstelling van geheime agente was nie. Effektiwiteit en die vermoë om die vyand of opposisie se geledere te infiltrer of penetreer en inligting van wesenlike belang te bekom en te rapporteer, was die maatstaf. In hierdie spesifieke omstandighede het dit voorgekom of Engelssprekende agente in diens van die ZAR die minste onder verdenking vir spioenasie was. Dit het ook soms gebeur dat hulle deur die opposisie oor die name en bewegings van die ZAR se geheime agente uitgevra is.

53 SP 887, Minuteregister, Inskrywing no. 39, 18.3.1896.

54 SP 892, Geheime Brieweboek, Kommissaris van Polisie - W.D. v.d. Berg, 5.3.1896, p. 36.

55 SP 882, GCPM 62/96, Lêer W.D. v.d. Berg - Pretoria, 8.5.1896.

56 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, Tjek no. 34, 4.5.1896.

So het 'n sekere Davis, wat 'n sersant in Jameson se invalsmag was, gedurende Oktober 1896 by Taylor navraag gedoen oor die name van speurders en agente.⁵⁷

Die Uitvoerende Raad het deur middel van sy sekretaris, P.L.A. Goldman, die Kommissaris se kantoor leiding probeer gee oor die hantering en verwerking van inligting. Lex Goldman is deur sommige waarnemers as die hoof van die "Transvaal Secret Agency" gesien.⁵⁸ So het Goldman 'n bewering van 'n agent uit Durban, by name Roedema, in verband met die oproep van troepe as fabelagtig beskryf.⁵⁹ Dit was omdat die nodige bewyse ontbreek het. Die Uitvoerende Raad het dus nie bloot net enige informasie aanvaar nie. Die Uitvoerende Raad het deur middel van sy sekretaris, Goldman, nie gehuiwer om kritiek op geheime agente uit te spreek nie. Een van die minder suksesvolle agente, T. Roberts, wat in Johannesburg werksaam was om vuurwapens op te spoor, het die hulp en beskerming van 'n polisieman versoek. Die Kommissaris se kantoor het die volgende opmerking in Goldman se handskrif as reaksie gekry:

Een detectief die een ander persoon (zijn politie) voor zijn eigen veiligheid op zijn diensten meeverwacht, *is geen detectief*.⁶⁰

Persepsies wat op straatvlak bestaan het dat die Kruger-regering so desperaat was vir inligting dat hulle maklik groot bedrae betaal het vir opgemaakte inligting, is ook nie waar nie. 'n Voormalige lid en kritikus van die geheime diens, Blackburn, het beweer dat:

Probably no Government was ever so keen on purchasing information and so frequently hoodwinked and fooled as that of the Transvaal... It was common to meet men who boasted that they had taken in the Government by fairy tales, and, as they often supported their boasting by an unwanted display of ready cash....⁶¹

57 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 6.10.1896.

58 D. Blackburn, *Kruger's secret service by one who was in it*, p. 86.

59 SP 882, GCPM 248/96, Lêer Roedema - Durban, 10.12.1896.

60 SP 882, GCPM 241/96, Lêer T. Roberts - Johannesburg, 8.12.1896.

61 D. Blackburn en W.W. Caddell, *Secret service in South Africa*, pp. 214-215.

Hierdie stelling word tot 'n mate gesteun deur 'n koerant soos die *Standard and Diggers' News*. In die berig onder die opskrif "Secret Service Money" is beweer dat veral onbelangrike agente informasie of inligting soms "gefabriseer" het om hulle poste en betaling te regverdig.⁶²

Die praktyk wat gevolg is deur die Kommissaris se kantoor en die sekretaris van die Uitvoerende Raad, Goldman, bewys egter die teendeel. Dit is wel waar dat weldoeners en gewone burgers inligting op 'n vrywillige basis ingestuur het soos te alle tye oral in die wêreld gebeur. Die goeie beheer en kontrole oor finansies, asook die Uitvoerende Raad se standaard en verwagtings rondom agente se verslae, het dit onwaarskynlik gemaak dat die Kruger-regering geflous sou kon word en groot bedrae vir waardelose inligting betaal sou word.

Goldman se opmerkings op van die lêers het soms in 'n mate van ongeduld gespreek. 'n Agent, J.G. Malcolm, het gerapporteer dat ene L. Turpie, met 14 jaar diens by die Kaapse regering, vir 'n pos by die telegraafdepartement aansoek gedoen het. Dit het vir Malcolm verdag voorgekom dat iemand na sóveel jare, diens opsê. Die sekretaris van die Uitvoerende Raad het dit aan die Kommissaris se kantoor gestel dat sulke verslae sinloos was indien dit nie aan die Speurdiens deurgegee word nie.⁶³ Nadat die saak aan Ferguson deurgegee is, het hy in 'n skrywe uiters negatief teenoor die betrokke geheime agent, Malcolm, as persoon gereageer en hom as 'n skurk beskryf. Ferguson het ook terugverwys na die tydperk onder Esselen toe Malcolm hom benadeel het.⁶⁴ Te midde van spanning en professionele jaloesie tussen veral Ferguson, as hoof van die Speurdiens, en die Geheime Diens se agente, is die saak nie altyd gedien en voorop gestel nie. Dit het geensins bygedra om die ZAR tot diens te wees nie. Ook hierdie soort probleme was nie uniek aan die ZAR nie.

Geheime agente is gedurende 1896 meerendeels buite die ZAR se grense aangewend. Vir inligting uit Johannesburg is daar hoofsaaklik op Taylor se verslae staat gemaak. Vanweë sy kundigheid het die Kommissaris hom met tussenposes na Betsjoeanaland

62 *Standard and Diggers' News*, 26.8.1898, p. 3.

63 SP 882, GCPM 238/96, Verslag J.G. Malcolm - Johannesburg, 9.12.1896.

64 SP 882, GCPM 238/96, Skrywe Ferguson - Coms van Politie Confid. Sekretaris Pretoria, 21.2.1897.

en Matabeleland gestuur. Gedurende Mei 1896 was hy weer terug in Johannesburg nadat hy vanaf die 9 April 1896 na die weste vir spioenasie vertrek het.⁶⁵

Hierdie optrede mag die indruk skep dat die Witwatersrand nie 'n prioriteit ten opsigte van spioenasie vir die Kruger-regering was nie. Die Speurdiens het egter hierdie leemte op die tuisfront gevul. Die hoof van die Speurdiens in Johannesburg, Rob Ferguson, het feitlik weekliks aan die Kommissaris se kantoor verslag gedoen. Hy het sy speurders opdrag gegee om veral die spoorwegstasies in en om Johannesburg en Pretoria dop te hou. Met daardie informasie ter hand het hy 'n saamgestelde verslag aan die Kommissaris deurgestuur ten opsigte van getalle en enige ander abnormale bewegings van mense en vrag wat op spoorwegstasies waargeneem is.⁶⁶ Dat die hoof van die Speurdiens ook in die gees en gesindheid van die Geheime Diens begin funksioneer het, blyk uit die feit dat hy alreeds gedurende Februarie 1896 'n dekkingsadres naamlik "Acta Post Office Buildings Johannesburg", gebruik het.⁶⁷

Die hoof van die Speurdiens het ook soms in die binneland speurders in die rol van geheime agente aangewend. Twee speurders, J.L. van Dijk en R. Barrett, is na Marthinus Wesselstroom gestuur om ondersoek te gaan instel. Die landdros het laat weet dat 'n inwoner van die omgewing gesien het dat 'n offisier van die Dragonders, majoor Northcote, sketse gemaak het van die heuwels en berge in die omgewing. Dit het gepaard gegaan met 'n gerug in die omgewing dat Britse troepe die ZAR deur Charlestown wou binneval. Die twee speurders het suidwaarts tot by Newcastle beweeg. Alhoewel hulle kon bevestig dat die offisier wel die plaas in die omgewing besoek het, kon hulle geen bevestiging kry van die gerugte rondom 'n moontlike inval nie.⁶⁸ Dit is duidelik dat wanneer die staat se veiligheid op die spel was, daar nie gehuiwer is om speurders in die rol aan te wend nie. Wat egter belangrik is, is die feit dat alle inligting van waarde na die Kommissaris van Polisie se kantoor gekanaliseer is. Dit was hier waar die eerste stadium van evaluering en ontleding plaasgevind het.

65 SP 882, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 17.5.1896.

66 SP 882, GCPM 274/96, Hoof van Speurpolisie - Kommissaris van Polisie, 17.12.1896.

67 SP 123, Skrywe Ferguson - Staatsprokureur, 21.2.1896.

68 SP 123, GCPM 111/96, Verslag van speurder J.L. van Dijk, 20.7.1896.

Botsings tussen geheime agente en die Speurdiens was onvermydelik omdat die twee instansies se terreine nie duidelik afgebaken is nie. 'n Hele polemieks, waarby die Uitvoerende Raad en die Staatsekretaris betrek was, het ontstaan nadat Taylor 'n verslag gedurende September 1896 ingestuur het. Daarin het hy beweer dat vyf verdagte mans per trein vanaf Kaapstad vuurwapens deur die Johannesburgse stasie ingesmokkel het. Die mans het oor die Robinson- en Bonanza-myne se ligging navraag gedoen. Hulle bagasie se grootte en formaat het ook verdag gelyk. T.A.P. Kruger, die kommissaris se sekretaris wat die Geheime Diens geadministreer het, het by die Staatsekretaris aanbeveel dat twee geheime agente aangestel word om die aankoms van treine dop te hou. Hierdie aanbeveling het by die Uitvoerende Raad twyfel laat ontstaan of daar gewerk word in die Speurpolisie, want die taak is aan hulle opgedra. 'n Hele debat het ontstaan of die Speurdiens uitgebrei moet word sodat hulle hul taak meer effektief sou kon uitvoer. Taylor was skielik ook onder die vergrootglas. Die waarnemende Staatsprokureur het in 'n naskrif opgemerk dat Taylor hom aan "indringing", bedoelende inmenging op die speurdiens se terrein, skuldig gemaak het. Ferguson het as hoof van die speurders hom baie skerp teen Taylor uitgespreek:

Ik moet zeggen dat ik verbaasd ben over het rapport van Taylor, een weinig kennis is soms gevaarlijk, het is te belachelijk om te lezen, zynde vol van onbestaanbaarheden; om het volledig te critiseeren zal het geheele ding in duien val.⁶⁹

Hierdie spanning en professionele jaloesie binne die Speurdiens, Geheime Diens en Polisie was kenmerkend van die ZAR se veiligheidsdienste. Ferguson se aanstelling as eerste hoofspeurder in 1890, gelyk in rang aan D.E. Schutte, Hoofkommandant van Polisie in Johannesburg, het ontevredenheid veroorsaak. Ferguson is ook nie verplig om opdragte van die Hoofkommandant te ontvang nie.⁷⁰ Gedurende Maart 1895 het Ferguson weer aanstoot geneem oor Trimble se aanstelling bo hom. Hy het toe

69 SP 882, GCPM 152/96, Lêer - G.W. Taylor Johannesburg, "Zendt in rapport re toestanden in Johannesburg", 1.10.1896.

70 SP 880, Instruksie van Staatsprokureur - Robert Ferguson, 18.8.1890.

bedank.⁷¹ Verder moet in gedagte gehou word dat Taylor reeds in sy tweede verslag gedurende Augustus 1894 vir Ferguson by die destydse Staatsprokureur, Esselen, verkla het. Hy het hom van swak hantering van die Speurpolisie en van betrokkenheid by korrupsie beskuldig.⁷² Selfs 'n agent soos Blackburn het beweer dat hy opdrag gehad het om Ferguson dop te hou omdat hy van smokkelhandel in goud verdink is. Hy het egter geen substantiewe aantyging teen Ferguson gehad nie.⁷³

Met al hierdie feite as agtergrond, is dit nie vreemd dat die Speurdiens die lede van die Geheime Diens as 'n bedreiging gesien het nie. Dit is ook nie vreemd dat daar van tyd tot tyd botsings tussen die twee departemente voorgekom het nie. Verder was dit in elk geval 'n taak van die Geheime Diens om op ander staatsamptenare te spioeneer. Al voordeel uit hierdie gees en gesindheid wat geheers het, was die feit dat speurders sowel as geheime agente besef het dat hulle nie lyf kon wegsteek nie. Omdat beide afdelings deur die Kommissaris beheer is, kon hulle nie die Kommissaris of die Uitvoerende Raad mislei nie.

Ten spyte van botsings wat daar tussen die verskillende vertakings binne die veiligheidsgeledere van die staat voorgekom het, is dit nie net die Geheime Diens wat gefokus was op die staat se veiligheid nie. Selfs die gewone voetpolisie het relevante inligting gerapporteer. Luitenant F. de Witt Tossel, die eerste luitenant van die voetpolisie in Johannesburg, het 'n gesprek met 'n belangrike persoon van die *Consolidated Gold Fields*-maatskappy gevoer. Dié het hom meegedeel dat 'n sekere C.S. Goldman 'n telegram ontvang het waarin gemeld is dat Engeland reeds stappe teen die ZAR sou geneem het as dit nie vir die probleme op die eiland Kreta,⁷⁴ in die Middellandse See was nie. Die persoon het hom ook meegedeel dat daar 'n Britse militêre mag van 52 000 man in die geheim vir diens in Afrika voorberei word. F. de Witt Tossel het die Kommissaris ook daarvan vergewis dat hy nie die tipe persoon was

71 SP 58, GR 30/94, Waarnemende hoofspeurder - Staatsprokureur, 27.3.1895.

72 SP 238, Verslag van Taylor - Staatsprokureur, 4.8.1894.

73 D. Blackburn, *Kruger's Secret service by one who was in it*, p. 110.

74 Duitsland en Engeland het hulself in twee kampe bevind toe daar in 1897 'n oorlog tussen Griekeland en Turkye uitbreek het oor die eiland Kreta. Hierdie saak het die Britte se aandag in beslag geneem en enige moontlike optredes teen die ZAR vertraag. Kyk G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, II*, pp. 13-14.

wat hom aan allerhande los praatjies gesteur het nie. Hy het egter gemeen dat daar iets aan die broei was. Hy het dit sy plig geag om die Kommissaris daarvoor in te lig.⁷⁵

Gedurende Mei 1896 is uit Johannesburg gerapporteer dat 'n groot vyandige skare op die Wanderers vergader het. Botsings met die polisie het voorgekom. Die gees en gesindheid van die skare was baie negatief en liedere soos *God save the queen* en *Rule Britannia*, is gesing. In dieselfde maand is die moontlike stigting van 'n tak van die *Loyal Colonial League* in Johannesburg ook genoem.⁷⁶ Dat hierdie saak die regering bekommer het, word bewys deur die feit dat die sekretaris van die Uitvoerende Raad onmiddellik verdere feite daarvoor aangevra het.⁷⁷

Die *Loyal Colonial League* het sy oorsprong gedurende Maart 1896 in die Oos-Kaap gehad as gevolg van die inisiatief van dr. Darley Hartley. Ná die skok van die Jameson-inval het die Afrikanerbond in die Kaap groeperinge wat simpatie met die Kruger-regering gehad het, merendeels verenig. Die Engelse gemeenskap was verdeeld en die *Loyal Colonial League* het gepoog om die Engelse te verenig in 'n organisasie wat lojaal teenoor die Britse troon was. Die naam van die organisasie het later verander na die *South African League*. Takke is deur die hele Kaapkolonie en ook Natal gestig. Die organisasie het mettertyd ook takke in die ZAR gestig.⁷⁸

Die Geheime Diens se agente het baie vinnig landwyd die organisasie as 'n potensiële bedreiging geïdentifiseer. Die sekretaris van die organisasie in Johannesburg, C. Webb, het in gesprekke aan 'n geheime agent 'n onrusbarende prentjie geskets. Webb het hom meegedeel dat die organisasie vir Rhodes ondersteun en nie gaan toelaat dat hy bedank as direkteur van die *Chartered Company* nie. Verder is hy meegedeel dat die organisasie geld ingesamel het en na die Kaap gestuur het met die doel om mense te bewapen vir 'n tweede gewelddadige inval in Transvaal.⁷⁹

75 SP 883, GCPM 435/97, Skrywe F. de Witt Tossel - Kommissaris van Politie, Johannesburg, 17.3.1897.

76 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 26.5.1896.

77 SP 887, Geheime minuteregister, Inskrywing no. 76, 26.5.1896.

78 M.F. Bitensky, *The South African League*, (MA, UW, 1950), pp. 22-24.

79 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 7.7.1896.

Hierdie waarskuwing is herhaal deur Weeber wat oor die *S.A. League* aan die Staatsekretaris geskryf het:

Deze South African League is niets anders dan een tweede National Union met een anders naam, en het is hoogs noodzakelyk om een wakende oog over dit inrichting te houden en het in tyds den kop in te slaan.⁸⁰

Kenmerkend van die staat se inligtingsdiens en agente was die feit dat hulle werklike potensiele probleme vinnig geïdentifiseer het. Sodanige inligting het dan ook gewoonlik met 'n aanbeveling en waarskuwing gepaard gegaan. Dit dui daarop dat die Geheime Diens en sy agente binne 'n paar maande ná die inval 'n vlak van professionaliteit bereik het. Dit het ook te make gehad met die tipe persone wat in diens geneem is en waarskynlik 'n natuurlike aanvoeling vir die werk gehad het. Tyd en geld vir opleiding was daar nie. Agente het slegs opdragte van die Kommissaris se kantoor ontvang. Hulle moes op eie inisiatief hulle werk doen.

Die *South African League* se bedrywighede in Johannesburg is oor die jare 1896-1897 baie fyn gemonitor. Selfs 'n kontemporêre skrywer soos W.F. Regan het in 'n skrywe aan president Kruger gewaarsku dat die organisasie openlik agitatie teen die staat ondersteun deur die pro-Britse pers aan te moedig. Hierdie feit het die Geheime Diens gedurende Augustus bevestig. Die name van veral *The Star* en *The Critic*, is genoem.⁸¹ *The Star* het baie prominensie aan die vergaderings van die *South African League* verleen en die uitsprake wat die leiers van die organisasie gemaak het.⁸² Verder was hulle doel om alle Britse onderdane te verenig en die openbare mening in Brittanje te probeer swaai en manipuleer.⁸³

Berigte het ingekom dat die *League* takke op myne begin stig.⁸⁴ Dit het die Uitvoerende Raad ook onrustig gestem. Meer inligting is aangevra en die Sekretaris van die Uitvoerende Raad het die Kommissaris in kennis gestel dat hy ook ondersoek

80 M.F. Bitensky, *The South African League*, (MA, UW, 1950), p. 36.

81 SP 882, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 1.8.1896.

82 S. Strauss, Berigging in *De Volksstem* en *The Star* gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n Kritiese metodologiese analise, (MA, UP, 1964), p. 137.

83 M.F. Bitensky, *The South African League*, (MA, UW, 1950), p. 38.

84 SP 882, GCPM 143/96, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 18.9.1896.

instel.⁸⁵ Dit bewys dat die Uitvoerende Raad nie net op die Geheime Diens gesteun het vir inligting nie. Dit is onduidelik watter meganismes die Uitvoerende Raad aangewend het om verdere inligting in te win en om inligting van die Geheime Diens te kontroleer.

Vanweë die geheime aard van die bestuur van die *S.A. League* se vergaderings was dit vir Taylor moeilik om hulle geleedere te infiltreer.⁸⁶ Gedurende Oktober is 'n afskrif van die organisasie se provinsiale grondwet aan die Kommissaris gestuur.⁸⁷ Teen die einde van 1896 het hy 'n gesprek met 'n sekere Ogilvie, 'n leiersfiguur binne die *S.A. League*, gehad. Hy is meegedeel dat die leiers en lede van die organisasie gereed was om tot aksie oor te gaan. Cunningham-Green, die Britse Resident in Pretoria, het hom egter versoek om sake net te laat omdat Brittanje bang was vir die openbare mening in Pretoria indien die ZAR weer aangeval sou word.⁸⁸

Geheime agente is soms deur gerugte en bespiegeling op loop geneem. Taylor het berig dat gerugte op straatvlak dit wou gehad het dat 13 000 van die gehardste troepe van die *Chartered Company* die ZAR se grense oorgesteek het en die land binnegeval het. Die Uitvoerende Raad het die Kommissaris se kantoor laat weet "dat een flauwe grap deze geruchten heeft veroorzaakt".⁸⁹ Opmerkings soos hierdie kon beteken het dat 'n agent soos Taylor se geloofwaardigheid in die gedrang kom.

Uit Pretoria het 'n agent soos Charles Daniell gedurende Julie 1896 gerapporteer dat hy tydens 'n gesprek in die kroeg van die Fountain Hotel in Pretoria, belangrike inligting in verband met 'n moontlike oorlog gekry het. Sommige gerugte in Pretoria het gelui dat oorlog binne vier maande sou uitbreek.⁹⁰ Volgens sy gespreksgenoot was die situasie in Matabeleland nie so ernstig nie. Dit is gebruik as 'n dekmantel om soveel troepe moontlik uit die Kaap, in geval van 'n oorlog, op te laat beweeg. Verder het hy verneem dat indien daar 'n oorlog sou kom, die ZAR vanaf drie fronte

85 SP 882, GCPM 143/96, Lêer - G.W. Taylor, 18.9.1896.

86 SP 882, GCPM 152/96, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 1.10.1896.

87 SP 882, GCPM 171/96, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 21.10.1896.

88 SP 882, GR 1536/96, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 14.12.1896.

89 SP 882, GCPM 264/96, Lêer van G.W. Taylor, Johannesburg, 17.12.1896.

90 SP 882, GCPM 107/96, Chas Daniell, Pretoria, 15.7.1896.

binnegeval sou word. Elke invalsmag sou uit ten minste 15 000 man bestaan. Die drie fronte vir 'n inval sou Matabeleland, Natal en die Vryburg-gebied wees.⁹¹

Die lêer,⁹² met die verslag en belangrike inligting, het 'n draai by die Uitvoerende Raad se sekretaris sowel as by die Kommandant-generaal se kantoor gemaak. Namens die Kommandant-generaal se kantoor het 'n sekere F.C. Stiemens⁹³ navraag gedoen oor wie die persoon Daniell is wat die inligting verskaf het en met wie hy die gesprek gehad het. Bredell het namens die Kommissaris geantwoord dat Daniell een van sy geheime speurders is en dat die betrokke, 'n ene Charles Lane, is. Hierdie gebeure dui daarop dat die identiteit van geheime agente selfs binne die Staatsdiens nie bekend was nie. Vir die effektiwiteit van die Geheime Diens het dit baie beteken.

Binnelands moes die ZAR-regering ook op hoogte wees van die politieke klimaat en stand van bewapening onder die swart volke. In hierdie opsig het luitenant G.A. du Toit, wat in beheer van Fort Hendrina in die Soutpansberg distrik was, 'n belangrike rol gespeel. Hy het sy eie spioene ontplooi veral by Mphephu, die opperhoof van die Vendagemeenskap. Hy het, net soos sy vader Makhado (1864-1895), geweier om belasting aan die ZAR-regering te betaal. Ook het hy homself goed bewapen.⁹⁴ Die spioenasieverslag oor die besoek aan Mphephu het 'n onrusbarende indruk geskep van 'n goed bewapende opperhoof, wat openlik aggressief teenoor die Krugerregering was.⁹⁵

Dat luitenant Du Toit goeie beheer oor die geheime speurders gehad het en baie van hulle verwag het, is ook duidelik. Hy het aan die kommissaris gerapporteer dat G.A. Oelofse sewe rapporte ingelewer het en die swart lede Mochinja Tui, agt rapporte,

91 SP 882, Verslag Daniell - Bredell, Pretoria, 4.7.1896.

92 SP 882, Lêer GCPM 99/96, Chas Daniell - Pretoria, 4.7.1896.

93 Volgens die Staatsalmanak van 1896 was F.C. Stiemens sekretaris in die superintendent van naturelle se kantoor gewees. Op daardie stadium het generaal P.J. Joubert beide die poste van Kommandant-generaal en Superintendent van Naturelle beklee.

94 J.B. de Vaal, "Alilali Tshilamulele Mphephu" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (Reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, III*, p. 656.

95 SP 883, GCPM 721/97, Verslag no. 30/97, G.A. du Toit - Kommissaris van Politie, Fort Hendrina, 2.12.1897.

Witbooi Deapo, drie rapporte en Shilabi slegs een rapport opgestuur het. Shilabi was bang om die swart volke te infiltrer en te spioeneer en hy is ontslaan.⁹⁶

‘n Saak wat in 1897 ‘n invloed op die binne- sowel as die buitelandse situasie in die ZAR gehad het, was die Industriële Kommissie van Onderzoek. Hierdie Kommissie wat gedurende Maart 1897 aangewys is, het opdrag gehad om die griewe van die mynindustrie te ondersoek en ‘n verslag daaroor uit te bring. Die belangrikste taak van die Kommissie was om vas te stel of die beginsels wat die grondslag van die konsessiebeleid gevorm het, polities en ekonomies verantwoord kon word.⁹⁷

J.T. Bain het aanvanklik as drankspeurder die uitwerking van die Industriële Kommissie se uitwerking op grondvlak gemonitor. Volgens hom het die mynwerkers op grondvlak met groot entoesiasme verwag dat die regering die kommissie se aanbevelings sou aanvaar. Dit sou meer werksgeleenthede en beter salarisse tot gevolg hê. Minder myne sou moes sluit.⁹⁸ Bain is egter gou vanaf die Speurdiens na die Geheime Diens oorgeplaas en is vanaf Julie 1897 in Ladysmith aangewend.⁹⁹ Die feit dat die regering nie al die aanbevelings van die Kommissie aanvaar het nie, het daartoe gelei dat al die kapitaliste hulle weer in een kraal bevind het. Dit het ook veroorsaak dat die *Association of Mines* in die Kamer van Mynwese opgegaan het.¹⁰⁰

4.5 Die buitelandse vleuel van die Geheime Diens

In die loop van 1896 het die Uitvoerende Raad die aanstelling van 20 geheime agente goedgekeur. Hierdie aanstellings was daarop toegespits om agente ondermeer in plekke soos Johannesburg, Bulawayo, Magatstad, Kimberley, Mafeking, Durban, Kaapstad, Oos-Londen, Port Elizabeth, Beira, Newcastle, Zambaanland en die

96 SP 883, Verslag no. 21/97, G.A. du Toit - Commissaris van Politie, Fort Hendrina, 27.10.1897.

97 R. Monster, *Die Industriële Kommissie van ondersoek in 1897 en sy politieke betekenis*, (MA, PU vir CHO, 1966), pp. 3-41.

98 SP 881, Verslag Bain - Commissaris van Politie, 18.6.1897.

99 SP 883, GCPM 539/97, Lêer J.Bain Ladysmith, "Zendt in rapport re zijne bevindingen aldaar, 6.7.1897".

100 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II*, pp. 158-159.

Oranje-Vrystaat te plaas.¹⁰¹ Dit het beteken dat die Geheime Diens oor die hele suidelike gedeelte van Afrika vanaf die Kaap tot in die destydse Rhodesië begin opereer het. Al die strategies belangrike dorpe, gebiede, hawens, toegangswêë en spoorlyne was met hierdie netwerk van agente gedek. Die Uitvoerende Raad het skielik die belangrikheid van spioenasie in die gebiede buite die ZAR se grense aanvaar. Die Staatspresident en die Uitvoerende Raad het saam die uitvoerende gesag van die ZAR gevorm.¹⁰² Die feit dat hierdie liggaam die sin en uitbouing van 'n geheime diens ingesien het, het die uitbreiding en ontwikkeling van die diens bevoordeel. Die besef het posgevat dat een van die hooforsake vir die verrassingselement van die Jameson-inval daarin geleë was dat die ZAR se spioenasiepoging tot Johannesburg en Pretoria beperk was en dat die grenswag nie na behore gefunksioneer het nie. Die ZAR is deur Britse kolonies omring. Die gemeenskaplike grens van 1 500 km tussen die ZAR en Britsbeheerde gebiede moes fyn dopgehou word.

Met die stuur van Taylor¹⁰³ gedurende Januarie 1896 na Bulawayo, en Van der Berg¹⁰⁴ na Mafeking in dieselfde maand, het die Geheime Diens se buitelandse operasies 'n aanvang geneem. 'n Verdere twee agente, Francis Brant en Montague Montgomery, is ook na die grens gestuur om sake dop te hou.¹⁰⁵ Al hierdie agente is toegerus met kodename en eenvoudige kodewoorde wat in telegramme gebruik moes word. Taylor as "Josef",¹⁰⁶ Van der Berg was "Van der Werf"¹⁰⁷ en Brant was "Carl van Zyl".¹⁰⁸ Van der Berg het op 6 Februarie 'n "prospeksieverslag" aan "Landman, Posbus 372, Pretoria" (die Kommissaris se adres in Pretoria) gestuur. Daarmee het die buitelandse arm van die Geheime Diens tot stand gekom.

101 URN (Geheim), Sien Artikels 1(15.1.1896), 7(2.3.1896), 9(21.3.1896), 13(9.4.1896), 21(19.5.1896), 50(25.9.1896), 55(5.11.1896), 57(12.11.1896), 59(12.11.1896), 61(28.11.1896), 66(2.12.1896).

102 C.F. Nieuwoudt, *Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek*, pp. 184 - 185.

103 SP 880, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 27.1.1896.

104 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, no.19, 31.1.1896.

105 SP 879, DDM 1476/96, Telegram van hoofspeurder - Kommissaris van Polisie, 24.2.1896.

106 SP 880, Verslag Josef (Taylor) - Kommissaris van Polisie, 27.1.1896.

107 SP 880, Los ongedateerde dokumente met kodewoorde en kodenaam daarop.

108 SP 882, GR 481/95, Lêeromslag van Frank Brant, 26.12.1895.

Die inhoud van die telegram het oor al die elemente beskik van 'n geheime agent wat klandestien rapporteer. Hy het berig:

De Vos gone to Doornkop. I am going to Spionkop(sic) to see if there is likely to be diamonds. You will hear from me after I have seen farm

Ná dekodering het dit gelees:

Trimble naar Bulawayo gegaan. Ik ga naar Mafeking om te zien of er mogelijk geweren zijn. Gij zult van mij hooren na dat ik Engelschen gezien het.¹⁰⁹

Hierdie tendens om geheime agente buite die ZAR se grense te penetreer, het voortgeduur. In November 1896 het die Kommissaris van Polisie vyf verdere agente aangestel. A. Oliphant is na Beira en Tuli teen 'n salaris van £35 per maand gestuur; C. Daniell na King William's Town, Grahamstad, Port Elizabeth en Oos-Londen teen 'n salaris van £25 per maand; F. White en P.J. Botha na Kaapstad teen salarisse van £25 per maand; J. Roedema na Durban teen 'n salaris van £30 per maand; G.W. Taylor na Vryburg teen 'n salaris van £30 per maand en A.H. Evans na Kimberley teen 'n salaris van £30 per maand. Die maandelikse salarisse het nie reiskoste ingesluit nie. Daavoor is hulle bykomend vergoed. Die Uitvoerende Raad het magtiging vir hierdie aanstellings verleen na aanleiding van 'n verslag van Taylor waarin daar oor die opbou van Britse troepe berig is.¹¹⁰

Agente het dikwels gekla dat hulle nie met hulle salarisse kon uitkom nie. Oliphant het die kommissaris se kantoor versoek om dringend vir hom £40 of £50 telegrafies na Lourenco Marques te stuur. Hy het sy uitgawes in Johannesburg voor sy vertrek betaal. Derhalwe was sy geld klaar.¹¹¹ Gedurende Mei 1897 kla Adendorf uit Beira dat sy losies £15 per maand beloop.¹¹² Later, gedurende Junie, het hy weer gekla dat hy nie kon uitkom met 'n salaris van £30 per maand nie. Hy het ook gemeld dat hy by

109 SP 880, Telegram Van Der Werf - Landman, 6.2.1896.

110 SP 882, GCPM 186/96, Verslag van Taylor en nota's tussen die kommissaris van polisie se kantoor en die sekretaris van die Uitvoerende Raad in verband met die aanstellings, 10.11.1896.

111 SP 882, Oliphant - Schutte, Lourenco Marques, 25.11.1896.

112 SP 880, Adendorf - Sectr Dora Sindikaat Pretoria, Beira, 3.5.1897.

sy terugkeer 'n volledige staat van sy uitgawes sou indien.¹¹³ Jacobus Boshoff het in sy eerste verslag uit Lourenco Marques gemeld dat sy verblyfkoste in die Central and International Hotel £40 per maand was.¹¹⁴ Dit was meer as sy salaris van £35 per maand.¹¹⁵

Die opdrag wat Taylor gekry het om die getalle van soldate vas te stel, was akkuraat. Hy het gemeld dat dit die amptelike getalle was wat afkomstig van die Engelse sowel as die Kaapse regerings was. Daarvolgens was daar in die Kaap 3 480, in Natal 1 780, op St. Helena 300 en in Mashonaland 10 048 troepe beskikbaar. Saam met die vrywillige element in die Kaap van 6 000, Natal 3 000 en Mashonaland 2 500 het dit beteken dat 'n totale mag van 18 000 manskappe beskikbaar was om die ZAR binne te val. Hierdie inligting oor Britse magsopbou het as 'n verdere stimulus vir die Kruger-regering gedien om die Geheime Diens se buitelandse vermoë verder uit te bou. Met hierdie stap is die Geheime Diens se agente strategies in al die belangrikste stede in die streek geplaas. Buitelandse operasies het spoedig die belangrikste prioriteit vir die Geheime Diens geword.

Agente wat buite die grense van die ZAR geopereer het, moes uiters versigtig wees dat hulle nie hulle identiteit bekend maak nie. Daarbenewens moes hulle nie in vreemde lande as spioene gevang word nie. Die regering kon nie enige diplomatieke insidente van die aard bekostig nie. Vir maande ná die Jameson-inval was die verhoudinge tussen die ZAR en Brittanje gespanne. Hierdie veldtog is verder deur die pers, aan beide kante, opgeblaas.¹¹⁶ Tussen die Transvaalse Boere en die Britte het daar ná die inval 'n gewapende vrede geheers. Waar daar voor die inval slegs 'n gebrek aan vertroue geheers het, het daar nou verbittering en verwydering ingetree.¹¹⁷ In hierdie atmosfeer was dit 'n geweldige risiko vir die ZAR se geheime agente om buurstate binne te gaan. Dit was dus nodig om addisionele maatreëls te tref om sekerheid veral in telegramme, te handhaaf. Die Kruger-regering kon ook nie bekostig

113 SP 883, Adendorf - Secr't Dora Sindt Pretoria, Beira, 11.6.1897.

114 SP 883, GCPM 562/97, Verslag Boshoff - Beukes, Lourenco Marques, 16.7.1897.

115 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, p. 16.

116 J.S. Marais, *The fall of Kruger's republic*, pp. 114 - 115.

117 C.L. Grimbeek, *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886 - 1899*, (MA, RAU, 1969), p. 49.

dat enige geheime agente in diens van die ZAR buite die land se grense gevang word nie.

Geheime agente van die ZAR wat in die Brits-beheerde gebiede van Natal, die Kaapkolonie, Rhodesië en Betsjoeanaland voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog vir spioenasie gevang is, sou waarskynlik volgens die Britse regstelsel aangekla kon word. In die Britse gemenereg was daar egter nie 'n spesifieke misdaad genaamd spioenasie nie. Spioenasie kon wel in 'n sekere sin onder hoogverraad ingevolge die "Treason Act 1351", geakkommodeer word. Tot en met die "Official Secrets Act" in 1889 in Brittanje uitgevaardig is, was daar geen wetgewing wat spioenasie verbied het nie. Artikel 1 van hierdie wet het spioenasie pertinent verbied. In 1896 is 'n konsepwet ingedien om die bepalinge rondom spioenasie te versterk. Die wet is egter nie aanvaar nie.¹¹⁸ Alhoewel geheime agente van die ZAR, wat buite die ZAR se grense met spioenasie aktiwiteite betrap is, volgens die 1889 wet aangekla kon word, was die wetgewing baie vaag. Ten spyte hiervan het geheime agente die nodige versigtigheid aan die dag gelê. Geen gedokumenteerde geval van 'n geheime agent van die ZAR, wat weens spioenasie in Britse grondgebied aangekla is, kon opgespoor word nie. Hugh Henry, *alias* H.H. Fraser, is wel in 'n stadium in Betsjoeanaland tydens een van sy spioenasiesendings deur Baden-Powell se mense in hegtenis geneem. Omdat daar niks inkriminerend aan hom gevind is nie, is hy vrygelaat.¹¹⁹

Selfs geheime agente soos Mostert en Oliphant het dit nodig geag om die gebruik van kodes te beklemtoon. Hulle het berig dat hulle in groot gevaar verkeer as kodes nie gebruik is nie. As 'n verdere sekerheidsmaatreël het hulle versoek dat rooi seëlwas aan hulle verskaf word om alle korrespondensie mee te seël. Só wou hulle verseker dat daar nie met posstukke gepeuter word nie.¹²⁰ Later het Oliphant uit Lourenco Marques aan die Kommissaris in 'n privaatbrief laat weet om dringend aan hom geld te stuur. Indien hy nie finansiële die mas kon opkom nie, was hy bang dat daar vrae

118 H.J. Benade, Die strafregtelike aspekte van spioenasie, (D.Legum, Unisa, 1990), pp. 245-246.

119 SP 818, GDDM 153/99, Verslag vanaf Hugh Henry, Pretoria, 26.9.1899.

120 SP 882, Skrywe Mostert en Oliphant - D.E.Schutte Commandant of Police, Mafeking, 9.6.1896.

gevra sou word soos bv. "How does Oliphant live ?" Volgens hom was Mosambiek 'n plek waar mens met geld jou pad kon oopmaak. Vandaar sy versoek aan die Kommissaris.¹²¹ R.C. Emmett, 'n agent wat uit Zululand gerapporteer het, het weer die minimum op skrif gestel. Sy argument was dat hy gevrees het dat hy ernstig siek kon word en in die hospitaal beland. Dan sou hy die risiko loop dat die Britte op die aantekeninge sou afkom en hom as 'n spioen sou uitken.¹²² Hieruit kan afgelei word dat geheime agente baie spanning ervaar het uit vrees dat hulle uitgeloop kon word, veral wanneer hulle in die buiteland geopereer het.

Skrywes en telegramme aan die Kommissaris vanuit die buiteland, is aan 'n fiktiewe persoon gerig. In 'n stadium was alle telegramme bestem vir die Kommissaris, aan "T. Baker, Box 372, Pretoria"¹²³ gerig en later aan "T.W. Huntley, Box 372, Pretoria"¹²⁴ en gedurende 1897 aan "Dora Syndicate, Box 372, Pretoria."¹²⁵ 'n Geheime agent soos Taylor het selfs afgewyk van sy kodenaam, "Josef", indien hy vanuit die buiteland per telegram gerapporteer het. In 'n stadium, gedurende November 1896, het hy tot en met Mafeking as "W. Jackson" gerapporteer en daarna op sy verdere tog as "J. Wilkinson."¹²⁶ Wanneer die Kommissaris se kantoor geld vir hom gedeponeer het terwyl hy in die buiteland was, is dit ook onder sy kodenaam "W. Jackson" gedoen.¹²⁷

Sommige agente, soos Taylor, het hulle taak besonder professioneel benader. Daarvan getuig hul verslae. Gedurende Julie 1896 het hy toestemming gevra om homself te vermom ten einde sy identiteit te verberg. Die redes wat hy aangevoer het, was dat hy baie in Johannesburg tussen dieselfde groeperinge en geselskap rondbeweeg het. Hy

121 SP 882, Skrywe van Oliphant - Schutte, Lourenco Marques, Delagoa Bay, 25.11.1896.

122 SP 883, GCPM 563/97, Lêer R.C.Emmett - Vryheid Bericht omtrent zijne bevindingen in Br. Zululand, 15.7.1897.

123 SP 880, Telegram ingelewer te Kimberley van Jackson - T. Baker Box 372 Pretoria, 20.11.1896.

124 SP 880, Telegram I. Roberts - T.W. Huntley, Box 372, Pretoria, 19.12.1896.

125 SP 880, Telegram ingelewer te Kaapstad van Weeber - Dora Syndicate, Box 372, Pretoria, 21.5.1897.

126 SP 880, Los papier in Taylor se lêer met aantekeninge daarop: "Adres tot by Mafeking - W. Jackson, en Adres vandaar op - J. Wilkinson".

127 SP 880, Depositostrokke Standard Bank Pretoria - Geld gedeponeer in die naam van W. Jackson, Kimberley, 29.1.1897.

wou nie elke keer as dieselfde persoon herken word nie.¹²⁸ Hierdie stap sou hom in staat gestel het om sy taak baie meer effektief te verrig.

Daar is ook afgewyk van die normale wyse van aanwending van geheime agente. Die kommandant van die grensweg op die wesgrens, J.A. van Niekerk, en die offisier in beheer te Fort Hendrina in die Soutpansberg-distrik, luitenant G. du Toit, het geheime agente gehad wat aan hulle gerapporteer het. Al verskil was die feit dat ander geheime agente direk aan die Kommissaris se kantoor gerapporteer het en daarvandaan getaak is. In hierdie geval het die Kommandant van die grenswag en die bevelvoerder te Fort Hendrina as tussengangers opgetree na die Kommissaris se kantoor. Op die wesgrens was B. Theron¹²⁹ en H. Everitt¹³⁰ op dié wyse as geheime agente aangewend. Te Fort Hendrina was 'n sekere G.A. Oelofse met drie swart speurders onder sy bevel vir "geheime dienst" aangewend. Hierdie geheime agente se administrasie is ook plaaslik gehanteer. Dat hulle as geheime agente beskou is, word bewys uit die feit dat Theron¹³¹ asook die speurders te Fort Hendrina uit die Geheime Diens-rekening vergoed is.¹³²

Die ZAR se Geheime Diens het deur 'n stelselmatige evolusie tot by die punt gevorder waar dit as 'n volwaardige Geheime Diens gevestig is.¹³³ Die eerste fase van bewusmaking vir so 'n diens is gestimuleer deur die Jameson-inval en die gevolge daarvan. Daarna is 'n aparte departement, alhoewel in die klein, met 'n verantwoordelike klerk aan die begin van 1896 ingestel. Die volgende fase van ontwikkeling was om die informasie te ontleed en aan ander departemente beskikbaar te stel. Hierdie punt is bereik nadat 'n minuteregister in die Kommissaris se kantoor

128 SP 882, Skrywe Taylor - Kommissaris van Polisie, 6.7.1896.

129 SP 883, Verslag no. 60/94, Commandant R.P. - Commissaris van Politie, Niekerksrust, 2.2.1897.

130 SP 883, GCPM 607/97, Lêer Comdt v. Pol - Ottoshoop Zendt in rekg a 10 forevre A. Everitt voor geh. diens, 2.9.1897.

131 SP 903, Chequebook Geheime Dienst, Tjek no. 92, Uitgemaak: "B. Theron J.A. van Niekerk £14 voorschot geh Diensten Taungs enz.", 18.1.1897

132 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, Inskrywing in kasboek: "1 Nov 1897 Aan Sal. spdrs Frt Hendr over Sept. £29-16-8".

133 W.P. Steenkamp, The intelligence function of the political system, (D. Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 11.

ingestel is. Die volgende fase het oor 1896 tot 1897 gestrek en het behels dat netwerke van agente op die belangrikste teikens gekonsenteer het.

HOOFSTUK 5

DIE GEHEIME DIENS SE BUITELANDSE AKTIWITEITE 1896-1897

Die koms van sir Alfred Milner gedurende Mei 1897 na Suid-Afrika as Goewerneur van die Kaapkolonie en as Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika, het 'n nuwe dimensie en momentum verleen aan gebeure buite die ZAR se grense. Milner het die eerste paar maande gebruik om die situasie goed deur te kyk. Hy het 'n gespanne situasie aangetref en volgens hom het almal oor vrede of oorlog gepraat.¹ Geheime Diensagent, M.C. Weeber, was juis tydens die koms van Milner in Kaapstad. Hy was self by die amptelike ontvangs aanwesig.²

Milner het gou begin pleit vir meer Britse militêre magte in Suider-Afrika as 'n teenvoeter vir die Kruger-regering se bewapeningstrategie. In 'n vertroulike skrywe aan lord Selborne op 2 Augustus 1897 het hy die volgende standpunt gestel:

(T)here is an independant and strongly armed Transvaal.... Our present strength is rather over 8 000 men. To be really secure we ought to be nearer 10 000.... I think we could just hold our own, in case of war, till the necessary force for assuming the offensive could be sent out. But it would be a tight fit....³

Dat die Kruger-regering vir Milner reg opgesom het, alhoewel hulle nie insae in al sy vertroulike korrespondensie gehad het nie, word bewys deur die invloed wat sy koms en houding onbewustelik op die Geheime Diens gehad het. Gedurende Junie

1 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II*, pp. 126 -130.

2 SP 880, Verslag Weeber - Commissaris van Politie Kaapstad, 6.5.1897.

3 C. Headlam, *The Milner papers (South Africa) 1897-1899, I*, pp. 114-115.

en Julie 1897, kort na sy koms, is die ZAR se geheime agente in al die belangrikste dorpe en stede vir die eerste keer ontplooi. Geheime agente het hulle feitlik op dieselfde tydstep in Kimberley, Vryburg, Mafeking, Bulawayo, Salisbury, Kaapstad, Oos-Londen, Port Elizabeth, Durban, Pietermaritzburg, Ladysmith, Vryheid, Lourenco Marques en Beira bevind.⁴

Daar was selfs spioenasie-aktiwiteite buite die ZAR se grense tot so ver as Madeira aan die gang. In Februarie 1897 het die Uitvoerende Raad tydens een van hulle geheime sittings die volgende besluit goedgekeur:

Uitbetaling van Rm.1622.30 aan de Berliner Handelsgesellschaft voor het zenden van een Geheim Agent naar Madeira om Rhodes te Controleeren.⁵

Die Berliner Handelsgesellschaft⁶ het groot belange in die ZAR gehad wat teen Britse inmenging beskerm moes word en sou daarom nie omgee om geheime agente namens die ZAR-regering aan te wend nie.⁷ Verder het die Lissabonse blad *Secolo* Rhodes as die gemeenskaplike vyand van beide Portugal en die ZAR beskou.⁸ Dit was dus in beide partye se belang om inligting in te samel rondom Rhodes se bewegings en planne.

5.1 Die Wesgrens: Betsjoeanaland en die Kaapkolonie asook Matabeleland

Sedert die Londense Konvensie van 1884, sou die wesgrens van die ZAR van strategiese belang vir beide die ZAR- en Britse regerings wees. Gedurende 1885 is Betsjoeanaland met inbegrip van Stellaland en Goosen deur Warren onder Britse

4 C. Daniell het hom gedurende Julie-Augustus 1897 in Kimberley, Vryburg, Mafeking, Bulawayo, en Salisbury bevind; M.C. Weeber was vanaf April-Julie in Kaapstad, L.B. Donovan het hom in Port Elizabeth en Oos-Londen bevind; A. Vlotman het hom gedurende Julie-Augustus in Durban Pietermaritzburg bevind; J.T. Bain was gedurende Julie in Ladysmith; R.C. Emmett het hom gedurende Julie- Augustus in Vryheid bevind; J. Boshoff het homself gedurende Julie in Lourenco Marques bevind en Adendorf het homself vanaf Mei tot Julie in Beira bevind . Sien verskeie rapporte in SP 883 en SP 880 .

5 TAB, URN(Geheim), Artikel no. 11, 15.2.1897.

6 Die Berliner Handelsgesellschaft kan beskryf word as die Berlynse Kamer van Koophandel.

7 H.W.E. Backeberg, Die betrekkings tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852-1896) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 12(1) 1949, p. 131.

8 *Ibid.*, p. 281.

beheer gebring.⁹ Al die Resident-kommissarisse, wat die Britse regering in Betsjoeanaland aangestel het, het net één doel gehad, naamlik dat Betsjoeanaland as 'n versperring vir die ZAR om weswaarts uit te brei, moes dien.¹⁰ Die spoorlyn, wat vanaf Kaapstad oor Kimberley, Vryburg en Mafeking na Salisbury al langs die ZAR se wesgrens verleng is, was 'n kritieke handelsroete op die ZAR se voorstoep.¹¹ Hierdie spoorlyn sou ook in tye van oorlog van groot belang wees vir die ontplooiing van troepe en vervoer van voorrade. Gedurende 1888 het Rhodes ook Matabeleland onder sy beheer gekry.¹² In 1889 het Rhodes die *British South Africa Company* gestig wat 'n oktrooi van die Britse parlement gehad het. Hierdie maatskappy het groot magte verkry om uit te brei, verdrae te sluit, wette te maak, die land te administreer en 'n polisiemag op die been te bring.¹³ In 1893 het Rhodes Masjionaland ook gekoloniseer. Die anneksasie het beteken dat die ZAR ook in die noorde deur Brits-beheerde gebiede omring is. Gedagtig daaraan dat die Jameson-inval vanaf die wesgrens plaasgevind het, was dit net logies dat die wesgrens 'n prioriteitsgebied vir spioenasie vir die Geheime Diens sou wees.

Agente se geheime sendings na die wesgrens van die ZAR het normaalweg 'n besoek aan Kimberley, Vryburg en Mafeking in die Kaapkolonie, ingesluit. Daarna is per spoor noordwaarts deur Betsjoeanaland na Matabeleland beweeg waar Bulawayo besoek is. Sommige agente het selfs verder noord tot in Salisbury in Mashonaland beweeg. Salisbury is weer per spoor met die hawedorp Beira aan die Mosambiekse kus verbind. In sommige gevalle het agente tot in Barotseland beweeg.

Francis Brant *alias* Carl van Zyl was as eerste geheime agent na die wesgrens gedurende Desember 1895 gestuur om die nawerking en impak van die Jameson-inval op die gebied te bepaal. In die begroting wat hy ingedien het, het hy ook

9 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede-Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, p. 129.

10 H.R. van der Walt, Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899) in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 26(1), 1963, p. 94.

11 A. Keppel-Jones, *Rhodes and Rhodesia The white conquest of Zimbabwe 1884 - 1902*, p. 131.

12 R. Blake, *A history of Rhodesia*, pp. 42 - 45.

13 A. Keppel-Jones, *Rhodes and Rhodesia The white conquest of Zimbabwe 1884-1902*, pp. 189-190.

fondse aangevra vir sy eie privaatagent Montaque Montgomery.¹⁴ Gedurende Februarie 1896 is hulle geledere deur W.D. van der Berg aangevul wat onder die dekmantel van 'n diamantprospekteerder op die uitkyk vir verdere militêre voorbereidings in die gebied moes wees.

Van der Berg se verslae vanuit Mafeking en Vryburg was teleurstellend. Hy het verskoning gemaak dat hy nog geen informasie rondom die vervoer of opbou van wapens kon kry nie. Voorts het hy apologeties gemeld dat van sy vriende beloof het om hom in hierdie verband behulpzaam te wees. In plaas daarvan om inligting deur te gee, het hy met groot omslagtigheid verduidelik waarheen telegramme vir hom gestuur moes word.¹⁵ Daar was egter 'n misverstand tussen hom en sy hoofkantoor. Gedurende Februarie 1896 het die telegraafkantoor te Pretoria, die Kommissaris laat weet dat telegramme wat aan "V.D. Werff, Vryburg" gerig is, nie afgehaal word nie.¹⁶ Die Uitvoerende Raad was ook nie beïndruk met sy verslae nie en hy is kort hierna ontslaan.¹⁷ Hierdie soort misverstande in kommunikasie met agente in die buiteland, kon nie bekostig word nie.

Die Van Der Werff-verslae het in skerp teenstelling gestaan met die eerste omvattende verslag wat agent Taylor uit die gebied gestuur het.¹⁸ Laasgenoemde het 'n paar punte van strategiese belang vermeld. Uit gesprekke met twee sersante het hy vasgestel dat 'n tweede moontlike inval in die ZAR, hoër op oor die grens, kon plaasvind. In Kimberley het Taylor uitstekend daarin geslaag om saam te smelt met lede van die *Diamond Field Horse* om op 'n goeie voet te kom met hulle bevelvoerder, kolonel David Harris.¹⁹ Daar het 'n gees en gesindheid van afwagting en bereidwilligheid onder vrywilligers van die eenheid in Kimberley geheers om die ZAR weer binne te val. In Mafeking het hy vasgestel dat daar verskeie Maxims en kanonne geberg is wat aan die *Chartered Company* behoort het. Dit was vir hom

14 SP 882, GCPM 7/95, Frank Brant - Pretoria, 26.12.1895.

15 SP 880, Skrywe van Van der Berg - Kommissaris van Polisie, 8.2.1896 en 18.2.1896.

16 SP 880, Kennisgewing Telegraafkantoor Pretoria - Bredell, 24.2.1896.

17 SP 887, Minuteregister, Inskrywing no. 39, 18.3.1896. en SP 892, Skrywe Kommissaris van Polisie - W.D. v.d. Berg, 5.3.1896, p. 36.

18 SP 880, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 24.2.1896.

19 A. Keppel-Jones, *Rhodes and Rhodesia The white conquest of Zimbabwe 1884 - 1902*, p. 452.

ook duidelik dat Jameson die meeste van sy beplanning en voorbereidings in Mafeking getref het. Omdat die beplanning nie in die geheim gedoen is nie, het hy as agent die afleiding gemaak dat die Britse Kommissaris in Mafeking, F.J. Newton,²⁰ vooraf van die inval moes geweet het.

Hierdie afleiding, wat Taylor rondom Newton se voorkennis oor die inval gemaak het, was van groot belang. Reeds op 5 Januarie wou Chamberlain van sir Hercules Robinson weet wat Newton se voorafkennis is oor die inval.²¹ Taylor was korrek in sy aanvoeling oor die Britse Kommissaris in Mafeking se doen en late. Dit is deur latere ondersoeke bevestig.²²

Met die roete op na Bulawayo, het Josef op 'n plek soos Tati verskillende gewapende soldate gevind wat slaggereed was vir aksie. Die meeste soldate het onder die dekmantel van mynwerkers opgetree. In Bulawayo het hy ook 'n gewapende mag aangetref wat slaggereed was om die ZAR in te val indien hulle daartoe versoek sou word. 'n Verdere waarneming wat Taylor gemaak het, is dat die Matabeles teleurgestel was in die *Chartered Company* omdat Jameson verslaan is. Met sy terugkeer het hy ook met die swart hoofde, Khama en Linchewe gesprekke gehad. Khama was negatief en verbitterd teenoor die Kruger-regering.²³ In die geheel gesien, het Taylor tydens hierdie eerste opdrag aan 'n Geheime Dienslid om Betsjoeanaland en Matabeleland binne te dring, 'n waardevolle opsomming oor die gees en gesindheid, politieke klimaat en omvang van die militêre bedreiging teen die ZAR deurgegee.

Later gedurende April-Mei 1896, het Taylor 'n tweede keer die gebied besoek.²⁴ Terselfdertyd het die Kommissaris van Polisie by die Uitvoerende Raad aanbeveel dat 'n agent na Magato se land gestuur moes word om bewerings van vuurwapensmokkelhandel tussen die *Chartered Company* en Magato te ondersoek.²⁵

20 J. van der Poel, *The Jameson raid*, p. 58.

21 C. 7933, Recent disturbances in the South African Republic, 1896, p. 28.

22 J. van der Poel, *The Jameson raid*, pp. 106 - 107.

23 SP 880, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 24.2.1896.

24 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, 13.4.1896.

25 SP 892, Skrywe Kommissaris van Polisie - Staatsekretaris B, 20.3.1896, p. 44.

Hierdie taak is aan J.T. Bain toegewys.²⁶ Spanning tussen die Kruger-regering en Magato asook sy opvolger, Mpefu, het gespruit uit weerstand by die stamhoofde om belasting te betaal.²⁷ Bain kon geen bevestiging daarvoor kry dat smokkelhandel tussen die twee partye aan die gang was nie.²⁸

Verskeie agente soos Taylor en later ook Daniell,²⁹ is na die weste ontplooi om die verhoogde militêre optrede, wat deur die Matabele-rebellie³⁰ van 1896-97 veroorsaak is, dop te hou. Baie van die soldate wat aan die Matabele-oorlog deelgeneem het, het ook die verwagting gekoester dat hulle later teen die ZAR aangewend sou word. Wat Taylor verwag het, was dat die soldate na die optrede teen die Matabeles werkloos sou wees. Indien die *Chartered Company* hulle sou opkommandeer vir 'n offensief teen die ZAR, kon hulle dalk uit desperaatheid vir 'n inkomste inwillig.³¹ Dit was slegs deur noue kontak met die mense, dat 'n agent sulke afleidings kon maak.

Dat die wesgrens van die ZAR 'n prioriteit ten opsigte van spioenasie was, blyk ook uit die feit dat Taylor op 11 Mei 1896³² in Pretoria terug was en Daniell alreeds op 28 Mei³³ van hom op Ottoshoop laat hoor het. Dit het ook sin gemaak om geheime agente in die gebied af te wissel voordat hulle teenwoordigheid suspisie kon wek. Persone soos agente wat nie in die spesifieke dorp 'n vaste betrekking gehad het nie, maar in hotelle oornag het en te lank op een plek gebly het, het agterdogtig gelyk. Agente moes ook nie vir té kort tye op plekke bly nie. Alhoewel daar troepbewegings al langs die wesgrens aan die gang was in verband met die probleme in Matabeleland, was Daniell se hoofgevolgtrekking na sy speurtog dat daar in daardie stadium geen moontlikheid van 'n inval in die Transvaal was nie.³⁴ Daniell

26 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, p. 4.

27 J.I. Rademeyer, *Die oorlog teen Magato (M'pefu) 1898*, (MA, UP, 1943), pp. 24 - 26.

28 SP 880, Skrywe van Bain - Kommissaris van Polisie, Klein Spelonken, 20.4.1896.

29 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, p. 6.

30 R. Blake, *A history of Rhodesia*, pp.123 - 143.

31 SP 882, Verslag Taylor - Kommissaris van Polisie, 11.5.1896.

32 SP 882, Verslag van Taylor - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 11.5.1896.

33 SP 882, Telegram Daniels - H.C.Bredell, Ottoshoop, 28.1896.

34 SP 882, GCPM 85/96, Chas Daniels - Mafeking, 17.6.1896.

sou egter eers weer 'n jaar later gedurende Julie-September 1897 opdrag kry om omvattend in Betsjoeanaland, Matabeleland en Masjionaland te gaan spioeneer.³⁵

Intussen het twee ander geheime speurders, naamlik Alexander Oliphant en J.A. Mostert, ook uit Mafeking en Bulawayo in Junie-September 1896, gerapporteer. Die totale koste verbonde aan die twee se geheime sending het £366-8-0 beloop, waarvan £130 vir reiskostes was.³⁶ Oliphant en Mostert was in daardie stadium nog in diens van Ferguson, die Hoof van die Speurdiens. Al hulle verslae is aan hom gestuur waarna hy dit met die nodige kommentaar aan die Geheime Diens se afdeling in die Kommissaris se kantoor, gestuur het.³⁷ Hierdie hoë kostes het dus uit die Speurdiens se begroting gekom want eers gedurende November 1896 is 'n bedrag van £60 aan hom uit die Geheime Diensrekening vir Oliphant se opdrag na Beira betaal.³⁸ Dit het beteken dat Oliphant eers vanaf November 1896 uit geheime diensfondse betaal is.

Die twee speurders het daarin geslaag om toegang tot militêre kampe te kry sonder om enige iemand se suspisie te wek. In Mafeking het hulle die basis van die *7th Hussars* van 700 man binnegegaan en vasgestel dat 'n sekere kolonel Paget in beheer van die eenheid was. Uit hulle verslag het dit geblyk dat een battery artillerie by die eenheid ingedeel was. Die battery was van die modernste in die Britse leër omdat hulle binne 45 sekondes kon laai en skiet. Hulle het ook vasgestel dat daar 800 perde in 'n puik kondisie was as deel van die militêre mag.³⁹

Hulle het verder verneem dat die Britte 'n groot militêre basis op Maklutsi wou oprig. Wat hulle bekommer het, was die feit dat die plek in 'n reguit lyn gelê het met, en baie naby aan die ZAR se noordelike grens was. Hulle vrese is versterk toe lede van die *7th Hussars* nie as geskik beskou is om teen die Matabeles op te tree

35 SP 883, Sien verskeie verslae vanaf Daniell aan die Kommissaris van Polisie, Julie 1897-Augustus 1897.

36 SP 123, GR 97/96, "Generale rapport eener zending naar de Chartered Company's grond en ten behoeve van de Regeering der Zuid Afrikaansche Republiek", 30.9.1896.

37 SP 882, GCPM 90/96, Lêer:Hfd Speur Politie - Johannesburg, "Zendt in copijen rapporten door J.A. Mostert Jr en Alexr Oliphant re aangelegen in Matabeleland", 29.6.1896.

38 SP 903, Chequeboek Geheime Dienst, nommer 68, 17.11.1896.

39 SP 882, Verslag van Mostert en Oliphant - D.E. Schutte Commandant of Police, Johannesburg, 9.10.1896 en 10.6.1896.

nie.⁴⁰ Daar was dus reeds aanduidings van 'n moontlike inval in die ZAR wat vanuit die noorde sou kom en hulle was met reg bekommerd.⁴¹ Hulle het ook vir agent J.P. de la Court Schröder in Bulawayo raakgeloop waar hy as 'n korrespondent vir die *Daily Telegraph* in Engeland opgetree het. Hulle het Schröder as die luitenant verbonde aan die staatsartillerie erken. Hy het vir hulle baie verdag voorgekom en hulle het hom beskryf as 'n lojale burger van die ZAR wat onder die dekmantel van 'n joernalis beweeg.⁴² Dit is dieselfde Schröder wat later tot die Geheime Diens se geledere toegetree het. Omdat hulle 'n vermoede gehad het dat hulle verslae en telegramme onderskep word, het hulle verslae saam met Schröder by sy terugkoms na Pretoria gestuur.⁴³ In hierdie geval het hulle aanvoeling hulle nie in die steek gelaat nie want 'n persoon soos Schröder was lojaal teenoor die ZAR-regering.

Wat die eintlike doel van hulle sending betref, naamlik om vas te stel of daar 'n moontlikheid van 'n tweede inval was, het hulle negatief gerapporteer. Volgens hulle het daar geen moontlikheid bestaan dat Rhodes homself in 'n tweede Jameson-inval sou begeef nie.⁴⁴ Oliphant en Mostert het na hulle terugkeer 'n aanbeveling aan hulle hoof, Ferguson, gedoen dat spioene na Beira gestuur word. Hulle het ook hulle eie dienste vir die doel aangebied.⁴⁵

Die Kommissaris van Polisie se kantoor het nie net inligting uit die Geheime Diens se geledere oor gebeure op die wesgrens ontvang nie. Die Kommandant in beheer van Afdeling 3 van die grenspolisie op die wesgrens, J.A. van Niekerk, het op 'n gereelde basis verslae gestuur. Die Kommandant het 'n sekere persoon, B. Theron "in geheime dienst afgezonden"⁴⁶ en in 'n latere verslag aan die Kommissaris skryf

40 SP 882, Verslag no 8/1896, Mostert en Oliphant - D.E. Schutte, Lo-Batsie, 24.6.1896.

41 SP 882, Verslag Daniell - Bredell, Pretoria, 4.7.1896.

42 SP 882, Verslag no. 11/96, Mostert en Oliphant - D.E. Schutte, Bulawayo, 20.8.1896.

43 SP 882, Verslag no. 11/1896, Oliphant en Mostert - D.E. Schutte Johannesburg, Bulawayo, 20.8.1896.

44 SP 123, SPGR 97/96, "Generale Rapport eener Zending naar de Chartered Company's grond ten behoeve van de Regeering der Zuid Afrikaansche Republiek".

45 SP 882, Skrywe Ferguson - Confidentieele Secretaris, 31.11.1896.

46 SP 883, Verslag no. 60/97, Commandant R.P. - Commissaris van Politie, Niekerksrust, 2.2.1897.

hy van “geheime afgevaardigde Theron”.⁴⁷ Theron was onder die beheer van die Kommandant en het aan hom gerapporteer. Alle spioenasieopdragte het hy van Van Niekerk af ontvang. Van Niekerk het gerapporteer dat ongeveer 200 Britse soldate by Palla teen die ZAR grens vergader het. Troepe is ook by die Mahalasi-rivier noord van Palla, gesien.⁴⁸ Die Kommandant-generaal het laat weet dat, volgens gerugte, daar troepe naby Vryburg aan die Transvaal-grens vergader het. Die Kommandant van Afdeling 3, Van Niekerk, het ‘n sekere sersant Fourie opdrag gegee om ondersoek te gaan instel.⁴⁹ Hy het terug gerapporteer dat die gerugte ongegrond is.⁵⁰

In ‘n stadium is Herbert Everitt as geheime agent in opdrag van die Kommandant in beheer van die wesgrens, na Mafeking gestuur om ondersoek te gaan instel na fortifikasies en die ontplooiing van Britse troepe teen die ZAR se grens.⁵¹ Everitt het na sy terugkeer skriftelik oor sy sending na Mafeking verslag gelewer. Die fort was onbeduidend maar het vier of vyf kanonne asook ‘n hoeveelheid gewere en ammunisie gehuisves.⁵²

Hierdie geheime agente se aanwending is onafhanklik beplan en uitgevoer, anders as die agente wat onder die Kommissaris se kantoorbevel was. In die tyd waarin Everitt na Mafeking gestuur is, het Schröder hom ook in Mafeking bevind. Hy kon dus om kostes te spaar, net sowel die taak van spioenasie op die fort uitvoer. Nog ‘n geheime agent, Charles Daniell, het ook vanaf Julie-September 1897 in Betsjoeanaland en Rhodesië geopereer. Dit was vir Daniell, uit ‘n vorige besoek, ‘n bekende gebied. Die agente was onbewus van mekaar. Dit is insiggewend dat van die Geheime Diens se beste agente, naamlik Taylor, Schröder en Daniell hulle op hierdie tydstip hulle in die geweste bevind het. Dit kan daarop dui dat die vrees vir

47 SP 883, Verslag no. 68/97, Commandant R.P. - Commissaris van Politie, Niekerksrust, 5.2.1897.

48 SP 883, GCPM 440/97, Wde Commandant Z.W.Grens - Commissaris van Politie, 16.3.1897.

49 SP 883, GCPM 476/97, Telegram Waarnemende Landdros te Christiana - Waarnemende Kommandant Z.W.Grens, Schweizer Reneke 22.4.1897.

50 SP 883, Afskrif van telegram Wd Commandant Rydende Politie - Landdros Christiana, 28.4.1897.

51 SP 883, GCPM 607/97, Lêer:vir Everitt, 2.9.1897.

52 SP 883, Verslag Everitt - Sersant D.S.Fourie, Ottoshoop, 17.7.1897.

‘n tweede inval in die ZAR vanaf die westekant, by die Kruger- regering bly spook het.

Taylor, *alias* Josef, het vanaf April tot Augustus 1897 feitlik ononderbroke spioenasietake in Betsjoeanaland en Rhodesië uitgevoer. Na sy terugkeer na die ZAR, teen die einde van April 1897, rapporteer hy dat dit die algemene gevoel in die gebied was dat die Britse regering ‘n oorlogsituasie met die ZAR sou afdwing. ‘n Sekere kolonel Harris het hom in Kimberley meegedeel dat ‘n moontlike strategie sou wees om van die myne op die Witwatersrand te sluit. Dit sou duisende mynwerkers werkloos en gefrustreerd laat en die situasie sou dan onhanteerbaar vir die ZAR-regering word.⁵³

Aan die begin van Julie het Taylor ‘n omvattende verslag van vyftien bladsye oor sy bevindinge in Betsjoeanaland en Rhodesië ingedien.⁵⁴ Wat die politieke situasie betref, was daar groot ontevredenheid in Rhodesië oor die wyse waarop die *Chartered Company* die gebied beheer het. In Matabeleland het Rhodes ‘n redelike aanhang gehad, maar in Mashonaland het ‘n sterk gevoel teen hom geheers. Die gevoel onder die bevolking in Rhodesië was dat hulle ‘n verteenwoordigende regering wou kies.

Die *Chartered Company* het beskik oor 1 400 troepe wat saamgestel is uit 655 polisieledede in Matabeleland, 450 polisie in Mashonaland, 250 *7th Hussars* en 24 artillerieledede. Saam met moontlike vrywilligers sou die *Chartered Company* in totaal ongeveer 3 000 lede in die veld kon stoot. Taylor het ook gevind dat die volgende tipe artillerie-wapens in Bulawayo gestasioneer was: Een 12-ponderkanon,⁵⁵ drie 7-ponderkanonne,⁵⁶ een Hoskins masjiengeweer en drie Maxims. Daar was ook ‘n Maxim by elke fort in Rhodesië. Volgens sy waarneming was die bergartillerie die

53 SP 883, GCPM 462/97, Lêer: G.W. Taylor - Pretoria, “Handigt in rapport omtrent zijne bevindingen te Mafeking enz.”, 28.4.1897.

54 SP 883, GCPM 538/97, Verslag Josef (Taylor) - D.E.Schutte Commissioner of Police, Pretoria, 8.7.1897.

55 Hierdie was die 12-ponder-Armstrong-agterlaaier wat normaalweg deur die berede artillerie gebruik was. Kyk J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I. Die Boere-offensief Okt.-Nov. 1899*, p. 22.

56 *Ibid.*, p. 23. Hierdie was die 7-ponder-voorlaaierbergkannone wat deur die bergartillerie gebruik was.

enigste komponent van die *Chartered Company* se krygsmag wat voldoende bewapen en op standaard was.

Hy het ook oor ander aspekte soos die Matabeles se houding en gesindheid, die Runderpes die mynboutoestande in Rhodesië en die algemene ekonomiese situasie verslag gedoen. 'n Laaste belangrike aspek wat hy gemeld het was dat Stevens, 'n landmeter, besig was om opmetings op die Transvaal-grens te doen. In 'n gespanne atmosfeer van moontlike gewapende konflik, was dit betekenisvol. Stevens is ook nie geregistreer by die Landmeter-generaal van die ZAR nie.⁵⁷ Dit het die vermoede bevestig dat hy dalk opmetings vir militêre doeleindes vir die vyand gemaak het.

Taylor het daarop gewys dat die Britse regering besig was om groot getalle Indiese troepe na Natal te stuur. Volgens sy bron was die rede dat die Indiese troepe die "Dutch" manier van veg baie beter as die Britse troepe verstaan het.⁵⁸

J.P. de la Court Schröder het vanaf einde Junie 1897 homself in Mafeking bevind waarvandaan hy sy eerste verslag gestuur het.⁵⁹ In 'n volledige en omvattende verslag gee Schröder sy indrukke oor onder meer die feesvieringe wat gehou is ter ere van koningin Victoria. Vier beeste is namens die koningin aan die Barolongkaptein, Montshiwa, deur die landdros van Mafeking oorhandig. Die Barolongs se aandag is gevestig op die beskerming wat hulle van die Britte gekry het. Daar is ook 'n beroep op hul lojaliteit gedoen. Vir die Kruger-regering was dit belangrik om kennis te dra oor die houding van die swart volke in Suider-Afrika. Montshiwa, was teen enige weswaartse uitbreiding van die ZAR gekant.⁶⁰ Alhoewel hy ook die Britse anneksasie van Betsjoeanaland in 1885 deur die Britte veroordeel het, wil dit uit die verslag voorkom of die Engelse hom aan hulle kant probeer hou het.⁶¹

57 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 207.

58 SP 883, GCPM 570/97, Verslag Josef (Taylor) - D.E.Schutte Commissioner of Police, Kimberley, 17.7.1897.

59 SP 883, GCPM 525/97, Lêer:de la Court - Mafeking, "Rapport omtrent zijne bevindingen aldaar", 22.6.1897.

60 Anon, "Montshiwa" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (Reds.), *Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek, II*, pp. 497-499.

61 SP 883, GR 1047/97, Verslag no. 1, De la Court - Kommissaris van Polisie, Mafeking, 22.6.1897.

In daardie stadium was daar 'n baie klein komponent Britse troepe in Mafeking omdat die *7th Hussars* en die *West Riding Regiment* reeds na Matabeleland vertrek het. Daar was slegs ongeveer 100 man van die *British Bechuanaland Police (BBP)* en die *Cape Mounted Police* in Mafeking gestasioneer. Kaptein Fitzhenry van die *7th Hussars*⁶² het hom meegedeel dat die eenheid onbruikbaar was omdat hulle in Natal, Matabeleland en Mashonaland versprei was. Verder was die eenheid onder sterkte en daar was 'n tekort aan perde.⁶³ Met hierdie inligting oor die getalsterkte en stand van gereedheid en effektiwiteit van verskillende Britse eenhede waaroor Schröder oor 'n tydperk van drie jaar gerapporteer het, kon 'n baie akkurate beeld van die Britse weermag se vermoëns en getalsterkte gevorm word.

In 'n verdere verslag, ingedeel onder drie opskrifte naamlik "De Algemeene Opinie", "Troepen, Fort enz" en "De Algemene Toestand" word enkele sake genoem.⁶⁴ Rhodes het nog 'n baie sterk invloed in die gebied gehad. Veral handelaars was verplig om na sy pype te dans. Hierdie lojaliteit teenoor Rhodes is ook verder aangemoedig deur die invloed van 'n tak van die *South African League* wat in Mafeking gestig is. Tydens 'n deurreis deur Mafeking het die gemeenskap 'n adres aan Rhodes oorhandig. In sy toespraak het hy die inwoners beloof dat 'n groot spoorwegwerksplaas plaaslik opgerig sou word. Die algemene gevoel onder die publiek was dat 'n oorlog met die ZAR onvermydelik was, ten spyte van al die pogings om dit te voorkom.

'n Gedetailleerde uiteensetting is ook gegee van die samestelling van die *Bechuanaland Mounted Police*. Schröder se gevolgtrekking was dat hulle nie opgewasse sou wees indien hulle teen die ZAR sou moes optree nie. Die feit dat hierdie tipe vergelykings gedoen is, dui daarop dat Schröder, soos ander geheime agente, in 'n vroeë stadium al so gekondisioneer was betreffende die feit dat 'n oorlog onvermydelik was, dat hulle sake slegs teen daardie agtergrond en

62 Die 7th Hussars was een van die 28 regimente garde-kavallerie van die Britse leër wat in Suider-Afrika aangewend is. Kyk J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I. Die Boere-offensief Okt.-Nov. 1899*, pp.10-11.

63 SP 883, GR 1047/97, Verslag no.1 De la Court - Kommissaris van Polisie, Mafeking, 22.6.1897.

64 SP 883, GCPM 529/97, Verslag no. 2, De la Court - Kommissaris van Polisie, Mafeking, 26.6.1897.

uitgangspunt gesien het. Sy vermoedens oor 'n komende botsing is verder versterk deur die feit dat die *Chartered Company* op groot skaal kontrakte met privaatpersone begin sluit het vir die lewering van voorrade, perde en muile. Hy het verslag gelewer dat die *7th Hussars* in Bulawayo uit 400 man bestaan van wie 200 te perd is, 200 "Rydende Politie" is, plus 'n addisionele 400 vrywilligers.

Hy het ook gerapporteer oor die sosiaal-ekonomiese aspekte wat 'n invloed op die gebied gehad het. Die droogte en runderpes het veroorsaak dat mens en dier baie swaar gekry het en daar 'n voedseltekort ontstaan het.⁶⁵

In Vryburg het die veldtog teen die swart bevolking te Langeberg die gesprek oorheers. Die opstande onder die swartes het tussen Desember 1896 en Augustus 1897 voorgekom in die distrikte Taung en Vryburg en in die Langeberg en staan saam bekend as die Langeberg-rebellie.⁶⁶ Van die inwoners van die Kaapkolonie was nie bereid om langer onder Britse offisiere, met hul gebruike en gewoontes, te veg nie.⁶⁷ In 'n petisie aan die Kaapse parlement het hulle gevra om 'n eie mag op die been te bring, hulle eie offisiere te kies en dan onafhanklik van die Langeberg-ekspedisie op te tree. Schröder beweer dat hy in die geheim meegedeel is dat die optrede voortgespruit het uit gerugte dat die Engelse besig was om na die ZAR-grens in Natal op te ruk. Die ZAR se veiligheid is bedreig en hy het gesuggereer dat hierdie, meestal Afrikaanssprekende, bewoners van Vryburg dus hulle eie mag vir daardie omstandighede wou gereed kry.⁶⁸ Dit was die rede waarom kolonel Dalgetty, die bevelvoerder van die Britse troepe, nie die Batlapinghoof, Galeshiwe,⁶⁹ in die Langeberg wou aanval nie. Dit het volgens hom met 'n moontlike oorlog met die ZAR te make gehad. Schröder het verneem dat Natal in samewerking met die Kaapkolonie en Rhodesië beplan en "geheime plannen teen

65 SP 883, GCPM529/97, Verslag no.2, De la Court - Kommissaris van Polisie, Mafeking, 26.6.1897.

66 P.H.R. Snyman, *Olifantshoek Oase van die Langberg*, p. 13.

67 SP 883, GCPM 537/97, Verslag no. 4, De la Court - Kommissaris van Polisie, Vryburg, 5.7.1897.

68 SP 883, GCPM 537/97, Verslag no. 4, De la Court - Kommissaris van Polisie, Vryburg, 5.7.1897.

69 P.L. Breutz, "Galeshiwe" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, II*, pp. 254-255.

de Republieke uitvoert". Daarom is troepe op groot skaal in Natal gekonsentreer en wou kolonel Dalgetty nie oorgaan tot 'n aanval nie. Schröder was van mening dat die Langeberg-opstand as 'n rookskerm gebruik kon word om troepe vir 'n oënskynlik goeie rede op die ZAR se wesgrens te versamel en gevegsgereed te kry.⁷⁰ Verskeie redes soos ontevredenheid oor die verlies van grond met anneksasie, ondeurdagte regeringsoptrede en administrasie, aftakeling van die stamstelsel en geskille oor opperhoofskap het tot spanning bygedra.⁷¹ Die hoofrede vir die optrede teen Galeshiwe was dat hy nie wou insien dat daar voorsorgmaatreëls getref moes word teen die verspreiding van runderpes nie. Hy het hom verset teen die polisie wat die maatreëls moes afdwing. Hy is ook verantwoordelik gehou vir die moord op 'n blanke gesin. Hy het na die Langeberg gevlug en is later in hegtenis geneem en tronkstraf opgelê.⁷²

Heyer aan die anderkant het beweer dat die Geheime Diens by die Langeberg-opstand betrokke was:

Piet Bosman who was the paid Agent in the Secret Service of the Transvaal... succeeded in stirring up to rebellion the natives in Bechuanaland. It was all clearly proved, but Galeshiwe was sentenced....⁷³

Sir Alfred Milner het beweer dat die Kaapse Regering in 1895 "British Bechuanaland" oorgeneem het, die swart volke in die gebied wanbestuur het en toe hulle in opstand kom hulle nie kon beheer nie.⁷⁴ Géén Bosman is deur die Geheime Diens as 'n agent gedurende 1897 aangewend nie. Heyer verwys na 'n veldkornet J.H.L. Bosman wat in die Bloemhofdistrik die veldkornet vir die "Onderwijk" was.⁷⁵

70 SP 883, GCPM 547/97, Verslag no. 9, De la Court - Kommissaris van Polisie, Vryburg, 10.7.1897.

71 P.H.R. Snyman, *Olifantshoek, Oase van die Langberg*, p. 13.

72 P.L. Breutz, "Galeshiwe" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, II*, pp. 254-255.

73 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p. 22.

74 C. Headlam, *The Milner papers (South Africa) 1897-1899, I*, pp. 77-78.

75 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid Afrikaansche Republiek 1898, p. 46.

Schröder het ook baie volledig berig oor die beweerde betrokkenheid van veldkornet Bosman om Galeshiwe van ammunisie te voorsien en om sy volgelinge tot 'n opstand op te steek. Sy waarneming was dat “de vijanden onzer regeering” hierdie onwaarhede versprei het maar dat die saak ernstig genoeg was om aan te meld.⁷⁶

'n Volgende belangrike aspek was die feit dat die *Kaapsche Rijdende Politie* die wesgrens van die ZAR op 'n intensiewe wyse gepatrolleer en verken het. Dit sou vir hulle uiters voordelig wees ingeval van 'n botsing of oorlog. Dan sou hulle die grensgebied beter as die ZAR se magte ken.⁷⁷

Nog 'n geheime agent, Charles Daniell, het vanaf die einde Junie uit Kimberley begin rapporteer. Hy het bevestig wat Schröder uit Vryburg berig het in verband met troepe wat na die Langeberg inbeweeg het. Berede Basoeto's het ook deel van die troepemag uitgemaak.⁷⁸ Afgesien van die polisie, wat by die Langebergopstand betrokke was, moes hy bepaal of daar enige ander troepe versamel was. Daniell het 'n parade buite Kimberley bygewoon en bevind dat ongeveer 400 plaaslike vrywilligers saamgetrek was. Hulle was lede van die *Diamond Field Horse* en die *Kimberley Rifles*. 'n Klein afdeling artillerie, bestaande uit twee kanonne, het ook deel van die mag uitgemaak.⁷⁹ Hy het 'n gesprek met ene luitenant S.W. van der Merwe, die laaste bevelvoerder van die “Vryburg Burger Force”, gehad. Dié het hom meegedeel dat die mag ontbind het omdat kolonel Dalgetty hulle nie vertrou het nie.⁸⁰ Daniell het ook die aankomelinge op die treine fyn dopgehou en geïdentifiseer.⁸¹

As in gedagte gehou word dat 'n ander agent, naamlik Schröder, in dieselfde week alles in Vryburg, noord van Kimberley, fyn waargeneem en gerapporteer het, word besef dat die Kruger-regering spioenasie op 'n intensiewe wyse aan die wesgrens

76 SP 883, GCPM 646/97, Lêer: “De la Court Kimberley Zendt in rapport re zijne bevindingen aldaar in Bechuanaland”, 18.9.1897.

77 SP 883, GCPM 564/97, Verslag no.10, De la Court - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 19.7.1897.

78 SP 883, GCPM 524/99, Lêer: “Chas Daniell Kimberley Rappt re zijne bevindingen aldaar”, 22.6.1897.

79 SP 883, Verslag Daniell - Beukes, Kimberley, 23.6.1897.

80 SP 883, Verslag Daniell - Beukes, Kimberley 28.6.1897.

81 SP 883, Verslag Daniell - Beukes, Kimberley, 1.7.1897.

begin bedryf het. Die opdrag van die Uitvoerende Raad dat agente “een oog in het zeil moet houden”⁸² het in die praktyk begin realiseer. Die regering in Pretoria is feitlik daagliks met gedetailleerde verslae van die situasie op die wesgrens op hoogte gehou. Daniell het ook soms sy daaglikse verslae aangevul met uitknipsels van berigte uit die *Diamonds Fields Advertiser*.⁸³ Volgens hom het daar geen onmiddellike militêre bedreiging teen die ZAR uit daardie geweste bestaan nie. Die Langeberg-opstand het almal se aandag in beslag geneem.⁸⁴

Teen die einde Julie het hy vasgestel dat die openbare mening sterk teen die Kruger-regering in Kimberley begin draai het. Die indruk wat hy gekry het, is dat die inwoners graag die Britse regering in ‘n oorlog met die regering betrokke sou wou sien. Gerugte dat groot getalle troepe na die gebied op pad was, het ook bestaan.⁸⁵

Desnieteenstaande het Schröder in die tweede helfte van 1897 in ‘n paar van sy verslae gewaarsku dat daar aan die wesgrens heelwat geheime bedrywighede en spioenasie van Britse kant aan die gang was. Hy het ook telkens verwys na die feit dat ‘n oorlog onvermydelik was. Hy het dan op grond van sy gepreke, waarnemings en aanvoeling die oorlog voorspel:

(A)lles duidt op een komende oproer, en we voorspellen dat dit binnen twee jaren te Johannesburg - het gevaar schijnt dus meer binnelandsch te zijn - “zal plaats hebben”.⁸⁶

Schröder het aanbeveel dat daar steeds ‘n “brandwag” buite die ZAR se suid-westelike grens geplaas moes word.⁸⁷ Hierdeur het hy die rede vir die bestaan van die Geheime Diens op grond van sy persoonlike waarnemings en aanvoeling oor die bedreiging teen die ZAR bevestig.

82 Hierdie was ‘n Nederlandse uitdrukking wat beteken het: “Goed uitkijken” of “toesien dat” of “een wakend oog houden op” Kyk C. Kruyskamp, (Red.), *Van Dale, Nieuw Handwoordenboek Der Nederlandse Taal*, p.1077.

83 SP 883, GCPM 542/97, Verslag Daniell - Beukes, Kimberley, 7.7.1897.

84 SP 883, GCPM 578/97, Verslag Daniell - Beukes, Vryburg, 24.7.1897.

85 SP 883, GCPM 527/97, Verslag Daniell - Beukes, Kimberley, 26.7.1897.

86 SP 883, GCPM 667/97, Verslag De la Court - Kommissaris van Polisie, 12.10.1897.

87 Ibid.

5.2 Swaziland en Zululand

President Kruger wou Kosibaai as 'n hawe vir die ZAR ontwikkel. Die Konvensie van Londen het Swaziland se onafhanklikheid gewaarborg. Die Kruger-regering sou dus eers beheer oor Swaziland moes kry. Kosibaai was egter geleë in Tongaland. Om by Kosibaai uit te kom, moes daar eers deur die grondgebied van kapteins Zambaan en Umbegisa beweeg word. Beide kapteins was onafhanklik en het beskerming van die ZAR-regering gevra.⁸⁸ Daarom het die Uitvoerende Raad reeds in 1889 'n bedrag bewillig om geheime agente aan te stel.⁸⁹ Na aanleiding van die Derde Swazilandse Konvensie van 1894 het die Kruger-regering toestemming gekry om die administrasie van die land oor te neem. Gedurende April 1895 het Brittanje egter die gebied van Zambaan en Umbegisa by die Britse ryk ingelyf. Hierdie stap is om strategiese redes deur Brittanje gedoen om die Duitsers uit die gebied te hou en Transvaal te omsingel.⁹⁰

Vanaf Julie tot Desember 1897 het R.C. Emmett vanaf Vryheid, as hoofkwartier, die resultate van sy spioenasiebedrywighede in Zululand en die gebied aangrensend aan Swaziland, deurgestuurd. Hy het onder die dekmantel dat hy in Zululand wou jag, op Eshowe vir 'n jaglisensie aansoek gedoen. Volgens hom was daar ongeveer 250 soldate op Eshowe gestasioneer. Een van hulle het hom meegedeel dat hulle besig was om hulle voor te berei om die ZAR militêr te verras. Die algemene gevoel onder die publiek in Zululand was egter negatief teenoor die ZAR-regering. Die meeste Britse onderdane in die gebied het 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse beheer verkies.⁹¹

Die swart gemeenskappe in die gebied was ook vyandiggesind teenoor die ZAR-regering. Alhoewel hulle redelik goed bewapen was, het hulle die ZAR weens die staat se wapensterkte gevrees. Volgens Emmett sou hulle egter slegs, indien hulle

88 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede-Vryheidsoorlog 1899-1902, I*, pp. 139-141.

89 TAB, URN (Geheim), Artikel no. 6, 31.5.1889, p. 4.

90 H.E.W. Backeberg, Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval (1852-1896) in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 12(1), 1949, pp. 55-60.

91 SP 883, GCPM 563/97, Lêer:R.C.Emmett - Vryheid, "Bericht omtrent zijne bevindingen in Br. Zululand", 15.7.1897.

aangehits en militêr ondersteun word, bereid wees om in 'n aanval op die Transvaal betrokke te raak. Hy het ook 'n besoek aan St. Luciabaai gebring wat as 'n hawe vir die vervoer van steenkool oopgestel sou word.⁹²

'n Verdere aanduiding van die belangrikheid van Swaziland uit 'n inligtingsoogpunt is die feit dat die regering Geheime Diensfondse aan kommandant van Staden bewillig het vir spioenasieaktiwiteite in daardie geweste. A.M. van Staden se naam word saam met die "veldkornetten en assistent-veldkornetten" van die ZAR gelys met Swaziland as sy verantwoordelikheid.⁹³ Op 14 Junie 1897 is 'n bedrag aan hom uitbetaal vir sy reisbiljet vanaf Machadodorp na Pretoria waarskynlik om mondeling te gaan verslag lewer.⁹⁴ Dit wil voorkom of hy 'n maand lank in Swaziland vir "geh Diensten" was aangesien hy vir 30 dae die 15/- toelaag ontvang het.⁹⁵ Dit kan beteken dat hyself die spioenasietog uitgevoer het.

5.3 Mosambiek

Die Kruger-regering het gedurende 1895 onderhandelinge met Duitse en Franse rederye gevoer met die doel om 'n gereelde stoomvaartdiens tussen Europa en Delagoabaai te bewerkstellig. Hierdie onderhandelinge het misluk en die regering het steeds bly poog om permanente haweregte in Delagoabaai te kry. Brittanje het egter ook 'n oog op Delagoabaai gehad. Dit was vir die ZAR-regering van strategiese belang om enige verwikkelinge in die hawe van Delagoabaai te laat dophou.⁹⁶

Die eerste verslae van geheime agente in Delagoabaai vanaf November 1896, het aangedui dat daardie gemeenskap nie so maklik geïnfiltreer kon word nie. Dit was 'n kosmopolitiese samelewing en 'n algemene gevoel kon nie so maklik bepaal word

92 *Ibid.*

93 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 47.

94 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, kwitansie no.134, 14.6.1897.

95 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, kwitansie no. 138, 17.6.1897.

96 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 - 1902, II*, pp. 27 - 30.

nie. Die dophou van stoombote, die inhoud van hulle vrag en die aankoms en vertrek van troepe, sou veral van belang wees.⁹⁷ Oliphant het vanaf November 1896 tot aan die begin van 1897 per boot heen en weer tussen Lourenco Marques en Beira beweeg.

Arthur Dickens, wat op die 8 April 1897 in diens geneem is as 'n geheime agent, is tot Juliemaand na Delagoabaai gestuur om te spioeneer.⁹⁸ Hy het hom as die verteenwoordiger van 'n Kimberleyse maatskappy voorgedoen.⁹⁹ Sy taak was hoofsaaklik om die aankoms en vertrek van skepe waar te neem. Deur persoonlik die skepe te besoek terwyl hulle voor anker lê, kon hy eerstehands die aard en omvang van die vrag bepaal. Hy het ook vasgestel dat Britse oorlogskepe kanonne op Inhaca-eiland ontskeep het.¹⁰⁰ Dickens het die Kruger-regering op hoogte gehou van die politieke klimaat en die Portugese owerhede se reaksie en standpunt op gebeure. Só het hy gemeld dat die Portugese regering aan die Britse regering toestemming verleen het om Inhaca-eiland as 'n oefenterrein te gebruik. Hulle het ook toestemming gehad om troepe daar te akkommodeer nadat hulle per boot aangekom het.¹⁰¹ Hy het ook in detail oor die bewapening en tonnemaat van sewe verskillende Britse oorlogskepe gerapporteer.¹⁰²

Die eerste geheime agent wat in Beira gaan spioeneer het, was Alexander Oliphant. Oliphant het tydens 'n besoek aan Bulawayo vroeër, die belangrikheid van Beira as 'n hawe uit 'n spioenasie-oogpunt ingesien.¹⁰³ Die spoorlyn, wat vanaf Beira deur Mosambiek tot in Chimoa geloop het, is teen die einde van 1896 voltooi.¹⁰⁴ Later sou die spoorlyn tot in Salisbury voltooi word. Die Kruger-regering sou hierdie

97 SP 882, Verslag Oliphant - Ferguson. Lourenco Marques, 25.11.1896.

98 SP 880, Lêer: A.J.Dickens met aantekeninge in potlood op die voorblad.

99 SP 880, Verslag Dickens - Beukes, Delagoa Bay, 11.5.1897.

100 *Ibid.*

101 SP 880, GCPM 526/97, Lêer: "A.J.Dickens Delagoabaai Rapport omtrent zijne bevindingen aldaar", 25.6.1897.

102 SP 883, GCPM 501/97, Lêer: "A.Dickens Delgoa Baai Zendt n rapport re zijne bevindingen aldaar", 29.5.1897.

103 SP 882, Verslag Ferguson - Confidentieele Secretaris, Johannesburg, 31.11.1896.

104 SP 882, Verslag Ferguson - Confidentieele Secretaris, Johannesburg, 31.11.1896.

hawe moes dophou vir die invoer van vuurwapens en troepe na 'n gebied net noord van die Transvaalse grens.

Vanaf Mashonaland was die roete oor Beira die vinnigste. Die regering is ook deur agente oor Rhodes se bewegings vanaf Salisbury na Beira en vandaar per stoomboot na Kaapstad of Engeland ingelig.¹⁰⁵

Die ZAR-regering is op hoogte gehou van die beweging van troepe van en na Mashonaland. Gedurende Januarie 1897 is gerapporteer dat ongeveer 400 troepe met die boot, die *S.S. Pembroke Castle*, na die Kaapkolonie vertrek het. Dit het Mashonaland feitlik sonder enige soldate gelaat. Die polisie in die gebied was ongeveer nog 800 man sterk.¹⁰⁶ Latere berigte het bevestig dat die 400 troepe vir Pietermaritzburg bestem was.¹⁰⁷ Deur spioene in al die hawestede in Suider-Afrika te plaas, kon verslae oor Britse troepebewegings en -verskuiwings verkry word. Deur gesprek met persone aan te knoop wat deur die hawe van Beira beweeg het vanaf Mashonaland, kon spioene ook 'n akkurate opsomming maak van die toestande en politieke klimaat wat in Mashonaland geheers het.

5.4 Natal

Aan die begin van 1896 is die gedeelte van die spoorlyn vanaf Volksrust tot in Johannesburg oopgestel wat dus 'n regstreekse spoorverbinding tussen Durban en Johannesburg tot stand gebring het. Durban het as 'n hawe van groot belang vir die ZAR geword.¹⁰⁸ Net soos in al die ander hawestede in Suider-Afrika, het die Kruger-regering geheime agente in Durban en Natal ontplooi.

Gedurende Desember 1896 het geheime agent J. Roedema, vanaf Durban begin rapporteer.¹⁰⁹ Hy het onder andere berig dat die *Natal Volunteers* instruksies

105 SP 882, Verslag no. 2/1896 Oliphant - Kommissaris van Polisie, Lourenco Marques, 25.11.1896, p. 4.

106 SP 883, Verslag no. 6/1897, Oliphant - Kommissaris van Polisie, Beira, 7.1.1897, p. 7.

107 SP 883, GCPM 203/97, Lêer: "Alex Oliphant - Zendt in zijne rapport van hoedanigheid te Beira", 7.1.1897.

108 R.C. de Jong, G.M. van der Waal, D.H. Heydenrych, *NZASM 100 1887-1899: The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*, pp. 181-184.

109 SP 882, GCPM 248/96, Lêer: Roedema - Durban, 10.12.1896.

ontvang het om hulleself op 'n gereedheidsgrondslag te plaas. Hierdie berig het die Uitvoerende Raad as "fabelagtig" beskou omdat daar nie bewyse vir die bewering was nie.¹¹⁰ In 'n ander verslag het Roedema beweer dat gewere deur die Natalse regering onder die Boere versprei is. Hiermee saam het hy oor inligting beskik wat daarop gedui het dat 'n besending gewere en ammunisie, vir Durban bestem, nog op 'n skip ter see was.¹¹¹ Die Kommissaris het verdere inligting in hierdie verband verlang en Roedema in 'n skrywe oor die betroubaarheid van sy bronne gekonfronteer. Hy is versoek om betroubare bronne te raadpleeg oor die saak en spoedig oor die resultaat van sy verdere ondersoek terug te rapporteer.¹¹² Die Uitvoerende Raad-vergaderings se werksaamhede is baie nougeset bygehou. Só is daar 'n nota gemaak dat generaal Joubert afwesig was tydens die vergadering waar die Roedema-saak bespreek is.¹¹³ Roedema het ook bevestig dat die ongeveer 450 Britse soldate, oor wie se vertrek Oliphant uit Beira berig het, wel in Durban aangeland het.¹¹⁴ Die feit dat spioene se verslae uit verskillende dele met hierdie verslag gekorreleer het, moes die Uitvoerende Raad en die Kommissaris se vertroue in die Geheime Diens as 'n geloofwaardige afdeling, versterk het.

Vanaf die helfte van 1897 het 'n ander geheime agent, A.C.Vlotman, wat op 20 April in diens geneem is, uit Durban begin rapporteer.¹¹⁵ Sy eerste verslag uit Natal het belangrike inligting bevat en het die ondertoon van 'n naderende oorlog gehad. Die oorlogskip, die *S.S. Magpie*, wat Delagoabaai en Durban aangedoen het, was volgens sy informasie, nie net gebruik as 'n boot om pos te vervoer nie. Die stoomboot is gebruik om kommunikasie tussen bote vanaf Engeland en terug te bewerkstellig. Volgens betroubare bronne was daar ongeveer 10 000 Britse troepe in Mauritius, 3 000 op die eiland van St. Helena en 2 000 op die eiland Ascension.¹¹⁶

110 *Ibid.*

111 *Ibid.*

112 SP 892, Skrywe Beukes - Roedema, Pretoria, 26.12.1896, p.155.

113 SP 882, GCPM 248/96, Lêer:Roedema - Durban, 10.12.1896.

114 SP 882, GCPM 290/96, Lêer:Roedema - Durban, 20.12.1896.

115 SP 883, GCPM 65/97, Lêer:A.C.Vlotman - Pretoria, 3.5.1897.

116 SP 883, GCPM 465/97, Lêer: "A.C.Vlotman - Pretoria, Rapporteerde treke van sy bevindinge in Durban, Natal", 3.5.1897.

Vlotman het ook daarin geslaag om, met die hulp van 'n familielid van 'n sekere majoor McCubbin, binne in die Britse militêre kamp in Pietermaritzburg in te beweeg. Daar het hy belangrike waarnemings oor die paraatheid en standaard van opleiding van die troepe gemaak. Die kamp het uit ongeveer 200 tente bestaan. Op 'n vraag aan 'n Britse offisier waarom die perde nie in stalle gehuisves word nie, was sy antwoord dat beide troepe en perde aan die harde omstandighede gewoond moes raak. Die rede wat aangevoer is, was dat 'n oorlog met die "boeren"¹¹⁷ of een van die swart volke enige tyd kon plaasvind. Hy het ook vasgestel dat troepe al hoe nader aan die ZAR se grens beweeg het.

Hy het ook die basiese krygsplan van die Britte se inval in die ZAR geïdentifiseer. Daarvolgens sou die ZAR nie van die oostekant binnegeval word nie, maar eers van die westekant. Op 'n gegewe tydstip sou die magte 'n inval uit die ooste begin. Volgens Vlotman was die Engelse troepe gedetermineerd om die nederlaag van Amajuba te wreek. Die ander informasie wat Vlotman onderskep het het daarop gedui dat hulle vol selfvertroue was omdat Rhodes en Chamberlain oor die naderende konflik saamgewerk het. Chamberlain sou 'n ultimatum in verband met stemreg aan die Kruger-regering stel. Die ZAR sou andersins binnegeval word en binne drie maande verslaan wees. Volgens gerugte op straatvlak, sou die oorlog al begin het as dit nie was vir die feit dat die Britse regering eers voldoende troepe na die Kaapkolonie wou stuur nie.¹¹⁸

Vlotman se verdere verslae oor die tydperk Junie tot Augustus 1897, het 'n onrusbarende prentjie geskets van verdere Britse troepeversterkings wat inbeweeg, asook vuurwapen- en proviandstapeling wat onverpoos voortgeduur het. Volgens gerugte het al die vrywilligerkorpse in die geheim opdrag gekry om op 'n gereedheidsgrondslag te wees. Tussen 50 en 60 regimente sou mettertyd die land inkom en rondom die ZAR en OVS geplaas word.¹¹⁹ Teen die middel van Mei 1897 het vier skepe met troepe in Durban gearriveer. Hulle het ongeveer 1 750 troepe,

117 SP 883, GR 711/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, 3.5.1897, p. 3.

118 SP 883, GCPM 465/97, Lêer: "A.C. Vlotman - Pretoria, Rapport re zijne bevindingen te Durban, Natal", 3.5.1897.

119 SP 883, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, Durban, 13.5.1897.

500 perde vir die artillerie en ongeveer 40 vyftienponder-kanonne ontskeep. Hierdie troepe en ander krygstuig het gedurende die nag vanaf Durban na Pietmaritzburg beweeg.¹²⁰ Gedurende Junie het hy gerapporteer dat grofgeskut van die artillerie tot op Ladysmith beweeg het.¹²¹ Talle Britse soldate het in siviele klere noordwaarts na Johannesburg beweeg. Op Newcastle is ook kanonne gestasioneer, gereed om die OVS aan te val.¹²²

Teen die einde van Julie het Vlotman berig dat 'n Britse generaal in Natal aanwesig was.¹²³ Die Sekretaris van die Uitvoerende Raad, P.L.A. Goldman, het die Kommissaris versoek om vas te stel wie die generaal was.¹²⁴ Ferguson, die hoof van die Speurpolisie, het die Kommissaris laat weet dat die betrokke offisier, generaal Cox, besig was om die uitleg van militêre kampe in Natal te bepaal.¹²⁵ Gedurende Augustus 1897 het nog 795 perde per boot in Durban aangekom.¹²⁶ Tien genietroepe van die *Royal Engineers* het vanaf Engeland gearriveer en vanaf Durban na Ladysmith, Newcastle en Amajuba beweeg. Hulle taak was om forte vir die Britse leer te ontwerp.¹²⁷

J.T. Bain het hom gedurende Julie 1897 in Ladysmith bevind. Hy het bevestig wat Vlotman die voorafgaande maande uit Durban berig het rondom die opbou van Britse troepe in Ladysmith. Hy het vinnig daarin geslaag om die geleedere van die Britse magte te infiltrer en het op grond van eerstehandse waarneming sy verslae opgestel.¹²⁸ Hy het verslag gedoen oor die verskillende eenhede, hulle getalsterktes en tipe ondersteuningswapens wat in Ladysmith en Pietermaritzburg aanwesig was.¹²⁹ Van groter belang, en wat nie so algemene kennis as bogenoemde was nie,

120 SP 883, GCPM 518/97, Lêer: van A. Vlotman, "A. Vlotman Durban, Zendt in rapport re zijne bevindingen aldaar", 16.6.1897.

121 SP 883, GCPM 531/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, 30.6.1897.

122 SP 883, GCPM 549/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, Durban, 12.7.1897.

123 SP 883, GCPM 579/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, Durban, 28.7.1897.

124 SP 883, GCPM 579/97, Lêer: A.C. Vlotman - Durban met aantekeninge deur Goldmann daarop.

125 SP 883, GCPM 579/97, Skrywe Ferguson - Kommissaris van Polisie, 5.8.1897.

126 SP 883, GCPM 586/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, Durban, 3.8.1897.

127 SP 883, GCPM 609/97, Verslag Vlotman - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 23.8.1897.

128 SP 883, GCPM 539/97, Lêer: "J. Bain Ladysmith Zendt in rapport re zijne bevindingen aldaar", 6.7.1897.

129 SP 881, Verslag Bain - The Commissioner of Police Pretoria, 19.7.1897.

was sy waarnemings rondom die gees en gesindheid, standaard van opleiding, stand van gereedheid en moontlike ontplooiing van die verskillende Britse formasies en eenhede in Natal.

5.5 Die Kaapkolonie

Die gebeure rondom die Jameson-inval sou die Kaaplandse Afrikaners saam met hulle noordelike geesgenote 'n tydelike gevoel van nasionalisme laat ervaar. Op een van die vergaderings, wat in die Paarl gehou is, is daar selfs 'n waaksaamheidskomitee saamgestel om met Kruger en Rhodes te onderhandel. Klein groepies ekstremiste, in die geleedere van die Afrikaners, het selfs 'n republikeinse regeringsvorm vir die Kaapkolonie voorgestaan.¹³⁰

Van die Kaaplandse Afrikaners het in 'n groot mate simpatie met die lotgevalle van die republikeinse Afrikaners gehad. As gevolg van jarelange beïnvloeding vanaf Engeland op die Kaapse Afrikaners, het by sommige van hulle 'n diepgewortelde lojaliteit en liefde teenoor die Britse kroon ontwikkel. Teen die einde van die negentiende eeu het baie Kapenaars nie in republikeinse terme gedink nie, maar hulle self eerder as Britse onderdane gesien.¹³¹ Alhoewel daar 'n breuk tussen Rhodes en die Afrikanerbond se leiers gekom het met die verkiesing van 1898 in die Kaapkolonie en hy as faktor uit die politiek verdwyn het,¹³² was die openbare mening teenoor die ZAR vir die Kruger-regering van wesenlike belang. Om hierdie aspek te monitor, sou geheime agente in die Kaapkolonie ontplooi moes word.

Gedurende November 1896 is F. White as 'n geheime agent na Kaapstad gestuur. Hy het tot in Februarie 1897 daar diens gedoen.¹³³ Gedurende Desember is hy bygestaan deur P.J. Botha wat ook in Kaapstad gespioeneer het.¹³⁴ Albei het in die

130 C.J. Beyers, *Die Kaapkolonie en die Jameson-inval*, (MA, US, 1951), pp. 176-179.

131 J.H. Snyman, *Die Afrikaner in Kaapland, 1899-1902 in Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 42(2), 1979, p.4.

132 M. Tamarkin, *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners, The Imperial Colossus and the Colonial Parish Pump*, pp. 318-319.

133 SP 882, Verslag F.White - Kommissaris van Polisie, 22.12.1896.

134 SP 882, GCPM 236/96, Lêer: "P.J.Botha - Kaapstad, Rapport re zijne bevindingen te Kaapstad", 4.12.1896.

Masonic Hotel tuisgegaan s nder dat hulle van mekaar bewus was. White het vir Botha baie suspisies voorgekom. Hy het by die Kommissaris oor White navraag gedoen en selfs beweer dat dit vir hom voorgekom het of White 'n spioen vir die opposisie was.¹³⁵

White se verslae het ook gesprek van voorbereidings vir 'n naderende oorlog. Lede van die *Kings Royal Rifles* het hom meegedeel dat hulle daar was vir ingeval daar 'n oorlog met die ZAR uitbreek.¹³⁶ Hy het ook vasgestel dat vyf regimente by die Kasteel met 'n sterkte van ongeveer 4 000 opgeleide lede gestasioneer was. 'n Verdere 3 000 vrywilligers kon volgens inligting uit die Kaap gemobiliseer word. Verskeie gerugte van oorlog het ook op straatvlak rondgel .¹³⁷

White het nie werklik daarin geslaag om die opposisie se geledere te infiltrer nie. Uit sy verslae wil dit voorkom of hy besef het dat hy nie aan die doel beantwoord nie en verskoning daarvoor maak. Hy het plegtig verklaar dat hy sy taak s  goed as moontlik sou uitvoer. Verder het hy die Kommissaris se kantoor op sy ho  verblyfkostes gewys en op die feit dat hy voldoende fondse tot sy beskikking moet h  om mense se vertroue te wen en vriendskappe te sluit.¹³⁸

Botha was eweneens nie baie suksesvol in sy opdrag om oor die verskillende stoombote en hulle inhoud, vrag en passasiers te rapporteer nie. Hy het volgens homself drie weke lank die hawe, stasie en kroe  in Kaapstad besoek. Hy kon geen bruikbare inligting vind nie. Hy het 'n lys ingesluit van al die bote wat vanaf 1 tot 14 Desember 1896 in Kaapstad geanker het met getalle van passasiers, hulle nasionaliteite en bestemmings.¹³⁹ Ten spyte daarvan dat hy nie baie suksesvol was nie, is Botha in Junie 1897 weer na Kaapstad as geheime agent gestuur.¹⁴⁰

135 SP 882, GCPM 236/96, Verslag Botha - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 4.12.1896.

136 SP 882, White - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 22.12.1897.

137 SP 882, Verslag van White - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 27.11.1896.

138 SP 882, Verslag van White - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 27.11.1896.

139 SP 882, Verslag Botha - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 28.12.1896.

140 SP 903, Geheime Dienste, Chequeboek, nommer 147, Uitgemaak aan "P.J. Botha £ 96.5/- uitgaven, salaris enz. geh. Dienste Kaapstad", 21.6.1897.

Dit was ongeveer in dieselfde tyd waarin M.C. Weeber as 'n nuwe geheime agent vanaf April tot begin Augustus 1897 na Kaapstad gestuur is.¹⁴¹ Hierdie gebruik van die Kommissaris se kantoor om twee geheime agente na dieselfde plek te stuur, kon doelbewus gewees het. Aan die eenkant kon sulke agente mekaar dophou. Aan die anderkant kon hulle sekere informasie herbevestig. 'n Ander rede kan ook wees om 'n agent wat op 'n sekere plek nie suksesvol is nie, met 'n ander te vervang.

Weeber was egter die derde geheime agent wat na Kaapstad gestuur is, wat nie aan sy doel beantwoord het nie. Hy het meer gespesialiseer om die politieke klimaat en politieke gevoel in die Kaapse Parlement te vertolk en te rapporteer. Van die sake kon die Kommissaris en die Uitvoerende Raad in die plaaslike en ander koerante lees. Weeber is egter berispe en beveel om geen sodanige rapporte meer in te stuur nie maar daarop te konsentreer om uit te vind "welke geheime plannen er moge bestaan teen ons land".¹⁴² Met hierdie opdrag het die Kommissaris se kantoor weer eens die hoofdoel van die bestaan van die Geheime Diens beklemtoon en kernagtig saamgevat. Dit het getoon dat die regering inligting van strategiese, maar veral taktiese waarde van betaalde spioene verwag het. Lojale uitsprake wat Weeber teenoor die Kruger-regering en hulle saak gemaak het, kon nie as verskoning dien vir die feit dat hy nie resultate kon lewer nie. Hy het die regte aanvoeling vir die werk gehad. Dit het geblyk uit die feit dat hy 'n baie lang lys kodewoorde opgestel het vir gebruik in telegramme indien dit nodig sou wees maar wat klaarblyklik nie deurgaans gebruik is nie.¹⁴³

Weeber het nogtans 'n bydrae gelewer ten opsigte van informasie oor die gevoelens wat daar teenoor die Kruger-regering in Kaapse politieke kringe bestaan het. Hy het gemeld dat premier J.G. Sprigg en sir James Sivewright, 'n Rhodes-gesinde en lid van die Progressiewe Party, vyandiggesind teenoor die regering was. Sivewright se rede vir die aanwesigheid van die groot aantal Britse skepe en troepe aan die Kaap was dat Engeland wou toon dat hulle gereed was vir 'n gewapende konflik. Rhodes

141 SP 880, Sien verskeie verslae vanaf Weeber uit Kaapstad aan die Kommissaris van Polisie in die tydperk vanaf 1 April 1897 tot 5 Augustus 1897.

142 SP 880, Verslag Weeber - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 14.5.1897.

143 SP 881, Verslag van Weeber - Kommissaris van Polisie, Lys van "Telegraph code" aangeheg, Kaapstad, 17.4.1897.

het egter nie meer die ondersteuning van die Afrikaner Bond as 'n party gehad nie.¹⁴⁴ Sy waarneming was dat die eintlike bedoeling van die Engelse was om die Transvaal met wapengeweld te verower. Hy het ook volledig gerapporteer oor die aankoms en ontvangs van lord Alfred Milner, die nuwe Britse Hoë Kommissaris in Kaapstad. Volgens Weeber was daar, volgens die Briste offisiere met wie hy gesprek gevoer het, onvermydelik 'n oorlog met die ZAR aan die kom.¹⁴⁵ Na die berisping, wat hy vanaf hoofkantoor gehad het, het hy begin om oor meer relevante sake te rapporteer soos byvoorbeeld dat daar volgens sy bronne 'n addisionele 8 500 troepe en 'n verdere 522 Britse offisiere sedert die Jameson-inval die land binne gekom het. Hy het ook bevestig wat ander geheime agente uit Natal¹⁴⁶ en 'n ander vanaf die wesgrens¹⁴⁷ gerapporteer het, naamlik dat die ZAR in geval van oorlog vanaf drie fronte binnegeval sou word. Die drie fronte sou wees vanuit Natal, Betsjoeanaland en Rhodesië.¹⁴⁸

Charles Daniell is gedurende Augustus 1896 as geheime agent na die Oos-Kaap gestuur. Sy belangrikste bevinding was die stigting van die *South African League*¹⁴⁹ aldaar, met die organisasie se hoofkwartier in Oos-Londen. Hy het baie volledig gerapporteer oor die organisasie se oogmerke en doelstellings. Die hoofdoel van die organisasie was om die Afrikanerparty in die Kaapkolonie te verswak en sodra die nuwe organisasie die meerderheid in die Kaapse Parlement verkry het, die Uitlanders in Transvaal te help om stemreg te kry. Daar was ongeveer 40 takke in die Kaapkolonie en drie in Natal. Die organisasie se ledetal het op 5 000 gestaan. Daniell het ook die telegram waarin Rhodes gevra is om as President op te tree,

144 SP 880, Verslag Weeber - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 1.4.1897.

145 SP 880, Verslag van Weeber - Kommissaris van Polisie, Kaapstad, 11.5.1897.

146 Vlotman het gedurende Mei 1897 ook uit Natal berig dat die ZAR vanaf drie fronte binnegeval sou word. (Sien SP 883 GCPM 465/97, 3.5.1897).

147 Daniell het gedurende Julie 1897 vanaf die wesgrens berig dat hy verneem het dat die ZAR vanaf Rhodesië, Natal en die Vryburg-gebied binnegeval sou word. (Sien SP 882, Verslag van Daniell - Kommissaris van Polisie, 4.7.1896).

148 SP 883, GCPM 533/97, Lêer: M.C. Weeber Kaapstad, 29.7.1897.

149 Binne 'n week ná die mislukking van die Jameson-inval is 'n organisasie gestig wat alle imperialistiesgesinde Britte sou saamsnoer en 'n dinamiese krag in Suider-Afrika sou word. 'n Paar Boere van Keiweg het die *Anglo-African League* gestig terwyl dr. Darley Hartley van Oos-Londen die *Loyal Colonial League* gestig het. Na 'n paar maande het die twee organisasies saamgesmelt en die *South African League* het gedurende Mei 1896 tot stand gekom. Kyk G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog*, II, p. 111.

onder oë gehad. Hy het onderhoude gehad met verskillende van die takke se voorsitters en daaroor gerapporteer.¹⁵⁰

Gedurende November 1896 is Daniell met 'n voorskot van £40 in die sak weer na die Oos-Kaap gestuur. Plekke soos King William's Town, Grahamstad, Port Elizabeth en Oos-Londen is besoek.¹⁵¹ Die groot vraag in King William's Town was waarom die Kruger-regering besig was om van die burgers op grootskaal te bewapen. Dr. Darley Hartley, die voorsitter van die *South African League*, het hom meegedeel dat die rede vir die optrede was dat die ZAR-regering oorlog wou verklaar.¹⁵² Ter wille van beter geloofwaardigheid het Daniell as 'n lid van die *South African League* se Port Elizabeth-tak aangesluit. Die voorsitter, 'n sekere Joseph Walker, het hom meegedeel dat daar iets in Johannesburg broei en dat 'n rewolusie nie uitgesluit is nie. Volgens Walker was die kapitaliste weer betrokke by 'n politieke komplot teen die Kruger-regering. Die algemene gevoel was egter dat die Kruger-regering oorlog wou maak.¹⁵³ Hy het verneem dat daar op 16 Desember 1896 'n opstand in Johannesburg gaan wees. Die opstand sou nie net teen die Kruger-regering gemik wees nie, maar ook teen die Transvaalse burgers. Verder het hy ook die verskillende groeperinge, wat per trein na Johannesburg vertrek het, probeer identifiseer.¹⁵⁴

Die *South African League* het Rhodes 'n vriendelike ontvangs in Port Elizabeth gegee. Daniell het selfs die banket, ter ere van Rhodes, bygewoon. Hy het die houding van die algemene publiek in sekere kringe as redelik vyandiggesind teenoor die Kruger-regering, opgesom. Die Boerebevolking, veral die Hollandssprekendes, was egter simpatiekgesind teenoor die ZAR.¹⁵⁵

150 SP 882, Verslag Daniell - G.Kruger, Pretoria, 27.8.1896.

151 SP 880, *Los dokument in potlood opgeskryf te vinde in die Lêer:van C.Daniell in die stukke van die kommissaris van polisie, ongedateer.*

152 SP 882, GCPM 224/96, Verslag Daniell - T.Beukes, King Williams Town, 30.11.1896.

153 SP 882, GR 1528/96, Verslag Daniell - T.Beukes, Port Elizabeth, 10.12.1896.

154 SP 882, Verslag Daniell - T.Beukes, Port Elizabeth, 15.12.1896.

155 SP 882, GCPM 244/96, Verslag Daniell - D.Schutte, Commissioner of Police, Pretoria, 29.12.1896.

5.6 Oranje-Vrystaat

Van die begin af het goeie betrekkinge tussen die regerings van die ZAR en die OVS wat bestaan wat inligting aan betref. Gedurende Maart 1896 het staatsprokureur Coster die bedrag van £200 aan die OVS-regering uit sy geheime fondse beskikbaar gestel. Die Staatsprokureur het uit 'n verklaring, wat 'n sekere persoon in Rouxville gemaak het, afgelei dat iemand uit Johannesburg die Basoeto's teen die Kruger-regering opgesteek het. Die bedrag van £200 was tot die OVS-regering se beskikking gestel om meer inligting oor die saak te bekom.¹⁵⁶

Hierdie wedersydse vertroue het voortgeduur want gedurende Julie 1896 het die Staatsprokureur 'n verdere versoek tot die Staatsprokureur van die Oranje-Vrystaat gerig.¹⁵⁷ 'n Sekere firma in Johannesburg, Garlich en Holdcroft, het goedere aan 'n sekere Jacobs, 'n winkelier in Kroonstad, gestuur. Tussen die goedere wat in dekens verpak was, was ook gewere versteek. Die versoek was om ondersoek in te stel of die gewere nog in sy besit was en indien nie, waarheen dit gestuur is. Later, gedurende Augustus, het die Staatsprokureur verdere inligting in verband met die saak deurgestuur.¹⁵⁸ Hieruit kan afgelei word dat die samewerking tussen die Geheime Diens en die kantoor van die Oranje-Vrystaat se Staatsprokureur baie goed was.

Die Vrystaters het die Jameson-inval as 'n indirekte aanslag op hulle onafhanklikheid gesien. Na die inval en veral na die verkiesing van M.T. Steyn as President van die O.V.S. in 1896 en die sluit van 'n verbond tussen die twee state in 1897, het die samewerking op alle vlakke verbeter.¹⁵⁹ Dit was juis in 1897 dat daar in die pers gespekuleer is dat die President van die Vrystaat "intended to establish a secret service fund".¹⁶⁰ Die Volksraadslid vir Boshoff, C.G. Marais, het die spekulاسie in die kiem probeer smoor deur dit te ontken. Indien die gerugte waar

156 SP 462, Staatsprokureur - Staatsekretaris, 3.1896, p. 174.

157 SP 462, Skrywe Staatsprokureur ZAR - Staatsprokureur, Oranje-Vrystaat, 23.7.1896, p. 213.

158 SP 462, SPGR 74/96, Staatsprokureur - Kommissaris van Polisie, Oranje-Vrystaat, 20.8.1896, p. 216.

159 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II*, pp. 119-126.

160 *Standard and Diggers' News*, 8.7.1897, p. 4.

was, het die Vrystaatse-regering ook begin aanvoel dat hulle veiligheid as 'n staat in die gedrang was.

Hierdie gees en gesindheid van samewerking, wat gespruit het uit 'n gemeenskaplike bedreiging, het ook samewerking op die gebied van spioenasie genoodsaak.

5.7 Die Geheime Diens se rol in die tydperk 1896-1897

Die Geheime Diens het die regering en by name die Uitvoerende Raad op hoogte gehou van veral die buitelandse situasie. Feitlik elke verslag van geheime agente, wat gerig is aan die Kommissaris van Polisie se kantoor, is deur die Sekretaris van die kabinet, P.L.A. Goldman, aan die Uitvoerende Raad voorgelê. Die Uitvoerende Raad, wat die daaglikse bestuur van die ZAR waargeneem het, was dus op die hoogte van die verwickelinge by die belangrikste bedreigingspunte binne sowel as buite die ZAR.

Die informasie¹⁶¹ wat deur agente ingesamel is, is eers deur die Kommissaris van Polisie se kantoor hanteer voordat die inligting¹⁶² deurgegee is. As gevolg van die direkte betrokkenheid van die Uitvoerende Raad by die hele inligtingsproses, kon hulle maklik verdere inligtingsbehoefte aan die Kommissaris se kantoor stel. Agente kon dus ander take kry of opdrag om verdere informasie in te win. Die nodige magtiging vir fondse was ook feitlik gelyktydig deur die Uitvoerende Raad gegee en dit het omslagtige motiverings uitgeskakel.

Die Uitvoerende Raad het besondere waarde aan die verslae van geheime agente geheg. Dit is bevestig deur die feit dat daar 'n aantekening op die lêeromslag gemaak is waarin die verslae voorgehou is, oor watter lede van die Uitvoerende Raad aanwesig was tydens voorlegging.¹⁶³ Verslae is soms aan die Uitvoerende

161 Informasie kan beskou word as onbeproeft verslae en verklarings asook ongeëvalueerde stof van allerlei aard met inbegrip van materiaal verkry uit waarneming, gerugte, foto's en ander bronne wat by ontleding inligting oplewer. Kyk Anon., Handboek oor militêre inligting, p. 110.

162 Inligting kan beskou word as informasie waarvan die betroubaarheid en betekenis en belangrikheid behoorlik bevestig en getakseer is. Kyk Anon., Handboek oor militêre inligting, p. 110.

163 SP 883, GCPM 518/97, Lêer: A.Vlotman Durban, 16.6.1897.

Raad voorgelees¹⁶⁴ en ander kere is verslae “speciaald... voorgebracht”.¹⁶⁵ Dit het gebeur wanneer agente na ‘n lang afwesigheid uit Pretoria, by hulle terugkoms, ‘n belangrike samevattende verslag oor hulle bevindinge in ‘n sekere dorp of streek ingelewer het. Die feit dat die Uitvoerende Raad bereid was om soveel van sy tyd aan die deurwerk van verslae af te staan, spreek vanself oor die gehalte en aard van die werk wat die Geheime Diens gedoen het. ‘n Behoorlike funksionele inligtingsnetwerk was in plek.

Die Geheime Diens se agente is baie sinvol en strategies korrek in Suider-Afrika geplaas. Dit is nie duidelik wie verantwoordelik was vir die waardering en plan rondom die aanwending en taking van agente nie. Dit kon die Uitvoerende Raad of die Kommissaris se kantoor of ‘n kombinasie van die twee gewees het.

Wat uit die aanwending van agente afgelei kan word, is dat die wesgrens en Betsjoeanaland ‘n prioriteitsgebied ten opsigte van spioenasie vir die Kruger-regering was. Dit het moontlik gespruit uit ‘n vrees vir ‘n tweede inval uit daardie rigting. Die maklike wyse waarop Jameson ongesiens die ZAR binnegeval het, het amper ‘n oorreaksie veroorsaak in terme van die aanwending van geheime agente in daardie geweste. Van die mees bekwame agente soos Taylor, Daniell en Schröder is gereeld vir lang tye daar aangewend. ‘n Verdere faktor, wat die gebied van groot belang gemaak het, was die wete dat die Britte heel waarskynlik die spoorlyn buite die wesgrens van die ZAR sou gebruik om troepe en krygstuig nader aan die ZAR te bring. Daar is in groot detail vanaf plekke soos Kimberley, Vryburg, Mafeking, Bulawayo en Salisbury berig. Dit het die Kruger-regering in staat gestel om nie net op die hoogte te wees van die politieke klimaat in die gebied nie, maar ook oor die presiese beweging van selfs ‘n seksie van ‘n militêre eenheid. Die gevoel van die swart volke teenoor die ZAR, sowel as die Kaapse en Britse regerings is ook gereeld in verslae weerspieël.

Alle moontlike toegangsweë is op ‘n rotasiebasis gedek. Agente was nie net verantwoordelik om die stoombote en oorlogsskepe ten opsigte van troepe bewegings

164 SP 883, GCPM 564/97, Lêer: J. Schröder Pretoria, 19.7.1897. Inskripsie deur die sekretaris van die raad Fortuin: “Voorgelezen in Uitv. Raad 21.7.97”.

165 SP 883, GCPM 465/97, Lêer: A.C.Vlotman Pretoria, 3.5.1897.

dop te hou nie, maar ook die beweging van politici, joernaliste en ander vyande van die ZAR. Elke denkbare hawe van strategiese belang naamlik Beira, Delagoabaai, St. Luciabaai, Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad is van tyd tot tyd deur agente bespied.

Verder is 'n organisasie soos die *South African League* pas na sy stigting deur die Geheime Diens as 'n potensiële bedreiging geïdentifiseer. Geheime agente het nie net takke van die organisasie binne en buite die ZAR se grense geïdentifiseer nie, maar ook toesprake van leiers ontleed. Die invloed wat die organisasie op die Britsgesinde deel van die bevolking in die Kaapkolonie en Natal, asook binne die ZAR, uitgeoefen het en die implikasies daarvan is deur die Geheime Diens uitgespel.

Die moontlikheid van 'n naderende oorlog tussen die ZAR en Brittanje is alreeds gedurende 1896 in die verslae van verskeie geheime agente soos Oliphant, Weeber, Daniell, Vlotman en Schröder raakgesien. Hierdie feit het hulle nie net afgelei deur waarneming van die magsopbou van die Britte in verskillende dele van Suider-Afrika nie, maar ook deur persoonlik Britse militêre kampe te infiltrêre en selfs met van die offisiere en troepe te meng. Veral vanuit Natal is in die fynste besonderhede gespioeneer op die tipe wapens van die Britse eenhede, hulle standaard van opleiding asook moontlike taktiek en strategie wat hulle sou gebruik. 'n Agent soos Schröder het byvoorbeeld alreeds gedurende 1897, op grond van sy waarnemings, voorspel dat 'n oorlog binne twee jaar sou uitbreek en dat die aanval uit drie fronte sou plaasvind.

Agente vanuit die Kaap, Betsjoeanaland en Natal het onafhanklik van mekaar bevestig dat hulle verneem het dat daar drie aanvalsrigtings teen die ZAR sou wees. Dit moes vir die Kruger-regering daarop gedui het dat dit nie net meer "kroegpraatjies" kon wees nie, maar deel uitgemaak het van 'n oorhoofse strategie van die Britse leër. Met hierdie tipe inligting ter hand, kon die ZAR se militêre leiers hulle beplanning betyds doen. Die Uitvoerende Raad kon tevrede voel met die relatief groot bedrae wat hulle aan die Geheime Diens bestee het en die teenprestasie wat gelewer is.

HOOFSTUK 6

DIE KOMPLEKSE MILIEU WAARIN DIE GEHEIME DIENS GEFUNKSIONEER HET

6.1 Die aard en omvang van die Geheime Diens

Aan die begin van 1898 het die ZAR-regering oor 'n gevestigde stelsel vir die insameling van inligting in die ZAR beskik. As gevolg van die dreigende onweerswolke het daar 'n inligtingsgemeenskap bestaan, wat noodgedwonge saamgewerk het om inligting vir die staat in te samel. Die inligtingsgemeenskap het verskillende komponente gehad waarvan die Geheime Diens die belangrikste was. Die ander komponente het bestaan uit die Speurdiens, Voetpolisie van Johannesburg, die Rydende Grenswacht waarvan die garnisoene in Fort Hendrina en elders in die distrik Soutpansberg deel was. Posmeesters, landdroste, veldkornette, gewone burgers en weldoeners het almal 'n besondere bydrae gelewer.

Die kantoor van die Kommissaris van Polisie het alle inkomende informasie, afkomstig van enige van die komponente, ontvang. Die Kommissaris se Kantoor het dit aan die Uitvoerende Raad beskikbaar gestel. Daar was egter twee negatiewe faktore aanwesig ten opsigte van die Geheime Diens se ontwikkeling aan die begin van 1898. Die een was dat die Volksraad die Diens se begroting vir 1897 afgekeur het omdat hulle gemeen het dat dit 'n dekmantel was om meer geld vir die Speurdiens te bekom. Die tweede faktor was kommandant-generaal Piet Joubert se negatiewe houding en kritiek teenoor die bedrae wat op die Geheime Diens bestee is. Daar was dus nie eenstemmigheid in regeringsgeledere oor die noodigheid vir 'n geheime diens nie.

Ten spyte van die Kommandant-generaal se negatiewe houding teenoor die Geheime Diens het die Regering hoë prioriteit daaraan verleen. Die Uitvoerende Raad het baie tyd afgestaan om volledige verslae van agente aan te hoor. Ook is senior amptenare met die administrasie daarvan belas. T.A.P. Kruger wat as "confid.

Secretaris” verantwoordelik was vir die Geheime Diens se hantering in die Kommissaris van Polisie, D.E. Schutte, se kantoor het ‘n jaarlikse salaris van £500 ontvang. Die sekretaris van die kabinet, P.L.A. Goldman, wat die skakel tussen die Uitvoerende Raad en die Kommissaris se kantoor was, het eweneens ‘n senior salaris van £650 per jaar ontvang. Hierdie salarisse was gelykstaande aan die salaris wat die sekretaris, L.F. de Souza, in die Kommandant-generaal se kantoor ontvang het.¹ Die feit dat senior Staatsamptenare belas was met die administrasie en beheer van die Geheime Diens, het gedui op die belangrikheid van die afdeling.

Om die omvang van die Geheime Diens te kwantifiseer, is moeilik. Gedurende Februarie 1897 het die Eerste Volksraad die voorgestelde begroting vir die boekjaar 1897 hanteer. In die begroting is bedrae aangedui wat te make gehad het met die Geheime Diens. In afdeling 28 onder die opskrif “Commissaris van Politie” is £500 begroot vir die “Confidentieele Secretaris” verbonde aan die Kommissaris van Polisie se kantoor. Onder die afdeling “Speciale Uitgaven” is £30 000 begroot vir “Geheime Diensten” en £5 000 vir “Geheime diensten in verband met Dept. Comm. v. Politie”. Laasgenoemde bedrag was bedoel vir die Geheime Diens.

Die begroting van 1897, is soos reeds aangetoon, deur die Eerste Volksraad afgekeur. Die fortbouprogram in Pretoria se kostes, wat £158 337 bedra het, was ook op die Geheime Diensrekening aangedui. Dit het die saak verder gekompliseer. In die begroting van 1897 is daar in ‘n naskrif aangedui dat die werklike bedrag van £191 837 wat gedurende 1896 gespandeer is, ‘n bedrag van £158 337 vir “Speciale Governementswerken, Forten, Magazijnen enz.”² bestee insluit. Gedurende Januarie 1897 is die bedrag na die dienste-rekening van die Kommandant-generaal oorgeplaas.³ Dit het die geheime diensterekening in die regte perspektief geplaas. Tydens dieselfde vergadering het die Uitvoerende Raad goedgekeur “overbrenging van de post van £3 000 van geheime diensten op die van Commissaris van Politie”.⁴ Die Staatsekretaris, Leyds, het tydens die vergadering as motivering genoem dat die Kommissaris die bedrae van onderskeidelik £1 000 wat op 12 Februarie 1896, en £2

1 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, pp. 41-42, 308.

2 Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Volksraad de Z.A.R., 1897, p. 44.

3 Leydsargief, Band 679/680, Afskrif van Geheime Uitvoerende Raadsbesluit, 12.1.1897, p. 14 en TAB, URN(Geheim), Artikel no. 1, 12.1.1897.

4 TAB, URN (Geheim), Artikel no. 2, 12.1.1897.

000 wat op 23 November 1896 goedgekeur is, op die Geheime Diens bestee het.⁵ Op 2 Maart 1897 het die Uitvoerende Raad 'n bedrag van £5 000 goedgekeur uit geheime diensfondse vir gebruik deur die Kommissaris van Polisie "voor geheime doeleinden".⁶ Dit het gedui op die hoë premie wat die Uitvoerende Raad daarop geplaas het dat die Geheime Diens, onder beheer van die Kommissaris van Polisie, ongehinderd hulle werk moes voortsit.

Gedurende November 1898, is 'n verdere bedrag van £2 839-3-6, wat bedoel was vir uitgawes aangegaan te Fort Hendrina en Fort Schutte, vanaf die Geheime Diensrekening na die Kommandant-generaal se rekening oorgeplaas.⁷ As gevolg van 'n eie boekhoustelsel wat vir die Geheime Diens binne die Kommissaris se kantoor aangelê is, is dit moontlik om die Geheime Diens se uitgawes te onderskei. Die Begrotingskommissie het dan ook by die Eerste Volksraad aanbeveel dat 'n aparte kasboek vir die begrotingspos "geheime dienste" aangelê moes word waarin alle inkomstes en uitgawes aangeteken kon word.⁸

Indien die teenblaai van die "Kommissaris van Politie" se "Geheime Dienste Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99"⁹ opgesom word, kan die uitgawes van die Geheime Diens vir die jare 1896-1897 bepaal en in perspektief geplaas word. Dit wil voorkom of die "Chequeboek" meer die vorm van 'n betalingsteenblad met 'n ontvangbewys was. Die geheime agent wat die geld ontvang het, het die ontvangsbewys of kwitansie geteken sowel as die klerk in die Kommissaris se Kantoor. Kontant is ontvang en die "tjek" was bloot 'n bewys dat die geld ontvang is. Die teenblaai verskaf egter die name en bedrae wat aan geheime agente uitbetaal is.

Gedurende 1896 het die kommissaris se kantoor 'n totale bedrag van £2 096-4-0 aan 19 verskillende geheime agente uitbetaal. Hierdie geheime agente was: J.T. Bain, P. Botha, C. Daniell, L.B. Donovan, C. Edward, A.H. Evans, C.J. Goosen, P.G.W. Kruger, J.G. Malcolm, J.T. Neumann, A. Oliphant, F.W. Rhurhs, J. Roedema, C.

5 Leydsargief, Band 679/680, Afskrif van Geheime Uitvoerende Raadsbesluit, 12.1.1897, p. 13.

6 TAB, URN (Geheim), Artikel 2, 2.3.1897.

7 TAB, URN (Geheim), Artikel 32, 23.11.1898.

8 TAB, EVR, Band 145, Notule van die Eerste Volksraad, Artikel 1021, 24.8.1898, p. 143.

9 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Dienste Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99.

Ruiter, C.J. Sheppard, G.W. Taylor, W.D. van der Berg, P.G.Z. van der Bijl en F. White. Die bedrag het meer as verdubbel vir 1897 tot £5 311-5-0¹⁰ wat aan 33 verskillende geheime agente uitbetaal is. Hierdie bedrae was vir salarisse, reis- en verblyf- en telegraafkoste. Die totaal vir 1897 sluit nie 'n addisionele £1 000 in wat gedurende Junie 1897 aan die Staatsekretaris se binnelandse afdeling vir "geheime dienste." betaal is nie.¹¹ As die bedrag bygereken word, was daar meer as £6 000 vir 1897 uit die spesifieke rekening op die Geheime Diens uitgegee. Hieruit kan afgelei word dat die bedrag van £5 000 in die 1897-begroting onder "Speciale Uitgawe" as spesiale uitgawe vir "Geheime Diens" in verband met die Kommissaris van Polisie se kantoor, die begrote bedrag vir die Geheime Diens se uitgawe was.¹² Dit het beteken dat die Geheime Diens £1 000 meer as die begrote bedrag uitgegee het.

Die 33 geheime agente op wie die geld in 1897 bestee is, was: G.W. Adendorf, J.T. Bain, A.P. Bergman, J.N. Boshoff, P. J. Botha, C.J. Brummer, C. Daniell, J.P. de la Court Schröder, A.J. Dickens, L.B. Donovan, R.C. Emmet, L.S. Erwin, A.H. Evans, P.R. Ferreira, M. Geeringh, A.A. Heystek, J.W. Jackson, W.H. Jones, L.H. Ledeboer, J.G. Malcolm, A. Oliphant, F.E. Olivier, J. Roedema, A.A. Smith, G.W. Taylor, B. Theron, S.F. van der Merwe, A.A. Stoop, A. Vlotman, J. Waldeck, M.C. Weeber, F. White, G. v. Zweigbergh. Twee van hierdie agente, naamlik C.J. Brummer en L.H. Ledeboer, se name verskyn nie in die teenblaaie van die "chequeboek" nie. In die kasboek word wel aangedui dat bedrae aan hulle uitbetaal is vir "geh. dienste".¹³ Geen verslae wat hulle ingedien het, kom voor in die dokumentasie van die Kommissaris nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan wees dat die agente persoonlik aan die Kommissaris van Polisie gerapporteer het. 'n Verdere rede kan wees dat hulle gewone speurders was, wat uit die Geheime Diensfonds betaal is.

10 Die bedrag is opgemaak uit 'n bedrag van £5178-9-0 wat verkry is uit die "chequeboek" in die kommissaris se kantoor wat as 'n tipe kwitansieboek gedien het plus 'n bedrag van £132-16-0 wat verkry is uit die "kassaboek" in die kommissaris se kantoor wat ander geheime agente se name en uitbetalings bevat het.

11 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Diens Chequeboek, kwitansie no.137, 16.6.1897.

12 Notule der verrichtingen van den Hoog-edel Achtbaren Eersten Volksraad der Z.A.R., 1897, p. 44.

13 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst 1895-1899, p. 24.

Die uitgawes op die Geheime Diens het persentasiegewys meer verhoog as wat die aantal agente vermeerder het. Dit kan toegeskryf word aan agente wat toenemend vanaf 1897 in die buiteland aangewend is en derhalwe meer reis- en verblyfkostes as binnelandse operasies geveer het. Die Kommissaris se Kantoor het byvoorbeeld gedurende Januarie 1897, £30-15-0 bestee vir reiskostes aan Daniell vir 41 dae-, gedurende Junie £32-5-0 aan Schröder vir 43 dae- en gedurende Augustus £91-10-0 aan Adendorf vir 122 dae in die buiteland bestee.¹⁴

Die totale jaarlikse koste vir die aanwending van 'n geheime agent soos C. Daniell, vir buitelandse operasies gedurende 1897, word deur onderstaande tabel geïllustreer.¹⁵

Tipe kostes aangegaan: C. Daniell

Tydperk	Salaris	Reis- en verblyf	Ander kostes
Jan - Jun	£ 92-10-0	£ 80-2-6	£12-10-0
Jul - Des	£142- 0-0	£232-0-0	£71-15-0
	£234-10-0	£310-2-6	£74- 5-0

Die totale jaarlikse koste om 'n agent soos Daniell aan te wend, het dus £618-17-6 in 1897, beloop. Om 'n geheime agent voltyds in diens te hou, het dus meer gekos as die totale jaarlikse salaris wat 'n senior amptenaar soos T.A.P. Kruger verdien het. Daarom het die Uitvoerende Raad nie 'n ander keuse gehad as om toe te sien dat die Geheime Diens resultate lewer nie. Teen 'n maandelikse vergoeding van £25¹⁶, was sy jaarlikse salaris £300. Dit is minder as die helfte van die totale koste om Daniell as agent aan te wend. Die totale reis- en verblyfkostes van £310-2-6 was vir 'n totaal van ongeveer sewe maande wat Daniell afgebroke buite die ZAR se grense gespandeer het.

Reis- en verblyfkostes het die aanwending van agente in Suider-Afrika baie duur gemaak. Om die aanwending meer koste-effektief te maak, is Daniell nooit vir korter periodes as 'n maand na die buiteland gestuur nie. Aan die begin van 1897 is

14 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, pp. 12-18.

15 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Dienste Chequeboek, kwitansies no's 83 tot 232.

16 SP 902, Kassaboek Geheime Dienste, Inskrywing: "Jan 4 (1897) Aan Chas Daniell Sal Nov & Dec 96 a £25. £50," p. 12.

hy vergoed vir 41 dae wat hy in die Kaapkolonie deurgebring het. Gedurende Junie is hy vergoed vir 30 dae wat hy in die Kimberley omgewing gespioeneer het.¹⁷ In September is hy vergoed vir 104 dae se reiskoste na onder andere Rhodesië, en in Desember vir 'n verdere 32 dae in die buiteland.¹⁸

Die onderstaande tabel, wat slegs 'n uittreksel is uit die "Geheime Diensten Chequeboek"¹⁹ vir Augustus 1897, illustreer die omvang van sommige uitgawes vir 'n maand, vir hoofsaaklik buitelandse spioenasie:

Kwit. nr.	Datum	Aan wie betaal	Bedrag	Vir tipe diens
168	1.8.1897	J.T. Bain	£15-0-0	15/- per dag voor 20 dagen van 1. 20. Juli
173	11.8.1897	J. Boshoff	£40-0-0	Voorschot Geh. Diens
174	16.8.1897	G.W. Taylor	£166-1-6	werkelijke uitg spwg biljet enz voor 4 maanden reis Kimberley Mafeking enz.
176	16.8.1897	J.W. Jackson	£97-10-0	dag. toelage a 15/- dag 120 dagen.
179	15.8.1897	M.C. Weeber	£16-10-0	Werkelijke uitgaven trein tickets naar Kaapstad en terug
181	20.8.1897	G.W. Adendorf	£91-10-0	122 dagen reisk tegen 15/- per dag
182	20.8.1897	G.W. Adendorf	£30-5-6	Werkelijke uitgaven trein en boot-gelde naar Beira
184	23.8.1897	A. Vlotman	£72-8-0	Salaris over 20 Juni Juli en Aug 20
185	23.8.1897	A. Vlotman	£47-5-0	63 dagen reisk. 15/- p.d.
188	23.8.1897	J. Schroeder	£14-15-6	Werkelijke uitgaven trein biljetten
190	23.8.1897	J. Schröder	£50-0-0	Voorschot reis naar Kimberley
193	31.8.1897	R.C. Emmit per L. Botha	£90-0-0	Salaris £1 per dag van 26 Mei 97 tot 23 Aug 97.

Daar is in totaal 'n bedrag van £1 034-9-1 gedurende Augustus uit die Geheime diensterekening vir die aanwending van nege verskillende geheime agente betaal. Al die geheime agente in bostaande tabel, het hulself gedurende Julie-Augustus in die

17 SP 883, GCPM 524/97, Lêer: "Chas Daniell - Kimberley, Rappt re zijne bevindingen aldaar", 22.6.1897.

18 SP 903, Commissaris van Politie - Geheime Diensten - Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, Sien kwitansie nommers: 84 gedateer 4.1.97, 140 gedateer 19.6.97, 197 gedateer 30.9.97, 231 gedateer 17.12.97.

19 SP 903, Commissaris van Politie - Geheime Diensten - Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99.

buiteland bevind: J.T. Bain in die Ladysmith omgewing;²⁰ J. Boshoff het verslag gelewer uit Lourenco Marques;²¹ G.W. Taylor het homself in die Kimberley-Mafeking omgewing bevind;²² J.W. Jackson het hom ook in Kimberley bevind;²³ M.C. Weeber is in Kaapstad geplaas;²⁴ G.W. Adendorf het hom in Beira bevind;²⁵ A. Vlotman het uit Natal verslag gedoen;²⁶ J. de la Court Schröder hom ook dáár bevind;²⁷ en R.C. Emmet het in Vryheid diens gedoen.²⁸

Hierdie wydverspreide ontplooiing van agente bevestig Amery se stelling dat:

There were few towns or villages in South Africa where there was not an agent of the Transvaal.²⁹

Uit bostaande tabel kan afgelei word dat die buitelandse aanwending van agente die hoogste prioriteit geniet het. Dit toon ook aan dat ander uitgawes as salarisse, buitelandse aanwending 'n duur onderneming gemaak het. Reiskostes het gemiddeld 15/- per dag beloop. Geheime agente het hierdie geld as deel van hul maandelikse salaris ontvang. Hotelkoste in Lourenco Marques het tot £40 per maand bedra.³⁰ Dit is duidelik dat dit ongeveer £100 per maand beloop het om 'n geheime agent in die buiteland aan te wend. Erasmus het sy hoofkantoor laat weet dat die hotelkoste in Bulawayo £1 per dag beloop het, en die "cabhuur" 7/6 per rit gekos het. Hy bevestig wat ander geheime agente oor gekla het:

Als ek een maand te Bulawayo moest blyven zou ik myn geheele salaris moeten gebruiken behalve de verblyfkosten.³¹

-
- 20 SP 881, Verslag Bain - To the Commissioner of Police Pretoria, Ladysmith, 24.7.1897.
 - 21 SP 883, GCPM 590/97, Lêer: "Jacobus Lorencio Marques Rapporteer re zijne bevindingen aldaar," 4.8.1897.
 - 22 SP 883, GCPM 585/97, Lêer: "Josef Kimberley Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 1.8.1897.
 - 23 SP 880, Depositostrokke waar 'n bedrag te Kimberley gedeponeer is vir Jackson, 10.8.1897.
 - 24 SP 883, GCPM 591/97, Verslag Weeber - Commissaris van Politie, Kaapstad, 5.8.1897.
 - 25 SP 883, Verslag Adendorf - Secret. Dora Sindt, Beira, 11.6.1897.
 - 26 SP 883, GCPM 586/97, Lêer: "A. Vlotman Durban Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 3.8.1897.
 - 27 SP 884, GCPM 171/98, Lêer: "De la Court Durban. Rapporteer re zijne bevindingen in Natal", 24.8.1898.
 - 28 SP 883, GCPM 619/97, Lêer: "R.C. Emmet Vrijheid Zendt in rapport re zijne bevindingen aldaar", 23.8.1897.
 - 29 L.S. Amery, *The times history of the war in South Africa 1899-1902*, II, p. 84.
 - 30 SP 883, GCPM 562/97, Verslag Boshoff-Beukes, Lourenco Marques, 16.7.1897.
 - 31 SP 903, Skrywe Erasmus - Kommissaris van Polisie, Marico 4.7.1898.

Geheime agente het gemiddeld £30 per maand as salaris ontvang.³² Dit het dus driemaal 'n agent se salaris gekos, vir 'n maand se buitelandse diens.

In 1897 het die Uitvoerende Raad in totaal £31 500 vir “geheime dienste” en “geheime uitgawe” goedgekeur.³³ Dit was £1 500 meer as wat die oorspronklike begroting wat aangedui is vir 1897.³⁴ Die bedrag het ook bedrae ingesluit wat aan die Rydende Grenswag se bevelvoerders te Fort Hendrina en te Afdeling III, Soutpansberg, uitbetaal is. Luitenant G. du Toit van Fort Hendrina het gedurende Augustus 1897, 'n salarisstaat onder die opskrif “Geheime Dienst” by die Kommissaris se kantoor ingedien. Een blanke geheime agent G.A. Oelofse, en drie swart geheime agente, Mochenja Tui, Witbooi Deapo en Shilabi, se name kom daarop voor. Die vier se maandelikse salarisse het saam £33-16-8 bedra.³⁵ Gedurende Desember 1897 is 'n bedrag van £14-14-0 aan luitenant G.A. du Toit vir “geheime dienste” uitbetaal.³⁶

Om die omvang van die Geheime Diens se werksaamhede aan die begin van 1898 te bepaal, is 'n vergelyking met die Speurpolisie se getalsterkte relevant. Die Speurpolisie het uit 58 man bestaan met een hoofspeurder, 30 blanke speurders, drie klerke en 12 swart speurders te Johannesburg, drie blanke en 6 swart speurders te Pretoria en een blanke en twee swart speurders te Pietersburg.³⁷ Die Geheime Diens het vir dieselfde jaar, 1897, 30 geheime agente in diens gehad. In terme van getalsterkte was die Speurdiens dus dubbel die Geheime Diens. As in aanmerking geneem word dat die Speurdiens 'n volwaardige afdeling onder die Kommissaris se beheer was, dan was die Geheime Diens in vergelyking daarmee groot in omvang.

Aan die begin van 1898 was die ZAR se Geheime Diens, wat mannekrag en finansies betref, beter as sy Britse eweknie, die *Intelligence Division (ID)* daaraan toe gewees. Die eintlike Britse Geheime Diens, die *Secret Intelligence Department (SIS)*

32 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Dienste Chequeboek, Kwitansies no's 82 (4.1.1897) tot 238 (18.12.1897).

33 TAB, URN (Geheim), band 122, Artikels 4, 6, 8, 10, 11, 13, 15, 23, 29, 33, 34, 38, 42, 44, 45, 46, 49, pp. 31-38.

34 Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Volksraad der Z.A.R., 1897, p. 44.

35 SP 883, Skrywe van G. du Toit - Kommissaris van Polisie, Fort Hendrina, 26.8.1897.

36 SP 902, Kassaboek Geheime Dienste 1895-1899, p. 24.

37 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 312.

se tyd is deur spioenasie in Ierland in beslag geneem. Die afdeling het gevolglik feitlik geen bydrae tot enige inligting uit Suid-Afrika gelewer nie. Die werk is plaaslik deur die *Intelligence Division of the War Office* gedoen.³⁸

Saam met die *Director of Military Intelligence (DMI)* was slegs 18 offisiere aan die *Intelligence Division* in die periode 1896-1899 toegewys. Sewe afdelings het geressorteer onder die *DMI* waarvan "Section B" verantwoordelik was vir Suid-Afrika. In die periode 1896-1899 het die *ID* met tussenposes offisiere op "secret service" na Suid-Afrika gestuur:

The officers wore civilian clothes and posed as travelers as they went about their assigned missions - gathering topographical intelligence and furnishing information about roads, railroads, bridges, and other items of potential military concern. The true mission was not known... but their work was hardly that of the traditional spy. They traveled in civilian clothes mainly because the Colonial office was worried lest any friction be aroused by the Boers.... Yet it is highly unlikely that these officers went unnoticed by the excellent Boer intelligence network in South Africa.³⁹

Veral ná die Jameson-inval het die taak van die afdeling belas met Suid-Afrika toegeneem. Hulle het egter 'n gebrek aan fondse en mannekrag gehad. Die Koninklike Kommissie van Ondersoek het in 1903 'n verslag gepubliseer. Daarin is bevind dat die ZAR-regering in die drie jaar voor die uitbreek van die oorlog £286 000 op "secret service" gespandeer het, terwyl die *Intelligence Division* se begroting vir dieselfde tydperk £20 000 per jaar beloop het. Hiervan is ongeveer £2 000 jaarliks op Suid-Afrika gespandeer.⁴⁰ Amery beweer dat die *ID* se begroting op geheime diens £11 000 per jaar beloop het teenoor die *Transvaal Intelligence*

38 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 88.

39 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 111.

40 Cd 1790, Royal Commission on the war in South Africa, Minutes of evidence, vol. 1, pp. 216, 465.

Department se jaarlikse begroting van £90 000 en die Duitse uitgawe van £270 000 op geheime diens.⁴¹ Onder die opskrif “Enormous Expenditure” beweer Heyer dat:

According to Volksraad besluit £10 000 annually are granted for Secret Service; in 1893 £15 000... and in 1895 the sum doubled, while lately (Oktober 1899) the average expenditure annually amounts to something like £80 000, that is in toto, including espionage, financial considerations to the Free State, the Press, &c.⁴²

Feitlik alle bedrae wat in Britse dokumentasie of in geskifte deur tydgenootlike skrywers of latere historici genoem word, het die koste van die fortbouprogram, wat gedurende 1897 afgehandel is, ingereken as uitgawes deur die ZAR-regering op hulle Geheime Diens. As ‘n syfer van ongeveer £6 000 vir 1897 aanvaar word as die ZAR se spandering op geheime diens, teenoor die ongeveer £2 000 per jaar gespandeer deur die *Intelligence Division* in Suid-Afrika, het die ZAR-regering driemaal meer op intelligensiewerk uitgegee. Die ZAR se Geheime Diens het meer as 30 geheime agente in 1897 ontplooi. In die eerste ses maande van 1898, het die diens 12 verskillende agente aangewend.⁴³ Dit teenoor die 18 offisiere in totaal wat in diens was van die *Director of Military Intelligence (DMI)* in die periode 1896-1899. Dit het beteken dat die ZAR-regering ‘n baie groter netwerk van agente ontplooi het.⁴⁴ Die Britse regering het dus in daardie stadium meer staatgemaak op overte bronne vir inligting as wat hulle geheime agente of spioene ontplooi het. Hierdie overte bronne het bestaan uit amptelike publikasies van die ZAR, verslae van Britse offisiere gestasioneer in Suider-Afrika, veral in Natal en die Kaapkolonie, Britse amptenare veral Sir. W. Conyngham Greene in Pretoria, “Custom House” opgawes en Britse onderdane wat deur die ZAR en die Oranje-Vrystaat gereis het en waargeneem het.⁴⁵

41 L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa, II*, pp. 39, 84.

42 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p. 15.

43 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, Kwitansie nommers 239 - 276.

44 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 109.

45 *Ibid.*, p. 111.

Behalwe vir sommige geheime agente wat nog steeds in diens was, en ander wie se name nie in die Kommissaris se “chequeboek” voorkom nie,⁴⁶ is die volgende nuwe agente gedurende 1898 aangestel en aangewend: H.O. Basson, H.T. Bright, J. Busehinger, D. Campbell, F. de Witt Tossel, M.G. Erasmus, D.F. Faure, P.J. Marais, R.M. McKnight, J.R. Neilly, J.E. Poole, H.R. van Reyneveld, A. Sales, S.A. Smit, en P.J. van Vuuren Botha.⁴⁷ Saam met van die agente wat reeds in diens was, het die Kommissaris van Polisie se kantoor ‘n totaal van 22 verskillende geheime agente gedurende 1898, aangewend.⁴⁸ Alhoewel die aantal agente minder was as die aantal wat gedurende 1897 aangewend is, moet daaruit nie afgelei word dat die Geheime Diens se belangrikheid afgeneem het nie.

Deur ‘n natuurlike proses het die agente hulleself geselekteer. Sommige onbeholpe en onbekwame agente het van die toneel verdwyn. Knap en vernuftige agente soos J.T. Bain, D. Campbell, J. de la Court Schröder, M.G. Erasmus en R.M. McKnight het na vore getree. Vir minder kostes as vroeër, het hierdie agente meer professioneel en effektief geopereer en informasie van meer waarde verskaf. Ook het staatsprokureur J.C. Smuts stelselmatig in die eerste helfte van 1898 beheer oor die Geheime Diens begin kry, wat kon veroorsaak het dat agente vanweë die hoër standarde wat hy vereis het, moes bedank.

Gedurende September het die Uitvoerende Raad die “aanstelling van geheime agente om Staatsprocureur behulpsaam te kunnen zijn met onderzoek naar diverse zaken,” goedgekeur.⁴⁹ Alhoewel die agente se name nie genoem is nie, was dit waarskynlik D.F. Faure en R.O. Basson wie se name, vir die eerste keer gedurende die eerste twee weke van September, op die betaalstaat voorgekom het.⁵⁰

46 Die geheime agente wat nie in die “Commissaris van Politie Chequeboek” voorkom nie maar wel in die “Kassaboek” van sy kantoor is as volg: J.R. Neilly, W.H. Jones, en J.E. Poole.

47 SP 903, Commissaris van Politie Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, Kwitansie nommers 239 tot 322.

48 SP 903, Commissaris van Politie Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, Kwitansie nommers 239 tot 322.

49 TAB, URN(Geheim), Artikel 18, 9.9.1898.

50 SP 903, Commissaris van Politie Geheime Diensten Chequeboek, Kwitansie nommers 295 - 296, gedateer 5.9.1898 en 13.9.1898.

Die Uitvoerende Raad het by tien geleenthede gedurende 1898 in totaal £20 000 gemagtig vir “geheime uitgaven”.⁵¹ In Februarie, Oktober en November is onderskeidelik ‘n £1 000, £2 000 en ‘n £1 000 goedgekeur vir “geheime dienste” waarvan die eerste en laaste bedrae spesifiek goedgekeur is vir die Kommissaris se rekening en dus vir die Geheime Diens bedoel was. Die totale bedrag van £20 000 is nie vir die Geheime Diens nie, maar waarskynlik vir die bewapening en versterking van die forte te Pretoria⁵² en Johannesburg aangewend.⁵³

Die bewering van Amery dat:

(T)he Transvaal Intelligence Department was in 1898 spending £3 250 monthly on its secret service agents in Johannesburg, in the Cape and Natal, and in Engeland...⁵⁴

was dus ongegrond. Die totale besteding op “geheime uitgaven” en “geheime dienst” soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die Uitvoerende Raad tydens geheime sittings, het waarskynlik deur ‘n lekkasie joernaliste en tydgenootlike skrywers se ore bereik. Dit is moontlik dat die debat, wat gedurende Augustus 1898 in die Eerste Volksraad rondom die begrotingspos “geheime dienste” gevoer is, uitgelek het alhoewel dit ‘n geheime sitting was.⁵⁵ Engelse skrywers het moontlik alle bedrae wat goedgekeur is waarin die woord “geheim” voorgekom het, beskou as geld vir “secret service” en “secret service agents”.

Op ‘n agent soos De la Court Schröder is daar vir 1898 ‘n bedrag van £901-21-9 bestee. Van die bedrag het sy salaris £413-16-9 uitgemaak terwyl die restant van £488-5-0 vir reis- en verblyfkostes aangewend is.⁵⁶ ‘n Ander prominente agent soos M.G. Erasmus het teen die middel van 1898 ‘n staat ingedien waarvolgens sy totale kostes per maand, sy salaris ingesluit, £99-9-6 beloop het.⁵⁷ Selfs al sou al die geheime agente wat teen 1898 in diens was voltyds aangewend word, is die stelling

51 TAB, URN(Geheim), Artikel 1 gedateer 3.2.1898 tot Artikel 33 gedateer 23.11.1898.

52 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, pp. 51-53.

53 J. Ploeger, *Die Fort te Johannesburg in Militaria*, 5(3), 1972, pp. 29-30.

54 L.S. Amery, *The times history of the war in South Africa 1899-1902*, II, p. 84.

55 TAB, EVR, Band 145, Notule van die Eerste Volksraad, Artikel 1021, 1898, p. 141.

56 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Diens Chequeboek, kwitansienommers 314 - 315, gedateer 22.11.1898 en SP 902 Kassaboek Geheime Dienst, p. 26.

57 SP 903, Skrywe vanaf Erasmus vanaf Marico, 4.7.1898.

dat die Geheime Diens meer as £3 000 per maand op agente bestee het, nie geldig nie. Wat wel waar is van al die spekulasies, is dat die ZAR se diens met 'n paar ervare agente op die vooraand van die oorlog, gereed was vir sy taak en meer geld as die Britte op die insameling van inligting bestee het.

6.2 Die Eerste Volksraad se houding en gesindheid oor geheime fondse

Net soos in 1888 is daar in 1897 by twee geleenthede gedurende Februarie en in Julie en weer in 1898 in die Eerste Volksraad vrae gestel oor die aanwending van fondse vir "geheime dienste". Dat lede van die Eerste Volksraad agterdogtig was, is logies as gekyk word na die uiteensetting en woordgebruik in die voorlopige rapport van die Begrotingskommissie wat einde 1897 verskyn het. Daarin is groot bedrae onder die opskrif "Speciale Uitgaven" bloot net aangedui as "Geheime Dienste - £30 000" en "Geheime Dienste in verband met Dept. Comm. v. Politie - £5 000". As in gedagte gehou word dat aangedui is dat daar in 1896 slegs £60 000 begroot is en onder die kolom "werklike uitgawe 1896" aangedui word dat £191 837 gespandeer is op geheime dienste. Dit is logies dat vrae sou ontstaan het. Anders as by die ander begrotingsposte, waar daar baie detail aangedui is, is dit nie die geval met die begrotingspos "Speciale Uitgawe" nie.⁵⁸ Hierdie begroting het deel van die notules van die Eerste Volksraad gevorm en was dus ter insae van al die lede van die Eerste Volksraad. Alhoewel die bedrag van £158 337 aangewend is vir die fortbouprogram is die woordkeuse "geheime dienste" misleidend as in ag geneem word dat die woord "geheime dienste" ook gebruik is om die werklike Geheime Diens as 'n inligtingsarm van die staat aan te dui.

Gedurende Februarie het die lid vir Vryheid, L.J. Meyer, onder "Aan de orde post "Geheime Dienste" £30 000 - "⁵⁹ sy kommer uitgespreek oor die geweldige styging in die begrote bedrag van £10 000 na £30 000 en verder na £200 000. Hy wou weet of die bedrae goed bestee is. Na 'n verduideliking van die voorsitter, A. Wolmarans, dat 'n bedrag van £158 337 vir die bou van forte per abuis deur die Uitvoerende Raad as "Geheime Dienste" aangedui is, dat £3 000 aan die

58 TAB, EVR, Band 108, "Voorlopig rapport van de Begrootings-Commissie", 1897, p. 54.

59 *Ibid.*, p. 54.

Kommissaris van Polisie toegestaan is en £30 500 van die begrotingspos “Geheime Diensten” oorgebly het, is die begrotingspos met slegs twee teenstemme goedgekeur.⁶⁰ Die Engelstalige pers het ook berig dat die begrotingspos oor Geheime Diensfondse “provoked a considerable amount of discussion”.⁶¹

Met die bespreking van die volgende punt op die agenda van die Eerste Volksraad: “Aan de orde de post “Geheime Diensten”, in verband met department Commissaris van Politie £5 000”, wat eintlik die Geheime Diens se begrote fondse vir 1897 was, het ‘n probleem ontstaan weens die lid vir Vryheid, L.J. Meyer, se opmerking dat:

(D)e vorige post geklommen was van £10 000 tot £30 000; er waren £4 000 uitgegeven voor speurdienaars en nu weer stond hier £5 000 voor geheime diensten; dus te samen £39 000. Wellicht werd dat gedaan om deze groote som aan het oog van den Volksraad te onttrekken, daar anders het volle bedrag ad £39 000 had moeten vermeld worden. We moesten niet te liberaal zijn en zou spreker derhalve voorstellen, daar £30 000 voldoende moest zijn, dezen post te schrappen.⁶²

Hierdie voorstel van Meyer is met 13 stemme teen 12 aanvaar. Dit het die Kommissaris van Polisie sonder fondse vir die Geheime Diens vir 1897 gelaat. Die voorsitter van die Volksraad, Wolmarans, was in ‘n moeilike posisie om die tweede begrotingspos vir “geheime dienste” te verduidelik of bespreking toe te laat want dit sou die werksaamhede van die Geheime Diens in die openbaar in die gedrang bring. Dit is egter ook duidelik dat Meyer van mening was dat dit ‘n poging was om meer fondse vir die Speurdiens te bekom. Die Uitvoerende Raad het op sy beurt ook gefouteer deur die fortbouprogram onder die begrotingspos “geheime dienste” aan te dui. Die groot bedrae geld het agterdog gewek en die indruk begin skep dat iets vir die Eerste Volksraad weggesteek word.

Die Uitvoerende Raad, wat deeglik op hoogte was van die noodsaaklikheid, nut en waarde van die Geheime Diens, kon die afdeling nie sonder fondse laat nie aangesien fondse benodig is om meer as 30 agente in 1897 aan te wend. Die

60 TAB, EVR, Band 109, Notule van die Eerste Volksraad, 1897, Artikel 361, p. 122.

61 *The Star*, 20.2.1897, p. 7.

62 TAB, EVR, Band 109, Notule van die Eerste Volksraad, 1897, Artikel 363, pp. 122-123.

Uitvoerende Raad het die Eerste Volksraad se besluit omseil en reeds op 2 Maart 1897 magtiging verleen deur “een voorschot a £5 000 uit onse geheime diensten rekening aan Comm v. Politie, voor geheimen doeleindes” beskikbaar te stel.⁶³

Die stof het nie gaan lê rondom die omstrede geheime fondse nie. In Julie 1897 is die saak weer in die Eerste Volksraad bespreek. Wat die probleem gekompliseer het, was die feit dat dit nie ‘n toevallige vraag in die eerste Volksraad was nie, maar dat 26 memories vanuit die distrikte van Heidelberg, Middelburg, Pretoria, Utrecht, Krugersdorp en Ermelo met 881 handtekeninge ontvang is waarin hulle versoek het dat:

(A)an den EA. Eersten Volksraad in geheime zitting elk jaar een rapportzal worden voorgelegd van de gelden voor geheime diensten uitgegeven.⁶⁴

Sommige Volksraadslede was sterk gekant teen die geheimhouding waarmee die regering sy inligtingsdiens bedryf het. Van hulle was moontlik Joubert-ondersteuners. Ten einde hulle saak sterker te stel het hulle ondersteuners in die wyke wat hulle verteenwoordig het, moontlik aangehits om die regering oor die saak aan te spreek. Dit is ook moontlik dat die komende verkiesing in 1898 en die stryd tussen Joubert en Kruger ‘n rol gespeel het in die debat. Joubert het besuiniging in die land se finansies voorgestaan en het ook spesifiek kritiek teen die besteding van fondse op die Geheime Diens uitgespreek.⁶⁵ Joubert-ondersteuners, in die Eerste Volksraad, het waarskynlik vanaf Julie 1897 die kwessie van die Geheime Diensfondse in die aanloop tot die presidentsverkiesing op die voorgrond probeer druk. Hiermee het hulle gehoop om Kruger se kandidatuur te benadeel.

Die aanwending van geheime fondse en ‘n Geheime Diens wat daarmee saamgegaan het, was basies in botsing met die lewensbeskouing van die burgers van die ZAR wat geglo het dat die volk van alles moes weet. Verder het die burgers hulleself deur die Volksraad as die hoogste gesag gesien. Deur memories aan die Eerste Volksraad

63 TAB, URN (Geheim), Band 122, Indeks op Geheime Uitvoerende Raadsbesluite, Artikel no. 15, 2.3.1897, p. 33.

64 TAB, EVR, Band 118, Notule van die Eerste Volksraad, Artikel 674, 23.7.1897, pp. 158-159.

65 J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(1), 1957, pp. 170, 174.

te rig, het die volk as hoogste gesag sy gevoelens kenbaar gemaak.⁶⁶ Alhoewel veral die Uitvoerende Raad op daardie stadium op hoogte was vir die behoefte aan 'n geheime diens en die gepaardgaande geheimhouding of "moet weet"-beginsel wat daarmee saamgegaan het, het hulle en die Eerste Volksraad nie 'n keuse gehad as om die memories ter tafel te neem nie. Wat hierdie saak verder gekompliseer het, was die feit dat die kommissie, wat die saak ondersoek het, hulle vereenselwig het met die memorialiste se standpunt.

Die Uitvoerende Raad was alreeds deur die fase van bewuswording vir die behoefte aan 'n Geheime Diens onder andere omdat verskeie verslae van geheime agente aan die Uitvoerende raad voorgelê is. Al die lede van die Eerste Volksraad was heel waarskynlik nie bewus van hierdie behoefte nie. Die lede van die Uitvoerende Raad het ook besef deur in te veel detail binne die Eerste Volksraad oor die besteding van geld op "geheime dienste" te redeneer, die Geheime Diens as 'n klandestiene staatsinstelling ontbloot kon word en sy nut en bestaansreg sou verloor.

Die lid van Krugersdorp, J.L. van Wijk,⁶⁷ het pas nadat die punt aan die orde gestel is, gewaarsku dat die verslag van die Begrotingskommissie oor die Geheime Diens se fondse nie in die openbaar bekend gemaak kon word nie:

(O)mdat daardoor de Staat in gevaar gesteld zou kunnen worden.⁶⁸

Uit die debat het dit geblyk dat dit in wese vir sommige lede van die Eerste Volksraad daaroor gegaan het dat indien die Uitvoerende Raad en Begrotingskommissie nie vertrou kon word met die aanwending van die fondse nie, die pos geskrap moes word. Ander lede het geargumenteer dat die staat se veiligheid in gedrang sou kom as die aanwending van die fondse in die Volksraad bespreek word.⁶⁹

66 W.A. Kleynhans, *Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die rol van Memories*, p. 34.

67 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, "Eerste Volksraad", p. 37.

68 TAB, EVR, Band 118, 1897, Notule van die Eerste Volksraad, p. 160, 23.7.1897.

69 Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, 1897, pp. 432-439.

Dat van die lede van die Eerste Volksraad besef het dat geheime agente se veiligheid ter sprake was indien die saak in die openbaar bespreek sou word, blyk uit die waarskuwing van die lid vir Marico, D.J. Louw:⁷⁰

(V)eronderstellende het bekend gemaak werd voor welke geheime diensten een speurdienaar beloond was geworden, dan zou de man daarvoor misschien een ellendig leven krijgen en wellicht niet meer veilig zijn.⁷¹

Van die Volksraadslede, soos die lid vir Pretoria, S.P. Erasmus, was nie ten gunste daarvan dat daar in detail aan die Eerste Volksraad verslag oor die besteding van fondse gedoen moes word nie. Die Begrotingskommissie se verduideliking moes aanvaar word.⁷² Lede het ook geargumenteer dat daar 'n risiko was dat van die staat se geheime kon uitlek indien die saak binne die Eerste Volksraad bespreek word. Die voorsitter van die Volksraad, F.G.H. Wolmarans het daarop gewys dat daar al selfs 'n lekkasie binne die Uitvoerende Raadskantoor plaasgevind het want:

Schaars is er eene geheime zaak behandeld op het Uitvoerende Raadskantoor, of de couranten spreken er al over.⁷³

Een van die lede, Tosen (Piet Retief), het daarop gewys dat indien die Eerste Volksraad nie die Uitvoerende Raad met die magtiging van uitgawes vir "geheime dienste" kon vertrou nie, daar ander persone verkies moes word.⁷⁴

Die vrees van lede vir 'n lekkasie en die gevolge wat dit vir staatsveiligheid sou hê, is deur die lid vir Wolmaransstad, S.P. du Toit⁷⁵ verwoord:

(W)e zouden in groot moeilykhede geraken, wanneer de geheimen in verband met den post "Geheime Diensten" uitlekten.⁷⁶

70 Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898: "Eerste Volksraad", p. 37.

71 Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek 1897, p. 433.

72 TAB, EVR, Band 118, Notule van die Eerste Volksraad, p. 161. Art. 674, 23.7.1897.

73 TAB, EVR, Band 118, Notule van die Eerste Volksraad, p. 163. Art. 674, 23.7.1897.

74 TAB, EVR, Band 118, Notulen van den Eerste Volksraad der Z.A. Republiek 1897, p. 165. Art. 674, 23.7.1897.

75 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, "Eerste Volksraad", p. 37.

76 TAB, EVR, Band 118, 1897, Notule van die Eerste Volksraad, p. 164. Art. 674, 23.7.1897.

Vir die voorsitter van die Volksraad, F.G.H. Wolmarans, was dit vreemd dat daar vrae ontstaan het oor die begrotingspos van £30 000 vir “geheime dienste” terwyl die Raad in die verlede tevrede was met die Begrotingskommissie se verslae oor die besteding van miljoene ponde. Alhoewel hy self verklaar het dat dit waarskynlik te make het met die menslike natuur wat eerder graag na geheime luister, was die risiko te groot in hierdie geval.⁷⁷ P.J. Schutte (Potchefstroom)⁷⁸ het goeie insig getoon rondom die regverdiging vir die gebruik van fondse op onder andere ‘n geheime diens en het die Volksraad ingelig dat:

Er is geen Staat of hij heeft zijne geheimen... en we waren meer
omringd door vijanden dan door vrienden.⁷⁹

Een van die sake, wat aanleiding tot die memories gegee het, was die feit dat van die burgers wou weet waarom die begroting vir “geheime dienste” oorskry is. Een van die Volksraadslede vir Pretoria, A.D.W. Wolmarans, het daarop gewys dat al die lede van die Raad:

(N)iet zoo goed op hoogte is geweest want de Begrootings-Commissie heeft in 1897 gerapporteerd dat in plaats van £60 000 voor geheime dienste, £191 857 is uitgegeven doch in een voetnoot van haar rapport had de Commissie gezegd, dat van de geld £158 337 was besteed aan forten, magazijnen enz., en dat afgetrokken van de £191 837 bleef £33 560 is uitgegeven geworden.⁸⁰

Die feite van die saak was dat van die £33 560 daar slegs ongeveer £6 000 op salarisse en reis- en verblyfkostes van geheime agente bestee is. Dit is duidelik dat ander faktore as net blote onkunde aan die kant van sommige lede van die Eerste Volksraad, die Geheime Diens se begroting in die gedrang gebring het. Die voorsitter het die saak opgesom en gesê dat die Volksraad een van twee keuses het naamlik om of die “Regeering” te vertrou en die geld vir “geheime dienste” in hulle hande te laat en sodoende die “Staat” se geheime te hou. As hulle nie met die

77 TAB, EVR, Band 118, 1897, Notule van die Eerste Volksraad, p. 167. Art. 674, 23.7.1897.

78 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, “Eerste Volksraad”, p. 37.

79 ZAR, Notulen van den Eerste Volksraad der Z.A. Republiek, p. 434. Art. 674, 23.7.1897.

80 ZAR, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, p. 437. Art. 674, 23.7.1897.

fondse vertrou kon word nie, moes die begrotingspos “geheime dienste” geskrap word.⁸¹

Die uiteinde van die debat in die Eerste Volksraad was dat ‘n voorstel van A. Wolmarans met 17 teen 9 stemme aanvaar is met die strekking dat die Volksraad:

(Z)ich niet te vereenigen met de aanbeveling van de meerderheid der Commissie, doch zich met de opinie van de minderheid der Commissie en besluit memorialisten dienovereenkomstig te doen antwoorden.⁸²

Hierdie was ‘n positiewe besluit ten gunste van die aanwending van fondse vir geheime dienste en die aanvaarding van die beginsel van geheimhouding waar die staat se veiligheid op die spel was. Die voorsitter, F.G.H. Wolmarans, het nadat die voorstel aanvaar is, bevestig dat hy die Uitvoerende Raad in die aanwending van die fondse ten volle vertrou het. Van die ander lede het gesê dat daar geen wet was wat ‘n lid van die Eerste Volksraad verbied het om insae in die aanwending van geheime fondse te verkry nie.⁸³

Die hele kwessie rondom die openbaarmaking van die begrotingspos “geheime dienste” wou net nie gaan lê nie, want gedurende Augustus 1898 is die debat rondom die fondse vir “geheime dienste” tydens ‘n geheime sitting in die Eerste Volksraad vir ‘n volle twee dae voortgesit.⁸⁴ In wese het die debat weer daaroor gehandel of die begrotingspos in die Eerste Volksraad bespreek moes word en of die lede genoeg vertrou in die Uitvoerende Raad het om die fondse aan te wend. Die lid vir Piet Retief het geargumenteer dat as die Uitvoerende Raad nie met £30 000 vir geheime dienste vertrou kon word nie, hoe kan hulle met die totale staatsuitgawes van £4 000 000 vertrou word.

Die voorsitter, Wolmarans, het daarop gewys dat nuuskierigheid een van die hoofoorsake was vir vrae rondom die aanwending van geheime fondse. Louw (Marico)⁸⁵ het daarop gewys dat die saak in die verlede al voldoende bespreek is en

81 ZAR, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, p. 436. Art. 678, 23.7.1897.

82 ZAR, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, 1897, p. 439. Art. 678, 23.7.1897.

83 *Ibid.*, p. 439.

84 TAB, EVR, Band 145, Notule van die Eerste Volksraad, 1898, pp. 145-161. Art. 1025, 26.8.1898.

85 ZAR, Staatsalmanak voor de Z.A. Republiek, 1898, p. 37.

dat hy nog geen navraag van enige lid van die publiek in sy distrik gehad het rondom die aanwending van die fondse nie.⁸⁶

Die lid vir Barberton, R.K. Loveday, wat nog altyd teen die begrotingspos “geheime dienste” gekant was, het besondere insig getoon en het die doel van die Geheime Diens tydens die debat soos opgesom:

(H)et doel van de “Geheime Diensten” (was) om met het oog op die toekomst informatie in te winnen omtrent omliggende Staten en Koloniën, en daarvoor personen in dienst te nemen.⁸⁷

Hierdie opmerking het getoon dat daar ten spyte van groot geheimhouding oor die werksaamhede van die Geheime Diens tog kennis en insig oor die taak van die diens by sommige Volksraadslede bestaan het. Loveday het die Geheime Diens heeltemal korrek as ‘n ondersteuningsfunksie binne die ZAR se regeringsstelsel vir die insameling van inligting gesien. Hierdie inligting was nodig vir die regering vir beleidsformulering en om ingeligte besluite te neem oor sekere sake.⁸⁸ Volgens Loveday-inligting was van die geheime fondse aangewend ter ondersteuning van koerante wat die regering goedgesind was. Indien dit so was dat koerante uit die fondse gesubsidieer is, het dit beteken dat die Geheime Diens nie aan sy doel beantwoord het nie.⁸⁹ Een van die koerante waarna hier verwys is was die *Standard and Diggers’ News*.⁹⁰ Die lid vir Utrecht, J.H. Labuschagne,⁹¹ wat die insinuasie gemaak het is heftig deur die *Standard and Diggers’ News* gekritiseer vir sy roekelose stelling. Die koerant het ook ontken dat hulle enige sodanige fondse van die Geheime Diens ontvang het.⁹²

Dit wil voorkom of die feit dat die begrotingspos vir geheime diens met £23 000 oorskry was, deels bygedra het dat die hele kwessie weer op die voorgrond gedruk

86 TAB, EVR, Band 145, Notule van die Eerste Volksraad, 1898, pp. 145-161. Art. 1025, 26.8.1898.

87 Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, Artikel 1028, 26.8.1898, p. 741.

88 H.J. Benade, Die strafregtelike aspekte van spioenasie, (D. Legum, UNISA, 1990), p. 58.

89 Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, Artikel 1028, 26.8.1898, p. 742.

90 *Standard and Diggers’ News*, 26.8.1898, p. 4.

91 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid Afrikaansche Republiek, 1898, p. 37.

92 *Standard and Diggers’ News*, 26.9.1898, p. 3.

is en die algemene publiek agterdogtig begin raak het oor die fondse se aanwending.⁹³

Loveday het die debat verder gevoer en gesê dat daar nie in alle lande geheime dienste bestaan nie, maar dat in die lande waar daar wel so 'n diens bestaan, klein bedrae geld daarop bestee word. Daarna het hy die bestaansreg van 'n geheime diens in die ZAR bevraagteken:

De kwestie was of in deze Republiek geheime diensten al dan niet noodig waren en volgens Zijne opinie niet, want er waren zoovele vertrouwbare amptnaren en vertegenwoordigers in de verschillende districten, dat op zijn uiterst £5 000 noodig zouden zijn, doch niet £60 000 zooals thans. Er was beweerd, dat geld gebruikt werd om geheime agenten aan te stellen, doch werden ze voor andere doeleinden gebruikt, dan kon spreker dat niet goedkeurd.⁹⁴

Loveday se ramings was in die kol. Sy opmerking dat daar genoeg staatsamptenare oor al die distrikte versprei was om die Kruger-regering van inligting te voorsien, bewys dat hy onbewus was dat geheime agente alreeds op groot skaal in die buurstate geopereer het.

Nietemin het die voorsitter van die Volksraad, F.G.H. Wolmarans, daarop gewys dat die ZAR nie soos dit die geval met groot Europese moondhede was, oor 'n groot weermag beskik het om oor die land se veiligheid te waak nie. Die ZAR was swak en klein en moes op elke moontlike wyse beskerm word. Daarom het die regering fondse beskikbaar gestel wat vir doeleindes aangewend moes word tot voordeel van die staat se veiligheid. Hiermee het hy bedoel dat 'n geheime diens een van die metodes was om die staat se veiligheid te waarborg.⁹⁵

Waaroor die Eerste Volksraad in die periode 1897-1898 in werklikheid gedebatteer het, was die beginsel vir die nodigheid van die bestaan, asook befondsing, funksionering en beheer oor 'n geheime diens in die ZAR. Omdat die ZAR op

93 TAB, EVR Band 132, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, p. 146. Artikel 1025, 25. 8.1898.

94 ZAR, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, p. 743. Art. 1028, 26.8.1898.

95 ZAR, Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek, p. 744. Art. 1028, 26.8.1898.

daardie stadium nie uit 'n homogene bevolking bestaan het nie, kon daar kwalik eenstemmigheid kom oor wat in nasionale belang was, en daarom sou daar binne die Eerste Volksraad asook binne die Tweede Volksraad nie eenstemmigheid wees tot watter mate die ZAR as 'n staat se veiligheid bedreig is nie.⁹⁶ Verder was die hoofrolspeler in die beskerming van die ZAR op krygsgebied, die Kommandant-generaal, ook die befondsing van die instrument vir staatsbeveiliging - 'n geheime diens - negatief gesind. Dit het die hele debat rondom die Geheime Diens verder bemoeilik.

Die Engelstalige pers het ook tot die debat toegetree en die nodigheid vir 'n geheime diens en spioenasie in die ZAR bevraagteken. Volgens 'n berig in *The Star* met die opskrif "Spies" is beweer dat daar geen nodigheid vir vroeë waarskuwing bestaan het nie en dat:

The employment of an army of Secret Service agents is foolish, wasteful and ridiculous.⁹⁷

Volgens 'n koerant soos die *Standard and Diggers' News* het alle state oor 'n geheime fondsrekening beskik en was dit in beginsel nodig en aanvaarbaar. Die koerant het egter ook die volgende mening gehuldig:

(W)e believe that the state of opinion and feeling throughout South Africa is such as to render the greater part of the secret service unnecessary. It is also clear that many of the minor agents invent mischief for the sole purpose of proving the necessity of their own office and of their own appointments.⁹⁸

Alhoewel die Eerste Volksraad in beginsel met 'n meerderheid van stemme besluit het dat 'n geheime diens nodig was, is dit duidelik dat daar geen eenstemmigheid in die algemeen bestaan het ten opsigte van die eie nasionale waardes van die staat en sy inwoners wat deur so 'n diens beskerm moes word nie. Die bespreking van die Geheime Diens se begrotingspos in die Eerste Volksraad en die pers se beriggewing daaroor, het beslis die Geheime Diens onnodiglik in die kollig geplaas. Alhoewel

96 H.J. Benade, Die strafregtelike aspekte van spioenasie, (D. Legum, UNISA, 1990), p. 28.

97 *The Star*, 26.8.1898, p. 4.

98 *The Standard and Diggers' News*, 26.8.1898, p. 3.

min detail oor die staatsinstelling in die hele proses beskikbaar geword het, het niemand meer getwyfel oor die bestaan van die ZAR se Geheime Diens nie.

6.3 Die identifisering van Britse spioene deur die Geheime Diens

Die ZAR-regering se eie inligtingspoging sou van min waarde wees as die staat se beplanning deur middel van spioenasie aan die Britse regering bekend sou word. Hierdie inligtingbeskermingstaak van teenspioenasie,⁹⁹ het behels dat persone geïdentifiseer is wat direk of indirek vir die Britse regering gespioeneer het. Die Geheime Diens se agente het alreeds teen die einde van 1896 teenspioenasie as 'n normale deel van hulle taak begin toepas.¹⁰⁰

Die *Intelligence Division* het in die periode 1896-1899 verskeie verslae ingehandig wat handel het oor die militêre voorbereidings van die ZAR se weermag, die potensiële getalsterkte van die Boeremagte, die politieke verhouding tussen die ZAR en die Oranje Vrystaat en die offensiewe planne van die ZAR-magte. Gedurende Junie 1896 het majoor E.A. Altham 'n inligtingsverslag oor die situasie in Suid-Afrika ingedien. In die verslag het hy reeds daarop gewys dat "if hostilities break out, the two Boer States may make a dash at Natal."¹⁰¹

Gedurende Oktober 1896, het sir John Ardagh, wat vanaf 1 April 1896 in die pos as *Director Military Intelligence* aangestel is,¹⁰² 'n omvattende verslag ingedien oor die politieke sowel as militêre vooruitsigte in Suid-Afrika.¹⁰³ In dieselfde trant as die Geheime Diens se agente, het hy sterk klem gelê op die verskillende opsies in geval oorlog uitbreek.

Net soos in die geval van die Geheime Diens was daar gedurende 1897 'n merkbare toename in verslae en aktiwiteite van die *Intelligence Division* rondom Suid-Afrika. Sir John Ardagh het bewyse gevind van voorbereidings vir oorlog:

99 L.D. Barnard, Nasionale intelligensiewerk in internasionale verhoudinge, C.R. Swart-lesing no. 16/1983, UOVS, Bloemfontein, 1983.

100 SP 882, GCPM 191/96, Verslag Daniell - D. Schutte Commissioner of Police, 13.11.1896.

101 Cd. 1789, Report of the Royal Commission on the War in South Africa, 1903, p. 162.

102 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 104.

103 Cd. 1789, Report of the Royal Commission on the War in South Africa, 1903, p. 163.

(I)n a memorandum... to the Commander-in-Chief on the 15th April, 1897, it was brought to notice that there was evidence that the Transvaal Burghers were preparing for war, and would assume the offensive when war came....¹⁰⁴

Die Britse Minister van Kolonies, Joseph Chamberlain, het gedurende April 1897 in 'n skrywe sy waardering uitgespreek teenoor die *DMI*, vir waardevolle inligting wat sy kantoor ontvang het. Hy het veral verwys na die inligting ten opsigte van grootskaalse bewapening waarmee die ZAR regering besig was.¹⁰⁵ Dit sou nie moontlik gewees het vir die *ID* om sulke waardevolle inligting te verskaf, as die afdeling nie agente in Suid-Afrika geplaas het nie.

Net soos Joubert wat nie oorlog as 'n moontlikheid wou aanvaar nie, is sekere verslae van die *DMI*, wat 'n oorlogstrekking bevat het, in 'n gewysigde vorm aan die Britse kabinet voorgelê.¹⁰⁶ Daar was dus aan beide Britse- en Boerekant, 'n neiging om die *Intelligence Division* en die Geheime Diens se aanduidings op 'n komende oorlog, af te water.

Dat die *ID* ook met inligtinginsameling besig was, ly geen twyfel nie. Die vraag is of die Geheime Diens van hierdie klandestiene aktiwiteite bewus was, iets wat moeilik is om te verklaar. Reeds gedurende November 1896 het Daniell uit Pretoria berig dat hy 'n vermoede op 'n ene Thirst het. Volgens hom het die persoon, wat homself voorgedoen het as 'n "short hand writer", verdag voorgekom. Daniell het vermoed dat die persoon as 'n spioen in diens van die *Chartered Company* was.¹⁰⁷

Die *Chartered Company*, wat vanaf 1894 oor 'n eie polisiemag en troepe beskik, het wapenaankope gedoen¹⁰⁸ en heel moontlik ook oor 'n gepaste intelligensiediens beskik. Die *Chartered Company* het soms gedien as 'n instrument van die Britse Ryk,¹⁰⁹ en hulp met spioenasie of inligtinginsameling sou nie uitgesluit wees nie. Voor die Jameson-inval het 'n sekere Victor Erfurt "destijds geheime Secretaris van

104 *Ibid.*, p. 163.

105 *Ibid.*, p. 163.

106 P. Gudgin, *Military intelligence: The British story*, p. 33.

107 SP 882, GCPM 191/96, Verslag Daniell - D. Schutte Commissioner of Police, 13.11.1896.

108 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog*, I, pp. 332-333.

109 A. Keppel-Jones, *Rhodes and Rhodesia: The white conquest of Zimbabwe 1884-1902*, p. 117.

Cecil Rhodes”¹¹⁰ in Rhodes se diens gestaan. Die feit dat Rhodes só ‘n persoon in diens gehad het, kon op die bestaan van ‘n netwerk van spioene gedui het.

‘n Ander knap geheime agent, Taylor, *alias* Josef, het uit Kimberley berig dat ‘n sekere Davison hom meegedeel het dat hy in die “secret service of the English Government” se diens was.¹¹¹ Die dokumentasie wat hy aan hom gedra het, het Taylor se vermoede verder bevestig. Davison was ‘n lid van die *Royal Fusiliers Regiment* en Taylor het ‘n detail beskrywing van die persoon gegee.

In ‘n redelik omvattende verslag wat Schröder gedurende Desember 1897 ingestuur het, het hy Britse spioenasie-aktiwiteite op die wesgrens ontbloot.¹¹² Schröder het die Kommissaris daarop gewys:

Dan meende ik goeden grond te hebben tot de vermoeding, dat er vele Britsche geheime agenten in de westergrens distrikten rondzwerven. Wanneer men de handelingen van deze verdachte personen gadeslaat, dan wordt men er heen gedreven door het bewustzijn dat te Mafeking of elders een onderduimsch spel wordt gespeeld.¹¹³

Schröder het ‘n vermoede gehad dat ‘n sekere E.F. Austin, te Ottoshoop, as ‘n spioen in diens van die *Chartered Company* was. Sy vermoedens is bevestig deurdat Austin telegramme in kode of in geheime skrif aan ‘n sekere “Tom Spear” in Bulawayo gestuur het. Schröder het gepoog om te ontrafel wat vir hom as ‘n komplot voorgekom het. Volgens hom het dit na verraad gelyk. Dit was moontlik dat die *Chartered Company* hulle spioene beskikbaar gestel het aan die Britse regering se *Intelligence Department*. Die samewerking tussen Rhodes en Chamberlain was nie baie goed nie. Dit was egter nie die geval met Milner nie. Tydens die amptelike opening van die spoorweg oor die Zambesi gedurende 1898, het hulle saamgestem dat die Kruger-regering tot ‘n val gebring moes word.¹¹⁴

110 SP 881, Verklaring afgelê deur F. Higgenson, Pretoria, 19.5.1899, p. 1.

111 SP 883, GCPM 574/97, Taylor (Josef) - D.E.Schutte Commissioner of Police, Kimberley, 22.7.1897.

112 SP 883, GCPM 722/97, Verslag Schröder - Commissaris van Politie, 6.12.1897.

113 *Ibid.*, p. 2.

114 D.W. Krüger, *Paul Kruger 1883-1904*, II, p. 225.

‘n Britse offisier, Kaptein Goodyear, wat ‘n voormalige burgemeester van Mafeking was, het, volgens hom, ‘n dubbele rol gespeel. Tydens die Jubileum-feesvieringe was hy vol bewondering en patriotisme ten opsigte van die Britse Ryk en het skielik simpatiekgesind teenoor die ZAR-regering se saak geword. As geheime agent het Schröder baie fyn opgelet na Goodyear se bewegings. Die feit dat hy voorheen brandarm was en nou skielik “leeft als een gentleman,” het hom verdag gemaak. Verder het hy snags geheime vergaderings saam met agente van Cecil John Rhodes bygewoon, in die kantoor van ene Schuller, die agent van die *Lennons Malmani Gold Estates*. Hy het ook voortdurend heen en weer tussen Krugersdorp en Ottoshoop op die wesgrens gereis. Schröder was waarskynlik reg in sy opvatting dat kaptein Goodyear ‘n spioen was. Weens beperkte fondse en mannekrag het die *Intelligence Divison* van plaaslike lojale persone as insamelaars gebruik gemaak.¹¹⁵

Hy het ook twee verdere persone as moontlike spioene geïdentifiseer. Die een was D.P. Clark, wat voortdurend gereis het tussen Lichtenburg, Rooigrond, Mafeking en Matabeleland. Verder het ‘n sekere Ludwig Papenfus, wat homself as ‘n “transport offisier” voorgedoen het, aan die wesgrens rondbeweeg om die plaaslike bevolking se gemoedstemming te bepaal.¹¹⁶

Hierdie verslag van Schröder het ten minste indruk op die Uitvoerende Raad gemaak, want opdrag is aan die Kommissaris gegee om verdere inligting rondom Goodyear en Clark in te win.¹¹⁷

6.4 J.C. Smuts aangestel as Staatsprokureur

In Junie 1898 is J.C.Smuts as Staatsprokureur van die ZAR, teen ‘n salaris van £2 250 per jaar, aangestel. Die bejaarde Paul Kruger en die jeugdige Smuts het ‘n besondere goeie verhouding van wedersydse respek en vertroue gehad.¹¹⁸ Alhoewel

115 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 111.

116 SP 883, GCPM 722/97, Verslag Schröder - Kommissaris van Politie, 6.12.1897.

117 SP 883, GCPM 722/97, Lêeromslag met aantekeninge: “Waarn. sekretaris - Kommissaris van Politie”, 7.12.1897.

118 S.B. Spies en G. Nattrass (Reds.), *Jan Smuts Memoirs of the Boer War*, p. 23.



Fig. 9: J.C. Smuts is in Junie 1898 aangestel as Staatsprokureur. Smuts het die Geheime Diens se beheer by die Kommissaris van Polisie oorgeneem. Bron: J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, pp. 96-97.

Smuts as Staatsprokureur nie lid van die Uitvoerende Raad was nie, het hy as die liggaam se regsadviseur opgetree.¹¹⁹ Hy het net 18 maande die amp van Staatsprokureur bekleed voordat die oorlog uitbreek het. In die tyd het hy 'n reus bydrae gelewer wat hom 'n ereplek in die geskiedenis van die ZAR sou gee. Hy het ook vanuit die staanspoor 'n groter belangstelling in die doen en late van die speurdiens getoon.¹²⁰ Mettertyd het hy in beheer van die Geheime Diens gestaan.

Smuts was aan die begin van 1897 al verbind met die Geheime Diens en is daardeur onder verdenking gebring. In 'n skrywe aan J.H. Hofmeyr het hy genoem dat hy in die pers beskuldig is:

Ik ben met fondsen uit den geheime dienst alhier gezonden naar de
kolonie door Dr Leyds

en

Ben vroeger in betaling van Rhodes geweest.¹²¹

Die implikasie was dat Smuts indirek daarvan beskuldig is dat hy die rol van 'n dubbelagent gespeel het. Hy was hewig ontsteld oor die bewerings gewees en het dit oorweeg om die redakteur van *The Transvaal Critic*, Leopold Hess, vir naamskending te dagvaar. In daardie stadium het Smuts nog 'n regspraktyk in Johannesburg bedryf, alhoewel hy al in die politiek betrokke was.¹²²

Die bewering in die koerant het daarop gesinspeel dat Smuts na die Kaapkolonie gestuur is om die ZAR-regering se standpunt aan die Kaapse Afrikaners oor te dra. In 'n nota in sy handskrif het Smuts onder andere die volgende waarskynlik uit *The Transvaal Critic* oorgeskryf:

Surely with the unlimited Secret Service money at command better
methods might have been employed to attain the ends those who control

119 H. Grobler, The "Young Afrikaners": Jan Smuts and Piet Grobler during the months of storm and stress (January - October 1899), in *Historia*, 44(1), Mei 1999, p. 86.

120 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975. p. 244.

121 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers*, I, p. 148.

122 N. Levi, *Jan Smuts*, p. 35.

the fund have in view... and the money which have been spent on it might have been chucked away.¹²³

Smuts het dus voordat hy nog in diens van die staat was, alreeds 'n voorsmakie gekry van die media se negatiewe rapportering oor die Geheime Diens. Veral die feit dat die Geheime Diens onbeperkte fondse beskikbaar gehad het, het hier weer na vore gekom.

Smuts het ook 'n Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, aangestel.¹²⁴ Hy het ook van die begin af die Kommissaris van Polisie tot groter doeltreffendheid in sy pos aangespoor. Meer inspeksies is uitgevoer op speurdienskantore en lede van die afdeling wat nie hulle werk gedoen het nie, is aangespreek.¹²⁵

Die Geheime Diens het egter eerder by die Kommandant-generaal tuisgehoort, (vanweë die naderende oorlog), as by die Staatsprokureur. Joubert se negatiewe houding teenoor die diens het veroorsaak dat Smuts as Staatsprokureur teen die middel van 1899 beheer oor die Geheime Diens gekry het. Smuts het die vertroue van president Kruger gehad. Hy het ook soos dit die geval met Leyds en P.G.W. (Piet) Grobler was, 'n groot invloed op die President gehad. In die spesifieke omstandighede was dit van groot belang dat die persoon wat aan die hoof van die staat se Geheime Diens gestaan het, die President se ondersteuning en vertroue gehad het. Dit kon beteken dat die Geheime Diens se bevindinge en aanbevelings gewig binne die Uitvoerende Raad kon dra. Dit was juis op 'n tydstip dat J.S. Smit, Kommissaris van die ZASM, wat soms Uitvoerende Raadsvergaderings *ex officio* bygewoon het, president Kruger daarvan beskuldig het dat hy outokraties binne die Uitvoerende Raad optree. Dit was slegs Schalk Burger wat soms vir Kruger teengegaan het. Beide kommandant-generaal Piet Joubert en staatsekretaris F.W. Reitz het min invloed op die President gehad. President Kruger het dus toenemend op Smuts en P.G.W. Grobler gesteun vir advies.¹²⁶ Uit 'n Geheime Diensoogpunt kon Smuts dus 'n invloed op president Kruger en die Uitvoerende Raad uitoefen.

123 W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, I, pp. 149-150.

124 W.K. Hancock en J. van der Poel, *Selections from the Smuts Papers*, I, p. 189.

125 G.N. van den Bergh, Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 244.

126 H. Grobler, The "Young Afrikaners": Jan Smuts and Piet Grobler during the months of storm and stress (January - October 1899) in *Historia* 44(1), Mei 1999, p. 87.

Smuts het nie gras onder sy voete laat groei nie. Reeds op 15 Augustus 1899 het hy 'n skrywe aan die Staatsekretaris om fondse vir die Geheime Diens te versoek:

(A)angezien de geheime werkzaamheden aan mij opgedragen zijn, en daar het nu hoogst noodzakelijk is dat ik zoo veel mogelijk uitvindt van de plannen enz. van onze vijanden... versoek ik... een voorschot van £1 000....¹²⁷

In 'n nota op dieselfde skrywe het kommissaris, D.E. Schutte, opdrag gegee dat die oorname van die Geheime Diens se dokumentasie vanaf sy kantoor na die Staatsprokureur se kantoor die volgende dag moes plaasvind. Hierna was Smuts as Staatsprokureur in beheer van die Geheime Diens. Dat die naam Geheime Diens op daardie stadium 'n aparte afdeling gekonstateer, het word bewys deur die opskrif van die dokument tydens die oorname:

INVENTARIS van STUKKEN, KWITANSIES en GELD ontvangen van
Commissaris van Politie bij overname van Geheimediens departement
op d.d. 16.8.99.¹²⁸

Vir Smuts was dit reeds duidelik dat oorlog onvermydelik was.¹²⁹ Die onderhandelinge waarby hy betrokke was met die Britse Agent, C. Greene, gekoppel aan sy natuurlike militêre aanvoeling, het hom die waarde van 'n effektiewe geheime diens in die situasie laat besef.

In die opbou tot die presidentsverkiesing van 1898 het Joubert kritiek uitgespreek teen die landsbestuur. Hy het gedurende November 1897 gemeld dat daar verkwisting van staatsgeld plaasvind. Hy het spesifiek na die onverantwoordelike uitgawes op die Geheime Diens verwys.¹³⁰ Van Oordt beweer dat Joubert deur sy kritiek op die Geheime Diens, asook uitlatinge oor gebeure binne die Uitvoerende Raad, homself baie skade berokken het.¹³¹

127 SP 846, Skrywe vanaf J.C. Smuts (Staatsprokureur)-Staatsekretaris (Kabinet), 15.8.1899.

128 SP 885, GCPM 15/99, Leër: "Inventaris lijst van goederen...", 16.8.1899.

129 P. A. Pyper, Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), (MA, PUCHO, 1960), pp. 18-20.

130 J.A. Mouton, Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(1), 1957, p. 170.

131 J.F. van Oordt, *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 795.

Dit kon wees dat kommandant-generaal Joubert uit sy perspektief en siening van sake, dit as 'n luuksheid beskou het om geheime agente teen 'n totale koste van ongeveer £100 per maand vir die insameling van inligting in die buiteland aan te wend. Nieteenstaande was Joubert deel van 'n Uitvoerende Raad wat tydens geslote geheime sittings by 15 geleenthede vanaf 18 Januarie 1897 tot 15 November 1897 in totaal £31 500 vir "geheime dienste" goedgekeur het.¹³²

Militêre inligting en nie langer politieke inligting nie, het 'n al hoe groter deel van die agente se verslae uitgemaak. Die Geheime Diens het dus eerder tuisgehoort onder die Kommandant-generaal se beheer. Joubert het dit nie so ingesien nie, maar eerder kritiek uitgespreek oor die fondse, wat vir die tipe werk bewillig is.¹³³ Hierdie houding van Joubert het moontlik gespruit uit sy geloof dat die komende botsing met Engeland deur onderhandeling opgelos sou kon word. Ten spyte van die Geheime Diens se agente se oorlogswaarskuwings, het Joubert so laat as Augustus 1897 die aankoop van 'n verdere vier 75mm Krupp-kanonne as "oorbodig" beskou.¹³⁴ Dit is insiggewend dat generaal sir Redvers Buller dieselfde houding teenoor sy *Intelligence Department* gehad het. Nadat 'n kopie van die handleiding oor Suid-Afrika, opgestel deur die Britse inligtingsafdeling, aan hom gestuur is, het hy dit teruggestuur met die opmerking dat hy: "knew everything there was to know about South Africa".¹³⁵ Aan beide kante was daar dus by die militêre leiers 'n gevoel aanwesig dat die insameling van inligting oorbodig was.

Die Uitvoerende Raad het desnieteenstaande teenkanting, die Geheime Diens se bedrae, wat hulle van tyd tot tyd aangevra het, telkens goedgekeur. Dié Raad het teen die einde van 1897 uit die volgende lede bestaan: die Staatspresident, S.J.P. Kruger, 'n verdere vier amptelike lede naamlik die Staatsekretaris, dr. W.J. Leyds, die Kommandant-generaal, P.J. Joubert, die Superintendent van Naturelle Sake,

132 TAB, URN (Geheim), Goedkeuring van fondse volgens Artikels no. 4: 18.1.1897, £2 000, no. 8: 5.2.1897, £2 000, no. 13: 2.3.1897 £2 000, no. 15: 2.3.1897 £5 000, no.23: 25.3.1897 £2 000, no. 29: 7.4.1897 £2 000, no.33: 6.5.1897 £2 000, no. 34: 12.5.1897 £500, no.38: 3.6.1897 £2 000, no. 42: 6.7.1897 £2 000, no. 44: 10.8.1897 £2 000, no. 45: 6.9.1897 £2 000, no. 46: 19.10.1897 £2 000, no. 47 23.10.1897 £2 000 en no. 49: 15.11.1897 £2 000.

133 G.N. van den Bergh, Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 305.

134 J.J. van Heerden, Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, (D. Phil, UOVS, 1949), p. 313.

135 C. Andrew, *Secret service: The making of the British intelligence community*, pp. 28-29.

P.A. Cronjé, die Notulehouer en Sekretaris van die Uitvoerende Raad, J.H.M. Kock, asook twee nie-amptelike lede, J.M.A. Wolmarans en S.W. Burger.

Die Kommandant-generaal het sitting op die Uitvoerende Raad gehad en moes dus kennis geneem het van die aard, omvang en waarde van die geheime agente se verslae wat week na week aan die raad voorgelê is. Dit word bevestig deur aantekeninge soos: "In den Uitv Raad voorgelezen alle leden tegenwoordig"¹³⁶ wat deur of P.L.A. Goldman, die sekretaris van die "Afdeeling kabinet" of sy klerk, R.J.H. Fortuyn, wat soms waargeneem het as sekretaris, aangebring is.¹³⁷ Joubert het vanweë sy sitting op die Uitvoerende Raad, kennis gedra van veral die militêre inligting wat weekliks ingekom het. As Kommandant-generaal verantwoordelik vir wapenaankope en die ZAR se krygsmagte, moes die Geheime Diens se inset hom sekerlik positief in sy besluitnemings beïnvloed het.

In die stadium toe Smuts as Staatsprokureur oorgeneem het, het beide die Speur- en Geheime Diens onder die Kommissaris van Polisie, D.E. Schutte, se beheer geressorteer. Een van die sleutelfigure in sy kantoor was H.C. Bredell in die pos van "verantwoordelijk klerk".¹³⁸ Bredell is 'n persoon wat baie ervaring gehad het aangesien hy al vanaf 1895 in die Kommissaris se kantoor diens gedoen het. Hy het ook dikwels waargeneem as hoof van die polisie wanneer die Kommissaris afwesig was.¹³⁹ Bredell was ook op hoogte van die Geheime Diens. Op talle lêers in die Kommissaris se kantoor, waarin inkomende verslae van agente geliasseer is, is die onderwerp en verdere verwysing van die saak in sy handskrif geskryf.¹⁴⁰ Bredell was 'n senior amptenaar in die Kommissaris se kantoor. Hy het meestal geskakel met die Uitvoerende Raad en baie korrespondensie namens die Kommissaris

136 SP 884, GCPM 9/98, Lêeromslag: "De la Court Durban Natal Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 25.1.1898.

137 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 41.

138 *Ibid.*, p. 308.

139 A.G. Oberholster (Red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904*, p. 1.

140 SP 882, GCPM 31/96, Lêer met onderwerp in Bredell se handskrif aangedui: G.W. Taylor - Pretoria Zendt in rapport re politieke omwenteling Johsbg zoogenaamde Reform Commt., 28.2.1896. SP 883, GCPM 525/97, Lêer met onderwerp in Bredell se handskrif: de la Court - Mafeking Rapporteer omtrent zijne bevindingen aldaar, 22.6.1897. SP 221, GCPM 143/99, Lêer H.C. Carter - Johannesburg, "Bericht dat A. Tayfield als getuige v/den staat zou optreden...", 18.7.1899.

beantwoord.¹⁴¹ In die lig hiervan kan aanvaar word dat Bredell met betrekking tot die Geheime Diens 'n rol gespeel het.

'n Ander belangrike senior amptenaar, wat hom ten tye van die die nuwe Staatsprokureur se aanstelling in die Kommissaris se Kantoor bevind het, was T.A.P. Kruger. Hy het die pos van "Confid. sekretaris" beklee.¹⁴² Teen die helfte van 1896 het Kruger as konfidensiële sekretaris alle inkomende verslae van geheime agente begin hanteer en verwys. Teen 1898 was Kruger, wat algemeen aanvaar is as die hoof van die Geheime Diens, al baie ervare gewees ten opsigte van die funksionering van die diens. In sy jaarverslag vir 1898, onder die afdeling waar die Speurpolisie se uitgawes vir salarisse aangetoon is, verwys die Kommissaris soos volg na Kruger se pos:

Hoofdkantoor: Confdtl. Sec. v. speurp. en G.D.¹⁴³

Tot op daardie tydstip is in alle amptelike verslae, waarskynlik vir sekerheidsredes, nog net verwys na "Confid sekretaris - T.A.P. Kruger" sonder om die pos te koppel aan 'n afdeling.¹⁴⁴ Die Kommissaris het waarskynlik doelbewus die afkorting "G.D." vir Geheime Diens gebruik om die feit nie te opsigtelik te maak nie. Teen Augustus 1899 is in 'n Britse blouboek oor hom verklaar:

This gentleman is the son of President Kruger and is the Chief of the
Secret Service Department of this State.¹⁴⁵

Nadat hy Staatsprokureur geword het, het Smuts die Speurdiens in Johannesburg laat ondersoek. Ondersoek is ook ingestel na die doen en late van die Hoof van die Speurdiens, Robert Ferguson. Die ondersoek het verskeie ongerymdhede in verband met die wanaanwending van fondse deur Ferguson na vore gebring, soos Smuts vermoed het. Verder was daar 'n vermoede dat Ferguson bendeleiers en

141 SP 882, GCPM 71/96, Lêer: G.W. Taylor - Johannesburg "Rapport omtrent 't gebeurde te Johannesburg..." wat Bredell namens die kommissaris verwys het na: St Sects B Afdg Kabinet, 25.5.1896.

142 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 308.

143 ZAR, No. 3, 1899. Rapport van den Commissaris van Politie over het jaar 1898, Bylaag I.

144 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaanshe Republiek 1898, p. 308.

145 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p.18.



Fig. 10: T.A.P. (Tjaart) Kruger, seun van president Paul Kruger en hoof van die Geheime Diens van die ZAR. Bron:TA7938.

smokkelaars beskerm het.¹⁴⁶ Gedurende November 1898 het die Kommissaris 'n skrywe aan Ferguson gerig en hom meegedeel dat die Uitvoerende Raad hom die geleentheid bied om vrywillig binne twee dae te bedank. Andersins sou die Kommissaris verplig wees om hom te ontslaan.¹⁴⁷ James Watt is as tydelike hoof van die Speurpolisie aangewys.

Een van die gevolge van hierdie stap was dat die Speurpolisie weer onder die Staatsprokureur se beheer gekom het. Teen die einde van 1898 is daar in die koerante gespekuleer oor wie die nuwe hoof van die Speurdiens sou wees.¹⁴⁸ Ten einde die veranderinge teweeg te bring, was dit nodig om Wet 11 van 1895 te wysig. Die kwessie of die Speurdiens en Geheime Diens weer onder die Staatsprokureur se beheer moes kom, is ook in die Volksraad gedebatteer.¹⁴⁹ Die lid vir Bloemhof, J.F. de Beer,¹⁵⁰ het gesê dat sy kiesers hom versoek het om teen die voorstel te stem. F.W. Reitz het 'n skrywe voorgehou van die Kommissaris, waarin hy versoek het dat hy onthef word van beheer en toesig oor die Geheime Diens, en die implementering van die gouddiefstal-, drank- en moraliteitswette.¹⁵¹ Die voorstel is aanvanklik in die Volksraad afgestem, maar op 13 Junie 1899 het die Volksraad toegestem dat die Staatsprokureur weer beheer oor die Speurpolisie sou kry.¹⁵² Die Kommissaris van Polisie het ook aanbeveel dat sy geheime sekretaris, T.A.P. Kruger, as Hoof van die Speurdiens teen 'n salaris van £800 per jaar aangestel moes word.¹⁵³ Hierdie aanbeveling is ook deur Smuts gesteun en sodoende is Kruger aangestel as hoof van die Speurafdeling binne die Staatsprokureur se kantoor.¹⁵⁴

Die Staatsprokureur het stelselmatig vanaf die tweede helfte van 1898, direkte beheer oor die Geheime Diens verkry. Hierdie proses het feitlik 'n volle jaar

146 G.N. van den Bergh, Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 244-245.

147 SP 892, Skrywe Schutte - Ferguson, 11.11.1898, p. 401.

148 SP 903, Ongeïdentifiseerde koerantuitknipsel: "The Detectives stakes - list of probable starters for the Chiefship and their market prices...."

149 BA 21, Koerantuitknipsel uit *The Press* gedateer 12 Junie 1899 in verband met gebeure in die "First Volksraad Monday, June 12".

150 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 37.

151 BA 21, Koerantuitknipsel uit *The Press* gedateer 13 Junie 1899 in verband met gebeure in die "First Volksraad Monday, June 12."

152 J.S. Marais, *The fall of Kruger's Republic*, p. 219.

153 SP 465, Skrywe Smuts - Staatsekreteraris Afdeling B, 19.6.189, p. 167.

154 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers, I*, p. 57.

155 SP 885, GCPM 162/99, Lêeromslag met aantekening vanat T.J.P. Kruger as "Hoofd der Speurdiens" in die Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p. 37.

geduur. Aan die begin van Augustus 1899, het Tjaart Kruger die Kommissaris van Polisie versoek om alle uitstaande sake met 'n agent soos Schröder af te handel, voordat hy die afdeling oorneem.¹⁵⁵ Dat Schutte ontevrede was met die opmerking, blyk uit die feit dat hy 'n aantekening gerig aan die Staatsekretaris op dieselfde lêer gemaak het, waarin hy daarop wys dat die verslag van Schröder bloot ter informasie na die regering verwys is.¹⁵⁶ Kruger se opdrag aan hom het dus nie vir hom sin gemaak nie, aangesien dit bloot 'n roetine aangeleentheid was, dat hy as Kommissaris, geheime agente se verslae vir kennisname aan die regering gestuur het. Daar was dus weerstand vanaf die Kommissaris se kant teen die oorname. Ter wille van effektiewe beplanning en beheer, sou dit beter gewees het as die Geheime Diens gouer onder Smuts se beheer gekom het.

Hierdie oorname van die Speurafdeling en dus die Geheime Diens deur die Staatsprokureur, het spanning tussen amptenare en politici in die binnekringe van die regering veroorsaak. In 'n memorandum is Tjaart Kruger gewaarsku dat "influisterers" besig was om die staatsprokureur, Smuts, negatief teen Kruger en kommissaris Schutte te beïnvloed.¹⁵⁷

Die Kommissaris se hoofkantoorpersoneel wat met Speur- en Geheime Dienssake belas was, is net so deur Smuts as Staatsprokureur oorgeneem.¹⁵⁸ Teen die einde van 1897 het Kruger korrespondensie onderteken as "Conf. Secr. geh. dien."¹⁵⁹ Teen Maart 1898 is korrespondensie aan hom as "Hoofd v/h Geheim Dienst (Secret Service) Pretoria" gerig.¹⁶⁰ Teen September 1899 het 'n agent soos Schröder verslae aan hom gerig as: "T. Kruger Chef van den Inlichtingsdienst der Z.A. Republiek."¹⁶¹ Daar was egter ook 'n tydperk van oorvleueling want teen April 1899, het geheime agent, Thomas Smith, nog verslae aan die Kommissaris se klerk,

155 SP 885, GCPM 162/99, Lêeromslag met aantekening vanaf T.J.P. Kruger as "Hoofd der Afdeling Speurpolitie" aan die kommissaris van polisie gerig, 8.8.1899.

156 SP 885, GCPM 162/99, Lêersomslag met aantekening vanaf D.E. Schutte as "Comm v Pol" aan die "Sts Secr Kbt", 10.8.1899.

157 SP 881, Memorandum Schröder - Kruger, 30.5.1899.

158 G.N. van den Bergh, Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 247.

159 SP 892, Skrywe Kruger - Weinthal, 4.8.1897, p. 248.

160 SP 885, Koevert waarop getik is: "STRIKT PRIVAAT Hoofd v/ GEHEIM DIENST (Secret Service) PRETORIA." met poskantoorstempel gedateer 30 Maart 1899.

161 SP 818, GDDM 75/99, Verslag no. 77, De la Court - T.Kruger, Pretoria, 5.9.1899.

T. Beukes, gerig.¹⁶² Die feit dat 'n agent soos Schröder na Kruger verwys as die hoof van die ZAR se inligtingsdiens, is insiggewend. Dit het beteken dat hy die sentrale punt was waarheen alle informasie gestuur is. Die uiteindelijke sukses van die vertolking en evaluering van die Geheime Diens se verslae, het van hom afgehang.

Hierdie oorname het met probleme gepaardgegaan. In 'n skrywe het Smuts die Staatsekretaris daarop gewys dat hy tydens die oorname veronderstel was om die name van alle "geheime speurders" te ontvang. Volgens sy inligting is daar persone aangestel waarvan Kruger nie kennis gedra het nie. Hy versoek dat alle aanstellings slegs deur die hoof van die Speurpolisie gedoen word.¹⁶³ Dit is duidelik dat Smuts, Kruger as sy Hoof van Inligting beskou het en sy kantoor as die punt waarvandaan alle inligtingsinsameling beplan en gekoördineer is.

Tjaart Kruger het tydens die amptelike oorname en oorhandiging van dokumentasie tussen die Kommissaris en sy kantoor, 'n rubberstempel wat gelees het: "Hoofd der Afdeling Speurpolitie Staat Procureurs Department" onder sy handtekening aangebring.¹⁶⁴ Hierdie oorname skep die indruk dat die Speur- en Geheime Diens gelyktydig onder die Staatsprokureur se beheer gekom het. Dit was nie die geval nie. Gedurende Julie 1899 het Kruger as Hoof van die Speurpolisie nog 'n applikant as geheime agent ingelig "dat de Geheime Dienst nog onder het beheer v/d Commissaris van Politie is".¹⁶⁵ Hierdie persoon het by Kruger aansoek gedoen as "Geheime Speurder in U Eds Gestr. Department",¹⁶⁶ onder die indruk dat Kruger reeds in beheer van die Geheime Diens was. In dieselfde maand het Bredell namens die Kommissaris aan die Uitvoerende Raad gemotiveer waarom geheime agente op sekere plekke aangewend is.¹⁶⁷ Op die 7 Julie 1899 het T.A.P. Kruger sy eed as Hoof van die Speurdiens en dus ook die Geheime Diens afgelê.¹⁶⁸ Eers op 16

162 SP 881, Verslag Thos Smith - T. Beukes, Johannesburg, 19.4.1899.

163 SP 853, GDDM 69/99, Skrywe Smuts - Staats Secretaris Kabt., 9.9.1899.

164 SP 885, GCPM 15/99, Inventaris onderteken deur beide D.E.Schutte en T.A.P. Kruger, 16.8.1899.

165 SP 852, Skrywe Kruger - C. Kleb, 24.7.1899.

166 SP 818, GDDM 9/99, Skrywe Kleb - Tjaard Kruger Hoofd Commissaris van Speur Politie Department, Johannesburg, 22.7.1899.

167 SP 893, Skrywe Bredell - Staatsekretaris Kabinet, 7.7.1899, p. 8.

168 SP 849, Eed as Hoof van die Speurpolisie onderteken deur T.A.P.Kruger, p. 95.

Augustus 1899 is die Geheime Diens as 'n departement, deur kommissaris Schutte, aan Kruger as nuwe hoof van die diens binne die Staatsprokureur se kantoor, oorhandig. 'n Groot verskeidenheid van dokumente, registers, kwitansies, kontant ten bedrae van £247-19-3 en selfs "I stuk ruw goud", is oorhandig.¹⁶⁹ Die hou van goud in sy kantoor het waarskynlik bygedra tot die volgende spekulاسie deur tydgenootlike skrywers soos Blackburn en Caddell:

When Tjaard(sic) Kruger, son of the President, was for a short time chief of the secret bureau, he kept thousands of pounds of gold in his office.¹⁷⁰

Die Kommissaris het ook tydens die oorname 'n staat van ontvangste en uitgawes in verband met die Geheime Diens vanaf 1 Januarie tot en met 3 Augustus, aan die Uitvoerende Raad met die nodige verduideliking, vir kennisname gestuur.¹⁷¹ Dat al die geheime agente nie ingelig was oor die oorname nie, word bewys deurdat verslae vir die res van Augustus nog steeds aan die Kommissaris se kantoor en adres gerig is.¹⁷² Vanaf September 1899 is geheime agente se verslae nie langer in lêers van die Kommissaris van Polisie geplaas nie, maar in omslae wat gelees het: "Kantoor v/h Hoofd der Afdeeling Speurpolitie, Staatsprocureurs Department Zuid-Afrikaansche Republiek".¹⁷³ Alhoewel dit algemene kennis op straat was dat Kruger oorgeneem het as hoof van die Geheime Diens,¹⁷⁴ het hy feitlik deurgaans in korrespondensie, wat in verband gestaan het met die Geheime Diens, sy titel aangedui as Hoof van die Speurdiens.¹⁷⁵ Op die 15 Augustus het die Uitvoerende Raad 'n bedrag van £1000 vir geheime diens vir aanwending deur die Speurdepartement,¹⁷⁶ en op die 23 Augustus 'n verdere voorskot van £2 000 vir

169 SP 885, GCPM 56/99, Lêer met onderwerp: "Inventaris lijst van goederen door Hoofd Afdg speurPolitie afd Comms v Politie overgenomen in verband met de geheime diensten overname", 16.8.1899.

170 D. Blackburn en W.W. Caddell, *Secret service in South Africa*, p. 242.

171 SP 893, Skrywe Comms v Politie - Staat Secretaris Afdg kabinet, 14.8.1899, p. 31.

172 SP 885, GCPM 10/99, Rapport no. 23, Schröder - Commissaris van Politie der Z.A.Republiek, Ladysmith, 23.8.1899.

173 SP 818, Lêer met verslag van J. Willemse - Kruger, 14.9.1899.

174 SP 818, GDDM 30/99, Skrywe L. Lionel Goldsmid - Tjaard Kruger, Johannesburg, 5.8.1899.

175 SP 818, GDDM 49/99, Lêer in verband met A. Snavé se verslag uit Lourenço Marques met nota deur Kruger gemaak, 23.8.1899.

176 TAB, URN (Geheim), Artikel 33, 15.8.1899.

geheime diens goedgekeur.¹⁷⁷ Met die nodige fondse tot sy beskikking, en met 'n Staatsprokureur wat die nodige aanvoeling vir die Speur- en Geheime Diens gehad het, was Kruger goed toegerus.

6.5 Die moordkomplot teen President Kruger

In 'n verslag wat hy "dringend" gemerk het, het Schröder gedurende April 1898 die Kommissaris ingelig van 'n moordkomplot wat teen president Kruger beplan is.¹⁷⁸ Hy het 'n koerantuitknipsel ingesluit uit die *Natal Witness* waarin daar in 'n gewraakte artikel onder die opskrif, "Cumbering the ground", mense opgesweep word om Kruger te vermoor:

(B)ut for how much longer is the patience, not alone of South Africa, to put up with the acts of Paul Kruger which in their way, are insane as those of the maddest Muscovite sovereign? It is a fortunate thing for the Transvaal president that he is not living in an age when both lawyers and churchmen made a steady and determined effort to bring assassination within the pale of international and ecclesiastical law.¹⁷⁹

Hierdie gerugte het vir 'n tyd lank al die rondte gedoen. Die voormalige hoofspeurder van die ZAR, Andrew Trimble, wat hom in Durban bevind het, het verder beweer dat Kruger die ZAR se skatkis besteel. Schröder het ook opgemerk dat daar 'n vertroulike verhouding tussen Trimble en "Baron" Gluckstein, voormalige redakteur van *The Pretoria News*, bestaan het. Baron Gluckstein het ook op 'n stadium in die openbaar in Durban geskreeu: "President Kruger must be shot". Hierdie twee persone en P. Davis, die eienaar van die *Natal Witness*, het Schröder onrustig gestem. Trimble het voorgestel dat iemand gehuur word om die moord te pleeg. Davis het geweier waarop Gluckstein homself bereid verklaar het om teen die betaling van £500, die moord te pleeg. Volgens Schröder se inligting

177 TAB, URN (Geheim), Artikel 35, 23.8.1899.

178 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 4, De la Court - Commissaris van Politie, Durban, 9.4.1898.

179 *Ibid.* pp. 1-2.

sou die moord tydens die President se inhuldiging op 12 Mei 1898,¹⁸⁰ gepleeg word.¹⁸¹

Hy het die Kommissaris daarop gewys dat die saak as baie ernstig beskou moes word. Die Staatshoof van die ZAR se lewe was op die spel. Hy het voorts daarop gewys dat verbitterde vyande van die staat agter die komplot gesit het. In reaksie op hierdie inligting het Bredell aan die Hoof van die Speurpolisie in Johannesburg laat weet, om Gluckstein se besoek aan Johannesburg fyn dop te hou, en “een scherpe oog in ‘t zeil (te) houden”.¹⁸²

Schröder het in ‘n opvolgverslag in verband met Gluckstein gemeld dat die planne omver gegooi is deur die dood van Gluckstein se kind. Gluckstein se houding teenoor Kruger het ook verander en dié het hom meegedeel dat hy selfs vir Kruger wou besoek.¹⁸³

Ferguson het as Hoof van die Speurdiens die saak verder ondersoek. Hy het vasgestel dat Gluckstein op 26 April in Johannesburg gearriveer het en daar in die hotel tuisgegaan het. Uit ‘n gesprek met Gluckstein het Ferguson verneem dat hy bang was om die ZAR te besoek, omdat ‘n sekere Malan hom meegedeel het, dat hy vir hoogverraad gearresteer sou word.¹⁸⁴ Die Geheime Diens se klerk was nog besig om hierdie komplot se dokumente te liasseer, toe geheime agente ‘n verdere komplot blootgelê het.

6.6 Die Leërkomplotsaak

Gedurende Mei 1899 is sewe beweerde Britse offisiere gearresteer vir hoogverraad omdat hulle vermoedelik deur die *South African League* in diens geneem is, om ‘n rebellie in Johannesburg te organiseer.¹⁸⁵

180 J.M. Lange, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p. 143.

181 SP 884, GCPM 82/98, Rapport no. 4, De la Court - Commissaris van Politie, 9.4.1898, p. 4.

182 SP 884, GCPM 82/98, Lêer met memorandum Bredell - Hoof van speurpolisie Johannesburg, 15.4.1898.

183 SP 884, GCPM 69/98, Rapport no. 5, De la Court - Commissaris van Politie, 23.4.1898.

184 SP 884, GHDM 15/98, Verslag Ferguson - Commissaris van Politie, 6.5.1898.

185 M.F. Bitensky, *The South African League British Imperialist Organisation in South Africa 1896 to 1899* (MA, UW, 1950), p. 18.




Fig. 11: Voorbeeld van 'n koevert wat H.C. Carter aan die Geheime Diens geskryf het en die aanvanklike informasie verskaf het wat gelei het tot die Leërkomplotsaak. Seël gestempel 30 MRT 99 te Johannesburg. Bron: SP 885, GR 339/99, 27.3.1899.

Die Geheime Diens se verslae en optrede het aanleiding tot die sogenaamde “Leërkomplotsaak” gegee.¹⁸⁶ Die Engelstalige en Britsgesinde pers het met koerantopskrifte soos: “The Conspiracy”,¹⁸⁷ “Conspiracy and Treason”,¹⁸⁸ en “The Alleged Conspiracy, The Government Exposed”¹⁸⁹ feitlik daaglik tydens die hooggeregshofsaak, aandag daaraan gegee. Die gearresterdes was: Richard Floyd Nicholls, ‘n myner en voormalige voorsitter van ‘n tak van die *S.A. League*, George Patterson, ‘n voormalige onder-offisier in die Britse kavallarie, Charles Agar Ellis, ‘n voormalige sersant in die Britse infanterie, John Allen Mitchell, ‘n voormalige sersant-majoor in die Royal Horse Artillery, Edward James Tremlett, ‘n gewone Britse burger, Robert Poole Hooper ook ‘n voormalige onder-offisier en Jeane Fries, ‘n Deense burger.¹⁹⁰

Op 16 Mei het die *Pretoria News* in ‘n spesiale uitgawe berig dat etlike voormalige Britse offisiere vir hoogverraad gearrester is. Hulle was: kolonel R.F. Nicholls, kaptein G. Patterson, luitenant E.A. Ellis, E.J. Tremlett, J.A. Mitchell asook twee ander offisiere naamlik Hooper en Fries.¹⁹¹ Soos dit later geblyk het, was die range vals.

In ‘n telegram gedateer 17 Mei 1899, het die Hoëkommissaris, Sir Alfred Milner, vir Chamberlain meegedeel:

I am told confidentially by the State Attorney that for the last two months he has had the men in question shadowed. The ringleaders were Nicolls(sic) and Paterson(sic).... The idea was to enlist a force of men, to whom arms were to be supplied.... They were to rush the fortress, and, “pending the arrival of British troops”, to hold the town. The

186 G.N. van den Bergh, *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 306.

187 BA 21, Uitknipsel uit: *The Press*, 8.6.1899.

188 BA 21, Uitknipsel uit: *The Transvaal Leader*, 7.6.1899.

189 BA 25, Uitknipsel uit: *The Star*, 5.8.1899.

190 C 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 3.

191 C. Headlam, *The Milner Papers South Africa 1897-1899*, p. 381.

scheme was alleged to be with the approbation of the British government....¹⁹²

Die onthulling van hierdie komplot, indien dit bewys kon word, sou die Britse regering in 'n slegte lig gestel het. Die Britse regering sou in dieselfde posisie as kort na die Jameson-inval wees. Die ZAR-regering, aan die ander kant, sou die maksimum diplomatieke en politieke voordeel uit die komplot probeer kry.¹⁹³ Die Britse agent in Pretoria, Greene, het onmiddellik namens sy regering die Kruger-regering gekontak en sy spyt oor die gebeure uitgespreek.¹⁹⁴ Milner het egter van die begin af die gevoel gehad dat dit bewys sou word as synde bewerings van 'n "pothouse conspiracy, which spies have carefully nursed".¹⁹⁵ Hy het verder in 'n skrywe aan lord Selborne oor die arrestasies aangevoer:

(T)he spy and secret-agent system will be revealed at its worst, and the really disgusting system of espionage, subordination, bribery and humbug, which is the Boers' notion of government will be illustrated....¹⁹⁶

Hy was egter korrek in sy aanvoeling dat spioene van die ZAR en dus die Geheime Diens betrokke was by die saak. Vir die eerste keer sou die Geheime Diens die gevaar loop om amptelik in die openbaar ontbloom te word.

Die Britse regering het, egter nadat die aangeklaagdes in die hof vrygespreek is, 'n blouboek oor die saak laat publiseer.¹⁹⁷ Daarin is gewag gemaak van die voorspellings van Milner naamlik dat die ondersoek op niks sou uitloop nie en dat die "alleged conspiracy at Johannesburg"¹⁹⁸ eintlik 'n opgemaakte saak was. Inligting wat deur agente van die Geheime Diens, veral Smith,¹⁹⁹ vanaf begin Maart,

192 C 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 1.

193 M.F. Bitensky, *The South African League British Imperialist Organisation in South Africa 1896 to 1899* (MA, UW, 1950), p. 17.

194 TAB, BA 20, No 84, Greene - Milner, Pretoria, 16.5.1899.

195 C 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 2.

196 C. Headlam, *The Milner papers (South Africa) 1897-1899*, p. 384.

197 C 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, September 1899.

198 *Ibid.*, p.iii.

199 SP 885, Verslag Thos Smith - Beukes, Johannesburg, 8.3.1899.

en H.C. Carter²⁰⁰ vanaf begin April 1899, in verband met Nicholls en Patterson verskaf is, het egter die teendeel bewys.

Reeds gedurende Januarie 1899 het die waarnemende speurhoof, J. Watt, vanuit Johannesburg vir Nicholls onder die Kommissaris se aandag gebring.²⁰¹ In 'n skrywe het hy genoem dat Nicholls die voorsitter was van die Fordsburgse tak van die *South African League*.

Die Geheime Diens se hoof, Tjaart Kruger, is vroeg in Maart al oor die aard en omvang van die beoogde komplot ingelig. Volgens geheime agent, Smith, se inligting sou Uitlanders in Johannesburg deur agente van die *South African League* bewapen word. Tweedens is beplan dat alle mans oor die grens gestuur sou word en ongeveer 2 000 mans sou agterbly om Johannesburg te beskerm. Derdens is 'n aanval op die fort deur mans in Johannesburg met behulp van 500-700 Kapenaars beplan. Terselfdertyd sou van die Kapenaars gearresteer word, wat 'n teken vir die mense in die tronke sou wees om in opstand te kom. Smith het ook vasgestel dat daar 500 gewere en ammunisie in die Bonanza-myn, en dieselfde getal in die Robinson-myn versteek was.²⁰²

Smith het daarna van 'n sekere Jeffers gebruik gemaak om dokumente in verband met die *S.A. League*, wat hy by "Capt Pattison" gekry het, aan die Kommissaris se klerk, Beukes, vir inspeksie te oorhandig.²⁰³ Hy het verder berig dat 'n geheime vergadering onder voorsitterskap van Nicholls, gehou is. Tydens die vergadering was agt offisiere teenwoordig wat in beheer van die opstand sou wees.²⁰⁴ Die gedagte was dat kaptein Patterson in beheer van die offisiere sou wees.²⁰⁵ Die aantekening van die Staatsekretaris, F.W. Reitz, op die lêeromslag "Kennisgenomen", dui daarop dat die Uitvoerende Raad reeds in daardie stadium kennis geneem het van die komplot, waarin Nicholls en Patterson die hooffigure was.²⁰⁶

200 SP 885, GCPM 57/99, Verslag Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 8.4.1899.

201 SP 881, CB 79/99, Skrywe J. Watt - Commissaris van Politie, Johannesburg, 21.1.1899.

202 SP 885, GR 272/99, Skrywe Thos Smith - Mr. T.Kruger Chief Secret Service, 5.3.1899.

203 SP 885, Verslag Thos Smith - Beukes, Johannesburg, 8.3.1899.

204 *Ibid.*

205 SP 885, GCPM 44/99, Verslag Thos Smith - Beukes, 16.3.1899.

206 SP 885, GCPM 44/99, Lêeromslag: "Thos Smith Johannesburg Rapporteer re zijne bevindingen aldaar" met aantekening: "Kabinet Kennisgenomen F.W. Reits sts sec."

Die inligting wat Smith oor die komplot ingewin het, is aan die begin van April deur 'n ander geheime agent, H.C. Carter, bevestig. Carter is deur Patterson genader om deel van die komplot te word. Patterson het ook dieselfde plan van aksie voorgehou as waarvoor Smith reeds gerapporteer het. 'n Nuwe naam, 'n ene Sandilands, het as een van die organiseerders bygekom.²⁰⁷

Carter, wat tikwerk vir 'n prokureurfirma gedoen het, het aanvanklik anoniem oor die komplot aan die Staatsprokureur gerapporteer.²⁰⁸ Alhoewel hy 'n vermoede gehad het dat die saak dalk 'n hersenskim van 'n paar persone was, kon dit dalk meer ernstig gewees het.²⁰⁹ Hy het dit sy plig geag om die Kruger-regering daaroor in te lig en wat hom daartoe beweeg het, was sy weerstand teen onwettige optredes:

I am as patriotic an Englishman as anyone, but I do not believe in setting up against the laws of the country one resides in, during my stay in this town, now 16 months, I have never had anything to complain of....²¹⁰

Carter was baie versigtig dat sy naam nie bekend gemaak mag word nie, omdat hy teen sy eie mense gewerk het.²¹¹ Vanaf April 1899 is Carter voltyds in diens geneem as geheime agent en het hy sy eerste maandelikse salaris van £25, aan die begin van April ontvang.²¹²

Beide geheime agente het uitstekend daarin geslaag om die komplotsmeërs se geledere binne te dring. Smith het Patterson se vertrouwe in so 'n mate gewen dat hy vanaf 25 Februarie tot en met 23 Maart twee en twintig onderhoude met hom gehad het. Die totale koste van die "cab fares" en enkele ander kostes op hierdie saak het teen die einde Maart reeds £18-15-6 beloop. Daarom kon Smith vol selfvertroue die Kommissaris se kantoor inlig dat:

207 SP 885, GCPM 49/99, Geheime agent te Johannesburg - Kommissaris van Politie, Johannesburg, 6.4.1899.

208 SP 885, GR 339/99, "Een onbekende uit JHBurg Rapporteerde over de toestanden aldaar", 27.3.1899.

209 SP 885, GR 339/99, H.C.C. - Chief of Geheime Dienst, Johannesburg, 27.3.1899.

210 *Ibid.*

211 SP 885, Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 30.3.1899.

212 SP 903, Kommissaris van Politie Geheime Diensten Chequebook, No. 343, 7.4.1899.

You will notice Capt. Pattison (Patterson) name appearing often he is my main man for information and who introduces me to the other officers.²¹³

Dit is ook duidelik dat Smith geen vermoede op daardie stadium gehad het dat Patterson nie die rang van 'n kaptein bekleed het nie soos later in die hof sou blyk nie. Teen die einde van Maart het Smith bevestig dat daar nog steeds offisiere gewerf word en dat groot hoeveelhede gewere en ammunisie onwettig die land binnegebring word.²¹⁴

Carter het as geheime agent ook die vertroue van Patterson gewen deur lid van die beweging te word. Hy het in so 'n mate hulle geledere binnegedring dat Patterson hom aan Nicholls voorgestel het. Patterson het Carter ook meegedeel dat genoeg wapens naby Johannesburg versteek is om die komplot uit te voer.²¹⁵

Die regering se vermoedens is verder versterk toe Patterson vir oud-luitenant C. Pietersen genader het om hom van 'n sketsplan van die fort te voorsien. In ruil daarvoor sou Pietersen 'n goeie betrekking in 'n nuwe regering kry.²¹⁶ Pietersen is kort daarna uitgelaat uit die komplot, omdat iemand Nicholls meegedeel het dat hy vir die Geheime Diens gewerk het. Die komplot het só ver gevorder, dat 'n sekere Hood genader is en ingestem het om die nag van die aanval Johannesburg se ligte af te skakel.²¹⁷ Hierdie gerugte is ook later in die jaar deur van die ZAR se geheime agente uit Natal bevestig. Gerugte daar het sterk geloop dat Engelse offisiere en spioene in Johannesburg en Pretoria aanwesig was, met die oog op die beplande komplot.²¹⁸

Teen die middel van April 1899 het die Kommissaris van polisie, Schutte, in 'n skerp bewoorde brief aan die Staatssekretaris, die hele komplot onder die regering se aandag gebring en gekla oor die hantering van die saak:

Zooals de HEd Regeering bekend, is het een zware zaak om alles uit te vinden, ik doet mijn uiterste best om al de wapenen in handen te krijgen

213 SP 881, Thos Smith - Beukes, Johannesburg, 23.3.1899.

214 SP 885, Thos Smith - Beukes, Johannesburg, 27.3.1899.

215 SP 885, GCPM 57/99, Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 8.4.1899.

216 SP 881, Verslag T. Smith - Beukes, Johannesburg, 13.4.1899.

217 SP 881, Verslag T. Smith - Beukes, Johannesburg, 19.4.1899.

218 SP 818, GDDM 119/99, Ruskins - Hoofd de Afdeling Speurpolitie, 18.9.1899.

voor dat het uitgedeeld kunnen worden.... Ik heb verskillende malen aan de Hed Regeering gevraagd om eene regeling te treffen tusschen mijn departement en die v/h Kabinet om aan te toonen de wenschelijkheid ervan, dat is, ik doet mijn best om de geweeren in handen te krijgen. Nu rapporteerd mijn geheime agenten aan mij dat er te Johannesburg twee menschen rondgaan bij name WHITE en STAFFORD PARKER. Zij zeggen dat zij in den geheimen dienst zijn en zij offereeren £3 per loop en £1 000 als een bonus. Als het waar is, dan is het voor mij onmogelijk om verder op zoo eene wijze aan te gaan, de beste zaak wordt verknoeid en de Regeering moet daarvoor betalen....²¹⁹

Dit is insiggewend dat Schutte nie sy lot by die Staatsprokureur, Smuts, bekla het nie. Die rede was waarskynlik as gevolg van 'n botsing tussen die Staatsprokureur en die Kommissaris, wat ontstaan het in die tyd toe Smuts stelselmatig beheer van die Geheime Diens begin oorneem het. Smuts het waarskynlik uit sy eie geheime agente aangestel om die saak verder te ondersoek, sonder om die Kommissaris daarin te ken. Dat Smuts wel kennis geneem het van Carter en Smit se verslae gedurende April, word bevestig weens die feit dat hy op verskeie van die lêeromslae in sy eie handskrif "Kennis genomen J.C. Smuts SP", geskryf het.²²⁰ Die Britse regering het die magstryd tussen Smuts en Schutte uitgebuit deur dit voor te hou as die rede vir die "opgemaakte komplot". Hulle het verder beweer dat Schutte en Beatty die komplot gefabriseer het om hulle eie poste te regverdig, in die lig van die voorgestelde veranderings aan die Speurpolisie.²²¹

Intussen het Carter homself al hoe dieper in die geledere van Nicholls en Patterson ingegrawe. Hy het selfs sover gegaan en Patterson dronkgemaak om verdere inligting rondom die komplot te bekom. Carter het Kruger versoek om hom van opgemaakte inligting en kaarte in verband met die fort te Johannesburg, asook die ZAR se troepe bewegings en planne, te voorsien. Dit sou hulle vertrouwe in hom

219 SP 885, Commissaris van Politie - Staat Secretaris B (Kabinet), Pretoria, 10.4.1899.

220 SP 885, GCPM 62/99, H.C. Carter Johannesburg, Rapporteer re zijne bevindingen aldaar, 19.4.1899, SP 885, GCPM 72/99, "H.J.(sic) Carter, Rapporteer re toestanden in Johannesburg", 1.5.1899, SP 885, GCPM 73/99, "J. Smith Johannesburg Rapporteer re toestanden in Johannesburg", 1.5.1899.

221 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 18.

verder versterk.²²² Verdere verslae het daarop gewys dat wapens en ammunisie in die Simmer en Jack-myn versteek is.²²³ Carter het ook gepoog dat die leiers van die komplot 'n vergadering aan sy huis moes hou, sodat hy van die gesprekke met 'n "phonograph" vir latere getuienis, kon opneem.²²⁴ Hierdie voorgestelde optrede van Carter dui op 'n meer professionele benadering wat by hom as 'n geheime agent posgevat het. Dit was ook die eerste voorkoms van meeluistering in die geledere van die Geheime Diens.

Beide die Staatsprokureur, Smuts, en die Kommissaris, Schutte, was in 'n dilemma oor die hantering van die saak. Afgesien van die feit dat Smuts sy eie geheime agente aangestel het om die saak verder te ondersoek en Schutte daardeur in die gesig gevat het, het Schutte oor genoeg inligting beskik om tot die gevolgtrekking te kom dat daar 'n komplot beplan is. Schutte het ongelukkig ook die etiket om sy nek gehad dat hy en Beatty die saak gefabriseer het om hulle tanende aansien te herstel.²²⁵ Nadat die beskuldigdes op 15 Mei aangekla is, was Smuts se probleem dat hy 'n risiko sou loop indien hy geheime agente in die hof sou laat getuig. Dit kon die totale Geheime Diens en van die agente ontbloom het. Die pers het ook alreeds gespekuleer dat Tjaart Kruger, die hoof die Geheime Diens, se besoek aan Johannesburg in verband gestaan het met die arrestasies. Die regering se reaksie hierop was dat sy besoek 'n roetine inspeksiebesoek aan die Speurdiens se kantore was, onder andere om die voorgestelde hervormings aan die speurdiens te beplan.²²⁶ In 'n laat berig in die *Pretoria News* is gemeld dat die arrestasies in opdrag van Tjaart Kruger uitgevoer is, in sy oorywerigheid om sy vader se hande te sterk.²²⁷ Kruger en die Geheime Diens is verder betrek by die saak deur 'n verklaring wat Thomas D. Bundy gedurende Julie 1899 afgelê het.²²⁸ Daarvolgens sou Beatty aan hom gesê het dat sy getuienis onbevredigend is omdat hy nie die *South African*

222 SP 885, GCPM 62/99, Verslag Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 19.4.1899.

223 SP 885, GR 443/99, Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 20.4.1899.

224 SP 885, Verslag Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 12.5.1899.

225 G.N. van den Bergh, *Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1980, p. 306.

226 TAB, BA 20, Uitknipsel uit *The Press*, 17 Mei 1899, p. 13.

227 TAB, BA 20, Uitknipsel van die *Pretoria News*, 16 Mei 1899.

228 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 21.

League geïmpliseer het nie. Volgens Bundy het Beatty daarna 'n afspraak vir hom met De Villiers, die aanklaer in die saak en met Tjaart Kruger, in die Transvaal Hotel gereël. By daardie geleentheid het Kruger hom versoek:

Do all you can to prove this to be a case of conspiracy on the part of the
British Government, as it will strengthen my father's hand.

en as beloning het Kruger bygevoeg

I'll give you a couple of hundred pounds and you'll get a good billet in
the Secret Service.²²⁹

Die pers het 'n verdere rol gespeel om die Geheime Diens te betrek by die saak:

It is true however, that four months ago the Secret Service
Commissioners reported to the Chief Commissioner of Police, Mr.
D.E. Schutte and the State Attorney, that there was reasonable
ground for a very shrewd suspicion that ex-military men and
people... discharged from Her Majesty's service were busily
engaged in enlisting the "riff-raff" of the town - "ex-military men"
and "colonels"....²³⁰

Wat die hele saak verder baie verdag laat voorkom het is die feit dat Tremlett, Ellis en Michell as staatsgetuies aanvaar is.²³¹ Milner het hieroor as volg aan Chamberlain berig:

In my opinion case anything but credible to Government of South
African Republic. Three of the prisoners were practically spies or
"agents provocateurs" of detective [? force], one being in direct
employment. Latter were arrested on their own affidavits and kept in
gaol till the hearing to spy on the others.²³²

Die drie se taak was om op Nicholls en Patterson te spioeneer. Die hoofrede vir die feit dat Nicholls en Patterson onskuldig bevind is, moet gesoek word in die feit dat

229 *Ibid.*, p. 21.

230 TAB, BA 20, Ongeïdentifiseerde koerantuitknipsel gedateer 17.5.1899.

231 C. Headlam, *The Milner Papers South Africa 1897-1899*, p. 383.

232 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 4.

hoofdspeurder Beatty as die belangrikste getuie gebruik is. Beatty se belangrikste aandeel in die saak, is feitlik slegs die feit dat hy die arrestasies uitgevoer het.²³³ Beatty het onder kruisverhoor erken dat hy opdrag van Schutte gekry het “to work up the case” en dat hyself vir Tremlett in diens geneem het om in die saak behulpsaam te wees.²³⁴ Tremlett het in ‘n skrywe aan Tjaart Kruger in detail verduidelik hoe hy deur Beatty en Schutte by die saak betrek is. Allerhande beloftes soos: “I will give you a couple of thousand for your services...” is gemaak. Hy was ongelukkig oor die wyse waarop hy deur Schutte en Beatty mislei is. Al wat hy vir sy dienste gekry het was ‘n aanklag van hoogverraad en ‘n maand wat hy in die tronk moes sit.²³⁵ Die Kommissaris se kantoor het Tremlett se bewerings ontken naamlik dat hy ‘n goeie betrekking aangebied is in ruil vir die feit dat hy sou saamspeel. Hy is slegs ‘n vergoeding van 15/- per dag vir sy dienste aangebied.²³⁶ Beatty se swak reputasie as getuie in die verlede is ook uitgebuit deur die verdediging se verteenwoordiger, advokaat Duxbury, wat dit aan die hof genoem het.²³⁷

Dit is ook insiggewend dat Beatty homself doelbewus gedistansieer het van die Geheime Diens se rol in die saak. Hy het volgens ‘n koerantberig in die hof getuig:

I know that apart from the Detective Service at Johannesburg there is a Secret Service Department. I am in no way connected with the latter. Everything I did in this case I did purely in my capacity as an ordinary detective, in conjunction with the Secret Service.²³⁸

Hierdie verklaring van hom moet gesien word teen die agtergrond van die jarelange spanning wat daar tussen die Speur- en Geheime Diens bestaan het.²³⁹ Verder moet dit verklaar word uit Beatty en Schutte se pogings om vir hulleself aansien te herwin, en weerstand te bied teen die voorgestelde veranderinge, om die speurdiens

233 TAB, BA 20, Uitknipsel uit *The Press*, 17 Mei 1899, p. 13.

234 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p.8.

235 SP 818, GDDM 22/99, Skrywe E.J. Tremlett - T.Kruger, Johannesburg, 4.8.1899.

236 SP 893, Skrywe Schutte - Hfd afd Spr Politie, Aug 1899, p. 22.

237 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 8.

238 BA 21, Koerantuitknipsel uit *The Press*, 10 Junie 1899.

239 Kyk Hoofstuk 4.

weer onder die staatsprokureur se beheer te plaas. 'n Saak wat selfs deur die aangeklaagdes se advokaat gebruik is as bewys dat die komplot deur Schutte en Beatty beplan is.²⁴⁰

Die feit dat Nicholls en Patterson vrygespreek is, kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Die hof het die feit dat drie van die beskuldigdes met opset in hegtenis geneem is om as geheime agente van binne op die eintlike twee beskuldigdes te spioeneer, nie aanvaar nie. Smuts se ondersoek vanaf die Staatsprokureur se kant was nog nie afgehandel nie. Op aandrang van president Kruger wat gevrees het vir 'n aanval, het hy egter die arrestasies laat uitvoer.²⁴¹ Die feit dat Patterson homself as 'n kaptein voorgedoen het en Nicholls homself as 'n kolonel en die ander aangeklaagdes ook fiktiewe range beklee het en die Geheime Diens dit eers in die hof agtergekom het, het die diens in 'n swak lig gestel. Die Britse regering het ook beweer dat dit nie toevallig was dat Smuts twee weke voor die Bloemfontein-konferensie, die arrestasies gemagtig het nie.²⁴² Hierdie feit het waarskynlik bygedra daartoe dat die hof kon aanvaar het dat daar 'n politieke motief agter die "komplot" skuil en dat die ZAR-regering politieke voordeel daaruit kon kry, geskuil het. Laastens het die waarnemende hoofspeurder, De Villiers, na 'n ondersoek bevind dat daar geen bewyse was van 'n komplot om die fort in Johannesburg aan te val nie.²⁴³

Al uitwerking wat al die gerugte en gebeure op die fort gehad het, was die feit dat die aantal manskappe teen Julie 1899 vermeerder is. Die besetting het daarna bestaan uit een kaptein, een eerste luitenant en 100 onder-offisiere en manskappe.²⁴⁴

Vir geheime agent H.C. Carter was sy betrokkenheid in die saak katastrofies vir sy verdere loopbaan. Die verklaring wat hy afgelê het voor Schutte, het bloot daarvoor gehandel dat hy bewus was van petisies en werwing wat aan die gang was.²⁴⁵ Carter, as betaalde agent van die Geheime Diens, se naam is ontbloot in 'n

240 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 18.

241 *Ibid.*, p. 3.

242 *Ibid.*, p. 18.

243 SP 853, Waarnemende hoofspeurder - Hoof van speurdiens, 25.8.1899, p. 41.

244 J. Ploeger, Die fort te Johannesburg in *Militaria*, 5(3), 1972, p. 37.

245 SP 885, GCPM 107/99, Verklaring van Carter afgelê voor Schutte, 19.5.1899.

verklaring wat Alexander Tayfield na die arrestasies afgelê het.²⁴⁶ Carter het, nadat hy verneem het dat Tayfield “has gone over to the other side”, en gedagvaar is om te getuig, Kruger versoek om te probeer verhoed dat Tayfield getuig.²⁴⁷ Tayfield het volgens Carter geswaai omdat hy geen geld van hom af ontvang het nie. Hy het hom daarop gewys dat Tayfield se getuienis fataal sou wees aangesien hy van Carter se verbintenisse geweet het.

Carter se vrese is egter bewaarheid. Volgens die verklaring, het Carter vir Patterson na Tayfield toe gestuur om hom te werf vir die beoogde beweging om die komplot mee uit te voer. Tayfield het verder verklaar:

I know Carter.... First met him in his capacity of first lieutenant and adjutant in the Boys' Brigade.... I joined the corps.... I was regimental sergeant-major. Carter told me he was in the Secret Service Department, and was getting on average about £30 per month. This was after he had sent Patterson to me. Before he told me that he was in the secret service, he spoke to me of the movement....²⁴⁸

Hierdie optrede van Carter om homself te verraaï as ‘n geheime agent, is heeltemal teenstrydig met sy eerste verslae waarin hy uiters versigtig was om homself en sy loopbaan op die spel te plaas.²⁴⁹ Na afloop van die hofsak was hy baie verbitterd teenoor die ZAR-regering wat volgens hom, nie hulle belofte gehou het naamlik dat hy niks sou verloor deur vir hulle in die hofsak te getuig nie. In ‘n skrywe het hy genoem dat sy kamer en alles wat hy besit het, vernietig is in ‘n brand wat uit weerwraak gedoen is. Hy het geskryf dat hy geen vriende meer oor het nie, ‘n klomp skuld het om te vereffen en versoek die regering om hom finansieel by te staan. Carter het sy laaste salaris van £25 gedurende Mei maand ontvang.²⁵⁰ Die publikasie van sy naam in *The Star* het hom ook sy werk gekos.

246 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 22.

247 SP 221, GCPM 143/99, Skrywe Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 18.7.1899.

248 C. 9521 Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic, p. 22.

249 SP 885, Skrywe Carter - Hoofd v/h Geheim Dienst, Johannesburg, 30.3.1899.

250 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, Inskrywing: “Mei 8 H.C.Carter sal Mei (£)25”, p. 38.

Dat Carter aangevoel het dat iets nie pluis was nie, word bevestig deurdat hy direk aan die Kommissaris, in plaas van soos normaalweg aan die Hoof van die Geheime Diens, 'n brief geskryf het. Daarin het hy geskryf dat hy alreeds 12 verslae ingestuur het en nog geen reaksie gekry het nie. Hy het begin twyfel of sy verslae van waarde was en het die Kommissaris versoek om te reageer.²⁵¹

Intussen het hy alreeds terwyl die hofsaak nog aan die gang was, in 'n skrywe aan die Britse Agent in Pretoria, advies oor sy posisie gevra. Hy het daarin verduidelik dat hy van mening is dat hy slegs sy plig gedoen het deur die "beweging" aan te meld.²⁵² Die Britse Agent het in 'n kort skrywe verklaar dat hy hom van geen advies kan bedien nie.²⁵³ Selfs vanaf die ZAR-regering se kant, het Carter 'n koue skouer gekry. Kruger het as hoof van die Speurpolisie die skrywe aan die Kommissaris se Kantoor vir hantering, gestuur. Bredell het namens die Kommissaris die saak terugverwys na Kruger met die opmerking:

Indien hij nog onder mij resorteer zou ik hem een kleine vergoeding hebben gegeven aangezien hy geen salaris....²⁵⁴

Uiteindelik het die Staatsprokureur beslis dat hy geen vergoeding sou ontvang nie. Hiermee het 'n Britse onderdaan, wat aanvanklik uit pligsbesef en later vir die geld, teen sy eie mense by spioenasie betrokke was, die prys betaal vir die risiko wat hy geloop het.

'n Verdere nasleep van die hofsaak was dat die Geheime Diens en sy hoof, Tjaart Kruger, in die kollig geplaas is. Dit was positief in die sin dat die anti-Krugergroeperinge aan die Witwatersrand en elders in Suid-Afrika, kennis geneem het van die werksaamhede van die Geheime Diens. Afgesien van Carter, was geen van die ander geheime agente soos byvoorbeeld Smith wat aan die saak gewerk het, ontbloot nie. Na afloop van die saak is Beatty deur Smuts afgedank. Gedurende Oktober het geheime agent McGregor gerapporteer dat Ferguson en Beatty die land uitgevlug het en hulle in daardie stadium in Lourenco Marques bevind het.²⁵⁵ Beatty

251 SP 881, Skrywe Carter - Comm. D. Schutte, Johannesburg, 1.5.1899.

252 TAB, BA 25, Skrywe Carter - The British Agent Pretoria, Johannesburg, 14.6.1899.

253 TAB, BA 25, Duplikaat van skrywe: Lunnon - H.C. Carter, 15.6.1899.

254 SP 818, GDDM 33/99, Lêer "Kantoor Staatsprokureur Z.A.Republiek" in verband met "H.C.Carter Johannesburg" met verskeie aantekeninge daarop.

255 SP 818, DDM 188/99, Verslag McGregor - Hoofd der Speurpolitie, Pretoria, 9.10.1899.

en Ferguson het ook, voordat hulle gevlug het geheime dienste vir die Britte verrig.²⁵⁶ Beatty was die vorige jaar al onder verdenking dat hy vir Rhodes gespioeneer het terwyl hy in die ZAR se diens was.²⁵⁷ Die Kommissaris het ironies genoeg vir Ferguson, wat geen bewyse kon vind nie, opdrag gegee om die bewerings te ondersoek.²⁵⁸

Met die Kommandant-generaal wat die Geheime Diens negatief gesind was, 'n Volksraad wat gemengde gevoelens oor die aanwending van geheime fondse gehad het, 'n hofsaak wat die Diens in 'n negatiewe lig in die pers gestel het, maar óók 'n definitiewe behoefte aan die tipe diens, het dit 'n persoon soos staatsprokureur J.C. Smuts gekos om die Geheime Diens se wa deur die drif te sleep.

256 G.N. van den Berg, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1980, p. 309.

257 SP 808, Skrywe van "A hater of spies" - J.Viljoen Krugersdorp S.A.R., Johannesburg, 3.4.1898.

258 SP 808, DDM 382/98, Lêer met inskripsie van Ferguson - Coms. van Politie, 4.5.1898.

HOOFSTUK 7

DIE MILITARISERING VAN DIE GEHEIME DIENS OP DIE VOORAAND VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

7.1 Die insameling van militêre inligting word die hooftaak

Teen die tempo wat beide die ZAR¹ en die Britse regerings² vanaf 1898 hulleself begin bewapen het in Suider-Afrika, was dit onvermydelik dat die insameling van militêre inligting noodsaaklik sou word.

Gedurende April 1897, het sir John Ardagh, die Britse *Director of Military Intelligence*, al gewys op die feit dat daar bewyse was dat die ZAR besig was om vir oorlog voor te berei.³ Op 1 Desember 1897 was die totale getalsterkte van die Britse troepemag in Suid-Afrika 9 593 offisiere, onder-offisiere en manskappe.⁴ Lord Landsdowne het gedurende 1898 in 'n geslaagde memorandum aan die Britse kabinet, gevra vir 6 addisionele bataljons, 15 artillerie batterye en 3 Howitzer-batterye.⁵

Die Geheime Diens het tot in daardie stadium (1898) 'n kombinasie van strategiese, ekonomiese en militêre inligting ingesamel. Voortaan het inligting met 'n militêre strekking, die grootste deel van agente se rapporte uitgemaak. Die Geheime Diens

1 J.J. van Heerden, Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, (D. Phil., UP, 1949), p. 312.

2 SP 884, GCPM 9/98, De la Court: Rapport no. 1 over de Britsche troepen in Natal, 25.1.1898.

3 Cd. 1789 Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the War in South Africa, p. 155.

4 Cd. 1789 Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters with the War in South Africa, p. 21.

5 W.T. Stead, *How Britain goes to war: A digest and analysis of evidence taken by the Royal Commission on the war in South Africa*, p. 26.



Fig. 12: Die Kommandant-Generaal van die ZAR, P.J. Joubert. Joubert was die die Geheime Diens negatief gesind. Bron: J. Malan, *Die Boere-offisiere 1899-1902*, p. 14.

se take het in die loop van 1898 duidelik in 'n interne en eksterne taak uiteengeval. Die eksterne taak het hoofsaaklik die insameling van militêre inligting buite die landsgrense behels. Die ZAR het egter nie soos die Britte, oor 'n aparte afdeling vir militêre inligting beskik nie. Die Geheime Diens het hierdie taak vervul. Die Geheime Diens se verslae het regdeur 1898 aangedui dat 'n oorlog onvermydelik was. Dit was die ideale geleentheid vir die ZAR-regering om 'n aparte afdeling vir militêre inligting te skep. Dit het nie gebeur nie en die Geheime Diens het hierdie taak bly verrig. Die redes hiervoor het waarskynlik te make met die feit dat Smuts, wat teen Junie 1898 as Staatsprokureur aangestel is, nog nie behoorlik sy voete gevind het nie. Die amptenary binne die departement wat hom hieroor moes adviseer, het hoofsaaklik uit die Speurpolisiegeledere gekom en het waarskynlik nie die nodige aanvoeling vir militêre inligting gehad nie. Verder het die Kommandant-generaal, P.J. Joubert, nie die noodwendigheid vir so 'n diens óf afdeling ingesien nie.⁶ Dit het in alle waarskynlikheid die deurslag gegee dat die *status quo* behou is.

Alhoewel daar nie 'n aparte afdeling vir militêre inligting by die Geheime Diens se kantoor bestaan het nie, wil dit voorkom asof 'n agent soos Schröder gesuggereer het dat militêre inligting vir 'n aparte afdeling bedoel was deur te rapporteer:

Voldoende aan UEdeGestrenge's verlangen, heb ik overigens de eer hier in te sluiten een precis, welke voor den inlichtingsdienst bestemd is.⁷

Die dokument van agt bladsye het gedetailleerde statistiek oor die Britse troepemag se slagorde in Griekwaland-Wes, Brits-Betsjoeanaland, Masjionaland en Matabeleland bevat. Hy het ook foto's ingesluit van wapentuig asook 'n skets van die uitleg van Fort Tuli. Indien hy bedoel het dat die spesifieke inligting vir die "militêre inligtingsdiens" van die ZAR bedoel was, is Schröder die enigste agent wat die onderskeid getref het. Alhoewel die verslag aan die Uitvoerende Raad voorgelê is, is daar geen aanduiding op die lêeromslag dat die inligting na die Kommandant-generaal verwys is nie.⁸ Dit is vreemd, want dit was die eerste keer dat die regering 'n verslag met substansie van die omvang van die militêre toestand en

6 Kyk Hoofstuk 6.

7 SP 885, GCPM 89/99, Rapport no. 30 vanaf Schröder, Pretoria, 8.5.1899.

8 SP 885, GCPM 89/99, Lêer met onderwerp: "De la Court Pretoria, rapporteert re toestanden te Kimberley Bulawayo, enz.," 9.5.1899.



Fig.13: Jacobus Philip de la Court Schröder (1.10.1863 - 16.10.1932)
een van die knapste agente wat in diens van die Geheime Diens van
die ZAR gestaan het. Bron: *Onze krijgsofficiëren...*, p. 167.

voorbereidings op die wesgrens ontvang het. Die feit van die saak is dat die ZAR nie oor 'n aparte afdeling vir militêre inligting beskik het nie, selfs op die stadium toe oorlogswolke alreeds begin saampak het. Dit het innoverende geheime agente egter nie daarvan weerhou om inligting met 'n militêre strekking deur te gee nie.

Daarenteen het die ZAR-regering se opposisie wel oor 'n afdeling belas met militêre inligting beskik. Sedert 1887 het die Britte alreeds oor 'n *Director of Military Intelligence (DMI)* beskik.⁹ Die hoof van hierdie afdeling, generaal-majoor Henry Brackenry, was dan ook 'n militaris.¹⁰ Die Britse geheime diens, die *Secret Intelligence Service (SIS)*, en die *Intelligence Department* onder beheer van die DMI en gekoppel aan die *War Office*, het onafhanklik gefunksioneer.¹¹ Later tydens die oorlog, sou taktiese of gevegsinligting as 'n onderdeel van militêre inligting deur die *Field Intelligence Division* aan Britsekant, en die Verkennerskorpse aan Boerekant uitgevoer word.¹²

Een van die ZAR se uitstaande geheime agente wat die insamel van militêre inligting betref, was Jacobus Philip de la Court Schröder (Schroeder). Schröder is op 1 Oktober 1863 te Kaapstad gebore en is op 16 Oktober 1932 in Pretoria oorlede.¹³ Hy het "een militaire opvoeding"¹⁴ in Duitsland ontvang en het ook in die Kaap 'n militêr-akademiese opleiding gehad.¹⁵ Hierdie militêre opleiding en blootstelling wat hy gehad het, sou later duidelik na vore kom in veral die gemak waarmee hy as geheime agent, militêre situasies geanaliseer het. Hy was militêr baie aktief. Onder andere het hy deelgeneem aan die Eerste Vryheidsoorlog en het as Kommandolid aan verskeie veldtogte teen kapteins van swart stamme in die ZAR deelgeneem. Gedurende 1881-1882 het hy teen Gotsisibi en Ikalafeng, twee Tswana-kapteins in Wes-Transvaal, geveg, en gedurende 1882-1883 teen Mampuru van die Pedi asook

9 P. Gudgin, *Military intelligence: The British story*, p. 30.

10 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 82.

11 *Ibid.*, p. 88.

12 J. Haswell, *British military intelligence*, pp. 65-66.

13 J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*, p. 75.

14 F.V. Engelenburg en G.S. Preller, *Onze krijgs-officiëren: album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten e.a.* p. 168.

15 G.N. van den Bergh, *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 133.

teen Nyabela van die Ndebele in Oos-Transvaal. Nadat hy bevorder is tot luitenant in die Staatsartillerie het hy aan verskeie veldtogte deelgeneem. In 1890 het hy teen Modjadje van die Lobedu-stam geveg asook teen Mmalebôgô waar hy hom veral by die slag van Blouberg in 1894, onderskei het.¹⁶ In 1895 het hy generaals Joubert en Smit na Swaziland vergesel waar hy behulpsaam was om Bhunu namens die ZAR, as hoof te vestig.¹⁷

Sedert 1884 was hy in diens van die Staatsartillerie en 1890 is hy aangestel as 'n tweede-luitenant in die Johannesburgse-polisie.¹⁸ Gedurende Augustus 1896 het Schröder as 'n joernalis, in Suid-Afrika, vir die Britse *Daily Telegraph* gewerk. Sover vasgestel kan word, was hy in daardie stadium nog nie in diens van die Geheime Diens van die ZAR nie, alhoewel hy as joernalis 'n handige alibi gehad het. Dit was egter juis twee geheime agente, naamlik Mostert en Oliphant, wat hom in Bulawayo as 'n joernalis opgemerk het.¹⁹

Met sy militêre opleiding en agtergrond, kennis en ervaring van polisie-diens, ervaring as joernalis asook sy goeie insig en aanvoeling, was Schröder as geheime agent by uitnemendheid geskik. Voeg hierby die feit dat hy alreeds sy lojaliteit teenoor die Kruger-regering bewys het en die potensiaal was daar vir 'n uiters bruikbare agent. Na 'n dienstermyn in die berede polisie, waar hy ook behulpsaam was om die Swazilandpolisie te organiseer, het Schröder op eie versoek tot die Geheime Diens toegetree.²⁰ In Junie 1897, het hy die eerste van sy talle volledige en insiggewende verslae as geheime agent, uit Mafeking ingestuur.²¹ Kenmerkend van sy weeklikse verslae was dat hulle genommer is en uiters noukeurig saamgestel is. Die tegniek om verslae te nommer, het dit makliker gemaak om kontrole uit te oefen indien verslae verlore sou raak.

16 J.P.F. Moolman en J. Ploeger, "Jacobus Philip de la Court Schröder (Schroeder)" in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, pp. 735-736.

17 F.V. Engelenburg en G.S. Preller, *Onze krijgs-officieren: Album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten* e.a. p. 168.

18 G.N. van den Bergh, Die Polisie-diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 133.

19 SP 882, Verslag no. 11/96, Mostert en Oliphant - D.E. Schutte, Bulawayo, 20.8.1896.

20 SP 892, Skrywe Kommissaris - Lt. Schröder, 22.5.1897, p. 213.

21 SP 883, GCPM 525/97, Lêer: "de la Court - Mafeking Rapporteer omtrent zijne bevindingen aldaar," 22.6.1897.

Schröder het ook van die tegniek van sub-opskrifte gebruik gemaak om lang en omvattende verslae in afdelings te verdeel, soos byvoorbeeld 'n rapport wat hy ingestuur het oor die samestelling van die Britse troepemag in Natal. Hy het die verslag verdeel in die volgende sub-opskrifte: "Het kamp bij Ladysmith, Het Garnisoen, De Infanterie, De Veld-artillerie, Aanvullingstroepen enz., Paarden, Transport, Lewensmiddelen, oorlogsmateriaal enz.. Communicatiën, Geschut wapens en munitie, Forten kazernes en magazijnen en De Kampregulaties".²² Hy het sy verslae baie gestruktureerd saamgestel en alle aspekte van 'n saak gedek. Dit was alreeds vroeg in Schröder se loopbaan as geheime agent duidelik dat hy sy taak professioneel benader. Sy leuse was dat sy taak "spoedig en in de grootste stilte moest geschieden" en dat sy verslae gebaseer moes wees op "vertrouwbare feiten en konfidentieele mededeelingen".²³ Schröder het hom gefokus gehou op die primêre taak van die Geheime Diens, naamlik, om geheime planne teen die Staat te openbaar. Dit blyk uit die volgende inleidende opmerking uit een van sy verslae:

(D)at Haar Majesteits regeering steeds geheime anti-Transvaalse plannen voerd.²⁴

Ten spyte van probleme, wat hy ondervind het van ZAR-brgers wat sy taak in Natal bemoeilik het, het hy Tjaart Kruger verseker:

(V)ertrouw op mij en weest gerust dat ik de aan mij opgedragen taak met getrouwheid zal vervullen.²⁵

Wat sy spioenasieverslae van groot waarde gemaak het, is die feit dat hy alreeds sekere informasie, wat hy ingewin het, begin vertolk het en sodoende het hy dit vir die Kommissaris se kantoor makliker gemaak omdat die informasie in 'n vertolkte formaat feitlik onverwerk aan die Uitvoerende Raad voorgelê kon word. Hy het die Britse troepemag in Natal se werklike getalsterkte volgens sy eie berekening met die getalsterkte volgens die pers vergelyk. Hy het bevind dat die pers se getalle onwaar

22 SP 884, GCPM 11/98, Rapport no. 2 "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 28.1.1898.

23 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 3 "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Durban, 9 April 1898.

24 SP 884 GR 713/98, Rapport no. 7 "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 16.6.1898, p. 1.

25 SP 881, Skrywe Schröder - "Waarde T" (Tjaard Kruger), Durban, 16.2.1898.

was en dat daar volgens hom 91 offisiere en 286 gewone soldate te min aangedui is. Om hierdie tipe verskille uit 'n totale troepemag van 4 316 man te kon bereken het, het gedui op die akkuraatheid en erns waarmee Schröder sy werk benader het.²⁶

Alhoewel Schröder primêr op militêre inligting gefokus het, het hy ook, soos later aangetoon word, ekonomiese, politieke en sosiale inligting wat relevant was, ingesamel en deurgegee. In hierdie opsig was hy sy tyd vooruit. Hierdie optrede was meer in lyn met die Duitse gebruik van Bismarck se hoof van spioenasie, Wilhelm Stieber. Stieber was die eerste professionele geheime agent wat alreeds teen 1866 alle moontlike inligting op politieke, sosiale, militêre en ekonomiese gebied versamel het wat betrekking op 'n bepaalde land of gebied gehad het.²⁷ Net soos Stieber het Schröder baie aandag aan detail in sy inligtingsverslae gegee.²⁸ Dit kon wees dat Schröder, wie se werk as agent soortgelyke kenmerke vertoon het tydens sy militêre opleiding in Duitsland, hierdie opleiding ontvang het.

Schröder het alreeds aan die begin van 1898 op grond van sy waarnemings oorlog met Engeland voorspel.²⁹ Sy talle verslae, wat hy in die loop van 1898 en daarna ingestuur het en interpretasies van die magsopbou van Britse troepe en krygstuig in Suider-Afrika, het hy in die lig van 'n komende oorlog beoordeel. Teen die middel van 1898 het hy weer eens tot die gevolgtrekking gekom dat:

(D)e Z.A. Republiek zal ongetwyfeld tot een oorlog *gedwongen* worden;
en de eerste zaak is ... *te winnen*.³⁰

Dit is duidelik dat Schröder 'n byna fanatiese lojaliteit as geheime agent teenoor die ZAR- regering en hulle saak gehad het. Die salaris van £35 per maand, wat hy as agent ontvang het, was waarskynlik vir hom sekondêr.³¹ Anders as baie ander geheime agente, wat baie vinnig gekla het as hulle salarisse óf laat óf te min was vir

26 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 3: "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Durban, 9 April 1898, pp. 8-9.

27 B. Murphy, *The business of spying*, p. 43.

28 R. Seth, *Encyclopedia of espionage*, pp. 611-613.

29 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 3: "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Durban, 9 April 1898, p. 12.

30 SP 884, GR 713/98, Rapport no. 7: "over De Britsche troepen in Natal" vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 16.6.1898.

31 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, Inskrywing: Juni 19, J. Schroeder Sal. 19 Juni tot 19 Juli (£)35", p. 16.

hulle daaglikse reis- en verblyfkostes, het Schröder hom selde hieroor uitgespreek. As gevolg van swak reëlins vanaf die Geheime Diens se hoofkantoor, in verband met 'n voorskot wat hy nie ontvang het nie, het hy gedreig om te bedank indien daar nie in die toekoms beter reëlins getref sou word nie. Tipies van Schröder het hy pligsbesef eerste geplaas en het hy onder meer aan Tjaart Kruger as hoof van die Geheime Diens geskryf:

Alles, alles die mij zoolang noopte om aan te blijven is uit respect voor de Regeering en U en ik beschouwde het crimineel om mijn post te verlaten te midden der landsomstandigheden.³²

As na die omvang en lengte van sy verslae gekyk word wat soms tot 9 bladsye³³ beslaan het, dan is dit duidelik dat die insameling van inligting en die samestelling van verslae vir hom primêr was. Hy het baie tyd en aandag daaraan bestee.

Twee ontwikkelinge gedurende die negentiende eeu wat 'n groot invloed op spioenasie gehad het, was die ontwikkeling van die tegnologie van fotografie en die ontwikkeling van die trein as vervoermiddel.³⁴ Teen 1880 het die eerste handkameras hulle verskyning gemaak. In 1900 het Eastman die eerste Brownie-kamera bekendgestel.³⁵ Schröder het ook baie gou hierdie moderne tegnologie, soos die kamera, ingespan om die gehalte van sy verslae te verhoog. In 'n verslag aan die begin van 1898, sluit hy foto's in van die Britse kamp te Ladysmith, van 'n battery veldartillerie op parade, asook 'n foto van 'n battery R.M.L. 12-ponder veldkanonne.³⁶ Dit is nie duidelik of hy die foto's self geneem het nie. Nêrens in die finansiële state van die Geheime Diens is daar 'n aanduiding dat Schröder spesifiek vir fotografiese uitgawes betaal is nie.³⁷ Daar was egter verskeie Britse oorlogskorrespondente in Natal teenwoordig.³⁸ Indien Schröder onder die dekmantel

32 SP 885, Privaat skrywe Schröder - Kruger, Durban, 7.8.1899.

33 SP 884, GCPM 94/98, Lêer: "De la Court Durban Rapporteer re zijne bevindingen aldaar," 15.5.1898.

34 L. Barring, *Geheime agente en spioene*, p. 68.

35 E. Lee, *To the bitter end: A photographic history of the Boer War 1899-1902*, pp. 4-11.

36 SP 884, GCPM 11/98, Lêer "De la Court Rapporteer re zijne bevindingen in Natal", 28.1.1898.

37 SP 903, Commissaris van Politie Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 - 26.7.99, nommers 242, 5.1.1898 en SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, p. 26.

38 R. Sibbald, *The war correspondents: The Boer War*, pp. 4-9 en Black and White Budget, Transvaal Special no. 3, pp. 24-25.

van 'n joernalis in Natal geopereer het, is dit moontlik dat hy foto's vanaf Britse oorlogskorrespondente verkry het.

Hy het sy verslae verder aangevul met relevante koerantuitknipsels,³⁹ asook gedetailleerde kaarte en sketse van die Britse troepe se bewegings en ontplooiing.⁴⁰ Hierdie kunstalente van hom was nie vreemd nie, aangesien sy broer 'n bekende spotprenttekenaar was.⁴¹

Schröder het tipies soos ander geheime agente, dwarsoor Suider-Afrika geopereer. Die laaste ses maande van 1897 het hy homself hoofsaaklik aan die wesgrens bevind waar hy in Mafeking, Vryburg en Kimberley gespioeneer het. Vanaf Januarie 1898⁴² tot en met November 1898,⁴³ was hy in Natal waar hy tussen Durban, Pietermaritzburg, Biggarsberg en Ladysmith rondbeweeg het. Gedurende hierdie tydperk het hy op 'n weeklikse basis 43 verslae in totaal aan die Kommissaris van Polisie se kantoor gestuur. Afgesien van die feit dat Schröder se verslae gereeld aan die Uitvoerende Raad⁴⁴ voorgelees is, het Joubert as Kommandant-generaal,⁴⁵ Reitz as Staatsekretaris,⁴⁶ en Smuts as Staatsprokureur,⁴⁷ ook van die verslae persoonlik onder oë gehad. Dit het beteken dat Schröder se verslae onvermydelik 'n invloed op die besluitnemers, veral ten opsigte van die militêre situasie in die ZAR, gehad het.

39 SP 884, GCPM 53/98, Lêer: "De la Court Durban Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 12.4.1898. Sien verslag no.3 pp. 8-9.

40 SP 885, GCPM 127/99, Lêer: "de la Court P. Maritzburg Natal - Rapporteer omtrent de sterkte der troepen macht enz, in Natal", 29.6.1899. Sien verslag no. 51, pp. 9-11.

41 G.N. van den Bergh, Die Polisediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 309.

42 SP 884, GCPM 9/98, Lêer: "De la Court Durban Natal Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 25.1.1898.

43 SP 881, Rapport no. 43, Schröder - Den Commissaris van Politie der Z.A. Republiek, Durban, 22.11.1898.

44 SP 885, GCPM 127/99, Lêer: "de la Court Pmaritzburg Natal rapporteer omtrent de sterkte der troepen macht enz. in Natal", met inskripsie daarop: "Voorgelezen in den Uitv Raad 5.7.99 (Geteken deur R.J.H. Fortuyn klerk van die "Afdeeling Kabinet"), 29.6.1899.

45 SP 884, GCPM 141/98, Lêer: "De la Court Durban Rapporteer re zijne bevindingen aldaar" met inskripsie daarop: "Kennis genomen P.J. Joubert Commd Generaal", 12.7.1898.

46 SP 884, GCPM 150/98, Lêer: "De la Court Durban Rapporteer re zijne bevindingen aldaar" met inskripsie daarop: "Gezien F.W. Reitz sts. sec.", 21.7.1898.

47 SP 885, GCPM 161/99, Lêer: "de la Court Durban bericht omtrent militaire aangelenheden in Natal" met inskripsie daarop: "Staatsec Kabinet Aan u ter informatie J.C. Smuts SP", 3.8.1899.

Kenmerkend van Schröder is dat hy nie net oor die spesifieke gebied of dorp waar gestasioneer was, gerapporteer het nie, maar sake op 'n baie breër grondslag beoordeel het. Terwyl hy gedurende Mei 1898 in Natal geopereer het, het hy berig oor 'n saak wat van strategiese belang vir die hele Suider-Afrika was. Hy het gemeld dat volgens sy bronne die Britse regering besluit het om 'n militêre mag in Suid-Afrika permanent te ontplooi. Dit het bestaan uit twee kavallerieregimente, drie batterye veldartillerie, een battery bergartillerie, twee kompanies "vesting" artillerie, een kompanie genie en 6½ bataljons infanterie.⁴⁸ Volgens hom moes die totale Britse troepemag in Suid-Afrika uiteindelik op 9 722 offisiere en manskappe, 2 008 perde en 24 kanonne te staan gekom het.⁴⁹ Schröder sou deur fyn waarneming sy hoofkantoor in Pretoria, op 'n weeklikse basis, op hoogte hou oor die aanvulling en verskuiwing van Engelse eenhede en troepe. Hierdie tipe inligting was van groot waarde vir die ZAR-regering in terme van die soort wapentuig wat benodig sou word. Teen die middel van 1898 het Schröder op grond van sy waarnemings in Natal die regering geadviseer om:

(H)are weerbaarheid te organiseer, vooral door versterking van het leger en door ingrijpende effectieve landverdediging....⁵⁰

Hierdie aanbeveling van hom het hy ongeveer 15 maande voor die uitbreek van die oorlog gemaak op grond van eerstehandse waarnemings op grondvlak. Daarom was die teleurstelling later groot toe generaal Kock by Elandslaagte geen inligting gebruik het wat Schröder oor 'n lang tydperk baie akkuraat versamel het nie.⁵¹

Die gevoel wat Schröder gekry het was dat die ZAR-regering te veel op onderhandeling staatgemaak het om 'n oorlog te vermy en nie ernstig besig was met magsvoorbereiding nie, iets wat hom geweldig gekwel het. Teen September het hy in 'n verslag, waarvan generaal Joubert persoonlik kennis geneem het, geskryf:

Derhalve zou het verstandig zijn Engeland's voornemens te anticipeeren door eene verzoenende houding, maar... is spreek de overtuiging uit, dat onze strijdmacht nu met te meer spoed en in te grooter geheim zal dienen te worden voorbereid, zoodat

48 SP 884, GCPM 94/98, Rapport no. 6: Schröder, Durban, 15.5.1898, p. 1.

49 *Ibid.*, p. 2.

50 SP 884, GR 713/98, Rapport no. 7: Schröder, Pietermaritzburg, 16.6.1898, p. 2.

51 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899, p. 2.

de Z.A. Republiek zodoende zijn macht bewijzen en een aanslag op hare onafhanklikheid afweren zou.⁵²

Dit was duidelik dat Schröder in sy eie reg 'n strateeg was wat op 'n ander vlak as al die ander agente, in diens van die ZAR, geopereer het. Hierdie mening van hom is juis uitgespreek in 1898 in 'n stadium toe die Britse Minister van Kolonies, Joseph Chamberlain aan 'n vriend gesê het dat hy wens dat:

(E)veryone would forget the existence of the place (South Africa) for the next two years.

en aan sir Alfred Milner die Britse Hoë Kommissaris het hy laat weet:

For the present at any rate our greatest interest in South Africa is peace...all our policy must be directed to this object.⁵³

Schröder se aanvoeling en aanbeveling was dus heeltemal in die kol. Schröder het ook nie gehuiwer om skerp kritiek op ampsdraers te lewer nie, indien hy van mening was dat dit die saak van die regering benadeel nie. Aan die begin van 1899 het hy in 'n privaat skrywe vanuit Lydenburg die Kommissaris van Polisie gewys op ontevredenheid onder die burgers oor die min "rydende polisie" in daardie gebied. Hy het die Kommissaris kwalik geneem dat hy nog geen besoek aan Lydenburg gebring het nie en eerder struikelblokke in die weg lê om meer "rydende politie" aan te stel. Hy het derhalwe nie net kritiek gelever nie, maar ook aanbevelings gemaak om die probleem op te los.⁵⁴

In 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad, het Bredell 'n bedrag van £350 aangevra om Schröder na die wesgrens en Natal te stuur.⁵⁵ Schröder het homself so gevestig as die knapste en betroubaarste agent dat hy na al die krisispunte gestuur is veral as daar twyfel oor die werklike toedrag van sake by die regering bestaan het. Dit word verder bevestig dat hy weer eens na Natal gestuur is, alhoewel hy al redelik bekend in daardie geweste moes gewees het. Gedurende April 1899 het hy homself in

52 SP 884, GCPM 191/98, Rapport no. 35 vanaf Schröder, Durban, 15.9.1898, p. 2.

53 T. Pakenham, *The Boer War*, p. 23.

54 SP 885, Skrywe van Schröder - Kommissaris, Lydenburg, 27.1.1899.

55 SP 893, Skrywe H.C. Bredell - Staats Secretaris, Kabinet Pretoria, 6.7.1899, p. 7.

over

De Britsche troepen in Natal.

Het kamp bij Ladysmith.

Het kost ons weinig moeite met Liel uit
de nevensgaaude photographie een aannemelyke voor-
stelling van de aanwezige troepenmacht in boven-
bedoeld militairkamps te maken.



Licht bij het dorp Ladysmith en ten noordwesten

Fig. 14: Voorbeeld van 'n gedeelte van 'n rapport wat J.P. de la Court Schröder aan die begin van 1898 vanaf Ladysmith ingestuur het. Let op die netheid, detail en gebruik van foto's. Bron: SP 884, GCPM 11/98, 28.1.1898.

Kimberley en Bulawayo⁵⁶ bevind en vanaf die einde Junie het hy weer vanuit Natal verslae begin indien.⁵⁷ Hy het selfs sover suid as Durban beweeg waar hy in die Beach Hotel oornag het.⁵⁸ Die rondstuur van agente van Schröder se kaliber was vanuit 'n strategiese oogpunt goeie intelligensiebeleid want so sou hy nie bekend word en aandag trek nie.

Schröder het deurentyd sy vinger op die pols gehad. Op 9 Augustus 1899 het hy in 'n verslag geskryf:

Maar het is een feit, dat een Engelsche legerkorps binnen zes weken op onze grensen sal geconcentreerd worden, aangesien de Britsche Regeering, meent dat de rechten van Engeland op oorlogskosten onbetwistbaar zijn.

Die Kommandant-generaal, Joubert, het deur sy handtekening op die lêeromslag aan te bring, kennis geneem van die verslag.⁵⁹ In die laaste paar weke voor die uitbreek van die oorlog is Schröder deur die hoof van die Geheime Diens, Tjaart Kruger, gebruik om 'n opsomming van die totale Britse leër se sterkte en slagorde in Suidelike Afrika te doen. In opeenvolgende rapporte het hy verslag oor die stand van sake in Lourenco Marques, Betsjoeanaland, Rhodesië, Natal en die Kaapkolonie gedoen.⁶⁰

Weens Schröder se knap werk, veral wat betref die insameling, verwerking en vertolking van militêre inligting is hy op 9 Oktober 1899, 'n dag voor die uitbreek van die oorlog, aan generaal J.H.M. Kock se mag toegevoeg.⁶¹ Kock se mag was deel van die hoofoffensief wat Natal oor Bothaspas moes binneval, nadat hulle aansluiting by die Vrystaatse kommando's gekry het.⁶² Schröder was nie beïndruk met die wyse waarop Kock militêre beplanning gedoen het, sonder om enige

56 SP 881, Skrywe van Schröder - D.E. Schutte Commissaris van Politie der Z.A. Republiek, Kimberley, 23.4.1899.

57 SP 885, GCPM 127/99, Lêer: "de la Court - Pmaritzburg Natal Rapporteer omtrent de sterkte der troepen macht enz. in Natal", 29.6.1899.

58 SP 852, Afskrif van telegrafiese boodskap "Schroeder Hotel Durban", 29.7.1899, p. 10.

59 SP 885, GCPM 10/99, Rapport no. 76 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 19.8.1899.

60 SP 818, GDDM 75/99, Rapport nommers 77, 78, 79, en 80, 5.9.1899.

61 SP 852, Telegram Assistent Staatsprokureur - Tjaart Kruger Hoof van Speurpolisie, 9.10.1899, p. 75.

62 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, I. Die Boere-offensief Okt.-Nov. 1899*, p. 166.

inligting rondom die vyand se vermoëns, sterkte en stand van gereedheid in ag te neem nie. Hy het daarna by generaal Erasmus se mag aangesluit waar hy onder andere betrokke was by die inname van Dundee en aan die slag van Modderspruit deelgeneem het.⁶³

Dit wil voorkom of dit vir Schröder onverklaarbaar was dat die Boeremagte se leiers nie gebruik in hulle beplanning van akkurate inligting wat hy en ander geheime agente oor lang tydperke ingesamel het nie. Hy het verwys na Britse geheime dokumente waarop hy beslag gelê het en oorhandig het soos bv. *Reconnaissance Reports on the lines of advance through the Orange Free State* van 1897, 'n memorandum van sir Redvers Buller en 'n aantal topografiese kaarte van die twee Republieke, wat die Britte saamgestel het. Hy het gemeld:

Verder heb ik verkenningstochten gemaakt en o.a. verdachte personen gerapporteerd, en aldus met der daad te bewijzen, dat een inlichtingskorps van nut in het vijandelike land kan zijn.⁶⁴

Hieruit blyk Schröder se teleurstelling dat die Geheime Diens nie uitgebrei en aangepas is om op die gevegsfront en agter die vyandelike linies 'n rol ten opsigte van die insamel van inligting te speel nie. Hy het waarskynlik 'n aparte inligtingskorps, waarvan hyself in beheer sou wees, in die vooruitsig gestel. In teenstelling met sy siening van generaal Kock, het hy 'n hoë dunk van die militêre vermoëns van generaal Erasmus en staatsprokureur J.C. Smuts, gehad.⁶⁵

Gedurende 1900, tydens die oorlog, is Schröder bevorder tot “kommandant der Politie.”⁶⁶ Daar is ook na hom verwys as “spesiale” Kommandant, waarskynlik omdat hy in beheer was van 'n afdeling van die polisie wat as soldate aangewend is.⁶⁷ Hy is ook in beheer geplaas van 'n afdeling van die Speurpolisie in Natal, wat deel uitgemaak het van die “Veldpolisie”. Hulle taak was om ondersoek in te stel na sekere onreëlmatighede, soos die plunder van winkels, wat deur van die

63 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

64 *Ibid.*, p. 3.

65 *Ibid.*, p. 3.

66 F.V. Engelenburg en G.S. Preller, *Onze krijgs-officieren: Album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten* e.a., p. 168.

67 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, Deel VI, Die beleg van Mafeking tot met die slag van Bergendal*, p. 100.

kommandolede gepleeg is.⁶⁸ Schröder het ook vanaf Glencoe aan die waarnemende Kommandant-generaal, waar hy gedurende April 1900 gestasioneer was, gerapporteer. Die nota het hy in sy hoedanigheid as “ Wnd Hoofd Afd Spr Pol.” onderteken.⁶⁹

Tydens die oorlog self het Schröder as ‘n militêre bevelvoerder in veral Oos-Transvaal opgetree. Hy het ‘n afdeling ruiters, bestaande uit lede van die ZAR-polisie, gedurende Mei 1900 aangewend tydens die Boere se terugtog uit Biggarsberg. Hier was hulle taak om die agterhoede te dek.⁷⁰ Na die inname van Utrecht deur generaal Hildyard op 30 Mei 1900, het Kommandant Schröder alles in sy vermoë gedoen om Boere wat gedros het vanaf Laingsnek, na hulle stellings terug te dwing.⁷¹ Later het president Kruger vir Schröder vanaf Ermelo na Standerton laat kom om Buller se opmars na Standerton te probeer stuit. Tydens die aanval van die Britse magte op Bergendalrant, het kommandant Schröder en sy “Rydende ZARP” ook stelling ingeneem.⁷²

Dat Schröder ‘n belangrike bydrae op die gebied van inligting in die ZAR gelewer het, ly geen twyfel nie. Uit die aard van die funksionering van ‘n geheime diens word baie inligting en besluite, ter wille van sekerheid, slegs mondeling oorgedra. Dit het veroorsaak dat iemand soos Schröder hoofsaaklik beoordeel kan word op grond van sy skriftelike bydrae. Die bydrae wat hy byvoorbeeld gelewer, het nadat hy gedurende Oktober 1899 tot generaal Kock se mag toegevoeg is, is moeilik bepaalbaar. Schröder se militêre inligtingsloopbaan is finaal bekroon toe Smuts hom as sy hoof van inligting tydens die Duits Oos-Afrika-kampanje, gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), aangewys het.⁷³

Gedurende 1898 was Schröder die belangrikste en feitlik enigste agent wat oor die situasie in Natal gerapporteer het. Die vergelyking met ander streke waar

68 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 331-332.

69 TAB, SS 8427, GDDM 62/00, Lêer: “Re werkzaamheden van Speur Politie te Newcastle”, 7.3.1900.

70 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902*, VI, *Die beleg van Mafeking tot en met die slag van Bergendal*, p. 102.

71 *Ibid.*, p. 130.

72 *Ibid.*, p. 343.

73 G.N. van den Bergh, Secret Service in the South African Republic in *Krygshistoriese Tydskrif* 3(3), 1974, p. 64.

verskillende agente gelyktydig vir die ZAR-regering gewerk het, is 'n aanduiding van Schröder se vaardigheid as agent. Dit was regstreeks as gevolg van die bekwame en volledige wyse waarop hy gerapporteer het. Die aanwending van nog ander agente in dieselfde geweste is waarskynlik as oorbodig beskou.


Sedert die begin van 1898 het geheime agente se verslae daarop gedui dat die Britse troepemag in Natal aan die toeneem is. Gerugte het ook die rondte gedoen dat die ZAR in geval van oorlog, deur Britse troepe vanuit Natal binnegeval sou word. Die gerugte het gelui dat een van die Britse kolonne die ZAR oor Van Reenenspas sou binneval en die ander invalstroete langs die Drakensberge sou wees. Die troepemag sou dan aansluiting by die Basoeto's vind vanwaar die OVS binnegeval sou word. Verdere verkenning het bevind dat daar geen Britse magte in die Newcastle-omgewing gestasioneer was nie. Ondersoeke in Zululand het ook daarop gedui dat daar ontevredenheid onder die Zulu's en hulle leier, Dinizulu, geheers het oor die Britse regering se houding teenoor hulle. Gerugte het ook die rondte gedoen dat kolonel Hay, die Britse mag se bevelvoerder in Natal en Zululand, die besetting van Zululand beplan.⁷⁴

Gedurende Januarie 1898 het Schröder in 'n 13-bladsyverslag, toegelig met foto's, oor die Britse kamp te Ladysmith, gerapporteer.⁷⁵ Die verskillende strukture kan so duidelik op byvoorbeeld die foto van die Britse kamp onderskei word, dat dit gebruik sou kon word vir die beplanning van 'n artillerie-aanval. Hierdie verslag, wat op 31 Januarie 1898 aan die Uitvoerende Raad voorgelê is, was van groot waarde omdat die situasie te Ladysmith uit 'n militêr-strategiese oogpunt in die fynste besonderhede ontleed is. In die lig van die inligtingsprent wat 'n geheime agent soos Schröder voorgehou het, is dit verbasend dat die ZAR regering in die eerste helfte van 1898 slegs £163 451 aan bewapening bestee het, teenoor die vorige jaar se bedrag van £396 384.⁷⁶

74 SP 884, GCPM 9/98, Rapport no. 1 vanaf Schröder, Ladysmith, 25.1.1898.

75 SP 884, GCPM 11/98, Rapport no. 2 vanaf Schröder, Ladysmith, 28.1.1898.

76 J.J. van Heerden, *Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D.Phil, UP, 1949), p. 317.



Ein battery R. N. L. 12-lb. veldkanonne.

aanvullingstroepen, enz.

*Behalve bovengenoemde paarden zijn er nog 51
paarden en 12 mules. Gisteravond vertrok van Maitse-
burg een spoorwag naar Ladysmith en het achenst.
9e lanciers ter sterkte van 4 onderoff. en 51
mindersen, alsmede 42 paarden, onder medegeloide van
Kapt. Gordon en Lt. Brooke. In het geheel zijn
daar dus nu ongeveer 1000 paarden en 12 mules.
Met*

Fig. 15: Voorbeeld van 'n verslag van Schröder waar hy foto's van Britse wapentuig, 'n battery veldkanonne, te Ladysmith, insluit. Hierdie tipe van inligting was 18 maande voor die uitbreek van die oorlog tot die Kruger-regering se beskikking. Bron: SP 884, GCPM 11/98, 28.1.1898.

Schröder het in sy verslag oor Ladysmith verder daarop gewys dat die ligging van die kamp, aan die noordweste kant van die dorp spesifiek so gekies is om die toegangsroetes na Harrismith, Vryheid en Volksrust te domineer. Die troepemag te Ladysmith is saamgestel uit een regiment kavallerie, een infanterieregiment en drie batterye veldartillerie. Hy het ook die name van elke eenheid se bevelselement verskaf. In totaal het die troepemag uit 77 offisiere, 1 683 onder-offisiere en manskappe en 899 perde bestaan.⁷⁷

Schröder het alle aspekte, wat hy gemeen het van belang was vir beplanningsdoeleindes vir die ZAR-regering, aangespreek. Hy het gewys op die implikasies van perdesiekte wat in Ladysmith geheers het, die gebrekkige transport wat bestaan het, kommunikasiemiddele wat die Britte aangewend het, asook die feit dat daar 40 “brandwagte” op die hoofpad na Colenso en Harrismith ontplooi is. Met sy fyn aanvoeling en insig het Schröder afgelei dat die duursame tipe materiaal wat gebruik is om die kamp te bou, vir hom beteken het dat die troepe gekom het om te bly. Volgens sy inligting is die bedrag van £200 000 bewillig vir die bou van die kamp in Ladysmith.⁷⁸ Hy het vasgestel dat die terrein waarop die militêre kamp opgerig is, vir ‘n tydperk van 15 jaar gehuur is.⁷⁹ Hieruit kon die regering aflei dat Ladysmith van groot strategiese belang vir die Britte moet wees en vir ‘n redelike lang tyd sou wees.

Spioenasieverslae uit Pietermaritzburg het daarop gewys dat die troepemag onder generaal-majoor G. Cox, uit een regiment kavallerie, een battery bergartillerie en twee bataljons infanterie bestaan het. Op 1 April 1898 het die totale troepemag in Natal uit ongeveer 200 offisiere, 4 278 manskappe, 30 kanonne, 3 200 perde en 2 000 muile bestaan. Die algemene gevoel onder die Britse soldate teenoor die ZAR was één van vyandigheid en die ondertone uit Pietermaritzburg, het gedui op ‘n onvermydelike komende oorlog.⁸⁰

Schröder het daarin geslaag om die geledere van die Britse offisiere in Natal binne te dring. Hy was feitlik vir die volle duur van 1898 in Natal bedrywig as ‘n geheime

77 SP 884, GCPM 11/98, Rapport no. 2 vanaf Schröder, Ladysmith, 28.1.1898, p. 6.

78 *Ibid.*, p. 11.

79 SP 884, GCPM 94/98, Rapport no. 6 vanaf Schröder, Durban, 15.5.1898, p. 5.

80 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 3 vanaf Schröder, Ladysmith, 12.4.1898, p. 12.

agent. Die feit dat hy op geen stadium, ten spyte van sy lang verblyf in Natal as 'n spioen van die ZAR regering openbaar is nie, kan slegs toegeskryf word aan goeie beplanning en 'n goeie dekking wat hy moes gehad het vir sy teenwoordigheid in Natal. Dit is moontlik dat hy vanweë sy vroeëre ervaring as 'n joernalis sodanige dekking aangeneem het. Uit die aard en omvang van die strategiese en taktiese inligting waaroor hy gerapporteer het, is dit duidelik dat hy toegang tot die bevelskader van die Britsetroepemag gehad het. Hy is op 'n daaglikse basis ingelig gewees oor die nuutste veranderings in Britse strategie. Hy het onder andere na 'n telegram uit Londen verwys waarin die troepemag in Natal en die Kaapkolonie met 1 000 soldate versterk sou word. Hy berig ook oor die moontlike aankomsdatum van die troepe.⁸¹ Hy het ook daarin geslaag om insae te kry in sekere skrywes soos byvoorbeeld 'n brief wat die *Chief Ordinance Officer*, aan 'n perdeteler, F. Sander, geskryf het om perde aan die Britse magte te lewer.⁸²

'n Ander swakpunt wat Schröder in die Britse geledere geïdentifiseer het, is hulle gebrekkige transportsisteem weens 'n tekort aan transportwaens. Die probleem is verder vererger deurdat trekdier as gevolg van die runderpes moeilik bekombaar was. Hy het gemeld dat hierdie probleem die Britse krygsmag se krygsoperasies gaan kortwiek, veral waar hulle weg van die treinspoor aangewend sou word.⁸³ Hierdie feite het beklemtoon dat die Britse krygsmag se toekomstige strategiese beplanning rondom die spoorweg-verbindings sou wentel.

Die statiese waarneming van skepe wat by die Durbanse hawe aankom en die vasstelling van wat hulle vrag en inhoud behels het, was ook een van Schröder se vele take. Daarom was hy nie staties op een plek in Natal nie, maar het hy voortdurend tussen Durban, Pietermaritzburg en Ladysmith rondbeweeg. Gedurende Augustus 1898 het hy berig dat die stoomboot, die *Denton Grange*, uit Buenos Aires met 'n vrag perde en muile aangekom het.⁸⁴ Daar was 370 perde, 228 muile en ongeveer 2 000 ton hooi aan boord.⁸⁵ Schröder is so goed ingelig dat hy toe alreeds

81 SP 884, GCPM 94/98, Rapport no. 6 vanaf Schröder, Durban, 15.5.1898, pp. 2-3.

82 SP 884, GCPM 160/98, Rapport no. 17 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 11.8.1898, pp. 7-8.

83 SP 884, GCPM 136/98, Rapport no. 11 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 3.7.1898, p. 1.

84 SP 884, Rapport no. 29 vanaf Schröder, Ladysmith, 30.8.1898, p. 2.

85 SP 884, GCPM 185/98, Rapport no. 34 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 10.9.1898.

melding gemaak het van die toekomstige vertrekdatums van skepe elders in die wêreld met krygstuig bestem vir Suider-Afrika. Só het hy aan sy hoofkantoor op 10 September 1898 gerapporteer dat die vragskip *Simba Bombaai* op 14 Oktober met troepe van die *18th Hussars* aan boord sou verlaat om die *7th Hussars* te vervang.⁸⁶ Beide eenhede was kavallerie-regimente.⁸⁷ Gedurende Oktober het sy spioenasiepogings aan die lig gebring dat die stoomskip *Umfuli* 200 kiste met ammunisie ontskeep het.⁸⁸ Schröder het goeie bronne gehad wat hom in die fynste besonderhede oor die inhoud van skeepsvragte ingelig het. Gedurende November het hy gemeld dat die stoomboot *Umhloti* 17 ton kruit, bestem vir die Britse magte in Natal, ontskeep het.⁸⁹ In Augustus 1899 het hy verslag gelewer dat die stoomboot *Doune* 258 ton krygsbehoefes, wat 111 016 ton “verduurzaamde” vleis en 58 000 lb beskuit ingesluit het, in die Durbanse hawe ontskeep het.⁹⁰

Hy het ook waargeneem dat die Durbanse hawe al hoe minder vrag wat bestem is vir die ZAR hanteer as gevolg van kompetisie van die Delagoabaai-hawe. Hy het aanbeveel dat die ZAR-regering se diplomate, Artikel 18 van die Charlestown-konvensie, wat tussen Natal en die ZAR gesluit is in die betrokke situasie, moes uitbuit. Hierdie artikel het bepaal dat as meer as twee-derdes van alle vragvervoer vanaf die ZAR deur Delagoabaai gaan, daar weer ‘n konferensie oor die saak gehou moes word.⁹¹

Teen Augustus 1898 het Schröder in ‘n weldeurdagte verslag, en met die grootste verantwoordelikheid voorspel dat die Britte besig was om vir ‘n oorlogsituasie, hetsy offensief of defensief, voor te berei. Hy het geïnsinueer dat die onderhandelinge tussen Engeland en die ZAR misleidend is en in teenstelling is met wat in werklikheid in Natal aan die gang was. Hy het onder andere daarteen gewaarsku dat dit ook dwaas sou wees van die ZAR-regering om op daardie stadium hulle voorbereiding vir oorlog te staak.⁹² Hierdie waarskuwing van hom moet teen

86 *Ibid.*, p. 2.

87 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, I, Die Boere-offensief Okt-Nov 1899*, p. 11.

88 SP 881, Rapport no. 37 vanaf Schröder, Durban, 22.10.1898.

89 SP 881, Rapport no. 43 vanaf Schröder, Durban, 22.11.1898.

90 SP 885, GCPM 1/99, Rapport no. 73, Port Natal, 14.8.1899.

91 SP 884, GCPM 150/98, Rapport no. 16 vanaf Schröder, Durban, 21.6.1898, p. 2.

92 SP 884, GCPM 160/98, Rapport no. 17 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 11.8.1898.

die agtergrond gesien word van die Kommandant-generaal, P.J. Joubert, se houding en geloof daarin dat die dreigende oorlog deur onderhandeling voorkom sou word.⁹³ Verder was daar ook gedurende 1898 teenoor die vorige jaar 'n afname in besteding op krygstuig deur die ZAR-regering teenoor die vorige jaar.⁹⁴

Hierdie houding was vir Schröder onverstaanbaar in die lig daarvan dat sy spioenasiepogings aan die lig gebring het dat daar sedert Junie 1897 ongeveer 1 225 ton krygstuig wat bomme, ammunisie, gewere en kanonne insluit, in die Durbanse hawe ontskeep is. Hy het 'n sketskaart van Natal ingesluit waarop hy die Britse troepemag se ontplooiing, dorpe deur hulle beset, asook oefenterreine aangedui het in 'n poging om die regering te oortuig van die erns van die situasie.⁹⁵ Hierdie verslag van hom is in die Uitvoerende Raad voorgelees waar al die lede, dus ook die Kommandant-generaal, Joubert, teenwoordig was. Die sekretaris van die kabinet, Fortuin, het in 'n nota op die lêer aan die Kommissaris van Polisie aangedui dat die regering met belangstelling kennis geneem het van die verslag en uitsien na verdere rapporte.⁹⁶

Gedurende Augustus 1898 het Schröder in 12 verskillende rapporte verslag gedoen oor 'n grootskaalse oefening waarmee die Britse troepemag, onder aanvoering van Generaal Cox besig was.⁹⁷ Hy het die daaglikse verloop van die oefening in die grootste detail beskryf. Indien die ZAR se militêre leiers die verslae bestudeer het, sou hulle daaruit baie van die Britse vlak van paraatheid, strategie en taktiek kon aflei.

Daar is besluit op die grootskaalse veldoefening, net na die aankoms van Sir W. Goodenough, die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika. Die feit dat Goodenough 'n geheime konferensie na sy aankoms belê het, het die veldoefening wat rondom Ladysmith sou plaasvind, baie verdag laat voorkom. Hy het ook gemeld dat 'n "Ladysmith Commando" die dorp sou verdedig in die veldoefening. 'n

93 M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 68.

94 J.J. van Heerden, *Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D Phil, UOVS, 1949), p. 317.

95 SP 884, GCPM 160/98, Verslag no. 17 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 11.8.1898.

96 SP 884, GCPM 160/98, Lêer met notas voorop.

97 SP 884, Verslae nommers 17 tot 33 vanaf Schröder uit Natal, 11.8.1898 tot 3.9.1898.

Honderd transportwaens is in Pietermaritzburg deur die Britse leër bestel en moes een per dag afgelewer word.⁹⁸

Die hele oefening is só saamgestel om Ladysmith en die toegangsroetes tot die gebied te beskerm teen 'n aanval vanaf die ZAR-magte. Dit is insiggewend dat die "Intelligence Division" in 'n verslag wat hulle op 21 September 1898 uitgebring het, net na afloop van die oefening, voorspel het dat die Boeremagte in geval van oorlog, die noordelike deel van Natal en Kimberley sou binneval.⁹⁹ Schröder het ook die feit geïdentifiseer, dat Ladysmith as die belangrikste "voorpos", deur die Britte in Natal beskou is. Die Britse militêre beplanners het Ladysmith beskou as die saamtrepunt wat strategies-sentraal geleë was ten opsigte van die Vrystaat, Zululand en die ZAR.¹⁰⁰

Schröder was van mening dat die grootskaalse oefening bewys het dat generaal Cox 'n gedugte strateeg is. Hy het homself onderskei in die krygskuns rondom die verdediging van Ladysmith.¹⁰¹ Tydens 'n daaropvolgende oefening het die Britse magte 'n aanval uit die Vrystaat nagmaak.¹⁰² Hoe ernstig die Engelse was met hulle veldoefeninge, word bewys deur die feit dat hulle later met skerp-punt-ammunisie ingeoefen het.¹⁰³

Na die grootskaalse maneuvres wat plaasgevind het, het Schröder in die laaste drie maande van 1898 hoofsaaklik gerapporteer oor die aanval van Britse troepe, die skuif van eenhede die slagorde en die moontlike strategie wat die Britse magte sou volg. Hy het in detail name van offisiere gehad asook getalle van die *18th Hussars* wat einde Oktober 1898, 558 meer soldate in Natal gestasioneer het.¹⁰⁴

Gedurende April tot Junie 1899 het Schröder spioenasiediens in Betsjoeanaland en Rhodesië gaan verrig.¹⁰⁵ Vanaf 14 April 1899 is 'n ander geheime agent, E. W. de Klerk, na Natal gestuur. Die Uitvoerende Raad het waarskynlik 'n gemis gevoel aan

98 SP 884, GCPM 160/98, Verslag no. 17 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 11.8.1898, p. 7.

99 Cd 1789 Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the War in South Africa, p. 155.

100 SP 884, GCPM 171/98, Rapport no. 25 vanaf Schröder, Wasbank-stasie, 24.8.1898.

101 SP 884, Rapport no. 30 vanaf Schröder, Ladysmith, 31.8.1898.

102 SP 884, Rapport no. 31 vanaf Schröder, Ladysmith, 1.9.1898.

103 SP 884, Rapport no. 32 vanaf Schröder, Ladysmith 2.9.1898.

104 SP 884, Rapport no. 41 vanaf Schröder, Durban, 29.10.1898.

105 SP 885, GCPM 80/99, Rapport vanaf Schröder, Bulawayo Matebeleland, 29.4.1899.

Schröder se gereelde verslae uit Natal aangesien die sekretaris, Fortuin, namens die Uitvoerende Raad die Kommissaris ingelig het dat hulle graag verder op hoogte gehou sou wou word.¹⁰⁶

Dit was juis in dieselfde maand dat die Staatsekretaris se kantoor 'n brief van ene Rich Deane uit Natal ontvang wat hom daar wou vestig en waarin hy aangedui het dat: "I am seeking...a position in the Secret Service".¹⁰⁷ Hy motiveer sy saak deur daarna te verwys dat dit bekend was dat geheime agente van die ZAR die vorige dag of twee in die geweste waargeneem is en dat dit van geen nut is as hulle identiteit bekend is nie. Dit is moontlik dat hy na E.W. de Klerk verwys wat in dieselfde week daar begin opereer het. Die feit dat hy Afrikaanssprekend was, met die van De Klerk, het hom waarskynlik weggegee. Alhoewel Deane die ideale agent sou wees kan daar geen bewyse gevind word dat Deane in diens geneem is nie.

De Klerk het deurgaans tekens vir die voorbereiding van oorlog met die ZAR aangetref. Volgens sy inligting is 15 000 gewere in Pietermaritzburg en Nottingham Road geberg. In Ladysmith was daar genoeg blikkies vleis vir 10 000 man en 25 ambulanswaens waarvan 20 klaar gereed was wat in Pietermaritzburg vervaardig is. In Natal is daar ongeveer 25 kanonne ontplooi. 'n Verdere belangrike feit wat hy gerapporteer het, is dat daar geen Britse troepe te Newcastle gestasioneer is nie.¹⁰⁸ Hierdie feit is later weer deur die Geheime Diens bevestig en het later 'n rol gespeel in die Boeremagte se strategie. Dit het beteken dat die grootste konsentrasie van die Britse magte te Ladysmith was. Die hele gebied vanaf Volksrust tot by Ladysmith was dus onbewaak. In Augustus het Schröder gerapporteer dat daar oorweeg word om troepe na Dundee en Newcastle te stuur.¹⁰⁹

Gedurende Meimaand het die Britse magte begin om troepe, ammunisie en ander proviand in die rigting van Ladysmith te verskuif. Die *18th Hussars* het opdrag ontvang om hulle gereed te maak vir aktiewe diens. Britse offisiere het ook van tyd tot tyd Johannesburg besoek om die politieke klimaat te peil.

106 SP 885, GCPM 64/99, Verslag De Klerk - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 24.4.1899.

107 SP 885, Rich Deane - Griffiths State Secretaries Office Pretoria, Newcastle, 15.4.1899.

108 SP 885, GCPM 64/99, Verslag De Klerk - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 24.4.1899, pp. 1-4.

109 SP 885, GCPM 166/99, Rapport no. 67 vanaf Schröder, Durban, 7.8.1899.

Teen einde Junie 1899 was Schröder terug in Natal waar hy sy goeie werk voortgesit het.¹¹⁰ Hy het bevestig dat die neiging om alle krygstuig na Ladysmith te verskuif, voortgesit is. Die Natalse spoorweë was reeds ingerig om troepe te vervoer.¹¹¹ In die spoorweë se werkplaas is treinwaens en trokke met skietgate gepantser.¹¹² Die feit dat die Natalse regering hierdie take uitgevoer het, was vir Schröder 'n bevestiging van die Natalse regering se negatiewe houding teenoor die ZAR.¹¹³ Hy het ook Charlestown, Ingogo, Newcastle en Ladysmith besoek. In Natal was die gevoel op grondvlak dat daar nie meer druk op die ZAR-regering om verandering uitgeoefen sou word nie, maar dat daar op oorlog aangedring sou word.¹¹⁴ 'n Gespanne toestand het in Natal geheers as gevolg van al die tekens van oorlog. Die firma *Greatrex & Co* van Johannesburg het reeds 600 muile en 15 000 sakke mielies aan die Britse magte verkoop.¹¹⁵ Intussen het Schröder se bronne aan die lig gebring dat 400 ton krygsmateriaal vanaf Durban op pad na Ladysmith is.¹¹⁶ Kort daarna is 'n 1 000 ton krygsmateriaal ontskeep¹¹⁷ en teen begin Augustus het die stoomskip, *Bulawayo*, 5 000 ton hawerhooi ontskeep.¹¹⁸

Die belangrikheid van die Geheime Diens se verslae op die vooraand van vyandelikhede in Natal, is bevestig deurdat kommandant-generaal P.J. Joubert, feitlik al die verslae onder oë gehad het.¹¹⁹

Na aanleiding hiervan, is dit vreemd dat die Kommandant-generaal tydens 'n bespreking in 'n geslote volksraadsvergadering gedurende September 1898, verklaar het dat hy van geen oorlogsgevaar weet nie.¹²⁰ Indien hy nie die verslae bestudeer het nie, het sy sekretaris, L.F. de Souza, daarvan kennis geneem.¹²¹ Die

110 SP 885, GCPM 127/99, Rapport no. 51 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 29.6.1899.

111 SP 885, GCPM 144/99, Rapport no. 58 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 17.7.1899.

112 SP 885, GCPM 148/99, Rapport no. 60 vanaf Schröder, Durban, 23.7.1899.

113 SP 885, GCPM 1/99, Rapport no. 73 vanaf Schröder, Port Natal, 14.8.1899.

114 SP 885, GCPM 144/99, Rapport no. 57 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 17.7.1899.

115 SP 885, GCPM 146/99, Rapport no. 58 vanaf Schröder, Durban, 19.7.1899.

116 SP 885, GCPM 148/99, Rapport no. 60 vanaf Schröder, Durban, 23.7.1899.

117 SP 885, GCPM 160/99, Rapport no. 62 vanaf Schröder, Durban, 29.7.1899.

118 SP 881, Rapport no. 63 vanaf Schröder, Durban, 2.8.1899.

119 SP 885, GCPM 140/99 14.7.1899, GCPM 144/99 17.7.1899, GCPM 146/99 19.7.1899.

120 J.J. van Heerden, Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, (D. Phil., UOVS, 1949), p. 329.

121 SP 885, GCPM 147/99, Lêer met handtekening van L.F. de Souza, 22.7.1899.



Fig. 16: Gedetailleerde sketskaart wat Schröder self geteken het van die Britse-krygsmag se slagorde in Natal. Bron: SP 884, GCPM 160/98, 11.18.1898

belangrikheid van Schröder se verslae is beklemtoon deurdat Smuts, as Staatsprokureur, vanaf Augustus 1899 persoonlik die rapporte onder oë gehad het en verder verwys het na ander staatsdepartemente.¹²² Die belangrikste was egter dat die Geheime Diens se verslae die Kommandant-generaal, wat die opperbevelhebber van die hele leër was, juis in daardie stadium bereik het. Die Kommandant-generaal was immers verantwoordelik vir die paraatmaking van die leër asook die aankoop van krygstuig.¹²³ Waar die Geheime Diens sedert 1898 aangetoon het dat daar in Natal en veral Ladysmith 'n geweldige magsopbou was, kon die regering nie gekla het oor die tydigheid, gehalte en omvang van inligting wat hulle ontvang het nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die insamel en deurgee van inligting in enige politieke sisteem, nie nét die verantwoordelikheid van 'n geheime diens is nie, maar dat almal wat deel van die regeringstruktuur vorm, 'n verantwoordelikheid het om inligting deur te gee.¹²⁴

Ander Volksraadslede het wel kennis geneem van die Geheime Diens se voorspellings in verband met die komende oorlog. Gedurende dieselfde Volksraadsitting, waarna hierbo verwys is, het Lukas Meyer die Kommandant-generaal gekonfronteer met die feit dat uit dokumentasie, wat "Boerespioene" ingestuur het, dit duidelik geblyk het dat oorlog onvermydelik was.¹²⁵ Gedurende hierdie periode was dit veral geheime agent Schröder wat hom in Natal bevind het wat in geen onduidelike taal sy hoofkantoor laat weet het dat 'n oorlog aan die kom is.¹²⁶

Teen die einde van Julie 1899, ongeveer drie maande voor die uitbreek van die oorlog, het die slagorde van die Britse magte te Pietermaritzburg en Ladysmith as volg daaruit gesien:¹²⁷

122 SP 885, GCPM 161/99, Lêer met inskripsie en handtekening van J.C. Smuts, 3.8.1899.

123 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, I. Die Boere-offensief Okt. - Nov. 1899*, p. 40.

124 W.P. Steenkamp. *The Intelligence Function of the Political System*, (D. Phil., Unisa, 1993), p. 83.

125 J.J. van Heerden, *Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D. Phil., UOVS, 1949), p. 329.

126 SP 885, GDDM 53/99, Rapport no. 76 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 19.8.1899, p. 4.

127 SP 885, GCPM 160/99, Rapport no. 61 vanaf Schröder, Durban, 27.7.1899.

TIPE MAG	PIETERMARITZBURG	LADYSMITH
Infanterie	1ste Bataljon Kings Royal Rifles 2de Bataljon Royal Dublin Fusiliers	1st Leicestershire Regiment
Kavallerie	'n Regiment 5th Lancers	18th Hussars
Artillerie	10de Battery Bergartillerie	13de 67ste en 69ste Batterye Veldartillerie
Genie	23ste Kompanie Veldgenie	'n Afdeling van die 23ste Kompanie

In Augustus 1899 is die Britse troepemag in Natal verder versterk met die aankoms van die *Kings Liverpool Regiment* asook lede van die *Army Ordnance(sic) Corps*, *Army Medical Corps* en die *Army Service Corps*.¹²⁸ Teen middel Augustus was daar al 7 800 Britse troepe in Natal.¹²⁹ Hulle het beskik oor 3 000 perde, 3 500 muile en 65 kanonne.¹³⁰

Schröder het ook die persberigte uit Natal vergelyk met die werklike feite op die grond. Die Britsgesinde koerante soos die *Natal Witness* en *The Star* het in 'n propaganda set beweer dat Charlestown en Laingsnek beset gaan word. Schröder se bronne het aangetoon dat die Engelse magte nog geen punt noord van Ladysmith beset het nie. Schröder se gevoel was dat die pers deur die publikasie van hierdie soort van berigte oorlog wou ontlok.¹³¹ Berigte, met die aanbeveling dat "Hollandsche rebellen" na Natal se plase gevat moet word, het die gemoedere verder opgejaag. Die *Natal Witness* het die standpunt gehuldig dat daar óf niks gedoen moet word óf dat die Britse magte "de Boeren aanpakken en Pretoria bezetten".¹³² Schröder het egter gevoel dat die pers die Britse leër se getalsterkte in Natal oordryf het. Sy waarneming was dat die Britte nie die ZAR in daardie stadium sou kon binneval nie. Hulle het probleme met transport ondervind. Teen 19 Augustus 1899 was daar nog geen Britse magte in Newcastle nie en het die mag nog teen die Kliprivier gelê. Deur Schröder se fyn waarneming is bepaal dat die weiding nog baie droog en slagbeeste skaars was. Dit het beteken dat die tyd nie vir

128 SP 885, GCPM 1/99, Rapport no. 73 vanaf Schröder, Port Natal, 14.8.1899.

129 SP 885, GCPM 5/99, Rapport no. 74 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 15.8.1899.

130 SP 885, GCPM 10/99, Rapport no. 76 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 19.8.1899.

131 SP 885, GCPM 6/99, Rapport no. 75 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 16.8.1899.

132 SP 885, GCPM 10/99, Rapport no. 76 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 19.8.1899.

die Britse magte geleë was om 'n inval te loods nie.¹³³ Inligting van hierdie aard was kort voor die oorlog van kardinale belang vir die Uitvoerende Raad en die Kommandant-generaal. Hulle tydsberekening vir 'n inval in Natal moes reg wees.

Die regering is deeglik op hoogte van sake gehou oor die situasie in Natal vir 'n tydperk van meer as 'n jaar voordat die oorlog uitbreek het. Schröder het daarin geslaag om ten minste op 'n weeklikse basis en soms op 'n daaglikse basis die regering op hoogte van sake te hou. Uit die detail wat hy ingestuur het, asook die relevantheid van sy inligtingsverslae, kan afgelei word dat hy uitstekend daarin geslaag het om sy werksveld effektief binne te dring, sonder om te verrai. Waar hy sedert die begin 1898, feitlik ononderbroke in Natal gespioeneer het, kon hy op die vooraand van die oorlog as 'n kenner van veral die militêre situasie daar beskou word.

Sir John Ardagh, van die Britse *Intelligence Division*, het in 'n memorandum gedurende April 1897, gemeld dat volgens sy inligtingsbronne, die roete oor Mafeking na Rhodesië een van die Boere se beplande invalstroetes sou wees in geval van oorlog.¹³⁴ Dit het onmiddellik die hele streek as 'n spioenasieveld vir beide kante in belangrikheid laat toeneem. In Desember 1897 het 'n sekere A.B. van Raalten by die Kommissaris se kantoor aansoek gedoen "als geheime spioen op de Zuid Westelijke Grens". Die Kommissaris het hom baie saaklik, heel waarskynlik weens sekerheidsredes, geantwoord dat daar nie só 'n pos bestaan nie en ook nie in die toekoms sal bestaan nie.¹³⁵ Die Geheime Diens het sedert die Jameson-inval hoë prioriteit aan die hele streek verleen. In die loop van 1898, tot en met die uitbreek van die oorlog, is geheime agente daar gestasioneer. Alvorens die Kommissaris van Polisie 'n geheime agent op versoek van D.J. Louw, lid van die Eerste Volksraad vir Marico¹³⁶, aangestel het, het hy eers 'n verslag versoek oor die politieke en ander toestande in die streek. Louw het aanbeveel dat M.G. Erasmus as geheime

133 *Ibid.*, p. 3.

134 Cd. 1789, Report of his majesty's commissioners appointed to inquire into military preparations and other matters connected with the war in South Africa, 1903, p. 167.

135 SP 844, Skrywe Kommissaris van Polisie - A.B. van Raalten, 27.12.1897, p. 280.

136 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 37.

agent aangestel word.¹³⁷ 'n Jaar later is Erasmus op 15 Mei 1899 heraan gestel as "Spec Speurder der Z.A.R." en later op 22 Augustus 1899 is hy voor Tjaart Kruger ingesweer as "Geheime Speurder voor de Z.A.R.". ¹³⁸

Net soos Schröder prominent in Natal gefigureer het, het Michiel George Erasmus¹³⁹ vanaf Mei 1898, as geheime agent, die toneel aan die wesgrens oorheers.¹⁴⁰ Hy was die broer van J.W. Erasmus,¹⁴¹ lid van die Tweede Volksraad vir Marico.¹⁴² Dat Erasmus vir lang tye weg was, blyk uit die feit dat hy by geleentheid reiskostes ten bedrae van £406-10-0 ontvang het, vir byvoorbeeld die periode 5 Mei tot 31 Oktober 1898.¹⁴³ Dit wil ook voorkom of hy Zeerust as 'n basis gebruik het om daarvandaan te opereer. Hy het by *De Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek* in Zeerust sy bankrekening gehou, waarheen alle voorskotte vir hom oorgeplaas is.¹⁴⁴ Erasmus het ook sy telegramme vanaf Zeerust aan die Kommissaris van Polisie se kantoor, onder die kodenaam "F. van der Merwe Bus 372 Pretoria", gestuur.¹⁴⁵ Ter wille van sekerheid was dit vir hom as 'n geheime agent beter om vanaf Zeerust, wat binne in die ZAR geleë is, te opereer.

Een van Erasmus se eerste opdragte was om vas te stel of daar enige bewapening mobilisering of voorbereidings vir oorlog in die streek plaasgevind het. In Kimberley en Mafeking het hy gedurende Mei 1898 bevind dat daar geen soldate, behalwe die Kaapse Rydende Polisie gestasioneer is nie.¹⁴⁶ Wat sy spioenasie te Kimberley wel aan die lig gebring het, is dat daar beplan is om met die oog op 'n moontlike aanval, die dorp met forte te versterk. Die gevoel onder die Engelse was dat Kimberley in geval van oorlog eerste uit die Vrystaat binnegeval sou word.

137 SP 844, Skrywe Kommissaris van Polisie - G.J. Louw Ottoshoop, 27.3.1898, p. 336.

138 SP 872, Lêer met Speurpolisie ede.

139 SP 872, Speurpolisie Ede, Dokument waarop Michiel Georg Erasmus 'n eed afgelê het as "Geheime speurder voor de Z.A.R.", 22.8.1899.

140 SP 884, GCPM 102/98, Verslag van Erasmus, 24.5.1898.

141 SP 884, GCPM 230/98, Verslag van Erasmus, Ottoshoop, 31.10.1898.

142 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 38.

143 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek, Kwitansie no. 311, 12.11.1898.

144 SP 903, Los depositostrokies van De Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria waar die bedrag van £40 in M.G. Erasmus Zeerust se naam gedeponeer is, 13.8.1898.

145 SP 903, Telegram van Erasmus - F. van der Merwe Bus 372 Pretoria, Zeerust, 11.8.1898.

146 SP 884, GCPM 102/98, Verslag vanaf M.G. Erasmus - Kommissaris van Polisie, Zeerust, 24.5.1898.

Reeds gedurende Julie 1898 het luitenant-generaal W.H. Goodenough 'n plan voorgelê vir die verdediging van Kimberley.¹⁴⁷ In Mafeking en Vryburg het hy bevind dat daar geen planne bestaan het om die twee dorpe te fortifiseer nie.¹⁴⁸ Dieselfde situasie het hy verder noord langs die grens aangetref.¹⁴⁹

Erasmus het sy kommer uitgespreek oor die bewaking van die wesgrens. Volgens hom was daar ernstige leemtes en is die grens ongereeld gepatrolleer. Daar was ook 'n strook van 55 myl in die Derdepoort- en Ramoutsa-omgewing wat onbewaak was en wat die vyand kon gebruik om die ZAR binne te val.

'n Volgende belangrike aspek, wat van belang was vir die ZAR-regering, was die politieke klimaat en gevoel van die inwoners aan die wesgrens. In die Kimberley-omgewing was die meeste Afrikaners anti-Engels of anti-Britsgesind. Die meeste van hulle was voorheen van die Vrystaat afkomstig en die ZAR-regering sou op hulle steun kon reken in geval van oorlog. In die Vryburg-omgewing was baie min van die inwoners Britsgesind. Baie van hulle was volgens Erasmus verbitterd teenoor die Engelse regering en dit is dan die hoofrede waarom die Britse regering nie sou waag om forte daar te bou nie. In Mafeking was dit 'n ander prentjie, waar die meeste inwoners pro-Brits was.¹⁵⁰ Hierdie inligting was van belang om te kon bepaal op hoeveel steun die Boere-magte in hierdie geweste sou kon staatmaak, indien 'n oorlog sou uitbreek.

Gedurende Julie 1898 het Erasmus 'n besoek aan Bulawayo gebring. Die hele streek, vanaf Kimberley tot in Bulawayo en Salisbury, het uit 'n strategies-militêre oogpunt 'n eenheid gevorm en inligting daaroor was vir die ZAR van groot belang. Uit Bulawayo het Erasmus berig dat die ekonomiese vooruitsigte nie baie goed gelyk het nie en dat bankrotskappe aan die orde van die dag was. In die algemeen was die inwoners in Rhodesië nie baie positief oor Rhodes nie omdat hy slegs beloftes gemaak het waarvan baie min tereggekom het. Rhodes het slegs steun onder

147 Cd. 1789, Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa, 1903, p. 159.

148 SP 884, GCPM 105/98, Verslag vanaf M.G. Erasmus - Kommissaris van Polisie, Zeerust, 13.6.1898.

149 SP 884, GCPM 127/98, Verslag vanaf M.G. Erasmus - Kommissaris van Polisie, Marico, 21.6.1898.

150 SP 884, GCPM 105/98, Verslag vanaf M.G. Erasmus - Kommissaris van Polisie, Zeerust, 13.6.1898.

die amptenare wat in sy diens was, gehad. Daar was ongeveer 1 000 polisiemanne in Matabele- en Masjonaalaland. Volgens Erasmus was die kans skraal dat Brittanje enige oorlogspoging uit Matabeleland sou begin, vanweë die gebrekkige vervoersisteem in daardie gebied.¹⁵¹

Net soos Schröder, interpreteer Erasmus ook sake uit 'n breër perspektief. Sy bronne, wat prominente persone in Matabeleland ingesluit het, het gemeld dat die “kapitaliste” in Suider-Afrika in die geheim deur die Britse regering ondersteun is. Die gedagte was om die ZAR 'n Britse kolonie te maak. Deur ekonomiese druk moes die klimaat van spanning in die ZAR geskep word wat op 'n rewolusie moes uitloop. In só 'n situasie sou Engeland goeie rede kon hê om in te gryp. Rhodes het ook belang in Matabeleland verloor en het meer belanggestel in die ZAR se minerale rykdom.¹⁵²

Gedurende September het Erasmus weer die wesgrens asook Matabeleland en Rhodesië besoek. Die verklaring vir die wapenstapeling, wat te Mafeking aan die gang was, asook die Britse planne op die wesgrens, het hy nie geglo nie. Die rede vir die opbou van ammunisie was volgens 'n offisier nie vir oorlog bedoel nie maar om vrywilligers skietopleiding te verskaf.¹⁵³

Teen die einde van 1898 het verslae daarop gedui dat die toevoer van wapens na Mafeking en Betsjoeanalaland voortgeduur het. Die magasyn te Ramoutsa, Gaborone en Palapye op die ZAR se wesgrens is was gevul met genoeg ammunisie om “eenige duisende soldaten” te kon bewapen. Die magistraat in Gaborone het alle ZAR-burgers, wat tydelik daar woonagtig was, opdrag gegee om die land binne 14 dae te verlaat.¹⁵⁴

Gedurende Februarie¹⁵⁵ en Maart¹⁵⁶ het Erasmus gerapporteer dat die gerugte oor 'n moontlike oorlog tussen Engeland en die ZAR feitlik opgedroog het. Teen April 1898 het hy egter gemeld dat daar onder die Britsgesindes weer 'n gevoel bestaan dat 'n oorlog met die ZAR onvermydelik is.

151 SP 884, Verslag vanaf Erasmus, Marico, 4.7.1898.

152 SP 884, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 11.8.1898.

153 SP 884, GCPM 198/98, Verslag vanaf Erasmus, Ottoshoop, 22.9.1898.

154 SP 884, GCPM 260/98, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 6.12.1898.

155 SP 885, GCPM 35/99, Verslag vanaf Erasmus, Ottoshoop, 24.2.1899.

156 SP 885, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 16.3.1899.

Dit wil voorkom of die Geheime Diens se hoofkantoor, na aanleiding van Erasmus se teenstrydige verslae, getwyfel het of hulle hom nog kon vertrou, aangesien Schröder hom op 23 April 1898 in Kimberley bevind het. Sy opdrag was om die gerug te ondersoek dat 20 kanonne deur Kimberley na die ZAR gesmokkel is. Schröder kon geen spoor van die beweerde 20 kanonne vind nie.¹⁵⁷ Dit is egter verbasend dat Erasmus, wat vir 'n baie lang tyd daar gestasioneer was, nêrens daarvan melding gemaak het nie. In die tydperk vanaf 23 April tot 17 Mei 1899, wat Schröder spioenasiewerk daar gaan doen het, het hy die politieke gevoel onder die plaaslike Afrikaners asook ander groeperinge in Kimberley, Mafeking en Vryburg opgesom en 'n omvattende verslag oor die stand van die "ongeregelde troepe" gegee.

Veral die gevoel van die Afrikaners in Noord-Kaapland, en in hoe 'n mate die ZAR op hulle steun sou kon reken ingeval oorlog sou uitbreek, was van belang. Hy het vasgestel dat 'n al hoe groter polarisasie tussen Engelssprekendes en Afrikaners ingetree het.¹⁵⁸ Smuts het ook later sy invalstroetes in Kaapland op grond van hierdie soort inligting beplan.¹⁵⁹

Hy het ook bevind dat die pers, ondersteun deur die *Chartered Company*, deur berigte in byvoorbeeld die *Kimberley Advertiser* en die *Bulawayo Chronicle*, 'n persveldtog teen die Kruger-regering gevoer het. Die Afrikaners in die ZAR en plaaslik was die teiken. Opruiende persberigte, wat op 'n onafwendbare oorlog tussen Engeland en die ZAR gedui het, was aan die orde van die dag. Hy het egter geen Britse troepe, wat besig was om te mobiliseer, tussen Kimberley en Bulawayo aangetref nie.¹⁶⁰ Na aanleiding van al die gerugte het Schröder aanbeveel dat buitelandse pos strenger gemonitor en gesensor moet word.¹⁶¹

Buitestaanders het ook aangevoel dat daar 'n behoefte aan 'n geheime agent vir die ZAR op "Z.W. Grens" was, min wetende dat die Geheime Diens reeds daar ontplooi was. Gedurende April 1899, en later gedurende Junie 1899, het 'n sekere

157 SP 881, Verslag vanaf Schröder, Kimberley, 23.4.1899.

158 SP 885, GCPM 89/99, Verslag no. 30 vanaf Schröder, Pretoria, 8.5.1899.

159 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 311.

160 SP 885, GCPM 89/99, Verslag no. 30 vanaf Schröder, Pretoria, 8.5.1899.

161 SP 881, Telegram van De la Court - Beukes Box 372 Pretoria, Kimberley, 2.5.1899.

G.P. Mallo, voorheen verbonde aan die personeel van die Posmeester-generaal, as 'n klerk,¹⁶² aansoek gedoen om as 'n geheime agent op die wesgrens aangestel te word. Om sy lojaliteit te bewys, het hy gemeld dat sy beweegrede was om diens te doen "voor ons Land en Volk".¹⁶³ Weens sy verblyf vroeër die jaar in Vryburg het hy kennis van die gebied opgedoen wat hom geskik gemaak het vir so 'n pos. Verder het hy gemeen dat hy die Afrikanerbond as 'n party in die geweste namens die ZAR kon ondersteun.¹⁶⁴

In 'n omvattende verslag het Schröder 'n uiteensetting gegee van die getalsterkte, stand van wapens, ammunisie en wapentuig van vrywilliger eenhede soos die *Kimberley Rifles*, *Diamond Field Horse* en *Kimberley Cadets*. Hy gee ook in detail die aantal Martini- en Lee Metford-gewere, Martini Enfield-gewere en aantal kanonne wat reeds in Kaapstad vir die eenhede ontskeep is. Verder het hy die samestelling van die Betsjoanaland Polisie gegee, asook watter afdelings by die verskillende forte gestasioneer is. Hy het 'n skets ingesluit van die uitleg van Fort Tuli, asook die stand van gewere en ammunisie in besit van die Masjionaland Rydende Polisie. In Bulawayo het hy gespioeneer op die *Chartered Company* se krygstuig en onder andere foto's ingesluit van hulle kanonne. Hy het die verslag afgesluit met 'n opsomming van die totale vrywillige krygsmag opgedeel in infanterie, kavallerie, berede polisie en kanonne wat in die Kaapkolonie, Betsjoeanaland, Mashonaland en Matabeleland gemobiliseer kon word. Dit het neergekom op ongeveer 2 000 man en 50 kanonne.¹⁶⁵

Gedurende April 1899 het geheime agent Erasmus berig dat daar by Lobatsi-stasie noord van Zeerust 'n groot magasyn opgerig is wat met ammunisie gevul is. Hierdie informasie, gekoppel aan die feit dat die fort by Pitsani vanwaar Jameson vroeër sy inval gedoen het, asook gerugte van oorlog met die ZAR, het die Uitvoerende Raad onrustig gestem. Erasmus se verslag is na kommandant-generaal Joubert vir sy

162 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 233.

163 SP 885, GR 719/99, Lêer: "G.P. Mallo Verzoek aanstelling als Geheime Agent op de Z.W. Grens", 23.6.1899.

164 SP 885, GR 423/99, Lêer: "P. Mallo versoekt eene aanstelling als Geheime Agent", 21.4.1899.

165 SP 885, GCPM 89/99, Rapport no. 30 vanaf Schröder, Pretoria, 8.5.1899.

aandag verwys en staatsprokureur Smuts het ook persoonlik van die verslag kennis geneem.¹⁶⁶

Terwyl die Bloemfontein-konferensie aan die gang was, het Erasmus Lobatsi, Mochudi en Gaberone in Betsjoeanaland besoek. In Mafeking was die gevoel dat oorlog onafwendbaar was en is die meeste weerbare mans reeds bewapen. Ten spyte van gerugte dat die wesgrens met Britse troepe beman sou word of reeds bewapen was, het hy geen sodanige bewyse gevind nie. Groot hoeveelhede perde, wat deur die *Chartered Company* opgekoop is, is na Rhodesië vervoer.¹⁶⁷ In Kimberley was die inwoners bevrees dat die dorp deur die Oranje-Vrystaat se magte binnegeval sou word in geval van oorlog.¹⁶⁸

Teen Julie 1899 was daar selfs op die wesgrens, al hoe meer tekens waarneembaar van 'n naderende oorlog. 'n Sekere Philip Frost het berig dat hy waargeneem het dat groot hoeveelhede graan opgekoop en oor die grens gestuur is.¹⁶⁹ Teen Augustus het die gevaar begin bestaan dat die Britse regering feitlik al die graan in die Marico-distrik opgekoop het.¹⁷⁰ Troepe van die *Chartered Company* het in Gaberone gearriveer met gewere en kanonne en 'n Maxim-kanon is na Mafeking gestuur.¹⁷¹

Dit was van kritieke belang vir die ZAR-regering om te weet of hulle enige steun van die plaaslike bevolking te Kimberley, Vryburg of Mafeking kon verwag indien oorlog sou uitbreek. Erasmus het bevind dat die Afrikaners in Vryburg wel die ZAR se magte in geval van oorlog sou steun.¹⁷² Dat hy korrek was word bevestig deur die feit dat tussen 800 en 900 rebelle te Vryburg wel die wapen tydens die eerste Boere-inval opgeneem het.¹⁷³ Verskeie Kaapse Rebelle uit die Vryburg- en Mafeking-omgewing wat by die Transvaalse magte aangesluit het, is in 1901 deur die Britte tereggestel of gehang.¹⁷⁴

166 SP 885, GCPM 63/99, Lêer: "M.G. Erasmus Zeerust Rapporteer re zijne bevindingen aldaar", 24.4.1899.

167 SP 881, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 10.6.1899.

168 SP 885, GCPM 117/99, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 23.6.1899.

169 SP 818, Telegram van Frost - Jacobs Pretoria, Zeerust, 3.7.1899.

170 SP 881, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 2.8.1899.

171 SP 885, GCPM 117/99, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 23.6.1899.

172 SP 885, GCPM 145/99, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 17.7.1899.

173 J.H. Snyman. Die Afrikaner in Kaapland 1899-1902, in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 42 (2), 1979, p. 61.

174 G. Jooste en A. Oosthuizen, *So het hulle gesterf*, pp. 152-160.

Vir Brittanje en die ZAR was Mosambiek en die hawens te Delagoabaai en meer noord te Beira, van strategiese belang. Die hele kwessie van die gebruik van Delagoabaai moet gesien word teen die agtergrond waarin Portugal verkeer het. Om 'n lening van £8 000 000 by die Britse regering te kry, moes hulle beheer van die hawe te Delagoabaai en die spoorlyn aan die Britte, afstaan. Gedurende 1898 het die Portugese die saak met Chamberlain opgeneem. Die uiteinde was dat daar in dieselfde jaar 'n Brits-Duitse ooreenkoms tot stand gekom het in verband met Delagoabaai. Daarin is ooreengekom dat ingeval die Portugese kolonies in die toekoms verdeel sou word, die Engelse regering die deel sou kry waarin Delagoabaai val. Hiermee het Duitsland in werklikheid Brittanje se beheer en mag oor die ZAR aanvaar. Wat die Britse regering nie besef het nie is dat die ooreenkoms 'n klousule bevat het in terme van die Katembe-konsessie. Daarin het die Duitsers toestemming verleen om sekere ontwikkelinge in die hawe, soos byvoorbeeld 'n steenkoolverskaffingspunt beman deur Duitse offisiere, te onderneem.¹⁷⁵ Die Britte wou ook verder verhinder dat 'n derde mag soos byvoorbeeld die ZAR, regte in Delagoabaai kry.¹⁷⁶ Op die vooraand van die oorlog was tydige en akkurate inligting oor gebeure, houdings en gesindhede van die Portugese, die identifisering van stoombote en hulle inhoud in die hawens van Delagoabaai en Beira, vir die Geheime Diens van groot belang. 'n Geheime agent soos Erasmus, wat in Rhodesië geopereer het en kennis geneem het van die verbindingsroete vanaf Salisbury na Beira, het by die Kommissaris van Polisie aanbeveel dat 'n geheime agent in Beira en in die hawe Inhambane, noord van Delagoabaai geplaas word. Hy het ook aanbeveel dat die ZAR regering oorweging moet skenk aan 'n spoorwegverbinding tussen Inhambane aan die Mosambiekse kus en die Soutpansberg-distrik.¹⁷⁷ Hierdie aanbeveling is gedoen om 'n agterdeur oop te hou indien Brittanje totale beheer oor die Lourenco-Marques spoorlyn en hawe sou

175 P. Henshaw, *The 'Key to South Africa' in the 1890's: Delagoa Bay and the Origin of the South African War*, (Rethinking the South African War Unisa Library Conference, 1998), pp. 1-2.

176 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, II*, pp. 38-39.

177 SP 884, GCPM 198/98, Verslag vanaf Erasmus, Ottoshoop, 22.9.1898.

kry. Vanaf Inhambane kon daar makliker, sonder inmenging, aansluiting by die Duits-Oos-Afrikalyn verkry word vir die vervoer van voorrade na die ZAR.

Geheime agente, wat Durban van tyd tot tyd besoek het, het kennis geneem van Britse skepe en offisiere wat die hawens verder noord besoek het. Die vertrek van generaal Goodenough en sy adjudant vanaf Durban na Mosambiek, op 'n "plesiertog" gedurende Oktober 1898, het geheime agent Schröder laat vermoed dat die besoek 'n verkenningstog was, heel waarskynlik om swart gemeenskappe te besoek en moontlikhede te ondersoek om hulle deur bewapening teen die ZAR en Portugese op te steek. Hy het ook vermoed dat die gebied van Machado, meer noord in Mosambiek, besoek sou word.¹⁷⁸ Hoe belangrik Delagoabaai vir die Britte was, blyk uit 'n brief van sir Alfred Milner aan die Minister van Kolonies, Chamberlain, in 1898:

I look on possession of Delagoa Bay as the best chance we have of winning the great game between ourselves and the Transvaal for the mastery in South Africa without a war.¹⁷⁹

Gedurende Mei 1899 het geheime agent, Erasmus, in Johannesburg verneem dat 'n groot aantal Britse troepe op Mauritius gestasioneer is. Die gedagte was dat die troepe naby Beira aan land gebring sou word om 'n inval op die noordelike gedeelte van die ZAR te doen.¹⁸⁰

7.2 Spioenasie op die tuisfront

Die Geheime Diens het aan die Witwatersrand hoofsaaklik daarop gekonsentreer om die wegsteekplekke van wapens en ammunisie in verskillende myne te identifiseer, die politieke klimaat onder die plaaslike bevolking te bepaal, die aankoms en vertrek van verdagte persone te monitor, politieke vergaderings en byeenkomste by te woon en die forte te Johannesburg en Pretoria te help beskerm deur onder andere teeninligting te bedryf.

178 SP 884, Rapport no. 36 vanaf Schröder, Durban, 10.10.1898.

179 C. Headlam, *The Milner papers (South Africa) 1897-1899, I*, p. 267.

180 SP 881, Verslag vanaf Erasmus, Johannesburg, 12.5.1899.

Geheime agente, wat elders in Suid-Afrika gestasioneer is, het van tyd tot tyd na Johannesburg en Pretoria teruggekeer. Hulle het soms ook waarnemings tydens hulle verblyf in Johannesburg gedoen en daaroor gerapporteer. Dit is waarskynlik dat vanweë die gerieflikheid daarvan asook om sekerheidsredes inligtingsverslae mondeling aan die Staatsprokureur, die Kommissaris van Polisie of die Hoof van die Geheime Diens, Tjaart Kruger, oorgedra is. Uiteraard is die bepaling van die werklike omvang van die Geheime Diens se werk, in hierdie tydperk, bemoeilik.

Inligting oor gebeure aan die Witwatersrand is soms in Natal en aan die wesgrens ingesamel en deurgegee. Die werk van die Geheime Diens aan die Witwatersrand is aangevul deur die gewone Polisie asook die Speurpolisie wat sekere aktiwiteite onder hulle hoofde se aandag gebring het.

Gedurende Februarie 1898 het 'n sekere weldoener uit Pretoria J.E. Veilly, 'n verslag aan die Kommissaris van Polisie gestuur. Dit wil voorkom of Veilly van Ierse afkoms was omdat hy melding gemaak het van besoeke aan Ierland en ook verwys het na opgeleide Iere in Johannesburg, wat bereid was om as vrywilligers aan te sluit.¹⁸¹ Ierse steun vir die Boeresak was nie 'n vreemde verskynsel nie aangesien daar gedurende 1899 'n *Irish Transvaal Committee* in Dublin gestig is, wat later gekulmineer het in die *First Irish Transvaal Brigade* wat aan Boerekant geveg het.¹⁸² In 'n skrywe het Veilly die Britse strategie vir 'n inval in die ZAR bespreek. Volgens hom het dit daarop neergekom dat die Britse troepe op 'n paar punte op die ZAR se grens geplaas sou word om sodoende die ZAR se krygsmagte te verdeel en sou 'n swaar gewapende mag - berede infanterie en artillerie - op die Jameson-roete die ZAR vanaf Mafeking na Johannesburg, binneval. Verder het Veilly gemeld dat die Britse regering Rhodesië wou beheer met die doel om die land as afspringplek op die ZAR se noordelike grens te gebruik. Veilly het sy dienste aangebied om as agent die detail van die beplanning in Salisbury en Bulawayo te gaan uitsnuffel. Die Kommissaris van Polisie, Schutte, was egter huiwerig om Veilly na Rhodesië te stuur omdat hy nie geweet het of hy hom kon vertrou nie.¹⁸³ Ten spyte van die feit dat dit wil voorkom of Veilly nie vergoed is vir sy

181 SP 884, GCPM 18/98, Skrywe Veilly - Schutte, Pretoria, 21.2.1898.

182 D.P. McCracken, *The Irish pro-Boers 1877-1902*, p. 48.

183 SP 884, GCPM 18/98, Lêer: "J.E. Veilly Pretoria", 21.2.1898.

inligtingsrapporte nie, het hy weer gedurende April 1898 'n skrywe aan Robert Ferguson gerig. Daaruit het dit geblyk dat Veilly 'n sekere Jack Maxwell in Londen gehad het wat hom van inligting voorsien het. Hy het weer eens sy dienste aangebied in ruil daarvoor dat die Kruger-regering sy terugreis vanaf Londen sou betaal. In 'n naskrif het hy Ferguson versoek om die strengste geheimhouding rondom die skrywe te handhaaf.¹⁸⁴

Alhoewel daar duidelike tekens van militarisering deur agente van die Geheime Diens dwarsoor Suid-Afrika waargeneem is, is die Witwatersrand nog steeds beskou as die barometer vir die werklike stand van die veiligheidsituasie. Die Geheime Diens het dus 'n deurlopende taak in die gebied gehad. Geheime agent J.T. Bain was sedert Mei 1897 baie aktief in Johannesburg.¹⁸⁵ Vanaf April 1898 het hy opdrag gehad om die klandestiene aktiwiteite van P.A. Ogilvie, Clem Webb en J.P. Rainer wat teen die ZAR regering gemik was, te ondersoek.¹⁸⁶ Later het ander name bygekom soos Naph. Cohen, en Mentone.¹⁸⁷

Bain het bevind dat hierdie persone almal lede was van die *South African League*. Clem Webb was die voorsitter van die *South African League* in die Transvaal en het ook op die staf van die *Mining Journal* gedien. P.A. Ogilvie was die redakteur van die myntydskrif asook gesamentlike sekretaris van die *South African League* Naph Cohen was hooforganiseerder van die verskillende takke van die organisasie.¹⁸⁸

Die Geheime Diens se aktiwiteite in Johannesburg moet gesien word teen die agtergrond van politieke en ander gebeure in die eerste helfte van 1898. Gedurende dié tydperk is daar 'n paar belangrike toesprake gelewer wat tot verdere spanning in die ZAR bygedra het. Die vernaamste hiervan was op Graaff-Reinet, waar sir Alfred Milner hom in die binnelandse aangeleenthede van die ZAR ingemeng het en die volgende gesê het:

It is not any aggressiveness on the part of her Majesty's Government which now keeps up the spirit of unrest in South Africa.... It is that

184 SP 884, Skrywe J.E. Veilly - Ferguson, 27.4.1898.

185 SP 880, Verslag Bain - Secretary "Dora Syndicate" Pretoria, Johannesburg, 17.5.1897.

186 SP 884, Verslag Bain - To the Commissioner of Police Pretoria, Johannesburg, 24.4.1898.

187 SP 881, Verslag Bain - The Commissioner of Police, Johannesburg, 31.5.1898.

188 SP 881, Verslag Bain - The Commissioner of Police, Johannesburg, 31.5.1898.

unprogressiveness... of the Government of the Transvaal, and its deep suspicion of the intention of Great Britain which makes it devote its attention to imaginary external dangers which threaten it are internal.¹⁸⁹

Hierdie toespraak het nie net in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd 'n groot indruk gemaak. Om die spanning verder op te jaag is daar gedurende Februarie 1898 'n naamlys van Britse onderdane, wat geld van die ZAR sou ontvang aan die Hoë Kommissaris oorhandig. In dieselfde tyd het 'n bekende Ierse joernalis 'n aanval op die "Boers" gedoen en aan Conyngham Greene beskryf hoedat die "Chief of the Transvaal Secret Service" hom probeer oorhaal het om as 'n spioen vir die ZAR regering onder die Britse magte op tree.¹⁹⁰

Op 12 Mei 1898 is Paul Kruger vir die vierde maal ingesweer as President van die ZAR nadat hy die verkiesingstryd gemaklik teen Schalk Burger en Piet Joubert gewen het.¹⁹¹ Dit was nadat Kruger op 16 Februarie vir hoofregter J.G. Kotzé ontslaan het. Die regter het in die saak Brown vs Staat besluit dat die Volksraad nie die mag het om besluit aan te neem, waardeur die beginsel van die grondwet verander word nie.¹⁹²

Dit het die anti-Krugergroeperinge laat beseef dat hulle die stryd op elke moontlike manier sou moes voortsit. Die feit dat die ZAR gedurende 1898 nie 'n lening in die buiteland kon kry nie, het die regering laat glo dat die kapitaliste van Johannesburg daaragter gesit het. Die regering het ook geglo dat dit deel was van 'n komplot om druk op die ZAR te verhoog.¹⁹³

Intussen het Rhodes weer op die politieke toneel verskyn, wat sake verder gekompliseer het. Die *CapeTimes* het na aanleiding van Rhodes se terugkeer tot die politiek verklaar:

189 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, II*, p. 139.

190 C. Headlam, *The Milner papers (South Africa) 1897-1899, I*, p. 247.

191 H.C. Bredell en P.J. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, p. 143.

192 A. G. Coetsee, *Die beleid van President Kruger (1897-1899) met betrekking tot die onafhanklikheid van Transvaal*, (MA, Unisa, 1936), p. 25.

193 M.F. Bitensky, *The South African League British Imperialist Organisation in South Africa 1896 to 1899*, (MA, UW, 1950), p. 71.

(H)is resurgence in Cape politics, not merely Rhodesian or South African politics, but the politics of the Cape Colony, is now open, acknowledged and dominant - for good or evil.¹⁹⁴

Die Geheime Diens se agente het van tyd tot tyd ook spioene wat in Rhodes se diens was raakgeloop. Dit is 'n aanduiding dat Rhodes alle hulpmiddele in werking gehad het om sy posisie te verstewig en te beveilig om dié van die ZAR te ondermyn.¹⁹⁵ Hierdie vermoede is bevestig deur inligting wat die Geheime Diens bereik het. Die veldkornet vir Johannesburg, H.S. Lombard, het 'n skrywe ontvang waarin hy ingelig is dat die *Chamber of Mines* of die *S.A. League* "een geheime dienst aanhouden".¹⁹⁶

In hierdie omstandighede was dit onder andere die Geheime Diens se taak om sy vinger op die pols te hou ten opsigte van staatsveiligheid. Bain het vasgestel dat daar tydens vergaderings van die *S.A. League* opruiende toesprake gehou is en dat daar 'n beroep op lede gedoen is om:

(I)n the event of being called out at any time... the Government may call upon you...then you should be ready.¹⁹⁷

Naph Cohen het tydens 'n vergadering dit ook gestel dat die vorming van takke as 'n "civic army" sou kon dien. Dit was vir Bain ook duidelik dat die organisasie die plek van die *Transvaal National Union* ingeneem het.

Geheime agent M.G. Erasmus wat hom gedurende Mei 1899 ook in Johannesburg bevind het, het Bain se bevindings beaam. Daar het volgens hom 'n plofbare situasie in Johannesburg geheers as gevolg van al die opstekery en agitاسie. Hy het veral beklemtoon dat die mynwerkers se gemoedere deur die *South African League* opgejaag is. Erasmus het ook die gerugte bevestig dat daar gewere in die Pionier- en Robinson-myne versteek is.¹⁹⁸

Verdere verslae van die Geheime Diens het daarop gedui dat die Transvaalse takke van die *South African League* saamgewerk het met takke in die ander kolonies. Teen

194 G.D. Scholtz, *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II*, p.144.

195 Kyk Hoofstuk 7.

196 SP 221, Skrywe vanaf J.J. Pienaar - Veldkornet Johannesburg, Johannesburg, 30.1.1899.

197 SP 881, Verslag Bain - The Commissioner of Police Pretoria, Johannesburg, 31.5.1898.

198 SP 885, GCPM 71/99, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 1.5.1899.

Junie 1898 het dit voorgekom of Bain gemaklik vergaderings van die organisasie bygewoon het sonder om verdag voor te kom.¹⁹⁹ Vir die res van 1898 het hy in groot detail vanuit Johannesburg verslag gedoen oor die doen en late van die *South African League* en ook die Engelssprekende pers gemonitor.

Nie net die Geheime Diens se agente het die *South African League* se doen en late gemonitor nie, maar ook die waarnemende hoof van die Speurdiens in Johannesburg, James Watt. Hy het daarin geslaag om 'n belangrike dokument wat aan die *South African League* gestuur is, te onderskep. Daarin skryf die opsteller dat hulle nog nie planne van die fort in Johannesburg kon bekom het nie en ook nie daarin kon slaag om 'n foto te neem nie. Die rede daarvoor was, volgens die opsteller, omdat die aantal wagte vermeerder is en die algemene paraatheid baie goed was. Die naam van 'n sekere W.D. Marshall, wat gevangenisstraf in die fort uitgedien het, word as 'n moontlike informant genoem om die uitleg van die fort oor te dra.²⁰⁰ Die sekretaris van die Uitvoerende Raad het by die Kommissaris van Polisie aan die hand gedoen dat Marshall na sy ontslag dopgehou moes word.²⁰¹ Dit was dus nie om dowe neute dat die uitleg van die fort vir die ZAR se vyande van belang was nie. Daar is meer as £40 000 aan die boukoste bestee. Die bewapening van die fort was indrukwekkend met onder andere 'n aantal kanonne. Bomvrye ondergrondse kamers is ingerig en daar was selfs 'n telegraafkantoor. Verder moes wagte 'n eed van geheimhouding aflê dat hulle niemand sonder magtiging binne sou toelaat nie en ook niks sou verklap oor die struktuur en inhoud van die fort nie.²⁰² Die fort was ook 'n besprekingspunt binne die Britse veiligheidsgeledere. Gedurende Februarie 1898 het die Britse agent in Pretoria, W. Conyngham Greene, 'n aantal berigte oor die fortebou te Pretoria en Johannesburg aan die Hoë Kommissaris gestuur waarin gewys is op die groot bedrae geld wat daarop en op bewapening bestee is. In dieselfde maand is 'n skriftelike weergawe van 'n gesprek tussen 'n sekere J.E. Veilly en kommissaris Schutte deur die Britse agent op lêer

199 SP 884, Verslag Bain - The Commissioner of Police Pretoria, Johannesburg, 30.6.1898.

200 SP 885, GCPM 69/99, Skrywe van Watt - Kommissaris van Polisie, Johannesburg, 26.4.1899.

201 SP 885, GCPM 69/99, Lêer omslag met aantekening deur Fortuin, die sekretaris van die Uitvoerende Raad, 10.5.1899.

202 J. Ploeger, Die Fort te Johannesburg in *Militaria*, 5(3), 1972, pp. 33-36.

geplaas. Daarvolgens sou ekstra polisie en kosvoorrade na Johannesburg gestuur word. Vrouens en kinders sou 24-uur kennis gegee word om die stad te verlaat en:

If people fire on the forces the forts will open shell fire on the town.²⁰³

Gedurende April 1899 het anonieme “Geheime Agent te Johannesburg” die Kommissaris van Polisie laat weet dat volgens ‘n sekere Clemm Webb die plan was:

(T)o secure sufficient picked men to take the fort, and hold the town until the British troops could arrive.... They allso(sic) know that the guns in the Fort here are shortly to be replaced excepting the one large one at the North east Bastion. They have complete plans of the Fort.²⁰⁴

Later het ‘n verslag van ‘n onbekende bron op die Geheime Diens se lessenaar geland, waarin die opsteller vol moed was om al die nodige inligting oor die Johannesburgse fort te bekom. Dit sou met behulp van ‘n sekere Karlboom,(sic) ‘n voormalige offisier in die Staatsartillerie gedoen word, nadat hy onder die invloed van drank gebring is.²⁰⁵ Daar was wel ‘n 1ste Luitenant B.A.-A. Carlblom, voorheen in diens van die Staatsartillerie,²⁰⁶ maar die feit dat die verslag anoniem op die Geheime Diens se lessenaar beland het, moet met agterdog bejeën word.

Gedurende Oktober het A.J. Botha vanuit Pietermaritzburg inligting verskaf na aanleiding van ‘n gesprek met twee Engelssprekendes wat voorheen op die myne in Johannesburg gewerk het. Dié het hom meegedeel dat daar 2 000-3 000 gewere en 8 kannone in ‘n sekere myn versteek is.²⁰⁷

Die gerugte in verband met wapens, wat in sekere myne op die Witwatersrand versteek is, het in 1899 weer na vore gekom. Hierdie keer was die bewering dat die gewere in die Simmer en Jack-myn versteek is. ‘n Lasbrief om die perseel te deursoek is uitgereik maar niks is gevind nie.²⁰⁸ Hierdie was ‘n tipiese voorbeeld waar die Geheime Diens en die Speurdiens mekaar aangevul het in die belang van

203 *Ibid.*, p. 48.

204 SP 885, GCPM 49/99, Skrywe van “Geheime Agent te Johannesburg”, 6.4.1899.

205 SP 885, GCPM 74/99, Verslag van ‘n onbekende persoon, Johannesburg, 1.5.1899.

206 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 44.

207 SP 881, Skrywe A.J. Botha - Confid Sec Speur Politie Pretoria, Pietermaritzburg, 20.10.1898.

208 SP 818, GDDM 39/99, Lêer: “Hoofd Speurdienaar Johannesburg, Re verborgen geweren enz. by de Simmer & Jack Goudmijn”, 12.8.1899.

staatsveiligheid maar gerugte moes bevestig word want dit kon disinformasie gewees het.

Teen die einde van 1898 het D.S. Fourie vanaf Ottoshoop berig dat 'n swart man, wat op besoek aan Johannesburg was, hom meegedeel het dat 'n ondergrondse tonnel vanaf Johannesburg na Pretoria gegrawe gaan word. Die doel van die tonnel sou wees dat 'n gewapende mag op die wyse Pretoria kon binnedring.²⁰⁹ Dit wil voorkom of die berig nie ernstig opgeneem is nie. Daar is slegs kennis geneem en geen verdere opdragte is uitgereik nie.²¹⁰

Die Geheime Diens het aan einde van die jaar ook berig oor die impak wat die Edgar-skietvoorval gehad het. Hierdie voorval het die polisie diens van die ZAR in besonder op die voorgrond gestel.

Vir die ZAR-regering was dit nodig om deurentyd op hoogte te wees van die gesindheid, houding en stand van bewapening onder die swart volke binne die ZAR asook in die aangrensende gebiede. 'n Saak, wat voortdurend verhoudinge tussen die ZAR regering en van die swart volke vertroebel het, was die onwettige besit en verspreiding van vuurwapens. Smokkelhandel in gewere, ammunisie en selfs kanonne het voorgekom.²¹¹ Gerugte het ook die rondte gedoen dat die Britse magte moontlik swartes bewapen het met die gedagte om hulle in 'n komende oorlog aan te wend. In die ZAR was dit onwettig vir 'n swarte om 'n wapen te besit. Vir Smuts as Staatsprokureur van die ZAR, was die gebruik van swartes as troepe in 'n oorlog tussen die ZAR en Brittanje ondenkbaar en teen die gebruik in die land. In Julie 1899, drie maande voor die uitbreek van die oorlog, is die Haagse Konvensie onderteken. Die Britse regering en 23 ander lande het die dokument onderteken waarin daar oor die reëls van oorlogvoering ooreengekom is.²¹² Die ZAR en Vrystaatse regerings is nie na die konferensie genooi nie en het dus ook nie die dokument onderteken nie. Dit het beteken dat die Haagse Konvensie tegnies nie van

209 SP 884, GCPM 270/98, Skrywe D.S. Fourie - Kommissaris van Polisie, Ottoshoop, 5.12.1898.

210 SP 887, Minuteregister, Inskrywing no. 270, 12.12.1899.

211 J.I. Rademeyer, *Die oorlog teen Magato (M'pefu) 1898*, (MA, UP, 1942), p. 39.

212 P. Warwick, *Black people and the South African War*, p. 17.

toepassing was op die komende oorlog nie.²¹³ Die konvensie het ook nie melding gemaak van die gebruik van swartes as troepe nie. Alhoewel die Kruger-regering teen die gebruik van swartes as troepe gekant was, was dit heel moontlik dat die Britse magte swartes kon aanwend. Swart volke het skielik 'n belangrike inligtingsvereiste vir die Kruger-regering geword.

Met die oog op 'n komende oorlog was die toestand vir die ZAR-regering kommerwekkend. Geheime agente en ook ander komponente van die inligtingsgemeenskap, soos die *Rijdende Grenswacht* moes afgesien van die stand van bewapening van die swart volke, ook vasstel waar sekere van die swart opperhoofde se lojaliteit sou lê, ingeval oorlog met Engeland sou uitbreek. In hierdie verband is daar veral gekonsentreer op Bhunu, Sekhukhune en Mphephu, die opperhoof van die Bavendas.

Beide die Britse- en die ZAR-regerings het op die vooraand van die oorlog geglo dat 'n Swazi-opstand onder die leiding van die Swazi opperhoof, Bhunu, 'n moontlikheid was indien oorlog tussen Brittanje en die ZAR sou uitbreek.²¹⁴ Hierdie spanning is verder aangewakker deurdat die ZAR-regering Bhunu wou dagvaar vir 'n rituele moord wat hy op sy hoof-indoena, Umbaba, laat uitvoer het.²¹⁵ Daar was ook gerugte dat Bhunu gedreig het om Bremersdorp aan te val.²¹⁶ J.C. Krogh, die ZAR se Spesiale Kommissaris in Swaziland, en Johannes Smuts, die Britse konsul aldaar, het Bhunu aangeraai om nie in die oorlog tussen die twee lande betrokke te raak nie.²¹⁷ Daar was egter gerugte van wapenstapeling in Swaziland wat Tjaart Kruger laat ondersoek het.

In Julie 1899 het die Kommandant van Polisie in Bremersdorp navraag by Tjaart Kruger gedoen of 'n sekere Bullock 'n lid van die Geheime Diens was, waarskynlik omdat sy optrede en bewegings tipies dié van 'n geheime agent was. Kruger het negatief gereageer en ook by die Staatsekretaris (kabinet) navraag gedoen of Bullock

213 S.B. Spies, The Hague Convention of 1899 and the Boer Republics in *Historia*, 15(1), 1970, pp. 43-48.

214 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 104.

215 G.N. van den Bergh, Die polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, pp. 291-295.

216 SP 885, GDDM 79/99, Skrywe A.H. Evans - Tjaart Kruger, Pretoria, 6.9.1899, p. 9.

217 R.W.F. Drooglever, "Bhunu" in C.J. Beyers (Red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV, p. 30.

as agent in dié departement se diens was, wat ook ontken is.²¹⁸ ‘n Maand later het die Kommandant in Bremersdorp berig dat hy inligting ontvang het dat Bullock in opdrag van Bhunu na Lourenco Marques op pad was met ‘n bedrag geld wat hy van die opperhoof ontvang het. Sy opdrag was om daarmee wapens en ammunisie vir Bhunu in Lourenco Marques aan te koop. Die Kommandant van die Polisie het Tjaart Kruger versoek dat ‘n speurder na Lourenco Marques gestuur word om Bullock dop te hou.²¹⁹

‘n Geheime agent, A.H. Evans, is onmiddellik na Lourenco Marques gestuur om die bewerings te gaan ondersoek. Evans het Bullock in die Cardoza Hotel raakgeloop en hom en die kroegman effens dronk gemaak om die nodige inligting uit hulle te kry. Evans het Bullock gepols oor die moontlikheid om saam met sy waens oor Bremersdorp na Piet Retief te reis, onder die voorwendsel dat hy na plase wou gaan kyk. Evans het tydens die gesprek bevestig dat Bullock wel wapens en ammunisie na Bhunu sou vervoer. Hy het die Kommandante van die Polisie te Bremersdorp en Machadodorp in kennis gestel van die vrag wat op pad is, sodat Bullock voorgelê kon word.²²⁰

In die noordelike deel van die ZAR in die Soutpansberg-distrik, het die *Rijdende Grenswacht*, wat by Fort Hendrina onder Luitenant Gert du Toit se bevel was, die regering van die nodige inligting omtrent die swart volke voorsien.²²¹ ‘n Week voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die wagmeester te Fort Hendrina, P.C. Eybers laat weet dat die Britte ‘n telegraaflyn vanaf Umzingwane na die Krokodilrivier gaan laat aanlê.²²²

In die Lydenburg-omgewing was daar ook redelike onstabiliteit onder die Pedi's wat onder beheer van die Naturellekommissaris, J.A. (Abel) Erasmus, gestaan het. Die twee opperhoofde Kgolane en Thorometsane, wat in beheer van twee verskillende sektore in die “Geluks location” was, was niks meer as spreekbuise van Erasmus

218 SP 818, GDDM 8/99, Lêer met telegram, Pretoria, 18.7.1899.

219 SP 885, GCPM 7/99, Telegram vanaf Kommandant van Polisie Bremersdorp - Kommissaris van Polisie, Pretoria, 17.8.1899.

220 SP 885, GDDM 79/99, Verslag A.H. Evans - Tjaart Kruger, Pretoria, 6.9.1899.

221 J.W.N. Tempelhoff, *Townspeople of the Soutpansberg, A centenary history 1899-1999*, p. 36.

222 SP 885, GCPM 56/99, P.C. Eybers - Kommissaris van Polisie, Fort Hendrina, 28.9.1899.

nie. Hulle was dus nie baie gewild by die Pedi-volk nie.²²³ Die Kruger-regering moes die situasie baie fyn monitor. In September 1899 het die Kommandant in Lydenburg, D.J. Schoeman, vir Tjaart Kruger laat weet dat die agent, Manok, wat hy aangestel het om inligting in “Sekoekoeniland” in te samel, terug gerapporteer het. Schoeman was ook die veldkornet vir die Krokodilrivier-wyk in die Lydenburg-distrik.²²⁴ Volgens Manok was kaptein Kgolane baie rustig en sou in geval van oorlog lojaal aan die Kruger-regering wees. Wat kaptein Thorometsane betref, was dit ‘n ander saak. In geval van oorlog sou hy sy volgelinge in opstand laat kom.²²⁵ Dit wil voorkom of die veldkornette en polisie in die Lydenburg-distrik ingestel was op inligtingsinsameling. In Augustus 1899 het die veldkornet vir die Ohrigstadrivier-wyk, P.B. Swart, vir kommandant Schoeman laat weet dat ‘n gewapende mag van Rhodes op die ZAR-grens oos van Leydsdorp vergader het.²²⁶ In hierdie geval is die plaaslike militêre leiers, wat die gebied en bevolking geken het, gebruik om inligting in te samel.

Die Mphephu-opstand van 1898 het die grenspolisie se militêre- sowel as inligtingsinsamelingsrol weer beklemtoon. Die Kommandant van Afdeling V het in 1898 berig dat hy weens die lang Limpopogrens nie die regering se opdrag om die geweerhandel vanuit Rhodesië met Mphephu kon uitvoer nie.²²⁷ Gereelde besoeke, wat Mphephu van agente van die *Chartered Company* ontvang het, is as nadelig vir die veiligheid van die ZAR beskou. Hierdie besoeke het gewentel rondom die verskaffing van wapens en ammunisie aan Mphephu.²²⁸ In die maande voor die uitbreek van die oorlog is die grenspolisie in dié geweste versterk. Die versterkings is aangebring na berigte dat swart groeperinge, wat die Kruger-regering vyandiggesind is, deur die Britte bewapen is. Britse offisiere sou namens Mphephu bevel voer oor die swart troepe. Na aanleiding van die berigte dat Britse soldate oor

223 P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902*, p. 97.

224 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 46.

225 SP 818, GDDM 133/99, Verslag D.J. Schoeman - Hoof van die Speurpolisie, Lydenburg, 22.9.1899.

226 SP 818, GR 1087/99, Veldkornet P.B. Swart - Kommandant van Lydenburg, Uitkomst, 15.8.1899.

227 G.N. van den Bergh, Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 297.

228 J.W.N. Tempelhoff, Die okkupasieselsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899, (D. Litt et Phil., Unisa, 1989), p.528.

die grens gekom het, het die Kommissaris van Polisie aan die Kommandant van Polisie op Nylstroom, die volgende opdrag gegee:

(W)ord(t) u met deze opgedragen om de geheele grens tot aan Florisdrift streng te doen bewaken, en zoal mogelijk spioenen uitzenden om te onderzoeken of er werkelijk Engelsche soldaten van over de Rivier zijn gekomen.²²⁹

Die Kommandant van die Polisie te Derdepoort in die Rustenburg-distrik, het opdrag gekry om die bewapening van swartes in sy gebied fyn te monitor. Die saak is as so dringend beskou dat die Kommissaris versoek het dat enige informasie onmiddellik per bode na Rustenburg gestuur moes word en daarvandaan na Pretoria getelegrafeer moes word.²³⁰ Die Kommandant te Krokodilrivier in die Waterberg-distrik, het magtiging gekry om drie addisionele aanstellings van polisiebeamptes by Florisdrif te maak en twee elk te Middeldrif, Matiebiedrif, Vijgeboomdrif en by Seleka. Hierdie polisie moes die grens dag en nag bewaak en enige Britse troepebewegings aan die ZAR kant van die grens moes onmiddellik gerapporteer word. 'n Sekere J.R. Drummond is in 'n noorwestelike rigting na die Macloutsie-omgewing in Betsjoenanland gestuur om te gaan spioeneer. Hy het lede van die Engelse polisie raakgeloop wat besig was om hawer te koop vir 16 000 perde wat naby Macloutsie gehou was. Die regering het ook kennis geneem van sy bevinding dat die Britte besig was om 'n telegraaflyn vanaf Tuli in Rhodesië na Vijgeboomdrif aan te lê.²³¹ Jan Celliers is in beheer geplaas van die stasies vanaf Florisdrif tot by Vijgeboomdrif en sersant Lee in beheer van die gebied tussen laasgenoemde en Slijpsteendrif.²³² J.S. (Jan) Celliers was vanaf Augustus tot Mei 1899 op die betaalstaat van die Geheime Diens.²³³ Die gebruik van 'n lid van die Geheime Diens om in beheer te staan van 'n aantal polisiemanne op die grens, dui eerstens daarop dat inligtinginsameling die hoofsaak van die grenspolisie geword het. Tweedens het

229 SP 893, Skrywe Kommissaris van Polisie - Kommandant van Polisie Nylstroom, 25.8.1899.

230 SP 893, Skrywe Kommissaris van Polisie - Kommandant van Polisie, Derdepoort, Rustenburg, 25.8.1899.

231 SP 885, GCPM 54/99, Verslag Kommandant van Polisie (Krokodilrivier) - Kommandant van Polisie (Pretoria), Krokodilrivier, 25.9.1899.

232 SP 893, Skrywe Kommissaris van Polisie - Kommandant van Polisie, Krokodilrivier, Waterberg, 28.8.1899.

233 SP 858, Speurpolisie Voorskotboek, p. 3, 5, 7, 9, 12, 14, 16.

dit sin gemaak om 'n persoon uit die geledere van die Geheime Diens in beheer te plaas wat die nodige ervaring en kundigheid oor spioenasie en inligtinginsameling gehad het. Daar het ook 'n vermenging van speurders en geheime agente plaasgevind deurdat van hulle gebruik is om by luisterposte op die grens op tree. Soms het hulle ook die grens oorgesteek om inligting oor troepebewegings en fortifikasies te verkry.²³⁴ Dat die Kruger-regering goeie inligtingsdekking aan beide kante van die grens gehad het word bevestig deurdat H.H. Fraser, *alias* Hugh Henry, uit Rhodesië berig het dat die *Chartered Company* bevrees was vir 'n Matabele-opstand ingeval oorlog sou uitbreek.²³⁵ 'n Ander geheime agent soos M.G. Erasmus het vanaf April 1899 met gereelde tussenposes verslae oor die situasie aan die Betsjoeanaland-kant van die grens ingestuur. Van hierdie waarderings, wat Erasmus oor die verdedigbaarheid van die grens gemaak het, het beide die Kommandant-generaal, Joubert, en die Staatsprokureur, Smuts, kennis geneem.²³⁶

Wat duidelik blyk is dat spioenasie en inligtinginsameling onder die swart volke binne die ZAR se grense nie die Geheime Diens se hooftaak was nie. Die bestaande infrastruktuur van die *Rijdende Grenswacht* en die plattelandse polisie wat by die verskillende forte naby die ZAR se grense gestasioneer is, is vir die doel benut. Verder is daar ook gebruik gemaak van veldkornette en kommandante woonagtig in die onderskeie gebiede om die regering se oë en ore op die grond te wees. Die Geheime Diens was egter betrokke deurdat geheime agente soms in beheer van sekere gebiede geplaas is. Die Polisie diens op die grense het ook stelselmatig, in die maande wat die oorlog voorafgegaan het, 'n militêre karakter begin aanneem. Die insameling van militêre inligting het die verskillende kommandante op die grense se hooftaak geword. Die feit dat die Geheime Diens se beheer en administrasie in Augustus 1899 vanaf die Kommissaris van Polisie se kantoor na die Staatsprokureur oorgegaan het, het nie die vloei en insameling van inligting belemmer nie.²³⁷ Wat egter belangrik is, is dat alle verslae aan Tjaart Kruger, as Hoof van die

234 G.N. van den Bergh, Die polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 298.

235 SP 818, GDDM 136/99, Hugh Henry - Hoof van die Speurdiens, Pretoria, 17.9.1899.

236 SP 885, GCPM 63/99, Lêer: "M.G. Erasmus Zeerust. Rapport re zijne bevindingen aldaar", 20.4.1899, met inskrywings en handtekeninge van beide P.J. Joubert en J.C. Smuts.

237 SP 893, Skrywe Kommissaris van Polisie - Staatsekretaris, 14.8.1899.

Speurpolisie en Geheime Diens, se kantoor gestuur is. Sodoende kon hy 'n volledige inligtingsprent vorm en die regering adviseer oor die houding en gesindheid van die swart volke op die ZAR se grense.

7.3 Britse geheime agente deur die Geheime Diens ontbloot

In die twee jaar voor die uitbreek van die oorlog het daar ook spioenasie vanaf Britse kant plaasgevind in Suider-Afrika. Die Britse regering het nie net staatgemaak op die *Intelligence Department* vir die insameling van inligting in Suid-Afrika nie, maar het ook gebruik gemaak van Britse diplomatieke personeel in ander lande, reisigers, joernaliste en gewone burgers se goedgesindheid wat moontlik ook spioene van Rhodes was. Diplomate het histories 'n inligtingsfunksie gehad buiten hulle ander take. Hierdie inligtingsfunksie is dikwels misbruik vir spioenasiedoeleindes. Met geheimhouding as 'n integrale deel van diplomatieke werk, was dit 'n basiese aanknopingspunt vir spioenasie.²³⁸ In hierdie verband was dit veral die Britse Agent in Pretoria, Conyngham Greene, wat sy diplomatieke pos as "amptelike dekking" gebruik het om spioenasieverslae in verband met die bewapening en bou van die forte om Pretoria, aan die Britse regering te stuur.²³⁹

Hierdie gedagterigting en neiging om van amateurs as spioene gebruik te maak, was vir die Britte 'n aanvaarbare wyse van informasie-insameling wat deur die *British Secret Service* en in die geledere van die *Director of Military Intelligence (DMI)* toegepas is.²⁴⁰ Sekere Britse burgers het hulle aangetrokke gevoel tot amateur-spioenasie weens

(T)hat touch of romance and excitement... which makes spying the fascinating sport it is.²⁴¹

238 H.J. Benade, Die strafregtelike aspekte van spioenasie, (D. Legum, Unisa, 1990), pp. 108-109.

239 A.C. van Vollenhoven, *Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902*, pp. 60-61.

240 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 89.

241 C. Andrew, *Secret service: The making of the British intelligence community*, p. 26.

Verder het daar in die geledere van die Britse Leër 'n negatiewe konnotasie teenoor spioenasie en die term spioen bestaan. Die bestaansreg van 'n inligtingsafdeling in vredestryd is selfs betwyfel.²⁴²

Alhoewel Britse offisiere, wat op spioenasiesendings was, streng reëls gehad het wat deur die *DMI* bepaal is waarvolgens hulle moes werk en veronderstel was om hulleself as toeriste voor te doen,²⁴³ is hulle dikwels deur geheime agente van die ZAR uitgeken en aangemeld. In hierdie omstandighede kon mens die bedryf van teen-inligting deur die ZAR se Geheime Diens verwag het. Teen-inligting het normaalweg ten doel om die opposisie se inligtingsstelsel of geheime diensoperasies binne te dring.²⁴⁴ Weens die feit dat daar aan Britse kant nie 'n spesifieke geheime diens bestaan het wat in Suid-Afrika geopenbaar het nie en daar hoofsaaklik van gevestigde offisiere in die *British Army* gebruik gemaak is, was dit baie moeilik om op 'n geloofwaardige wyse hulle geledere binne te dring. Die bedryf van teen-inligting deur die ZAR se Geheime Diens het hoofsaaklik neergekom op die identifisering van Britse spioene en spioenasie-aktiwiteite binne die ZAR en op die grense, die onderskepping van briewe en korrespondensie en die sensor van posstukke en die binnedring van Britse militêre kampe. Die bedryf van teen-inligting was nog 'n betreklik nuwe konsep op daardie stadium. Pas 20 jaar tevore het Wilhelm Stieber die metode vir die eerste keer in Pruise toegepas.²⁴⁵ Dit is insiggewend dat die ZAR se Geheime Diens só vinnig in lyn met wêreldtendense gekom het.

Gedurende April 1899 het Schröder wat hom in Natal bevind het, gemeld dat Britse offisiere:

(A)ls verspieders naar de Republieken uitgezonden zijn om de forten op te nemen en het terrein overal te verkennen.²⁴⁶

242 J. Haswell, *British Military Intelligence*, p. 13.

243 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 89.

244 W.P. Steenkamp, The intelligence function of the political system, (D.Ed. Phil., Unisa, 1993), p. 171.

245 R. Seth, *Encyclopedia of Espionage*, p. 612.

246 SP 884, GCPM 53/98, Rapport no. 3 vanaf Schröder, Durban, 12.4.1898.

Hy het ook inligting bekom dat 'n sekere persoon uit Durban, Johannesburg besoek het en die fort daar gefotografeer het.²⁴⁷ Hierdie inligting is later opgevolg met 'n verslag waarin die name van Gaseogne en Macmaster, woonagtig in Pretoria, in verband met beweerde spioenasie op Fort Klapperkop genoem is.²⁴⁸

Teen die middel van 1898 is daar gerapporteer dat "Britsche verkennings-offisiere" die Natal/ZAR-grens verken het. Hierdie vier offisiere van die "topographischen dienst" het veral tussen Amajuba en Wakkerstroom verkenningswerk gedoen.²⁴⁹ Ten spyte van die feit dat hierdie offisiere op grondvlak verkenning gaan doen het, is kritiek uitgespreek oor die gebrek aan kaarte en foutiewe topografiese inligting wat tot die Britse magte se beskikking was.²⁵⁰

Vanuit Pretoria het geheime agent, Thomas Smith, 'n sekere Hofgart, wie se regte van waarskynlik Wight was, as 'n moontlike spioen geïdentifiseer. Die persoon het homself soms voorgedoen as 'n spekulant en soms as 'n joernalis, terwyl Smith vermoed het dat hy 'n offisier in die Britse Leër is. Smith se vermoedens is verder bevestig deurdat hy ook voortdurend gepoog het om kontak te maak met persone in diens van die Speurpolisie van die ZAR. Smith het versoek dat sy telegramme en korrespondensie ingevolge Artikel 28 van Wet nommer 18 van 1898, onderskep word.²⁵¹

Die Britse inligtingspoging word opgesom deur die volgende getuienis wat Lord Wolseley in 1903 voor 'n kommissie van ondersoek afgelê het:

THE WORK OF THE INTELLIGENCE DEPARTMENT 8701.

During, I think, a part of 1898, and certainly in 1899, we had in South Africa a number of officers, selected by myself and the staff about me, I think ten or twelve clever, intelligent men, whom we sent there without any ostensible orders. They travelled throughout the country, and it was from them that we very largely obtained our best information with regard to the condition of things and the preparations that were being

247 SP 884, GCPM 94/98, Rapport no. 6 vanaf Schröder, Durban, 15.5.1898.

248 SP 881, Verslag vanaf Schröder, Pretoria, 30.5.1899.

249 SP 884, Verslag no. 4 vanaf Schröder, Pietermaritzburg, 16.6.1898.

250 Cd 1789. Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into military preparations and other matters connected with the war in South Africa, 1903, p. 130.

251 SP 818, GDDM 46/99, Verslag vanaf Thomas Smith, Pretoria, 21.8.1899.

made for war. From them we obtained, I think I may say very reliable information as to the extent to which the Boers, Mr. Kruger especially, had laid in preparations for the war in the shape of guns and warlike *materiel* (sic) of various sorts - ammunition and so on.²⁵²

Gerugte het selfs die rondte gedoen dat 'n sekere M. Erasmus, wat vroeër sekretaris van die Tweede Volksraad was, 'n geheime agent is.²⁵³

Die vermoede wat geheime agente sedert 1897 gehad het, dat sekere van die persone vir die *Chartered Company* gespioeneer het,²⁵⁴ is vanaf 1898 verder bevestig. Hulle was veral bedrywig op die wesgrens van die ZAR wat binne die *Chartered Company* se invloedsg gebied was. Gedurende Mei 1898 het M.G. Erasmus 'n vermoede gehad dat so 'n geheime agent hom in Zeerust bevind het.²⁵⁵ Die Staatsekreteraris het die Kommissaris van Polisie versoek om ondersoek in te stel na George Edwards en Francis Oates wat:

(A)ls afgezanten van Rhodes zich thans binne deze Republiek bevinden, belast met geheime diensten.²⁵⁶

Edwards het laat val dat hulle in opdrag van Rhodes die ZAR besoek het. Francis Oats was 'n myningenieur, prospekteerder, bestuurder van die *Victoria Diamond Mining Company* en sedert 1890 'n direkteur van *De Beers Mines*.²⁵⁷ Hy het baie vanaf Kimberley rondgereis en het vanweë sy werk 'n goeie alibi gehad om terselfdertyd spioenasiewerk te verrig. Dit is dus moontlik dat die Staatsekreteraris se vermoede oor Oats reg was.

In dieselfde week het Schröder 'n sekere A. Clarke geïdentifiseer wat die ZAR deurreis het en inligting rondom paaie versamel het. Schröder het met redelike sekerheid vermoed dat hy 'n geheime agent van die *Chartered Company* is.

252 W.T. Stead, *How Britain goes to war*, p. 31.

253 SP 885, Memorandum aangeheg aan 'n skrywe vanaf Schröder, Lydenburg, 27.1.1899.

254 Kyk Hoofstuk 6.

255 SP 884, GCPM 102/98, Verslag vanaf Erasmus, Zeerust, 24.5.1898.

256 SP 884, GR 626/98, Minute van staatsekreteraris aan kommissaris van polisie, Pretoria, 31 Mei 1899.

257 W.D. Maxwell-Mahon, "Francis Oats" in C.J. Beyers (Red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, IV, pp. 437-438.

Teen Junie 1899, het die *Intelligence Division* 10 offisiere op 'n spesiale sending na Suid-Afrika gestuur, om addisionele inligting in te samel en die aanvoorwerk te doen vir 'n "field intelligence"-afdeling, met die oog op die komende oorlog.²⁵⁸ Dit is waarskynlik van hierdie offisiere waarvan Erasmus as geheime agent gedurende Augustus 1899 melding gemaak het:

Engelsche officieren hebben overal op de Wester grens inspectie gehouden waarde beste plekken zyn om troepen over de grens te zenden.²⁵⁹

Dit wil voorkom of Erasmus 'n aanvoeling gehad het om Britse spioenasiepogings bloot te lê. Gedurende September het hy twee Engelse offisiere, kaptein Beves en kaptein Stinson, in Johannesburg waargeneem. Volgens sy waarneming was hulle besig met beplanning vir die latere Britse inval in die ZAR.²⁶⁰

Een van die persone wat na vore begin kom het, nadat hy aanvanklik as 'n amateur-spioen vir die Britte opgetree het, was Robert S.S. Baden-Powell. Hy het later die rang van Generaal-majoor bekleed en was ook die stigter van die Boys Scouts-beweging.²⁶¹ Hy was baie aktief gewees as 'n spioen in Suid-Afrika. Baden-Powell het onder andere 'n swartman, Jan Grootboom, 'n Zoeloe van geboorte en wat Engels magtig was, gebruik om vir hom te spioeneer. Baden-Powell was ook 'n meester op die gebied van vermomming. By een geleentheid in Suid-Afrika, het hy homself só vermom dat die bevelvoerder van sy regiment hom nie herken het nie.²⁶² Ten spyte van sy professionele benadering en kennis oor spioenasie, het een van Schröder se informante uit Betsjoeanaland berig dat Baden-Powell hom dikwels op die ZAR se grondgebied bevind "om eene verkenning uit te voeren". Die doel van die verkenning was om die ZAR se ontplooiing van magte te bepaal, telegraaflyne te ontwrig en die terrein aan die wesgrens te ontleed.²⁶³

258 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 111.

259 SP 881, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 2.8.1899.

260 SP 818, GDDM 63/99, Verslag vanaf McGregor (Erasmus), Pretoria, 2.9.1899, p. 4.

261 T.G. Fergusson, *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*, p. 89.

262 R. Baden-Powell, *My adventures as a spy*, p. 69.

263 SP 818, GDDM 105/99, Rapport no. 83 vanaf Schröder, 16.9.1899.

In die laaste paar weke voor die uitbreek van die oorlog was spioenasie vanuit Britse geledere aan die orde van die dag. Die Geheime Diens het nog steeds spioenasie in Britse geledere ontbloot. Teen die helfte van September het J. von Kretchmar verdagte persone gerapporteer wat as spioene voorgekom het en wat in die ZAR rondreis.²⁶⁴ Geheime agent D. Ruskins, het uit gesprekke met Britse offisiere in die militêre kamp by Ladysmith afgelei dat daar verskeie Britse offisiere en spioene in Johannesburg en Pretoria aanwesig was.²⁶⁵ 'n Sekere Edward Lake, *alias* professor Lake, wat hom in Pretoria bevind het, is ook geïdentifiseer as 'n spioen.²⁶⁶

Britsgesinde koerante, soos die *Leader*, het selfs berigte geplaas met opskrifte soos "Spying in the English lines" waarin hulle gepoog het om die ZAR se spioenasiepogings in Natal bloot te lê. Hulle het beweer dat 'n sekere luitenant du Toit van die Staatsartillerie homself vermom en Natal toe vertrek het.²⁶⁷

Die Geheime Diens is deur omstandighede en behoeftes gedwing om grotendeels inligting wat verband gehou het met die militêre bedreiging, in te samel. Alhoewel verskeie geheime agente nie die nodige aanvoeling gehad het vir die inwin van militêre inligting soos Schröder nie, het hulle verslae wel in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae gelewer. Die Regering was in 'n posisie om redelik akkuraat vas te stel wat op al die verskillende potensiele fronte aan die gang was. Die Geheime Diens se aanvanklike opdrag, om geheime planne te ontrafel wat die ZAR se vyande beoog het, het dus gerealiseer.

7.4 Kontemporêre skrywers se siening van die Geheime Diens

Twee kontemporêre skrywers, naamlik A.E. Heyer en Douglas Blackburn, het albei publikasies, wat onder andere oor die Geheime Diens gehandel het, die lig laat sien. Beide publikasies handel hoofsaaklik oor die Geheime Diens se samestelling en funksionering voor die uitbreek van die oorlog. Gedurende Oktober 1899 het Heyer

264 SP 818, GDDM 98/99, Lêer: J. v. Kretchmar Pretoria, Re rondreizende verdachte personen in de Z.A.R., 13.9.1899.

265 SP 818, Verslag Ruskins - Donovan Hoofd der criminele afdeeling Johb, Johannesburg, 18.9.1899.

266 SP 818, GDDM 143/99, Lêer: Wd hfd Speurder Pretoria Rapporteer re zekere Edward Lake galias Professor Lake, 23.9.1899.

267 SP 818, GDDM 142/99, Lêer met 'n koerantuitknipsel ingestuur deur geheime agent A. Snave, Pretoria, 25.9.1899.



Fig. 17: Douglas Blackburn (5.8.1857 - 29.3.1929) joernalis en skrywer van die boek *Kruger's Secret Service by One who was in it*, in 1899. Bron: *Unisa English Studies*, XIV(1), April 1976, p. 44.

‘n publikasie getitel: *A brief history of the Transvaal secret service system from its inception to the present time; its objects, its agents, the disposal of its funds, and the result as seen to-day - War against Great Britain*, die lig laat sien. Die uitgewer was W. Taylor van Kaapstad wat ‘n verdere pamflet geskryf deur F.B. Higginson, in Desember 1899 en getitel: *Boer atrocities: The Pretoria Lunatic Asylum and its inmates. Mr. F.B. Higginson's statement. A terrible indictment Against The Transvaal Government*, gepubliseer het. Alhoewel hierdie pamflet hoofsaaklik handel oor die Kruger-regering en sy amptenary se swak en onregverdige inhegtenisneming en hantering van Higginson, word in enkele paragrawe sekere negatiewe uitsprake oor die Geheime Diens gemaak soos:

Tjaard(sic) Kruger (one of the President's sons) and Commandant Schutte (Chief of Police) actually employed a woman of fascinating appearance and manners to be with the detectives, so that she could use her blandishments on me on purpose to obtain the information in question. The lady (Mrs. Constance Hamilton), employed by the Secret Service Agents was considered the best-dressed woman on the Rand....²⁶⁸

Beide pamflette is gepubliseer en gedruk deur die uitgewer W. Taylor, 11 Church street Cape Town. Uit die voorwoord, wat hy in beide pamflette geskryf het, blyk dit dat hy as ‘n byna fanatieke lojale ondersteuner van die Britse Ryk ‘n appeltjie te skil gehad het met die Kruger-regering en het hy slegs een doel gehad:

(T)o make widely known what I believe to be the truth concerning conspiracies and plots of an unparalleled character against the paramountcy of Great Britain in South Africa.²⁶⁹

Douglas Blackburn was die outeur en mede-outeur van twee boeke wat verskyn het en waarin die kollig onder andere op die Geheime Diens van die ZAR geval het, naamlik *Kruger's Secret Service by One Who Was In It* gepubliseer in 1900, en *Secret Service in South Africa* wat in 1911 verskyn het, waarvan hy in samewerking

268 F.B. Higginson, *Boer atrocities, The Pretoria Lunatic Asylum and its inmates*, p. 9.

269 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p. 1.

met kaptein W. Waithman Caddell, outeurs was. Beide Heyer en Blackburn het in een of ander mate 'n verbintenis met die Geheime Diens gehad.

Reeds gedurende Maart 1898 het A.E. Heyer sy eerste skrywe aan kommissaris Schutte gerig.²⁷⁰ Hierdie skrywe was volgens Heyer na aanleiding van 'n opdrag van Schutte dat hy artikels oor "politische zaaken" aan hom moes stuur. Die doel van die skrywe was om Schutte te oortuig dat elke staat 'n geheime diens en spioene nodig het:

Every large State, Republic or Monarchy has her spies & men who are in the employ of the Secret Service...²⁷¹

en dat hy oor die nodige kennis, inligting en bronne beskik om so 'n diens aan die ZAR regering te lewer. Sy voorwaarde was dat hy dit slegs kon doen indien hy daarvoor betaal sou word.

Heyer wou van die Kommissaris van Polisie weet of die ZAR-regering 'n politieke adviseur gehad het en het geskimp dat hy die rol kon vervul. Volgens hom het die ZAR-regering verkeerdelik aangeneem dat die Britse regering hulle onafhanklikheid wou wegneem. Dit sou hom verskeie honderde bladsye neem om die situasie te verklaar en verduidelik. Hy het ook gemeld dat hy tydens sy laaste besoek aan Pretoria, verskeie spioene opgemerk het wat besig was met spioenasie. Hy was in 1898 26 jaar oud, kon vyf tale praat, was al aan verskeie gevare blootgestel en was bereid om teen 'n salaris van £15 per maand te werk. Hy was die swaer van Jan H. Ebbeler, wat as 'n "verantwoordelike Klerk" aan die Telegraafdepartement se hoofkantoor in Pretoria verbonde was.²⁷² Om die Kommissaris van Polisie te oortuig dat hy op hoogte van sake is, het hy 'n uitknipsel van 'n brief van hom uit die *Cape Times* ingesluit waarin hy na aanleiding van sy besoek aan Pretoria sy indrukke oor verskeie aktuele sake gegee het.²⁷³

Heyer het die nodige aanvoeling gehad vir geheime dienswerk of hy was reeds in diens van die Britse regering. Dit blyk uit die feit dat hy die Kommissaris van

270 SP 881, Skrywe vanaf Heijer - Schutte, Kaapstad, 24.2.1898.

271 *Ibid.*, p. 2.

272 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 220.

273 SP 881, Ongedateerde uitknipsel uit die *Cape Times*, aangeheg aan brief vanaf Heyer: "The Straight Tip From Pretoria, To The Editor of the *Cape Times*" vanaf A.E. Heyer Cape Town, February 23.

"I believe that Great Britain has just escaped one of the
greatest dangers to which she has ever been exposed."—Mr.
CHAMBERLAIN, in his Speech, October 10th, 1899.

A BRIEF HISTORY
OF THE
TRANSVAAL SECRET
SERVICE SYSTEM

FROM ITS INCEPTION TO THE PRESENT TIME;
ITS OBJECTS, ITS AGENTS,
THE DISPOSAL OF ITS FUNDS, AND THE RESULT
AS SEEN TO-DAY—

WAR [AGAINST GREAT BRITAIN.

Copyright.

THIRD EDITION.

ONE SHILLING.

Cape Town:

PRINTED AND PUBLISHED BY WM. TAYLOR,
11, CHURCH STREET.

1899.

Fig. 18: Buiteblad van een van die vroegste kontemporêre geskrifte, gepubliseer in 1899, wat oor aspekte van die Geheime Diens verskyn het.

Polisie versoek het om hom van 'n "secret address" te voorsien aangesien sy handskrif bekend was aan personeel in die Kaapstadse poskantoor. Wat verder bevestig dat hy op geheime dienswerk ingestel was, is die feit dat hy ter wille van sekerheid die Kommissaris versoek het om skrywes in Hollands aan hom te rig en dat hy dieselfde sou doen. Hy het ook aangeneem dat hy reeds die werk gekry het, want hy het aangetoon dat hy verdagte persone op pad na die ZAR op die spoorwegstasie te Kaapstad sou identifiseer. Heyer was ook bewus van Tjaart Kruger se rol, want in 'n naskrif het hy die Kommissaris van Polisie versoek om die skrywe aan Kruger te toon. Dit kon egter ook wees dat hy in sy voortvarendheid bedoel het dat die skrywe aan Paul Kruger getoon moes word.²⁷⁴

Geen bewys kan in die dokumentasie van die Kommissaris van Polisie se kantoor gevind word waarin ontvangs van hierdie skrywe erken word nie. Hieruit moet afgelei word dat hy nie as 'n geheime agent vir die Geheime Diens aangestel is nie. Dit was eers agt maande later, gedurende Oktober 1898, dat Heyer weer van hom laat hoor het in 'n skrywe aan die Kommissaris van Polisie.²⁷⁵ Die lêer met die skrywe is na die Uitvoerende Raad verwys en staatsekretaris F.W. Reitz, het ook kennis geneem van die inhoud van Heyer se skrywe. Dit is insiggewend dat die praktyk, wat normaalweg gevolg word om op die lêeromslag in die onderwerpkolom die geheime agent se naam aan te dui, nie in hierdie geval gedoen is nie.²⁷⁶ Alhoewel die verslag vanaf Heyer in die Geheime Minuteregister aangeteken is en 'n volgnommer toegeken is, is daar in die kolom "Van Wien" geen naam ingeskryf nie.²⁷⁷

In die skrywe het Heyer die Kommissaris van Polisie ingelig dat die gerug dat dr. W.J. Leyds 'n nie-amptelike ontvangs in Berlyn gehad het, onwaar is. Hy het verder gemeld dat hy vrees dat sy briewe oopgemaak of onderskep kan word en daarom nie alles op skrif wil stel nie. Hy waarsku egter vir Schutte om versigtig te wees vir Mphephu, aangesien hy geadviseer is om tot die bittereinde teen die ZAR-magte te veg. Hy het ook die Kommissaris geadviseer dat die ZAR-regering onder

274 SP 881, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 24.2.1898, p. 4.

275 SP 884, GCPM 209/98, Skrywe Heyer - Schutte, Kaapstad, 5.10.1898.

276 SP 884, GCPM 209/98, Lêer: "Van Kaapstad wordt bericht omtrent Mpefu en onner betrouwbaarheid klerken op Comdt. Genls kantoor en in de Sts Art." 13.10.1898.

277 SP 887, Geheime Minuteregister, Inskrywing no. 209, 13.10.1898.

omstandighede goeie betrekkinge met die Duitse regering en die Oranje-Vrystaat moes handhaaf. Volgens Heyer is daar verskeie “spies” in die ZAR-regering se diens wat persone in die Kaapkolonie van inligting voorsien het. Hulle was volgens hom nie die moeite werd om in diens te hou nie. Hy het onderneem om die name later, tydens ‘n persoonlike gesprek bekend te maak.²⁷⁸

In ‘n skrywe kort hierna aan kommissaris Schutte, het Heyer gemeld dat hy ‘n vermoede het dat sy vorige brief oopgemaak is. Dit is na aanleiding van berigte wat in die pers verskyn het, dat blankes Magato bygestaan het in die oorlog teen die ZAR. Hy het weer eens gepoog om as geheime agent in diens geneem te word. Heyer het gemeld dat hy moeg is om in Kaapstad te bly waar hy nie ‘n bestaan kon maak nie. Volgens hom is hy onbillik en swak deur die Kaapse owerheid hanteer en het die wens uitgespreek om na Transvaal terug te keer en in Schutte se diens te tree. Hy het die Kommissaris van Polisie daarop gewys dat:

You offered me a billet when I last saw you in your Secret Service, I am willing to except (sic) the same & work for you. Remember that I have my agents...from all over the world...could show you some startling information. Employ me, I want no big salary, but I must make a living to keep body and soul together.²⁷⁹

In reaksie op ‘n skrywe vanaf die Kommissaris se kantoor het Heyer in ‘n brief, waarin hy sy handskrif en handtekening doelbewus verander het, die name van sekere *unscrupulous scoundrels* deurgegee. Hulle was H.F. Strange, Bestuurder van die *Rand Consolidated Gold Fields* myn, Baron Matalha, *alias* Cohen, voormalige Portugese konsul in Pretoria en L.F. De Souza verbonde aan die Kommandant-generaal se kantoor. Heyer het sy skrywe afgesluit:

I should like to see the S.A. Republic prosper and do well, and not have men in its very service that do their local best to injure its interests, instead of furthering same.²⁸⁰

278 SP 884, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 6.10.1898.

279 SP 884, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 12.10.1898, pp. 2-3.

280 SP 881, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 24.10.1898.

Dit is insiggewend dat alhoewel dit wil voorkom of Heyer in sekere skrywes gereageer het in opdrag van die Kommissaris van Polisie, Schutte, sy naam nêrens in amptelike dokumentasie genoem het nie. Ten spyte van al sy pleidooie en blyke van lojaliteit, het Schutte nie vir Heyer in diens geneem nie. Daar is ook geen aanduiding in die finansiële state van die Geheime Diens dat Heyer op enige stadium gedurende 1898 finansiële vergoeding ontvang het vir sy inligting nie.²⁸¹ Dit is moontlik dat die Kommissaris vermoed het dat hy 'n dubbelagent was en daarom huiwerig was om hom in diens te neem. Die indruk wat Heyer geskep het dat Schutte hom 'n pos belowe het, kan dalk wel so wees. Dit is egter vreemd dat hy nie in diens geneem is nie aangesien die Geheime Diens nie 'n prominente geheime agent in Kaapstad in daardie stadium gehad het nie. Die moontlikheid dat hy vanweë sy vroeëre diens by *De Nationale Bank der ZAR* in Pretoria as 'n "kind of confidential clerk and private secretary to the General Managers of the Bank," waarvan hyself melding gemaak het,²⁸² dalk 'n reputasie opgebou het, is ook nie uitgesluit nie.

Dat kommissaris Schutte korrek was in sy aanvoeling dat Heyer se lojaliteit teenoor die ZAR nie eg is nie, word deur Heyer in sy publikasie wat gedurende September 1899 geskryf is, bevestig. In die pamflet van 31 bladsye getitel *A Brief History of the Transvaal Secret Service System from its inception to the present time; its objects, its agents, the disposal of its funds, and the result as seen to-day-War Against Great Britain*, gee Heyer in die inleiding 'n aanduiding waar sy lojaliteit konsekwent vanaf 1890 gelê het:

And here it was where I was able to get at the keynote of what I afterwards knew to be a huge conspiracy and plot directed against the Power of which I am proud to be a naturalized subject - the Paramount Power of South Africa...I trust I shall be able to shortly - when the one great and glorious flag waves from the Cape to Cairo prove with the respective documents in my possession....²⁸³

281 SP 902, Kassaboek Geheime Dienst, pp. 26-35.

282 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p. 4.

283 *Ibid.*, p. 4.

In ag genome die feit dat Heyer in meer as een van sy briewe aan die Kommissaris van Polisie laat deurskemer het dat hy finansieel nie die mas opgekom het nie en 'n sukkelbestaan voer²⁸⁴, is dit moontlik dat Heyer dit met voorbedagte rade gedoen het om sodoende 'n lid van die Geheime Diens te word om feite te kry vir sy boek wat hy beplan het. Uit sy skrywes kan die afleiding gemaak word dat Heyer 'n goed belese persoon was, wat vyf tale gepraat het en ook vakke soos Astronomie en Natuurkunde bestudeer het.²⁸⁵ Hy was dus in staat om so 'n projek aan te pak in 'n poging om 'n inkomste te genereer. Die onderneming om 'n pamflet met 'n titel wat gedui het op die geskiedenis van die Transvaalse Geheime Diens, uit te gee 'n sukses was, blyk uit die feit dat die pamflet 'n derde druk binne 'n kort tyd ondergaan het.²⁸⁶

Anders as Blackburn, wat die Geheime Diens van die ZAR afmaak as ongeorganiseerd, gekenmerk deur swak administrasie en beheer, hou Heyer die Geheime Diens voor as 'n organisasie wie se gelyke nie bestaan nie. Alhoewel hy onder *Secret Service System* meer in gedagte het as net die Geheime Diens, is hy nader aan die waarheid in sy afleidings en gevolgtrekkings rondom die Geheime Diens. Heyer was egter net soos Blackburn gekant teen die "komplot" wat die Geheime Diens met die hulp van Duitsland teen Engeland gevoer het.²⁸⁷ Hy het ook onder die woord *secret service* alle aksies van 'n klandestiene aard ingesluit,

afgesien van die feit of dit met die Geheime Diens van die ZAR iets te make gehad het, al dan nie.

Dit is nie duidelik hoe Heyer aan sy gegewens rondom die Geheime Diens gekom het nie. Hy het homself beskou as 'n kenner van die internasionale politieke situasie van daardie tyd en dit is moontlik dat hy daaruit die nodige insig ontwikkel het om sekere afleidings te kon maak. Uit sy skrywes is dit duidelik dat hy wel persoonlike kontak met die Kommissaris van Polisie, D.E. Schutte, gehad het wat in die betrokke stadium in beheer van die Geheime Diens was. Dit is ook moontlik dat hy ander kontakte binne die Geheime Diens gehad het. Weens die feit dat persone wat

284 SP 884, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 12.10.1898, p. 2.

285 SP 881, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 24.2.1898, p. 3.

286 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, Ongenommerde bladsy met opskrif: "To the public."

287 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p. 5.

in die Telegraafdepartement werksaam was, in 'n posisie was om telegramme te onderskep, is dit in die spesifieke omstandighede, ook nie onmoontlik dat sy swaer Jan H. Ebbeler, hom van inligting voorsien het nie.²⁸⁸ Ebbeler het die redelike senior pos van "verantwoordelike klerk", in die Telegraaf-departement in Pretoria, onder die hoof van die afdeling, C.K. van Trotsenburg, beklee.²⁸⁹

Volgens Heyer het hy sy aanvanklike inligting rondom die komplot waarby Leyds en Duitsland betrokke was, eerstehands gekry in 1890 toe hy in diens van *De Nationale Bank van de Zuid-Afrikaansche Republiek* was en as 'n tipe konfidentiële klerk vir die hoofbestuur aangestel was. In ag genome die jaar 1890, het dit beteken dat Heyer ongeveer 18 jaar oud was. Dit is onwaarskynlik dat 'n agtienjarige in die pos van 'n "confidential clerk and private secretary"²⁹⁰ van die hoofbestuur van enige bank aangestel sou word. Net soos Blackburn, poog Heyer hiermee om die indruk te skep dat hy in 'n posisie was om binne-inligting te kry.

Sy aanname dat die Geheime Diensstelsel se basis deur Leyds en Bismarck gelê is, berus waarskynlik op 'n persepsie wat die pers rondom die saak geskep het. Volgens Heyer was die hoofrede vir die daarstel van 'n Geheime Diens die gemeenskaplike doel wat beide Duitsland en die ZAR gehad het:

(T)o undermine the Paramountcy of Great Britain in South Africa

en

(T)o attain this object a powerful Secret Service had to be put into
successful operation...of setting the two white races against each
other....²⁹¹

Heyer was ook beïndruk met die algemene bestuur en beheer asook die stelsel van kodename, waarmee geheime agente se identiteit, veral buite die ZAR se grense, beskerm is. Hy het die standaard as van wêreldgehalte beskou:

I doubt whether in any part of the world a State's or country's Secret
Service affairs are so ably, cleverly and ingeniously conducted.²⁹²

288 SP 881, Skrywe vanaf Heyer - Schutte, Kaapstad, 24.12.1898.

289 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p.220.

290 A.E. Heyer, *A Brief History of the Transvaal secret service system*, p.4

291 *Ibid.*, p.10.

Wat veral betref die finansiële beheer oor die fondse van die Geheime Diens, was hy korrek. Die Kommissaris van Polisie, het op 'n maandelikse basis alle uitgawes van die Geheime Diens aan die Ouditeur-generaal verklaar en persoonlik gesertifiseer.²⁹³

In die pamflet word ook na aspekte van die Geheime Diens verwys, wat nie in die amptelike dokumentasie te vinde is nie. Volgens sy inligting het geheime agente 'n nege maandelange kursus gevolg wat as 'n proeftydperk gedien het. In die tyd is die potensiële agent deur ander geheime agente dopgehou. In die proeftydperk het so 'n agent wel vergoeding ontvang. As die voornemende geheime agent na die kursus aan al die vereistes en verwagtinge voldoen het, is hy na die aflegging van 'n eed van geheimhouding in diens geneem.²⁹⁴ In sommige gevalle is die praktyk wel gevolg. M.G. Erasmus het byvoorbeeld op 15 Mei 1899 'n eed afgelê waarop die volgende inskripsie gemaak is:

Ik verklaar bovenstaande betrekking aan-te-nemen onder speciale voorwaarden dat ik ten eenigen tijde ontslagen kan worden zonder reden of verdere vergoeding wanneer het Hfd der speurpolitie zal mogt goed acht.²⁹⁵

Drie maande later, op 22 Augustus 1899, het M.G. Erasmus 'n eed afgelê voor die hoof van die Geheime Diens, Tjaart Kruger, en is hy aangestel as "Geheime speurder voor de Z.A.R.". ²⁹⁶ In verskeie ander gevalle is geheime agente sonder enige proeftydperk aangestel.

Heyer maak ook melding van die feit dat die Geheime Diens 'n vrou as informant in Pietermaritzburg en Durban gebruik het. Volgens hom is die dames as lokvinke gebruik om inligting uit Britse offisiere te kry.²⁹⁷ Dit ondersteun Higginson se standpunt dat vrouens as lokvinke deur die Geheime Diens van die ZAR gebruik is. In sy geval is die vrou in Johannesburg gebruik. Daar is egter geen dokumentêre bewys dat vrouens as geheime agente uit die Geheime Diensrekening vergoed is nie.

292 *Ibid.*, p.16.

293 SP 844, Skrywes van Kommissaris van Polisie - Ouditeur Generaal Pretoria, 2.5.1898 (p.349), 20.7.1898 (p.377), 19.9.1898 (p.389), 23.11.1898 (p.432), 20.12.1898 (p.447).

294 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, pp.16-17.

295 SP 872, Speurpolisie Ede, Eed van Michael George Erasmus, Pretoria, 15.5.1899.

296 SP 872, Speurpolisie Ede, Eed van Michael Georg Erasmus, Pretoria, 22.8.1899.

297 A.E. Heyer, *A brief history of the Transvaal secret service system*, p.27.

Wat wel moontlik was, is dat geheime agente vrouens uit hulle eie fondse in diens geneem het.

‘n Ander kontemporêre skrywer wat hom oor die Geheime Diens uitgespreek het, en op ‘n stadium in die organisasie se diens was, is Douglas Blackburn. Blackburn is gebore in Engeland op 5 Augustus 1857 en oorlede in Tornbridge op 29 Maart 1929. Hy het na die ZAR gekom in 1892 waar hy tot 1895 as joernalis vir *The Star* in Johannesburg gewerk het. Hy het ook later ‘n koerant *The Sentinel* in Krugersdorp begin waarvan hy die redakteur was.²⁹⁸ Voor die Jameson-inval het Blackburn by die *Australian Dismounted Corps* of ook bekend as die *Improvised Johannesburg Police*, aangesluit. Die doel van die afdeling was om wet en orde in Johannesburg te handhaaf in die weke wat die Jameson-inval voorafgegaan het. Blackburn is teen ‘n £1 per dag deur die *Reform Committee* vir sy dienste vergoed. Na die Jameson-inval het hy ook gespook om finansiële kop bo water te hou.²⁹⁹ Blackburn was dus die ideale kandidaat as geheime agent.

Blackburn was ‘n joernalis en bekende skrywer van sy tyd wat verskeie publikasies die lig laat sien het. Afgesien van *Kruger's Secret Service* (1899) en *Secret Service in South Africa* (1911), was een van sy bekendste romans *Prinsloo of Prinsloosdorp* (1899). Ná Blackburn se dood het die redakteur van die *Tornbridge Free Press* in ‘n huldeblyk ‘n positiewe prentjie van hom as joernalis geskets en bygevoeg:

As an author he was credited with having a unique knowledge of the
Boer mentality.³⁰⁰

Douglas Blackburn is in ‘n skrywe deur die Mynkommissaris van Johannesburg, J.L. van der Merwe, aan die Kommissaris van Polisie bekendgestel. Die Mynkommissaris het voorgestel dat Blackburn as ‘n “geheime detectief” aangestel word en finansiële deur die Kommissaris ondersteun word, omdat hy in ‘n posisie was om dokumente van die *South African League* in die hande te kon kry. Dit sou volgens Van der Merwe, die Kommissaris in staat stel om die leiers, wat al die probleme veroorsaak het, te arresteer en van hoogverraad aan te kla.³⁰¹ Blackburn

298 A.C. Patridge, “Blackburn Douglas” in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, p. 351.

299 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service: By one who was in it*, pp. 17-19, 52-57.

300 Stephen Grey, Douglas Blackburn - Unknown Writer, Unknown Work in *Unisa English Studies*, 14(1), April 1976, p. 44.

301 SP 881, Skrywe vanaf J.L. van der Merwe - Schutte, Johannesburg, 5.5.1898.

beweer weer aan die anderkant in sy boek dat 'n sekere Van Der Merwe "one of the chief villians of my plot" en "(who) was said to be in Government employ", 'n speurder meegedeel het dat hy weet waar 'n sekere kanon weggesteek is. Volgens Blackburn was Van der Merwe se motief om die inligting te gebruik om 'n beloning, wat die regering uitgeloof het vir inligting rondom onwettige wapens, vir homself te bekom. Blackburn het verder beweer dat Van der Merwe alreeds tussen £400-£500 op die manier verdien het.³⁰² Dit was as gevolg van hierdie verbintenis en rede dat Blackburn en Van der Merwe gereeld met mekaar in kontak was en Van der Merwe:

(W)as ultimately emboldened to approach me...that I should become a paid agent in the Secret Service of the Transvaal.³⁰³

Dat Blackburn wel in diens geneem is, word bevestig deur die feit dat hy vir Mei 1899 'n bedrag van £40 as vergoeding ontvang het.³⁰⁴ Die indruk wat hy met die titel van sy boek, *Kruger's Secret Service by One Who Was In It* skep, is dat hy nie slegs net vir 'n maand in die Geheime Diens was nie, maar 'n baie langer periode waarin hy al sy waarnemings oor die Diens gemaak het. Volgens Blackburn was die hoofrede vir die aanbod om as geheime agent vir die Kruger-regering op te tree vanweë die feit dat hy as gevolg van 'n sekere pos wat hy by 'n maatskappy beklee het, die hele Suider-Afrika vol gereis het. Hy het ook talle invloedryke persone in die Kaap, Natal en Vrystaat as gevolg hiervan geken. 'n Tweede rede is omdat die regering daarvan bewus was dat hy betrokke was by die komplot wat die Jameson-inval voorafgegaan het.³⁰⁵

Aan die begin van Junie het twee persone, naamlik L.W. Lanham en R.J. Hogan, beide van Krugersdorp, in 'n skrywe aan die Mynkommissaris van Krugersdorp, J.A. Burger, vir Douglas Blackburn gerapporteer. Volgens die persone het Blackburn hulle meegedeel dat hy in opdrag van kommissaris Schutte, Tjaart Kruger en Staatsprokureur Smuts, sekere persone wat betrokke was by 'n komplot teen die staat moes dophou. Volgens Blackburn was beide Lanham en Hogan verdagtes in

302 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service: By one who was in it*, pp. 66-68.

303 *Ibid.*, pp. 76-77.

304 SP 903, Geheime Diensten Chequeboek 30.12.1895-26.7.1899, Kwitansie no. 358, 8.5.1899.

305 D. Blackburn, *Kruger's secret service: By one who was in it*, pp. 60-61.

die verband. Blackburn het ook aan hulle genoem dat hy £50 vir “secret service” vanaf die regering ontvang het om die werk te doen. Hulle het die Mynkommissaris versoek om die saak onder die regering se aandag te bring.³⁰⁶ Die Mynkommissaris van Krugersdorp het in ‘n skrywe die saak onder die Staatsprokureur se aandag gebring:

Het schynt of die persoon hier de rol spelen van afperser, en om geld te krygen onder valsche protenties, ik voor my geloof geen ogenblyk dat die schurk geld ontvangen heeft uit de geheime diensten....³⁰⁷

In teenstelling met sy kollega, die Mynkommissaris van Johannesburg, L.J. van der Merwe, was Burger as Mynkommissaris van Krugersdorp negatief oor Blackburn se doen en late. Volgens Burger behoort daar stappe teen Blackburn geneem te word omdat hy hooggeplaaste amptenare, soos kommissaris D.E. Schutte en Tjaart Kruger, se name deur die modder gesleep het. Staatsprokureur Smuts se onmiddellike reaksie aan die Kommissaris van Polisie was:

Ik heb totaal niets met hr. Blackburn te doen.³⁰⁸

Die Kommissaris van Polisie, D.E. Schutte, se reaksie was dat hy Blackburn betaal het om sekere inligting in Bulawayo te gaan inwin. Dit was egter vir hom duidelik dat Blackburn nooit daar was nie en hom dus bedrieg het. Volgens hom kon die saak as afgehandel beskou word. Met só ‘n negatiewe gevoel wat oor Blackburn gehuldig is binne die regering se geledere, was dit as geheime agent die einde van sy moontlikhede.

Dit is ook moontlik, net soos in Heyer se geval, dat Blackburn slegs om finansiële redes ‘n betrekking in die Geheime Diens wou gehad het. In die spesifieke omstandighede was dit ook nie vergesog dat Blackburn dalk ‘n dubbelagent in die Britte se diens was nie. Hy het geen lojaliteit teenoor die Kruger-regering gehad nie en was in sy eie woorde:

306 SP 885, GR 87/99, Skrywes vanaf Hogan en Lanham - Mynkommissaris Krugersdorp, Krugersdorp, 6.6.1899.

307 SP 885, GR 87/99, Skrywe vanaf Mynkommissaris Krugersdorp - Staatsprokureur, Pretoria, 7.6.1899.

308 SP 885, GR 87/99, Lêer: “Mijnkommissaris Krugersdorp.”, 8.6.1899.

(A)n Englishman, and a loyal British subject, and perfectly ready to do anything in my power to advance the cause of my country.³⁰⁹

Die boek is in 'n propagandistiese styl geskryf. Stephen Gray som die boek soos volg op:

(I)t is a singularly modern kind of fiction - the novel-as-history - it is also a personal assault on Kruger's Dr Leyds, and on the rest of the world's Cecil Rhodes. Blackburn's model here is Cervantes, and Kruger's Secret Service is also a throwback kind of novel that involves the random, chaotic world-order that Cervantes's early exemplary novellas do; the kind of free for all world that throws up picaresque rogues as heroes....³¹⁰

Blackburn het gpoog om die Kruger-regering en die Geheime Diens in 'n negatiewe lig te stel. Sy inleidende paragraaf begin hy dan ook op 'n sensasionele wyse:

In order to make my connection with the Secret Service of the Transvaal perfectly clear, and how it was that I came to hear Doctor Leyds discussing, in cold blood the proposed murder of Mr. Cecil Rhodes....³¹¹

Dit is onwaarskynlik dat iemand in die pos van Staatssekretaris, op so 'n onverantwoordelike wyse 'n voorgestelde moord op 'n persoon soos Rhodes voor 'n onbekende persoon soos Blackburn, sou bespreek. Sensitiewe operasies sou uit die aard van die saak aan geheime agente, wat 'n lang en betroubare rekord binne die Geheime Diens gehad het, opgedra word. Geheime agente het normaalweg direk aan Tjaart Kruger gerapporteer en daar bestaan geen dokumentêre bewys dat Leyds direk met geheime agente gehandel het nie. Dit wil dus voorkom of Blackburn, in lyn met die tendens wat in die anti-Kruger pers bestaan het, Leyds in 'n slegte lig probeer stel het.

In 'n poging om geloofwaardigheid te skep vir al sy verbeeldingsvlugte, gee Blackburn voor dat hy 'n baie noue verbintenis met die Geheime Diens van die ZAR

309 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service: By one who was in it*, p. 12.

310 S. Gray, Douglas Blackburn - Unknown Writer, Unknown Work in *Unisa English Studies*, 14(1), April 1976, p. 46.

311 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service: By one who was in it*, p. 5.

gehad het. Hy skep ook die indruk dat hy as gevolg van sy ervaring en bekwaamheid 'n gesogte lid van die Geheime Diens was. Volgens hom het die Kruger-regering hom ook groot bedrae geld aangebied om in hulle geheime diens te tree.³¹² Soos reeds aangetoon is die feite van die saak dat hy slegs vir 'n maand in diens was en boonop die enkele taak wat hy moes uitvoer, nie gedoen het nie.

In 'n verdere poging om die Geheime Diens in 'n slegte lig te stel, meld Blackburn dat daar feitlik geen finansiële beheer binne die Geheime Diens was nie. Verder meld hy dat die Kruger-regering bereid is om groot bedrae geld vir die onbenulligste brokkie informasie te betaal. Dit staan egter in skrilte kontras met wat in die praktyk binne die Geheime Diens aan die gang was, soos hierbo reeds aangetoon. Goeie beheer en kontrole oor die uitgawes was 'n kenmerk van die Geheime Diens. Sy stelling dat geheime agente toegelaat is om groot eise in te stel vir reis- en verblyfkostes en dat die kostes nooit bevraagteken is nie, is ook ongegrond.³¹³ Geheime agente moes kwitansies indien en selfs bewyse van hulle reiskaartjies, alvorens enige terugbetalings gemaak is. 'n Agent soos M.G. Erasmus is juis ontslaan omdat sy uitgawes op reis- en verblyf- en ander uitgawes te hoog was.³¹⁴

Van die weinige feite waaroor Blackburn korrek is, is die vergoeding wat hom aangebied is:

We will give you thirty pounds a month and all your expenses if you join
our service as a secret agent.³¹⁵

Blackburn se bekendste roman *Prinsloo of Prinsloosdorp* met 'n subtitel *A Tale of Transvaal Officialdom* het op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog verskyn. Die Kruger-regering het, omdat hulle nie van die inhoud gehou het nie, die eerste uitgawe laat opkoop en verbrand. Vanaf 1900 het hy twee jaar lank as joernalis vir die *Times* in Natal gewerk. In 1908 het hy na Londen teruggekeer en in 1911 het hy saam met 'n voormalige magistraat aan die Wesrand, W.W. Caddell, 'n boek getitel

312 *Ibid.*, pp. 52-61.

313 *Ibid.*, p. 86.

314 SP 818A, GDDM 55/00, Lêer met inskripsie: skrywe vanaf L.J. Jacobsz (Assistent-staatsprokureur) - Staatssekretaris in verband met M.G. Erasmus se eis, 19.3.1900.

315 D. Blackburn, *Kruger's Secret Service: By one who was in it*, p.86.

Secret Service in South Africa, geskryf. In die voorwoord verduidelik hulle self die gebruik van die woord “secret service” in die titel:

The phrase “secret service” is intended to cover those comprehensive acts and aspects of policy which for reasons political or commercial, legitimate or otherwise, were enacted purposely below the surface and out of the public ken.³¹⁶

In die boek van vyftien hoofstukke handel een hoofstuk getitel “The Boer Secret Service Under Dr. Leyds”, oor aspekte van die Geheime Diens in die ZAR. Hieruit kan afgelei word dat Blackburn en Caddell ook die stigting, beplanning en beheer van ‘n stelsel van ‘n geheime diens in die ZAR aan Leyds toegedig het. Volgens hulle is die Geheime Diens in die ZAR baie swak bestuur en beheer. As rede word opgegee die feit dat daar nooit ‘n bekwame hoof van die Geheime Diens was nie. Verder word beweer dat die diens finansiële baie swak bestuur is en dat daar in een jaar £5 000 gespandeer is omdat hoofde van departemente mekaar te na wou kom. Tjaart Kruger loop ook deur as ‘n swakkeling wat hom maklik laat mislei het deur geheime agente wat aan hom “stories” oorgedra het en hy hulle dan vergoed het:

(M)embers of the secret service told Tjaard(sic) Kruger a bogus yarn of having had a conversation with a man who had a plan for tunneling under the fort, and blowing it up. The trio were instructed to go thoroughly into the matter; which they did, on an allowance of £10 a week apiece for six weeks.³¹⁷

Indien Blackburn ook ‘n Britse agent was, kom hy as bekwaam en vernuftig voor. Die feit dat die Kruger-regering ‘n boek wat hy geskryf het se oplaag opgekoop en verbrand het, bewys dat hy in sy doel geslaag het naamlik om hulle te diskrediteer. Dit is ook duidelik uit al sy geskrifte dat Blackburn lojaal aan die Britse saak was. Die feit dat hy ten spyte van sy Britse loyaliteite daarin geslaag het om een maand se salaris as geheime agent in diens van die ZAR te verdien, spreek vanself. Indien hy wel as dubbelagent probeer opereer het, het hy ten minste gedeeltelik daarin geslaag. Om dit te bewerkstellig, het sy joernalistieke agtergrond en vermoëns net

316 *Ibid.*, p. 86.

317 D. Blackburn en W.W. Caddell, *Secret service in South Africa*, p. 241.

soos in die geval van Schröder hom beoordeel. Persone wat hulle as joernaliste voorgedoen het of bekend was, het normaalweg 'n goeie *alibi* as geheime agente gehad. Blackburn spreek in beide boeke kritiek uit teen die Geheime Diens in die periode voordat die Geheime Diens onder Smuts se beheer gekom het.

HOOFSTUK 8

DIE GEHEIME DIENS SE ROL TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG

In die begin van 1899 het sir Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, na Suid-Afrika teruggekeer nadat hy in Brittanje die Britse kabinet op oorlog voorberei het. Hy het ook daarin geslaag om die binnelandse twis tussen die Kruger-regering en die Uitlanders te laat uitkring as 'n internasionale twis tussen Brittanje en die ZAR. In Maart 1899 het die Uitlanders aan die Witwatersrand 'n petisie met 22 000 handtekeninge aan koningin Victoria gestuur waarin die stemregkwessie opgehaal is en vir Britse inmenging in die ZAR se interne sake gevra is.¹ Dit was vir die Kruger-regering duidelik dat Milner oorlog as die enigste oplossing vir die probleem nagestreef het.

In Mei 1899 het president Kruger onder andere vergesel deur staatsprokureur Smuts, wat toe reeds in beheer van die ZAR se Geheime Diens was, na Bloemfontein vertrek vir onderhandelinge met Milner. Smuts het hierdeur eerstehandse kennis oor die veiligheid- situasie opgedoen. Die onderhandelinge, wat op president Steyn van die Vrystaat se inisiatief plaasgevind het, het misluk. Vir almal was dit duidelik dat oorlog onafwendbaar was. Die spanning het verder gestyg nadat Milner die Britse regering versoek het om 'n verdere 10 000 troepe na Suid-Afrika te stuur wat in September 1899 gearriveer het. Kruger se toegewing, in terme van stemreg vir die Uitlanders, was nie aanvaarbaar nie en Milner het geëis dat volle stemreg aan alle Uitlanders gegee word.

Die behoefte aan tydige en akkurate inligting aangaande verspreiding van troepe en die bewapening van beide magte, was teen die tweede helfte van 1899 aan beide kante nodig. Generaal-majoor Sir John Ardagh, die Direkteur van Inligting in die *War Office*, het slegs £20 000 ontvang om inligting wêreldwyd mee te bedryf. Verder het

1 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 12-13.

hy geen opgeleide inligtingsagente in óf die ZAR óf die Vrystaat gehad nie. Sy inligtingsvoorligting aan die Britse militêre opperbevel het dus nie veel om die lyf gehad nie.²

Op 22 September 1899 het die Britse regering 'n ultimatum voorberei maar dit teruggehou totdat die Britse troepe in posisie was. Op 27 September 1899 het kommandant-generaal P.J. Joubert 'n bevel aan die verskillende kommandante in die ZAR uitgereik om hulle burgers vir krygsdiens op te roep. Ses dae later het president Steyn van die Vrystaat dieselfde opdrag gegee. Die Republieke het nie die Britse ultimatum afgewag nie omdat hulle besef het dat dit fataal sou wees om te wag totdat al die Britse troepeversterkings gearriveer het. Op 9 Oktober 1899 was al die kommando's wat op die Natalse grens moes stelling inneem, in posisie. Dieselfde dag het die Kruger-regering 'n ultimatum aan die Britse regering gerig waarin geëis is dat alle geskille tussen die twee lande deur arbitrasie opgelos word, dat Britse troepe op die ZAR se grense onttrek word en dat troepe ter see, wat op pad was, nie aan wal mag gaan nie. Met hierdie ultimatum het die Kruger-regering reg in die Britte se hande gespeel. Op 11 Oktober 1899 het die Anglo-Boereoorlog uitgebreek.³

8.1 Voorbereidings binne die Geheime Diens vir oorlog

Teen September 1899, 'n maand voor die uitbreek van die oorlog, het verslae teen 'n tempo van vyf per dag die Geheime Diens se hoofkantoor bereik.⁴ Tjaart Kruger wat teen middel Augustus 1899 beheer oor die Geheime Diens oorgeneem het, was die nodale of saamtrepunt vir alle verslae. Dat daar al sedert die middel van 1899 in die algemeen aanvaar is dat hy in beheer van die Geheime Diens was, word gestaaf deur 'n skrywe wat 'n sekere aspirant geheime agent, Lionel Goldsmid, aan hom gerig het as: "Tjaard (sic) Kruger Chief SAR Secret Service Pretoria."⁵ Alhoewel Kruger eers teen die middel Augustus 1899 amptelik beheer van die Geheime Diens oorgeneem

2 T. Pakenham, *The Boer War*, p. 76.

3 *Ibid.*, pp. 100-3; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, p. 13; J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, pp. 126-133.

4 SP 888, Geheime Minuteregister 1899-1900, Inskrywings no's 151 tot 155, 27.9.1899.

5 SP 881, Skrywe L. Goldsmid - Tjaart Kruger, Mafeking, 24.6.1899.

het, het hy sedert 1898 al in die praktyk die funksie uitgevoer.⁶ Hy was dus vertrouwd met die werkswyse van die Geheime Diens en het alreeds 'n verstandhouding en vertrouensverhouding met die meeste geheime agente opgebou.

Wat fondse aanbetref is daar £12 000 in Februarie 1899 onder "Speciale Uitgaven" vir "Geheime dienste" aan die Eerste Volksraad voorgelê vir goedkeuring. Anders as die vorige jare is die Geheime Diens se bedrag nie apart gespesifiseer nie. Daar is wel onder die begrotingspos vir die Speurpolisie 'n bedrag van £500 begroot vir "Confidentieele Sekretaris vir Speurpolitie en geheime dienste"⁷ wat die bestaan van 'n aparte afdeling vir die Geheime Diens binne die hoof van die Speurpolisie, Tjaart Kruger, se kantoor verklap het. Voldoende fondse was dus vir die Geheime Diens beskikbaar by die uitbreek van die oorlog.

In 'n skrywe aan die Hoof van die Telegraafdepartement het Tjaart Kruger gedurende Julie 1899 versoek dat alle telegramme van en aan hom gerig moes word: "HOOFD AFDG SPEURPOLITIE". Met hierdie reëling het Tjaart Kruger die feit verberg dat hy ook in beheer van die Geheime Diens was. Sy amptelike stempel, wat hy op talle lêers waarin geheime agente se verslae geplaas is saam met sy handtekening gemaak het, het ook geles: "Hoofd der Afdeeling Speurpolitie, Staats Procureurs Departement".⁸ Dit kon wees dat Kruger doelbewus weens sekerheidsredes hierdie beleid gevolg het want nêrens het hy in amptelike dokumentasie as Hoof van die Geheime Diens geteken nie.

Kruger het ook opdrag gegee dat alle telegramme onderteken deur en gemagtig deur W.M. Geeringh, die eerste klerk in sy kantoor "In Dienst" m.a.w. as offisieel, gehanteer moes word.⁹ In 'n verdere skrywe aan die posmeester te Pretoria is Geeringh ook gemagtig om alle geregistreerde pos, gerig aan die Speurdepartement, af te haal.¹⁰ Om sy kantoor administratief verder in orde te bring om sy taak korrek en

6 Kyk Hoofstuk 6.

7 Notule van die Eerste Volksraad van die ZAR, 1899, p. 41, p. 55.

8 SP 881, DDM 1008/99, Lêer met onderwerp: Hoofd Telegraaf Departement, Re tekening van "In Dienst" telegrammen door W.M. Geeringh 1e kl, ..., 31.7.1899.

9 SP 849, Kopie van skrywe T.A.P. Kruger - Hoof van Telegraafdepartement, p. 88.

10 SP 849, Kopie van skrywe Hoof van Speurpolisie - Posmeester Pretoria, 27.6.1899.

professioneel te hanteer, het Geeringh 'n versoek aan die klerk van skryfbehoeftes gerig vir 'n stempel met die inskripsie: "Confidentieel".¹¹ Vir beide die Speur- en Geheime Diens sou hierdie stempel vanweë die aard van hulle tipe werk, bruikbaar wees.

Die korrekte hantering van pos aan die Geheime Diens se kantoor was uit 'n sekerheidsoogpunt van groot belang. Gedurende Augustus 1899 is 'n geregistreerde brief deur die poskantoor ontvang wat gerig was aan "A. Smith Secret Service Dept" in Pretoria. Tjaart Kruger het in 'n skrywe bevestig dat die persoon "niet in den geheimen dienst des Staats is aangesteld" en die posstuk daarom nie afgehaal kon word nie.¹² Die publieke aanklaer van Pretoria het die posmeester opdrag gegee om die brief op versoek van die speurafdeling nie terug te stuur nie maar in besit te hou. Die Posmeester-generaal het die saak vir 'n beslissing na die Staatsprokureur verwys. Smuts het beslis dat Tjaart Kruger toegelaat moes word om die brief oop te maak.¹³ Die hantering van hierdie saak bewys dat daar groot erns gemaak is om moontlike teen-spioenasiepogings teen te werk.

Om sy taak te vergemaklik het Tjaart Kruger in 'n skrywe aan die Staatsekretaris versoek dat 'n telefoon in sy huis vir amptelike gebruik geïnstalleer moes word. Volgens hom het sy werkslas so toegeneem en was sy tyd tydens kantoorure só beperk dat talle amptenare en privaat persone hom by sy huis na werksure gesprek het. Hy het gemotiveer dat talle van die sake telefonies afgehandel kon word. Dit sou baie tyd spaar indien hy 'n telefoon by sy huis gehad het.¹⁴ Hierdie behoefte aan verhoogde kommunikasie was 'n logiese gevolg van die naderende oorlog en verslegtende veiligheidsituasie. Tjaart Kruger was die saamtrepunt vir alle inligting. Met 'n naderende oorlog moes Kruger ook na-ure bereikbaar wees. Dit is daarom te verstane dat nie net geheime agente in sy diens nie, maar ook ander staatsamptenare en lojale landsburgers wat oor sensitiewe inligting beskik het, wat hulle moontlik nie op skrif wou plaas nie, dit telefonies aan hom sou wou meedeel.

11 SP 849, Kopie van skrywe Geeringh - Klerk van Kantoor en Skryfbehoeftes, 30.8.1899, p. 182.

12 SP 818, GDDM 36/99, Skrywe vanaf T.A.P. Kruger, Pretoria, 12.8.1899.

13 SP 818, GDDM 36/99, Nota op lêer: Smuts - Posmeester Pretoria, 15.8.1899, p. 5.

14 SP 849, Skrywe Tjaart Kruger - Staatsekretaris B, 24.8.1899, p. 173.

Tjaart Kruger het as Hoof van die Geheime Diens dit ook sy plig geag om relevante inligting aan die Vrystaatse regering deur te gee. Op 15 September het hy in 'n skrywe gerig aan die President van die Vrystaat, 'n rapport van 'n geheime agent deurgegee wat inligting van belang vir die Vrystaat bevat het. In die skrywe gee hy ook die versekering dat hy voortaan alle relevante inligting aan hulle beskikbaar sou stel.¹⁵ Hiermee het daar 'n informele samewerkingsooreenkoms tussen die Geheime Diens en die Vrystaatse inligtingsdiens tot stand gekom.

Gedurende Augustus 1899 het 'n sekere speurder, J.H. van Wyk van Wepener wat in diens van die OVS was, 'n skrywe gerig aan "Tjaart Kruger Hoofd Geheime Dienst Dept Pretoria" en hom bereid verklaar om die Transvaalse regering van belangrike informasie te voorsien in geval oorlog sou uitbreek. Die skrywe bewys dat dit selfs in die Vrystaat bekend was dat Tjaart Kruger as hoof van die ZAR se Geheime Diens gesien is. Van Wyk was goed bekend met die situasie in Basutoland en het al die vernaamste persone in Aliwal-Noord en Kimberley geken. Verder het hy geen vergoeding van die ZAR-regering verwag nie, maar sou sy beloning ag:

(A)ls ik een dienst kan bewyzen aan uwe land en daardeur ook inderekt
aan myn vaderland - de Oranje Vrystaat.¹⁶

Tjaart Kruger het versoek dat 'n skrywe aan die Vrystaatse regering gerig word waarin navraag oor Van Wyk gedoen moes word. In reaksie uit Bloemfontein is bevestig dat die persoon wel in hulle diens was. Hy is verder die versekering gegee dat enige informasie van waarde vir die ZAR-regering, wat Van Wyk mag bekom, deurgegee sou word.¹⁷ Daar het dus 'n gees van samewerking tussen die ZAR en OVS bestaan rondom die uitruil van inligting voordat 'n formele verklaring later in September gemaak is.

15 SP 852, Afskrif van skrywe Kruger - Staatspresident Oranje Vrystaat, 15.9.1899, p. 56.

16 SP 812, DDM 1277/99, Skrywe J.H. van Wyk - Tjaart Kruger, Wepener, 13.8.1899.

17 SP 812, DDM 1277/99, Skrywe "Gouvernements Secretaris O.V.S." - "Staats Secretaris Afd A Pretoria, Bloemfontein, 4.9.1899.

Veral na aanleiding van 'n verklaring van President Steyn van die Oranje Vrystaat, op 22 September 1899,¹⁸ dat hulle die Kruger-regering sou steun in geval van oorlog, is inligting vanaf die Vrystaatse kant ook uitgeruil. Só het 'n sekere veldkornet, Coetzee, vanaf Harrismith vir Tjaart Kruger ingelig oor Britse troepebewegings in Ladysmith en Newcastle.¹⁹ Later, tydens die oorlog, is daar ter wille van sekerheid ooreengekom met die Kommissaris van Polisie in die OVS dat geheime agente van die ZAR, wat in die Kaapkolonie gespioeneer het, se verslae ongehinderd deur die OVS gestuur sou word.²⁰ Dat die betrokke speurder, Hardy, die nodige hulp van die Vrystaatse owerheid vir sy sending na die Kaapkolonie gekry het, word bevestig in 'n bedankingsbrief wat aan die Kommissaris van Polisie in Bloemfontein gestuur is.²¹

Met Smuts, as politieke hoof en Staatsprokureur oorhoofs in beheer van die Geheime Diens en Tjaart Kruger direk in beheer van die Geheime Diens, is nuwe maatreëls getref. Daar is 'n nuwe geheime "minute register" aangelê, waarin alle geheime agente se verslae sedert 30 Junie 1899 aangeteken is. Die vorige "minute register" in die Kommissaris van Polisie se kantoor was egter ook nog tot 7 Augustus 1899 in gebruik. Vir 'n maand lank was daar dus 'n oorvleueling in terme van administratiewe beheer oor die Geheime Diens. Die probleem is in 'n groot mate oorkom deurdat Tjaart Kruger vanaf die Kommissaris se kantoor oorgeplaas is en deur Smuts as hoof van die Geheime en Speurdiens aangestel is. Kontinuiteit is derhalwe op 'n baie sensitiewe stadium van die veiligheidsituasie in die ZAR gehandhaaf.

Die feit dat Tjaart Kruger in beheer was van beide die Geheime- en Speurdiens, het dit maklik gemaak om speurders om te swaai as geheime agente en andersom. C.E. Dargon en I.W. de Jager is voorbeelde hiervan. Die feit dat een kantoor in beheer van beide afdelings was, het samewerking ook vergemaklik.

18 G.D. Scholtz, *Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II*, p. 281.

19 SP 818, GDDM 150/99, Lêer: "V.C. Harrismith O.V.S. Coetzee rapporteert re troepen enz te Ladysmith en Newcastle", 26.9.1899.

20 SP 852, Skrywe Assistent Staatsprokureur - Kommissaris van Polisie Bloemfontein, 25.10.1899, p. 78.

21 SP 852, Hoof van Speurpolisie - Kommissaris van Polisie, Bloemfontein, 27.10.1899, p. 82.

Goeie beheer is uitgeoefen oor die uitgawes van die Geheime Diens. Die Staatsprokureur se kantoor was verantwoordelik om op 'n maandelikse basis per geheime agent tot die naaste pennie verantwoording aan die afdeling "Kabinet", van die Staatsekretaris se Kantoor te doen. Sedert 1898 is daar 'n afdeling "Kabinet" in die kantoor van die Staatsekretaris geskep en die werk is deur 'n sekretaris en een klerk behartig.²² Hierdie maandelikse opgawes van inkomstes en uitgawes van die Geheime Diens, is persoonlik deur Tjaart Kruger as korrek gesertifiseer voordat dit aan die Staatsekretaris deurgestuur is. Teen die einde van Augustus 1899 was daar 'n balans van £742-13-8 in die voorskotrekening van die Geheime Diens oor.²³ Op 14 Mei 1900 was daar volgens beskikbare dokumentasie vir die laaste maal verslag aan die Staatsekretaris gedoen in verband met uitgawes vir geheime agente vir Aprilmaand. Aan die begin van Mei was daar 'n balans van £520-13-10 beskikbaar in die rekening.²⁴ Op 17 Mei 1899 is vir die laaste maal £500 vir die Geheime Diens gemagtig.²⁵

Goeie finansiële bestuur was deurgaans 'n kenmerk van Tjaart Kruger se beheer oor die Geheime Diens se fondse. Teen middel September het Kruger beseft dat daar geweldige druk en spanning was op geheime agente om hulle werk in daardie spesifieke omstandighede te doen. Hy wou nie toelaat dat geheime agente spanning moes ervaar en negatief moes raak omdat hulle salarisse agterstallig was nie. In 'n skrywe motiveer hy aan die Staatsekretaris dat daar slegs 'n balans van £254-6-3 in sy voorskotrekening van die Geheime Diens oor was. Hy het vir 'n verdere £1 000 voorskot gevra sodat hy agente, wat van tyd tot tyd by sy kantoor aankom, kon betaal.²⁶ Hoe belangrik die werk van die Geheime Diens op daardie stadium beskou is, word bewys deur die feit dat die Uitvoerende Raad die volgende dag die bedrag gemagtig het. Ter wille van sekerheid, selfs binne die staatsdiens, word gemeld dat die bedrag vir die "speurpolitie" goedgekeur is,²⁷ alhoewel die bedrag die volgende

22 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 41.

23 SP 852, Verslag van uitgawes in verband met die Geheime Diens vir Augustus 1899, p. 37.

24 SP 852, Verslag van uitgawes in verband met die Geheime Diens vir April 1900, pp. 170-171.

25 SP 853, Staatsprokureur (Jacobs) - Staatsekretaris (Kabinet), Pretoria, p. 408.

26 SP 852, T.A.P. Kruger (Hoofd Afdeling Speurpolitie) - Staatsekretaris (Kabinet), 19.9.1899, p. 57.

27 TAB, URN (Geheim), Artikel no. 37, 20.9.1899, p. 46.

dag in die kasboek van die “Geheime Diens” gereflekteer is.²⁸ Dit is ook interessant dat die opskrif op die rugkant van die kasboek lees “SPEURPOLISIE KASSABOEK 1889-1900”, terwyl die opskrifte aan die binnekant “Geheime Dienst” lees.²⁹ Dit het beteken dat selfs binne die geledere van die Speurdiens se hoofkantoor die Geheime Diens se begroting onder die dekmantel van die Speurdiens gehanteer is. Dit het egter net weer eens bevestig dat die Speur- en Geheime Diens twee aparte afdelings met twee aparte begrotings was.

Voldoende fondse in die voorskotrekening om agente te kon betaal indien hulle Pretoria besoek het was belangrik. Indien dit nie moontlik was nie, moes geld na banke getelegrafeer word, wat die risiko verhoog het dat agente geopenbaar kon word. Dit was veral van toepassing waar geheime agente onder vals name en paspoorte of permitte geopereer het.

Daar was steeds geweldige druk op die administrasie van Tjaart Kruger se kantoor in terme van die vergoeding van geheime agente. Teen Desember 1899 is daar weer aansoek gedoen vir ‘n £1 000 voorskot om agterstallige salarisse van geheime agente mee te betaal.³⁰ Die feit dat hierdie aspek agterstallig geraak het, het waarskynlik daaruit gespruit dat die betalings vanuit Pretoria gehanteer is en dat Kruger, wat die verantwoordelike persoon was, hom met tussenposes op die gevegsfront in Natal bevind het. Sodoende het sy kantoorwerk in Pretoria agterstallig geraak. Kruger het ook geëis dat geheime agente resultate moes lewer vir die betaling wat hulle ontvang. Afgesien van druk wat die Staatsprokureur op Kruger uitgeoefen het dat geheime agente resultate moes lewer, spruit hierdie optrede ook uit stories oor die wanaanwending van fondse binne die Geheime Diens.³¹ In ‘n skrywe aan geheime agent J.S. Celliers het die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, vriendelik dog dringend versoek om verslag te lewer oor die £50 voorskot wat hy ontvang het.³²

28 SP 852, Skrywe L.J. Jacobs (Assistent-Staatsprokureur) - Staatsekretaris (Afdeling Kabinet), p. 64.

29 SP 864, SPEURPOLISIE KASSABOEK 1899-1900, pp. 2-3.

30 SP 852, Afskrif van skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris Kabinet, 22.12.1899, p. 93.

31 D. Blackburn, Kruger's secret service: By one who was in it, pp. 86-89.

32 SP 852, L.J. Jacobs(Assistent-Staatsprokureur) - J.S. Celliers, Pretoria, 11.10.1899.

Dit wil voorkom of daar in terme van die geheime agente ook in 'n sekere sin met 'n skoon blaadjie begin is. Geheime agente, van wie sommige reeds in diens was, is weer heraangestel. Die meeste geheime agente het ook 'n kodenaam gekry wat op koeverte aangebring moes word, indien verslae aan Bus 445, Pretoria, die Geheime Diens se posbus gestuur sou word. In die spesifieke omstandighede was die gebruik van kodename en adresse 'n voorvereiste. Die moontlike onderskepping van posstukke en telegramme vanaf en aan geheime agente, het buitengewone sekerheidsmaatreëls geverg. Die bedryf van *signals intelligence* waar telegraaflyne getap is, is die eerste keer deur die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog toegepas.³³ Veral waar sulke telegraafboodskappe nie in kode geskryf is nie, was dit relatief maklik om te ontsyfer.

Teen Februarie 1900 is daar 'n versoek aan die Posmeester-generaal gerig om 'n nuwe posbus aan die Geheime Diens beskikbaar te stel. Volgens die skrywe het dit in die buiteland bekend geword dat dit die adres is waarheen geheime agente hulle verslae stuur. Daar is ook 'n versoek aan die Posmeester-generaal gerig dat pos, wat aan die nuwe posbus geadresseer is, onder die name Herlihy, Mrs. Burns, T. Patmore, McFarlane, H. Moir, Mrs. Spaarwater en John Avery, nie vir die doeleindes van sensorskap oopgemaak moes word nie.³⁴ Soos hieronder aangetoon sal word, was dit kodename wat geheime agente gebruik het om hulle koeverte mee te adresseer.

Vanaf Maart 1900, het dit weer gebeur dat pos vanaf geheime agente vir sensordoeleindes oopgemaak is. In 'n skrywe het Smuts, as Staatsprokureur, onder sy persoonlike handtekening beswaar by die Posmeester-generaal gemaak dat 'n skrywe gerig aan John Avery - 'n skrywe van agent Herbert Everitt - oopgemaak is. As Staatsprokureur het hy opdrag gegee dat maatreëls getref moes word dat só iets nie weer sou gebeur nie.³⁵ Hieronder volg 'n lys name en kodename van geheime agente, wat volgens register,³⁶ en volgens verslae, aan die Geheime Diens verbonde was, net voor- en tydens die oorlog:

33 J. Haswell, *British military intelligence*, p. 117.

34 SP 852, Skrywe van L.J. Jacobsz (Assistent-Staatsprokureur) - Posmeester-Generaal (Pretoria), p. 110.

35 SP 853, Afskrif van skrywe J.C. Smuts (Staatsprokureur) - P.M.G., 3.3.1900, p. 330.

36 SP 871, Speurpolisie Register, pp. 1- 19.

Naam van geheime agent	Kodenaam	Kodenaam gebruik op pos na Bus 445 Pretoria	Datum in diens
Bosman J.S. ³⁷			
Celliers, Jan Stephanus	Jan	William Celliers	
Coetzee, Jacobus Hendrik	D. Coetzee	Mrs Dr Coetzee	21.9.1899
Dargon C.E. ³⁸			
De Bruijn, Johannes Marius	T. Jones	Mrs. Bruins	8.8.1899
De Jager, Ignatius Wilhelmus	I. Willemse	Mrs. Geering	8.9.1899
Dorey, Tom		H. Moir	
Du Plessis, George	George	W. Geeringh	
Du Toit, Heinrich S.	Henrij	Miss Rosenberg	
Du Toit, Michiel	Mike	Miss Rosenberg	
Eksteen, Johannes Paulus	John	H. Mentz, International Hotel, LM	25.5.1900
Erasmus, Michiel Georg	McGregor ³⁹ , Mitchiel ⁴⁰	D. Mc Farlane	16.8.1899
Evans, Alfred Harry	A. Snave	T. Patmore	21.8.1899
Everitt, Herbert	Bertie	John Avery c/o H.M. Geeringh	15.2.1900
Fraser, Hugh Henry	Hugh Henry	T. Brim	29.8.1899
Herlihy, John	Shine. Later John	W. Herlihy	17.8.1899
McCristol, E. E.			
Mentz, Hendrik	Harry	Mrs. Gertie Green Bus 453	23.5.1900
Smith, Thomas	Bruno ⁴¹		
Spaarwater, Pieter	Pieter	Mrs. Spaarwater	27.9.1899
Springle, J.K.	Stirling ⁴²		
Wallach, Joe	Joe Jackson	Harry Jerson	14.9.1899

Die feit dat alle geheime agente hulle verslae aan een posbus te Pretoria, naamlik Bus 445 gerig het, was moontlik 'n leemte in die stelsel. Die hoofposkantoor in Pretoria het oor 1 035⁴³ posbusse beskik en dit was waarskynlik moeilik vir 'n sorteerklerk om

-
- 37 SP 818A, ongenommer, 24.4.1900. Bosman het gedurende April 1900 'n verslag ingestuur waarin hy gewys het op die nalatigheid van die wagt by die Watervalkamp vir krygsgevangenes naby Pretoria.
- 38 SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1900, Inskrywings gemaak op 9.10.1899 vir 'n uitbetaling aan C. Dargon, p. 6.
- 39 Alhoewel daar in die register waarin geheime agente se kodename en -adresse verskyn nie gemeld word dat een van M.G. Erasmus se kodename McGregor was nie, kan dit van sy handskrif in die verslae afgelei word.
- 40 Uit 'n telegram (Sien SP 818, GDDM 175/99) wat M.G. Erasmus aan die kodeadres MacFarlane te Pretoria gerig het, kan afgelei word dat hy tydens sy verblyf in Komatipoort die kodenaam Mitchiel gebruik het.
- 41 SP 818A, GDDM 8/1900, Bruno Pretoria, 15.1.1900. Die kodenaam "Bruno" kom voor in verslae vanaf 15.1.1900. Die kodenaam kom nie voor in die Speurpolisieregister nie. Uit die handskrif kan afgelei word dat Thomas Smith, die kodenaam gebruik het gedurende die oorlog. (Vergelyk verslae vanaf Smith in SP 818, GDDM 46/99. Onderwerp: Thomas Smith, Pretoria).
- 42 SP 818A, GDDM 73/00, Lêer: "Stirling - Pretoria", 17.4.1900. Twee skrywes in dieselfde handskrif waarvan die een onderteken is in die kodenaam Stirling en die ander in die geheime agent se werklike naam, J.K. Springle. Hieruit kan afgelei word dat Springle onder die kodenaam Stirling geageer het.
- 43 Anon., Longland's Pretoria Directory for 1899, pp. 203-209.

‘n patroon waar te neem. Die probleem was egter dat elke geheime agent sy kodenaam saam met Posbus 445 gebruik het, wat agterdog by ‘n wakker sorteerklerek kon gewek het. Dit moes ongewoon gewees het dat koeverte met verskillende name aan dieselfde posbus gestuur is. Alle geheime agente het egter nie gehoor daaraan gegee om hulle verslae aan Posbus 445 Pretoria te rig nie. Soms was koeverte geadresseer aan: “Hoofd v/h GEHEIM DIENST (Secret Service) PRETORIA”⁴⁴ en ander kere aan: “Hoofd v/h Geheim Dienst, Bus 372, PRETORIA”,⁴⁵ die amptelike posbus van die Kommissaris van Polisie wat ook aan die algemene publiek bekend was.⁴⁶ Soos reeds aangetoon het daar ‘n sekerheidsbreuk ontstaan en vanaf Februarie 1900 is geheime agente se verslae aan Posbus 453 Pretoria gestuur.⁴⁷

In die register is aangeteken dat Michiel du Toit en Heinrich du Toit “uitbetaald en ontslagen” is en George du Plessis en Jan Celliers “Uit dienst” was.⁴⁸ In die geval van die twee Du Toits was dit korrek, aangesien hulle gedurende September 1899 hulle laaste vergoeding van £40 elk ontvang het. In die geval van Celliers en Du Plessis is die aantekening misleidend, aangesien hulle maandeliks tot aan die einde van Mei 1900 ‘n voorskot ontvang het.⁴⁹

Enkele ander name van persone kom ook in die kasboek voor waarin aangeteken is dat geheime agente betaal is. Hierdie persone was nie permanent in diens van die Geheime Diens nie, maar het sekere dienste aan die diens gelewer. Die verskillende persone aan wie “cabhuur” betaal is om geheime agente te vervoer, se name kom onder andere daarin voor.⁵⁰ So is ‘n sekere H.W.A. Verseput in April en Mei 1900 uit die Geheime Diensrekening vir “karhuur overname goud” en “re overbrengen goud”,

44 SP 885, Koevert gestempel te Johannesburg “30 MRT 99” en geadresseer aan: “Hoofd v/h GEHEIM DIENST (Secret Service) PRETORIA”.

45 SP 818, GDDM 33/99, Koevert gestempel te Johannesburg “8 AUG 99” en beboet met 2d omdat daar geen seëls gebruik is nie en geadresseer aan: “Hoofd v/h Geheim Dienst Bus 372 PRETORIA”, 8.8.1899.

46 Anon., *Longland's Pretoria Directory for 1899*, p. 205.

47 SP 818A, GDDM 38/00, Verslag vanaf Herbert Everett alias Bertie met koevert gestempel Februarie 1900 vanaf Lourenco Marques en geadresseer aan: “Mr. John Avery, Box no. 453, Pretoria, Z.A.R.”, Loutenco Marques, 23.2.1900.

48 SP 871, Speurpolisie Register, pp. 10 -13.

49 SP 858, Speurpolisie Voorskotboek 1899-1900, pp. 3-16.

50 SP 864, Speurpolisie Kassaboek, pp. 2-20.

vergoed.⁵¹ Hierdie uitgawes het waarskynlik in verband gestaan met of die oorbring van goud vanaf die Robinson-myn na die staatsmunt of die verwydering van goud uit Pretoria, voordat die Britse hoofmag van lord Roberts die stad oorgeneem het. Op 29 Mei 1900, het president Paul Kruger en 'n klein gevolg die stad verlaat. Staatsprokureur Smuts het, nadat Schalk Burger vertrek het, alleen in Pretoria agtergebly. Smuts moes toesien dat van die goudvoorraad verwyder word.⁵² Dit is moontlik dat Smuts beide lede en fondse van die Geheime Diens vir die doel gebruik het.

Dit is interresant dat kodename van geheime agente selfs op interne lêers binne die kantoor van die Hoof van die Speurpolisie gebruik is, sonder om die agent se werklike naam ook te toon. Só is 'n verslag wat Joe Wallach ingestuur het, aangedui as 'n verslag van Joe Jackson, wat sy kodenaaam was.⁵³ In die register waarin alle inkomende verslae opgeteken is, is daar in die kolom "Van wie" ook aangedui dat Joe Jackson 'n verslag ingestuur het.⁵⁴ Dit was óf 'n addisionele sekerheidsmaatreël om agente se identiteit te beskerm binne die hoofkantoor, óf die personeel verbonde aan die hoofkantoor het alle agente se name en handskrif so goed geken dat dit nie nodig was om agente se werklike name aan te dui nie.

Daar het ook gevalle voorgekom waar persone hulle voorgedoen het as geheime agente in diens van die ZAR. Die waarnemende publieke aanklaer op Vryheid, het gedurende Mei 1900 laat weet dat 'n sekere Fick hom in die geweste voorgedoen het as synde 'n lid van die Geheime Diens en ook die nodige stawende dokumentasie getoon het om dit te bevestig.⁵⁵ Die hoof van die Speurpolisie het egter vanaf Volksrust ontken dat die sekere Fick 'n geheime speurder is.⁵⁶

51 SP 864, Speurpolisie Kassaboek, pp. 18-20.

52 D.W. Krüger, *Die Krugermiljoene*, pp. 26-29.

53 SP 818, GDDM 146/99, Lêer met onderwerp: "Joe Jackson Pretoria", 25.9.1899.

54 SP 888, Polisie Geheime Minute Register, no 146, p. 36, 26.9.1899.

55 SP 817, Telegram Wd. Publieke Aanklaer - Assistent Staatsprokureur, Vryheid, 3.5.1900.

56 SP 817, Telegram Hoof Afdeling Speurpolisie - Waarnemende Hoof Afdeling Speurpolisie, Volksrust, 9.5.1900.

Die totale benaderde maandelikse bedrae wat aan salarisse en reis- en verblyfkostes van geheime agente vanaf Augustus 1899 tot Mei 1900 bestee was, word in die onderstaande tabel weergegee:⁵⁷

Maand	Bedrag	Maand	Bedrag
Augustus 1899	£254	Januarie 1900	£187
September 1899	£536	Februarie 1900	£164
Oktober 1899	£455	Maart 1900	£162
November 1899	£119	April 1900	£305
Desember 1899	£289	Mei 1900	£185

Hieruit kan afgelei word dat die diens se aktiwiteite 'n hoogtepunt bereik het in September en Oktobermaand 1899. Dit is die maande waarin beide kante finaal besef het dat oorlog onvermydelik is en die behoefte aan betroubare akkurate inligting op sy hoogste was. Hierdie akkurate inligting was benodig om as basis te dien om die verskillende krygsplanne in plek te kry. Die bedrag in die tabel vir Meimaand vertel nie die volle verhaal nie, aangesien daar teen die einde Mei in die kasboek 'n bedrag van £444 aangedui word wat nog vir agterstallige salarisse uitbetaal moes word.⁵⁸ Dit is egter ook moontlik dat die bedrag nie net vir agterstallige salarisse aan geheime agente vir Meimaand verskuldig was nie maar ook die van vorige maande kon insluit.

Op 11 Maart 1900 het staatsekretaris F.W. Reitz bekend gemaak dat salarisse van amptenare in die ZAR ingekort is uit vrees vir 'n tekort aan gemunte geld.⁵⁹ Hierdie besluit is blykbaar nie op geheime agente van toepassing gemaak nie alhoewel hulle ook amptenare in diens van die Staat was. Selfs 'n geheime agent soos Hendrik Mentz, alias Harry, wat só laat as 23 Mei 1900 aangestel is, is teen die normale salaris van £30 per maand vergoed.⁶⁰ Weens die geheime agente se belangrike taak, met die daarmee gepaardgaande hoë risiko's verbonde aan die werk, is daar heel waarskynlik besluit om hulle uit te sluit van die inkorting van salarisse.

57 SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1900, Geheime Dienst, pp. 1-20.

58 SP 864, Speurpolisie Kassaboek, p. 20.

59 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 69.

60 SP 871, Speurpolisieregister, p. 18.

Dat die gees van spioenasie baie mense op die vooraand van die oorlog beetgepak het, blyk uit die aantal aansoeke wat die Geheime Diens ontvang het. Gedurende Julie 1899 het 'n sekere Isidor Cohn, gebore in Duitsland, wat verskeie tale magtig was, 'n onsuksesvolle aansoek gerig vir 'n betrekking in die "Geheime Diensten".⁶¹ In dieselfde maand het H.P. van der Merwe vanaf Smitsdorp aansoek gedoen om in die Geheime Diens opgeneem te word. Hy het sy aansoek gerig na aanleiding van 'n persoonlike gesprek wat hy met Tjaart Kruger in die Transvaal Hotel, in Pretoria, gehad het.⁶² Selfs uit Rhodesië het 'n sekere J. Dijksterhuis sy dienste aangebied om daar te spioeneer "in het belang van Land en Volk".⁶³ In 'n skrywe van 10 bladsye poog hy om die regering van al sy goeie hoedanighede te oortuig, en wys hy die regering op die nodigheid van 'n agent wat soos hy, enige inligting wat nodig mag wees, kon bekom. Op 9 Oktober 1899, die dag voor die uitbreek van die oorlog, het Geeringh namens Tjaart Kruger, 'n applikant, ene P.J.D. Jacobs van die Marico-distrik, laat weet "dat er geen vacature is en dat Ueds applicatie geboekt is".⁶⁴

Selfs op hierdie kritieke tydstip is daar op 'n beplande wyse geheime agente aangestel. Die emosie van 'n oorlog het nie paniek in die Geheime Diens se hoofkantoor veroorsaak nie. Daar is nie op 'n lukraak wyse geheime agente links en regs aangestel nie. Dit is duidelik dat die Geheime Diens 'n behoefte van agente opgestel het, vakatures bepaal het en begroot het vir die poste. Die aantal persone wat in diens van die Geheime Diens wou tree en nie geakkommodeer kon word nie, se name is op 'n waglys geplaas.

In die paar weke voor die uitbreek van die oorlog, was die risiko hoog dat agente van die Kruger-regering, wat buitelands gespioeneer het, ontmasker kon word. Dit is logies dat van Britse kant hulle spioenasiepogings ook verskerp het. Veral 'n gebied soos Betsjoeanaland, waar 'n offisier soos kolonel Baden-Powell baie op spioenasie ingestel was en teen-spioenasie bedryf het, was die risiko om gevang te word taamlik

61 SP 818, GDDM 12/99, Skrywe vanaf I. Cohn - Staatsprokureur, Johannesburg, 17.7.1899.

62 SP 818, GDDM 16/99, Skrywe H.J. van der Merwe - T. Kruger, Smitsdorp, 26.7.1899.

63 SP 885, GR 671/99, Lêer "J. Dijksterhuis Rhodesia Wenscht als geheime agent der ZAR aldaar worden geemployeerd", 4.6.1899.

64 SP 852, Skrywe vanaf Geeringh - P.J.D. Jacobs, distrik Marico, 9.10.1899, p. 74.

hoog. Baden-Powell het later verklaar dat “Spy-catching was one of my duties....”⁶⁵ Dit was juis uit die Mafeking-gebied wat ‘n geheime agent soos Hugh Henry Fraser, *alias* Hugh Henry, gedurende September 1899 gekla het dat hy nie sy werk behoorlik kon doen nie omdat hy so dopgehou word. Volgens hom het ‘n sekere Charlie MacKenzie, voormalige bestuurder van Zeederberg se poskoetse, en ‘n sekere Scholtz by Baden-Powell se mag aangesluit. Hulle doel in Mafeking was om enige verdagte Transvalers te identifiseer wat daar besoek aflê. Volgens Fraser was MacKenzie daarvoor verantwoordelik dat hy gearresteer is op grond van inligting wat MacKenzie verskaf het.⁶⁶ Fraser, *alias* Hugh Henry, is die eerste agent wat in diens van die Geheime Diens gestaan het en wat gearresteer is op grond van die suspisie dat hy in vreemde grondgebied gespioeneer het.

Hierdie agterdog en suspisie wat op die vooraand van die oorlog geheers het, het ook kop in Lourenco Marques uitgesteek. Erasmus het gerapporteer dat daar verskillende Engelssprekendes gearresteer is op grond van die feit dat hulle van spioenasie in diens van die ZAR-regering verdink is. Dit het Erasmus se posisie baie bemoeilik en ‘n slegte indruk gemaak.⁶⁷ Selfs op hoë regeringsvlak, soos in korrespondensie tussen Milner en Chamberlain, is melding gemaak van die feit dat daar ‘n groot aantal geheime agente van die ZAR in Lourenco Marques aanwesig was.⁶⁸ Dit was nie die geval nie. Gedurende Augustus-September 1899 was slegs A.H. Evans, *alias* A. Snave,⁶⁹ M.G. Erasmus, *alias* McGregor,⁷⁰ en De la Court Schröder in Lourenco Marques aanwesig. Die indruk wat bestaan het dat Lourenco Marques van spioene aan Boerekant gewemel het, het waarskynlik te make gehad met ‘n normale verskynsel van gepoogde amateurspioenasie wat op die vooraand van ‘n oorlog heers. ‘n Verdere beweegrede is die moontlikheid om informasie, wat só ingesamel is, aan die betrokke

65 R. Baden-Powell, *My adventures as a spy*, p. 29.

66 SP 818, DDM 136/99, Skrywe vanaf Hugh Henry, Zeerust, 17.9.1899.

67 SP 818, GDDM 59/99, Verslag vanaf McGregor (Erasmus), Pretoria, 30.8.1899, p. 4.

68 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 154.

69 SP 818, GDDM 49/99, Lêer: “A.Snave Lorencos(sic) Marques Zendt in rapport re zaken aldaar,” 26.8.1899.

70 SP 818, GDDM 59/99, Lêer: “McGregor Pretoria. Rapporteert re zijn bevinding te Delagoabaai”, 31.8.1899.

regering te probeer verkoop. Dit word bevestig deur die verhoogde aantal aansoeke as geheime agente wat die Geheime Diens ontvang het en waarna reeds verwys is.

‘n Ander implikasie wat die oorlog meegebring het, is dat daar vrystelling van krygsdiens vir geheime agente gevra moes word. Vir A.H.Evans, *alias* A. Snavel, moes die Staatsprokureur vrystelling van dorpsdiens by A.E. Thornhill, lid van die sub-kommissie vir Wyk 4 in Pretoria, gevra “daar hy op mijn departement in verband met Geheime zaken thans werkzaam is”.⁷¹ Gedurende Maart 1900 is die veldkornet van Pretoria versoek om geheime agente, Joe Wallach, *alias* Joe Jackson, en C.E. Dargon van krygsdiens vry te stel.⁷²

Geheime agente of speurders wat nie meer benodig is nie of afgedank is, se name is onmiddellik aan die betrokke veldkornet, in wie se wyk hulle woonagtig was, gegee sodat hulle vir militêre diens opgekommandeer kon word. Geheime agent M.G. Erasmus se naam en adres is aan die veldkornet vir Johannesburg deurgegee, omdat sy dienste nie meer benodig was nie.⁷³

8.2 Spioenasie op die fronte in die ses weke voor die oorlog

In die ongeveer ses weke voor die uitbreek van die oorlog is geheime agente van die Geheime Diens strategies korrek geplaas op die verskillende fronte waar die ZAR bedreig is. Hierdie plasings is moontlik gemaak deur die talle verslae met akkurate inligting wat geheime agente die voorafgaande maande ingestuur het, en waaruit die nodige afleidings en gevolgtrekkings deur die Geheime Diens en die Regering, gemaak is. Tjaart Kruger se lang verbintenis met die Geheime Diens, gekoppel aan die staatsprokureur, Smuts, se natuurlike aanvoeling vir die krygskuns, het die seleksie, taking en plasing van geheime agente, wat ‘n moeilike taak was, vergemaklik.

Op diplomatieke gebied het sake ook skeefgeloop met die onderhandelingsproses in ‘n poging om oorlog te probeer vermy. Dit was die taak van geheime agente om die

71 SP 852, Assistent-staatsprokureur - A.E. Thornhill Pretoria, 23.10.1899, p. 79.

72 SP 849, Geeringh - Veldkornet Pretoria, 14.3.1900, pp. 297-298.

73 SP 849, Geeringh - Veldkornet Johannesburg, 8.3.1900, p. 296.

impak en invloed van hierdie onderhandelinge op grondvlak te monitor. Dit sou die ZAR- regering in staat stel om, wat die militêre voorbereidings betref, pro-aktief op te tree. Verder was dit die verantwoordelikheid van geheime agente om suiwer militêre inligting in te samel veral ten opsigte van die sterkte, bewegings en moontlike strategie van die Britse magte. Sommige geheime agente soos Schröder en M.G. Erasmus het daarin geslaag om beide suiwer militêre inligting en ander tipes inligting, wat 'n meer diplomatieke strekking gehad het, in te samel. 'n Agent soos M.G. Erasmus het homself daarom ook beskryf as 'n "Politieke agent".⁷⁴ In die idioom van die tyd was beide Schröder en Erasmus, om Baden-Powell se indeling van tipes agente te gebruik, "Strategical and diplomatic agents".⁷⁵

Die insameling van inligting, met die daarmee gepaardgaande spioenasie, was aan Britse kant ook aan die orde van die dag. Die *Intelligence Department of the War Office* het gedurende Junie 1898 'n inligtingstuk getitel "Military Notes on the Dutch Republics of South Africa" vrygestel. Gedurende Junie 1899 is 'n hersiene weergawe van die dokument gepubliseer.⁷⁶

Tydens samesprekings op 12 Augustus 1899 tussen Smuts, as Staatsprokureur, en Conyngham Greene, as Britse agent, het dit geblyk dat selfs die volledige aanvaarding van die Britse voorstelle deur die ZAR nie meer oorlog sou kon vermy nie. Op 19 Augustus is nuwe voorstelle in verband met stemreg en Uitlanderverteenwoordiging deur die Kruger-regering voorgelê. Van die voorwaardes was dat die Britse regering sou toestem om nie verder in te meng nie.

In die ses weke voor die uitbreek van die oorlog was geheime agente ook binnelands, in Johannesburg en Pretoria, besig om take uit te voer. Thomas Smith en Joe Wallach, *alias* Joe Jackson, het in Pretoria en A.H. Evans, *alias* Snavé, het in Johannesburg naamlyste opgestel van prominente persone wat die land verlaat en binnekom.⁷⁷ Joe

74 SP 818, GDDM 59/99, Verslag vanaf McGregor (Erasmus), Pretoria, 30.8.1899, p. 5.

75 R. Baden-Powell, *My adventures as a spy*, p. 11.

76 F. Maurice, *History of the War in South Africa 1899-1902*, I, p. 13.

77 SP 818, GDDM 100/99, Lêer: "Snavé - Johannesburg. Re zijn bevinding in zake passaziers met Natal en Kaapsche treinen", 14.9.1899.

Wallach het vanaf 16 September 1899 homself daaglik daarmee besig gehou.⁷⁸ Smith het onder andere daarop gewys dat 'n sekere Celliers van Pretoria vier van sy perde na Woodstock in die Kaap gestuur het. Volgens geheime agent Smith is dit met voorbedagte rade gedoen sodat hy 'n verskoning kon hê om kommandering vry te spring.⁷⁹ Hy het ook die soort aankope wat maatskappye gedoen het in terme van klerasie en kosvoorrade, gemonitor. Die bestelling wat 'n sekere maatskappy met die naam Hosken, by Beckett & Co. vir 169 uniforms geplaas het en toe daarna 'n geheime vergadering vir "leden van den Uitlander Raad" belê het, het vir hom verdag voorgekom.⁸⁰ Wat duidelik is, is dat die geheime agente goed voorberei was vir hulle taak en dat hulle voorgelig was om die nodige tekens van ondermyning en subversie teen die staat te identifiseer.

M.G. Erasmus, *alias* McGregor, het aan die begin van September 1899 'n redelike deurbraak gemaak nadat hy deur een van sy informante in die *S.A. League*, oor voorrade ingelig is wat in die Bonanza-myn in Johannesburg versteek was. By nadere ondersoek het hy vasgestel dat die kos- en ammunisievoorrade bedoel was vir Britse onderdane aan die Witwatersrand, ingeval oorlog uitbreek. Die wapens en ammunisie is uiteindelik verskuif na die Jumpers-myn en daarna na die Orion-myn. Die Engelse plan met die voorrade was om die Britsgesinde inwoners van Johannesburg in 'n posisie te bring om hulleself in geval van oorlog te handhaaf.⁸¹

Hierdie bevindings van Erasmus is bevestig nadat 'n sekere D.F. du Toit uit lojaliteit 'n skrywe aan die Staatsekretaris gerig het.⁸² Volgens die skrywe het sy seun, A.E. du Toit, wat by die Geldenhuis Deep-myn gewerk het, gesien hoedat kiste met gewere afgelaai is nadat drie van die gewere uitgeval het. 'n Lasbrief is uitgereik om die perseel van die betrokke myn te gaan deursoek. Die ondersoek het egter niks

78 SP 818, GDDM 113/99, Lêer: "Joe Jackson - Pretoria Re personen van Pretoria vertrokken en aankomen", 16.9.1899.

79 SP 818, GDDM 70/99, Verslag Thomas Smith, Pretoria, 4.9.1899.

80 SP 818, GDDM 67/99, Verslag Thomas Smith, Pretoria, 2.9.1899.

81 SP 818, GDDM 63/99, Verslag vanaf McGregor (M.G. Erasmus) - Hoof van die Speurpolisie, 2.9.1899.

82 SP 818, D.F. du Toit - Staatsekretaris, Johannesburg, 8.9.1899.

Pretoria
Sept 21st 1899

Harry Gerson Esq.
Pretoria

Dear Sir;

A further list of
passengers who have left Pretoria

Mr. Lindlay (Attorney)
" Webber (Attorney)
Mr. Lithauer & family

Mr. Matthews was in
town & returned to Joh-
annesburg by the 6 o'clock
train last night. Passengers
arriving here are of no im-
portance -

Remain
Yours faithfully
Joe. Jackson

Fig. 20: Voorbeeld van die tipiese gebruik van kodename ter wille van sekuriteit binne die Geheime Diens se geledere. Joe Jackson, was een van die kodename van geheime agent, Thomas Smith. Die brief is gerig aan Harry Gerson wat ook 'n fiktiewe naam is. Bron: SP 818.

opgelewer nie.⁸³ Hierna het die speurtak in Johannesburg opdrag gekry om al die myne aan die Witwatersrand te deursoek om vas te stel wat die werklike omvang van die arsenaal was. 'n Groot aantal speurders het 31 myne deursoek en in 'n verslag van 12 bladsye, aan die hoof van die Speurdiens, aangetoon watter soort voorrade in elke myn aangetref is. Die verslag het aangedui dat 'n magdom kosvoorrade hulle weg gedurende die nag na die myne gevind het.⁸⁴ Hierdie is tipiese voorbeeld van die voordeel wat dit ingehou het dat Tjaart Kruger op so 'n kritieke stadium in beheer van beide die Speur- en die Geheime Diens was. Aanvanklik het 'n geheime agent deur 'n informant die nodige inligting bekom oor kos- en wapenstapeling op van die myne aan die Witwatersrand. Die saak is egter verder deur die Speurdiens ondersoek.

Erasmus het ook bevind dat daar 'n inval vanuit Rhodesië oor die Zoutpansberg-gebied en Pietersburg beplan is. Volgens sy inligting was sodanige beplanning in Fort Tuli reeds afgehandel. Erasmus se kommer was dat feitlik al die ZAR se burgers op die Natalgrens saamgetrek kon wees, wat die noordelike grens van die ZAR vir die Britse baie weerbaar sou laat.⁸⁵ Dit het later geblyk dat hierdie 'n misleidingsplan van die Britse magte was om die Boeremagte se aandag af te lei en hulle magte te versprei.⁸⁶ Erasmus het gerapporteer wat hy waargeneem het en was nie bewus daarvan dat die Britte met disformasie besig was nie.

Die Geheime Diens se agente was ook betrokke om sleutelposte op die vooraand van die oorlog te identifiseer. Dit het die Geheime Diens in staat gestel om veldkornette die nodige advies te gee oor burgers wat nie opgekommandeer moes word nie. 'n Sekere P. van Trotsenburg, wat in diens by die "Verlichtingsmaatskappy" in Johannesburg was, is opgekommandeer en wou self ook kommandodiens verrig. Volgens J.M. de Bruijn, *alias* T. Jones, was Van Trotsenburg se dienste onontbeerlik vir die verskaffing van elektrisiteit. Die veldkornet vir die Witwatersrand

83 SP 818, GR 1366/99, Lêer: "D.F. du Toit re het afladen van $\pm$ 500 geweren in een der mijne", 8.9.1899.

84 SP 818, GDDM 106/99, Verslag van Hoofspeurder Johannesburg - Hoof van Speurpolisie, Johannesburg, 15.9.1899.

85 SP 818, GDDM 63/99, Skrywe vanaf McGregor (Erasmus), Pretoria, 2.9.1899.

86 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, p. 145.

Goudvelden, H.S. Lombard,⁸⁷ het die Staatsprokureur laat weet dat die persoon vrywillig aangebied het om diens te gaan lewer, maar dat sy naam van die lys geskrap is.⁸⁸

Die vlug van baie burgers en ander inwoners vanuit die ZAR, die week voor die uitbreek van die oorlog, het eiesoortige probleme veroorsaak. Vanaf die begin van Augustus tot die derde week in September het daar ongeveer 60 000 mense uit Johannesburg na Natal en die Kaapkolonie vertrek.⁸⁹ 'n Geheime agent soos A.H. Evans het sy kommer uitgespreek oor die feit dat selfs die speurders aan die Witwatersrand verminder het, omdat hulle op kommandodiens gegaan het. Hy het voorspel dat misdaad gaan hoogty vier. Evans het ook voorgestel dat immigrante op 'n groter skaal gedeporteer sou moes word.⁹⁰ Met meer as 2 000 manlike Britse onderdane, wat nog in Johannesburg gewerk het terwyl die oorlog aan die gang was, was dit baie moeilik om sekerheid te handhaaf. Talle van hierdie Britse onderdane het waarskynlik in amateurspioenasie vir die Britse regering betrokke geraak.⁹¹ Vir die Geheime Diens was dit onmoontlik om hulle taak in sulke omstandighede volledig en korrek uit te voer.

Nou en dan was daar 'n vermoede dat sekere persone Britse spioene was. Evans het in 'n stadium 'n lid van die *Imperial Light Horse*, wat vroeër 'n boekhouer in Pretoria was, as 'n moontlike Britse spioen geïdentifiseer. Die betrokke persoon het hom probeer oorhaal om 'n lid van die eenheid te word en hom die rang van kaptein aangebied indien hy sou aansluit.⁹² J.M. de Bruijn, *alias* T. Jones, het gedurende middel September 'n telegrafis, J.G. Riach, wat in diens was by die Johannesburgse telegraafkantoor, as verdag aangemeld. Volgens hom het:

87 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 47.

88 SP 818, DDM 176/99, Skrywe van Veldkornet H.S. Lombard - Staatsprokureur, 11.10.1899.

89 SP 818, DDM 135/99, Skrywe van A.H. Evans - Tjaart Kruger, Germiston, 23.9.1899.

90 SP 818, GDDM 174/99, Verslag vanaf A.H. Evans, Pretoria, 4.10.1899.

91 J.C. Roos, *Johannesburg en die Tweede-Vryheidsoorlog Oktober 1899-Mei 1900*, (D.Litt, UOVS, 1949), p. 349-350.

92 SP 818, GDDM 162/99, Verslag van A.H. Evans - Tjaart Kruger, Germiston, 28.9.1899.



NOTICE.

SPIES.

THERE are in town to-day
nine known spies. They
are hereby warned to leave before
12 noon to-morrow or they will be
apprehended.

By order,

E. H. CECIL, Major,
C. S. O.

Mafeking,
7th Oct., 1899.

The notice issued to spies by Colonel
Baden-Powell

Fig. 21: Kennisgewing uitgevaardig deur kolonel Baden-Powell in Mafeking moontlik bedoel vir lede van die Geheime Diens van die ZAR. Bron: *Black and White Budget*, No.5, p.20.

(T)elegrafist Riach te Johannesburg pogingen doet om door tussenkomst van Commandant Ben Viljoen eene geheime opdracht van de Regeering te verkrijgen.⁹³

Teen 'n salaris van £350 per jaar wat Riach as telegrafis ontvang het, is dit heeltemal moontlik dat hy omkoopbaar was om telegrafiese boodskappe vir die Britse magte te onderskep. Intussen is Riach moontlik ontslaan want gedurende die eerste week van Oktober het dieselfde geheime agent melding gemaak van die “gewezen telegrafist” wat hom voorgedoen het “alsof hij by den geheimen dienst werkzaam is”.⁹⁴ Korrespondensie, wat hy in amptelike koeverte met die inskripsie “On her Majesty’s Service” ontvang het, het die vermoede verder bevestig dat hy ‘n betaalde agent van die Britse regering was.

Dit is duidelik dat die regering deur die netwerk van geheime agente in Johannesburg en Pretoria, feitlik daaglik op die hoogte gehou is oor ‘n verskeidenheid aspekte van staatsveiligheidsbelang.

Vanaf die wesgrens van die ZAR het inligting nie net uit die geledere van die Geheime Diens die regering bereik nie. Dit wil voorkom of almal wat óf in diens van die Kruger-regering óf lojaal aan hulle was, informasie ingestuur het. Dit was ‘n normale verskynsel in die weke voor die uitbreek van ‘n oorlog waar gerugte hoogty gevier het Veral waar die treinspoor vanaf Kaapstad oor Kimberley, Vryburg en Mafeking na Rhodesië bykans op die ZAR se grens geloop het, kon daar feitlik vanaf ZAR-grondgebied, oor die grens bespied word.

Die Mynkommissaris by Ottoshoop het ‘n verslag ingestuur wat hy van sersant D.S. Fourie, die wagmeester op die grens, ontvang het. Fourie het in opdrag Mafeking gaan bespied en het op grootskaalse mobilisering van troepe en krygsttuig afgekom.⁹⁵ Later, op 1 September 1899, het hy telegrafies laat weet dat ‘n klomp Basoeto’s, gewapen met Martini Henry-gewere in Mafeking aangekom het op pad na

93 SP 818, GDDM 115/99, Skrywe vanaf T.Jones (J.M. de Bruijn), Pretoria, 19.9.1899.

94 SP 818, DDM 178/99, Skrywe vanaf T.Jones (J.M. de Bruijn), Pretoria, 4.10.1899.

95 SP 885, GCPM 14/99, Skrywe vanaf D.S. Fourie, Ottoshoop, 20.8.1899.

Betsjoenanaland. Daar het ook treintrokke met voorrade, insluitend 100 slagosse, aangekom. Die boodskap is afgesluit met die woorde:

(V)olgens informatie het goede bronnen is een oorlog onvermydelik.⁹⁶

Skynbaar onbewus daarvan dat die Geheime Diens 'n geruime tyd reeds op die wesgrens bedrywig was, het die Kommandant van Polisie in Marico in 'n goed gemotiveerde skrywe aan die Staatsprokureur geskryf:

Onder de tegenwoordige critieke omstandigheden des lands, en terwyl de westelyke Grens vanaf Mafeking een der waarschyntyke aanval plaatsen kan zyn door de Engelschen ingeval van oorlog, en terwyl door hen op de grens groote voorbereidselen gemaakt worden voor oorlog...maken van kampen en forten, mobiliseeren van troepen enz....zoo heb ik en myne mede officieren tot het besluit gekomen...dat een geheime speurdiender voor de Westelyke grens aangesteld worde....⁹⁷

Hy het ook die naam van 'n sekere S.R. Drake deurgegee as 'n geskikte kandidaat. Tjaart Kruger het die Kommandant van Polisie laat weet dat die regering reeds voorsiening gemaak het vir 'n geheime agent vir daardie streek.⁹⁸ Selfs op grondvlak is die behoefte aan spioenasie aangevoel. 'n Soortgelyke versoek is gedurende April 1899 van 'n sekere G.P. Mallo ontvang vir die aanstel van 'n geheime agent op die wesgrens.⁹⁹ Dit is nie duidelik wat die motief vir Mallo se skrywe was nie. Mallo was die vorige jaar nog 'n klerk in diens van die hoofposkantoor in Pretoria.¹⁰⁰ Heel korrek was spioenasiebedrywighede van die Geheime Diens op die wesgrens reeds aan die gang onder die neuse van die berede grenswag, sonder dat hulle daarvan bewus was.

Die offisier in beheer van Afdeling 3 van die berede polisie op die grens, F.F. Lange, het 'n uittreksel uit sy grensregister gemaak en aan die "Grens Commandant van

96 SP 885, Telegram vanaf "Wachtmeester door Myncoms - Coms Politie Pretoria, Ottoshoop", 30.8.1899.

97 SP 818, GDDM 85/99, J.D.H Botha - Staatsprokureur, Zeerust, 7.9.1899.

98 SP 818, GDDM 85/99, Lêer met aantekening deur T.A.P. Kruger op die voorblad, 11.9.1899.

99 SP 885, Skrywe van G.P. Mallo - Staatssekretaris (Kabinet), Pretoria, 20.4.1899.

100 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, p. 233.

Politie” te Rustenburg, P.J. Riekert, gestuur. Op sy beurt het hy die gekonsolideerde inligting aan die Kommissaris se kantoor gestuur wat dit aan die Geheime Diens beskikbaar gestel het. Die verslae het inligting op ‘n daaglikse basis bevat van bewegings en aankoms van Britse troepe veral te Ramathlabama-stasie geleë op die grens van die ZAR.¹⁰¹

Die taak van die berede grenspolisie het die bewaking van die wesgrens behels, veral om wapensmokkelaars vas te trek en veestrooptogte onder beheer te hou.¹⁰² Onder omstandighede (‘n naderende oorlog) het die staat al die middele tot sy beskikking aangewend om die ZAR se belange te beskerm. Al die pogings van ander staatsinstansies in terme van inligtinginsameling, het die Geheime Diens se pogings ondersteun. Wat egter van belang is, is dat alle inkomende informasie afgesien van wie dit afkomstig was, na een sentrale punt, naamlik die Geheime Diens se kantoor, gestuur is.

Aan die begin van September 1899 het geheime agent Schröder in ‘n verslag getitel “Britsch Bechuanaland en Rhodesia”, ‘n opsomming gemaak van die samestelling van die Britse krygsmag in daardie geweste. Die mag het volgens hom gestaan onder die bevel van kolonel Baden-Powell en is saamgestel uit twee regimente, naamlik die *Rhodesia Regiment*, onder bevel van luitenant-kolonel Plumer en die *Protectoraat Regiment* onder die bevel van luitenant-kolonel Hoare. Beide eenhede het uit 750 berede lede bestaan. Hoare se eenheid het naby Ramathlabama gestaan en was ‘n bedreiging vir Zeerust en Ottoshoop.¹⁰³

In September 1899 het ‘n ander geheime agent, Hugh Henry Fraser, *alias* Hugh Henry, hom ook volgens opdrag in die geweste bevind. Hy het bevestig wat Schröder berig het in verband met die Britse troepe by Mafeking. Dat Fraser, *alias* Hugh Henry, sy taak per fiets verrig het, blyk uit die feit dat hy gekla het dat die toestand

101 SP 885, GCPM 60/99, Lêer: “Commdt. Z.W. Grens, Zendt in uittreksel uit rapport boek pol. Z.W. Grens re aangelegenheden op de Grens over de maand September”, 13.10.1899.

102 G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 275.

103 SP 818, Verslag no. 78 vanaf Schröder, Pretoria, 5.9.1899.




Fig. 22: Koevert geadresseer volgens een van die Geheime Diens se kode-adresse: "mrs. W. Herlihy Bus 445 Pretoria." Geheime agent John Herlihy het hierdie adres gebruik. Bron: SP 885, Skrywe vanaf Herlihy, 31.8.1899.

van die paaie tussen Zeerust en Mafeking, baie moeilik rybaar per fiets.¹⁰⁴ Later in September het hy 'n besoek aan Bulawayo gebring.¹⁰⁵

Die doel van hierdie opdrag aan kolonel Baden-Powell was om die Boeremagte te dwing om hulle magte te versprei. Dit sou die Boeremagte se aandag aflei van die eintlike plan wat die Britse leërleiding gehad het, naamlik om die hoofoffensief in Natal te loods.¹⁰⁶ Veral die bereide infanterie op die wesgrens, waaroor geheime agente gerapporteer het, het 'n bedreiging op die wesgrens van die ZAR geword. Hierdie vrees is verder versterk en bevestig deur die volgende verslag wat Schröder teen middel September 1899 aan Tjaart Kruger gestuur het in verband met sy afleidings oor die Britse motiewe op die wesgrens:

Men is bang voor een of ander daad van geweld aan de grens, waardoor Engeland kwansuis met een vertoon van recht aan hare zijde de Z.A. Republiek kan aanvallen.¹⁰⁷

Afgesien van Schröder, wat gedurende September gereeld verslae oor die situasie in Natal ingestuur het, is daar ook ander geheime agente geplaas. Geheime agent J. Herlihy het verslae onder twee kodename naamlik "John"¹⁰⁸ en "J. Shine"¹⁰⁹ ingestuur. Alhoewel sy kodenaam in die dokumentasie van die Geheime Diens aanvanklik as "Shine" en later as "John" aangedui is,¹¹⁰ het omstandighede in Natal hom waarskynlik daartoe gedwing om nog 'n vals naam in sy korrespondensie te gebruik. Met die aantal Britse troepe, wat gedurende Augustus-September 1899 in Natal ontplooi is, moes die risiko vir geheime agente van die ZAR baie hoog gewees het. Herlihy het juis in 'n skrywe daarop gewys dat elke persoon wat van

104 SP 818, GDDM 77/99, Skrywe vanaf Hugh Henry, Zeerust, 3.9.1899.

105 SP 818, GDDM 136/99, Skrywe vanaf Hugh Henry, Zeerust, 17.9.1899.

106 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902*, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899, p. 145.

107 SP 818, Verslag no. 83 vanaf Schröder, 16.9.1899.

108 SP 818, GDDM 103/99, Lêer: "John North Street Durban, Re zijn bevinding in Natal", 16.9.1899.

109 SP 818, GDDM 58/99, Lêer: "J. Shine Johannesburg Rapporteer re zijn bevinding in Natal", 29.8.1899.

110 SP 871, Speurpolisie register, p. 1.

Johannesburg af kom as 'n spioen beskou word. Volgens hom is hy agtervolg en het 'n anonieme persoon selfs by die poskantoor navraag gedoen oor die inhoud van sy telegramme asook die adres waarheen dit gestuur word. Hy het uiteindelik daarin geslaag om 'n goeie alibi op te bou deur die bevelvoerder van 'n sekere regiment te oortuig van sy ervaring en lojaliteit teenoor die Britse regering. Om hierdie redes het Herlihy verkies om persoonlik aan die Geheime Diens in die se kantoor in Pretoria, mondeling verslag te gaan lewer as om lang verslae in te stuur wat onderskep kon word.¹¹¹

Geheime agent De Jager, *alias* Willemse, het opdrag gehad om die houding en gesindheid van die "Africaanders" in die Newcastle-, Dundee- en Ladysmith-omgewings teenoor die ZAR te bepaal. 'n Soortgelyke opdrag het hy later in September 1899 in die Kaapkolonie uitgevoer. Hy het positief gerapporteer dat ongeveer 250 man in Newcastle by die Boeremagte sou aansluit.¹¹² In die Ladysmith-omgewing het hy in die wyke Ladysmith, Dundee en Judith bevind dat met die uitsondering van ongeveer 30 man, hulle "geheel voor de Transvaal zijn". Die dertig man was bereid om die dorp Ladysmith te help verdedig indien die dorp deur Boeremagte binnegeval sou word.¹¹³

Afgesien van bogenoemde geheime agente het 'n gewone speurder soos A.C. Vlotman in opdrag van die hoofspeurder, M.S. de Villiers van Pretoria, homself ook op 'n verkenningstog vanaf 5 tot 10 September 1899 na Ladysmith bevind.¹¹⁴ Dit is moontlik dat M.S. de Villiers, wat op 26 Junie 1899 as "Hoofd Speurdienaar der Z.A.R."¹¹⁵ aangestel is uit entoesiasme oor sy nuwe pos, en om eerstehands op hoogte van sake te kom, 'n agent na Natal gestuur het. In 'n getikte verslag van drie bladsye het Vlotman onder andere in Ladysmith bevind dat daar tussen 3 000 en 3 500 Britse soldate met vyf batterye artillerie gestasioneer was. Die perde wat die Britte gebruik het was in 'n swak toestand en nadat hy die "Sports" in Ladysmith bygewoon het, was

111 SP 818, GDDM 58/99, Verslag J. Herlihy alias J. Shine, Johannesburg, 28.8.1899.

112 SP 818, GDDM 96/99, Verslag vanaf Willimse (De Jager), Newcastle, 11.9.1899.

113 SP 818, GDDM 107/99, Verslag vanaf Willimse (De Jager), Ladysmith, 14.9.1899.

114 SP 818, GDDM 11/99, Verslag vanaf A.C. Vlotman - Hoofd Speurdienaar de ZAR, Pretoria, 11.9.1899.

115 SP 849, Duplikaat van aanstellingsbrief van M.S. de Villiers, 5.7.1899, p. 83.

hy ook van mening dat slegs twee uit tien ruiters aan Britse kant op standaard was. Terwyl hy in die Royal Hotel op Ladysmith ingewoon het, het 'n berig die Britse offisiere bereik dat daar besluit is om ongeveer 'n addisionele 11 000 troepe, wat hulle in Indië bevind het, na Natal te stuur. Gerugte het ook die rondte gedoen dat sir Evelyn Wood die bevelvoerder van die Britse magte sou wees.

Vlotman sluit sy verslag af met 'n opsomming van sy indrukke van die situasie:

Zooverre het my ten kennis gekomen heeft blijkt het dat de plannen der Engelschen voor de toekomst de volgende zijn.

1. Langesnek zal door hem worden bewaakt.
2. Een krijgsmagt zal de Z.A.R. inkomen over een weg aan hen bekend in de richting van Wakkerstroom,
3. Een verdere macht van gelijken getal zal alsdan de O.V.S. inkomen door van Reenens Pas.¹¹⁶

In die Kaapkolonie het geheime agente hulle veral daarop toegespits om vas te stel wat koloniale Afrikaners se houding sou wees indien die Boeremagte die kolonie sou binneval.

'n Skrywer soos generaal-majoor Sir Frederick Maurice, dig egter verkeerdelik die volgende optredes in die Kaapkolonie aan geheime agente toe:

It was known that secret agents from the Transvaal had, during the past two years, visited many parts of the colony, and that arms had been distributed by those agents. The investigations of the Intelligence department had, however, failed to discover proofs of the establishment of such organisations....¹¹⁷

Geen bewyse kan in die dokumentasie van die Geheime Diens gevind word om bogenoemde stelling te staaf nie. Selfs al word daar tussen die reëls gelees, moet hierdie stelling betwyfel word. Die Geheime Diens was wel aktief in daardie geweste. Geheime agent I.W. de Jager *alias* J. Willemsse, het opdrag gehad om ondersoek in te stel na die houding en simpatie van die "Hollandsche Afrikaanders" in die Graaff-Reinet-, Jansenville-, Burgersdorp- en Middelburg-omgewing. Hy het bevind dat die

116 SP 818, GDDM 11/99, Verslag van A.C. Vlotman - Hoof Speurder Pretoria, 11.9.1899.

117 F. Maurice, History of the war in South Africa, pp. 40-41.

groepering die saak van die ZAR-regering baie goedgesind was. In die Graaff-Reinet-omgewing het sy spioenasiesending aan die lig gebring dat tussen 1 400 en 1 500 man en in die Burgersdorp omgewing, ongeveer 500 man ten gunste van die ZAR was en onder die wapen gebring sou kon word.¹¹⁸ Vanaf Uitenhage het hy ook berig dat steun van ongeveer 500 “Afrikaanders” verwag kon word.¹¹⁹ Hierdie inligting was heel waarskynlik later gedurende Augustus-Oktober 1901 vir Smuts van groot waarde om sy invalstroetes in die Kaapkolonie te beplan.¹²⁰ Selfs Vrystaatse agente was bedrywig in die Kaapkolonie, veral in die Stormberggebied en selfs so ver as Barkly-Oos. Die agente het dieselfde doel as die ZAR agente gehad naamlik om die plaaslike bevolking se houding en gesindheid teenoor die Vrystaters vas te stel. Verder het hulle die inwoners in daardie gebiede aangespoor om die Vrystaters behulpsaam te wees indien hulle oor die grens sou kom.¹²¹

Die oostelike front het ingesluit die spoorlyn oor Komatipoort na Lourenco Marques, asook die hawens aan die ooskus van Mosambiek waarvan Delagoabaai die belangrikste was, asook Swaziland. Met die Kaapse en Natalse hawens onder Britse beheer, was Delagoabaai die enigste hawe waardeur die ZAR-regering krygs- en ander voorrade die land kon inbring. Dit is daarom logies dat geheime agente getaak moes word om die nodige inligting daar te gaan insamel.

A.H. Evans, *alias* A. Snave, het hom gedurende Augustus 1899 as geheime agent in Lourenco Marques bevind¹²² en in dieselfde maand het die Kommandant van Polisie in Bremersdorp in Swaziland opdrag gekry om Evans as geheime agent behulpsaam te wees.¹²³ Dit wil voorkom of Evans nie daarin geslaag het om enduit onder dekking in

118 SP 818, GDDM 167/99, Skrywe vanaf I.W. de Jager *alias* Willemse, Graaff Reinet, 25.9.1899 en SP 818, GDDM 168/99, Skrywe vanaf I.W. de Jager *alias* Willemse, Burgersdorp, 29.9.1899.

119 SP 818, GDDM 154/99, Skrywe vanaf “I. Wilimse”, Uitenhage, 23.9.1899.

120 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers*, I, pp. 422-423.

121 A.V. Oosthuizen, *Rebelle van die Stormberge*, Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, p. 40.

122 SP 818, GDDM 49/99, Lêer: “A. Snave Lorencosic), Marques. Zendt in rapport re zaken aldaar”, 26.8.1899.

123 SP 852, Afskrif van skrywe van T.A.P. Kruger - Kommandant van Polisie Bremersdorp, 21.8.1899.

Lourenco Marques te opereer nie. Teen die einde van Augustus 1898 het 'n ander geheime agent, Thomas Smith, van 'n Hollandssprekende korrespondent van 'n Pretoriase koerant verneem dat Evans hom "als geheime speurder" daar bevind het.¹²⁴ Daarom is Evans gedurende September waarskynlik opgevolg deur M.G. Erasmus, wat onder die skuilname, McGregor¹²⁵ uit Lourenco Marques, en as Mitchiel¹²⁶ uit Komatipoort, homself met spioenasieaktiwiteite besig gehou het.

Vanaf Julie 1899 is 'n begin gemaak om besendings wapens en ammunisie vanaf Duitse wapenfabrieke, bestem vir die ZAR, per stoomboot na Lourenco Marques te versend.¹²⁷

Evans *alias* Snave, het opdrag gehad om die aankoms en vertrek van stoombote in die hawe asook die inhoud van hulle vrag te monitor. Verder moes hy sekere groeperinge wat teen die ZAR-regering gewerk het se houding en gesindheid monitor. Evans het selfs daarin geslaag om 'n teleskoop te bekom waarmee hy bote in die baai gemonitor het. Hy het die situasie in die hawe baie amasant gevind. Skaars nadat die Duitse skip, die *Koenig*, die vorige dag met 'n vrag ammunisie, bestem vir die ZAR die hawe binnegekom het, het die Britse boot, die *Tartar*, die hawe binnegekom. Evans het daarin geslaag om aan boord van die *Tartar*, wat 'n derdeklasoorlogskip was, te gaan. Hy het sy hoofkantoor in detail ingelig oor die bewapening van die boot en daarop gewys dat die "six 6 inch quick firing guns" die gevaarlikste wapens aan boord was.¹²⁸

Erasmus, *alias* McGregor, wat 'n baie meer ervare spioen as Evans was, het oor dieselfde gebeure in die Delagoabaai-hawe, baie meer omvattend en in diepte gerapporteer. Hy het homself dan ook as 'n politieke agent beskou, soos sal blyk uit sy ontleding van die diplomatieke spel wat tussen Engeland, Portugal, Duitsland en die ZAR in Lourenco Marques aan die gang was. Volgens Erasmus het die Portugese

124 SP 818, GDDM 98/99, Skrywe Thomas Smith - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 30.8.1899.

125 SP 818, GDDM 59/99, Lêer: "Rapporteert re zijn bevindingen te Delagoabaai", 31.8.1899.

126 SP 818, GDDM 175/99, Lêer: "Mitchiel - Komatipoort (sic.). Re beweging van troepen en oorlogschepen", 5.10.1899.

127 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 153.

128 SP 818, GDDM 49/99, Skrywe van A. Snave (Evans) - T. Patmore (Tjaart Kruger), Lourenco Marques, 23.8.1899.

hawekaptein in Lourenco Marques geweier om die Duitse stoomboot, die *Koenig* se vrag met wapens en ammunisie, bestem vir die ZAR, af te laai. Daar moes eers 'n inventaris van die vrag opgestel word waarna die vrag op die Portugese skip, die *India*, oorgelaai is. Die Britse stoomboot, die *Tartar*, het die vrag baie streng bewaak. Volgens geheime agent Erasmus het dit prakties beteken dat:

Onze ammunisie is in werklikheid in de handen van de Engelschen....¹²⁹

Alhoewel die Portugese Goewerneur-generaal, Machado, in Lourenco Marques vir Erasmus die versekering gegee het dat die gebeure nie die wense van die Portugese owerheid was nie, het Erasmus die Portugese nie vertrou nie. Volgens Erasmus het die Portugese die Engelse gevrees. Hy het verder berig dat dit baie moeilik sou wees om die vrag met geweld af te neem aangesien die Britse oorlogskip, die *Tartar*, die hele hawe gebied gedomineer het. Verder het hy verneem dat die Portugese goewerneur instruksies gehad het om geen vragte met ammunisie en wapens, bestem vir die ZAR, te ontskeep nie.¹³⁰

Hierdie gebeure waaroor Erasmus verslag gedoen het, was in opvolging van 'n soortgelyke insident vroeër in die maand toe die Goewerneur-generaal in opdrag van sy regering geweier het om die *Reichstag* met 'n soortgelyke vrag, bestem vir die ZAR, af te laai.¹³¹

Hierdie gebeure en optrede van die Portugese regering moet gesien word teen die agtergrond van die Brits-Duitse ooreenkoms van 1898. Daarvolgens is bepaal dat indien Portugal van sy kolonies afstand doen, Duitsland die suidelike deel van Angola, die deel van Mosambiek noord van die die Zambezi en 'n deel van die eiland Timor, sou kry. Portugal was bevrees dat Duitsland Angola sou inpalm en was desnoods bereid om Delagoabaai aan Engeland af te staan op voorwaarde dat hulle hulp sou ontvang om Angola te behou. Die ZAR-regering het besef dat die Portugese regering onder die omstandighede onder die Britse druk kon swig en hulle die gebruik van die Delagoabaai kon ontsê. Die Britse regering het aan die anderkant gehoop dat hulle met

129 SP 818, GDDM 59/99, Verslag vanaf McGregor (Erasmus), Pretoria, 30.8.1899.

130 Ibid.

131 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, pp. 152-153.

die strategie om krygstuig bestem vir die ZAR, in Delagoabaai-hawe terug te hou en te laat deursoek, druk op die Kruger-regering sou plaas om toegewings in onderhandelings wat aan die gang was te maak.¹³²

Om groter druk toe te pas het nog 'n Britse oorlogskip, die *Philomel*, in Delagoabaai hawe aangekom.¹³³ In die binneland het geheime agent T. Dorey, wat onder beheer van kommandant Schoeman van Lydenburg gestaan het, spioenasiewerk rondom Delagoabaai, Kosibaai en Swaziland gedoen. Hy het kort-kort verslag vanaf Komatipoort gelewer maar het nie veel inligting van waarde verskaf nie.¹³⁴

Teen die einde van September het Erasmus berig dat daar 'n grootskaalse poging aan die gang was om soveel as moontlik Britse troepe vanaf Indië in Durban aan wal te bring omdat 'n Boere-inval in Natal verwag was. Weens die omvang van sy werk as geheime agent, het hy sy hoofkantoor versoek om vir hom hulp te stuur. Hy het ook 'n wenk aan die hand gedoen vir die aanstel van 'n geheime agent om die Mosambiekse hawe Inhambane, dop te hou. Hy het 'n vermoede gehad dat Britse troepe, bestem vir Tuli, daar afgelaai sou word.

Die dag voor die uitbreek van die oorlog, het Erasmus nog seinpunte tussen Bremersdorp in Swaziland en Kosibaai uitgewys. Die doel was om daardeur heliograafkommunikasie te bewerkstellig. Generaal Schalk Burger, wat hom in daardie stadium op die Swaziland-grens met sy mag bevind het, is telegrafies daarvan verwittig.¹³⁵

8.3 Die Geheime Diens op die Natalse front tydens die oorlog

Die uitbreek van die oorlog het uiteraard 'n bepaalde uitwerking op die funksionering en struktuur van die Geheime Diens gehad. In die ses weke wat die oorlog voorafgegaan het, het die Geheime Diens bewys gelewer dat hulle steeds oor die

132 Ibid., pp. 153-154.

133 SP 818, Telegram van Mitchiel (Erasmus) - D. Macfarlane Bus 445 Pretoria (Tjaart Kruger), Komatipoort, 4.10.1899.

134 SP 818, GDDM 89/99, Verslag vanaf T. Dorey, Komatipoort, 12.9.1899.

135 SP 818, DDM 189/99, Lêer: "McGregor Pretoria, Geeft signaal punten om communicatie per Heliograaf te bekomen tusschen Bremersdorp en Kosi Baai", 9.10.1899.

nodige ervaring, infrastruktuur en kundigheid beskik om 'n betekenisvolle rol in die oorlog te speel. Die Boeremagte het juis nie oor 'n spesifieke afdeling, binne hulle struktuur vir die insameling van inligting, beskik nie. Voorts het staatsprokureur Smuts voor die uitbreek van die oorlog 'n sinvolle inset gelewer oor moontlike strategieë wat gevolg moes word en hy was ook oorhoofs in beheer van die Geheime Diens.¹³⁶ Smuts het baie van die geheime agente se verslae onder oë gehad en kon op grond van die inligting wat deur die Geheime Diens verskaf is 'n waardevolle inset op regeringsvlak lewer.

Inligting wat geheime agente die voorafgaande weke ingesamel het, moes uiteraard 'n invloed gehad het op Smuts wat as koördineerder van hierdie inligting opgetree het. Verslae van geheime agente soos dié van Schröder, J.P. Eksteen, *alias* John en Vlotman, het die presiese strategiese beplanning van die Britse-magte ontrafel en die situasie op die grond geïnterpreteer en aan hulle hoof, Tjaart Kruger in Pretoria, gerapporteer. Vlotman het op 11 September aan Tjaart Kruger verslag gedoen dat die Britse hoofmag uit tussen 3 000 en 3 500 soldate en 5 batterye artillerie bestaan. Hierdie mag is in daardie stadium nog in en om Ladysmith ontplooi. Sy inligting het daarop gedui dat die Britse-magte twee invalsrigtings beplan het. Die een moontlike invalstroete was oor Wakkerstroom en die ander was deur 'n mag van dieselfde sterkte wat die OVS deur Van Reenenspas sou binneval.¹³⁷

Reeds op 2 Oktober 1899 het geheime agent John, geadviseer dat die Boeremagte Natal moes binneval. Die feit dat daar geen noemenswaardige Britsemagte verder as Dundee ontplooi was nie tesame daarmee dat die meeste Britsemagte langs die reïnspoor gekonsentreer was, het 'n Boere-inval gewens gemaak. Eksteen, *alias* John, het selfs die roetes waarvolgens die Britse-inval sou plaasvind, aangedui.:

(N)ow is the time to attack them from the Transvaal...then the other party to come around by Harrysmith (sic)... then they would have them all pend in what a massacre it would be....¹³⁸

136 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers*, I, pp. 313-322.

137 SP 818, GDDM 11/99, Verslag vanaf Vlotman - Hoof van die Speurpolisie, Pretoria, 11.9.1899.

138 SP 818, GDDM 187/99, Verslag John - Hoof van speurdiens, Durban, 2.10.1899.

Al hierdie inligting wat Smuts vanaf geheime agente ontvang het, het daartoe bygedra dat hy by die Uitvoerende Raad gepleit het vir 'n onmiddellike aanval in Natal. Op 'n vraag op watter wyse die Boeremagte die oorhand kon kry, het Smuts geantwoord:

(D)oor aanvallender wijze op te treden, en zulks te doen voor de Britsche legermacht thans in Zuid-Afrika aanmerkelijk versterkt is.¹³⁹

Tjaart Kruger het reeds vroeg in September 1899 die behoefte aan 'n geheime agent op Volksrust geïdentifiseer. Op 5 September het hy navraag by die Resident-vrederegter op Volksrust gedoen of die gerugte waar was dat Britse troepe vanaf Ladysmith die ZAR se grens nader en hom versoek om 'n speurder ondersoek te laat instel.¹⁴⁰ Kruger het tot sy ontsteltenis agtergekom dat daar geen speurder geplaas is nie en het dieselfde dag 'n skrywe aan die hoofspeurder in Johannesburg gerig waarin hy opdrag gegee het dat 'n speurder homself op Volksrust dringend by die Resident-vrederegter moes aanmeld.¹⁴¹ Hierdie gebeure het 'n heilsame uitwerking gehad want voor die grootskaalse mobilisering van die Boeremagte tot teen die Natalse grens is geheime agent P. Spaarwater, *alias* Pieter, alreeds op Volksrust geplaas. Spaarwater is op 27 September 1899 teen 'n salaris van £25 per maand aangestel.¹⁴² Sy opdrag was om die spoorlyn veral aan die Natalse kant te monitor. Op 28 September het hy berig dat die tunnel by Laingsnek deur die Natalse polisie bewaak word.¹⁴³ Teen 4 Oktober het Pieter berig dat hy nagpatrollies langs die spoorlyn uitvoer. Hy het ook die spoorwegwaens wat op Volksrust-stasie gestaan het met bomme en kanonne bewaak. Ten spyte van die hoë risiko daaraan verbonde, het hy tot vier keer per week aan die Natalkant van die grens gaan spioeneer. Op Mount Prospect het hy 15 man gewaar, wat vermoedelik spioene¹⁴⁴ was, besig met meetinstrumente en opmetings in

139 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers, I*, p. 130.

140 SP 852, Afskrif van skrywe T.A.P. Kruger - R.V.R. Volksrust, 5.9.1899, p. 40.

141 SP 852, Afskrif van skrywe T.A.P. Kruger - Hoofspeurder Johannesburg, 5.9.1899, p. 41.

142 SP 885, Skrywe Hoof van Speurpolisie Pretoria - Hoof van Speurpolisie Volksrust, 25.4.1900.

143 SP 818, GDDM 169/99, Verslag vanaf Pieter (P.Spaarwater) - Hoof van die Speurpolisie, Volksrust, 28.9.1899.

144 SP 818, GDDM 165/99, Lêer: "Pieter no. 14 Volksrust. Rapporteer dat 15 troepen vermoedelik spioneren op Mount Prospect aangekomen zijn", 30.9.1899.

die rigting waarin die ZAR se heliograafpunte geplaas was.¹⁴⁵ Hierdie inligting het bevestig wat staatsekretaris, F.W. Reitz in 'n vroeëre skrywe gemeld het naamlik:

(D)at de Regeering uit goede bron heeft vernomen dat in verschillende deelen des lands vreemdelingen zich bezig houden met 't maken van teekeningen van poorten passen hoogtens enz.¹⁴⁶

Reitz het opdrag gegee dat sulke verdagtes gearresteer moes word en dat die Kommandante en Veldkornette ook van hierdie reëling in kennis gestel moes word. Op sy beurt het Tjaart Kruger ook die Kommissaris van Polisie se kantoor hiervan in kennis gestel. Die Kommissaris het op sy beurt weer die 1ste Luitenant van die Polisie te Pretoria in kennis gestel van die toedrag van sake. Hierdie deurgee van die Staatsekretaris se bevinding en opdrag dui daarop dat alhoewel Tjaart Kruger se kantoor - pas twee weke nadat hy amptelik die Geheime Diens by die Kommissaris oorgeneem het - die middelpunt van inligtinginsameling en verspreiding was, daar nie 'n duidelike kanaal vir die hantering van inligting bestaan het nie. Dit wil voorkom of almal binne die "inligtingsfamilie" wat op een of ander wyse betrokke was by inligtinginsameling van die gewone polisie, die Speurdepartement, Kommandante en Veldkornette- ingelig is oor gebeure. Alhoewel die dokumentasie meestal gemerk is "Confidentieel", was dit 'n risiko om sensitiewe en strategiese inligting op só 'n hoë vlak te versprei aan afdelings wat nie nodig gehad het om dit te weet nie.

In daardie stadium het die Britse *Intelligence Division* 'n baie klein komponent inligtingsoffisiere in Natal onder bevel van kolonel Altham te Ladysmith gehad.¹⁴⁷ Moontlik het van hulle verkenning naby aan die ZAR-grens gaan doen. Dat die Britse-magte tot 'n mate op die hoogte van sake was, word bevestig deur 'n telegram wat die *Intelligence Division* in Natal aan die *War Office* op die 8 Oktober, gestuur het.

145 SP 818, DDM 184/99, Verslag vanaf Pieter (P.Spaarwater) - Hoof van die Speurpolisie, Volksrust, 4.10.1899.

146 SP 885, GCPM 16/99, F.W. Reitz - Landdros Pretoria, 26.8.1899.

147 Cd. 1790 Minutes of evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa, Volume 1, p. 29.

Daarin is berig dat die Boeremagte naby Laingsnek gekonsentreer het en dat drie 120mm Howitzer-kanonne in posisie was.¹⁴⁸

Die Britsgesinde pers het ook bygedra om spioenasiepogings aan Boerekant belaglik voor te stel. Geheime agent A.H. Evans, *alias* Snavé, het in hierdie verband 'n koerantuitknipsel uit *The Leader* aan die Geheime Diens se hoofkantoor gestuur. Onder die opskrif "Spying in the English lines - A futile disguise", is beweer dat luitenant Du Toit van die Staatsartillerie na Ladysmith vertrek het en voeg dan by:

As he has adopted an elaborate disguise, some of his acquaintances in Pretoria have thought it desirable to supply to the Imperial military authorities in Natal a detailed description of the gallant officer both as he appears disguised and in his normal aspect.¹⁴⁹

Die hoof van die Geheime Diens, Tjaart Kruger, het saam met sy hoof, staatsprokureur Smuts, na die Natalse front vertrek. Hierdeur kon hy beter beheer oor speurders en geheime agente, wat hulle op die front bevind het, uitoefen.

Die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, het in 'n skrywe aan die Staatsprokureur die volgende aan die hand gedoen:

Zou het niet goed zijn een speur (Intelligence) Dep. op touw te zetten in verband met ieder commando. Speurder Schröder bevindt zich thans hier en indien gij dit voorstel goedkeurt, kan ik de zaak dadelijk met hem regelen.¹⁵⁰

Met hierdie skrywe het Jacobsz voorgestel dat 'n inligtingsafdeling vir elke kommando daargestel moes word. Die doelbewuste gebruik van die woord "Intelligence" het daarop gedui dat Jacobsz die onderskeid wou tref tussen 'n gewone speurafdeling en 'n militêre inligtingsafdeling wat hy spesifiek in gedagte gehad het. Verder is dit moontlik dat hy met sy woordkeuse doelbewus só 'n "Intelligence"-

148 Cd. 1789 Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into military preparations and other matters connected with the war in South Africa, 1903, p. 157.

149 SP 818, GDDM 142/99, Koerantuitknipsel vanaf A. Snavé (A.H. Evans) - Hoof van Speurpolisie, 25.9.1899.

150 SP 818A, GDDM 266/99, Skrywe vanaf L.J. Jacobsz (Wnd S.P) - Staatsprokureur, Ladysmith, 18.12.1899.

afdeling aan Boerekant gepropageer het as teenhanger vir die Britse *Intelligence Division* wat onder beheer van 'n *Director of Military Intelligence* alreeds op daardie stadium gefunksioneer het.¹⁵¹

Dit was ook duidelik uit die Assistent-staatsprokureur se aanbeveling dat hy Schröder in gedagte gehad het as hoof van só 'n afdeling, moontlik in navolging van die Britte se direkteur van militêre inligting. Schröder het ook alreeds bewys gelever dat hy die geskikste kandidaat vir só 'n pos was. Uit 'n verslag wat hy opgestel het gedurende Desember 1899 na sy besoek aan die Natalse front en waarin hy sekere waarnemings en afleidings gemaak het, kan afgelei word dat Schröder op 'n hoër vlak as die res van die geheime agente geopereer het. Hy het deurentyd in sy verslae militêr-strategiese en -taktiese insae openbaar.

Die Assistent-staatsprokureur se voorstel het in daardie stadium nie aanklank gevind nie soos blyk uit die Staatsprokureur se reaksie:

Re oprichten van speurdienst het idee is niet voerbaar Comdt Van Dam is nu aangesteld...te waken over politie toestand van Natal en dat komt mij voldoende voor ik gebruik zijne manschappen voor eenig geheim werk dat gedaan moet worden.¹⁵²

Met genoemde beslissing het die moontlikheid geëindig dat die Geheime Diens verder sou uitbrei in terme van aanwending op die gevegsfront. Daar kan slegs gespekuleer word wat die redes hiervoor was. Eerstens het dit waarskynlik te make gehad met kommandant-generaal Joubert se houding teenoor die Geheime Diens. Schröder was die prominentste lid van die Geheime Diens. Dit kan wees dat sy negatiewe ervaring wat hy saam met generaal Kock gehad het, Smuts laat beseef het dat geheime agente se geloofwaardigheid nie aanvaar is nie. Kommando's het van die begin af en uit 'n natuurlike behoefte daaraan, verkenners begin aanwend om die nodige spioenasie te doen. Die effek van 'n faktor soos die feit dat geheime agente vergoed is terwyl verkenners vrywillig hulle diens verrig het, is moeilik bepaalbaar. Geheime agente

151 J. Haswell, *British military intelligence*, pp. 47-50.

152 SP 818A, GDDM 266/99, Telegram vanaf Staatsprokureur - Waarnemende Staatsprokureur, Hoofdlager, Ladysmith, 19.12.1899.

met hulle spesifieke agtergrond, kultuur en werkswyse het waarskynlik ook nie binne die kommando-opset te velde, ingepas nie. Kommandoede het mekaar baie goed geken en is persone binne die kommandogeleedere dikwels eerder op grond van hulle lojaliteit en vertroue, as hulle bekwaamheid, in poste aangewend. Die burgers op kommando het hulleself op 'n natuurlike wyse volgens "a kind of selective process" volgens Deneys Reitz, georganiseer.¹⁵³ Binne hierdie milieu, waarin familiebande en vriendskappe die hoofdryfveer vir groeperinge, samewerking en onderlinge vertroue geskep het, is persone van buite, soos geheime agente, uitgesluit. Dit sou waarskynlik ook baie moeilik vir geheime agente wees om onder sulke omstandighede hulle inligtingsverslae die nodige gewig te laat dra. Verder het die Boerekrygsmag oor 'n groot aantal offisiere beskik wat nie vir hulle taak opgewasse was nie.¹⁵⁴ Omdat daar nie die nodige aanvoeling vir die krygskunde was nie, het daar ook nie 'n behoefte vir 'n militêre inligtingsafdeling bestaan nie. Die voorafgaande waardering aan Boerekant het nie die insameling van inligting volgens 'n georganiseerde netwerk as 'n behoefte, na vore gebring nie.

Die staatsprokureur, Smuts, was ook oorhoofs in beheer van die Geheime Diens en het in 'n memorandum op 4 September 1899 die regering geadviseer:

(D)oor aanvallender wijze op te treden, en zulks te doen voor de Britsche legermacht thans in Zuid-Afrika aanmerkelijk versterkt is.¹⁵⁵

Hierdie aandrang van Smuts is waarskynlik deels gebaseer op verskeie verslae wat van die Geheime Diens se kantoor ontvang is, en waarin daar gewys is op die feit dat die Britse troepemag die D-dag probeer vertraag omdat daar nog nie voldoende troepe in Suid-Afrika was nie. Dit wil dus voorkom of hy een van die weinige leiersfigure binne die regering se geleedere was wat die Geheime Diens se inligting verwerk, vertolk en effektief probeer benut het.

153 F. Pretorius, 'n Broederskap van selfopoffering en diens? Verhoudinge tussen die burgers op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 in *Historia*, 34(2), 1989, p. 96.

154 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, V: Die Britse Opmars tot in Pretoria*, pp. 8-9.

155 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers, I*, p. 316.

Die Geheime Diens se spioenasiefunksies het nie in totaliteit 'n militêre karakter tydens die oorlog aangeneem nie. Die geheime agente wat nie na die verskillende fronte vertrek het nie, het 'n verskeidenheid take binne en op die ZAR se grense uitgevoer. Hierdie take het te make gehad met tipiese sake rondom die staat se veiligheid in 'n oorlogsituasie. Dit het ingesluit: die sensorering van nuusberigte en pos, toesig en dophou van verdagte Britse onderdane in Johannesburg en Pretoria, toesig oor verdagte persone op kommando, dophou van verdagte persone oor die landsgrense by grensposte, hulpverlening om posstukke en berigte deur Lourenco Marques te smokkel na die buiteland, die insameling van inligting oor moontlike sabotasiepogings in Johannesburg en die identifisering van Britse spioene binne die ZAR se grense.

Pogings is aangewend om sommige geheime agente op die gevegsfront aan te wend en dit word bewys deur die feit dat drie van hulle met rewolwers uitgereik was. In dieselfde skrywe is daar ook 'n versoek gerig vir drie verkykers.¹⁵⁶ Dit het daarop gedui dat van die geheime agente vir suiwer verkenning op die gevegsfront beoog was. Sommige agente, wat na die front vertrek het, het as insamelaars en vertolkers van militêre inligting opgetree.

Vir die doel is die Geheime Diens se beste agent, J.P. de la Court Schröder, die dag voor die uitbreek van die oorlog, deur die Staatsprokureur na die front gestuur:

Ben van oordeel dat Schroeder naar lager Generaal Kock moet gaan door
hy aldaar van groot nut kan zijn¹⁵⁷

Schröder het hom eers na die hooflaer op Zandspruit begeef. Na 'n gesukkel het hy daarin geslaag om generaal Kock se laer by Newcastle te bereik, waar hy Tjaart Kruger se skrywe aan hom oorhandig het.¹⁵⁸

Almal aan Boerekant was baie geesdriftig om Natal binne te trek en die vyand aan te val. Die ywerigste van almal was die 63-jarige generaal Kock, aan wie se krygsmag Schröder toegevoeg is. As lid van die Uitvoerende Raad, wat telkemale Schröder se

156 SP 849, Skrywe L.J. Jacobsz - Kommandant-Generaal, 9.10.1899.

157 SP 852, Skrywe van Assistent-Staatsprokureur - Tjaard(sic) Kruger Zandspruit, 9.10.1899, p. 75.

158 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

verslae moes aanhoor, moes Kock die waarde van Schröder as 'n intelligensier beseef het. Soos later sal blyk het Kock hom egter nie veel aan Schröder se aanbevelings gesteur nie. Kock het bevel gevoer oor die krygsmag by Bothaspas wat bestaan het uit die Johannesburgse kommando onder bevel van kommandant B.J. Viljoen en die Duitse korps onder bevel van kommandant Adolf Schiel.¹⁵⁹

Om Schröder in staat te stel om vinnig en effektief te beweeg het A.D. Wolmarans, die "Proviand Commissaris" te Pretoria, skriftelik opdrag gekry om hom van twee perde te voorsien "voor de inlichtingsdienst".¹⁶⁰ In opdrag van sy hoof, Tjaart Kruger, het Schröder gedurende Desember sy mening oor die "inlichtingsdienst in Natal", gegee.¹⁶¹ Generaal Kock se opdrag, wat die krygsraad op 17 Oktober aan hom opgedra het, was om suidwaarts na Biggarsbergnek te trek, die spoorwegverbinding tussen Ladysmith en Glencoe te verbreek en 'n verbinding met die Vrystaatse kommando's te bewerkstellig. Op 19 Oktober het Kock die Biggarsberg op só 'n planlose en ongeordende wyse deurgetrek, dat Schiel skriftelik by Kock daaroor gekla het. Nadat Kock verneem het dat van sy manskappe treine op die Elandslaagte-stasie verower het, het hy teenstrydig met sy opdrag, verder getrek.¹⁶² Dit is in daardie stadium dat Schröder vir generaal Kock ernstig gewaarsku het. Hy het ook alle beskikbare inligting wat hy tot sy beskikking gehad het, aan generaal Kock beskikbaar gestel in 'n poging om hom te oortuig om van sy planne af te sien.

Schröder se radeloosheid het uit die volgende geblyk:

Nadat ik Generaal Kock nogmaals op de terrein gesteldheid had gewezen, en veel vooral op manoeuvres van de vijandelijke macht by Biggarsberg in het vorige jaar, waaromtrent uitvoerige rapporten door mij zijn uitgebracht, kwam ik tot de gevolgtrekking, dat ZijnEdelGestr.

159 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, p. 179.

160 SP 852, Skrywe van L.J. Jacobz namens die Staatsprokureur - A.D. Wolmarans, 3.10.1899, p. 70.

161 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

162 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, pp. 192-193.

voornemens was om Ladysmith door te trekken, zonder ondersteuning der andere commandos.¹⁶³

Volgens Schröder het generaal Kock nie ag geslaan op talle verslae wat bekwame insamelaars vroeër oor die voorgestelde Britse krygsplanne ingesamel het nie. Ten spyte van 'n verdere waarskuwing vanaf die kant van die Kommandant-generaal dat Kock nie die beskutting van die Biggarsberge moes verlaat nie, het hy op 'n onverskillige wyse met sy planne volhard. Hierdie optrede van Kock het volgens die Kommandant-generaal gelei tot "een totale nederlaag als nog nooit door het Afrikaansche volk geleden is."¹⁶⁴

Dit wil voorkom of Schröder homself glad nie kon vereenselwig het met die feit dat generaal Kock gehandel het sonder om enige inligtingsverslae, in ag te neem nie. Om hierdie rede het hy homself voor die fatale slag by Elandslaagte by generaal Erasmus se divisie gevoeg.¹⁶⁵

Dat Schröder vanaf die begin van die oorlog tot ten minste in 1900 op die gevegsfront aangewend is, word bevestig deurdat sy hoofkantoor in Pretoria vir hom 'n aanvraag vir perdevoer ingedien het.¹⁶⁶ Die feit dat Schröder in die eerste paar maande van die oorlog te velde aangewend is, en sy insette waarskynlik mondeling gelewer het, maak dit feitlik onmoontlik om sy bydrae en rol wat die insameling en vertolking van militêre inligting betref, te bepaal. Hy het egter nog steeds van tyd tot tyd aan Tjaart Kruger gerapporteer.

Op 3 Januarie 1900 het hy telegrafies vanaf die "Hoofdlager" vir Kruger laat weet dat alles nog voorspoedig gaan en dat die slag by Ladysmith goed afgeloop het.¹⁶⁷ Schröder was ook nog op die betaalstaat van die Geheime Diens nadat die oorlog uitgebreek het.¹⁶⁸

163 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

164 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, pp. 258-259.

165 SP 818A, GDDM 266/99, Rapport vanaf Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

166 SP 852, Skrywe vanaf Hoof van Speurpolisie - Voorsitter van die Proviant Kommissie, 4.1.1900, p. 95.

167 SP 881, Telegram vanaf Schröder - Tjaart Kruger, nommer 277, Pretoria, 3.1.1900.

168 SP 864, Speurpolisie Kassaboek, p. 12.

Die Geheime Diens het ook nie, soos te wagte, tydens die oorlog onder beheer van die Kommandant-generaal gekom nie. Kommandant-generaal P.J. Joubert, het tot die dag voor die uitbreek van die oorlog, nog geglo dat Engeland nie tot oorlog sou oorgaan nie. Hierdie houding en gesindheid het veroorsaak dat daar wat verskeie aspekte betref, swak voorbereidings vir die oorlog getref is. Geen depots is langs die aanmarsroetes vir voorrade en ammunisie aangebring nie en van die kommando's was sonder tente, kos en perdervoer.¹⁶⁹ Die feit dat sulke basiese aspekte oor die hoof gesien is, het geïmpliseer dat daar ook nie enige beplanning rondom 'n afdeling vir die insameling van militêre inligting sou kon gewees het nie. Dit sou egter baie handig vir die Kommandant-generaal gewees het om 'n afdeling soos die Geheime Diens, onder sy beheer te kry.

Drie maande nadat die oorlog uitgebreek het, het 'n agent soos Schröder daarop aanspraak gemaak dat hy met sy verkenningwerk:

(A)ldus met de der daad te bewijzen, dat een inlichtingskorps van nut in het vijandelijk land kan zijn.¹⁷⁰

Hierdie gevolgtrekking van hom is egter nie gedeel deur die militêre leiers in die ZAR nie, want geen versoek het vanaf hulle kant gekom dat die Geheime Diens grootskaals tydens die oorlog aangewend moes word nie.

Die Geheime Diens het na die uitbreek van die oorlog onder Tjaart Kruger se beheer gebly. As hoof van beide die Speurpolisie en die Geheime Diens, was hy in 'n ideale posisie om beide afdelings aan te pas na gelang die behoefte ontstaan het. Alhoewel geheime agente soms vir speurwerk aangewend is, was hulle egter deurentyd uit die Geheime Diensrekening betaal. Dit het beteken dat die Geheime Diens en sy agente vanaf Oktober 1899 tot en met einde Mei 1900 as 'n organisasie met sy eie begroting, boekhouding en struktuur bly voortbestaan het alhoewel hulle rol en taak verander het.¹⁷¹

169 J.J. van Heerden, *Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D.Phil, UP, 1949), p. 339.

170 SP 818A, Verslag van Schröder, Pretoria, 20.12.1899.

171 SP 864, Speurpolisie Kassaboek, p. 20.

Gedurende Februarie 1900 het T.A.P.(Tjaart) Kruger hom in Ladysmith,¹⁷² gedurende Maart in Glencoe¹⁷³ en teen die einde van Mei in Volksrust bevind.¹⁷⁴ Tjaart Kruger het tot in die laaste fase van die oorlog geveg. Daar het kommandant Japie Naser hom raakgeloop:

Die volgende dag is ons daar weg na Bethal. Daar tref ons toe 'n klomp Transvalers aan, by wie 'n seun van pres. Kruger was. Ek meen dat sy naam Tjaard was. Hy was 'n soort van 'n offisiertjie gewees en hulle was daar in 'n hotel tuis. Hulle speel net biljart.¹⁷⁵

Alhoewel die Geheime Diens se struktuur op daardie stadium nie meer bestaan het nie, was Tjaart Kruger klaarblyklik nog by die landsadministrasie te velde betrokke. Kruger het kommandant Naser se groep versoek om £25 000 in goud en "bluebacks" of Transvaalse papiergeld met hulle saam te neem, as synde geld wat die Kruger-regering vir die Vrystaatse kommando's stuur. Die verwysing na Tjaart Kruger as 'n soort van 'n offisiertjie is interessant, maar kan nie uit amptelike dokumentasie bevestig word nie. Daar het in elk geval 'n persepsie bestaan dat hy 'n offisiersrang beklee het en daarom die verwysing na hom deur Rosenberg in haar historiese roman as: "Commandant Tjaart Kruger of the Geheime Dienst."¹⁷⁶

Tjaart Kruger het homself ook in 'n stadium as deel van die Heidelbergse dorpskommando naby Bethal bevind. Wilhelm Mangold het in sy oorlogsherinneringe beskryf hoedat Tjaart Kruger in 'n geveg links van hom verwond is maar dat hulle uiteindelik daarin geslaag het om die vyand af te weer.¹⁷⁷

As gevolg van lord Kitchener se dryfjagte op die Transvaalse Hoëveld, het hy saam met kaptein Piet Ferreira se mag naby Belfast op 11 September 1901 oorgegee. Op 30

172 SP 465, L.J. Jacobsz - Tjaart Kruger Hoofd Speurpolisie Ladysmith, 19.2.1900, p. 257.

173 SP 849, Kruger - Hoof van die proviand kommissie, 6.3.1900, p. 293.

174 SP 852, W. Geeringh - T.A.P. Kruger Volksrust, 23.5.1900, p. 181.

175 A. Wessels, Die Oorlogsherinneringe van Kommandant Jacob Petrus Naser in *Christiaan de Wet Annale*, 7, p. 33.

176 V. Rosenberg, *The Von Veltheim File*, p. 27.

177 T. van Rensburg (Red.), *Vir Vaderland, Vryheid en Eer Oorlogsherinneringe van Wilhelm Mangold 1899-1902*, pp. 323-325.

Confidentieel

GJR 1762
99

Confidentieel

Kantoor v/h Hoofd der Afdeling Speurpolitie,
STAATSPROCUREURS DEPARTEMENT,
Zuid-Afrikaansche Republiek.

G.D.D.M. No. 165/99

Tel	ONDERWERP.
DATUM. 29.9.99	Potei No 14 Volkarnst.
DATUM VAN ONTVANGST. 30.9.99	Rapport dat 15 troepe vermoedelyke spionne op Morant Prospect aangekomme Zijne
	Staats Secretaris "Kabinet" Aan informatie v.v.pl.
	30.9.99
aanvaarde agent van die bygewone afdeling 30.9.99	Hoofd der Afdeling Speurpolitie Staats Procureurs Departement. 30.9.99 De Reg. troep heringewone Mannen aan in lering 11.99 30.9.99

Fig. 23: Voorbeeld van 'n lêeromslag waarin geheime agente se inkomende verslae geplaas is. In hierdie geval is die verslag van Pieter Swaarwater, alias Pieter in die spesifieke lêer geplaas. Bron: SP 818, GDDM 165/99, 29.9.1999.

September 1901 teken H.C. Bredell, wat hom op daardie stadium saam met pres. Kruger in Europa bevind het, die volgende in sy dagboek aan:

“Aan Bredell. Tjaart died this morning. Pneumonia Enteric. Suddenly. Quietly. Alida”. Ik kon mijn oogen niet gelooven. O! wat een verrassing. Treurig, o, zoo treurig voor ZHEd...Tjaart en ik waren altijd goede vrienden en hadden lang samen gewerkt op Bureau van Hoofd Commissaris van Politie, Pretoria en nooit enige verschil gehad.¹⁷⁸

So het die lewe van Tjaart Kruger, voormalige Hoof van die Speurdiens soos wat hy amptelike bekend was, maar ook Hoof van die Geheime Diens, tot ‘n einde gekom. Net soos Tjaart Kruger en De la Court Schröder, na die inname van Pretoria op 5 Junie 1900 hulle by kommando’s aangesluit het om verder te veg, moes die res van die Geheime Diens se agente waarskynlik dieselfde gedoen het.

8.4 J.P. De la Court Schröder in beheer van die speurders op die Natalse front

Die feit dat ‘n afdeling speurders op en agter die gevegsfront nodig was, het baie gou duidelik geword. Dit het gespruit uit plundery, diefstal en ander onreëlmatighede wat sekere kommando’s tydens hulle opmars deur Charlestown en Newcastle gepleeg het.¹⁷⁹ Smuts het self die saak ondersoek en besluit om ‘n afdeling speurders na die gevegsfront te sekondeer.¹⁸⁰ Die speurders het deel van die “Veldpolitie” uitgemaak.¹⁸¹

Geheime agent T. Smith, *alias* Bruno, het teen die middel van Desember na ‘n besoek aan die oorlogsfront in Natal, gemeld dat talle burgers gevoel het dat:

178 A.G. Oberholster (Red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900-1904*, p. 57.

179 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, pp. 180-183.

180 *Ibid.*, p. 185.

181 G.N. van den Bergh, *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 332.

(E)en flinke staf van goede, volkome vertroubare speurders aan het front behoorde werkzaam te zijn om te helpen verraders en spionen op te sporen.¹⁸²

Die behoefte aan só 'n afdeling wat teenspioenasie kon bedryf, het ontstaan nadat dit duidelik begin word het dat daar óf verraaiers in die Boeremagte se geledere was, óf dat die Britte spioene in hulle geledere geplant het. Bruno het in sy skrywe verskeie voorbeelde van spioenasie of verraad in die Boeremagte genoem. Volgens hom sou die taak van die speurders wees om spioene op te spoor en hulle daarna te verwyder.¹⁸³ Alhoewel hierdie 'n tipiese taak van die Geheime Diens was, is daar gevoel dat die opspoor van verraaiers en spioene op die front aan 'n speurafdeling opgedra moes word.

Dat daar in 'n mate verwarring op die gevegsfront in Natal geheers het oor die rol- en taakverdeling tussen die Geheime Diens, Speurpolisie en Johannesburg Polisie, blyk uit 'n nota wat Tjaart Kruger aan die Staatsprokureur gerig het wat hom gedurende Desember 1899 by die *Hoofdlager* naby Ladysmith bevind het. Kruger meld dat hy verneem het dat die Staatsprokureur die Johannesburgse Polisie gebruik het om "geheime werk" te doen. Omdat hulle na Colesberg vertrek het, verneem hy of hy 'n speurder beskikbaar moes stel om 'n klag van spioenasie te ondersoek.¹⁸⁴

Gedurende die eerste week van Februarie 1900, het Schröder opdrag gekry om 'n klag te ondersoek dat 'n perd, wat 'n sekere Ben Ferreira naby Dundee buitgemaak het, deur veldkornet Keyter van die Heidelbergse Kommando van sy plaas in die Heidelberg-distrik verwyder is. Die publieke aanklaer te Heidelberg het aan Schröder bevestig dat die perd wel deur Keyter verwyder is, en hom op die plaas van 'n sekere Coetzee bevind.¹⁸⁵

Hierdie byna spesiale Speurafdeling het feitlik uit die Geheime Diens ontstaan. J.P. de la Court Schröder het mettertyd hoof van die speurders geword met sy hoofkwartier te Glencoe. Vanaf Februarie 1900 het Schröder dokumente te Glencoe as waarnemende

182 SP 818A, Skrywe Bruno (T.Smith), Pretoria, 13.12.1899.

183 *Ibid.*

184 SP 818A, GR 2693/99, Nota op lêeromslag T.A.P. Kruger - Staatsprokureur, 22.12.1899.

185 SP 818A, GDDM 32/1900, Lêer: "De la Court Pretoria...", 6.2.1900.

hoof van die Speurpolisie onderteken.¹⁸⁶ Met hierdie aanstelling het die Geheime Diens waarskynlik die dienste van sy knapste agente ontbeer. Schröder het egter steeds tot in Mei 1900 sy maandelikse salaris uit die geheime diensterekening ontvang.¹⁸⁷

Om duidelikheid te gee oor wat hy van speurders op die gevegsfront verwag het, het Tjaart Kruger by Modderspruit-stasie 'n proforma-pligstaat opgestel waarop elke speurder se naam en sy standplaas aangedui is. Alle informasie moes in 'n weeklikse skriftelike rapport aan die Staatsprokureur en die Hoof van die Speurpolisie by die "Hoofdlager" getelegrafeer word. Die take wat aan speurders opgedra is was om toesig te hou oor:

1. Dieverij n.l - van pakketten en andere goederen, welke per spoor naar Lagers vervoerd worden.
2. Verdachte personen, vreemdelingen, reizigers per spoor trein enz.
3. Diefstal van buitpaarden, buitvee enz. voornamelijk op het op en af laden van Commando paarden
4. Paspoorten en vervoerpermitten
5. De Treindienst
6. Brieven en telegrammen gericht aan en gemeenschap met den vijand¹⁸⁸

Hierdie speurders op die gevegsfront wat onder Schröder se beheer geval het, soos G.D. van Zyl en J.F. van Staden, het egter niks met die Geheime Diens te make gehad nie en is ook nie uit die Geheime Diens se begroting vergoed nie. Tipiese take van hierdie speurders het behels die opspoor van gesteelde perde saals en tooms, die terugstuur en eskort van burgers vanaf die front, die eskort van gevangenes en die hantering van buitgemaakte mielies.¹⁸⁹ In die moderne sin van die woord het die speurders op die front as militêre polisie opgetree. Speurder Van Zyl het byvoorbeeld

186 SS 8427, GDDM 62/00, Lêer: "Re werkzaamheden van Speur Politie te Newcastle", 24.2.1900.

187 SP 852, Skrywe vanaf Geeringh - Hoof van die Speurpolisie Volksrust, 18.5.1900, p. 177.

188 SP 817, Los getikte pro-forma met T.A.P. Kruger se naam onderaan opgestel te Modderspruit 16.2.1900.

189 SS 8427, GDDM 62/00, Lêer: "Re werkzaamheden van Speur Politie te Newcastle", 24.2.1900.

'n klomp burgers van die Boksburg Kommando, sonder dat hulle verlof daartoe gehad het, in Newcastle aangetref en hulle aangesê om na hulle eenheid terug te keer.¹⁹⁰

Tjaart Kruger het, terwyl hy hom in Ladysmith bevind het, vanaf die Assistent-staatsprokureur opdrag gekry om ondersoek te laat instel na 'n sekere Schonken verbonde aan kommandant Viljoen se kommando, wat goedere verkoop het aan die Vrystaatse kommando's te Modderspruit.¹⁹¹ Hierdie is 'n tipiese opdrag wat Kruger aan Schröder sou opgedra het naamlik om hom deur een van sy speurders te laat ondersoek.

Dit wil ook voorkom of Schröder oor redelike magte beskik het en ook magtiging gehad het om direk met Boeregeneraals te velde, te skakel. Gedurende April 1900 het Schröder opdrag gekry om ondersoek in te stel na speurder F. de Witt Tossel wat twee Geheime Diensperde na die front geneem het. Schröder het direk met genl. D.J.E. Erasmus geskakel en hom gevra of 'n sekere veldkornet Oosthuizen wat deel van sy laer is, hom in die ondersoek behulpsaam kon wees. As deel van sy ondersoek het Schröder die Waarnemende Kommandant-generaal versoek om 'n sekere veldkornet, Piet Zeederberg, van die Pretorialeer aan te spreek oor die saak, omdat hy geweier het dat De Witt Tossel die perde terugneem na Pretoria.¹⁹²

Speurders het ook soms tydens die oorlog tipiese Geheime Dienswerk verrig alhoewel hulle nie op die departement se betaalstaat was nie. In Desember 1899 het speurder Charles Papenfus gerapporteer, dat hy tydens 'n treinrit oppad na Komatipoort met 'n sekere Hess, redakteur van *The Critic*, in gesprek was. Die het hom meegedeel dat hy 'n gesprek met 'n Fransman gehad het wat kannonkoeëls vervaardig. Die het hom meegedeel dat die ammunisie nie veel werd is nie en die kanonlope beskadig.¹⁹³ Papenfus het dit sy plig geag om die inligting deur te gee.

Uitstekende militaris wat De la Court Schröder was, het hy hom baie vinnig aangepas in sy nuwe rol as hoof van die speurders op die gevegsfront. In hierdie opsig het hy

190 SS 8427, GDDM 62/00, "Rapport van werkzaamheden vanaf 11 Maart 1900 tot en met 17 Maart 1900" van Speurder G.D. van Zyl, Glencoe-stasie, 20.3.1900.

191 SP465, L.J. Jacobs Ass SP - Tjaart Kruger Ladysmith, 19.2.1900, p. 257.

192 SP 815, DDM 258/00, Lêer: "Wd Hfd Speurdienaar Johannesburg. Re 2 geheime dienst paarden door Spr Tossel op commando genomen", 12.4.1900.

193 SP 818A, GDDM 161/99, Papenfus - Hoofspeurder, Johannesburg, 12.12.1899.

ook goeie dissipline toegepas en nie toegelaat dat daar ingemeng word op sy terrein nie. In Desember 1899 het hy by Tjaart Kruger gekla oor 'n A. Burchardt se optrede in Natal waaroor hy nie geken is nie. Volgens Burchardt is hy deur die Staatsprokureur gemagtig om alle verdagte persone langs die treinspoor gevange te neem en na Newcastle te bring.¹⁹⁴ Intussen wil dit voorkom asof Burchardt 'n bakkery tot nadeel van sy werk as speurder bedryf het. Schröder het in Maart 1900 Burchardt voor 'n keuse gestel om sy pligte na te kom of te bedank. Hy het egter aangedui dat hy sy pligte as speurder sal nakom.¹⁹⁵ Schröder het so 'n positiewe uitwerking op Burchardt gehad dat hy later in die Noord-Kaap en die OVS die speurpolisie aangevoer het.¹⁹⁶ In sy nuwe pos het Schröder 'n baie belangrike ondersteuningsrol op en agter die gevegsfront gespeel.

8.5 Die Geheime Diens en die Lourenco Marques-roete

Die Lourenco Marques-spoorweg vanaf Pretoria oor Komatipoort na Delagoabaai was vir die ZAR van uiterste belang veral na die uitbreek van die oorlog. Dit was die enigste toegangsroete vir krygstuig en ander voorrade wat die ZAR-regering gehad het. Die spoorlyn moes teen sabotasie beskerm word. Verder was die beweging van persone na en van Lourenco Marques vir die veiligheid van die staat van belang. Die hele roete vanaf Lourenco Marques, oor Komatipoort na Pretoria, moes deur geheime agente en speurders beskerm word. In die verband het geheime agente baie nou met die ZAR se konsul-generaal, Gerard Pott, in Lourenco Marques saamgewerk. Erasmus het vanaf begin Oktober 1899¹⁹⁷ tot en met sy ontslag gedurende Maart 1900,¹⁹⁸ op die Lourenco Marques-roete gewerk.

194 SP 818A, GDDM 267/99, Schröder - Hoof van die Speurpolisie, Newcastle, 20.12.1899.

195 SP 818A, GDDM 28/00, Lêer met aantekeninge oor Burchardt, 7.3.1900.

196 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 332.

197 SP 818A, DDM 239/99, Lêer: "Erasmus Komatipoort", 2.10.1899.

198 SP 818A, GDDM 55/00, Lêer: "H. Everitt Pretoria Z.A.R." met korrespondensie rondom Erasmus se ontslag, 19.3.1900.




Fig 24: Kaart van suidelike Afrika deur De la Court Schröder ingestuur, wat die werksveld van die ZAR se geheime agente aandui. Bron: SP 818, Rapport no. 90, 23.9.1899.

In die week voor die uitbreek van die oorlog het M.G. Erasmus, onder die skuilnaam McGregor, hom reeds in Lourenco Marques bevind.¹⁹⁹ M.G. Erasmus het 'n belangrike rol as geheime agent op die roete gespeel. Erasmus was, met 'n "vrybiljet" vir die Z.A.S.M., 'n paspoort om tussen Pretoria en Lourenco Marques te reis, 'n instruksie aan amptenare om hom deur te laat en 'n skrywe aan konsul-generaal Pott om hom "te willen helpen waars't nodig mogt zijn", toegerus vir sy taak as geheime agent.²⁰⁰

Erasmus het ook inisiatief geneem en aanbeveel dat 'n vrou in Komatipoort aangestel moes word om verdagte vrouens te deursoek. In sy motivering het hy gemeld dat baie vrouens per trein deur die grenspos by Komatipoort beweeg en dat indien dit bekend sou word dat vrouens nie deeglik deursoek word nie, hulle al hoe meer gebruik sou word om boodskappe te smokkel.²⁰¹ 'n Sekere mev. Lombard, vrou van die opperwagmeester in Komatipoort, is vir die doel aangestel en uit die Geheime Diensrekening vergoed.²⁰²

Speurder C. Papenfus is in Komatipoort gestasioneer en het as koerier opgetree deur van tyd tot tyd briewe van Tjaart Kruger aan passasiers op die bote te oorhandig sodat dit elders gepos kon word.²⁰³ Hierdie was 'n soortgelyke tegniek waarvan Leyds gebruik gemaak het om boodskappe vanaf Europa na die Kruger-regering verby die sensors te kry.²⁰⁴

Erasmus het heen en weer tussen Pretoria en Lourenco Marques beweeg en het soms skriftelik uit Pretoria verslag gelewer. Hy het heel waarskynlik ook soms mondeling verslag aan Tjaart Kruger gelewer as hy op besoek aan Pretoria was. Om sy taak te vergemaklik, om verdagte persone wat die land verlaat te identifiseer, het hy 'n sekere M. Woodburn versoek om hom van 'n naamlys van lede van die *S.A. League* te

199 SP 888, Minute register (Geheim), Inskrywing no. 172, 4.10.1899, p. 40.

200 SP 818A, GDDM 204/99, Lêer: "M.G. Erasmus - Pretoria," 20.10.1899.

201 SP 818A, GDDM 256/99, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 10.12.1899.

202 SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1900, p. 18.

203 SP 849, Skrywe vanaf Hoof van Speurpolisie - C. Papenfus Komatipoort, 5.1.1900, p. 255.

204 Kyk Hoofstuk 9.

voorsien. Woodburn het in daardie kringe beweeg en was in diens van die Robinson-myn.²⁰⁵

Weens die gereelde bootverkeer tussen Lourenco Marques en Durban was Erasmus ook op hoogte van die gebeure in Natal. Hy het homself ook bereid verklaar om per Duitse boot, via Durban, Natal in te beweeg:

(O)m daar zooveel mogelijk alles uit te vinden. Ik zal oppassen dat ik niet gearresteerd wordt.²⁰⁶

Gedurende Oktober 1899 het Erasmus ten minste weekliks kort inligtingsrapporte getelegrafeer aan "D Mc Farlane, Box 445, Pretoria" die telegrafiese adres van die Geheime Diens in Pretoria. Hierin het hy oor bewegings van prominente asook verdagte persone in die algemeen gerapporteer, asook oor nuus vanaf die gevegsfront wat sy ore bereik het. In een van die berigte het hy gerapporteer dat dr. Jameson en kolonel Grey in Beira aangedoen het op weg na Natal.²⁰⁷

Van Erasmus se berigte as geheime agent, is op die hoogste vlak van kennis geneem en gehanteer soos die berig op 2 Desember 1899, waar hy telegrafies vanaf Lourenco Marques laat weet het dat sir Redvers Buller 25 000 soldate in Natal het en dat groot getalle kanonne van skepe afgelaai is.²⁰⁸ 'n Aantekening op die lêer gemaak deur Fortuyn, sekretaris van die kabinet, lees soos volg:

Aan de Hed. Regeering voorgelezen, en telegrafisch kennis gegeven aan Hed den Staatspresident Bloemfontein en Wd Commandant Generaal Burger Hoofdlager by Ladysmith.²⁰⁹

205 SP 818A, GDDM 216/99, Skrywe McGregor (Erasmus) - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 20.10.1899.

206 SP 818A, DDM 241/99, Skrywe Erasmus - Hoof van Speurpolisie, p.11, 5.11.1899.

207 SP 818A, DDM 221/99, Telegram Erasmus - D. McFarlane Bus 445 Pretoria, Pretoria, 24.10.1899.

208 SP 818A, GDDM 250/99, Telegram Erasmus - D McFarlane Bus 445 Pretoria, 2.12.1899.

209 SP 818A, GDDM 250/99, Lêer: Erasmus Lourenco Marques met aantekening van R.J.H. Fortuyn Sekretaris het Kabinet - Hoofd Afd. Speurpolitie, 4.12.1899.

Die aantal Britse troepe in Natal was egter nie 25 000 soos Erasmus berig het nie, maar 21 176.²¹⁰ Nogtans was hierdie inligting van spesifieke belang op daardie stadium omdat die Boereleërleiding gesit en wag het op Buller, as die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, se nuwe strategie. Buller het aanvanklik besluit dat die Britse magte deur die Kaapkolonie langs die spoorlyn sou opruk en die twee Republieke uit die suide sou verower. Na sy aankoms in Kaapstad op 31 Oktober 1899, het hy egter besluit om liewer Ladysmith en Kimberley te ontset en sodoende die Boere-offensief te stuit. Op 25 November 1899 het Buller in Natal aangekom om sy planne ten uitvoer te bring.²¹¹

Vir die verkenners op kommando was dit moeilik om só ver suid as Durban te gaan spioeneer en die Britse troepebewegings en verskuiwings te monitor. Verkenningspatrollies aan Boerekant het teen 14 Desember 1899 berig dat die naaste Britse mag by Estcourt gestasioneer was.²¹² Erasmus, wat homself in Lourenco Marques bevind het en goeie kontak in Durban gehad het, was dus ideaal geplaas om die Britse troepebewegings agter die vyandelike linies waar te neem waar verkenningspatrollies nie kon uitkom nie.

‘n Ander interessante aspek waaroor Erasmus gerapporteer het, was oor die ZAR se Konsul-generaal in Mosambiek, Gerard Pott, se algemene houding en gesindheid. Erasmus maak dan die volgende ernstige aanklag teen Pott:

Ik denk dat hy meer eigenbelang in aanmerking neemt dat het belang van
de twee Republieken.²¹³

Alhoewel ‘n mens die gevoel kry dat Erasmus hier dalk buite sy mandaat as geheime agent opgetree het, het hy waarskynlik gevoel dat Pott in só ‘n belangrike strategiese posisie en pos gesit het, dat hy dit nodig geag het om daaroor te rapporteer. Veral na die vestiging van die ZAR se gesantskap in Europa, onder Leyds, sou konsul-generaal Gerard Pott, wat onder Leyds geressorteer het, ‘n belangrike rol in Lourenco Marques

210 J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II: Die Eerste Britse Offensief*, p. 231.

211 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 16-17.

212 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899*, p. 367.

213 SP 818A, GDDM 25/1900, Verslag Erasmus - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 3.2.1900.

in die deurgae van vertroulike boodskappe en proviand speel. Alreeds in Augustus 1899 het Leyds Pott aangespreek dat 'n koevert van 'n vertroulike brief, wat die gesantskap ontvang, het nie behoorlik verseël was nie.²¹⁴

Erasmus het verder beweer dat Pott burgers van die ZAR en die Oranje-Vrystaat onvriendelik en sleg behandel en wanneer hy humeurig was, is van die burgers selfs gedreig met Portugese polisie wat hulle sou verwyder van sy perseel af. Volgens Erasmus het hy eers om 11 uur op kantoor gekom. Alhoewel Erasmus dit nie self gesien het nie, is daar beweer dat Pott ses tot sewe swart vroue as bywywe aangehou het. Pott het ook nie toegesien dat die ZAR en Vrystaatse vlae bokant die konsulaat wapper nie, in teenstelling met die Engelse konsulaat waar die Britse vlag daagliks gewapper het. Beide bugers van die ZAR en ander vreemdelinge moes 10/6 aan Pott betaal om hulle paspoorte te laat inspekteer. Erasmus het tot die gevolgtrekking gekom dat:

(D)e Heer Pott niet de gewenschte persoon is voor Consul te Lourenco
Marques.

en dat hy

(H)y ons veel kon gehelpen hebben met het op koopen van proviand wat
niet het geval was.²¹⁵

Erasmus het dus hier die aanvoeling gehad dat, onder oorlogsomstandighede en met Lourenco Marques as enigste hawe vir die Boeremagte vir die aanvul van krygstuig en die deurgae van boodskappe, Gerard Pott se betroubaarheid in die gedrang was. Heel waarskynlik weens die sensitiewe aard van die berig is daar geen aantekeninge gemaak of verdere opdragte gegee op die lêer wat vir die verslag geopen is nie.²¹⁶ Selfs in die register vir geheime inkomende stukke in Tjaart Kruger se kantoor, is daar bloot aangeteken dat die verslag ingekom het.²¹⁷ In hierdie geval sou 'n mens verwag dat

214 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 201.

215 SP 818A, GDDM 25/1900, Verslag Erasmus - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 3.2.1900, p. 4.

216 SP 818A, GDDM 25/1900, Lêer: M.G. Erasmus Pretoria Rapporteer re den Heer Pott Consul genl. Der Z.A.R. te Lourenco Marques, 3.2.1900.

217 SP 888, Inskrywing no. 25, 5.2.1900, p. 73.

die Staatsprokureur, Kommandant-generaal en Leyds, in Europa, ten minste hieroor ingelig sou word. Dit is egter moontlik dat die saak mondeling verder hanteer is of dat Erasmus se verslag gesien is as 'n persoonlike kampanje teen Pott. Dit is ook moontlik dat die verslag bydraend was tot Erasmus se skielike ontslag as geheime agent 'n maand later.

Erasmus was heel waarskynlik ook nie bewus van die rol wat Pott gespeel het om in samewerking met Leyds, in Europa berigte en proviand deur te smokkel nie en Leyds was moontlik heeltemal tevrede met Pott se rol en optrede. Leyds se belangrikste en betroubaarste tussenganger in Lourenco Marques, ten spyte van Erasmus se bewerings, was die Konsul-generaal van die ZAR, Gerard Pott. Erasmus was moontlik ook nie bewus daarvan nie dat Pott, as hoof van die Hollands-Oos-Indiese Maatskappy, gedurende Januarie 1900 met £210 beboet was omdat hy pakkies as konjak, parfuum en huishoudelike toestelle beskryf en gemagtig het, waarvan die inhoud in werklikheid verkykers en heliografiese toerusting was. Die goedere is verbeurd verklaar maar veel erger was die feit dat Pott se *exequatur* as Konsul-generaal van die ZAR, ingetrek is.²¹⁸

Erasmus het egter op 23 Maart 1900 'n skrywe van die hoof van die Speurpolisie, in opdrag van die Staatsprokureur, ontvang waarin hy meegedeel is dat hy as geheime agent ontslaan is. In 'n nota in Erasmus se lêer het Smuts in sy handskrif Erasmus se ontslag bevestig.²¹⁹ In ag genome die kwaliteit van diens wat Erasmus gelewer het en die hoë standaard van die verslae wat hy ingestuur het, was sy ontslag 'n verrassing.

Sy ontslag het klaarblyklik in verband gestaan met 'n eis vir reis- en verblyfkostes van ongeveer £230 vir die periode 15 Augustus 1899 - 15 Februarie 1900, wat hy ingedien het. Die assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, het in 'n skrywe aan die Staatsekretaris, Erasmus se uitgawes as te hoog beskou. Hy het Erasmus en Everitt met mekaar vergelyk en tot die gevolgtrekking gekom dat Everitt beter gehalte werk teen laer kostes gelewer het. Smuts het beslis dat Erasmus ontslaan moes word en hom

218 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 260-261.

219 SP 818A, GDDM 55/00, Kopie van 'n skrywe van Hoofd der Afdeling Speurpolitie - M.G. Erasmus, Pretoria, 23.3.1900.

vir militêre diens moes aanmeld.²²⁰ Dit wil voorkom of Erasmus sy ontslag geïgnoreer het want op 5 Maart 1900 het hy nog 'n verslag ingedien. Dit het tot gevolg gehad dat die Staatsekretaris se kantoor navraag gedoen het oor die redes waarom Erasmus nog nie vir kommandodiens aangemeld het nie. Geeringh het namens Kruger geantwoord dat Erasmus volgens sy dokter medies ongeskik was om vroeër aan te meld.²²¹

Na Erasmus se ontslag is hy as geheime agent opgevolg deur Everitt, wat onder die kodenaam "Bertie" vanaf Lourenco Marques gerapporteer het en sy eerste verslag op 23 Februarie 1900 ingestuur het. Ter wille van sekerheid het Everitt sy verslae in die formaat en trant van 'n vriendskaplike brief geskryf en sy koeverte geadresseer aan "Mr John Avery, Box No 453, Pretoria, Z.A.R." Hy het sy briewe begin: "Dear John" en afgesluit "Believe me, Your affecte. Cousin, Bertie". Sensitiewe gedeeltes van sy briewe is in Hollands geskryf terwyl die res in Engels geskryf was. Dat Tjaart Kruger bekommerd was of Everitt veilig in Mosambiek aangekom het, blyk uit die feit dat hy alreeds op 19 Februarie 1900 in 'n brief navraag oor sy welstand gedoen het en hom beveel het om alle briewe en korrespondensie aan Posbus 453 Pretoria te adresseer. Dit is interessant dat Kruger se kantoor Everitt se kodenaam, John Avery, gebruik het om die afsender aan te dui.²²²

In sy eerste verslag het Everitt gemeld dat hy Erasmus in "Waterfall" (Waterval Boven Stasie) ontmoet het, en sonder om sy posisie te verrai, waardevolle wenke van hom gekry het. In sy eerste verslag het hy gemeld dat Lourenco Marques 'n besonder duur plek is om in te bly. Volgens hom sou hy die minimum telegrafiese boodskappe stuur omdat hy deur 'n sekere Poke, bestuurder van die Sheba-myn ingelig is dat klerke die telegramme lees. 'n Ander saak wat vir hom vreemd voorgekom het, is dat hy ingelig is dat kiste met aartappels vanaf die ZAR bestem vir Britse troepe deur Lourenco Marques na Durban versend word.²²³

220 SP 818A, GDDM 55/00, Lêer: "H. Everitt Pretoria Z.A.R. Zendt in rekening van werkelijke uitgaven van 15 Feb tot en met 19 Mrt 1900", 19.3.1900.

221 SP 814, DDM 139/00, Lêer: "M.G. Erasmus Johannesburg", 6.3.1900.

222 SP 852, Afskrif van skrywe John Avery - Bertie, Pretoria, 19.2.1900.

223 SP 818A, GDDM 38/00, Verslag vanaf Bertie, Lourenco Marques, 26.2.1900.

Voortydige kennis in verband met die beweging en mobilisering van Britse troepe was vir die ZAR-regering vanaf Februarie 1900 van groot belang, omdat lord Roberts besig was met die tweede Britse offensief. Sy strategie het 'n omvleuelingstaktiek behels in teenstelling met Buller en Methuen se taktiek van frontaanvalle.²²⁴ Korrekte en tydige inligting in verband met Britse troepebewegings was dus krities. Everitt het gerapporteer dat Engelse troepe te St. Lucia-baai suid van Lourenco Marques aan wal gegaan het en deur Zululand *via* Vryheid op pad na Natal was.²²⁵

In die "vriendskaplike" korrespondensie tussen Tjaart Kruger en Everitt in Lourenco Marques, is die woord "sugar" klaarblyklik gebruik as 'n kodewoord wanneer daar na wapens en ammunisie verwys is. Everitt het in dieselfde skrywe opdrag gekry om 'n oog te hou oor 'n sekere F. Dawson, Posbus 96, Lourenco Marques, want hy was besig om die Kruger-regering te dwarsboom in Mosambiek.²²⁶ Everitt is ook gemaan om op die uitkyk te wees vir kratte met vrugte waarin briewe versteek word. Hy is ook versoek om hom in Pretoria by die Geheime Diens se kantoor aan te meld sodat sekere sake met hom persoonlik bespreek kon word.²²⁷

Op 18 Maart 1900 het Everitt 'n telegram vanaf Komatipoort gestuur en laat weet dat 10 000 Britse troepe in Beira aan wal gegaan het. Daar was ook sprake dat troepe in Lourenco Marques aan wal sou gaan ingevolge 'n ooreenkoms van 1895, wat tussen Portugal en die Brittanje gesluit is.²²⁸ J.C. Smuts, as staatsprokureur, het persoonlik kennis geneem van hierdie berig deur sy handtekening daarop aan te bring.²²⁹ Dat Everitt daarin geslaag het om die Britse geleedere as geheime agent binne te dring, word bewys deur die feit dat hy hierdie inligting verkry het van 'n sekere Evans, 'n klerk wat verbonde was aan die kantoor van die Britse konsul in Lourenco Marques.

224 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 21.

225 SP 818A, GDDM 38/00, Lêer: Everitt Komatipoort, "Re Engelschen troepenmacht by St Lucia baai geland...", 25.2.00.

226 SP 852, Afskrif van skrywe John Avery (Kruger) - Bertie (Everitt), Pretoria, 6.3.1900.

227 SP 852, Afskrif van skrywe John Avery (Kruger) - Bertie (Everitt), Pretoria, 12.3.1900.

228 SP 818A, DDM 54/00, Telegram Everitt - Avery Bus 453 Pretoria, Komatipoort (sic.), 18.3.1900.

229 SP 818A, DDM 54/00, Lêer: Met inskripsie en Smuts se handtekening, 19.3.00.



Fig. 25: Groepfoto geneem in Sint Pietersburg Rusland in 1900 waarop geheime agent J.M de Bruijn vermoedelik verskyn. Van links na regs: J.M. de Bruijn, A. Fischer, ds. H.A. Gillot (Nederlandse predikant in Sint Pietersburg), C.H. Wessels, A.D.W. Wolmarans, dr. W.J. Leyds. Bron: A. Davidson en I. Filatova, *The Russians and the Anglo-Boer War*, pp. 224-225.

Everitt het afgelei dat voorrade vir luitenant-kolonel Herbert Plumer, wat op daardie stadium in Tuli gestasioneer was,²³⁰ ook deur Beira aangevul is.²³¹

Tot op die laaste, voor die val van Pretoria op 5 Junie 1900, was geheime agente nog op hulle poste. Op 14 Mei 1900 het geheime agent J.K. Springle, berig dat hy uit 'n gesprek met 'n sekere Haarhoff verneem het dat die hoofstad, Pretoria, slegs oor kosvoorrade vir 'n maand beskik.²³² Geheime agent Stirling het op 16 Mei 1900 uit Pretoria berig: "Re geruchten dat de Hed Regering Pretoria gaan verlaten."²³³ Geheime agente het dus tot op die laaste hulle vingers op die pols van gebeure gehad.

Die reeds gevestigde infrastruktuur asook die ervaring van geheime agente van die Geheime Diens is nie ten volle op die gevegsfront benut nie. Die feit dat die Geheime Diens nie getransformeer is in 'n volwaardige militêre inligtingsafdeling nie, het nie beteken dat die werk van geheime agente nutteloos was nie. Soos reeds aangetoon het geheime agente, veral die paar maande wat die oorlog voorafgegaan, het asook die paar maande nadat die oorlog uitgebreek het, 'n waardevolle bydrae ten opsigte van die ZAR se inligtingspoging gelewer. Dié inligting het waarskynlik die basis gevorm waarop die Boereleërliding se strategie gebaseer was. Die Geheime Diens sou nog voor die Britse verowering van Pretoria in Junie 1900, 'n belangrike rol speel op die tuisfront in Johannesburg en Pretoria. Tot 'n mate sou die Geheime Diens se rol wat dit betref, verweef word tussen al die ander elemente van die Staatsdiens wat op daardie stadium aktief was rondom beveiliging en wet en orde.

230 T. Pakenham, *The Boer War*, pp. 396-397.

231 SP 818A, DDM 54/00, Herbert Everitt - Hoofd Speur Politie, Pretoria, 19.3.1900.

232 SP 849, Geeringh - Staatsprokureur, 14.5.1900, p. 359.

233 SP 818, GDDM 96/00, Stirling - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 16.5.1900.

Hoofstuk 9

Verdere spioenasie en verkenning tydens die Anglo-Boereoorlog

9.1 Inligtinginsameling, verkenning en spioenasie op die tuisfront in Johannesburg en Pretoria

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het 'n dramatiese invloed op die gemeenskappe van Johannesburg en Pretoria gehad. Die regering het sekere noodmaatreëls in werking gestel om die landsadministrasie op 'n oorlogsgrondslag te plaas. Die nodige maatreëls moes ook in werking gestel word om voldoende mense agter te hou om die essensiële landsadministrasie in stand te hou, veral omdat groot getalle burgers opgekommandeer was. As gevolg van die vreespsigose, wat onder andere deur die pers veroorsaak is, het ongeveer 8 000 blankes gedurende Mei-Junie en teen die einde van September 1899 ongeveer 4 000 per dag die land verlaat.¹

In Johannesburg en Pretoria, waar 'n groot deel van die bevolking die Kruger-regering vyandiggesind was, moes spesiale maatreëls uit 'n veiligheids- of sekerheidsoogpunt getref word. Vyandiggesinde Uitlanders is gedeporteer en daar is gepoog om die Polisie- en Speurdiens in stand te hou. Beide die vraagstukke van deportasie en polisievoorsiening is opgedra aan twee "Hoofd Commissies van Rust en Orde", een vir Pretoria bestaande uit die Landdros, die Veldkornet en die Waarnemende Polisiekommissaris H.C. Bredell en een vir Johannesburg en die Witwatersrand met Polisiekommissaris D.E. Schutte, Eerste Publieke Vervolger, dr.

1 D. Cammack, *The Rand at war*, p. 41.

F.E.T. Krause en Eerste Kriminele Landdros, N.P. van den Berg as lede.² Een van die opdragte wat die Kommissie vir Johannesburg van die regering gekry het, was om alle Britse onderdane wat nie 'n verblyfpermit gehad het nie, die land uit te sit. M.G. Erasmus was een van die eerste geheime agente wat kontak met die Kommissie gedurende Oktober 1899 gehad het. Erasmus, *alias* McGregor, het sy hoofkantoor laat weet dat die Kommissie vir die Witwatersrand 'n permit geweier het vir 'n sekere M. Woodburn wat hy wou gebruik om vir hom naamlyste van die die *S.A. League* se lede te kry.³ Na die ontslag van A.H. Evans, as geheime agent, aan die einde van Oktober 1899, het die Assistent-staatsprokureur die "Kommissie v. Beskerming te Pretoria en Voorsteden van Rust en Orde" laat weet dat Evans beskikbaar was vir krygsdiens omdat hy "niet meer voor Geheime dienst" benodig was nie.⁴

Een van die Kommissie vir Rust en Orde se vernaamste take was die oprigting van 'n *Speciale Politie*-mag vir Johannesburg en Pretoria en die opstel van regulasies vir hulle. Die Spesiale Polisie het elkeen 'n seksie of afdeling gekry met 'n kaptein in beheer en verskeie luitenant onder sy bevel. Die take van die spesiale polisie het hoofsaaklik die beskerming van eiendom en die handhawing van wet en orde, veral snags, behels.⁵ Die kern van die Pretoriase Spesiale Polisie het bestaan uit die garnisoenafdeling van die Hollanderkorps. Verder is daar ook 'n "speciale politie voor de mynen" opgerig wat die regering moes adviseer oor die beskerming van die myne. Die spesiale polisie het van bestaande polisiekantore gebruik gemaak. Die gedagte was dus om 'n Polisiediens op die been te bring wat die ZARP's se taak moes oorneem indien laasgenoemde op die gevegsfront benodig word.⁶

Die Speurdiens en Geheime Diens het soos aangetoon sal word, redelik nou saamgewerk in Johannesburg en Pretoria. Die Speurdiens se vernaamste take het

2 G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 316.

3 SP 818A, GDDM 216/99, Skrywe vanaf McGregor (Erasmus), 20.10.1899.

4 SP 818A, GDDM 240/99, Aantekening op lêer: Assistent Staatsprokureur-Sekretaris Subkommissie Wyk 4, 2.11.1899.

5 D. Cammack, *The Rand at war 1899-1902*, pp. 64-68.

6 G.N. van den Bergh, Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 319.

behels die toesighou oor Britse onderdane in Johannesburg en Pretoria en die deportasie van ongewenstes, die dophou van Britse onderdane, wat wel permitte gehad het, en om wag te hou oor sleutelinstallasies en die wonings van hooggeplaaste amptenare.⁷

In die ses tot agt weke voor die uitbreek van die oorlog was die Geheime en Speurdiens reeds aan die Witwatersrand bedrywig. M.G. Erasmus, *alias* McGregor, het gerapporteer dat groot hoeveelhede proviand in die Bonanza-myn en gewere in die Jumpers-myn weggesteek word.⁸ Thomas Smith het 'n naamlys ingestuur van persone wat Pretoria verlaat het om ander redes as siekte.⁹ A.H. Evans, *alias* Snave, het uit Johannesburg berig aangaande passasiers op die Kaapse en Natalse treine. J.M. de Bruijn, *alias* T. Jones, het uit Johannesburg berig¹⁰ asook uit Pretoria oor die uitvoer van beeste en perde na "Engelsche grondgebied"¹¹ en uit Pretoria het J.S. Celliers, *alias* Jan, 'n verslag ingestuur oor moontlike verraad in die Johannesburgse fort.¹²

Verskeie geheime agente is in Johannesburg en Pretoria geplaas na die uitbreek van die oorlog, gereed om hulle taak te verrig. In Pretoria was Joe Wallach, *alias* Joe Jackson,¹³ A.H. Evans, *alias* A. Snave,¹⁴ C.E. Dargon,¹⁵ en T. Smith, *alias* Bruno,¹⁶ al sedert Oktober 1899 bedrywig. 'n Geheime agent soos J.K. Springle, *alias* Stirling was baie aktief in Pretoria en het oor 'n verskeidenheid sake gerapporteer soos dat hy

7 *Ibid.*, pp. 326 -327.

8 SP 853, Duplikaat skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris (Kabinet) i.v.m. McGregor (Erasmus) se verslag, 2.9.1899, p. 54.

9 SP 853, Duplikaat skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris (Kabinet) i.v.m. Thomas Smith se verslag, 4.9.1899, p. 60.

10 SP 853, Duplikaat skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris (Kabinet) i.v.m. T. Jones se verslag uit Johannesburg, 15.9.1899, p. 87.

11 SP 853, Duplikaat skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris (Kabinet) i.v.m. T. Jones se verslag uit Pretoria, 19.9.1899.

12 SP 853, Duplikaat skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris (Kabinet) i.v.m. Jan se verslag uit Pretoria, 27.9.1899.

13 SP 818A, GDDM 199/99, Lêer: Joe Jackson Pretoria, 16.10.1899.

14 SP 818A, GDDM 208/99, Lêer: A.H. Evans, Pretoria, 21.10.1899.

15 SP 818A, DDM 218/99, Lêer: C.Dargon, Pretoria, 24.10.1899.

16 SP 818A, GDDM 8/1900, Lêer: Bruno, Pretoria, 15.1.1900.

kontakte het om Amerikaanse-vrywilligers te werf om vir die Boere te veg,¹⁷ dat rys wat vir die Proviant Kommissie bestel is van 'n sekere Taylor nie volgens die monster se gehalte is nie,¹⁸ dat 'n sekere Lithaur suiker vir die ZAR-regering op Mauritius aangekoop het en beweer dat 'n groot gedeelte oorboord verlore geraak het, wat volgens Springle nie moontlik is nie,¹⁹ dat die Amerikaanse joernalis R.H. Davis wat in die Grand Hotel oornag sterk Britse verbintenisse het,²⁰ dat 'n sekere Harry Whipp wat naby die Letaba-rivier woon by die Natal Carbineers aangesluit het²¹ en dat 'n klompie invloedryke inwoners van persone 'n komitee gevorm het om 'n komplot te beplan sodat Pretoria nie verdedig kon word ingeval van 'n Britse inname nie.²² In die lig hiervan is dit vreemd dat Roos beweer dat daar binne die grense van die ZAR geen geld op spioenasie en teenspioenasie bestee is nie en beweer hy verder:

Hierin het die regering in elk geval 'n hulpelose figuur geslaan en keer op keer getoon dat hy nie bewus was van wat daar op daardie gebied binne sy eie landpale aan die gang was nie.²³

Wat in die praktyk aan die gang was aan die Witwatersrand en Pretoria is dat die totale "inligtingsgemeenskap" gemobiliseer is of deur omstandighede gedwing is om inligting deur te gee. Tjaart Kruger het dus as Hoof van die Speurpolisie in die ideale posisie verkeer om die inligtingspoging te koördineer. Nie net die Speurpolisie en Geheime Diens het aan hom gerapporteer nie, maar ook die Rus en Orde Kommissie asook die Spesiale Polisie in Pretoria en Johannesburg het skakeling met sy kantoor gehad. In hierdie opsig het T.M. Menton as waarnemende hoofspeurder van

17 SP 818A, GDDM 73/00, Stirling - Hoof van die Speurpolisie, Pretoria, 17.4.1900.

18 SP 818A, GDDM 74/00, Stirling - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 17.4.1900.

19 *Ibid.*

20 SP 818A, GDDM 83/00, Stirling - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 21.4.1900.

21 *Ibid.*

22 SP 818A, GDDM 92/00, Stirling - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 12.5.1900.

23 J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Okt. 1899 - Mei 1900, (DLitt, UOVS, 1949), pp. 345-346.

Johannesburg²⁴ en S.D. de Wet as waarnemende hoofspeurder van Pretoria,²⁵ elkeen met 'n aantal gewone speurders onder hulle bevel geopereer. Daar was 'n gesonde wisselwerking tussen die Hoof van die Speurpolisie se kantoor en die twee hoofspeurders in Johannesburg en Pretoria. Geheime agent T. Smith, *alias* Bruno, het in 'n kort verslag vir Tjaart Kruger laat weet dat die stasiemeester van Jeppesdorp, 'n Deen van geboorte, negatiewe uitlatings teenoor die Kruger-regering gemaak het. Bruno het onderneem om 'n beëdigde verklaring rondom die saak te kry om sy bewering te staaf.²⁶ Tjaart Kruger het die hoofspeurder van Johannesburg, T.M. Menton, opdrag gegee om die saak te laat ondersoek en Menton op sy beurt het een van die speurders, C.H. Wilson, opdrag gegee om die beskuldiging te bevestig. Wilson op sy beurt het gevoel dat Bruno se beskuldiging onbillik was. Volgens hom het hy die stasiemeester al 8 jaar lank geken en hom nog nooit iets negatiefs teen die regering hoor sê nie en het dus die agent se beskuldiging verwerp.²⁷ Tjaart Kruger as hoof van die Speurdiens van die ZAR, het dus die strategie gevolg om geheime agente en verdagte persone klandestien te laat dophou en te rapporteer en gewone speurders om die aanklagte te verifieer. Op hierdie wyse kon hy ook dubbel seker maak dat aanklagte teen persone gegrond was.

'n Ander belangrike element van die inligtingsgemeenskap, wat ook weens omstandighede gedwing is om inligting in te samel, was die Kommandant-generaal se kantoor tesame met sy infrastruktuur bestaande uit kommandante en veldkornette wat landwyd op die vooraand van die oorlog geplaas is. Die Kommandant van Vryheid het telegrafies laat weet dat hy van swartes van Johannesburg verneem het dat daar vanuit 'n sekere myn 'n tunnel na die fort in Johannesburg gegrawe word, met die doel om die fort op te blaas.²⁸

24 SP 818A, DDM 236/99, Inskrywing op lêer van T.M. Menton (Wnd Hoofd Speurder) - Hoofd der Afdeeling Speur Politie, Pretoria, 30.10.1899.

25 SP 818A, GDDM 23/1900, Inskrywing op lêer: S.D. de Wet - Hoof van Speurpolisie, 28.2.1900.

26 SP 818A, GDDM 8/1900, Skrywe Bruno - Hoof van Speurpolisie, 15.1.1900.

27 SP 818A, GDDM 8/1900, Skrywe C.H. Wilson (Speurder) - Hoofspeurder, Johannesburg, 24.1.1900.

28 KG 451, Telegram Kommandant van Vryheid - Kommandant-generaal, Pretoria, 4.9.1899.

Dat daar ook goeie skakeling tussen Tjaart Kruger as Hoof van die Geheime Diens en die Kommandant-generaal was, blyk uit die saak wat geheime agent Celliers, *alias* Jan, gerapporteer het aan sy hoof, Kruger in verband met moontlike verraad by die fort in Johannesburg. Die lêer²⁹ is te vinde by die stukke van die Kommandant-generaal wat beteken dat Kruger se kantoor die lêer met die geheime agent se verslag moes oorgestuur het. Die rede is waarskynlik omdat fortkommandant Schiel en die Staatsartillerie in die fort in Johannesburg onder die Kommandant-generaal geressorteer het. In dieselfde maand het die Kommandant van Utrecht telegrafies laat weet dat een van sy veldkornette, ene Meyer, hom ingelig het dat 3 000 soldate en 50 ander hulppersoneel vanaf Waschbank na Newcastle op pad was.³⁰

Die historikus Roos het dus verkeerdelik tot die volgende gevolgtrekking gekom:

Hoe die saak ook mag beskou word, 'n mens kom maar slegs tot een konklusie, naamlik dat die Witwatersrand wat sy verdediging op spioenasiegebied betref, betreurenswaardig was.³¹

'n Saak wat groot opskudding en beroering binne die ZAR se veiligheidsgeledere gebring het, was die rapportering deur Van Boeschoten dat drie Engelse hulle by die kalkbrandery op die *Irene Estate* suid van Pretoria bevind het. Hy het op die onrusbarende feit gewys dat daar dinamiet aanwesig was op die terrein wat die spoorwegbrug daarnaas baie kwesbaar gemaak het.³²

Die telegrafiese kommunikasiestelsel was van kritiese belang. Die Staat het nie net die stelsel gebruik om sy normale landsadministrasie in tyd van oorlog te laat voortgaan nie, maar ook die ZAR se strydmagte en hulle bevelvoerders het die stelsel gebruik om onderling te kommunikeer. Verder het geheime agente ook van die stelsel gebruik

29 KG 451, GDDM 155/99, Lêer: Jan - Pretoria Rapporteer in verband met verraad in't fort te Johannesburg, 27.9.1899.

30 KG 451, GCR 222/99, Telegram van Kommandant Utrecht - Kommandant-generaal, Utrecht, 26.6.1899.

31 J. C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Okt 1899 - Mei 1900, (D. Litt. UOVS, 1949), p. 373.

32 SP 818A, GDDM 213/99, Getikte dokument Van Boeschoten Irene, ongedateer, 24.10.1899.

gemaak om kritiese inligting betyds aan die Speurpolisie se hoofkantoor in Pretoria deur te stuur. Vir Leyds, as gevolmagtigde en gesant van die ZAR in Europa, was sy kommunikasie met die regering van groot belang. Nie net moes hy op hoogte gehou word van die situasie in die ZAR en op die gevegsfront nie, maar hy moes ook laat weet word wat die Kruger-regering van hom verlang het. Die groot probleem was egter dat die kabelverbinding tussen Suid-Afrika, langs sowel die oos- as weskus, in die vyand se hande was.³³ In hierdie opsig was die vervoer en deurgae van boodskappe op die Lourenco Marques-roete vanaf Pretoria baie belangrik. Aan die anderkant was telegrafiste in 'n ideale posisie om telegraafboodskappe vir die vyand te onderskep. Die Kruger-regering was dus verplig om sekere meganismes in terme van die handhawing van sekerheid en die monitor van telegraafpersoneel in werking te bring om die stelsel te beveilig. Hierin het die Geheime Diens ook 'n rol gespeel.

Hierdie telegraafnet het in beide die ZAR en die OVS uit twee stelsels bestaan, wat deur twee afsonderlike administrasies opgerig en onderhou is en onafhanklik van mekaar gefunksioneer het. Die een stelsel was onder beheer van die spoorweë en die ander onder beheer van die telegraafdepartement.³⁴ Die Staatsartillerie van die ZAR het ook 'n afdeling veldtelegrafie gehad wat op 28 Augustus 1899, 3 offisiere en 46 onderoffisiere en manskappe sterk was.³⁵ Schröder het op 'n stadium juis berig dat daar konflik was tussen die hoof van die telegraafdepartement, Van Trotsenburg en die offisier in beheer van die veldtelegraaf, luitenant P.C. Paff.³⁶ Hierdie botsing tussen hulle het voortgeduur tot April 1900 en het gespruit uit die feit dat Van Trotsenburg in beheer van die Transvaalse telegraafdepartement was, terwyl Paff in beheer van die Staatsartillerie se telegraaf-verbindingstelsel was.³⁷ Eergenoemde was 'n voorstander van draadlose telegrafie en laasgenoemde nie.³⁸ Verder het die

33 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 253.

34 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-offensief Okt-Nov 1899*, p. 104.

35 *Ibid.*, p. 105.

36 SP 818A, GDDM 266/99, Skrywe Schröder - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 20.12.1899, p. 3.

37 J. Ploeger, *Die fortifikasie van Pretoria*, p. 79.

38 *Ibid.*, p. 59.

Kommandant-generaal opdrag op 26 Desember 1899 by Ladysmith gegee dat die telegraafdepartement die daarstelling van telegrafiese verbindings moes oorneem. Om die saak verder te kompliseer, het staatsekretaris Reitz ook nie van die gedagte gehou nie:

Ik heb bezwaar tegen het overhandigen van militaire werken aan de Civiele Telegrafie over te geven, in welk departement nu nog, niettegenstaande al onze pogingen om van ze ontslagen te raken, nog verscheidene Engelsche zitten.³⁹

Reitz was inderdaad nie sonder rede bekommerd nie want teen 1898 was van die 54 telegrafiste in diens van die Johannesburgse kantoor, 41 Engelssprekend en in die Pretoriase telegraafdepartement was 21 van die 24 telegrafiste, volgens hulle vanne, Engelssprekend.⁴⁰ Hierdie was 'n uiters moeilike probleem om te hanteer vir 'n handjie vol geheime agente wat tydens die oorlog in Johannesburg en Pretoria agtergebly het. Indien die Geheime Diens nie met 'n teenspioenasieplan die telegraafkantoor kon binnedring nie, sou hulle maar op vermoede, spekulasie en aanmelding van weldoeners binne die stelsel, staat moes maak. Dit is egter duidelik dat die Kruger-regering in daardie stadium op die hoogste vlak bewus was van die risiko om geheime boodskappe telegrafies te stuur, vanweë die moontlikheid van die onderskepping van sulke berigte deur telegrafiste binne die stelsel.

Roos beweer dat die ZASM se telefoonnetwerk een van die redes was waarom inligting vrylik uitgelek het omdat die Kruger-regering nie aan die begin van die oorlog beheer oor die telefoonstelsel oorgeneem het nie.⁴¹ Aan die anderkant het Blackburn beweer dat slegs sulke lojale en betroubare persone in diens van die ZASM geneem was dat:

(T)he Netherlands Zuid Afrikaansche Spoorweg Maatschappij was the medium and agent of Dr. Leyds's secret service.⁴²

39 SS 8427, Telegram F.W. Reitz - Wrd Commandant Generaal Botha Vereeniging, 24.5.1900.

40 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, pp. 223-225.

41 J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Okt. 1899 - Mei 1900, (D. Litt. UOVS, 1949), p. 355.

42 D. Blackburn en W.W. Caddell, *Secret Service in South Africa*, p. 249.

Erasmus het 'n vermoede gehad dat die telegrafis te Komatipoort nie betroubaar was nie. Hy het aan die hand gedoen dat 'n nuwe telegrafis na Komatipoort gestuur moes word omdat die ZASM-telegrafis aldaar nie die inhoud van telegramme vertroulik gehou het nie.⁴³

Die feit dat die Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatskappy se telefone apart geopereer het, het 'n groot probleem vir die ZAR-regering voor en tydens die oorlog veroorsaak. Amptenare kon dus met die grootste gemak berigte die wêreld instuur.⁴⁴

Ten spyte van die feit dat 'n agent soos Erasmus voor die uitbreek van die oorlog hierdie leemte uitgewys het, is geen pogings aangewend om ter wille van sekerheid die stelsel beter te beheer nie. Ander staatsamptenare was ook bekommerd oor die situasie. 'n Sekere J. Volker, wat in diens van die ZASM te Pienaarsrivierstasie was, het die Kommissaris van Spoorweë bedag gemaak van 'n sekere Harvey wat in 'n ander amptenaar se pos afgelos het. Dié persoon was die Transvaalse regering nie goedgesind nie. Die Staatsprokureur se kantoor het onmiddellik gereageer en 'n geheime agent gestuur om die saak te ondersoek.⁴⁵

Kort na die uitbreek van die oorlog, is berig uit Lourenco Marques vanuit die Geheime Diens se geleedere ontvang dat die Britte verbied het dat alle kabelgramme, wat inligting oor die uitslag van veldslae bevat, asook koerante met sodanige inligting, deurgestuur mag word.⁴⁶

Die kwessie dat die inhoud van telegramme moontlik onderskep word soos deur 'n sekere Poke, bestuurder van die Sheba-myn, onder Erasmus se aandag gebring is, is onmiddellik onder die hoof van die telegraafdepartement se aandag gebring. Die twee betrokke telegrafiste, R. Payne en H. Hume, het ontken dat hulle die telegram se inhoud bekend gemaak het. Hulle was bereid om 'n beëdigde verklaring in die verband af te lê. Die hoof van die speurafdeling in Pretoria, S.D. de Wet, het bevestig

43 SP 818, GDDM 170/99, Verslag vanaf McGregor (Erasmus), Lourenco Marques, 30.9.1899.

44 J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899-Mei 1900, (D. Litt, UOVS, 1949), p. 355.

45 SP 818, DDM 186/99, Lêer: "Regs Comms v Spoorwegan Pretoria. Verzoekt onderzoek naar het gehalte van het personeel v/d Pretoria-Pietersburg Spoorweg", 7.10.1899.

46 SP 818A, GDDM 234/99, Verslag vanaf M.G. Erasmus, Komatiepoort, 28.10.1899.

dat hy 'n wakende oog oor die twee verdagte telegrafiste sou hou.⁴⁷ Beide R. Payne en H. Hume was alreeds in 1898 as telegrafiste in Johannesburg in diens.⁴⁸ Die feit dat beide die speurafdelings in Johannesburg en Pretoria, asook die Geheime Diens oorhoofs onder die beheer van die Staatsprokureur geval het, het dit maklik gemaak om take heen en weer toe te ken en tussen die twee afdelings te koördineer. Skaars vier dae later het Everitt berig dat hy inligting ontvang het dat twee telegrafiste in die Pretoria-telegraafkantoor, 'n sekere Symonds en Hueston, telegramme onderskep. Volgens sy bron het een van die telegrafiste daaglik by die huis van 'n sekere Engelsman reg voor die Staatsmodelskool besoek afgelê, waar berigte aan die gevange Engelse offisiere met 'n doek gesein is.⁴⁹

Gedurende Maart 1900 is daar met 'n skok ontdek dat die waarnemende hoofkontroleur van die telegraafdepartement in Pretoria, Thomas Patterson, boodskappe onderskep het.⁵⁰ Patterson was al in 1898 as 'n klerk in diens van die telegraafdepartement in Pretoria en was dus vertrouwd met die hele stelsel.⁵¹ Dit was blykbaar algemene kennis dat verdagte persone geheime en selfs gekodifiseerde telegramme soms vinniger as die Kruger-regering ter insae gehad het.⁵² Bredell het namens die Kommissaris van Polisie aanbeveel dat Patterson onmiddellik ontslaan moes word:

Hoe eerder deze persoon buiten 't bereik van achter Staats geheimen te komen, wordt gesteld, des te beter voor Land & Volk.⁵³

47 SP 818A, GDDM 38/00, Lêeromslag met aantekeninge: Hoofd Telegraafdepartement - Hoofd Afdeeling Speurpolitie Staats Procureursdepartement, Pretoria, 2.3.00.

48 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 222.

49 SP 818A, GDDM 45/00, Verslag van Bertie - John, Lourenco Marques, 27.2.1900.

50 SP 893, H.C. Bredell - "Voorzitter Permittien Commissie van Britsche Onderdanen Pretoria", 8.3.1900, p. 55.

51 ZAR, Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, p. 220.

52 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 327.

53 SP 893, Bredell - "Voorzitter Permittien Commissie van Britsche onderdanen Pretoria", 8.3.1900, p. 55.

Selfs die sabotasie van die telegraaflyne naby die *Hoofdlager* se telegraafkantoor naby Ladysmith, het Bruno toegeskryf aan óf verraad óf spioenasie binne die Boeremagte se geledere.⁵⁴

Tussen Junie en Oktober 1899 het sowat 90 000 Britse onderdane Johannesburg vrywillig verlaat. Die bevolking in Johannesburg het as gevolg van die uittoeg tot sowat 30 000 gedaal tydens die uitbreek van die oorlog.⁵⁵ Die gedagte was om slegs aan 1 000 Uitlanders wat noodsaaklike dienste in hospitale, banke, winkels en myne moes verrig, verblyfpermitte toe te staan. Permitte is egter onoordeelkundig uitgereik en teen die aanvang van die oorlog was daar ongeveer 27 000 permithouers van wie 1 634 Britse mans was.⁵⁶ Lyste van name aan wie permitte toegestaan is, het gereeld in die pers verskyn. Mans wat permitte wou hê, is gewaarsku om hulle aansoeke betyds in te dien sodat permitte voor 19 Oktober uitgereik kon word anders kon hulle gearresteer of gedeporteer word.⁵⁷ Alhoewel dit primêr die *Rust en Orde Kommissie* se verantwoordelikheid was om kontrole oor die permitstelsel uit te oefen, was beide die *Speciale Politie* en Geheime Diensagente in Pretoria en Johannesburg behulpsaam in die verband. In die regulasie wat in die Staatskoerant gepuliseer is, is die Geheime Diens se agente nie by name gemagtig om lede van die publiek om hulle permitte te vra nie. Artikel 6 het bepaal dat: “Elk lid de Politie, Speurpolitie of Speciale Politie” daartoe gemagtig was.⁵⁸ Dit is egter moontlik dat geheime agente vir die doel as “Speurpolitie of Speciale Politie” beskou is.

In hierdie opsig was veral Joe Wallach, *alias* Joe Jackson, gedurende Oktober 1899 in Pretoria baie bedrywig. Afgesien van sy skriftelike verslae gerig aan die kodenaam Harry Gerson, het Wallach ook mondeling aan die Staatsprokureur se kantoor in Pretoria gerapporteer.⁵⁹ Hy het hom hoofsaaklik toegespits om die aankoms en vertrek

54 SP 818A, Bruno - Hoof van Speurpolisie Staatsprokureurskantoor, Pretoria, 13.12.1899.

55 J.C. Roos, Johannesburg en die Tweede Vryheidsoorlog Oktober 1899 - Mei 1900, (D. Litt., UOVS, 1949), p. 2.

56 G.N. van den Bergh, Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 317.

57 D. Cammack, *The Rand at war*, pp. 68-69.

58 *Staatscourant der Z.A. Republiek*, 1.11.1899, p. 1689.

59 SP 818A, GDDM 199/99, Skrywe Joe Jackson - Harry Gerson, Pretoria, 16.10.1899.

van passasiers op die Pretoria-stasie vir verblyfpermitte te monitor en te kontroleer. Verdagte persone wat hy aangemeld het, is soms vir opvolging verwys na F. de Witt Tossel, die waarnemende hoofspeurder in Pretoria.⁶⁰ Wallach, *alias* Joe Jackson, het selfs Britse krygsgevangenes wat vroeër van Pretoria was, uitgeken en gerapporteer.⁶¹

Geheime agent, A.H. Evans, het 'n vermoede gehad dat die bestuurder van die Crow Apotheek, 'n sekere Blizzard (T. Blezar⁶²), 'n Britse spioen is. Hy het sy vermoede onder andere gebaseer op die feit dat hy Blizzard (sic) al voorheen ondersoek het en dat dié hom toe meegedeel het dat hy oor bewyse beskik dat die Kruger-regering fondse vir die Afrikanerbond in die Kaap stuur. Volgens Evans was hy 'n opperste imperialis en was hy gemoeid met die Kamer van Mynwese. Dit was vir hom 'n verrassing dat aan Blizzard 'n permit toegestaan is om in die ZAR agter te bly.⁶³ Begin November 1899 het die Assistent-staatsprokureur die Sekretaris van die sub-kommissie van Wyk 4, in Pretoria, laat weet dat hy "Evans niet meer voor Geheime dienst gebruik" en dat hy dus vir kommandodiens beskikbaar is.⁶⁴ Teen April 1900 het Geeringh, namens die hoof van die Speurpolisie, nog gepoog om die "Geheime dienst revolver" wat nog in Evans se besit was en wat hy dringend nodig gehad het, terug te kry.⁶⁵

Drie verdagte persone wat Wallach, *alias* Joe Jackson, in Pretoria aangemeld het was R. Adcock, 'n inwoner van Johannesburg, wat aangedui het dat hy 'n permit gehad het, G. Lippiatt vanaf Kimberley wat op die goudmyne gewerk het en Herman Davis van Pretoria. Die saak is na die hoofspeurder van Pretoria, Menton, verwys. Een van sy speurders, C.H. Wilson, het die saak ondersoek en 'n skriftelike verslag ingedien⁶⁶

60 SP 818A, GDDM 207/99, Lêer met inskripsie F. de Witt Tossel - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 27.10.1899.

61 SP 818A, DDM 217/99, Skrywe Joe Jackson - Harry Gerson, Pretoria, 24.10.1899.

62 Anon., *Longlands Pretoria Directory for 1899*, p. 118 word die van gespel Blezard en die beroep aangedui as "chemist".

63 SP 818A, DDM 208/99, A.H. Evans - Staatsprokureur Afdeling Speurpolisie, Pretoria, 21.10.1899.

64 SP 818A, GDDM 240/99, Nota op lêer L.J. Jacobsz - "Sects Sub Comm. Wijk 4", 2.11.1899.

65 SP 818A, GDDM 77/00, Nota op lêer Geeringh - Inspekteur Generaal van Invoerregte, 14.4.1900.

66 SP 818A, DDM 236/99, Skrywe Joe Jackson - Harry Gerson, Pretoria, 30.10.1899.

Speurder Wilson het bevind dat Adcock wel oor 'n permit beskik maar 'n volgeling van Cecil John Rhodes is en met die Engelse simpatiseer. Lippiatt was ook 'n Britse onderdaan en gewese lid van die "Jameson Raid Reform Committee" maar het die Kruger-regering gesteun. Herman Davis is aan hom onbekend en hy kon dus geen kommentaar lewer nie.⁶⁷ Herman Davis was in Pretoria woonagtig en die *Longlands Pretoria Directory* het sy beroep aangedui as 'n "speculator".⁶⁸

In Desember 1899 het Wallach gerapporteer dat 'n sekere Chamberlain die ZAR vanaf Bulawayo via Lourenco Marques, sonder 'n paspoort, binnegekom het. Die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, was ontsteld hieroor en wou weet hoe dit moontlik was en waarom speurder Lombard te Komatipoort nie die passasiers behoorlik deursoek en gekontroleer het nie. Die 1ste luitenant van die Polisie in Pretoria het nie gras onder sy voete laat groei nie en het die saak onmiddellik laat ondersoek. Hy het laat weet dat Richard Edinborough Chamberlain, 'n tandarts van beroep in Pretoria, wel op 5 Desember 1899 volle stemreg gekry het en dus 'n ZAR-burger was.⁶⁹

Aan die begin van 1900 was die Speurdiens en Geheime Diens al hoe meer sensitief en bedag op persone wat die staat kon ondermyn. Hulle het soms summier deportasie aanbeveel, bloot oor persone se vroeëre verbintenisse met anti-Kruger koerante en organisasies. So het T.M. Menton, waarnemende hoofspeurder aanbeveel dat 'n sekere Hall, 'n Amerikaanse burger, wat vroeër redakteur van *The Star* was, gedeporteer word.⁷⁰ Menton het sy aanbeveling gedoen op grond van 'n verslag wat 'n sekere E. Plumacher opgestel het, waarin Hall as synde uiters gevaarlik vir die "Rust en Orde" in Johannesburg beskryf is.⁷¹ Die *Kommissie vir Rust en Orde* het egter nie ingestem tot deportasie nie, omdat daar geen definitiewe klag teen Hall ingebring is nie.

67 SP 818A, DDM 236/99, C.H. Wilson - Hoofspeurder, Johannesburg, 10.11.1899.

68 Anon., *Longlands Pretoria Directory for 1899*, p. 125.

69 SP 818A, GDDM 249/99, Lêer: Joe Jackson Pretoria, 30.11.1899, p. 2.

70 SP 814, DDM 85/00, Skrywe T. Menton - Eerste Publieke Vervolger, Johannesburg, 8.2.1900.

71 SP 814, DDM 85/00, Skrywe E. Plumacher - P. Dietzsch, "Commm - Spec: Pol: voor R & Orde Johannesburg", Johannesburg, 16.1.1900.

Geheime agente het soms ook gesamentlike verslae ingedien wat daarop dui dat hulle, wat die dophou van verdagte persone betref, soms gekoördineerd gewerk het. In Maart 1900 het Joe Wallach en C.E. Dargon in 'n gesamentlike verslag berig dat 'n sekere mevrou Hegnal, die vrou van 'n krygsgevangene wat vroeëre magistraat van Nqutu in Natal was, by 'n sekere Dodd inwoon. Dodd was die bestuurder van die *Pretoria Verlichtings Maatschappy*.⁷² Dit is nie duidelik of hierdie die Thomas Dodd is na wie verwys is nie. Thomas Dodd was 'n lid van die *South Africa League* en was een van die potensiële lede van 'n beoogde "Uitlander- kabinet" in die ZAR nadat die oorlog uitbreek het.⁷³ Indien dit nie hy was na wie verwys is nie, is dit moontlik dat die van Dodd, agterdog by lede van die Geheime Diens laat ontstaan het.

Die insameling van inligting rondom die beskerming van die forte in beide Johannesburg en Pretoria het deurentyd binne geheime agente se werksveld geval. Geheime agente het die taak gehad om die beweging van persone na en van die Witwatersrand en Pretoria ook in terme van spioenasie op die forte dop te hou. Volgens Celliers het hy in Charlestown verneem dat die kanonne in die fort, in geval van oorlog, deur iemand "een kort dik gezette man met rooi haren en roode snor" wat daar werksaam was, buite werking gestel sou word.⁷⁴

Die dophou van persmanne was ook 'n prioriteit omdat agente en spioene hulle dikwels as persmanne voorgedoen het. Teen die einde van Oktober 1899 het Wallach, *alias* Joe Jackson, uit Pretoria berig dat die sub-redakteur, naamlik Williams van die *The Press*, die land verlaat het om by die Britse magte aan te sluit en dat hy sy vrou en kinders agtergelaat het. Die 1ste luitenant van die Polisie in Pretoria, G. du Toit, het onmiddellik opgetree en die vrou en kinders na die stasie geneem en hulle sodoende uit die land laat uitsit.⁷⁵

72 SP 814, DDM 138/00, Nota in lêer: "Rapport", Pretoria, 5.3.1900.

73 D. Cammack, *The Rand at war 1899 - 1902*, p. 135.

74 KG 451, GDDM 155/99, Skrywe vanaf Jan (Celliers) - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 27.9.1899.

75 SP 818A, DDM 220/99, Joe Jackson - Harry Gerson, Pretoria, 25.10.1899.

Koerante soos die *Natal Advertiser* wat agent M.G. Erasmus gereeld uit Lourenco Marques aan Pretoria gestuur het, was van waarde vir die Kruger-regering om die Britse troepebewegings, strategie, moraal, ens. te monitor. Dit was ook die geval met koerante in die ZAR.⁷⁶ Hierdie relevante uitknipsels uit koerante of volledige koerante is dan na die Staatsprokureur en Staatsekretaris verwys vir verdere ontleding. Korrespondente van die onderskeie koerante het hulle gewoonlik in die geledere van die troepe en gevegte bevind en het waardevolle waarnemings gedoen. Teen November het Erasmus telegrafies vanaf Komatipoort die Staatsprokureur se kantoor versoek dat die uitvoer van alle koerante soos *De Volksstem* en die *Standard and Diggers News* vanuit die ZAR verbied moes word want: “zij geven te veel informatie aan vyand”.⁷⁷ Gedurende die eerste week van November 1899 het die *Standard and Diggers News* berigte gedra waarin gemeld is dat generaal Joubert telegrafies meer kosvoorraad en verdere versterkings aangevra het. Volgens Erasmus het sulke tipe berigte die Britse troepe meer moed op die gevegsfront gegee.⁷⁸

Die sensor van veral briewe wat uitgegaan het, was van kritiese belang omdat dit militêre inligting kon bevat het. Ook wat dit betref, het die Geheime Diens ‘n taak gehad om sulke gevalle waar sensorskap omseil is asook leemtes in die stelsel, te rapporteer. Talle briewe is te Komatipoort deur B.G. Pentz van reisigers afgeneem. Die briewe is aan die Hoof van die Speurpolisie se kantoor gestuur wat die inhoud deurgelees het. Indien die briewe nie enige sensitiewe inligting bevat het nie, is dit aan die Posmeester-generaal besorg wat dit terug in die pos geplaas het.⁷⁹ In April 1900 het Herbert Everitt gewaarsku dat reisigers behoorlik deursoek moes word vir briewe, aangesien talle van sy briewe en dokumente met die grootste gemak daar deurgesmokkel is.⁸⁰ Briewe wat verdag voorgekom het, is oopgemaak en ondersoek is

76 SP 818A, GDDM 231/99, Lêer: “M.G. Erasmus Komatipoort Zendt natal Advertiser van 19 en October 1899”, 30.10.1899.

77 SP 818A, DDM 238/99, Telegram Erasmus - Staatsprokureur Afdeling Speurpolisie, Komatipoort, 2.11.1899.

78 SP 818A, Verslag vanaf M.G. Erasmus, Pretoria, 5.11.1899, p. 7.

79 SP 818A, GDDM 42/00, Lêer: “Inspecteur Genl v. Invoerrechten Zendt enige brieven door B.G. Pentz Komatipoort (sic.) van reisigers afgenomen”, 23.2.1900.

80 SP 818A, GDDM 71/00, Everitt - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 11.4.1900.

ingestel. 'n Voorbeeld hiervan is 'n brief vanaf New York wat aan 'n sekere "J.G. Mc Callum Simmer & Jack G.M. Co Germiston" gerig is. Die inhoud van die brief met sinsnedes soos:

(L)ook at the vast army we have out there, enough to eat and drink the Boers, and what have we accomplished...thousands of our brave "Tommies"...you have joined Buller's force....⁸¹

het dit die moeite werd gemaak om 'n speurder na die myn in Germiston te stuur om die saak verder te ondersoek. Die speurder het bevind dat McCallum reeds die land verlaat het.

Gedurende Maart 1900 het Geeringh namens die Hoof van die Speurpolisie die Hoof van Mynwese laat weet dat 'n sekere Wishart, wat vroeër by die Robinson-myn werksaam was, hom in Lourenco Marques bevind. Wat verdag voorgekom het, is die feit dat Wishart bevriend was met die Engelse konsul in Lourenco Marques en per kode met die myners aan die Rand gekorrespondeer het. Alhoewel die briewe in 'n vriendskaplike trant geskryf is, is vertroulike informasie op die wyse versprei.⁸²

Dit is interessant dat die Russiese Geheime Diens in Augustus 1900 ook met soortgelyke aktiwiteite besig was, wat in verband gestaan het met 'n besoek van 'n hoë vlak afvaardiging vanaf die ZAR aan Rusland. Die afvaardiging se doel was om regoor Europa ondersteuning en hulp vir die Boeresak te verkry. Die afvaardiging vanaf die ZAR onder leiding van Leyds het bestaan uit drie "ministers": A. Fischer, C.H. Wessels en A.D.W. Wolmarans asook ene J.M. de Bruijn.⁸³ Dit is heel waarskynlik dieselfde Johannes Marius de Bruijn, *alias* T. Jones, wat in Augustus 1899 as geheime agent vir die ZAR aangestel is wat die besoek meegemaak het.⁸⁴ Op daardie stadium het die ZAR se Geheime Diens nie meer gefunksioneer nie en is dit moontlik dat Leyds vir De Bruijn vir spioenasiedoeleindes aangewend het.

81 SP 818A, GDDM 62/00, Koevert in lêer, 26.3.1900.

82 SP 818A, DDM 150/00, Getikte rapport vanaf Geeringh, Pretoria, 20.3.1900.

83 A. Davidson en I. Filatova, *The Russians and the Anglo-Boer War*, pp. 223-224.

84 SP 871, Speurpolisie Register, p. 2.

Die ZAR-afvaardiging het 'n redelike koue skouer by die Russiese regering en tsaar Nicolaas II gekry omdat hulle geglo het dat die Kruger-regering 'n verlore stryd geveg het. Die pers het opdrag gehad om nie verslag oor die ZAR-afvaardiging se besoek te lewer nie en die saak geheim te hou. In die Moskou-argief is 'n verslag getitel: "Extract from an unsigned letter of 10 August 1900, Moscow, to Theodore Stanton, Paris, Capuchins Boulevard, 10 Bureau, obtained via the Secret Service", gevind. Dit is 'n brief wat A.L. Gillin, 'n Amerikaner, geskryf het aan T. Stanton oor die ZAR-afvaardiging se besoek en wat deur die Russiese Geheime Diens onderskep en vanweë die inhoud daarvan teruggehou is.

9.2 Inligtingsinsameling en spioenasie aan Britse kant binne die ZAR se grense

Na die oorlog het dit geblyk dat die Britte nie baie beïndruk was met hulle "Intelligence Division" se poging nie. In 'n ondersoek en verslae na die oorlog is die afdeling daarvan beskuldig dat die kaarte wat hulle voorberei het onvolledig en onbetroubaar was, en dat die gevolg van die Britse magte se onvoorbereidheid ook op inligtingsgebied die volgende was:

Instead of being over in six months, the war, which began on October 10th, 1899, lasted till May 31st, 1902; that is to say, exactly two years and 233 days, more than five times as long as the War Office estimate.⁸⁵

Alhoewel die Britse inligtingspoging volgens hulle eie waarnemings, nie baie suksesvol was nie, was dit een van die Geheime Diens se take om die omvang van die *Intelligence Division* te monitor. Agente van die Geheime Diens het Britse spioenasiepogings binnelands, op die grense van die ZAR in naburige state en op en agter die gevegsfront geïdentifiseer. Gedurende Desember 1899 het Schröder vanuit Natal laat weet dat:

(V)erdachte spioneren in de lagers by Ladysmith (was).⁸⁶

85 Stead W.T., *How Britain goes to war: A digest and an analysis of evidence taken by the Royal Commission on the War in South Africa*, p. 97.

86 SP 818A, GDDM 266/99, Schröder - Hoof van Speurpolisie, Pretoria, 20.12.1899.

Dieselfde strategiese plekke, gebiede en dorpe was vir beide kante van belang. Daarom het die Britse inligtingsafdeling ook inligtingspersoneel in 'n belangrike hawe soos Lourenco Marques geplaas. Erasmus het 'n sekere majoor Young wat hom voorgedoen het as 'n korrespondent van die *Londen Times* en 'n luitenant Davidson wat hom voorgedoen het as 'n assistent vir die Britse konsul in Mosambiek, geïdentifiseer as verbonde aan die "Intelligence Department".⁸⁷

In Januarie 1900 is daar aan die Kommissaris van Polisie berig dat vrouens betrokke was by

(D)oorlopend correspondentie...tussen de vyand en hunne agenten te Pretoria en Johannesburg".⁸⁸

Die speurpolisiekantoor in Pretoria berig dat die vyand vrouens gebruik het "als agenten" om boodskappe en briewe vanaf en na Johannesburg en Pretoria te dra.⁸⁹ Volgens bronne is meer as 20 briewe aan boord van die stoomboot *Herzog* ingesmokkel. In hierdie verband is die name van vier vrouens, naamlik Dua wie se man op kommando was, Clara Rippon van Pretoria en voorheen van Bulawayo, Blanche Ripley en Goldberg van Johannesburg, genoem. Die Kommissaris het onmiddellik beslis dat Clara Rippon oor die grens gesit moes word. In hierdie verband is hy gesteun deur die Staatsekretaris. Daar is vasgestel dat Rippon die President Café huur en slaapkamers huur in die Fountain Hotel. Op 1 Februarie 1900 het die 1ste Luitenant van die Polisie in Pretoria, G. du Toit, die Kommissaris se kantoor laat weet dat Rippon onder begeleiding by Komatipoort oor die grens gesit is.⁹⁰

Daar was selfs 'n vermoede binne die ZAR se veiligheidsgeledere dat 'n predikant, Father De Lacy, wat gereeld Britse krygsgevangenes by die Waterval-kamp naby Pretoria besoek het, opgetree het as 'n koerier van briewe en boodskappe na Johannesburgse krygsgevangenes. Die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobz, het

87 SP 818A, GDDM 275/99, Verslag van M.G. Erasmus, Pretoria, 28.12.1899.

88 SP 814, DDM 41/1900, Lêer: Wnd Hoofd Detectief Pretoria, 18.1.1900.

89 SP 814, DDM 41/1900, Speurpolisie Pretoria - Hoof van Speurpolisie, 18.1.1900.

90 SP 814, DDM 12/1900, Nota in lêer: 1ste Luitenant Polisie Pretoria - Kommissaris van Polisie, 1.2.1900, p. 4.

opdrag gegee dat De Lacy nie verder toegelaat moes word om krygsgevangenes te besoek nie.⁹¹

Inligting is ook ontvang dat daar vanaf die Magaliesberge vir Britse-krygsgevangenes in die Waterval-kamp boodskappe gesein word en dat gevangenes van tyd tot tyd ontsnap.⁹² Geheime agent J.K. Springle, *alias* Stirling is aangesê om die saak te ondersoek. Hy het eerstehands op grondvlak die saak ondersoek. Die boere wat vars groente aan die gevangenes verkoop en moontlik boodskappe aan hulle deurgee om hulle ontsnappings te reel is vasgestel. Springle het ook 'n sketskaart van die omgewing gemaak om die seinpunte te identifiseer.

Aangesien die Britse *Intelligence Division* nie die mas kon opkom nie was hulle geforseer om van die hulp van die plaaslike bevolking gebruik te maak om inligting te bekom. Volgens Grundlingh het die Britse leër reeds gedurende die tydperk Junie tot Oktober 1900 sporadiese hulp van wapenneerlêers ontvang.⁹³ Sommige van hierdie burgers het in diens van die Britse-magte getree as gidse, verkenners, spioene en *National Scouts*. Daar bestaan ook 'n opvatting dat hierdie burgers meestal van die "bywoner-tipe" was.⁹⁴ Kort na die besetting van die hoofstad Pretoria in Junie 1900, is die eerste byeenkoms volgens Johanna Brandt gehou om lede vir die "Nationale Verkennerschap" (National Scouts-beweging) te werf.⁹⁵

Teen November 1900 het Smuts in 'n skrywe aan Reitz op die erns van die probleem gewys:

(H)et is maar al te waar (hoe treurig) ook dat de vijand door verraders van ons volk overal geleid wordt en daardoor meer uitvoert en verricht dan hij ooit anders kunnen doen.⁹⁶

91 SP 818A, GDDM 33/1900, Assistent-staatsprokureur - Kommissaris van Krygsgevangenis, 9.2.1900.

92 SP 818A, GDDM 9/00, Lêer: "Stirling-Pretoria, Rapporteer re toestand van zaken te Waterval en Signalments punten enz.", 3.4.1900.

93 A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad*, p. 162.

94 R. Kruger, *Goodbye Dolly Grey: The history of the Boer War*, p. 414.

95 J. Brandt, *Die Kappie kommando of Boerevrouwen in geheime dienst*, pp. 157-158.

96 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers, I*, p. 345.

Hierdie gidse was op groot skaal in veral die konsentrasiekampe gewerf, sodat die Britte teen die einde van die oorlog 3 042 wapenneerlêers as gidse, verkenners en tolke in diens gehad het. Hierdie persone het 'n uiters belangrike rol in die Britse magte gespeel en het die taak teen vergoeding verrig. In gevalle waar besondere waardevolle inligting verskaf is, het hulle van £3 tot £7 ekstra ontvang.⁹⁷

9.3 Die Verkennerskorpse se rol in verkenning en spioenasie

Van den Bergh se afleiding dat die Geheime Diens se funksies na die ineenstorting van die staatsmasjinerie teen middel 1900 deur die verkennerskorpse oorgeneem is, is inderdaad korrek.⁹⁸ Die besetting van die hoofstad, Pretoria, op 5 Junie 1900 en die gepaardgaande ontwigting wat dit veroorsaak het ten opsigte van staatsadministrasie, het nie die behoefte aan militêre inligting weggeneem nie. Die Geheime Diens se agente en verkenners het vir die eerste paar maande van die oorlog saam gefunksioneer. Geheime agente is vir 'n verskeidenheid take in die binneland, op die grense, agter die vyandelike linies en op die gevegsfront aangewend, terwyl verkenners aanvanklik slegs op die gevegsfront aangewend is om taktiese informasie in te samel. Een van die groot verskille is dat geheime agente vergoed is vir hulle diens selfs tydens die oorlog, terwyl verkenners hulle taak op 'n vrywillige basis verrig het. Baden-Powell het egter meer vertrou in amateurspioene as in professionele agente gehad. "The best spies" het hy gesê "are unpaid men who are doing it for the love of the thing".⁹⁹

Verkenners het reg van die begin van die oorlog af deel uitgemaak van die Boeremagte se opset. Militêre bevelvoerders op grondvlak het self op die verskillende vlakke verkenners na gelang van die behoefte aangewys. Mettertyd het verkennerskorpse ontwikkel. Selfs tydens generaal Kock se voorbereidings voor die slag van Elandslaagte, waar 'n knap geheime agent soos Schröder beskikbaar was, is

97 A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die Rasionaal en die Verskynsel van Verraad*, p. 176.

98 G.N. van den Bergh, *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek in Argieffjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 38, 1975, p. 331.

99 C. Andrew, *Secret Service: The making of the British intelligence community*, p. 25.

‘n verkenningsspatroolie onder bevel van veldkornet Potgieter na Elandslaagte-stasie gestuur.¹⁰⁰

Brandwagte en verkenners het as ‘n eenheid gefunksioneer. In die stellingkrygsfase het brandwagte op ‘n 24-uurbasis volgens ‘n brandwagrooster, hetsy staties of mobiel, beskerming aan die Boeremagte verleen. Buite die kring brandwagte het verkenningsspatrolies, wat verder weg van die basis was, die veiligheidsnetwerk voltooi. ‘n Brandwag was dus in werklikheid ‘n voorpos wanneer die Boeremagte staties was, terwyl verkenners of verkenningsspatrolies, vanuit die statiese laer uitgestuur is. In die stellingkrygsfase, aan die begin van die oorlog, het elke kommando vir sy eie verkenning gesorg. Aangesien dit ‘n veeleisende taak was, het die veldkornette hulle korporaalskappe op ‘n rotasiebasis vir die doel aangewend.¹⁰¹

Net soos dit die geval met geheime agente was, het die gehalte van verkenningswerk gewissel. Volgens Smuts was die redes hiervoor geleë in die onderskeie verkenners se karaktertrekke en vermoëns. Volgens hom het die een verkenner sy sintuie baie meer effektief aangewend as ‘n ander verkenner. Verder het die effektiwiteit van verkenners baie afgehang van hulle waagmoed:

The good scout was not he who at first sight of the enemy would rush off with a report to his officer, but who at the greatest personal risk would try to get into ever closer touch with him....¹⁰²

Volgens Pretorius was buitelandse waarnemers by die Boeremagte nie baie beïndruk met die gehalte van Boereverkenning aan die begin van die oorlog nie. Een só ‘n waarnemer, die Franse kolonel, Georges de Villebois-Mareuil, was van mening dat die verkenningssaksies beperk was tot skermutselinge met vyandelike patrolies of strooptogte op die vyand se perde, sonder om inligting oor die Britsemagte in te win. C.J. Asselbergs, militêre attaché van die Nederlands-Indiese Leër was dieselfde mening toegedaan.¹⁰³ Dit is dan ook waarskynlik die rede dat daar gedurende

100 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-offensief, Okt.- Nov 1899*, p. 192.

101 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 116-120.

102 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers, I* p. 633.

103 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 119-120.

algemeen bekend as Koos Jooste. Die korps het bestaan uit sowat 100 jong mans wat deur Theron gewerf is. Die doel met die korps was om 'n onderlinge rapportryersdiens tussen die verskillende afdelings en seksies binne die leër, daar te stel. Vir hierdie doel het Theron fietsryers gebruik wat volgens hom meer effektief as perderuiters was. Die korps het ook opgetree as 'n militêre inligtingsdiens in die wye sin van die woord. Later is die Theron Verkennerskorps in die lewe geroep met die uitsluitlike doel om verkenning te doen. Theron het magtiging van beide die ZAR- en die OVS-regerings gekry om 'n gesamentlike verkennerskorps vir albei state op die been te bring. Tot op 2 Mei 1900 het Theron as kaptein van sowel die "Wielrijders Rapportgangers Corps" as die Theron Verkennerskorps, opgetree. Die Theron Verkennerskorps is aan die einde van Mei 1900 met 100 man versterk en Theron is bevorder tot Kommandant en in beheer van die nuwe vegkorps geplaas.¹¹²

'n Ander bekende verkenner in Boeregeledere was H.P. (Henri) Slegtkamp van die Middelburg-distrik.¹¹³ Slegtkamp was 'n persoon wat op soek was na avontuur en het nadat hy as deel van kommandant Piet Trichardt se mag na die Natalse front vertrek het, op 2 Januarie 1900 by kommandant Edwards se verkennerskorps aangesluit.¹¹⁴ Nog 'n bobaasverkenner, wat in dieselfde asem as Slegtkamp genoem kan word, is O.J. (Jack) Hindon. Gebore in Skotland het hy hom met die Boeresaak vereenselwig en het tydens die oorlog aanvanklik as lid van die Rijdende Politie, toegetree. Gedurende Junie 1900 het hy aangesluit by Danie Theron se Verkennerskorps en hom in die Oranje Vrystaat bevind. Later in die oorlog is hy as hoof van 'n korps aangestel wat die opdrag gehad het om die Britse verbindingslinies te ontwig.¹¹⁵

Die TVK (Theron Verkennerskorps) het tydens die dryfjagte, wat vanaf Augustus 1900 teen hoofkommandant C.R. de Wet uitgevoer is, hulself onderskei in vergelyking met die ondoeltreffende Britse verkenningstelsel. Britse bevelvoerders het

112 J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902 Deel I Die Boere-offensief Okt-Nov. 1899*, pp. 69-71.

113 F.V. Engelenburg en G.S. Preller, *Onze krijgs-officiëren: Album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten e.a.*, p. 206.

114 D. Mostert, *Slegtkamp van Spioenkop: Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp*, p. 31.

115 J.P. Brits, "John Oliver Hindon" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III*, pp. 404-405.

as gevolg van onbetroubare kommunikasie op hulle eie verkenning staatgemaak. Selfs die *Times History* het kritiek uitgespreek oor die afwesigheid van 'n georganiseerde Britse verkenningstelsel. Daarteenoor was die TVK die "oogen en ooren" van De Wet en kommandant Theron se tydige en akkurate verkenning wat tot De Wet se sukses bygedra het.¹¹⁶

9.4 Die Geheime Dienskommissie en kaptein J.J. Naudé se rol

Die Geheime Dienskommissie het mettertyd ontstaan nadat generaal L. Botha vir J.J. Naudé, na die inname van Pretoria versoek het om daar agter te bly en hom op 'n gereelde basis van inligting te voorsien. Naudé was nooit lid van die Geheime Diens nie en sou op sy natuurlike aanvoeling moes staatmaak om 'n spioenasiediens in Pretoria op die been te bring. Om as 'n dekmantel te dien, het Naudé by kommandant Zeederberg se "Rydende Polisie" aangesluit. Lord Roberts het ná die besetting van Pretoria die mag nog voorlopig herken. Naudé is tot die rang van sersant bevorder met 15 manskappe onder sy bevel. Hy het gehoop dat die betrekking hom in staat sou stel om agter die Engelse se spioenasiestelsel in en om Pretoria te kom. Later is hy aangestel as koster van die NH of G Kerk in Pretoria, 'n pos wat hom handig te pas gekom het as spioen.¹¹⁷

Mettertyd het daar 'n Geheime Dienskommissie tot stand gekom, wat uit 'n aantal betroubare mense, wat die Kruger-saak goedgesind was, bestaan het. In hierdie verband het 'n sekere James Gilliland wat Engels goed magtig was, goeie werk gedoen. Hy het daarin geslaag om die Engelse offisiërsgelede in Pretoria binne te dring en het sodoende vir Naudé op hoogte van sake gehou.¹¹⁸ Ander lede van die Geheime Dienskommissie was C.P. Hattingh, G.Els, en W. Bosch.¹¹⁹ Willie Bosch was een van die spioene wat Naudé geplant het binne die kantoor van die Engelse inligtingsdiens in Pretoria. Bosch kon weens 'n liggaamsgebrek nie kommandodien

116 F. Pretorius, Die Eerste Dryfjag op Hoofkmdt. C.R. de Wet in *Christiaan de Wet-Annale IV*, pp. 190-191.

117 G.D. Scholtz, *In Doodsgevaar: Die oorlogsherinneringe van Kapt. J.J. Naudé*, p. 39.

118 *Ibid.*, p. 74.

119 J. Brandt, *Die Kappie kommando of Boerevrouwen in geheime dienst*, p. 150.



Fig. 27: Kaptein J.J. Naudé. Na die inname van Pretoria het hy in opdrag van generaal Louis Botha spioenasiewerk in Pretoria in samewerking met die Geheime Dienskommissie gedoen. Bron: *Onze krijgsofficiere...*, p. 197.

verrig nie, maar weens sy uitstekende Hollands en Engels het hy 'n pos binne die Engelse se geleedere gekry. Hy het daarin geslaag om 'n lys name van "Afrikaners" wat vir die Britte gespioeneer het, te bekom.¹²⁰

Volgens Johanna Brandt het die organisasie nie amptelike status gehad nie en was die Boereleiers se houding daarteenoor as volg:

Ik wens hier in het midden te brengen dat de benoeming van de Geheime Dienst Kommissie nooit een officiëel karakter gedragen heeft. Alhoewel de aanvoerders der Boeren wisten, dat die Geheime Dienst bestond en ook gebruik maakten van de berichten door de leden daarvan doorgesmokkeld, keurden zij dit spioneren in de steden niet goed wegens het gevaar daaraan verbonden....¹²¹

Die gebruik van die woord "Geheime Dienst" in hierdie konteks is betekenisvol. Dit beteken dat die begrip in die volksmond die regte betekenis gehad het naamlik die van 'n spioenasiediens. Hierdie Geheime Diens alhoewel baie kleiner in omvang as die Geheime Diens wat vanaf Mei 1894 tot Junie 1900 bestaan het, was uit nood gebore. Verkenner en die Verkennerkorpse het die nodige inligting op die gevegsfront verskaf terwyl Naudé se Geheime Diens die nodige inligting oor die situasie agter en weg van die gevegsfront vanuit Pretoria verskaf het.

Hierdie spioenasiediens van Naudé het 'n groot aantal bedrywighede in Pretoria aan die gang gehad. Van hulle belangrikste take was om spioene van buite van huisvesting, kos en inligting te voorsien en hulle geleide deur die stad te doen by hulle aankoms of vertrek. Naudé het ook name van boere wat by die "National Scouts" aangesluit het aan die Boere-leër te velde beskikbaar gestel. Hierdie name is verkry vanaf informante binne die Britse-geleedere wat saam met die Geheime Diens Kommissie gewerk het.¹²²

In Pretoria is Naudé veral bygestaan en ondersteun deur vroue. Brandt en haar moeder mev. Van Warmelo het 'n groot rol in die verband gespeel. Berigte is op allerlei

120 G.D. Scholtz, *In Doodsgevaar: Die oorlogsherinneringe van kapt. J.J. Naudé*, p. 110.

121 J. Brandt, *Die Kappie kommando of Boerenvrouwen in geheime dienst*, p. 160.

122 *Ibid.*, pp. 160-161.

maniere uitgesmokkel soos om met suurlemoensap te skryf wat deur die leser verhit moes word waarna dit leesbaar was.¹²³ Naudé het in die geheim verskeie besoeke aan Pretoria gebring waar die nodige inligting deur informante aan hom verskaf is. Op sy beurt het hy deur die vyandelike gebied beweeg en die inligting aan generaal Botha te velde, gaan oordra.¹²⁴

Naudé het normaalweg 'n Britse offisiersuniform tussen sy informante in Pretoria gedra en daarmee die Britse inligtingsdiens 'n rat voor die oë gedraai. Later, in 1901, is hy en van sy informante verraaï en het lord Kitchener 'n losprys van £2 000 op sy kop geplaas.¹²⁵

Na die konferensie by Waterval tussen die Transvaalse en Vrystaatse regerings is dokumente aan Naudé oorhandig waarin die besluite wat geneem is, vervat was. Hy moes toesien dat die dokumente by Paul Kruger in Holland uitkom. Aangesien die Kruger-regering nie meer in beheer van die verbindingsroetes was nie, moes Naudé toesien dat die dokumente deurgesmokkel word. Terselfdertyd het generaal Botha hom bevorder tot die rang van kaptein en hom aangestel as "hoof van die Republiek se geheime diens".¹²⁶ Naudé se tiende besoek aan Pretoria was ook sy laaste een.¹²⁷

9.5 Die rol van swartmense in spioenasie en verkenning tydens die oorlog

Daar is die afgelope twee dekades 'n herwaardering gemaak oor die rol van swartmense tydens die Anglo-Boereoorlog. Die rol van swartes is intensief

123 F.J. Stemmet, *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog*, (MA, PU vir CHO, 1973), p. 118.

124 J. Brandt, *Die Kappie kommando of Boerevrouwen in geheime dienst*, pp. 148-151.

125 J. Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 188.

126 G.D. Scholtz, *In Doodsgevaar: Die oorlogherinneringe van kapt. J. J. Naudé*, p. 102.

127 *Ibid.*, p. 211.

nagevors¹²⁸ en die pers¹²⁹ het in die jaar van die 100-jarige herdenking van die oorlog, baie klem op die “herontdekking” van swartmense se rol geplaas:

In what historians believe could be the latest breakthrough in rewriting the history of the Anglo-Boer War, a young man... has found more than 200 graves which he says are those of blacks who died in the conflict.¹³⁰

Swartmense het nie net op die slagveld en in konsentrasiekampe gesterf nie, maar dié wat as spioene opgetree het, is ook soms tereggestel. Beide die Boere en Engelse het swart spioene tereggestel. Die eerste spioen wat byvoorbeeld in die Stormberge tereggestel is, was ‘n swartman, Alfred Malapi. Hy is in Desember 1900 deur die Engelse op Aliwal-Noord geskiet omdat hy hom voorgedoen het as ‘n spioen vir die Britse magte terwyl hy in werklikheid vir die Boere gespioeneer het.¹³¹ Dit is ook moontlik dat hy ‘n dubbelagent was. Dit is logies dat beide kante swartmense, wat die omgewing waarin hulle gewoon en gewerk het en geken het en vir wie dit maklik was om onder swartvolke inligting in te samel, vir die doel sou gebruik het. Veral vir die Britse magte was die goedgesindheid van die plaaslike swart gemeenskappe in terme van inligtinginsameling uiters noodsaaklik omdat dit voorgekom het of die Boere-magte die Britse magte altyd een voor was in hierdie opsig.¹³² Veral tydens die guerilla-fase van die oorlog het die Britse magte al hoe meer op swartes as informante en spioene vir inligting staatgemaak.¹³³

128 Kyk P. Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902* gepubliseer in 1983 en A. Wessels, *Die militêre rol van swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* gepubliseer in 1998, F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, Hoofstuk 8: Swartes en die oorlog, pp. 74-82, S.V. Kessler, The black and coloured concentration camps of the Anglo Boer War 1899-1902: Shifting the paradigm from sole martyrdom to mutual suffering in *Historia* 44(1), Mei 1999, pp. 110-47; J.A. du Pisani en B.E. Mongalo, Victims of a White man's war: Blacks in concentration camps during the South African War (1899-1902) in *Historia* 44(1), Mei 1999, pp. 148-82.

129 Sien: *Beeld* - “100 grafte ‘n groot ontdekking”, *Beeld*, 16.4.1999, p. 3; “SA’s forgotten POWs”, in *City Press*, 18.4.1999, p. 4; “Graves hide suffering of blacks in Boer War” in *The Daily Telegraph*, 22.4.1999, p. 23; “Graves of fallen blacks uncovered” in *Sunday World*, 23.5.1999, p. 1.

130 *Sunday World*, 23.5.1999, p. 1.

131 A.V. Oosthuizen, *Rebelle van die Stormberge: Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, p. 118.

132 B. Nasson, *Abraham Esau's War: A black South African war in the Cape 1899-1902*, p. 23.

133 R. Kruger, *Good-Bye Dolly Gray: A history of the Boer War*, p. 417.

Baden-Powell se inligtingspoging in Mafeking was hoofsaaklik gebaseer op informasie wat deur swart spioene verskaf is. Feitlik alle berigte en boodskappe wat tydens die beleg van Mafeking die buitewêreld bereik het, is snags deur swart beriggewers deur die Boerelinies gedra. Hy het ook swart informante wat vals inligting verskaf het, gestraf. Die wat as dubbelagente opgetree het, is voor 'n vuurpeloton doodgeskiet.¹³⁴ Hierdie gidse en verkenners is normaalweg deur Britse offisiere in samewerking met die plaaslike stamkapteins gewerf.¹³⁵

Swartes was dus ook by inligtingsinsameling en spioenasie betrokke.¹³⁶ Aan Boerekant was dit meer die uitsondering as die reël. Daar is reeds aangetoon hoedat die Kruger-regering voor die uitbreek van die oorlog swartes vir spioenasie gebruik het. In die kasboek wat vir die Geheime Diens aangehou is, is 'n inskrywing in September 1899 gemaak waar 'n betaling van £5 per maand aan 'n onbekende "Kleurling Geh Speurder" gemaak is.¹³⁷ Dit was egter 'n swartman wat deur die Kommandant van Lydenburg in diens geneem is om onder die Sekhukuni's te spioeneer.¹³⁸ Vóór die oorlog het dit wel soms gebeur dat die Kruger-regering swartmense bewapen het, maar dan was dit gewoonlik om teen ander swart stamme te veg. Die ZAR Wet, nr. 20 van 1898, het wel bepaal dat swartmense opgekommandeer kon word om as werksvolk in 'n oorlogsituasie te dien. Dit was in lyn met die gewoontereg van daardie tyd dat sogenaamde onbeskaafdes nie in oorloë tussen beskaafdes gebruik moes word nie.¹³⁹ In die praktyk was dit nie só eenvoudig om hierdie riglyn konsekwent toe te pas nie. Alhoewel geen swarte volgens beskikbare rekords voltyds in diens van die Geheime Diens was nie, was dit veral die Kommandante van Polisie op die grense wat swartes as spioene onder die Pedi's en Venda's van tyd tot tyd op 'n *ad hoc* basis aangewend het. Die doel van hierdie spioenasie was om uit te vind wat

134 P. Warwick, *Black people and the South African War*, p. 35.

135 *Ibid.*, p. 136.

136 Kyk Hoofstuk 7.

137 SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1900, 14 September 1899, p. 2.

138 SP 888, Polisie Inkomende Stukke Minute Register (Geheime) 1899-1900, Inskrywing no. 80, 8.9.1899, p. 23.

139 A. Wessels, *Die militêre rol van die swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*, p. 5.




Fig. 28: Een van die metodes wat na bewering deur swart spioene gebruik is om boodskappe op stukkies opgerolde papier binne in pype deur te smokkel. Bron: E. Rowan, *The story of Secret Service*, p. 443.

die swart stamme en volke se gesindheid was. Dit sou uit die aard van die saak vir 'n blanke geheime agent baie moeilik gewees het om as spioen die geleedere van swartes te infiltrer.

Swartes is ook deur die Boere gebruik om kommunikasielinies soos spoorlyne, geboue en ammunisie-opslagplekke te bewaak. Swartes is ook gebruik om op die Britse magte te spioeneer. Hulle het veral maklik tot die Britse militêre basisse en laers toegang gekry deur hulle as werksoekers voor te doen.¹⁴⁰

Swartes wat as spioene vir die Britte opgetree het, het innoverend te werk gegaan om hulle boodskappe, wat op klein stukkies papier wat in "novel cipher which was Hindustani spelled out in Roman script", oor te dra.¹⁴¹ 'n Gat is in 'n knopkierie gemaak waarin die stukkie opgerolde papier geplaas is. Die spioene wat gerook het, het twee pype met hulle saamgedra waarvan een 'n vals opening in die pyp se kopgedeelte gehad het. Die boodskap is daarin versteek.

Waarskynlik weens die feit dat swartes wat vir die Britse-magte gespioeneer het of deur hulle bewapen is summier deur die Boere tereggestel is, het Smuts ingegryp om die wandade te stop. In Desember 1901 het J.C. Smuts as Assistent-kommandant generaal op Nieuwoudtville 'n instruksie uitgereik oor die hantering van verkenners en spioene:

Een openlijke verkenner moet steeds als een gewoon krijgsgevangen behandeld worden. Dit geldt voor gekleurde zoowel als voor blanke prisoniers en spionen.¹⁴²

Volgens Ploeger¹⁴³ het kapt. F.R. de Bertedano, van die Britse militêre inligtingsdiens in Pretoria, in Augustus 1901 'n verslag uitgebring waarin die kapteins en hulle onderdane, woonagtig in die ZAR wat waardevolle diens aan die Britte gelewer het, genoem is. Daaruit kan afgelei word dat verskeie swart kapteins in die Rustenburg-,

140 *Ibid.*, p. 7.

141 R.C. Rowan, *The story of secret service*, pp. 442-443.

142 W.K. Hancock en J. van der Poel (Reds.), *Selections from the Smuts Papers*, 1, p. 446.

143 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, deel II*, p. 18-35 tot 18-36.

Pietersburg-, en Pretoria-distrikte hulp aan die Britse militêre inligtingsdiens verskaf het. Swartmense was dus in alle aspekte van die oorlog, ook verkenning en spioenasie, betrek.

9.6 Leyds se geheime oorlogsbedrywighede

Leyds se pos as Gevolgmagtigde Minister en Buitengewone Gesant in Europa van die ZAR, het met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog 'n totaal nuwe inhoud gekry. Hy het onvermydelik betrokke geraak by die pro-Boereveldtog, die beheer en bestuur van die ZAR se finansiële bates in Europa, die bestuur van 'n hulpfonds wat vir die Boere gestig is en onderhandelinge met Europese regerings in verband met die oorlog. Volgens Van Niekerk het Leyds se geheime oorlogsbedrywighede veral gewentel rondom die in- en uitsmokkel van boodskappe en krygsvoorrade na die Boeremagte.¹⁴⁴

Hierdie geheime oorlogsbedrywighede van Leyds, het egter los gestaan van die werksaamhede en fondse van die Geheime Diens, wat onder Smuts se beheer gestaan het. Dit is moontlik dat die Geheime Diens, wat 'n aktiewe rol op die Komatipoort - Lourenco Marques-roete gespeel het, betrokke was by die deursmokkel en deurgee van boodskappe vir Leyds in Europa. Aangesien die inhoud van boodskappe en briewe wat geheime agente op daardie roete hanteer het se inhoud vertroulik was, is dit moeilik om vas te stel watter ondersteuning of onderbou die Geheime Diens vir Leyds se geheime operasies verskaf het. Dit is egter onwaarskynlik dat die ZAR-regering met die beperkte fondse tot hulle beskikking twee stelle geheime agente op een roete vir dieselfde doel sou aanwend.

Dit was van kritieke belang dat Leyds dwarsdeur die oorlog met die Kruger-regering in verbinding sou bly sodat hy op hoogte van hulle behoeftes kon bly. Die grootste probleem was egter dat die kabelverbinding tussende Suid-Afrika en Europa langs beide die oos- en weskus, in die vyand se hande was. Die sukses van Leyds se operasies, het

144 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se geheime oorlogsbedrywighede in *Historia*, 23(1), Mei 1978, p. 15.

daarvan afgehang of hulle daarin sou kon slaag om die Britse sensorstelsel te omseil.¹⁴⁵

Die Britse regering het besef dat boodskappe telegrafies in kode vanaf die ZAR na Mosambiek en daarvandaan na Zanzibar gestuur kon word. Britse sensors in Durban en Aden het opdrag gekry om alle boodskappe wat gekodeer was, terug te hou. Om al hierdie struikelblokke te oorkom, het Leyds allerlei planne in plek gehad soos om byvoorbeeld korrespondensie privaat aan sekere kapteins van posbote op die Duits-Oos-Afrikalyn te oorhandig. Die korrespondensie is dan persoonlik aan die ZAR se konsul-generaal Pott, in Lourenco Marques, oorhandig. Pott het dan toegesien dat die korrespondensie op 'n klandestiene wyse na Pretoria gestuur is.¹⁴⁶ Later, in 1900, het Albert Kuit, vergesel van ses burgers 'n epiese tog uit Oos-Transvaal na Lourenco Marques onderneem. Hulle het briewe van generaal Louis Botha aan G. Pott, die Konsul-generaal aldaar oorhandig en het geld, afkomstig van die Transvaalse vlugtelinge-kommissie, na die ZAR gebring.¹⁴⁷ Lourenco Marques en die Konsul-generaal van die ZAR was dus regdeur die oorlog 'n belangrike deurgeepunt vir die ZAR-regering na Leyds en die buiteland.

Geheime agent Erasmus het teen die einde van Oktober 1899 die probleem bevestig en laat weet:

De Engelschen beletten alle kabelgrammen van onzen kant de uitslag van
den oorlog vermeldende.¹⁴⁸

Erasmus het ook melding gemaak van die feit dat dit uiters moeilik was om boodskappe vanaf Durban en Kaapstad te kry omdat alles baie streng deur die Engelse gesensor is. Hyself het telegramme in kode vanaf 'n betroubare Duitser in Durban gekry waarmee hy op die hoogte gehou is van die Britse troepebewegings in Natal.¹⁴⁹

145 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 191.

146 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se Geheime Oorlogsbedrywighede in *Historia*, 23(1), Mei 1978, pp. 16-17.

147 S.F. Malan, "Albert Kuit" in C.J. Beyers en J.L. Basson, (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, V, p. 457.

148 SP 818A, DDM 234/99, Verslag vanaf Erasmus, Komatipoort, 28.10.1899.

149 SP 818A, DDM 244/99, Verslag vanaf Erasmus, Pretoria, 20.11.1899.

Afgesien van boodskappe in kode, het die Britse regering ook gepoog om die uitslag van sekere veldslae te vertraag en te manipuleer.

Leyds het ook daarin geslaag om boodskappe *au clair* te stuur deur van die handelsname van twee firmas in Hamburg en Lourenco Marques gebruik te maak. Alhoewel hierdie "handelstelegramme" vir die Britse Resident in Aden verdag voorgekom het, het Leyds tog daarin geslaag om op dié wyse boodskappe deur te kry.¹⁵⁰

Nadat die Britse magte die ZAR en die OVS verower het, het dit al hoe moeiliker vir Leyds geword om met die ZAR-regering te kommunikeer. Leyds het voortaan van koeriers en rapportryers gebruik gemaak om boodskappe deur te stuur. Twee van sy koeriers, kommandant Alleman en luitenant Malan, was Boerekrygers, terwyl dr. E. Schulz 'n burgerlike was. Hulle was egter bereid om die risiko te neem om as boodskappers op te tree. Hierdie boodskappe was in kode. Vir die doel het Leyds die *Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche Taal* gebruik. Aan woorde uit die woordeboek is ander betekenis gegee. Sommige rapportryers, vanaf kommando's, het boodskappe tot in Lourenco Marques gebring waar dit met neutrale bote na Europa gestuur is. Leyds se grootste probleem was om sekerheid te kry of alle rapportryers betroubaar was en nie vanaf die vyand se kant sy stelsel geïnfiltreer het nie.¹⁵¹ Onder die lys name wat Leyds vanaf Januarie 1901 gebruik het om boodskappe onder gevaarlike omstandighede deur te smokkel, kom nie een voormalige lid van die Geheime Diens se naam voor nie.¹⁵² Die Geheime Diens het teen die einde van Mei 1900 'n natuurlike dood gesterf en 'n mens sou verwag dat van die geheime agente vanweë hulle ervaring in die rol, vir ander tipe geheime aktiwiteite vir die staat aangewend sou word. Die geval van geheime agent, J.M. de Bruijn, wat saam met die

150 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 193.

151 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se geheime oorlogsbedrywighede in *Historia*, 23 (1), p. 17.

152 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 43(1), 1980, p. 195.

Leyds-afvaardiging Europa en Rusland in Augustus 1900 besoek het, kan 'n voorbeeld van so 'n aanwending wees.¹⁵³

'n Ander kritiese aspek waaraan Leyds aandag gegee het, was die aankoop en aanvul van die Boeremagte se krygstuig en -voorrade. Vir die aanvul van enige tekorte in die verband was die Boererepublieke op Leyds in die buiteland aangewese. Dit was egter makliker om boodskappe as krygsvoorrade deur te smokkel. Boodskappe kon 'n persoon aan sy lyf wegsteek wat nie geval met krygsvoorrade was nie. In hierdie verband het Leyds besondere vernuf aan die dag gelê.

Leyds het wel daarin geslaag om voorrade deur te kry want die Britse konsul in Lourenco Marques, het gedurende Januarie 1900 berig dat 1 500 Vitterli-kortgewere, 42 Mausers en 1 000 000 patrone as "maccaroni" verpak, deurgesmokkel is.¹⁵⁴ Hierdie aksies het plaasgevind onder die neuse van Britse agente en informante in Lourenco Marques. M.G. Erasmus wat hom aan die begin van 1900 as agent in Lourenco Marques bevind het, het oor persone berig wat hy vermoed het met spioenasie besig was. Gedurende Desember 1899 het 'n sekere majoor Young, wat hom voorgedoen het as 'n korrespondent vir die *London Times*, hom daar bevind. Erasmus het sonder aarseling berig dat Young aan die Britse *Intelligence Department* verbonde was. In dieselfde rapport het Erasmus berig dat 'n sekere luitenant Davidson, wat ook aan die Britse militêre inligtingsdiens verbonde was, met die stoomboot die *Thesis* aangekom het.¹⁵⁵ Dat die Britse inligtingsdiens toegeslaan het op Lourenco Marques, word verder deur 'n rapport van Erasmus gestaaf:

(D)e Engelschen... een twintigtal spionnen te Delagoa Baai hebben. Wanneer er een boot aankomt dan worden eenige Engelschen altijd privaat er op geplaatst ten einde toe te zien dat er niet misschien contraband van oorlog geland zal worden.¹⁵⁶

153 A. Davidson en I. Filatova, *The Russians and the Anglo-Boer War 1899-1902*. Sien foto van ZAR-afvaardiging waarop J.M. de Bruijn verskyn tussen bladsye 224 en 225.

154 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se geheime oorlogsbedrywighede in *Historia*, 23(1), Mei 1978, p. 20.

155 SP 818A, GDDM 275/99, Verslag vanaf M.G. Erasmus, Pretoria, 28.12.1899.

156 SP 818A, GDDM 7/1900, Verslag vanaf M.G. Erasmus, Pretoria, 17.1.1900.

Leyds en sy geheime agente het onder hierdie omstandighede daarin geslaag om Marconitoestelle vir die kommando's as Röntgentoestelle vir ambulansie en ammunisie in vate sement verpak, deur Lourenco Marques te laat gaan.¹⁵⁷ Dit is nie duidelik in watter mate van die Geheime Diensagente, wat in Mosambiek geplant was, Leyds met die deurvoer van voorrade op 'n klandestiene wyse behulpsaam was nie. Erasmus het as geheime agent wel sekere toerusting deurgesmokkel. Tjaart Kruger het die Kommandant-generaal laat weet dat Erasmus 9 verkykers vanaf Lourenco Marques ingebring het en tydens dieselfde geleentheid 'n oorlogskaart vir die Staatsekretaris.¹⁵⁸

'n Ander geheime agent H. Everitt, *alias* Bertie, was ook betrokke by die deursmokkel van vermoedelik wapens en ammunisie wat in korrespondensie as "sugar" beskryf was. In die begin van April 1900 het iets klaarblyklik skeef geloop met die inbring van die "sugar" want die Geheime Diens se hoofkantoor het 'n dringende telegram aan hom in die International Hotel in Lourenco Marques gestuur om navraag te doen.¹⁵⁹

Om sake verder te verwar, het Erasmus teen middel Januarie 1900 uit Lourenco Marques berig dat 'n sekere M.H. de Hora, vroeër verbonde aan die firma Eksteen & Co,

(V)erteld had dat hy in de geheime dienst van ons Government is.¹⁶⁰

Die staatsekretaris, F.W. Reitz, het geparafeer dat hy kennis geneem het van die verslag, asook Erasmus se aanbeveling dat die amptenare te Komatipoort, selfs ook persone soos De Hora, wat voorgegee het dat hy 'n agent was, deursoek moes word. In die skemerwêreld van geheime agente is dit glad nie onmoontlik dat De Hora wel die Kruger-regering behulpsaam was om voorrade deur te smokkel nie, alhoewel hy nie 'n lid van die Geheime Diens was nie. Dit is egter ook moontlik dat hy 'n

157 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se Geheime Oorlogsbedrywighede in *Historia*, 23(1), Mei 1978, p. 20.

158 SP 852, Afskrif skrywe T.A.P. Kruger - Kommandant-generaal, 21.12.1899, p. 90 en Afskrif van skrywe T.A.P. Kruger - Staatsekretaris B Pretoria, 21.12.1899, p. 91.

159 SP 852, Afskrif skrywe John Avery - H. Everitz (sic) International Hotel L.M., 3.4.1900, pp. 152-153.

160 SP 818A, GDDM 5/1900, Verslag vanaf M.G. Erasmus, Pretoria, 17.1.1900.

dubbelagent was. Voorvalle het voorgekom waar geheime sendings uitgelek het.¹⁶¹ Aan die ander kant van die oseaan het Leyds 'n sekere Bas Veth as geheime agent gebruik. Veth was van groot waarde vir Leyds en is vir verskillende take gebruik soos om Leyds op die hoogte te hou van nuwe verbeterings aan krygstuig in die verskillende wapenfabrieke. Deur bemiddeling van ander agente het Bas Veth ook krygstuig waarvoor Leyds die fondse verskaf het, namens die Kruger-regering aangekoop. Veth het ook groot vindingrykheid aan die dag gelê met die verpakking van die krygstuig vir versending na Suid-Afrika. Bas Veth was ook met die uitstuur van koeriers en werkslui behulpsaam, soos toe 'n versoek van staatsekretaris, Reitz, uitgevoer is om ervare draaiers te werf om kanonne te help herstel.¹⁶²

Gedurende Augustus 1901 het Veth, nadat hy 'n jagpermit in Mosambiek geweier is, hom as 'n visserman voorgedoen. Op die manier het hy daarin geslaag om Delagoabaai-hawe asook al die riviermondings op soek na 'n geskikte aflaaiplek, te verken. Die grootste probleem by die aanskaffing van voorrade het gekom by die ontvangs daarvan in die Lourenco Marques-hawe. In die verband het die Konsul-generaal van die ZAR, Pott, 'n groot rol gespeel.¹⁶³ Dit is vreemd dat die Geheime Diensagente soos M.G. Erasmus, en Herbert Everitt, *alias* Bertie, wat basies permanent in Lourenco Marques geplaas was, se name nêrens voorkom dat hulle Leyds behulpsaam was nie. Hulle was egter gereeld in kontak met Pott en dit is moontlik dat hulle hom behulpsaam was om voorrade deur te smokkel. Die rede vir die afwesigheid van hulle name in enige dokumentasie in verband met Leyds se bedrywighede, was waarskynlik om sekerheidsredes. Beide Erasmus en Everitt was goed vertrouwd met die omstandighede in Lourenco Marques wat hulle baie geskik vir geheime operasies gemaak het.

Leyds het volgens Davey ook van ander geheime agente in Europa en Engeland gebruik gemaak.¹⁶⁴ Een só 'n persoon was 'n sekere F.H. O' Donnell, 'n Ierse

161 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J.Leyds*, p. 257.

162 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds se geheime oorlogbedrywighede in *Historia*, 23(1), Mei 1978, p. 21.

163 *Ibid.*, pp. 22-23.

164 A. Davey, *The British pro-Boers 1877-1902*, pp. 118 - 121.

nasionalis en voormalige parlamentslid wat hom onder andere beywer het om die werwing van Iere vir die Britse leer te dwarsboom.¹⁶⁵ Leyds het later weens sy onbetroubaarheid en wispelturigheid nie meer van hom gebruik gemaak nie. Twee ander agente oor wie Leyds beskik het in Londen, was W.T. Stead en J.M. Bellasyse. Bellasyse is in 1887 as Reuter se vernaamste verteenwoordiger in die ZAR aangestel. Hy het die skuilnaam "William Reid" gebruik en het Leyds in sy korrespondensie as "Rudolf" of "Rudolph" aangespreek. Bellasyse het inligting vir Leyds versamel en het as deel van 'n propagandaveldtog briewe ten gunste van die Kruger-regering in die Britse pers laat plaas.¹⁶⁶ Wat egter duidelik was, is dat Leyds geheime agente vir sy operasies aangewend het, wat nie deel van die Geheime Diens was nie en ook nie uit die Geheime Diensbegroting vergoed is nie.

Verdere verkenning en spioenasie tydens die oorlog het behels dat daar nie net op die gevegsfront nie maar ook binne die ZAR se grense op die tuisfront en in Europa spioenasie-aktiwiteite aan die gang was. Nadat die Geheime Diens doodgeloop het, het Verkennerskorpse, asook die Geheime Dienskommissie in samewerking met kapt. Naudé en dr. Leyds in Europa met spioenasie aan Boerekant voortgegaan. Die plaaslike swart bevolking is as informante deur beide Boer en Brit gebruik. Die behoefte aan spioenasie en verkenning in dié oorlogsituasie het bly voortbestaan.

165 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 264.

166 A. Davey, *The British Pro-Boers 1877-1902*, p. 119 en L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 265-267.

HOOFSTUK 10

SLOTBESKOUING

Die daarstelling van 'n geheime diens in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* is deur 'n sameloop van omstandighede in die periode na 1886 tot en met die Jameson-inval, genoodsaak. Verskeie faktore soos Britse Imperialisme, die ontdekking van goud en die gevolge daarvan, die Kruger-regering se beleid oor verskeie sake en die Uitlanderkwessie het die veiligheid van die ZAR as 'n staat in die gedrang gebring. Verdere invloed om 'n staatsinligtingsdiens daar te stel is waarskynlik uitgeoefen deur dr. W.J. Leyds wat in 1884 as Staatsprokureur en in 1889 as Staatsekretaris aangestel is. Alreeds in 1888 het Leyds in die Eerste Volksraad die daarstel van 'n "geheime speurdienst" verdedig. Die persepsie wat bestaan, dat Leyds as die "vader" van die ZAR se Geheime Diens beskou kan word, kan gesteun word, alhoewel dit nie wetenskaplik in hierdie studie bewys is nie. Op grond van die belangrike ampte wat Leyds in die ZAR beklee het, die spervuur waaronder hy as fanatieke ondersteuner van die ZAR gestaan het, die eerstehandse druk wat hy moes ervaar het ten opsigte van die veiligheid van die ZAR, asook sy Duitse verbintenisse, moet dit aanvaar word dat hy beslis 'n rol gespeel het in die wandelgange en binnekringe van die ZAR om 'n geheime diens tot stand te bring. Dat hy egter direk verantwoordelik was vir die totstandkoming van die Geheime Diens, soos eietydse skrywers soos Douglas Blackburn en A.E. Heyer beweer, is moeilik om te bewys.

Die persoon wat egter die eerste stap geneem het om geheime agente aan te stel, was die Staatsprokureur, advokaat Ewald Esselen, wat in Mei 1894 in die pos aangestel is. Hy het die eerste twee geheime agente, naamlik J.W. Howcroft in Junie 1894 en G.W. Taylor, *alias* Josef, in Julie 1894 aangestel, byna 18 maande voordat die Geheime Diens formeel tot stand gebring is. Alreeds in hierdie vroeë stadium was die kenmerke van 'n tipiese geheime diens aanwesig, soos die gebruik van kodename, tussengangers en kodes in verslae en briewe. Beide Taylor en Howcroft het die *Rifle Associations* geïdentifiseer as frontorganisasies vir wapenstapelings binne die Uitlandergeledere. Die twee agente het ook anti-Krugerorganisasies effektief geïnfiltreer. Die waarde van die twee agente se verslae is daarin geleë dat die inligting wat hulle verskaf het die regering moes oortuig het dat daar veral vanaf 1894 'n

negatiewe politieke atmosfeer teen die Kruger-regering op grondvlak begin manifesteer het. Dit het later op die Jameson-inval uitgeloop het. Verder het hulle bevestig dat die regering 'n meer uitgebreide spioenasie- of inligtingsdiens benodig.

Taylor het gedurende Mei 1895 gerapporteer dat daar 'n onrusbarende toename in vuurwapens binne die Uitlandergeledere was wat veral aan die westekant van Johannesburg gestapel is. Die bedanking van Esselen as Staatsprokureur, op 14 November 1895, slegs twee maande voor die Jameson-inval, was 'n geweldige terugslag vir die geheime diens in wording. Na die bedanking van Esselen is alle speurders, geheime en gewoon onder beheer van die Kommissaris van Polisie, G.J. van Niekerk, geplaas. Met 'n eie "Chequeboek" vir Geheime Dienste binne die Kommissaris van Polisie se kantoor wat op 30 Desember 1895, dieselfde dag wat Jameson se inval begin het, in gebruik geneem is, is die onafhanklike Geheime Diens gebore. Op 31 Desember is Alfred Harry Evans, *alias* Derfla, as geheime agent aangestel. Tjaart Kruger, die Kommissaris van Polisie se sekretaris, het die Geheime Diens vanuit sy kantoor geadministreer. Die Jameson-inval het as katalisator gedien om die Geheime Diens van die ZAR sy finale beslag te gee.

Verskeie geheime agente is na die inval aangestel om ondersoek in te stel na Jameson se kommissariaatbeplanning, die politieke klimaat te monitor en gerugte van 'n tweede inval te ondersoek. Die waarde van agente se verslae in 1896 is hoofsaaklik daarin geleë dat hulle die nodige inligting verskaf het wat gewys het op die noodsaaklikheid vir die bou van forte. Van Britse kant was spioenasiebedrywighede weer aan die gang om die uitleg van die forte te bespied. Vir beide Boer en Brit was die bestaan van 'n spioenasiediens in daardie spesifieke omstandighede 'n noodsaaklike instelling.

Geheime agente is ook op die Wesgrens in Kimberley, Mafeking en Vryburg, Rhodesië - in Bulawayo en Salisbury, in Swaziland en Zululand (Kosibaai), Mosambiek - in Lourenco Marques en Beira, en in Natal vanaf 1897 geplaas. Hiermee is die buitelandse vleuel van die Geheime Diens gebore. Die diens se agente was sinvol en strategies korrek in Suider-Afrika geplaas. 'n Agent soos De la Court Schröder, wat oor die hele Suider-Afrika beweeg het, het in 1897 al op grond van sy waarnemings voorspel dat daar binne twee jaar 'n oorlog sou uitbreek en dat die

aanval uit drie fronte sou plaasvind. Schröder se opinie is deur agente soos Roedema, Vlotman en Bain ondersteun.

Die Geheime Diens het die regering en by name die Uitvoerende Raad sonder twyfel op hoogte van veral die buitelandse situasie gehou. Feitlik elke verslag van geheime agente is deur die sekretaris, P.L.A. Goldman, aan die Uitvoerende Raad voorgelê. Dit dui daarop dat die Uitvoerende Raad besondere waarde aan die Geheime Diens geheg het. Die Uitvoerende Raad, wat die dag tot dag bestuur van die ZAR waargeneem het, was dus feitlik daaglik op hoogte van verwickelinge in Suider-Afrika wat die politieke klimaat sowel as wat die beweging van wapens en Britse militêre magte betref. As gevolg van die Uitvoerende Raad se direkte betrokkenheid by die hele inligtingsproses, kon hulle maklik verdere inligtingsbehoefte aan die Kommissaris se kantoor stel wat agente dan getaak het. Die *South African League* se bedrywighede is onder andere in die jare 1896 - 1897 baie fyn gemonitor.

Gedurende 1896 het die Kommissaris van Polisie se kantoor 'n totale bedrag van £2 096 uitbetaal aan 19 verskillende geheime agente. Die bedrag het meer as verdubbel tot £5 311 wat aan 33 verskillende geheime agente betaal is. As 'n bedrag van £6 000 vir 1897 aanvaar word as die ZAR se besteding op geheime diens, teenoor die £2 000 per jaar bestee deur die Britse *Intelligence Division* in Suider-Afrika, het die Kruger-regering drie maal meer aan intelligensiewerk bestee.

Die ZAR se Geheime Diens het deur 'n stelselmatige evolusie tot by die punt gevorder waar dit as 'n diens gevestig is. Die eerste fase van bewusmaking vir só 'n diens is gestimuleer deur die Jameson-inval en die gevolge daarvan. Die volgende fase van ontwikkeling was om die informasie te ontleed en as inligting aan ander staatsdepartemente beskikbaar te stel. Hierdie punt is bereik nadat 'n minuteregister met 'n verantwoordelike persoon vir die Geheime Diens, Tjaart Kruger, in die Kommissaris van Polisie se kantoor aangestel is.

Aan die begin van 1898 het die Kruger-regering 'n gevestigde stelsel vir die insameling van inligting in die ZAR gehad. As gevolg van die dreigende onweerswolke, het daar 'n inligtingsgemeenskap ontstaan, wat noodgedwonge saamgewerk het om inligting vir die staat in te samel. Die inligtingsgemeenskap het uit verskeie komponente bestaan waarvan die Geheime Diens die belangrikste was.

Daar was egter twee negatiewe faktore ten opsigte van die Geheime Diens se ontwikkeling aan die begin van 1898 aanwesig.

Die een was dat die Eerste Volksraad die Geheime Diens se begroting vir 1897 afgekeur het omdat hulle gedink het dat dit 'n dekmantel was om meer geld vir die Speurdiens te bekom. Tydens die debat wat in 1897, en 'n latere debat wat in 1898, in die Eerste Volksraad gevoer is en waarin 'n memorie ontvang is waarin versoek is dat die begrotingspos "geheime dienste" in die Eerste Volksraad bespreek word, was die sekerheid van die Geheime Diens op die spel. Die probleem was dat al die lede van die Eerste Volksraad nog nie die fase van bewuswording vir die behoefte aan só 'n diens ervaar het nie. Deur die Geheime Diens se fondse in die openbaar te bespreek kon die klandestiene staatsinstelling ontbloot word wat die Geheime Diens sy nut en bestaansreg sou ontnem. Die Geheime Diens het die debatte oorleef sonder om as instelling ontbloot te word en die Uitvoerende Raad het voortgegaan om fondse met gereelde tussenposes vir die diens te magtig.

Die tweede faktor was kommandant-generaal Piet Joubert se negatiewe houding en kritiek teenoor die bedrae wat aan die Geheime Diens bestee is. Joubert se houding was teleurstellend omdat die Geheime Diens al hoe meer informasie van 'n suiwer militêre aard begin insamel het wat vir die Kommandant-generaal van groot waarde kon wees. Ten spyte van die Geheime Diens se verslae, wat gedui het op swaar bewapening aan Britse kant, het Joubert só laat as Augustus 1897 die aankoop van 'n verdere vier Krupp-kanonne as onnodig beskou.

In teenstelling met die negatiewe faktore was 'n gebeurtenis wat 'n besondere positiewe uitwerking op die Geheime Diens gehad het, die aanstelling van J.C. Smuts as Staatsprokureur van die ZAR in Junie 1898. Smuts het stelselmatig beheer oor beide die Speur- sowel as Geheime Diens verkry en beide dienste opgegradeer.

Die diens het tot in 1898 'n kombinasie van strategiese, ekonomiese en militêre inligting ingesamel. Die Geheime Diens se taak het in die loop van 1898 duidelik verdeel in 'n interne en 'n eksterne taak. Voortaan het informasie met 'n militêre strekking die grootste deel van agente se rapporte uitgemaak. Hierdie oorgang na 'n militêre inligtingsdiens het noodgedwonge as gevolg van omstandighede in Suider-Afrika plaasgevind. Die tyd was ryp vir die Kruger-regering om 'n aparte militêre

inligtingsdiens te skep, maar dit het nie gebeur nie en die Geheime Diens het hierdie taak bly verrig. Gedurende 1898 het die Geheime Diens 22 verskillende agente aangewend. Dit is minder as 1897 se totale aantal agente. Hierdeur moet nie afgelei word dat die diens afgeskaal of sy belangrikheid afgeneem het nie. Deur 'n natuurlike proses het agente hulleself geselekteer en met Smuts se hoër standarde het onbekwame agente van die toneel verdwyn. Knap en vernuftige agente soos J.T. Bain, D. Campbell, J.P. de la Court Schröder, M.G. Erasmus en R.M. McKnight het na vore getree.

Sedert Augustus 1899 het die Geheime Diens direk onder Smuts se beheer gekom. Hiermee het die Geheime Diens teruggekeer na sy geboorteplek, naamlik die Staatsprokureur se kantoor. In die tweede helfte van 1899 is Tjaart Kruger aangestel as hoof van die Speurdiens in die Staatsprokureur se kantoor. Kruger het ook beheer oor die Geheime Diens geneem. In Augustus 1899 het die Uitvoerende Raad £1 000 vir die Geheime Diens goedgekeur. Met die nodige fondse tot sy beskikking en met 'n Staatsprokureur wat die nodige aanvoeling vir die Speur- en Geheime Diens gehad het, was Kruger gerat vir sy taak.

Die ZAR se eie inligtingspoging sou van min waarde gewees het as die Kruger-regering se beplanning deur middel van spioenasie aan die Britse regering bekend sou word. Hierdie inligtingsbeskermingstaak van teenspioenasie of teeninligting het behels dat die Geheime Diens persone wat vir die Britse regering gespioeneer het, moes identifiseer. Die moontlikheid van dubbelagente moes ook ondersoek word. Hierdie taak het hulle al sedert 1896 uitgevoer. Saam met die *Director of Military Intelligence* was slegs 18 offisiere aan die *Intelligence Division* in die periode 1896 - 1899, toegewys. Die bedryf van teen-inligting deur die ZAR se Geheime Diens het hoofsaaklik neergekom op die identifisering van Britse spioene en spioenasieaktiwiteite veral binne die telegraafdepartement, die onderskepping van briewe en korrespondensie, die sensor van posstukke asook die infiltrasie van Britse militêre kampe.

'n Saak wat gedreig het om die Geheime Diens aan die kaak te stel, was die sogenaamde Leërkomplotsak waarin daar in Mei 1899 sewe beweerde Britse offisiere gearresteer is vir hoogverraad omdat hulle deur die *S.A. League* in diens

geneem is om 'n rebellie in Johannesburg te organiseer. Twee geheime agente, Thomas Smith en H.C. Carter, het verslae ingedien waarin aangevoer is dat 'n komplot teen die Kruger-regering beplan is waarin Uitlanders bewapen sou word en 'n aanval op die fort beplan is. Beide agente het daarin geslaag om die komplotsmeërs se geledere binne te dring en die eerste voorkoms van meeluistering binne die Geheime Diens is deur Carter uitgevoer. Die Britse regering en Engelse pers het die saak uitgebuit en voorgegee dat dit deur die Kruger-regering en sy veiligheidsdienste gefabriseer is. Smuts was in 'n dilemma om die twee geheime agente in die hof te laat getuig omdat die Geheime Diens daardeur ontbloom sou word. Die beskuldigdes is uiteindelik onskuldig bevind. 'n Nadeel van die saak was dat H.C. Carter as geheime agent in die hofsak genoem is. 'n Verdere nasleep was dat die Geheime Diens en sy hoof Tjaart Kruger in die kollig geplaas is. Dit was positief in die sin dat die anti-Krugergroeperinge in die ZAR en in Suider-Afrika kennis geneem het van die diens se werksaamhede.

Die mees uitstaande agent in diens van die Geheime Diens, wat spesiale vermelding verdien is J.P. de la Court Schröder. Met sy militêre opleiding en agtergrond, kennis en ervaring van polisiewerk, ervaring as joernalis, natuurlike aanleg as militêre strateeg en fanatieke lojaliteit teenoor die Kruger-regering, was hy ideaal geskik as agent. Schröder het sy taak professioneel benader en het primêr daarop gefokus om die aanslag teen die ZAR as 'n staat in die fynste besonderhede te ontleed. Hy het nie net gekonsentreer op militêre informasie nie, maar ook politieke, sosiale en ekonomiese informasie ingesamel. In hierdie verband het hy by die Duitse Kanselier, Otto von Bismarck, se hoof van spioenasie, Wilhelm Stieber, aansluiting gevind en was die gehalte van sy werk waarskynlik van 'n internasionale standaard. Wat sy verslae van groot waarde gemaak het was die feit dat hy alreeds sekere informasie wat hy ingesamel het, begin vertolk het. Op grond hiervan het hy alreeds in 1897 en weer aan die begin van 1898 oorlog teen Engeland voorspel en die Kruger-regering aangemoedig om vinniger te bewapen en voor te berei. Hy het sy verslae aangevul met relevante koerantuitknipsels, gedetailleerde kaarte en sketse van Britse troepebewegings en was die enigste geheime agent, op daardie tydstip, wat die kamera as tegniek gebruik het deur foto's by sy verslae in te sluit. Hy het in April 1898 selfs 'n sluipmoordkomplot teen president Kruger onthul. Met die uitbreek van die oorlog

het Schröder na die front vertrek, vermoedelik met die hoop dat al die inligting wat hy en ander geheime agente oor 'n lang periode ingesamel het, die basis van alle beplanning en operasies aan Boerekant sou vorm. Sy teleurstelling was groot nadat hy aan generaal Kock se mag toegevoeg is en hy agtergekom het dat dit nie die geval was nie. Schröder was as geheime agent sy tyd vooruit en het op 'n totaal ander vlak as die res van die geheime agente geopereer. Gedurende 1900 het Smuts hom in beheer van die Speurafdeling op die front geplaas en is hy later bevorder tot die rang van Kommandant in beheer van die polisie. Schröder se militêre inligtingsloopbaan is uiteindelik bekroon toe generaal Smuts hom as sy hoof van inligting tydens die Duits-Oos-Afrika-kampanje, gedurende die Eerste Wêreldoorlog aangewys het.

Die Geheime Diens is na die oorname deur Smuts op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog op 'n meer professionele grondslag geplaas. Dit was nodig, aangesien verslae teen September 1899, 'n maand voor die uitbreek van die oorlog, die hoofkantoor teen 'n tempo van vyf per dag bereik het. Geheime agente het kodename gekry en die Posmeester-generaal het opdrag gekry dat pos, gerig aan die Geheime Diens se posbus, nie vir sensordoeleindes oopgemaak moes word nie. Dat die gees van spioenasie mense op die vooraand van die oorlog beetgepak het, blyk uit die aantal aansoeke wat die diens ontvang het. Selfs op hierdie kritieke tydstip is daar op 'n beplande wyse geheime agente aangestel en ontplooi. In die ses weke voor die uitbreek van die oorlog is agente strategies korrek geplaas op die verskillende fronte waarop die ZAR bedreig was.

Vanaf die Natalse front het Eksteen, *alias* John, die Kruger-regering reeds op 2 Oktober 1899 aangeraai om Natal binne te val. Die hoof van die Geheime Diens, Tjaart Kruger, het saam met sy hoof, staatsprokureur Smuts, na die front vertrek. Enkele geheime agente wat op die front aangewend is, is met rewolwers uitgereik. In Desember 1899 het die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, aan die hand gedoen dat 'n aparte inligtingsafdeling met Schröder in beheer op die front tot stand gebring word. Smuts het nie die gedagte gesteun nie en met genoemde beslissing het die moontlikheid geëindig dat die Geheime Diens verder sou uitbrei in terme van aanwending op die gevegsfront. Die rede hiervoor was waarskynlik dat Smuts besef het dat betaalde geheime agente nie sou inpas en aanvaar word in die kommando-opset

nie omdat wedersydse vertroue en ander faktore 'n rol gespeel het. Verder het die Boere-krygsmag oor 'n groot aantal offisiere beskik wat nie vir hulle normale taak as bevelvoerders te velde opgewasse was nie, nog minder om 'n vreemde konsep soos 'n militêre inligtingsafdeling te aanvaar en benut. Verder het kommandobevelvoerders en veldkornette van die begin af, uit 'n natuurlike behoefte daaraan, verkenners begin aanwend om die nodige taktiese verkenning en spioenasie op die gevegsfront te doen.

Die Geheime Diens is egter vir 'n verskeidenheid take in die oorlog aangewend totdat die diens in Mei 1900 'n natuurlike dood gesterf het. Hierdie take het te make gehad met tipiese sake rondom die staat se veiligheid in 'n oorlogsituasie. Dit het ingesluit: die sensorering van nuusberigte en pos, toesig hou en dophou van verdagte persone op kommando en by grensposte, hulpverlening om posstukke en berigte deur Lourenco Marques na die buiteland te smokkel, die insameling van inligting oor moontlike sabotasiepogings in Johannesburg en omstreke, die opspoor van wegsteekplekke in myne vir wapens en ammunisie, die beveiliging van die telegraafdepartement, beheer oor persone volgens die permitstelsel en die identifisering van Britse spioene binne die ZAR se grense. In hierdie verband is nie net die Geheime Diens geaktiveer nie, maar het die totale inligtingsgemeenskap in die ZAR hulle kragte ter wille van inligtinginsameling saamgesnoer.

Kontemporêre skrywers soos Douglas Blackburn en A.E. Heyer het bygedra tot sekere persepsies wat oor die jare oor die Geheime Diens in die ZAR gevestig is. Dit is insiggewend dat Blackburn slegs 'n maand in die Geheime Diens was en Heyer nie suksesvol was in sy aansoek om in die Geheime Diens opgeneem te word nie. Beide maak dit egter duidelik dat hulle geen lojaliteit teenoor die Kruger-regering het nie. Dit kan wees dat beide van hulle uit weerwraak stellings oor die Geheime Diens in hulle boeke gemaak het. Dit is ook moontlik dat Blackburn as 'n dubbelagent opgetree het. Anders as Blackburn wat die Geheime Diens afgemaak as ongeorganiseerd, gekenmerk deur swak administrasie en beheer, hou Heyer die diens voor as 'n organisasie wat nie 'n gelyke gehad het nie en waarin Leyds saam met die Duitsers 'n komplot teen die Britse-regering beplan het.

Nadat die Geheime Diens doodgeloop het, het die verskillende verkennerskorpse die rol van verkenning en inligtinginsameling oorgeneem. Die besetting van die hoofstad,

Pretoria, op 5 Junie 1900, en die gepaardgaande ontwigting wat dit veroorsaak het ten opsigte van die staatsadministrasie in die ZAR, het nie die behoefte aan inligting weggeneem nie. Intussen het die Geheime Dienskommissie ontstaan nadat generaal Louis Botha vir J.J. Naudé, na die inname van Pretoria, versoek het om agter te bly en hom gereeld van inligting te voorsien. Naudé was nooit lid van die Geheime Diens nie en moes op sy eie aanvoeling staatmaak om die diens te lewer. Intussen het dr. W.J. Leyds, as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister in Europa, 'n belangrike rol gespeel rondom die in- en uitsmokkel van boodskappe en krygsvoorrade na die Boeremagte. Leyds het ook sy eie geheime agente soos Bas Veth in Europa gehuur en aangewend.

Die Geheime Diens het in terme van die definisie van só 'n staatsinstelling aan al die vereistes voldoen. Nie net is daar in die geheim inligting van 'n politieke, ekonomiese en militêre aard ingesamel nie, maar al die ander kenmerke van só 'n organisasie, naamlik die gebruik van kodewoorde, kodename, tussengangers en geheimhouding was aanwesig. In die praktyk het geheime agente daarin geslaag om organisasies te infiltrer, te penetreer en teeninligting te bedryf. Die Geheime Diens was, wat inligtinginsameling aanbetref, suksesvol om die Kruger-regering deurlopend op hoogte te hou van komplotte wat gesmee is, die politieke klimaat wat in Suider-Afrika geheers het en die bewapening van die Britse magte in die streek. In hierdie verband het die Geheime Diens uit die staanspoor op die regte fronte gekonsentreer wat die opbou en verspreiding van militêre magte en uitrusting aan betref sodat die Kruger-regering 'n volledige beeld van die vyand se slagorde en stand van gereedheid gekry het om sodoende die mees belowende strategieë en die mees geleë oomblik vir 'n oorlogsverklaring te kon kies. Wat teeninligting aan betref het die Geheime Diens se optrede die Uitlanders in so 'n mate beïndruk dat dit hulle in bedwang gehou het. Tydens die oorlog self het die Geheime Diens 'n paar belangrike take in Natal, op die Witwatersrand en Pretoria en op die Lourenco Marques-roete verrig.

Die Geheime Diens het egter nie ontwikkel tot die volwaardige organisasie wat dit verdien het om te wees nie. Ten spyte van die belemmerende faktore soos die Kommandant-generaal se houding teenoor die diens, die gebrek aan begrip en waardering vir die werk van die diens by sommige lede van die Eerste Volksraad,

strek die gehalte van inligting wat die Geheime Diens gelewer het staatsamptenare soos Leyds, Esselen, Tjaart Kruger en Smuts, asook geheime agente soos G.W. Taylor *alias* Josef, De la Court Schröder, M.G. Erasmus en vele ander, tot eer.

BYLAAG 1

LYS VAN NAME EN KODENAME VAN GEHEIME AGENTE¹ VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCH REPUBLIEK²

NAAM ³	KODENAAM ⁴	DATUM IN DIENS ⁵
Adendorf J.T.		20.8.1897
Bain J.T.		9.1.1896
Basson H.O.		13.9.1898
Blackburn D. (Douglas) ⁶		8.5.1899
Boshoff J.N.		7.7.1897
Bosman J.S.		24.4.1900
Botha Van Vuuren P.J. ⁷		25.11.1896
Brant F. (Frank)	Carel van Zyl	28.12.1895
Bright H.T.		19.8.1898
Brooke Mrs. ⁸		21.12.1896
Brugman A.P.		12.10.1897
Brummer C.J.		23.12.1897
Busehinger J.		21.11.1898
Campbell D. (Donald)		6.7.1898
Carter H.C. ⁹		7.4.1899
Celliers J.S. (Jan Stephanus)	Jan	22.8.1899
Clegg T.		21.5.1899

-
- 1 Slegs name van geheime agente wie vergoed is uit die Geheime Diens se rekening hetsy op 'n onafgebroke of afgebroke basis of wie verslae ingestuur het, word hier getoon. Speurders se name is dus uitgesluit behalwe waar 'n speurder óf tydelik óf permanent in diens van die Geheime Diens geneem is.
 - 2 Hierdie lys is hoofsaaklik saamgestel uit gegewens verkry uit die volgende bronne: SP 903, Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 tot 26.7.99, SP 858 Speurpolisie Voorskotboek 1899-1900, SP 902, Polisie Kassaboek Geheime Dienst 1895-1899, SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1902, SP 871, Speurpolisie Register 1899-1900.
 - 3 Waar die volle name van agente in hakies aangedui word, is die gegewens verkry uit die volgende dokument: SP 872 Speurpolisie Ede 1895-1900.
 - 4 Slegs geheime agente aan wie kodename toegeken is, se kodenaaam word getoon.
 - 5 Waar daar nie 'n aanstellingsdatum bekend is nie, word datums op verslae en vroegste of eerste uitbetalings aan die spesifieke geheime agent as 'n riglyn gebruik.
 - 6 Vir verdere besonderhede in verband met Douglas Blackburn sien Hoofstuk 7.
 - 7 Word normaalweg geskryf as P. Botha.
 - 8 Hierdie is een van twee vroue vir wie daar bewyse bestaan dat sy vergoed is uit Geheime Diensfondse. Dit is moontlik dat sy deur J.G. Malcolm as informant gebruik is. Twee ander persone wie se name in verband met haar vergoeding ontvang het was Charles Edward en Cornelis Ruiter beide vir "cabhuur re Mrs Brooke geh dienste". (Sien SP 903 Kwitansies no. 76, 77 en 78).
 - 9 Vir verdere besonderhede in verband met H.C. Carter en die Leërkomplotsaak sien Hoofstuk 6.

Coetzee J.H. (Jacobus Hendrik)		21.9.1899
Cohen T.H.		6.4.1899
Cohen S (Sam)		10.7.1899
Daniell ¹⁰ C. (Charles)		14.6.1897
Dargon C.E.		9.10.1899
De Bruijn J.M. (Johannes Marius)	T. Jones	18.8.1899
De Bruyn H.W.		15.2.1899
De Courcy F.A.		22.3.1900
De Jager I.W. (Ignatius Wilhelmus)	I. Willemse	8.9.1899
De Klerk E.W.		24.4.1899
De la Court Schröder J.P. ¹¹		2.6.1897
Dickens A.J.		8.4.1897
Donovan L.B.		18.12.1896 ¹²
Donovan J.J. (John Joseph)		25.11.1899
Dorey T.W. (Thomas William)		6.10.1899
Du Toit M (Michael)	Mike	28.9.1899
Du Toit H.S. (Heinrich)	Henrij	28.9.1899
Du Plessis G. (George)	George	1.10.1899
Eijbers P.C.		21.8.1899
Eksteen J.P. (Johannes Paulus)	John	25.5.1900
Emmett E.C. (Edwin Cheere)		17.5.1897
Erasmus M.G. (Michael George)	McGregor, Mitchiel	16.4.1898
Erwin L. (Lawrence)		8.3.1897
Evans A.H. (Alfred Harry)	Derfla, A. Snave	31.12.1895
Everitt H. (Herbert)	Bertie	15.2.1900
Faure D.F.		18.5.1898
Ferreira P.R.		15.11.1897
Fraser H.H. (Hugh Henry)	Hugh Henry	29.8.1899
Gaum B.		23.9.1899
Geeringh W.M.		12.10.1897
Goosen C.J.		28.3.1896
Hardy J.		27.10.1899
Herlihy J (John)	Shine, John	17.8.1899
Heystek A.A.		12.7.1897
Howcroft J.W. ¹³		25.6.1894

10 Daniell se van is op verskillende wyses gespel. Aanvanklik is dit gespel: Daniels (Sien SP 903, kwitansie no. 40, 20.1.1896) en kort hierna is dit redelik konstant gespel Daniell (Sien SP 903, kwitansie 56, 1.9.1896).

11 Vir verdere besonderhede oor Schröder dien Hoofstuk 7.

12 Dit wil voorkom asof L.B. Donovan as speurder vanaf die Speurdepartement in diens van die Geheime Diens was. Anders as met geheime agente word die afkorting "Det" (detectief) voor sy naam geskryf. Vanaf April 1897 was hy in diens van die Geheime Diens. Sien SP 880. Los blad in lêer vir L.B. Donovan met aantekening: "In Dienst 8.4.1897".

Jacobsohn F.A.		1.5.1900
Jackson J.W.		16.8.1897
Jones J. (Jack)		29.4.1899
Jones W.H.		1.10.1897
Keyser C. ¹⁴		1.2.1896
Kruger P.G.W.		20.5.1896
Ledeboer L.H.		23.12.1897
Malcolm J.G.		4.12.1896
Marais P.J.		13.4.1898
Matthews G.		12.7.1899
McCristal E.E. ¹⁵		
McKnight R.M.		19.10.1898
McNab ¹⁶		14.7.1899
Mentz H. (Hendrik)	Harry	23.5.1900
Montgomery M. (Montague)		24.2.1896
Neumann J.T.		24.1.1896
Nieuwenhuizen Mev ¹⁷		17.5.1900
Oliphant A.		17.11.1896
Olivier J.E.		17.7.1899
Olivier F.E.		13.11.1897
Poole J.E. ¹⁸		28.3.1898
Popham L.J.		17.5.1897
Pelser W.J. ¹⁹		5.5.1899
Pretorius D.		31.9.1899

-
- 13 J.W. Howcroft was die eerste geheime agent wat advokaat E. Esselen as Staatsprokureur in diens geneem het.
- 14 TAB, URN(Geheim), Artikel no.1, 15.1.1896. Keyser se aanstelling "als geheim agent" teen £25 per maand vir drie maande in Johannesburg is deur die UR gemagtig. Hy is egter nie uit die normale Geheime Diensrekening besoldig nie.
- 15 SP 871, p. 15. Geen datum van aanstelling kan gevind word nie. Dit moes in 1899 gewees het.
- 16 TAB, URN(Geheim) no. 25, 14.7.1899. Inskrywing in register: "Tydelike aanstelling van den Heer McNab als geh. agent.
- 17 SP 864, Speurpolisie Kassaboek 1899-1900 p. 20. 'n Inskrywing in die kasboek gemaak op 17 Mei 1900 dui aan dat sy 'n bedrag van £10 as salaris vir April-maand ontvang het.
- 18 SP 805, DDM 221/96, 20.3.1896. J.E. Poole was aan die begin van 1896 die assistent-hoofspeurder van Johannesburg.
- 19 SP 817, Skrywe W.J. Pelser - Kommissaris van Polisie, 5.5.1899. Slegs een verslag van Pelser is opgespoor waarin hy versoek dat fondse uit "de geheime dienste" aan hom beskikbaar gestel word om op die Witwatersrand onder die myners spioenasiewerk te doen. Daar is vir die eerste keer in Augustus 1899 'n bedrag van £10 aan hom uitbetaal vir sy werk. (Sien SP 902, p. 42).

Reyneveld H.R.		11.2.1898
Rhurhs F.W.		4.12.1896
Roberts T. ²⁰ (Tom)		2.11.1896
Roedema J.		17.11.1896
Rothchild T.		3.2.1900
Ruskins D.		

Sales A.		6.5.1898
Schlomer S.		
Schuurman K.		7.2.1899
Sheppard C.J.		15.1.1896
Smit D.A.		30.11.1898
Smith A.A.		4.9.1897
Smith J.J. (John Jacobus)		3.4.1899
Smith T. (Thomas)	Bruno	23.2.1899
Spaarwater P. (Pieter)	Pieter	27.9.1899
Springle J.K.	Stirling	3.4.1899
Stoop A.A.		15.11.1897

Taylor G.W. ²¹	Josef	30.12.1895
Theron B.		18.1.1897

Ueckerman E.W. (Ernest)		14.4.1899

Van der Berg W.D.		31.1.1896
Van der Bijl P.G.Z.		21.2.1896
Van der Merwe D.S. ²²		29.6.1896
Van der Merwe S.F.		13.11.1897
Van Reyneveld H.R.		11.2.1898
Van Zweigbergh G. (Gustav)		12.12.1896
Veilly J.E. ²³		21.2.1898
Verseput H.W.A.		22.10.1897
Viljoen J.A.		18.11.1899
Vlotman A.C. (Anthonie Christoffel)		6.5.1897
Vos J.A.		2.4.1900

20 SP 882, Verslag T. Roberts - Kommissaris van Polisie, 2.11.1896. Roberts was waarskynlik 'n speurder wat deur die Kommissaris van Polisie gebruik is om Geheime Dienswerk te doen aangesien daar geen bewyse in die Geheime Diens boekhoustelsel gevind kon word dat hy daaruit vergoed is nie.

21 Sien Hoofstuk 1 vir verdere besonderhede.

22 TAB, URN(Geheim), Artikel 34, 29.6.1896 en Artikel 38, 8.7.1896. D.S. van der Merwe is vergoed vir "geheime ontdekkingen te Johannesburg" wat hy gemaak het. Dit was vir 'n Maxim kanon wat hy in Johannesburg gevind het.

23 SP 884, GCPM 18/98, J.E. Veilly - D.E. Schutte (Kommissaris van Polisie), 21.2.1898. Veilly was 'n Ier wat vrywillig as 'n weldoener verslae ingestuur het in 'n poging om in diens geneem te word. Hy het wel 'n eenmalige betaling van £20 ontvang vir sy diens. (SP 902, p. 26).

Waldeck J.		8.3.1897
Walker A.C.		2.9.1899
Wallach J (Joe)	Joe Jackson	14.9.1899
Wallach W. (William)		3.4.1900
Waterton G.		27.5.1899
Watson W.		25.2.1896
Weeber M.C.		1.6.1897
Willamore J.		19.9.1899
White F.		20.11.1896

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE

I. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

1. Argief van die Staatsprokureur (SP)

A. Hoofkantoor

Inkomende Stukke

Band 58 Minutes 1/94 - 38/94, 2/01/94 - 2991/94, 53/94 - 5294/94.
Band 59 Minutes 1/95 - 500/95.
Band 61 Minutes 100/95 - 1500/95.
Band 81 Minutes (Geheim) 1895.
Band 123 Minutes (Geheim) 1/96-123/96, 1896.
Band 193 Minutes (Geheim) 1898.
Band 221 Minutes 9951/99 - 10283/99, Geheime Minutes 1/99 - 143/99.
Band 228 Minutes Geheime 2451/00 - 2759/00.
Band 236 Minutes (Geregistreerd) 1886-1890.
Band 237 Ongeregistreerde Minutes 1891-1893.
Band 238 Ongeregistreerde Minutes 1867-1900.
Band 239 Minutes Ongeregistreerd 1899-1900.
Band 280 Register Geheime Minutes 1894-1900.

Uitgaande Stukke

Band 462 Kopieboek - Uitgaande Briewe (Geheim) 1894-1897.
Band 464 Kopieboek - Uitgaande Briewe (Geheim) 1896-1898.
Band 465 Kopieboek - Uitgaande Briewe (Geheim) 1898-1900.

B. Speurpolisie

Inkomende Stukke

Band 806 Minutes 1896-1897.
Band 807 Minutes 1897.
Band 808 Minutes 1898.
Band 809 Minutes 1898.
Band 810 Minutes 1899.
Band 811 Minutes 1899.
Band 812 Minutes 1898.

Band 814 Minutes 1900.
 Band 815 Minutes 1900.
 Band 816 Ongeregistreerde Minutes 1895-1898.
 Band 830A Minute Registers.
 Band 817 Ongeregistreerde Minutes 1899-1900.
 Band 818 Minutes (Geheim) 1899.
 Band 818A Minutes (Geheim) 1899-1900.
 Band 831 Minute Register.
 Band 835 Minute Register (Geheime) 1899-1900.
 Band 840 Kontroleboek 1899-1900.
 Band 843 Kontroleboek 1900.

Uitgaande Stukke

Bande 844-846 Brieweboeke 1895-1900.
 Band 849 Brieweboek 1899-1900.
 Band 852 Brieweboek 1899-1900.
 Band 854 Brieweboek Telegramme 1895.
 Band 855 Brieweboek (Telegramme) 1895-1900.

Finansiele Stukke (857-865)

Band 858 Voorskotboek 1899-1900.
 Band 861 Register van Uitgawes 1896-1898.
 Band 863 Kassaboek 1899.
 Band 864 Kassaboek 1899-1900.
 Band 865 Diverse Finansiele Stukke 1895-1900.
 Band 868 Lys van Speurpolisie aangestel 1896-1899.

Diverse

Band 871 Speurpolisie Register 1899-1900.
 Band 872 Ede 1895-1900.
 Band 879 Minutes (Ongeregistreerd) 1895-1900.

C. Polisie

Inkomende Stukke

Band 880 Ongeregistreerde Stukke 1890-1900.
 Band 881 Ongeregistreerde Stukke 1890-1900.
 Band 882 Minutes (Geheim) 1895-1900.
 Band 883 Minutes (Geheim) 1895-1900.
 Band 884 Minutes (Geheim) 1898.

Band 885 Minutes (Geheim) 1900.
 Band 887 Minuteregister (Geheim) 1895-1899.
 Band 888 Minuteregister (Geheim) 1899-1900.
 Band 889 Indeks op Minuteregister
 Band 891 Indeks op Minuteregister 1899-1900.

Uitgaande Stukke

Band 892 Brieweboek (Geheim) 1895-1899.
 Band 893 Brieweboek (Geheim) 1899-1900.

Diverse

Band 902 Kassaboek Geheime Dienst 1895-1899.
 Band 903 Geheime Diensten Chequeboek 30.12.95 - 26.7.99.

2. Argief van die sekretaris van die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek (UR)

Indeks op Geheime Uitvoerende Raadsbesluite. Band 122.

3. Argief van die sekretaris van die Eerste Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek(EVR)

Volksraadsnotules. Bande 42, 108, 109, 118, 131, 145

4. Argief van die Staatsekretaris (SS)

Band 6635 Inkomende Stukke, 1897.
 Band 6861 Inkomende Stukke, 1897.
 Band 8427 Oorlogstukke, 1900.

5. Argief van die Kommandant-Generaal 1880-1900 (KG)

Band 450 Geheime Inkomende Stukke 1895-1900
 Band 451 Geheime Inkomende Stukke 1899-1900

6. Argief van die Ouditeur-Generaal (AG)

Band 317 Register van Uitgawes: Spesiale 1896-1900

7. Argief van die Britse Agent (BA)

Band 20 Correspondence.
 Band 21 1899.
 Band 25 1898, 1899.

8. Dr. W.J. Leyds Argief.

Band 679 Kopieë Geheime Notule 1895-1898

Band 680 Kopieë Geheime notule 1899 Feb.

Band 681(A) Uitvoerende Raad Kopieë Geheime notule.

II. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

Jeppe, F. (Red.), De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afr. Republiek benewens de Proclamaties van ZHed. den Staatspresident en de belangrijke Governments-Kennisgevingen gedurende de jaren 1890, 1891, 1892 en 1893. (Staatsdrukker, Pretoria, 1894).

Notulen van den Eerste Volksraad der Z.A. Republiek. 1896, 1897, 1898. (Staatsdrukker, Pretoria).

III. KOERANTE, TYDSKRIFTE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES

Koerante

Black and White Budget, Transvaal Special no's: 1-4, 1899, 1900.

De Volksstem, 1897, 1898.

Die Beeld, 1999.

Standard and Diggers' News, 1897, 1898.

Sunday World, 1999.

The Daily Telegraph, 1999.

The Press, 1899

The Star 1890, 1897, 1898, 1899.

The Transvaal Leader, 1899.

IV. ONGEPUBLISEERDE WERKE (REFERATE, LESINGS, VERSLAE EN ONDERSOEKE)

Barnard, L.D., Nasionale intelligensiewerk in internasionale verhoudinge, C.R.Swart - Lesing no. 16/1983, UOVS, 1983.

Henshaw, P., The 'key to South Africa' in the 1890s: Delagoa Bay and the origins of the South African War, Unisa Library conference, 3-5 August 1998.

Van Niekerk, L.E., Huldeblyk aan dr.W.J. Leyds gelewer by geleentheid van die onthulling van 'n borsbeeld van dr.W.J. Leyds by die Nasionale Intelligensie Akademie, Pretoria, 12.8.1987.

V. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

Benade, H.J., *Die strafregtelike aspekte van spioenasie*, (D. Legum, Unisa, 1990).

Beyers, C.J., *Die Kaapkolonie en die Jameson-inval*, (MA, US, 1951).

- Bitensky, M.F., *The South African League: British imperialist organisation in South Africa 1896 to 1899*, (MA, UW, 1950).
- Coetsee, A.G., *Die beleid van President Kruger (1897-1899) met betrekking tot die onafhanklikheid van Transvaal*, (MA, Unisa, 1936).
- Du Plooy, W.J., *Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895-1896*, (MA,UP,1958).
- Eloff, C.C., *Die Oranje-Vrystaat en Basoetoland 1884-1902: 'n verhouding-studie*, (D.Phil., UP, 1982).
- Grimbeek, C.L., *Die wedersydse beoordeling van Boer en Uitlander 1886-1899*, (MA, RAU, 1969).
- Grobler, P.J.H.S., *Die geskiedenis van die poswese van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D.Phil, Unisa, 1956).
- Monster, R., *Die industriële kommissie van ondersoek in 1897 en sy politieke betekenis*, (MA, PUCHO, 1966).
- Pyper, P.A., *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*, (MA, PUCHO, 1960).
- Rademeyer, J.I., *Die oorlog teen Magato (M'pefu)*, (MA, UP, 1943).
- Rhodie, D.O., *Die Johannesburgse "Reform Committee" 1895-1896*, (M.A., UP, 1958).
- Roos, J.C., *Johannesburg en die Tweede-Vryheidsoorlog Oktober 1899-Mei 1900*, (D.Litt., UOVS, 1949).
- Steenkamp, W.P., *The intelligence function of the political system*, (DEdPhil, Unisa,1993).
- Stemmet, F.J., *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede-Vryheidsoorlog*, (MA, PUCHO, 1973).
- Strauss, S., *Beriggewing in De Volksstem en The Star gedurende die tydperk 1896 tot 1899 oor gebeurtenisse wat gelei het tot die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902: 'n Kritiese metodologiese analise*, (MA, UP, 1964).
- Tempelhoff, J.W.N., *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg 1886-1899*, (D.Litt et Phil, Unisa, 1989).
- Twyman, L.J., *Paul Kruger en Johannesburg 1886-1895*, (MA, PUCHO, 1964).

Van Heerden, J.J., *Die Kommandant-Generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (D.Litt., UP, 1949).

VI. ARTIKELS IN PERIODIEKE PUBLIKASIES

Bergh, J.S., Die vestiging van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot 1840, *Historia*, 37(2), 1992.

Grey, S., Douglas Blackburn - Unknown Writer, Unknown Work, *Unisa English Studies*, 14(1), April 1976.

Grobler, H., The 'Young Afrikaners' Jan Smuts and Piet Grobler during the months of storm and stress (January-October 1899), *Historia*, 44(1), Mei 1999.

Grobler, J.E.H., Militêre verset teen Britse bestuur: Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881, *Historia*, 25(2), 1980.

Ploeger, J.W., Die Fort te Johannesburg, *Militaria*, vol. 5(3), 1972.

Pretorius, F., Die Eerste Dryfjag op Hoofkmdt. C.R. de Wet *Christiaan de Wet-Annale* 4, Oktober 1976.

Pretorius, F., 'n 'Broederskap van selfopoffering en diens?' Verhoudinge tussen die burgers op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. *Historia*, 34(2), 1989.

Reynecke G.J., Die Argief van die Staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, *S.A. Argiefblad*, 10, 1968.

Rosenthal, E., Geheime Diens, *Nongqai*, Augustus 1927.

Saker, H en Aldridge, J., The origins of the Langeberg Rebellion, *Journal of African History*, XII, 2, 1971.

Shum M., The content of the form: Romance and realism in Douglas Blackburn's *Leaven*, *English in Africa*, vol. 21 no's: 1 & 2, Julie 1994.

Snyman, P.H.R., Die Langeberg-rebellie en die totstandkoming van Olifantshoek, *Contree*, vol. 20, Julie 1986.

Van Den Bergh, G.N., Secret Service in the South African Republic 1895-1900, *Krygshistoriese Tydskrif*, 3(3), 1974.

Van Niekerk, L.E., Dr. W.J. Leyds se Geheime Oorlogsbedrywighede, *Historia*, 23(1), 1978.

Wessels, A., Die oorlogsherinneringe van Kommandant Jacob Petrus Neser, *Christiaan de Wet Annale*, 7, 1987.

VII. REGERINGSPUBLIKASIES

Britse Blouboeke:

Cd.1789. Report of His Majesty's Commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa (London, 1903).

Cd.1790. Minutes of evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa, Volume 1, 1903.

C. 3947. Correspondence respecting the Convention concluded with the South African republic on the 27th February 1884, 1884.

C. 7933. Correspondence on the subject of the Recent disturbances in the South African republic, 1896.

C 9521. Further correspondence relating to political affairs in the South African Republic. (London, 1899).

ZAR Groenboeke

1/96. Correspondentie van De Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot De Beroeringen in den aanvang van 1896. (Pretoria, Staatsdrukker, 1896).

Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898, 1899. Rapport van den Commissaris van Politie over het jaar 1898. (Pretoria, Staatsdrukker, 1899).

Jeppe, C. (red.), The Statute Law of the Transvaal, 1839-1910, Vol. IV Chronological Table (1839-1910). (Pretoria, Staatsdrukker, 1911).

VIII. ENSIKLOPEDIË, ALMANAKKE, WOORDEBOEKE EN JAARBOEKE

Anon., *Longland's Pretoria Directory for 1899*, (Herdruk deur die Staatsbiblioteek, Pretoria, 1979).

Kruyskamp, P. (Red.), Van Dale, *Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*, (Nederland, 'S-Gravenhage Martinus Nijhoff, 1956).

Potgieter D.J. (Red.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*. (Kaapstad, 1970).

Schoonees, P.C., (Hoofred.), *Die Afrikaanse Woordeboek, III*, G. (Pretoria, Staatsdrukker, 1957).

IX. GEPUBLISEERDE WERKE

- Abercrombie, H.R., *The secret history of South Africa or sixty-five years in the Transvaal*. (Pretoria, CNA, 1951).
- Amery L.S., *The Times History of The War in South Africa 1899-1902, Vol. I, II*. (London, Sampson Low, Marston and Company, Ltd, 1902).
- Anon, *Handboek oor militêre inligting*. (Pretoria, AMI, 1974).
- Anon, *The memoirs of Paul Kruger*. (Londen, T. Fisher Unwin, 1902).
- Andrew, C., *Secret Service: The making of the British Intelligence community*. (London, Heinemann, 1985).
- Backeberg, H.E.W., Die betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en Duitsland tot na die Jameson-inval 1852-1896, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 12(1). (Staatsdrukker, Pretoria, 1949).
- Baden-Powell, R., *My adventures as a spy*. (London, C. Artkin Pearson Ltd, 1915).
- Barring, L., *Geheime agente en spioene*. (Kaapstad, Tafelberg, 1970).
- Bester R., *Boer rifles and carbines of the Anglo-Boer War*. (Bloemfontein, War Museum, 1994).
- Beyers, C.J. en Basson J.L. (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, V*, (Pretoria, RGN, 1987).
- Blackburn, D., *Kruger's secret service*. (London, John Macqueen, 1900).
- Blackburn, D. & Caddel W.W., *Secret service in South Africa*. (London, s.n., 1911).
- Bidwell, B.W., *History of the military Intelligence Division, department of the Army General Staff: 1775-1941*. (Maryland, University Publication of America, Inc., 1986).
- Brandt, J., *Die Kappie kommando of Boerevrouwen in geheime dienst*. (Amsterdam, J.Dusseau & Co., 1913).
- Breytenbach, J.H., *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, I: Die Boere-offensief, Okt.- Nov. 1899*. (Pretoria, Die Staatsdrukker, 1969).
- , *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, II: Die Eerste Britse Offensief*. (Pretoria, Die Staatsdrukker, 1971).
- , *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902, III: Die Stryd in Natal*. (Pretoria, Die Staatsdrukker, 1973).

- , J.H. *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, VI: Die Beleg van Mafeking tot met die Slag van Bergendal*. (Pretoria, Die Staatsdrukker, 1996).
- Bredell, H.C. en P. Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger*, (Pretoria, Van Schaik, 1974).
- Butterfield, P.H., *Centenary: The first 100 years of English Freemasonry in the Transvaal 1878-1978*. (Johannesburg, Ernest Stanton Publishers, 1978).
- Cammack, D., *The Rand at war 1899-1902: The Witwatersrand & the Anglo-Boer War*. (London, James Curry, 1990).
- Cameron, T., *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. (Kaapstad, Human & Rousseau, 1986).
- Carruthers J. e.a. (Reds.), *The Jameson Raid: A centennial retrospective*. (Johannesburg, The Brenthurst Press, 1996).
- Colvin, I., *The Life of Jameson I en II*. (London, Edward Arnold & Co., 1922).
- Cohen, L., *Reminiscences of Johannesburg and London*. (London, Holden, 1924).
- Davey, A., *The British pro-Boers 1877-1902*. (Cape Town, Tafelberg, 1978).
- Davidson, A, en Filatova, I., *The Russians and the Anglo-Boer War*. (Kaapstad, Human & Rousseau, 1998).
- Davitt, M., *The Boer fight for freedom*. (New York en London, Funk & Wagnalls Company, 1902).
- Deacon, R, *A History of the Chinese secret service*. (London, Frederick Muller Limited, 1974).
- De Jong R.C., Van Der Waal. G.M., Heydenrych D.H., *NZASM 100: The buildings steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*. (Pretoria, Chris van Rensburg Publications, 1988).
- De Kock, W.J., (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, I*, (Kaapstad, Tafelberg, 1968).
- De Kock, W.J., Krüger, D.W., (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, II*, (Kaapstad, Tafelberg, 1972).
- Doyle, A.C., *The Great Boer War*. (Johannesburg, Scripta Africana Series, 1987).
- Engelenburg, F.V. en Preller, G.S., *Onze krijgs-officiëren: Album van portretten met levens-schetsen der Transvaalse generaals en kommandanten*, (Pretoria, De Volksstem, 1904).

- Farago, L., *War of wits: The anatomy of espionage and intelligence*. (New York, Funk & Wagnalls Company, 1954).
- Fergusson, T.G., *British military intelligence 1870-1914: The development of a modern intelligence organization*. (London, Arms and Armour Press, 1984).
- Fitzpatrick, J.P., *The Transvaal from within: A private record of public affairs*. (London, Heinemann, 1899).
- Garrett, F.E., *The story of an African crisis*. (London, Archibald and Co, 1897).
- Goldmann, C.S., *The financial, statistical and general history of the gold & other companies of Witwatersrand, South Africa*. (London, Argus printing, 1892).
- Gooch, J., *The plans of war: The General Staff and British military strategy c. 1900-1916*. (London, Routledge & Kegan Paul, 1974).
- Gordon, C.T. *The growth of Boer opposition to Kruger (1890-1895)*, (Kaapstad, Oxford University Press, 1970).
- Gottschalk, L., *Understanding history: A primer of historical method*. (New York, Alfred Knopf, 1968).
- Grundlingh, A.M., *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasional en die verskynsel van verraad*, (Pretoria, HAUM, 1979).
- Gudgin, P., *Military intelligence: The British Story*. (London, Arms and Armour Press, 1989).
- Hancock, W.K. en Van der Poel, J., *Selections from the Smuts Papers, Volume 1, June 1886-May 1902*. (Cambridge, University Press, 1966).
- Haswell, J., *British military intelligence*. (London, Weidenfeld & Nicolson, 1973).
- Headlam, C., *The Milner Papers South Africa 1897-1899, Vol I en Vol II*. (London, Cassel & Company, 1931).
- Heyer, A.E., *A brief history of the Transvaal secret service system*. (Cape Town, Wm. Taylor, 1899).
- Higginson, F.B., *Boer atrocities: The Pretoria lunatic asylum and its inmates. Mr. F.B. Higginson's statement. A terrible indictment against the Transvaal government*. (Cape Town, Wm Taylor, 1899).
- Hofmeyr, N.J., *De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval*. (Amsterdam, Jacques Dusseau & Co., 1896).
- Jooste G., Oosthuizen A., *So het hulle gesterf, Gedenkboek van teregstellings van Kaapse Rebelle en Republikeinse burgers tydens die Anglo-Boereoorlog 1899- 1902*. (Pretoria, J.P. van der Walt, 1998).

- Keppel-Jones, A., *Rhodes and Rhodesia The white conquest of Zimbabwe 1884-1902*. (Pietemarienburg, University of Natal press, 1983).
- Kitchen, M. *The German officer corps 1890-1914*. (Oxford, Clarendon Press, 1968).
- Kleynhans, W.A., *Volksregering in die Zuid-Afrikaanse Republiek: Die rol van memories*. (Pretoria, J.L. van Schaik, 1966).
- Koss, S., *The Pro-Boers: The anatomy of an antiwar movement*. (Chicago, The University of Chicago Press, 1973).
- Krüger, D.W., *Die ander oorlog, Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, Publikasienommer 49*. (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1974).
- , *Die Krugermiljoene*, (Johannesburg, Perskor, 1979).
- , *Paul Kruger, I en II*. (Johannesburg, Dagbreek, 1961).
- Krüger, D.W., Beyers, C.J., (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, III*. (Kaapstad, Tafelberg, 1977).
- Kruger, R., *Good-bye Dolly Grey: A history of the Boer War*. (London, Mentor, 1967).
- Lange J.M., *Die gedenkskrifte van Paul Kruger*. (Pretoria, J.L. van Schaik, 1947).
- Lee, E., *To the bitter end: A photographic history of the Boer War 1899-1902*. (London, Guild Publishing, 1985).
- Levi, N., *Jan Smuts: Being a character sketch of Gen. The Hon. J.C. Smuts, K.C., M.L.A., Minister of Defence Union of South Africa*. (London, Longmans, Green and Co., 1917).
- Leyds, W.J., *Het insluiten van de Boeren-Republieken I en II*. (Amsterdam, J.H. de Bussy, 1914).
- Malan, J., *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*. (Pretoria, J.P. van der Walt, 1990.).
- Mann, M.M., *The truth from Johannesburg*. (London, Hutchinson and Co., 1896).
- Marais, J.S., *The Fall of Kruger's Republic*, (Oxford, Clarendon Press, 1916).
- Maurice, F., *History of the War in South Africa 1899-1902, vol. 1*. (London, Hurst and Blackett Ltd, 1906).
- McCracken, D.P., *The Irish Pro-Boers*, (Johannesburg, Perskor, 1898).

- Meijer, J.W., Dr. H.J. Coster 1865-1899, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 52, 1989, (Staatsdrukker, Pretoria, 1989).
- Meintjes, J., *The Commandant General*, (Kaapstad, Tafelberg, 1971).
- Mostert, D., *Slegtkamp van Spioenkop: Oorlogsherinneringe van Kapt. Slegtkamp*. (Kaapstad, Nasionale Pers Bpk, 1945).
- Mouton J.P. *Generaal Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis*, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 20(1), 1957, (Staatsdrukker, Pretoria, 1957).
- Murphy, B., *The business of spying*. (London, Milton House Books, 1973).
- Newman, B., *Spy and Counter-Spy: Bernard Newman's story of the British secret service*. (London, Robert Hale, 1970).
- Nasson, B., *Abraham Esau's war: A black South African in the Cape, 1899-1902*. (Cambridge, Cambridge University Press, 1991).
- Nieuwoudt, C.F., *Die ontstaan en ontwikkeling van die uitvoerende gesag in die Zuid-Afrikaansche Republiek*. (Kaapstad, HAUM, 1964).
- Norman, B., *Secret Warfare: The Battle of codes and ciphers*. (Newton Abbit, David and Charles, 1973).
- Oberholster, A.G. (Red.), *Dagboek van H.C. Bredell 1900 - 1904*. (Pretoria, RGN, 1972).
- Oosthuizen, A.V., *Rebelle van die Stormberge: Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*. (Pretoria, J.P. van der Walt, 1994).
- Packenham, T., *The Boer War*. (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 1979).
- Pieterse, D.J., *Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal 1836-1886*, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 6, 1943. (Staatsdrukker, Pretoria, 1943).
- Ploeger, J., *Die Fortifikasie van Pretoria, Fort Klapperkop - Gister en vandag*. (Pretoria, Staatsdrukker, 1968).
- , *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, deel 1*. (Pretoria, Staatsargiefdiens, 1990).
- , *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, deel 2*. (Pretoria, Staatsargiefdiens, 1990).
- , *Nederlanders in Transvaal 1850-1950*. (Pretoria, J.L. van Schaik, 1994).

- Potgieter, F.J., *Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886). Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 21(2), 1958. (Staatsdrukker, Pretoria, 1958.)
- Porter, A.N., *The origins of the South African War: Joseph Chamberlain and the diplomacy of imperialism 1895-99*. (Manchester, Manchester University Press, 1980).
- Pretorius, F., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. (Kaapstad, Struik, 1998).
- , *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. (Kaapstad, Human & Rousseau, 1991).
- Regan, W.F., *Boer and Uitlander*. (London, Digby Long & Co., 1896).
- Richings M.G., *Espionage: The story of the secret service of the English crown*. (London, Hutchinson & Co, ongedat.).
- Rosenburg, V., *The Von Vetlheim File*. (Kaapstad, Human & Rousseau, 1997).
- Rowan, R.C., *The story of secret service*. (London, John Miles Ltd, 1938).
- Sandberg, C.G.S., *Twintig jaren onder Krugers boeren in voor- en tegenspoed*. (Amsterdam, Amsterdamsche Keurkamer, 1944).
- Scoble, J. & Abercrombie H.R., *The rise and fall of Krugerism*. (London, Heinemann, 1900).
- Scholtz, G.D., *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 -1902, I en II* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1947).
- , *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel IV, 1881-1899*. (Johannesburg, Perskor, 1977).
- , *In Doodsgevaar Die Oorlogservarings van Kapt. J.J. Naude*. (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1940).
- Seth, R., *Encyclopedia of espionage*. (London, New English Library, 1972).
- Sibbald, R., *The War correspondents: The Boer War*. (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 1993).
- Smit F.P., *Die staatsopvattinge van Paul Kruger*. (Pretoria, J.L. van Schaik, 1951).
- Smuts J.C., *Jan Christiaan Smuts*. (Kaapstad, Cassell & Co, 1952).
- Snyman, P.H.R., *Olifantshoek oase van die Langberg*. (Pretoria, RGN, 1985).
- Snyman J.H., *Die Afrikaner in Kaapland 1899-1902 Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. (Pretoria, Staatsdrukker, 1979).

- Spies, S.B. en Natrass, G. (Reds.), *Jan Smuts memoirs of the Boer War*. (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 1994).
- Stals E.L.P. (red.), *Afrikaners in die Goudstad, I*. (Kaapstad, HAUM, 1978).
- Stead, W.T., *How Britain goes to war: A digest and analysis of evidence taken by the Royal Commission on the war in South Africa*. (London, Review of Reviews Office, 1903).
- Stirling, J., *The colonials in South Africa 1899-1902*. (London, J.B. Hayward, 1990).
- Tamarkin, M., *Cecil Rhodes and the Cape Afrikaners: The imperial colossus and the colonial parish pump*. (Cape Town, Jonathan Ball Publishers, 1996).
- Tempelhoff, J.W.N., *Townspeople of the Soutpansberg: A centenary history of Louis Trichardt (1899-1999)*. (Louis Trichardt, Greater Louis Trichardt TLC, 1999).
- Thomas A., *Rhodes: The race for Africa*. (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 1996).
- Van Den Bergh, G.N., *Die Polisie diens in die Zuid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 38, 1975*. (Staatsdrukker, Pretoria, 1980).
- Van der Poel, J., *The Jameson raid*. (Cape Town, Oxford University Press, 1951).
- Van der Walt, H.R., *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse Buitelandse Koloniale beleid 1881-1899, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 26(1), 1963*, (Staatsdrukker, Pretoria, 1963).
- Van Jaarsveld, F.A. e.a. (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881*. (Pretoria, HAUM, 1980).
- , *Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950(1)*. (Staatsdrukker, Pretoria, 1950).
- Van Niekerk, L.E., *Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaanse Republiek, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 43(1), 1980*. (Staatsdrukker, Pretoria, 1980).
- Van Niekerk, L.E., *Kruger se regterhand: 'n Biografie van dr. W.J. Leyds*. (Pretoria, J.L. van Schaik, 1985).
- Van Oordt J.F., *Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek*. (Amsterdam, 1898).

- Van Rensburg T., *Vir vaderland, vryheid en eer: Oorlogsherinneringe van Wilhelm Mangold*. (Pretoria, RGN, 1988).
- Van Vollenhoven, A.C., *Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902, 'n Studie in die historiese argeologie*. (Pretoria, Heinekor, 1995).
- Von Glahn, G., *Law among nations: An introduction to public international law*, (New York, Macmillan Publishing Company, 1992).
- Warwick, P., *Black people and the South African War 1899-1902*. (Johannesburg, Ravan, 1983).
- Wessels A., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: 'n Oorsig van die militêre verloop van die stryd*. (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1991).
- , *Die militêre rol van Swart mense, bruin mense en Indiërs tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*. (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1998).
- Younghusband, F., *South Africa of to-day*. (London, Macmillan & Co., 1899).

SUMMARY

The inception of a secret service in the "Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) was necessitated by concurrent circumstances in the period after the 1886 up to and including the Jameson Raid. Furthermore influence to establish a state information service was probably exerted by Dr. W.J. Leyds who was appointed attorney-general in 1884 and secretary of state in 1889.

However, the man who took the first steps to appoint secret agents was the attorney-general, Advocate Ewald Esselen, who was appointed to this post in May 1894. He appointed the first two secret agents, J.W. Howcroft and G.W. Taylor, *alias* Taylor, in mid 1894. After Esselen's resignation all detectives, secret as well as ordinary, were placed under the control of the commissioner of police, G.J. van Niekerk. The independent "Geheime Dienst", Secret Service, was born on 30 December 1895. This office was inaugurated on the same day that Jameson first marched on to Johannesburg. Tjaart Kruger, secretary to the commissioner of police, administered the "Geheime Dienst" from his office. The Jameson Raid served as a catalyst in clinching the final establishment of the ZAR's secret service. Secret agents were also deployed sensibly and strategically correctly throughout Southern Africa.

In 1896 nineteen agents and in 1897 thirty-three agents were remunerated for services rendered. In August 1899 the "Geheime Dienst" was placed directly under Smuts's jurisdiction. Thus the institution returned to its place of birth: The attorney-general's office. In the second half of 1899 Tjaart Kruger was appointed as chief of the detective service in the attorney-general's office where he also took over control of the "Geheime Dienst". The most outstanding agent who served in the "Geheime Dienst" and who deserves to be mentioned in particular, is J.P. de la Court Schröder.

Having been taken over by Smuts on the eve of the Anglo Boer War, the "Geheime Dienst" was run on a more professional basis. Secret agents for example received code names. The six weeks before the outbreak of the war, agents were strategically being deployed at the various fronts where the ZAR was being threatened. From the Natal front Eksteen, *alias* John, already on 2 October 1899 advised the Kruger government to invade Natal. In December 1899 a recommendation by assistant attorney-general, L.J. Jacobsz, that a separate intelligence division with Schröder in charge, should be established, was declined. However the "Geheime Dienst" was employed for a variety of activities during the war until the service died a natural death in May 1900. These tasks and activities comprised typical matters concerning the safety of the state in a situation of war.

After the demise of the "Geheime Dienst", the various corps of scouts took over the task of reconnaissance and gathering of information. In terms of the definition of such a state institution, the "Geheime Dienst" complied with all the requirements. In its period of existence the service employed 116 secret agents. The "Geheime Dienst", however, did not develop to become the full-fledged organisation it deserved to be.

SAMEVATTING

Die daarstel van 'n geheime diens in die *Zuid-Afrikaansche Republiek* is deur 'n sameloop van omstandighede vanaf 1886 tot en met die Jameson-inval, genoodsaak. Verdere invloed om 'n geheime diens daar te stel, is waarskynlik uitgeoefen deur dr. W.J. Leyds wat in 1884 as Staatsprokureur en in 1889 as Staatsekretaris, aangestel is.

Die persoon wat die eerste stappe geneem het om geheime agente aan te stel, was advokaat Ewald Esselen wat in Mei 1894 as Staatsprokureur aangestel is. Hy het die eerste twee geheime agente naamlik J.W. Howcroft en G.W. Taylor, *alias* Josef, teen die middel van 1894 aangestel. Na die bedanking van Esselen as Staatsprokureur is alle speurders, geheime en gewoon, onder die beheer van kommissaris Van Niekerk geplaas. Die onafhanklike Geheime Diens is op 30 Desember 1895 gebore. Hierdie kantoor het begin funksioneer die dag waarop Jameson se aanmars na Johannesburg begin het. Tjaart Kruger, die sekretaris van die Kommissaris van Polisie, het die "Geheime Dienst" vanaf sy kantoor geadministreer. Die Jameson-inval het as 'n katalisator gedien in die daarstelling van die ZAR se Geheime Diens. Geheime agente is ook strategies korrek ontplooi dwarsoor Suidelike Afrika.

In 1896 is negentien agente en in 1897 drie en dertig agente vergoed vir hulle dienste. Die ZAR se Geheime Diens het dus deur 'n stelselmatige evolusie gevorder tot by die punt waar dit as 'n volwaardige diens gevestig is. In Augustus 1899 is die "Geheime Dienst" direk onder J.C. Smuts se beheer geplaas. Met hierdie stap het die Geheime Diens teruggekeer na die Staatsprokureur se kantoor soos voorheen. In die tweede helfte van 1899 is Tjaart Kruger aangewys as hoof van die Speurpolisie in die Staatsprokureur se kantoor, waar hy terserfdertyd ook beheer oorgeneem het van die "Geheime Dienst". Die mees uitstaande geheime agent wat in die Geheime Dienst gedien het, J.P. de la Court Schröder, verdien spesiale vermelding.

Na die oorname van die Geheime Diens op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog, is die organisasie op 'n meer professionele wyse hanteer. Geheime agente het byvoorbeeld kodename gekry. In die ses weke wat die oorlog voorafgegaan het, is geheime agente strategies op die verskillende fronte waarop die ZAR bedreig is, geplaas. Vanaf die Natalse front het Eksteen, *alias* John, alreeds op 2 Oktober 1899 die Kruger-regering geadviseer om Natal binne te val. In Desember 1899 is, is 'n voorstel van die Assistent-staatsprokureur, L.J. Jacobsz, dat 'n aparte inligtingsafdeling, met Schröder in beheer, tot stand gebring word, van die hand gewys. Nogtans is die Geheime Diens vir 'n verskeidenheid van take gedurende die oorlog aangewend totdat die diens in Mei 1900 'n natuurlike dood gesterf het. Hierdie take het tipiese staatsveiligheidsake in 'n oorlogsituasie ingesluit.

Nadat die Geheime Diens doodgeloop het, het die verskillende verkennerkorpsse die taak van verkenning en inligtingsinsameling oorgeneem. In terme van die definisie van 'n geheime diens, is daar aan al die vereistes voldoen. In hierdie periode is daar 116 geheime agente aangewend. Nogtans het die Geheime Diens nie ontwikkel tot 'n volwaardige staatsinligtingsdiens soos dit behoort te wees nie.